

JY KAN DIE BYBEL VERSTAAN!

JESAJA:
DIE PROFEET EN SY DAG
HOOFSTUKKE 1-39

BOB UTLEY
PROFESSOR VAN HERMENEUTIEK
(BYBELUITLEG)

STUDIEGIDSKOMMENTAAR-REEKS
OU TESTAMENT, VOL. 11A

BYBELLESSE INTERNASIONAAL: MARSHALL, TEXAS
2010

INHOUDSOPGAWE

Kort verduidelikings van die tegniese hulpbronne	i
Bondige definisies van Hebreeuse spraakvorme wat eksegetiese beïnvloed	ii
Afkortings gebruik in die kommentaar	vi
Voorwoord deur die skrywer: hoe kan hierdie kommentaar van nut wees?	viii
Gids tot konstruktiewe Bybellees: 'n persoonlike soeke na bevestigbare waarheid	x
Kommentaar:	
Inleiding tot Jesaja	1
Jesaja 1	7
Jesaja 2	31
Jesaja 3	43
Jesaja 4	51
Jesaja 5	56
Jesaja 6	71
Jesaja 7	82
Jesaja 8	90
Jesaja 9	101
Jesaja 10	108
Jesaja 11	115
Jesaja 12	124
Jesaja 13	128
Jesaja 14	135
Jesaja 15	146
Jesaja 16	151
Jesaja 17	156
Jesaja 18	162
Jesaja 19	166
Jesaja 20	175
Jesaja 21	178
Jesaja 22	184
Jesaja 23	193

Jesaja 24	200
Jesaja 25	210
Jesaja 26	218
Jesaja 27	229
Jesaja 28	236
Jesaja 29	245
Jesaja 30	254
Jesaja 31	268
Jesaja 32	270
Jesaja 33	283
Jesaja 34	291
Jesaja 35	298
Jesaja 36	303
Jesaja 37	310
Jesaja 38	322
Jesaja 39	330
Bylaag 1: Inleiding tot Hebreuse Digkuns	333
Bylaag 2: Inleiding to Ou Testamentiese Profesie	335
Bylaag 3: 'n Kort Historiese Oorsig	338
Bylaag 4: Tabele	
1. Ou Testamentiese Tydlyn	343
2. Konings en Gebeure van die Babiloniese, Persiese en Griekse Dinastieë	344
3. Konings van die Verdeelde Monargie	349
Bylaag 5: Leerstellige Uitspraak	352

VIR SPESIALE AANDAG: INHOUDSOPGAWE

Name van die Godheid.....	9
Bob se evangeliese voorveronderstellings.....	12
Uitverkiesing en die erns van teologiese balans	12
Geregtigheid.....	14
Heiligmaking.....	16
Here van die leërskaare.....	19
Die oorblyfsel, drie betekenisse	19
Oosterse literatuur	22
Verbond.....	24
Bybelse opvattinge oor alkohol en alkoholisme.....	26
Vuur	29
Hierdie bedeling en die bedeling wat kom	33
Meningsverskil oor die eindgebeure	34
Gereg, oordeelsuitsprake en geregtigheid in Jesaja.....	45
Heerlikheid.....	46
Maanaanbidding.....	49
Jesus die Nasarener	53
Die twee boeke van God	54
Ou Midde-Oosterse gewigs- en inhoudsmate	61
Waar is die oorledenes?.....	64
Begrafnispraktyke	69
God as mens beskryf (Antropomorfiëse taal).....	73
Serafs.....	74
Heilig.....	75
Die Drie-eenheid	77
Bekering in die Ou Testament.....	79
Vroue in die Bybel	93
Hoeksteen.....	98
Simboliese getalle in die Bybel.....	120
Satan.....	136

Terme wat vir groot en magtige strydere of etniese groepe gebruik word	141
Rituse van sondebeseft	148
Liefdevolle barmhartigheid, <i>Hesed</i>	153
Vrugbaarheidsgodsdienst in die Ou Nabye-Ooste.....	159
Om te ken	173
Glo, vertrou, geloof en getrouheid in die Ou Testament	189
Apokaliptiese literatuur	201
Land, landgebied, aarde	202
Oudste	208
Wonderlike dinge/magtige dade.....	211
Vereistes vir God se openbaring	223
Die gebruik van horings in Israel	235
Losprys/verlos	252
Skaduwee as metafoer vir beskerming en sorg	256
Profeet	257
Vir ewig.....	274
Die Heilige Gees as persoon	276
Vrede.....	279
Verlossing	286
Demone	295
Voorbidding	317
Die engel van die Here.....	320
Woorde van vergifnis	328

KORT VERDUIDELIKINGS VAN DIE TEGNIESE HULPBRONNE GEBUIK IN DIE “JY KAN DIE BYBEL VERSTAAN” OU TESTAMENT-STUDIEGIDSREEKS

I. Betreffende die woordeskat (leksikaal)

‘n Aantal uitstekende woordeboeke is beskikbaar vir antieke Hebreeus.

- A. *Hebrew and English Lexicon of the Old Testament* deur Francis Driver en Charles A. Briggs. Dit is gebaseer op die Duitse woordeboek deur William Gesenius. **Dit word aangedui deur die afkorting BDB.**
- B. *The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* deur Ludwig Koehler en Walter Baumgartner, vertaal deur M. E. J. Richardson. **Dit word aangedui deur die afkorting KB.**
- C. *A Concise Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* deur William L. Holladay, gebaseer op bogenoemde Duitse woordeboek.
- D. ‘n Nuwe teologiese woordstudie bestaande uit vyf volumes, *The New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis*, onder redaksie van Willem A. van Gemeren. **Dit word aangedui deur die afkorting NIDOTTE.**

Waar woordkeuse noemenswaardig verskil tussen die Engelse vertalings het ek aanhalings uit ‘woord-vir-woord’- sowel as ‘dinamiese eweknie’-vertalings (NASB, NKJB, NRSV, TEV, NJB) bygewerk (vgl. Gordon Fee & Douglas Stuart, *How to Read the Bible For All Its Worth*, bl. 28-44).

II. Grammatikaal

Die grammatikale identifikasie word gewoonlik gebaseer op John Joseph Owens se *Analytical Key to the Old Testament* in vier volumes. Dit word gekruiskontroleer met Benjamin Davidson se *Analytical Hebrew and Chaldee Lexicon of the Old Testament*.

Nog ‘n nuttige hulpbron vir grammatikale en sintaktiese kenmerke wat in die meeste van die OT-volumes van die “Jy kan die Bybel verstaan”-Reeks gebruik word is “The Helps for Translators Series”, uitgegee deur Verenigde Bybelgenootskappe. Hulle staan bekend as: “A Handbook on _____”.

III. Tekstueel

Ek is verbonde tot die inspirasie van die Hebreeuse hoofletterteks (nie die Masoretiese klinkerpunte en aantekeninge nie). Dit is die geval in baie hand-oorgeskrewe, antieke tekste dat daar soms bedenklike frases voorkom. Dit is gewoonlik as gevolg van

- A. *hapax legomena* (woorde wat slegs eenkeer gebruik word in die Hebreeuse OT)
- B. idiomatiese terme (woorde en frases waarvan die letterlike betekenis verlore is)
- C. geskiedkundige onsekerheid (gebrekkige inligting oor die antieke wêreld)
- D. die polisemitiese semantiese veld van die beperkte Hebreeuse woordeskat
- E. probleme geassosieer met latere oorskrywers wat antieke Hebreeuse tekste met die hand moes oorskryf
- F. Hebreeuse oorskrywers wat in Egipte opgelei is wat dit op hulself geneem het om die tekste aan te pas om hulle meer volledig en verstaanbaar te maak vir hulle tyd (NIDOTTE, bl. 52-54).

Daar bestaan buite die Masoretiese tekstuele tradisie verskeie bronne van Hebreeuse woorde en tekste

- A. Die Samaritaanse Pentateug;
- B. Die Dooie See-Boekrolle;
- C. Sekere latere munte, briewe en kleipotskerwe (gebreekte stukke ongevuurde potte wat gebruik is om op te skryf)

Daar is egter meestal nie manuskripfamilies in die OT soos dié in die Griekse NT-manuskripte nie. Vir ‘n goeie, kort artikel oor die tekstuele betroubaarheid van die Masoretiese Teks (ca. 900 n.C.), sien “The Reliability of the Old Testament Text” deur Bruce K. Waltke in die NIDOTTE, vol. 1, bl. 51-67.

Die Hebreeuse teks wat gebruik word is *Biblia Hebraica Stuttgartensia* van die Duitse Bybelgenootskap, 1997, wat gebaseer is op die Leningrad Codex (1009 n.C.) Van tyd tot tyd word die antieke weergawes (Griekse Septuagint, Aramese Targums, Siriese Peshitta en Latynse Vulgaat) geraadpleeg as die Hebreeus dubbelsinnig of verwarrend is.

BONDIGE DEFINISIES VAN HEBREEUSE SPRAAKVORME WAT EKSEGESE BEÏNVLOED

I. Die historiese ontwikkeling van Hebreeus, kortliks

Hebreeus is deel van die Semitiese taalfamilie van Suiwes-Asië. Die naam (deur moderne kundiges daaraan gegee) kom van Noag se seun, Sem (vgl. Gen. 5:32; 6:10). Sem se afstammeling word gelys in Gen. 10:21-31 as Arabies, Hebreeus, Siries, Aramees en Assiries. In werklikheid word sekere Semitiese tale gebruik deur nasies wat as afstammeling van Gam gelys word (vgl. Gen. 10:6-14), Kanaän, Fenisië en Etiopië.

Hebreeus is deel van die noordwestelike groep van hierdie Semitiese tale. Moderne kundiges se voorbeelde van hierdie antieke taalgroep kom van:

- A. Amories (*Mari-tablette* van die 18^{de} eeu v.C. in Akkadies)
- B. Kananees (*Ras Shamra-tablette* van die 15^{de} eeu in Oegarities)
- C. Kananees (*Amarna-briewe* van die 14de eeu in Kananees-Akkadies)
- D. Fenisies (Hebreeus gebruik die Fenisiese alfabet)
- E. Moabities (Mesja-steen, 840 v.C.)
- F. Aramees (amptelike tale van die Persiese Ryk gebruik in Gen. 31:47 [2 woorde]; Jer. 10:11; Dan. 2:4b-6; 7:28; Esra 4:8-6:18; 7:12-26 en gepraat deur Jode gedurende die eerste eeu in Palestina)

Die Hebreeuse taal word “die taal van Kanaän” genoem in Jes. 19:18 (OAV). Dit word die eerste keer “Hebreeus” genoem in die voorwoord van Prediker (Wysheid van Ben Sira) ongeveer 180 v.C. (en sekere ander vroeë plekke, vgl. *Anchor Bible Dictionary*, vol. 4, bl. 205 e.v.) Dit is die naaste verwant aan Moabities en die taal gebruik by Oegarit. Nie-Bybelse voorbeelde van antieke Hebreeus sluit in

1. die Geserkalender, 925 v.C. (‘n skoolseun se skryfwerk)
2. die Siloam-inskripsie, 705 v.C. (tonnelgeskrifte)
3. Samaritaanse Kleipotskerwe, 770 v.C. (belastingboekstaving op gebreekte kleipotte)
4. Lagis-briewe, 587 v.C. (oorlogskorrespondensie)
5. Makkabese munte en seëls
6. sommige Dooie See-Boekrolle
7. talle inskripsies (vgl. “Languages [Hebrew],” ABD 4:203 e.v.)

Soos alle Semitiese tale word dit gekenmerk deur woorde wat bestaan uit drie medeklinkers (trikonsonantale wortel). Dit is ‘n verhoë taal. Die driewortel-konsonante dra die basiese woordbetekenis, terwyl die toevoeging van voorsetsels, agtervoegsels of interne toevoegings die sintaktiese funksie aantoon (klinkers later bygevoeg, vgl. Sue Gree, *Linguistic Analysis of Biblical Hebrew*, bl. 46-49).

Die Hebreeuse woordeskat toon ‘n verskil tussen prosa en poësie. Woordbetekenisse is verwant aan volksetimologie (nie-taalkundige oorsprong). Woord- en klankspel is redelik algemeen (*paronomasia*).

II. Aspekte van Predikasie

A. WERKWOORDE

Die normale, verwagte woordorde is WERKWOORD, VOORNAAMWOORD, ONDERWERP (met wysigers), VOORWERP (met wysigers). Die basiese, ongemerkte WERKWOORD is die *Qal*, PERFECTUM, MANLIK, ENKELVOUDIGE vorm. Dit is hoe die Hebreeus en Aramese woordeskat georganiseer word. WERKWOORDE word verbuig om die volgende te toon:

1. aantal – enkelvoud, meervoud, tweeledig
2. geslag – manlik, vroulik (geen onsydige geslag/neutraal)
3. modus – indikatief, subjunktief, imperatief (op grond van ooreenstemming met moderne Westerse tale, die verhouding van die handeling tot realiteit)
4. tydvorm (aspek)

- a. PERFECTUM, wat aandui dat ‘n handeling afgehandel is, in die sin dat ‘n handeling begin, verloop en eindig, of voltooi word. Gewoonlik word hierdie vorm gebruik vir handeling uit die verlede, iets wat plaasgevind het.

J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Hebrew Old Testament*, sê:

“Die enkelgeheel wat beskryf word deur ‘n perfektum word ook gesien as seker. ‘n Imperfektum skets dalk ‘n situasie as moontlik, verlang of verwag, maar ‘n perfektum sien dit as aktueel, werklik en seker,” (bl. 36).

S. R. Driver, *A Treatise on the use of the Tenses in Hebrew*, beskryf dit as volg:

“Die perfektum word gebruik om aksies aan te dui waarvan die afhandeling inderdaad in die toekoms lê, maar wat gesien word as afhanklik van sulke onveranderlike bepalings van die wil dat daarvan gepraat kan word asof dit werklik gebeur het: dus word ‘n besluit, belofte, of bevel, veral ‘n Goddelike een, dikwels aangekondig in die volmaakte (perfektum) tyd,” (bl. 17, bv. die profetiese perfektum)

Robert B. Chisholm, Jr., *From Exegesis to Exposition*, definieer die spraakvorm op hierdie manier:

“ . . . sien ‘n situasie van die buitekant, as ‘n geheel. Sodoende word ‘n eenvoudige feit uitgedruk, hetsy ‘n aksie of ‘n stand van sake (insluitende stand van wese of geestestoestand). Wanneer dit vir aksie gebruik word, word die aksie dikwels vanuit die retoriese perspektief van die spreker of verteller voltooid geag (of dit werklik voltooi is is nie ter sake nie). Die perfektum kan betrekking hê op ‘n aksie of stand van sake in die verlede, hede of toekoms. Soos hierbo vermeld, tyd-raamwerk, wat die manier waarop die perfektum vertaal word in ‘n tyd-georiënteerde taal soos Engels affekteer, moet deur die konteks bepaal word,” (bl. 86).

- b. IMPERFEKTUM, toon ‘n handeling in prosas (onvoltooid, herhalend, voortdurend, of voorwaardelik), dikwels vooruitgang tot ‘n doelwit. Gewoonlik is hierdie vorm aangewend vir teenwoordige en toekomstige handeling.

J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Hebrew Old Testament*, sê:

“Alle IMPERFEKTUMS verteenwoordig onvoltooid toestand. Hulle word of herhaal, of ontwikkel, of is voorwaardelik. Met ander woorde, of gedeeltelik ontwikkel, of gedeeltelik verseker. Hulle is in alle gevalle op ‘n manier gedeeltelik, d.w.s. onvoltooid,” (bl. 55).

Robert B. Chisholm, Jr., *From Exegesis to Exposition*, sê:

“Dit is moeilik om die essensie van die imperfektum te reduseer tot ‘n enkele konsep, omdat dit vorm sowel as modus insluit. Soms word die imperfektum gebruik op ‘n indikatiewe manier en maak dit ‘n objektiewe stelling. Ander tye sien dit ‘n aksie meer subjektief, as hipoteties, kontingent, moontlik, ensovoorts,” (bl. 89).

- c. Die *waw*-voegsel skakel die WERKWOORD aan die aksie van die vorige WERKWOORD(e).
d. IMPERATIEF, wat gebaseer is op die wilsrag van die spreker en die potensiele aksie van die aanhoorder.
e. In antieke Hebreeus kan slegs die breër konteks die tydsoriëntasie wat die outeur in gedagte gehad het, bepaal.

- B. Die sewe hoof-infleksievorme en hulle basiese betekenis. In werklikheid werk hierdie vorme saam binne ‘n gegewe konteks en moenie in isolasie oorweeg word nie.

1. *Qal (Kal)*, die mees basiese vorm van almal. Dit toon eenvoudige aksie of ‘n stand van sake. Daar word geen oorsaaklikheid of spesifikasie geïmpliseer nie.
2. *Niphal*, die tweede algemeenste vorm. Dit is gewoonlik PASSIEF, maar hierdie vorm funksioneer ook wederkerig en refleksief. Ook hier word geen oorsaaklikheid of spesifikasie bedoel nie.
3. *Piel*, hierdie vorm is aktief en gee uitdrukking aan ‘n aksie wat veroorsaak word met ‘n wesenlike stand as ‘n gevolg. Die basiese betekenis van die *Qal*-woordstam word ontwikkel of verleng tot ‘n stand van sake.
4. *Pual*, dit is die PASSIEWE teendeel van die *Piel*. Dit word dikwels uitgedruk deur ‘n deelwoord.
5. *Hithpael*, die refleksiewe of wederkerige woordstam. Dit gee uitdrukking aan herhalende of deurlopende aksie van die *Piel*-woordstam. Die seldsame PASSIEWE vorm word *Hothpael* genoem.
6. *Hiphil*, die aktiewe vorm van die oorsaaklike woordstam in teenstelling met *Piel*. Dit kan ‘n toestemmende aspek hê, maar verwys gewoonlik na die oorsaak van ‘n gebeurtenis. Ernst Jenni, ‘n Duitse Hebreeus-taalkundige, glo dat die *Piel* ‘n stand van sake in wording voorstel, terwyl *Hiphil* wys hoe dit gebeur het.
7. *Hophal*, die PASSIEWE teendeel van die *Hiphil*. Hierdie laaste twee woordstamme is die raarste van die sewe woordstamme.

Heelwat van hierdie inligting kom uit *An Introduction to Biblical Hebrew Syntax*, deur Bruce K. Waltke en M. O’Connor, bl. 343-452.

Agentskap- en oorsaaklikheidstabel. Een sleutel tot die verstaan van Hebreeuse WERKWOORD-sisteme is om dit as ‘n patroon van STEM-verhoudings te sien. Sommige woordstamme is teenstellend tot ander woordstamme (d.w.s. *Qal* – *Niphal*; *Piel* – *Hiphil*)

Die tabel hieronder poog om die basiese funksie van die WERKWOORD-stamme met betrekking tot oorsaaklikheid, visueel voor te stel.

STEM of Onderwerp	Geen Sekondêre Agent	‘n Aktiewe Sekondêre Agent	‘n Passiewe Sekondêre Agent
AKTIEF	<i>Qal</i>	<i>Hiphil</i>	<i>Piel</i>
MIDDELPASSIEF	<i>Niphal</i>	<i>Hophal</i>	<i>Pual</i>
REFLEKSIEF/ WEDERKERIG	<i>Niphal</i>	<i>Hiphil</i>	<i>Hithpael</i>

Hierdie tabel is uit die uitstekende bespreking van die SPRAAK-sisteem in die lig van nuwe Akkadiese navorsing geneem (vgl. Bruce K. Waltke, M. O’Connor, *An Introduction to Biblical Hebrew Syntax*, bl. 354-359).

R. H. Kennett, *A Short Account of the Hebrew Tenses*, verskaf 'n belangrike waarskuwing.

“Ek het oor die algemeen in onderrig gevind dat 'n student se hoofprobleem met Hebreeuse werkwoorde is om te begryp wat die betekenis vir die Hebreërs self is; dit wil sê, daar is 'n tendens om aan elkeen van die Hebreeuse Tydvorme 'n gegewe aantal Latynse of Engelse vorme te koppel waarvolgens daardie spesifieke Tydvorm gewoonlik vertaal mag word. Die gevolg is 'n onvermoë om baie van die fynere skakerings van betekenis, wat soveel lewe en dinamiek aan die taal van die Ou Testament verleen, te snap.

“Die probleem met die gebruik van die Hebreeuse werkwoorde is uitsluitlik gesetel in die perspektief wat die Hebreërs se siening van aksie ingelig het wat totaal verskil van ons eie; die *tyd*, wat vir ons die eerste oorweging is, soos die woord 'tyd' opsigself toon, was vir hulle van sekondêre belang. Daarom is dit van kardinale belang dat 'n student nie soveel die Latynse of Engelse vorme wat vir die vertaling van 'n gegewe Hebreeuse tydvorm gebruik word verstaan nie, maar eerder die aspek van elke aksie soos die Hebreër dit sou verstaan het.

“Die naam 'tydvorm' soos dit op Hebreeuse werkwoorde van toepassing is, is misleidend. Die sogenaamde Hebreeuse 'tydvorme' druk nie soveel die *tyd* uit as bloot die *stand* van 'n aksie nie. Was dit inderdaad nie vir die verwarring wat sou volg indien die term 'stand' op beide selfstandige naamwoorde en werkwoorde van toepassing gemaak word nie, sou 'stand' 'n baie beter benaming gewees het as 'tydvorm'. Dit moet altyd in gedagte gehou word dat dit onmoontlik is om 'n Hebreeuse werkwoord in Engels oor te vertaal sonder om 'n beperking (nl. van tyd) te gebruik wat glad nie in die Hebreus voorkom nie. Die antieke Hebreus het nooit aan 'n aksie gedink as verlede, teenwoordig of toekomstend nie, maar eenvoudig as *perfektum*, d.w.s. voltooid, of *imperfektum*, d.w.s. besig om te ontwikkel. Wanneer ons sê dat 'n sekere Hebreeuse Tydvorm ooreenstem met 'n Perfektum, Pluperfektum of Toekomstende tydvorm in Engels, bedoel ons nie dat die Hebreërs daaraan gedink het as Perfek, Pluperfek of Toekomstend nie, maar bloot dat dit so vertaal moet word in Engels. Die Hebreërs het nie probeer om die *tydsaspek* van 'n aksie uit te druk op enige verbale manier nie,” (voorwoord en bl. 1).

Vir 'n tweede goeie waarskuwing, herinner Sue Groom in *Linguistic Analysis of Biblical Hebrew*:

“Daar is geen manier om te weet of moderne vakkundiges se rekonstruksie van semantiese velde en sinsverhoudinge in 'n antieke, dooie taal bloot hulle eie intuïsie of moedertaal weerspieël en of daardie velde bestaan het in Klassieke Hebreus nie,” (bl. 128).

C. Modaliteit (wat slegs analogieë is op grond van moderne Westerse tale)

1. Dit het gebeur, dit gebeur (INDIKATIEF), gebruik gewoonlik PERFECTUM tydvorm of DEELWOORDE (alle DEELWOORDE is INDIKATIEF).

2. Dit sal gebeur, kon gebeur (SUBJUNKTIEF)

a. gebruik 'n duidelike IMPERFEKTUM tydvorm

(1) WENSEND (h-voegsel), eerste persoon IMPERFEKTUM wat normaalweg 'n wens, 'n vraag of selfbemoediging uitdruk (d.w.s. aksies wat die spreker wil neem)

(2) BEVELEND (interne veranderinge), derdepersoon IMPERFEKTUM (kan tweedepersoon wees in ontkennde sinne) wat normaalweg 'n versoek, toestemming, erkenning of raad uitdruk.

b. gebruik 'n PERFECTUM saam met *lu* of *lule*

Hierdie konstruksies is soortegelyk aan TWEDE KLAS VOORWAARDELIKE sinne in Koine Grieks. 'n Vals stelling (protasis) veroorsaak 'n vals gevolgtrekking (apodosis).

c. gebruik 'n IMPERFEKTUM en *lu*

Konteks en *lu* tesame met 'n toekomsoriëntasie, kenmerk hierdie SUBJUNKTIEWE gebruik. Sommige voorbeelde uit J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Hebrew Old Testament* is Gen. 13:16; Deut. 1:12; 1 Kon. 13:8; Ps. 24:3; Jes. 1:18 (vgl. bl. 76-77).

D. *Waw* – Teenstellend/opeenvolgend/relatief. Hierdie unieke Hebreeuse (Kananese) sintaktiese kenmerk het groot verwarring veroorsaak deur die jare. Dit word op verskeie maniere aangewend, dikwels genre-spesifiek. Die rede vir die verwarring is dat vroeë kundiges Europeërs was en probeer het om in die lig van hulle moedertale te interpreteer. Toe dit probleme veroorsaak het hulle die problematiek op Hebreus geblameer omdat dit 'n 'verondersteld' antieke, argaïese taal was. Europese tale gebruik TYD-gebaseerde WERKWOORDE. Van die verskeidenheid en grammatikale implikasies word aangetoon deur die letter, WAW, by die PERFECTUM of IMPERFEKTUM WERKWOORDstamme te voeg. Dit het die manier wat die handeling gesien is verander.

1. In historiese narratief is die WERKWOORDE saamgesnoer in 'n ketting met 'n standaardpatroon.

2. Die *waw*-voorsetsel toon 'n spesifieke verhouding met die vorige WERKWOORD(e).

3. Die breër konteks is altyd die sleutel tot begrip van die WERKWOORDketting. Semitiese WERKWOORDE kan nie in isolasie ontleed word nie.

J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Hebrew Old Testament*, dui op die kenmerkende Hebreeuse gebruik van die *waw* voor PERFECTUMS en IMPERFEKTUMS (bl. 52-53). Aangesien die grondbeginsel van die PERFECTUM verby is, projekteer die byvoeging van *waw* die idee dikwels tot in 'n toekomstige tydsaspek. Dit is ook die geval by die IMPERFEKTUM waarvan die grondbeginsel teenwoordig of toekomstend

is; die byvoeging van *waw* verander die basiese betekenis van die tydvorm opsigself. Die *waw*-PERFEKTUM werk goed by profesie, terwyl die *waw*-PERFEKTUM goed werk in narratiewe (bl. 54, 68).

Watts se definisie vervolg

“As ‘n fundamentele onderskeid tussen *waw*-konjunktief en *waw*-opeenvolgend, word die volgende verklarings voorgestel:

1. *Waw*-byvoegend verskyn altyd om ‘n parallel aan te toon.
2. *Waw*-opeenvolgend verskyn altyd om ‘n reeks aan te toon. Dit is die enigste vorm van *waw* wat saam met opeenvolgende imperfektums gebruik word. Die verhouding tussen die imperfektums wat daardeur verbind word mag tydreekse, logiese gevolge, logiese oorsaaklikheid, of logiese teenstellings wees. In alle gevalle is daar ‘n reeks,” (bl. 103).

E. INFINITIEF – daar is twee soorte INFINITIEWE

1. INFINITIEWE ABSOLUUT, wat “sterk, onafhanklike, treffende uitdrukkings is wat gebruik word vir dramatiese effek. . . as ‘n onderwerp het dit dikwels nie ‘n geskrewe werkwoord nie, die werkwoord ‘gaan wees’ wel verstaanbaar, natuurlik, maar die woord staan dramaties alleen,” (J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Hebrew Old Testament*, bl. 92).
2. INFINITIEWE KONSTRUK, wat “grammaties verwant is aan die sin deur voorsetsels, besitlike voornaamwoorde en die konstrukverhouding,” (bl. 91).
J. Weingreen, *A Practical Grammar for Classical Hebrew*, beskryf die stand van die konstruk:
“Wanneer twee (of meer) woorde so naverwant is dat hulle ‘n enkele, saamgestelde idee vorm is die afhanklike woord (of woorde) deel van die stand van die konstruk,” (bl. 44).

F. VRAAGSTELLERS

1. Hulle verskyn altyd aan die begin van die sin.
2. Belang vir verklaring
 - a. *ha* – verwag nie ‘n reaksie nie
 - b. *halo* – die skrywer verwag ‘n ‘ja’-antwoord

ONTKENNERS

1. Hulle verskyn altyd voor die woorde wat hulle ontken.
2. Die algemeenste ontkenner is *lo*.
3. Die term *‘al* het ‘n voorwaardelike konnotasie en word gebruik saam met WENSENDE en BEVELENDE modaliteite
4. Die term *lebhilti*, wat ‘sodat. . .nie,’ beteken, word gebruik saam met die INFINITIEF.
5. Die term *‘en* word gebruik saam met DEELWOORDE.

G. VOORWAARDELIKE SINNE (PROTASIS)

1. Daar is vier soorte voorwaardelike sinne wat basies parallel staan met Koine Grieks.
 - a. ‘n aanname dat iets besig is om te gebeur of ‘n aanvaarding dat dit reeds afgehandel is (EERSTE KLAS in Grieks)
 - b. iets feitelik teenstellend en dus onmoontlik om te bewaarheid (TWEEDE KLAS)
 - c. iets wat moontlik of selfs waarskynlik is (DERDE KLAS)
 - d. iets wat minder waarskynlik is sodat dit onseker is of dit tot vervulling sal kom (VIERDE KLAS)
2. GRAMMATIKALE MERKERS
 - a. die veronderstelde werklikheid of ware stand van sake gebruik altyd ‘n INDIKATIEWE PERFEKTUM of DEELWOORD en die protasis word ingelei deur
 - (1) *‘im*
 - (2) *ki* (of *‘asher*)
 - (3) *kin* of *kinneh*
 - b. die teendeel tot die feitelike stand gebruik altyd ‘n PERFEKTUM WERKWOORD of ‘n DEELWOORD met die inleidende VOEGWOORD *lu* of *lule*
 - c. die meer waarskynlike stand van sake gebruik altyd ‘n IMPERFEKTUM WERKWOORD of DEELWOORDE in die protasis, gewoonlik met *‘im* of *ki* as inleidende VOEGWOORDE
 - d. die minder waarskynlike situasie gebruik IMPERFEKTUM SUBJUNKTIEWE in die protasis en altyd met *‘im* as ‘n inleidende VOEGWOORD

AFKORTINGS GEBRUIK IN DIE KOMMENTAAR

AB	<i>Anchor Bible Commentaries</i> , red. William Foxwell Albright en David Noel Freedman
ABD	<i>Anchor Bible Dictionary</i> (6 vols.), red. David Noel Freedman
AKOT	<i>Analytical Key to the Old Testament</i> deur John Joseph Owens
ANET	<i>Ancient Near Eastern Texts</i> , James B. Pritchard
ANO	Antieke Nabye-Ooste
BDB	<i>A Hebrew and English Lexicon of the Old Testament</i> deur F. Brown, S. R. Driver en C.A. Briggs
IDB	<i>The Interpreter's Dictionary of the Bible</i> (4 vols.), red. George A. Buttrick
ISBE	<i>International Standard Bible Encyclopedia</i> (5 vols.), red. James Orr
JB	Jerusalem Bible
JPSOA	<i>The Holy Scriptures According to the Masoretic Text: A New Translation</i> (The Jewish Publication Society of America)
KB	<i>The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament</i> by Ludwig Koehler and Walter Baumgartner
LAM	<i>The Holy Bible From Ancient Eastern Manuscripts</i> (the Peshitta) by George M. Lamsa
LXX	Septuagint (Grieks-Engels) deur Zondervan, 1970
MOF	<i>A New Translation of the Bible</i> deur James Moffatt
MT	Masoretiese Hebreeuse Teks
NAB	New American Bible Text
NASB	New American Standard Bible
NAV	Die Bybel: Nuwe Afrikaanse Vertaling deur Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983
NEB	New English Bible
NET	NET Bible: New English Translation, Second Beta Edition
NRSV	New Revised Standard Bible
NIDOTTE	<i>New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis</i> (5 vols.), red. Willem A. van Gemeren
NIV	New International Version
NJB	New Jerusalem Bible
NT	Nuwe Testament
OAV	Die Bybel: Ou Afrikaanse Vertaling (Hersiene Uitgawe) deur Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1954
OT	Ou Testament

OTPG	<i>Old Testament Passing Guide</i> deur Todd S. Beall, William A. Banks en Colin Smith
REB	Revised English Bible
RSV	Revised Standard Version
SEPT	The Septuagint (Grieks-Engels) deur Zondervan, 1970
TEV	Today's English Version van United Bible Societies
YLT	<i>Young's Literal Translation of the Holy Bible</i> deur Robert Young
ZPBE	<i>Zondervan Pictorial Bible Encyclopedia</i> (5 vols.), red. Merrill C. Tenney

VOORWOORD DEUR DIE SKRYWER: HOE KAN HIERDIE KOMMENTAAR VAN NUT WEES?

Skrifuitleg is 'n rasonale en geestelike proses. Dit poog om die inspirasie van 'n antieke skrywer te verstaan sodat die boodskap van God kan deurskemer, en sodoende daaglik toegepas kan word.

Die geestelike proses is van kardinale belang, maar moeilik om te definieer. Dit vereis die tipe oopheid van gemoed wat totale oorgawe aan God sal toelaat. Daar moet 'n begeerte wees, eerstens vir Hom; tweedens om Hom te ken; en derdens om Hom te dien. Hierdie proses behels gebed, belydenis en die bereidwilligheid om veranderinge in jou lewenstyl aan te bring. Die Gees is van kardinale belang in die interpretasie-proses. Hoekom opregte, toegewyde Christene dus die Bybel verskillend verstaan, bly 'n enigma.

Die rasonale proses is makliker om te beskryf. Ons moet konsekwent en regverdig wees in ons interpretasie van die teks, en waak daarteen om deur persoonlike vooroordele, of dié van 'n denominasie, beïnvloed te word. Ons is almal histories gekondisioneer. Niemand kan heeltemal neutraal en objektief wees tydens vertolking nie. Hierdie kommentaar bied 'n weldeurdragte, rasonale proses om sulke vooroordele te oorkom, en is gestruktureer rondom drie verklarende beginsels.

Eerste Beginsel

Die eerste beginsel is om die historiese konteks waarbinne 'n Bybelboek geskryf is, in ag te neem. Dit sluit in die historiese geleentheid wat ontstaan het vir die skrywer om aan te gryp. Die oorspronklike skrywer het 'n doel gehad met die teks – 'n boodskap om oor te dra. Dus kan geen betekenis aan 'n teks toegeskryf word tensy dit deel was van die oorspronklike, antieke, geïnspireerde skrywer se bedoeling nie. Sý bedoeling, eerder as historiese, emosionele, kulturele, persoonlike of kerklike aspirasies, is sleutel tot 'n verklaring van die teks. Toepassing is 'n belangrike komponent van vertolking, maar toepassing moet noodwendig voorafgegaan word deur 'n grondige interpretasie. Hier is dit nodig om te herbevestig dat elke Bybelse teks een, en slegs maar één betekenis het. Hierdie betekenis is afhanklik van die bedoeling wat die oorspronklike skrywer onder leiding van die Gees aan sy tydgenote wou kommunikeer. Die enkele betekenis mag wel verskeie toepassings hê in verskillende kulture en situasies, maar hierdie toepassings moet skakel met die sentrale waarheid van die outeur se oorspronklike bedoeling. Daarom is hierdie studiegids-kommentaar ontwerp om 'n inleiding tot elke boek van die Bybel te voorsien.

Tweede Beginsel

Die tweede beginsel is om die literêre eenhede te identifiseer. Elke Bybelboek is 'n eenheidsdokument. Ontleders het nie die reg om een aspek van die waarheid te isoleer ten koste van 'n ander nie. Daarom moet ons daarna strew om die doel van die Bybelboek in sy geheel te begryp, voordat ons die individuele literêre eenhede begin interpreteer. Die individuele dele – hoofstukke, paragrawe, of verse – kan nie bedoel wat die hele eenheid nie bedoel nie. Interpretasie moet vanuit 'n deduktiewe benadering van die geheel na 'n induktiewe benadering tot die dele vorder. Hierdie studiegids-kommentaar is as sodanig ontwerp om die student te help om die struktuur van elke letterkundige eenheid, aan die hand van paragrawe te analiseer. Paragrafering en hoofstuk-verdeling is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot bepaling van die oorspronklike skrywer se gedagtegang en bedoeling.

Die sleutel tot die Bybelse outeur se vermeende bedoeling met die teks, is paragraaf-vlak interpretasie – nie sins-, frase- of woord-vlak nie. Paragrafe is gebaseer op 'n deurlopende onderwerp, dikwels die tema- of onderwerp-sin genoem. Elke woord, frase en sin in die paragrafe hou op 'n manier met mekaar verband om by te dra tot ondersteuning van hierdie sentrale tema. Hulle beperk dit, verbreed dit, verduidelik dit, en/of bevraagteken dit. 'n Ware sleutel tot deeglike verklaring is om die oorspronklike outeur se gedagtegang op 'n paragraaf-vir-paragraaf basis deur die individuele literêre eenhede wat die Bybelboek opmaak, te volg. Hierdie studiegids-kommentaar is ontwerp om die student te help met hierdie proses. Ten einde die teks te ontsluit, word verskeie moderne Engelse vertalings met mekaar vergelyk. Hierdie vertalings is gekies op grond van die verskillende vertalingsteorieë wat hulle huldig.

1. *The United Bible Society's Greek Text* is die vierde gewysigde weergawe (UBS⁴). Paragraafindeling is hier deur moderne tekskundiges behartig.
2. *The New King James Version* (NKJV) is 'n woord-vir-woord letterlike vertaling gebaseer op die Griekse manuskrip-tradisie bekend as die *Textus Receptus*. Sy paragraafindelings is langer as die ander vertalings. Hierdie langer eenhede help die student om die breë bedoeling van die onderwerpe as 'n geheel te verstaan.
3. *The New Revised Standard Version* (NRSV) is 'n gewysigde woord-vir-woord vertaling. Dit vorm 'n middeweg tussen die volgende twee moderne vertalings. Sy paragraafindelings is redelik hulpvaardig in die identifisering van onderwerpe.
4. *The Today's English Version* (TEV) is 'n dinamiese eweknie-vertaling wat deur die *United Bible Society* gepubliseer is. Dit poog om die Bybel op 'n manier te vertaal dat 'n moderne Engelse leser of spreker die betekenis van die Griekse teks sal begryp. Dikwels (en spesifiek ook in die evangelies) word paragraafindelings volgens spreker gedoen eerder as onderwerp. Hierdie metode word ook deur die NIV gebruik. Vir die ontleder se

doeleindes is dit nie juis hulpvaardig nie. Dit is interessant om te let daarop dat die UBS⁴ sowel as die TEV deur dieselfde entiteit gepubliseer word, en tog verskil die paragrafering.

5. *The Jerusalem Bible* (JB) is nog 'n dinamiese eweknie-vertaling gebaseer op 'n Franse Katolieke vertaling. Dit is baie nuttig omrede die vergelyking van paragrawe vanuit 'n Europese perspektief.
6. Die gedrukte teks is die 1995 *Updated New American Standard Bible* (NASB), wat 'n woord-vir-woord vertaling is. Die vers-vir-vers kommentaar volg hierdie paragrafering.

Derde Beginsel

Die derde beginsel is om die Bybel in verskillende vertalings te lees om die breedste moontlike greep te kry op die spektrum van betekenis (semantiese veld) wat Bybelse woorde en frases kan hê. Dikwels kan 'n Griekse woord of frase op verskeie maniere verstaan word. Verskillende vertalings verhelder dus die verskeidenheid moontlikhede, en help om die Griekse manuskrip se variasies te identifiseer en te verduidelik. Hierdie alternatiewe beïnvloed nie leerstellige waarheid nie, maar help ons eerder in ons poging om die oorspronklike skrywer van die teks se bedoeling te herontdek.

Vierde Beginsel

Die vierde beginsel is om die literêre genre in ag te neem. Die oorspronklike geïnspireerde skrywers het verkies om hulle boodskappe in verskillende vorme op te teken (bv. historiese narratief, historiese drama, poësie, profesie, evangelie (gelykenis), brief, apokalipties). Hierdie verskillende vorme het spesiale sleutels tot interpretasie (sien Gordon Fee en Doug Stuart, *How to Read the Bible for All Its Worth* of Robert Stein, *Playing by the Rules*).

Hierdie kommentaar bied 'n vinnige manier vir die student om sy interpretasies na te gaan. Dit is nie veronderstel om bepalend of voorskriftelik te wees nie, maar eerder informatief en gedagteprikkelend. Dikwels help ander moontlike interpretasies ons om nie so bevooroordeeld, dogmaties of denominasie-vas te wees nie. Ontleders het 'n wye spektrum van interpretasie-moontlikhede nodig om die dubbelsinnigheid in die antieke teks raak te sien. Dit is skokkend hoe min akkoord daar tussen Christene bestaan wat almal die Bybel as hulle brondokument erken.

Hierdie beginsels het my gehelp om baie van my historiese kondisionering te oorkom deur my te dwing om met die antieke teks te worstel. Ek hoop dat dit vir jou ook tot seën sal wees.

Bob Utley
East Texas Baptist University
Junie 1996

GIDS TOT KONSTRUKTIEWE BYBELLEES: ‘N PERSOONLIKE SOEKE NA BEVESTIGBARE WAARHEID

Kan ons die waarheid ken? Waar kry ons dit? Kan ons dit deur logika bevestig? Is daar ‘n absolute gesag? Is daar absolute waarhede wat ons lewens kan organiseer; ons wêreld? Het die lewe betekenis? Hoekom is ons hier? Waarheen is ons op pad? Hierdie vrae – vrae waaroor alle rasonale mense wonder – rus reeds sedert die begin van tyd swaar op die mens se intellek (Pred. 1:13-18; 3:9-11). Ek onthou nog my persoonlike soeke na ‘n sentrale ordeningsbeginsel vir my eie lewe. Reeds op ‘n jong ouderdom het ek ‘n Christen-gelowige geword, grotendeels omdat mense wat belangrike rolle gespeel het in my familielewe, getuies was van die waarheid. Naderende volwassenheid het ook ‘n toename in die erns van die vrae oor my wêreld veroorsaak. Eenvoudige kulturele en religieuse clichés het nie betekenis verleen aan die ervarings waarvan ek gelees het, of wat ek ervaar het nie. Dit was ‘n baie verwarrende tydperk in my lewe. Ek het bly soek en smag, en dikwels het ek ook hulpeloos gevoel in die aangesig van hierdie onsensitiewe, harde wêreld waarin ek lewe.

Baie mense het aangevoer dat hulle die antwoorde op hierdie kernvraagstukke het, maar navorsing en refleksie het getoon dat hulle antwoorde gebaseer was op die volgende: (1) persoonlike filosofieë, (2) antieke mites, (3) persoonlike ervarings, of (4) sielkundige projeksie. Ek het die een of ander bevestiging nodig gehad, harde bewyse, ‘n rasionaal waarop ek ‘n wêreldsiening kon baseer; my integrerende middelpunt; my rede om te leef.

Ek het my bevestiging gekry deur Bybelstudie. Eers het ek begin soek vir bewyse dat dit geloofwaardig is, wat ek gevind het in (1) die historiese betroubaarheid van die Bybel soos bewys deur die argeologie, (2) die akkuraatheid van die profesieë van die Ou Testament, (3) die eenheid van die Bybel-boodskap oor die sestienhonderd jaar van sy totstandkoming, en (4) die persoonlike getuienis van mense wie se lewens permanent verander is deur hulle ervaring van die Bybel. Christenskap, as ‘n eenheidsstelsel van geloofsleer en praktiese glo, het die vermoë om die komplekse vrae van die menslike bestaan te hanteer. Dit het nie net ‘n rasonale raamwerk daargestel nie, maar die ondervindelike aspek van Bybelse geloof het my groot emosionele blydschap en stabiliteit verskaf.

Ek het gedog dat ek my sentrale ordeningsbeginsel gevind het – Christus, soos verstaan deur die Skrif. Dit was ‘n emosionele ervaring. Ek kan egter steeds die skok en die pyn onthou toe ek begin agterkom hoeveel verskillende interpretasies daar van hierdie boek beskikbaar was – dikwels selfs nog binne dieselfde kerk of denkskool! Bevestiging van die Bybel se inspirasie en betroubaarheid was nie die einde nie, maar bloot die begin. Hoe kon ek die verskeidenheid uiteenlopende interpretasies van die vele moeilike passasies in die Skrif, bevestig of verwerp? Die een kommentator was klaarblyklik so gesaghebbend en betroubaar soos die volgende!

Hierdie kwelling was bestem om my lewens- en geloofsdoelwit te word. Ek het geweet dat my geloof in Christus my groot vrede en blydschap verskaf het. Ek (1) het gesmag na absolute waarhede te midde al die relatiewiteit van my kultuur (in die post-modernistiese tydperk boonop!); (2) wou sekerheid kry oor die dogmatisme van uiteenlopende geloofstelsels (wêreldgelowe); en (3) het die arrogansie van denominasies steurend gevind. In my soeke na geldige benaderings tot die interpretasie van antieke tekste, was ek verras om my eie historiese-, kulturele-, denominasionele- en ervarings-vooroordele te ontdek. Dikwels het ek die Bybel gelees bloot om my eie sienings te herbevestig. Ek het dit as ‘n bron van dogma gebruik om te gebruik as wapen teen ander om sodoende my eie onsekerheid en wanopvattinge te herbevestig. Dit was pynlik om tot hierdie besef te kom!

Hoewel ek nooit heeltemal objektief kan wees nie, kan ek ‘n beter leser van die Bybel word. Ek kan my vooroordele bekamp deur hulle te identifiseer en hulle aanwesigheid te erken. Die verklaarder is dikwels die grootste vyand van ‘n daadwerklike verstaan van die Bybel!

Laat my toe om ‘n aantal van die voorveronderstellings te noem wat ek huldig in my persoonlike studie van die Bybel sodat jy, die leser, hulle saam met my kan ontleed:

I. Voorveronderstellings

- A. Ek glo die Bybel is die enigste geïnspireerde, self-openbaring van die een ware God. Daarom is dit nodig om tydens interpretasie in ag te neem dat dit die Heilige Gees is wat deur ‘n menslike skrywer, wat leef gedurende ‘n spesifieke historiese tydperk, ‘n boodskap probeer kommunikeer.
- B. Ek glo dat die Bybel geskryf is deur die gewone mens – vir alle mense! God poog om so duidelik as moontlik met ons te praat, gegewe ‘n historiese en kulturele konteks. God steek nie waarheid weg nie – Hy wil hê ons moet verstaan! Daarom moet dit verklaar word binne die konteks van die tyd waarin die tekste ontstaan het, nie ons s’n nie. Die Bybel behoort nie vir ons te beteken wat dit nie beteken het vir diegene wat dit eerste gehoor of gelees het nie. Dit is verstaanbaar deur die gemiddelde menslike intellek en gebruik normale menslike kommunikasievorme en tegnieke.
- C. Ek glo die Bybel het ‘n verenigde boodskap en doel. Die boodskap word nie weersprek nie, hoewel daar soms moeilike en paradoksale passasies voorkom. Dus is die beste verklaarder van die Bybel die Bybel self.
- D. Ek glo dat elke passasie (behalwe die profesieë) slegs een betekenis het, gebaseer op die oorspronklike skrywer se bedoeling. ‘n Aantal aanwysers dui hierop:
 1. die verkose genre (literêre styl) om die boodskap oor te dra
 2. die historiese milieu en/of spesifieke geleentheid wat die skryfproses gestimuleer het
 3. die literêre konteks van die boek in geheel, sowel as van elke literêre eenheid afsonderlik
 4. die tekstuele ontwerp (uitleg) van die literêre eenheid soos dit skakel met die boodskap in geheel

5. die spesifieke grammatiese tegnieke gebruik om die boodskap oor te dra
6. woordkeuse
7. parallelismes

Die studie van elkeen van hierdie aspekte word die doel van ons studie van 'n passasie. Voordat ek my metodologie vir doeltreffende Bybellees verduidelik, wil ek eers 'n aantal onvanpaste metodes bespreek. Die volgende metodes is almal vandag in gebruik en veroorsaak soveel diversiteit van interpretasie dat hulle liefers vermy moet word.


II. Onvanpaste Metodes

- A. Ignoreer die literêre konteks van die boeke van die Bybel en gebruik elke sin, frase of selfs individuele woord as stelling van waarheid, ongeag die verwantskap met die outeur se bedoeling of die breër konteks. Dit word dikwels “letterlike uitleg” (“proof-texting”) genoem.
- B. Ignoreer die historiese konteks waarbinne die boeke geskryf is deur 'n veronderstelde historiese milieu te fabriseer met min of geen ondersteuning van die teks self nie.
- C. Ignoreer die historiese konteks van die boeke en lees dit op dieselfde manier as die oggendkoerant, asof dit hoofsaaklik geskryf is vir moderne individuele Christene.
- D. Ignoreer die historiese konteks van die boeke deur die teks te allegoriseer tot 'n filosofiese of teologiese boodskap totaal onverwant aan die boodskap wat die eerste luisteraars daaruit sou neem, of aan die oorspronklike skrywer se bedoeling.
- E. Ignoreer die oorspronklike boodskap deur eerder jou eie sisteem van teologie, liefingsonderwerp of hedendaagse kwessies daarmee te vermeng om sodoende die teks uit verband te ruk in terme van die oorspronklike outeur se bedoeling en boodskap. Hierdie fenomeen volg dikwels 'n eerste lees van die Bybel as 'n metode om die spreker se gesag daar te stel en word dikwels na verwys as “lesers-respons”/“wat-die-teks-vir-my-beteken”-interpretasie (“reader response”).

Ten minste drie verwante komponente kom voor in alle geskrewe menslike kommunikasie:



In die verlede het verskillende leestegnieke op een van die drie komponente gefokus. Om egter waarlik die unieke inspirasie van die Bybel te bevestig, is 'n gewysigde diagram meer gepas:



Eintlik moet al drie komponente in ag geneem word tydens die interpretasie-proses. Met bevestiging ten doel, fokus my interpretasie op die eerste twee komponente: die oorspronklike outeur en die teks. Ek is heel moontlik besig om te reageer op die misbruike wat ek al gesien het deur (1) allegorisering of spiritualisering van die teks en (2) “leser-respons”-interpretasie (wat-dit-vir-my-beteken). Misbruik mag intree op enige stadium van die proses. Ons moet altyd waak daarteen dat ons motiewe, vooroordele, tegnieke en toepassing nie die oorwegende faktore word tydens ontleding nie. Maar hoe bekamp 'n mens hierdie faktore as daar geen grense is waarbinne interpretasie kan plaasvind nie; geen kriteria of beperkings nie? Dit is waar outeursbedoeling en die struktuur van die teks vir my in 'n mate helderheid verskaf oor hoe die sogenaamde moontlike interpretasies uitgeskakel kan word.

In ag genome hierdie onvanpaste leestegnieke, keer ons nou na benaderings wat meer gepas is vir doeltreffende Bybellees en interpretasie, en wat 'n mate van bevestiging en konsekwentheid bied.

III. Moontlike Benaderings tot Goeie Bybellees

Op hierdie stadium is die unieke tegnieke van spesifieke genre-interpretasies nie van belang nie, maar eerder die algemene hermeneutiese beginsels wat geld vir alle tipes Bybelse tekste. 'n Goeie boek vir genre-spesifieke benaderings is *How To Read The Bible For All Its Worth* deur Gordon Fee en Douglas Stuart, uitgegee deur Zondervan.

My metodologie fokus aanvanklik daarop dat die leser die Heilige Gees toelaat om die Bybel toe te lig deur vier persoonlike leessiklusse. Dit maak die Gees, die teks en die leser prominent, nie sekondêr tot die proses nie. Dit beskerm ook die leser daarvan om te veel deur kommentaarskrywers beïnvloed te word. Ek het al gehoor mense sê: “Die Bybel

werp baie lig op kommentare.” Dit is nie veronderstel om afbrekend van studiegids-kommentare te wees nie, maar is eerder ‘n versoek op die leser om die gepaste tyd te kies vir hulle gebruik.

Dit moet vir ons moontlik wees om ons interpretasies te staaf uit die teks self. Drie aspekte voorsien ten minste in ‘n mate bevestiging:

1. die oorspronklike skrywer se
 - a. historiese milieu
 - b. literêre konteks
2. die oorspronklike skrywer se keuse van
 - a. grammatikale strukture (sintaksis)
 - b. ander kontingente tekste
 - c. genre
3. ons verstaan van gepaste
 - a. relevante parallelismes
 - b. verwantskappe tussen leerstellinge (paradoks)

Dit moet vir ons moontlik wees om logiese redes te verskaf vir ons interpretasies. Die Bybel is ons enigste bron van geloof en praktyk. Ongelukkig stem Christene dikwels nie saam oor die boodskappe van die Bybel nie. Dit is selfverydelend om aan te voer dat die inspirasie van die Bybel nie vir gelowiges toeganklik is tot so ‘n mate dat hulle kan saamstem oor die inhoud daarvan nie!

Die vier leessiklusse is ontwerp om die volgende verklarende insigte te bied:

- A. Die eerste leessiklus
 1. Lees die boek in een sessie deur. Lees dit weer, maar gebruik ‘n alternatiewe vertaling – indien moontlik vanuit ‘n verskillende vertaling-denkskool.
 - a. woord-vir-woord (NKJV, NASB, NRSV, OAV, NAV)
 - b. dinamiese ekwivalent (TEV, JB, CUM-NLV)
 - c. parafrasering (Living Bible, Amplified Bible, CUM-MVB)
 2. Identifiseer die sentrale doel van die geskrif in geheel. Wat is die tema?
 3. Isoleer (indien moontlik) ‘n literêre eenheid – ‘n hoofstuk, ‘n paragraaf of ‘n sin – wat duidelik die sentrale doel of tema daarstel.
 4. Identifiseer die dominante literêre genre
 - a. Ou Testament
 - (1) Hebreëuse narratief
 - (2) Hebreëuse poësie (wysheidsliteratuur, Psalms)
 - (3) Hebreëuse profesie (prosa, poësie)
 - (4) Wetskodes
 - b. Nuwe Testament
 - (1) Narratiewe (evangelies, Handelingte)
 - (2) Gelykenisse (evangelies)
 - (3) Briewe
 - (4) Apokaliptiese literatuur
- B. Die tweede leessiklus
 1. Lees die hele boek weer en identifiseer die hoofonderwerpe.
 2. Stel ‘n raamwerk van die hoofonderwerpe op en som elkeen se inhoud kortliks op in ‘n eenvoudige stelling.
 3. Vergelyk jou doelstelling en breë raamwerk met studiegidse.
- C. Die derde leessiklus
 1. Lees die hele boek weer en identifiseer die historiese milieu en spesifieke geleentheid wat die skrywer genoep het om die boek te skryf.
 2. Lys die historiese items wat in die boek genoem word
 - a. die outeur
 - b. die datum
 - c. die ontvangers
 - d. die spesifieke stimulasie vir die skryf daarvan
 - e. aspekte van die kulturele milieu wat verwant is aan bg. stimulasie
 - f. verwysings na historiese figure en gebeure
 3. Verbreed jou raamwerk tot ‘n paragraaf-vlak vir daardie deel van die Bybelboek wat jy interpreteer. Interpreteer altyd die literêre eenheid as ‘n geheel. Dit mag ‘n hele paar hoofstukke of paragrawe insluit, maar stel jou in staat om die oorspronklike skrywer se logika en tekstuele ontwerp te volg.
 4. Vergelyk jou historiese skets met dié van studiegidse.
- D. Die vierde leessiklus
 1. Lees die spesifieke literêre eenheid weer in ‘n verskeidenheid vertalings
 - a. woord-vir-woord (NKJV, NASB, NRSV, OAV, NAV)
 - b. dinamiese ekwivalent (TEV, JB, CUM-NLV)

- c. parafrasering (Living Bible, Amplified Bible, CUM-MVB)
2. Soek vir literêre of grammatiese strukture
 - a. herhaalde frases (Ef. 1:6, 12, 13)
 - b. herhaalde grammatiese strukture (Rom. 8:31)
 - c. kontrasterende konsepte
3. Lys die volgende items:
 - a. noemenswaardige terme
 - b. ongewone terme
 - c. belangrike grammatiese strukture
 - d. besonder moeilike woorde, frases of sinne
4. Soek vir relevante parallelismes
 - a. soek vir die duidelikste passasie oor jou onderwerp deur die volgende te gebruik:
 - (1) “sistematiese teologie”-boeke
 - (2) verwysing-Bybels
 - (3) ooreenstemmings
 - b. Soek vir ‘n moontlik paradoksale paar binne jou onderwerp. Baie Bybelse waarhede word daargestel in dialektiese pare; heelwat konflik tussen denominasies is te wyte aan letterlik lees van ‘n halwe Bybelse stelling. Die hele Bybel is geïnspireer en ons moet poog om sy volledige boodskap te verstaan om sodoende ‘n gebalanseerde perspektief oor die Skrif in ons interpretasie te hê.
 - c. Soek vir parallelle binne dieselfde boek, werk van dieselfde outeur of uit dieselfde genre; die Bybel is sy eie beste ontleder omdat hy slegs een outeur het: die Gees.
5. Gebruik studiegidses om jou historiese skets en ander konteks-elemente na te gaan:
 - a. studie-Bybels
 - b. Bybel ensiklopedieë, handboeke en woordeboeke
 - c. inleidings tot die Bybel
 - d. Bybel-kommentare (op hierdie stadium van jou studie is dit nodig om die gelowige gemeenskap – verlede én hede – toe te laat om jou te help om die regte rigting in te slaan.)

IV. Toepassing van Bybel-interpretasie

Op hierdie stadium rig ons die gesprek op toepassing. Jy het nou tyd gehad om die teks in sy oorspronklike milieu te verstaan; nou moet jy die insig wat dit jou bring in jou lewe en kultuur toepas. Ek definieer Bybelse gesag as “‘n verstaan van wat die oorspronklike Bybelse outeur wou sê vir die lesers van sy dag (in die historiese konteks), en die toepassing van daardie selfde waarhede op jou eie dag (in jou eie konteks)”.

Interpretasie moet gevolg word deur implementering van die oorspronklike outeur se bedoeling in tyd sowel as logika. Ons kan nie ‘n Bybelse passasie vandag toepas voordat ons weet wat die bedoeling was in die konteks waarin dit geskryf is nie! ‘n Bybelpassasie kan nie bedoel wat dit nooit bedoel het nie!

Jou uitgebreide raamwerk op paragraafvlak (leessiklus #3) sal jou lei. Toepassing moet op ‘n paragraaf-vlak gedoen word, nie op woord-vlak nie. Woorde het slegs in konteks betekenis; dieselfde geld vir frases en sinne. Die enigste geïnspireerde persoon betrokke in die interpretasie-proses is die oorspronklike outeur. Ons kan net sy leiding volg deur die verheldering deur die Heilige Gees. Maar verheldering is nie inspirasie nie. Om te sê “dus sê die Here”, moet ons die oorspronklike outeur se bedoeling ken in die saak. Toepassing moet spesifiek verband hou met die algemene bedoeling van die teks in geheel, die spesifieke literêre eenheid en paragraaf-vlak ontwikkeling van gedagtes.

Moenie dat die kwessies van die dag die Bybel interpreteer nie; laat die Bybel vir homself praat! Dit mag verg dat ons beginsels uit die teks assimileer. Hierdie beginsels is geldig indien die teks dit ondersteun. Ongelukkig is ons beginsels dikwels juis dít: ons beginsels – nie dié van die teks nie.

Dit is belangrik om in Bybel-toepassing te onthou dat (behalwe die profesieë) elke Bybelteks slegs een geldige betekenis het. Daardie betekenis is verwant aan die bedoeling van die oorspronklike skrywer in sy aanspraak van ‘n krisis van sy dag. Baie moontlike toepassings kan afgelei word van hierdie een bedoeling. Die toepassing is gebaseer op die ontvanger se behoeftes, maar moet verband hou met die oorspronklike outeur se bedoeling.

V. Die Geestelike Aspek van Interpretasie

Tot dusver het ek die logiese en tekstuele prosesse betrokke by interpretasie en toepassing bespreek. Laat my nou toe om kortliks die geestelik kant van interpretasie aan te raak. Ek het die volgende oorsiglyk hulpvaardig gevind:

- A. Bid vir die Gees se hulp (vgl. 1 Kor. 1:26-2:16).
- B. Bid vir persoonlike vergifnis en reiniging van gekende sonde (vgl. 1 Joh. 1:9).
- C. Bid vir ‘n groter begeerte om God te ken (vgl. Ps. 19:7-14; 42:1 e.v.; 119:1 e.v.)
- D. Implementeer enige nuwe insigte onmiddellik in jou eie lewe.
- E. Bly nederig en onderrigbaar.

Dit is so moeilik om die balans te handhaaf tussen die logiese proses en die geestelike leierskap van die Heilige Gees. Die volgende aanhalings help my hiermee:

- A. uit James W. Sire, *Scripture Twisting*, bl. 17-18:

“The illumination comes to the minds of God’s people – not just to the spiritual elite. There is no guru class in biblical Christianity, no illuminati, no people through whom all proper interpretation must come. And so, while the Holy Spirit gives special gifts of wisdom, knowledge and spiritual discernment, He does not assign these gifted Christians to be the only authoritative interpreters of His Word. It is up to each of His people to learn, to judge and to discern by reference to the Bible which stands as the authority even to those to whom God has given special abilities. To summarize, the assumption I am making throughout the entire book is that the Bible is God’s true revelation to all humanity, that it is our ultimate authority on all matters about which it speaks, that it is not a total mystery but can be adequately understood by ordinary people in every culture.”

B. oor Kierkegaard, uit Bernard Ramm, *Protestant Biblical Interpretation*, bl. 75:

“According to Kierkegaard the grammatical, lexical, and historical study of the Bible was necessary but preliminary to the true reading of the Bible. To read the Bible *as God’s word* one must read it with his heart in his mouth, on tip-toe, with eager expectancy, in conversation with God. To read the Bible thoughtlessly or carelessly or academically or professionally is not to read the Bible as God’s Word. As one reads it as a love letter is read, then one reads it as the Word of God.”

C. H.H. Rowley in *The Relevance of the Bible*, bl. 19:

“No merely intellectual understanding of the Bible, however complete, can possess all its treasures. It does not despise such understanding of the spiritual treasures of this book if it is to be complete. And for that spiritual understanding something more than intellectual alertness is necessary. Spiritual things are spiritually discerned, and the Bible student needs an attitude of spiritual receptivity, an eagerness to find God that he may yield himself to Him, if he is to pass beyond his scientific study unto the richer inheritance of this greatest of all books.”

VI. Hierdie Kommentaar se Metode

Die *Studiegids-Kommentaar* is ontwerp om jou te help met die interpretasie-prosedure op die volgende maniere:

1. ‘n Kort historiese uiteensetting as bekendstelling van elke boek. Gaan hierdie inligting na nadat jy leessiklus #3 voltooi het.
2. Die verskillende dele van die literêre eenheid word in konteks geplaas aan die begin van elke hoofstuk om jou te wys hoe dit gestruktureer is.
3. Aan die begin van elke hoofstuk of groot literêre eenheid word die paragraafindeling saam met hulle beskrywende onderskrifte verskaf. Dit word uit die volgende moderne vertalings geneem:
 - a. The United Bible Society Greek text, vierde uitgawe gewysig (UBS⁴)
 - b. The New American Standard Bible, 1995 weergawe (NASB)
 - c. The New King James Version (NKJV)
 - d. The New Revised Standard Version (NRSV)
 - e. Today’s English Version (TEV)
 - f. The Jerusalem Bible (JB)
 - g. Die Ou Afrikaanse Vertaling (OAV)
 - h. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV)
 - i. Die Nuwe Lewende Vertaling (CUM-NLV)
 - j. Die Multivertaling Bybel (CUM-MVB)

Paragrafering is nie geïnspireer nie. Dit moet uit die konteks afgelei word. Deur ‘n vergelyking van ‘n aantal moderne vertalings vanuit verskillende vertaling-denkskole en teologiese perspektiewe, word dit vir ons moontlik om die veronderstelde struktuur van die skrywer se gedagtes te analiseer. Elke paragraaf het een hoofwaarheid. Dit word gewoonlik die “tema-sin” of “sentrale idee van die teks” genoem. Hierdie eenheidsvormende gedagte is die sleutel tot gepaste historiese, grammatiese interpretasie. Ons moet nooit interpreteer, preek of onderrig oor minder as ‘n paragraaf nie! Onthou ook dat elke paragraaf verwant is aan die omliggende paragrawe. Dit is hoekom ‘n paragraaf-vlak raamwerk van die hele boek so belangrik is. Dit moet vir ons moontlik wees om die logiese vloei van die onderwerp te volg volgens die bedoeling van die oorspronklike outeur.

4. Bob se notas volg ‘n vers-vir-vers benadering tot interpretasie. Dit dwing ons om die oorspronklike outeur se gedagtegang te volg. Die notas bied inligting oor ‘n verskeidenheid aspekte:
 1. literêre konteks
 2. historiese, kulturele insigte
 3. grammatiese inligting
 4. woord-ontleding
 5. relevante parallelismes
5. Soms word die gedrukte teks in die kommentaar uit *The New American Standard Version* (1995 weergawe) afgewissel met die vertalings van verskeie ander moderne weergawes:
 - a. *The New King James Version* (NKJV) is ‘n woord-vir-woord letterlike vertaling gebaseer op die Griekse manuskrip-tradisie bekend as die *Textus Receptus*.
 - b. *The New Revised Standard Version* (NRSV) is ‘n gewysigde woord-vir-woord vertaling van die National Council of Churches se *Revised Standard Version*.
 - c. *The Today’s English Version* (TEV) is ‘n dinamiese eweknie-vertaling wat deur die *United Bible Society* gepubliseer is.
 - d. *The Jerusalem Bible* (JB) is nog ‘n dinamiese eweknie-vertaling gebaseer op ‘n Franse Katolieke vertaling.

6. Vir diegene wat nie Grieks-magtig is nie kan die vergelyking van Engelse en Afrikaanse vertalings oor en weer help om 'n aantal probleme in die teks te identifiseer:
 - a. manuskripvariasie
 - b. alternatiewe woordbetekenisse
 - c. grammaties-moeilike teks en struktuur
 - d. dubbelsinnige tekste

Hoewel die Engelse en Afrikaanse vertalings nie hierdie probleme kan oplos nie, word hulle wel hierdeur as plekke vir dieper en meer aandagtige studie geïdentifiseer.
7. Elke hoofstuk word afgesluit met 'n aantal besprekingsvrae wat poog om die belangrikste kwessies vir interpretasie uit elke hoofstuk toe te lig.

INLEIDING TOT JESAJA

I. TER AANVANG

- A. Meer as enige ander profeet word Jesaja in die NT aangehaal; meer as 411 keer! Sy boodskap is op radikale, universele monoteïsme gegrond en behels 'n verlossingsplan vir die hele skepping.
 - 1. daar is een God
 - 2. een wêreld
 - 3. een geloof
- B. Jesaja is besonderlik Messiaans
 - 1. die besondere kinders van die nuwe era, 7-14
 - 2. die liedere van die Kneg van die HERE
 - 3. die toekomstige Messiaanse Koninkryk (die nuwe eeu), hoofstukke 56-66. Die sondeval soos in Genesis verhaal is nie die laaste woord nie!
- C. E. J. Young, *An Introduction to the OT*, meld
 - 1. "Heel tereg word die boek Jesaja as die heel belangrikste OT-profesie beskou."
 - 2. "Van al die OT profete het Jesaja die gedagtes van God en sy plan vir die eeue die heel beste verstaan."
 - 3. "Wat geestelike insig betref, staan hy kop en skouers bo die hele OT uit." (bl. 172)

II. DIE NAAM VAN DIE BOEK

- A. Die boek is vernoem na die profeet aan die woord.
- B. Die naam beteken "verlossing van JHWH" of "JHWH red". Alle Hebreuse name wat op "-ja" eindig, dra 'n afkorting van Jahweh. Ook dié wat met "J" begin en met 'n klinker volg is 'n teofore naam, bv. "Josua" en "Joël".

III. KANONISERING

- A. Dit is die eerste boekrol van die 4 waaruit die Latere Profete bestaan.
 - 1. Jesaja
 - 2. Jeremia
 - 3. Esegïel
 - 4. Die Twaalf (kleiner profete)
- B. Dit was vroeg en sonder voorbehoud in die Israeliese literatuur aanvaar.

IV. DIE GENRE

- A. Jesaja se literêre vermoë is uitstaande bo al die ander profete. Sy hoogstaande poësie is ryk aan woordspel en boeiend. Die boek is merendeels Hebreuse digkuns (vgl. Bylaag Een).
- B. Dit is moeilik om Jesaja in een sessie te lees. Dis moeilik om die boek se struktuur te bepaal. Die rede hiervoor is dat Jesaja 'n prediker was en nie net skrywer of samesteller nie. Boodskappe oor 'n lang termyn van optrede is in sy boek vervat. Daar was groepering na aanleiding van
 - (1) tema
 - (2) kronologie
 - (3) gebeure wat Israel direk raak
 - (4) volgens kulturele norme van die Ou Naby Ooste (wat veel van ons s'n verskil)
 - (5) en by wyse van sleutelgedagtes (woorde) en woordspel.

V. OUTEURSKAP

- A. Joodse standpunte
 - 1. Die Joodse *Baba Bathra* 15a is van mening dat Hiskia en sy manne Jesaja, Spreke, Prediker en Hooglied geskryf het (bedoelende saamgestel of redaksioneel versorg het).
 - 2. Ben Sirach, in *Ecclesiasticus* 49:17-25, omtrent 185 v.C. geskryf, meld dat "Jesaja, seun van Amos," die boek geskryf het (1:1; 12:1; 13:1)
 - 3. In 2 Kron. 32:32 word Jesaja se optekening van sy roeping in die "gesig van die Profeet Jesaja die seun van Amos" en die parallel daarvan in 2 Kon. 18:19-20:19 met verwysing na sy getroue optrede, gemeld (NAV).
- a. hy was afkomstig uit welgestelde adelike familie in Jerusalem, moontlik neef van koning Ussia.
 - i. Daar is aanduiding dat die "-ja" uitgang 'n afkorting van JHWH is en dat so 'n benoeming onder Juda se koninklikes alleen gebruiklik was.

- ii. Die familieverbintenis word ondersteun deur die geredelike toegang wat hy tot koning Ussia gehad het.
- iii. Sien ook die Talmoed “Meg.” 10b
- b. Hy was met ‘n “profetes” getroud (8:3).
Eersgebore seun, Sjea-Jasjoeb, wat beteken :“n oorblyfsel sal terugkeer”;
Die tweede seun, Maher-Sjalal-Hasj-Bas (8:3), “Plunder en Roof is Naby” (NAV)
- c. Jesaja het ‘n langer bediening gehad as enige van die ander profete in die OT. Hy het opgetree as verkondiger namens God in Juda vanaf die regering van Jotam (742-735 v.C.) tot Hiskia (715-687 v.C.) en selfs tot in die tyd van Manasse (687-642 v.C.) Manasse was moontlik ‘n mederegeerder vanaf 697 v.C.
- d. Indien 2 Kron. 26:22 na Jesaja verwys, was hy die amptelike skrywer en bewaarder van die konings se kronieke.
- e. Na oorlewering is hy middeldeer gesaag in ‘n blok ten tye van Manasse se regering (vgl. *Die Marteling en Hemelvaart van Jesaja* – Heb. 11:37)
- 4. Moses Ben Samuel Ibn Gekatilla het ongeveer 110 n.C. die stelling gemaak dat hoofstukke 1-39 van Jesaja is, maar hoofstukke 40-66 is tydens die periode van die Tweede Tempel (d.w.s. Persiese tydperk, 538-430 v.C.) geskryf.
- 5. Ibn Esra (1092-1167 n.C.) het Gekatilla se siening gevolg en wys hoofstukke 40-66 af as nie van Jesaja, die agste eeu voor Christus, nie.

B. Geleerdes van nou se siening oor outeurskap

1. ‘n Deuglike opsomming van geskiedkundige aspekte kan in R. K. Harrison se *Introduction to the OT* gevind word, Eerdmans, 1969.
2. ‘n Goeie bespreking van tegniese oorweginge waarom daar van twee Jesajas sprake is, kan in S. R. Driver se *Introduction to The Literature of the OT* gevind word.
3. Geen Hebreeuse of Griekse (LXX) manuskripte is ooit gevind met enige teken van verdeling tussen hoofstukke 40-66 nie.
 - a. Daar is egter in ‘n weergawe van die Dooie See-rolle ‘n spasie van twee oop lyne na hoofstuk 33, maar nie na hoofstuk 39 nie.
 - b. Dit wil voorkom of daar ‘n parallelle strukturering tussen 1-33 en 34-66 bestaan. Die twee dele gaan, eerstens, oor die profeet se eie tyd en, in die tweede plek, oor die toekoms, ‘n tipiese benadering van die Hebreeuse profete (vgl. Esegïël, Daniël en Sagaria).
4. Geleerdes van ons dag is hoegenaamd nie eenstemmig oor die aantal medeskrywers of die gedeeltes in die boek waarvoor hulle verantwoordelik is nie.

C. ‘n Paar redes ten gunste van eenheid van Jesaja

1. Vyf-en-twintig uitdukkings in albei dele van Jesaja wat nie op ander plekke in die OT voorkom nie (NIV, *Introduction to Isaiah*, bl. 1014).
2. Die “Heilige van Israel” kom 13 keer in hoofstukke 1-39 voor en 14 keer in 40-66, maar slegs ses keer in die res van die OT.
3. Jesus haal aan uit hoofstukke 53:1 en 6:10 en skryf beide gedeeltes toe aan Jesaja (Joh. 12:38,40).
4. Gedeeltes (aanhalings) uit hoofstukke 40-66 word aan Jesaja toegeskryf in Mat. 3:3; 8:17; 12:17; Luk. 3:4; 4:17; Joh. 1:23; Han. 8:28 en Rom. 10:16-20.
5. Uit die Masoretiese Teks, Dooie See-rolle of die Septuaginta (oudste bestaande manuskripte) is daar geen aanduiding of bewyse dat die boek verdeel word na hoofstuk 1-39 nie.
6. Daar is geen aanduiding van ‘n “groot 6de eeuse profeet” (Deutero-Jesaja) uit historiese bronne nie. R. K. Harrison, in sy *Introduction to the OT*, maak die volgende opmerking:

“Arguments from literary style were greatly in vogue at the end of the nineteenth century, but in the light of a much wider knowledge of ancient Near Eastern languages they have now assumed a far less important position. The very subjectivity of stylistic considerations had a great appeal for the adherents of the Graf-Wellhausen theory of literary analysis, who saw no inconsistency whatever in perusing material ascribed to a Biblical author, and then denying parts of that very corpus to him because the literary form and vocabulary of each chapter did not happen to be identical. Apparently it did not occur to those early investigators that it was only possible to derive some concept of the style of an ancient author as the result of careful study of all the material ascribed to him, and that subsequent rejection of part or all of that corpus could only be validated on the basis of some rigorous external control,” (bl. 776).

D. Enkele oorweginge ten gunste van meer Jesaja-outeurs

1. In hoofstukke 40-66 kom die naam “Jesaja” nooit voor nie.
2. Gebeure in hoofstukke 40-66 val buite Jesaja se historiese tydperk
3. Verwysings is inkonsekwent wat betref
 - a. die straf van die Assiriese inval en wegvoering
 - b. die oordeel van die Babiloniese inval en wegvoering
4. Nog redes wat betref die teorie van veelheid van outeurs is

- (1) verandering van historiese setting
 - a. 1-39 dui op Juda nog voor 'n inval
 - b. 40-55 weerspieël ballingskaptoestande
 - c. 56-66 weerspieël na-ballingskap toestande
 - d. 1-39, die tempel sal vir altyd staan, maar volgens 40-66 het die tempel reeds geval en bevind die skrywer hom in ballingskap.
- (2) Die wisselende terme om God se uitverkorenes te beskryf
 - a. die Messiaanse kind
 - b. die Lydende Knecht
- (3) Terme oor Israel
 - a. vrou (50:1)
 - b. diensknegte van JHWH (54:17)
5. Eietydse konserwatiewe geleerdes
 - a. E. J. Young maak 'n waardevolle stelling i.v.m. hoofstukke 56-66: "another possibility is that Spirit-led, editor-collected prophecies from different prophets of the Isaiah school around basic themes of this section," (bl. 188).
 - b. R. K. Harrison se siening: "The present writer holds to the view that Isaiah, like the majority of the other extant prophetic writings, represents an anthology of utterances given at various times, and as such the work merits no different treatment from that accorded the other major prophecies. In this connection it is important to note that arguments based upon differences of style or literary expression are immediately vitiated by this approach, since an anthology may be taken quite fairly as representing the total style of the author over the different periods of creative activity. Justification for describing the work as an anthology in the best sense of that term, is furnished by the opening verse of the prophecy, which constitutes a heading for the work and speaks specifically of the revelatory material that Isaiah the son of Amoz received in visions concerning Judah and Jerusalem in the days of Uzziah, Jotam, Ahaz, and Hezekiah. As with all anthologies it is fairly evident that the book contained only a selection of the available prophetic oracles and sermons, and it is highly probable that Isaiah produced considerably more material than has survived in this book. The nature of the prophecy as an anthology is further indicated by the presence of superscriptions in Isaiah 2:1 and 13:1, which may have represented, or pointed to the presence of, earlier collections of prophetic utterances," (bl. 780).
6. Daar is 'n verskil in literêre styl wat betref 1-39 en 40-66.

E. Samevattende opmerkings oor outeurskap

1. Godvresende geleerdes verskil onder mekaar oor hoe die boek Jesaja in sy huidige vorm tot stand gekom het (sien bv. die Dooie See-rolle en Masoretiese Teks). Die hoofklem moet egter op die geïnspireerdheid van die boek geplaas word, op die betroubaarheid daarvan, ook wat betref openbaring van die karakter van JHWH.
2. Ons moet alle voorveronderstellings wat God se openbaring deur Jesaja betwyfel, verwerp. Daarmee word ook bedoel die verwerping van die uitgangspunt wat by voorbaat voorspellende profesie nie aanvaar nie, wat daarmee die OT as bloot mensewerk beskou en slegs van historiese en tydgebonde waarde.

VI. DATERING

- A. Jesaja was werksaam in geleedere van die 8ste eeuse profete.
 1. Jona, Amos, Hosea in die Noordelike Ryk (Israel), tydens regering van Jerobeam II (786-640 v.C.)
 2. Jesaja en Miga in die Suidelike Ryk (Juda).
- B. Hy is gebore in ongeveer die jaar 760 v.C. en ontvang sy roeping as profeet ongeveer 742 v.C. d.w.s. in die sterfjaar van koning Ussia (6:1). Ussia word ook Asarja genoem (783-742 v.C.)
- C. Jesaja het 'n lang bediening gehad. Van Ussia se laaste jare (voor 742 v.C.), regdeur Jotam se tyd (742-735 v.C.), ook dié van Agas (735-715 v.C.), Hiskia (715-687 v.C.) en tot in die regeringstyd van Manasse (687-642 v.C.), want hy voorspel nog Sanherib se dood in hoofstuk 37:38 in 681 v.C.
- D. R. K. Harrison verklaar dat die boek 'n bloemesing van die profeet se uitsprake en preke tydens die regeringsjare van verskeie Judese konings is en teen 630 v.C., na sy dood, saamgestel en redaksioneel versorg is.

VII. DIE HISTORIESE TYDGEWRIG VAN AGSTE-EEUSE PROFETISME

- A. Gegewens uit die Bybel is te vinde in
 1. 2 Kon. 14:3-17:6
 2. 2 Kron. 25-28
 3. Amos
 4. Jona
 5. Hosea
 6. Jesaja
 7. Miga
- B. Die duidelikste beeld oor die staat van afgodery onder die volk van God word in Hosea beskryf (uit NAV geneem – vert.):

1. 2:16, “en my nie meer as ‘n Baäl beskou nie”
 2. 4:12-14, “... dogters hoereer”
 3. 4:17, “Efraim is verknog aan afgodsbeelde, laat hom maar sy gang gaan”
 4. 13:2, “moet jy hierdie kalwers soen”
- C. Die sosiale omgewing
1. Dit was ‘n tyd van ekonomiese hoogbloeï en militêre uitbreiding vir beide Juda en Israel. Dit het egter net die welaf gedeelte van die volk ten goede gekom. Die armes is uitgebuit en verdruk. “Geld ten alle koste” het insigself afgodiese omvang bereik.
 2. Die ekonomiese welvaart en besit in beide Israel en Juda
 - a. was aan die lang en voordelige regeringstyd van Jerobeam II (786-746 v.C. – in die Noorde) en Ussia (783-742 v.C. – in die Suid) te danke.
 - b. die Assiriese onderwerping van Sirië deur toedoen van Adad-Nirari III in 802 v.C.
 - c. afwesigheid van botsings tussen Israel en Juda
 - d. uitbuitende belastings op die handelsroetes, van noord na suid oor die Palestynse brug, het tot vinnige ekonomiese ontwikkeling aanleiding gegee, selfs uitspattige lewe vir die welvarende klas!
 3. Die “Potskerwe/kleitabelle van Samaria” wat uit die regeringstyd van Rehobiam II gedateer word, dui op ‘n administrasie soortgelyk aan dié van Salomo. Daaruit blyk die vergroting van die gaping tussen die welgesteldes en die armes.
 4. Die oneerlikheid van die rykes word duidelik in Amos, bekend as “die profeet van sosiale geregtigheid,” geïllustreer. In beide Israel en Juda was omkoperij van die regbank en ‘n ekonomie van gepeuter met gewigseenhede aan die orde.
- D. Die godsdienstige toestande van die dag.
1. Daar was oormaat van vormlike godsdienshandeling, maar weinig opregte geloof. Die Kanaänitiese vrugbaarheidskultus het sinkretisties van Israel se geloof deel geword. Die mense was in afgodery verval, maar het dit JHWH-isme¹ genoem. Die neiging by die volk van God was om deur middel van hulle politieke verbintenisse, wat betref heidense invloed en gebruike, verdraagsaam te raak.
 2. Afgodery in Israel word in 2 Kon. 17:7-18 uitgebeeld:
 - a. Volgens vers 8 het hulle die aanbiddingspraktyke van die Kanaäniete nagevolg (vgl. NAV):
 - (1) kultus vir bevordering van vrugbaarheid (Lev. 18:22-23)
 - (2) hoogtes gebou, elke hoë rant (verse 9,10,11)
 - (3) gewyde klippilare, pale (verse 10,16)
 - (4) Asjera-beelde (vers 16), houtpale wat sinnebeeldig was van die gemalin van Baäl; daarvoor is gemerkte pale geplant of selfs “‘n groen boom” (NAV).
 3. Waarsêery (NAV – vers 17). Vir die geloof verbode, volgens Lev. 19-20.
 - (1) voortsetting van die twee goue kalwers (vers 16), bedoel om simboliek van JHWH te wees, wat by Dan en Bet-El deur Jerobeam I opgerig is (1Kon. 12:28-29).
 - (2) verder het hulle die Babiloniese gode van die hemelruim – son, maan, sterre en die sterrebeelde – vereer;
 - (3) ook die Fenisiese vrugbaarheidsgod, aan wie hulle kinders in vuur geoffer het, “Molog” (Lev. 18:21; 20:2-5)! Dit is hoe die praktyk genoem word, maar nie die naam van die godheid nie.
 4. Baälisme (vgl. W. F. Albright, se *Archaeology and the Religion of Israel*, bl. 82 e.v.)
 - a. Die beste argeologiese bron is die “Baäl – epos van Ugarit.” Dit skets Baäl as ‘n seisoengebonde godheid wat sterf en weer opstaan. Hy word deur Mot verslaan en na die “onderwêreld uitgeban”. Alle lewe op aarde kom daarmee tot stilstand. Maar met die hulp van die vroulike godin, Anat, herrys hy elke lente om Mot te verslaan. Hy was ‘n vrugbaarheidsgod wat vereer is by wyse van nabootsing deur magiese handeling.
 - b. Sy ander naam was Hadad.
 - c. El was die hoofgod van die Kanaänitiese veelgodendom, maar sy populariteit het geswig voor Baälisme.
 - d. Israel is intens beïnvloed deur die Tiriese Baälisme omrede van Isebel, die dogter van die koning van Tirus, wat Omri uitgekies het vir sy seun Agab.
 - e. In Israel is Baälisme op beskikbare hoë plekke beoefen. Simbool van die wyding van die plek was ‘n regopstaande steen. Sy gemalin, Asjera, is deur ‘n gemerkte paal voorgestel om die “boom van lewe” voor te stel.
 5. Verskeie redes vir en tipes van afgodery het dus voorgekom:
 - a. die goue kalwers deur Jerobeam I by bet-El en Dan vir JHWH-aanbidding
 - b. die verering van die Tiriese vrugbaarheids gode (manlike en gemalin) op hoogtes
 - c. en ander wat noodsaak was deur politieke affiliasies van die dag.
- E. ‘n Kort opsomming van Assiriese en Babiloniese invalle op Palestynse gebied gedurende die 8ste eeu en hoe dit die gebied geaffekteer het.
1. Die vier agste eeuse profete was tydens die opkoms van die Tigris-Eufraat Ryk, naamlik Assirië, reeds werksaam. God sou hierdie wrede nasie gebruik om sy volk, in besonder Israel, te oordeel.
 - a. Die spesifieke oorsaak was die totstandkoming van die politiek-militêre, oos-Jordaniese, Siro-Efraimitiese Bondgenootskap (735 v.C.). Hiermee wou Israel en Sirië Juda dwing om met hulle saam te

¹ Jahwisme – vert.

- staan teen Assirië. In plaas van tot die bondgenootskap toe te tree, stuur Agas 'n brief na Assirië met 'n versoek om hulp. Die eerste koning van Assirië met Ryksideale, Tiglat-Pileser III (745-727 v.C.), reageer op die uitdaging met 'n inval in Sirië
- b. 'n Vasalvors (van Assirië in Israel), Hosea (732-722 v.C.), besluit om te rebelleer met beroep op Egipte. Salmaneser V (727-722 v.C.) val daarmee Israel weer binne maar sterf voor Israel val. Sy opvolger, Sargon II, voer 27 000 Israeliete in ballingskap weg (722 v.C.) soos wat sy voorganger, Tiglat-Pileser in 732 v.C. duisende weggevoer het.
2. Na die dood van Agas (735-715 v.C.) het die Trans-Jordaniese lande weer 'n militêre koalisie met Egipte gevorm om Assiriese oorheersing af te werp. Dit staan as die "Asdod-Rebellie" bekend. Talle Judese stede is met hierdie Assiriese inval verwoes. Aanvanklik het Hiskia hierdie rebellie gesteun, maar later sy steun onttrek.
 3. Nietemin, nog 'n koalisie het met die afsterwe van Assirië se kragtige koning, Sargon II, in 705 saam met talle ander rebellies dwarsdeur die Ryk, die Assiriese juk probeer afwerp.
 - a. Hiskia het ten volle aan hierdie opstand deelgeneem. In reaksie op hierdie uitdaging het Sanherib (705-681 v.C.) Palestina binnegeval (701 v.C.) en in die nabyheid van Jerusalem kamp opgeslaan (2 Kon. 18-19; Jes. 36-39), maar sy aanvalsmag is op wonderbaarlike wyse deur God vernietig.
 - b. Daar is onder geleerdes nie eenstemmigheid oor die aantal kere wat Sanherib in Palestina toegeslaan het nie (vgl. John Bright, *The History of Israel*, bl. 270). Hy weet van 701 v.C. en is van mening dat 688 v.C. ook 'n moontlikheid is.
 - c. Hiskia het 'n Assiriese oorname oorleef, maar sy vertonerige houding toe 'n Babiloniese afvaardiging hom besoek en hulle die hele Judese ekonomie kon besigtig, lei daartoe dat Jesaja voorspel dat dit alles aan die opkomende Babiloniese Ryk van Nebukadneser afgegee sou word (39:1-8). Jerusalem is gedurende 587-586 deur Nebukadneser ingeneem.
 4. Jesaja het in besonder die herstel van die volk van God onder Kores II, die Mede-Persiese regeerder voorspel (41:2-4; 44:28; 45:1; 56:11). Nineve, hoofstad van Assirië, het in 612 v.C. voor die Babiloniërs geval en die stad Babilon val voor Kores se leërs in 539 v.C. In 538 v.C. het Kores 'n dekreet uitgereik wat bepaal het dat alle ballinge, wat die Jode ingesluit het, huis toe kan gaan. Hy het selfs fondse uit sy skathuis vir die herbou van nasionale aanbiddingsplekke voorsien. Hy was 'n erg bygelowige man en wou graag hê dat alle gode hom goedgesind moet wees.

VIII. LITERÊRE EENHEDE

A. Kortliks die samestelling, hoofstukke:

1. 1-39, die profeet en sy dag
2. 40-66 (moontlik ook 40-55 en 46-66), die nuwe era

B. Hoofstukke 1-39, die historiese tydgewrig van Jesaja (voor die ballingskap)

1. hoofstukke 1-6, onder konings Ussia en Jotam
2. hoofstukke 7-14, onder koning Agas
3. hoofstukke 15-39 onder koning Hiskia (36-39 is 'n parallelle gedeelte met 2 Kon. 18:13-20:19).

C. Hoofstukke 40-66 dek die ballingskap en daarna en dui tipologies op 'n toekomstige koninkryk.

1. Dit is duidelik dat hoofstukke 1-39 aantekeninge was van mondelinge optrede, preke, maar hoofstukke 40-55 weerspieël 'n nuwe omgewing. Die oordeel van God is voltrek en herstel is nou die nuwe tema. Stylgewyse kan nou die afleiding gemaak word dat dit eerder geskrewe aantekeninge was as optekening van mondelinge oorlewering.
2. Hoofstukke 1-39 hanteer duidelik die Assiriese en die Babiloniese bedreigings as tipes van komende oordeel; veral hoofstukke 13-14, 21 en 39. Hoofstukke 40-55 is oorskou van die Persiese periode en herstel van die volk van God in die beloofde land.
3. Die latere hoofstukke, 56-66, is eskatologies van aard, wat historiese metafore uit die Ou Nabye Ooste gebruik om 'n voorskou van die wêreldwye, monoteïstiese regering van JHWH te bied.

D. Die moeilike uitleg van die boek Jesaja

1. Die meerderheid hedendaagse geleerdes verdeel die boek in twee dele: (1) hoofstukke 1-39 en 40-66, maar (2) R. K. Harrison se verdeling volg die "gaping" tussen 1-33 en 34-66 in die Dooie See-rolle se afskrif. Hierdie opvallende verdeling in die DSS het aanleiding gegee tot die gedagte dat die boek Jesaja deur sy navolginge in twee volumes byeengebring is. W. H. Brownlee is selfs van mening dat die twee dele, wat samestelling betref, ooreenkomste vertoon.

	Volume 1	Volume 2
Hoofstukke 1-5	ondergang en herstel	hoofstukke 34-35
Hoofstukke 6-8	biografiese materiaal	hoofstukke 36-40
Hoofstukke 9-12	bewerkers van seën en straf	hoofstukke 41-45
Hoofstukke 13-23	uitsprake teen vreemde lande	hoofstukke 46-48
Hoofstukke 24-27	wêreldoordeel en verlossing van Israel	hoofstukke 49-55

Hoofstukke 28-31	etiese preke	hoofstukke 56-59
Hoofstukke 32-33	die herstel van die volk	hoofstukke 60-66

2. Sommige uiteensettings fokus op die historiese situasie terwyl ander die Messiaanse inhoud as riglyn gebruik

	NIV	Leupold
Hfste. 7-12	Profesieë as gevolg van die Aramese en Israelitiese bedreiging van Juda	“Immanuel-boek”
Hfste. 28-33	“Ses Ellendes: Vyf teen die ontroues in Israel en een teen Assirië”	“Die Boek van Sion” (die Hoeksteen)

3. 'n Voorbeeld van onsekerheid oor literêre eenhede (bv. hfst. 12)
- a. Hoe E. Y. Young die hoofstukke indeel, bl. 211-214:
- (1) 1:1-12:6 Profesieë aangaande Juda en Jerusalem
 - (a) 1:1-31, die groot aanklag
 - (b) 2:1-4,6, die Messiaanse regering en oordeel oor die Volk
 - (c) 5:1-30, die heersende ongeregtighede van Juda
 - (d) 6:1-13, Jesaja se visioen van die Here
 - (e) 7:1-12:6, profesieë tydens die regering van Agas uitgespreek
- b. Hoe R. K. Harrison hoofstukke 1-12 indeel (bl. 764)
- (1) 1-5, profesieë omtrent die ondergang en herstel van Juda
 - (2) 6-8, die roeping van Jesaja en biografiese materiaal
 - (3) 9-12, teenswoordige wêreldmagte en hulle rol
- c. Hoe die NIV *Study Bible* hoofstukke 1-12 indeel (bl. 1016):
- (1) hoofstukke 1-6
 - (a) Inleiding: klagtes teen Juda vir verbondsverbreking (hfst. 1)
 - (b) toekomstige dissipline van Juda en Jerusalem (hfst. 2-4)
 - i. Jerusalem se toekomsseën (2:1-5)
 - ii. Die Here betig Juda (2:6-4:1)
 - iii. Die herstel van Sion (4:2-6)
 - (c) Oordeel oor die Volk en ballingskap (hfst. 5)
 - (d) Die spesiale roeping van Jesaja (hfst. 6)
 - (2) hoofstukke 7-12
 - (a) Agas gewaarsku om die Aramees-Israelitiese koalisie nie te vrees nie
 - (b) Jesaja se seun en Dawid se seun (8:1-9:7)
 - (c) Oordeel oor Israel (9:8-10:34)
 - (d) Die Assiriese Ryk en die Dawidiese koninkryk (10:5-12:6)
 - i. die ondergang van Assirië (10:5-34)
 - ii. die koms van 'n Dawidiese koning en sy ryk (hoofs 11)
 - iii. vreugdesange oor verlossing (hoofs 12)

IX. DIE BELANGRIKSTE WAARHEDE

- A. Jesaja het nie net by Juda aangedring om aan die Dawidiese verbond (vgl. 2 Sam. 7) trou te bly nie, maar teruggegaan op die oorspronklike doel van die Abrahamitiese verbond (vgl. Gen. 12:1-3), wat beteken het dat God die wêreld uitverkies (vgl. Eks 19:5-6) deur Israel te kies as instrument. Israel het dié wêreldvisie van JHWH as skok ervaar. God sal nie alleen Israel herstel nie, maar met 'n verlossingsplan na die hele wêreld uitreik.
- B. Jesaja het pertinent na bewegings in die wêreld van sy dag verwys en na toekomsgebeure, onderweg na die herstel van die Dawidiese koninkryk onder God se Messias (sien ook Miga). Hierdie koninkryk is heilig en universeel (sien ook Miga). So word dit duidelik dat die Godheid van Jesaja heilig, monoteïsties (enig waar) en 'n Verlosser is.
- C. Jesaja gee duidelik te kenne dat die volk van God se vertroue op wêreldse, gevalle menslike bronne, nutteloos is. Verlossing sal net deur JHWH tot stand kom!
- D. Jesaja gee insig in die kragtige aard van God se verlossingsplan:
1. 'n Messias kom
 2. Die Messias as Lydende Knecht
 3. Die Messias sal universeel regeer

JESAJA 1

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV**
Rebellion of God's People		Superscription		Title	Net Sion het oorgebly
1:1-3 (2-3)	1:1 The Wickedness of Judah	1:1 First Series of Oracles	1:1 God Reprimands His People	1:1 Against an Ungrateful People	1:1-9
	1:2-4 (2-3)	1:2-31 (2-3)	1:2-3	1:2-9 (2-9)	
1:4 (4)			1:4-6		
1:5 (5-6)	1:5-9 (5-6)	(5-6)			
1:7-9 (7-9)	(7-9)	(7-9)	1:7-9		
God Has Had Enough				Against Hypocrisy	Leer om weer goed te doen
1:10-15 (10-15)	1:10-17 (10-11) (12-15)	(10-17)	1:10-14	1:10-20 (10)	1:10-31
			1:15-17	(11-17)	
1:16-17 (16-17)	(16-17)				
Let Us Reason					
1:18-20 (18-20)	1:18-20 (18-20)	(18-20)	1:18-20	(18-20)	
Zion Corrupted, To Be Redeemed	The Degenerate City		The Sinful City	Lament of Jerusalem	
1:21-23 (21-23)	1:21-23 (21-23)	(21-23)	1:21-23	1:21-28 (21) (22-23)	
1:24-26 (24-26)	1:24-31 (24-26)	(24-26)	1:24-26	(24) (25) (26)	
1:27-31 (27-31)	(27-31)	(27-31)	1:27-28	(27-28)	
				Against Sacred Trees	
			1:28-31	1:29-31 (29-31)	

* Although not inspired, paragraph divisions are the key in understanding and following the original author's intent. Each modern translation has divided and summarized chapter one. Every paragraph has one central topic, truth or thought. Each version encapsulates that topic in its own distinct way. As you read the text, ask yourself which translation fits your understanding of the subject and verse divisions.

In every chapter you must read the Bible first and try to identify subjects (paragraphs). Then compare your understanding with the modern versions. Only when one understands the original author's intent by following his logic and presentation can one truly understand the Bible. Only the original author is inspired—readers have no right to change or modify their message. Bible readers do have the responsibility of applying the inspired truth to their day and their lives.

** Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

LET WEL: Alle tegniese terme en afkortings word ten volle in Bylae Een, Twee en Drie verduidelik. Sien ook die 'Afkortings Gebruik in die Kommentaar' op bl. i.

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elke wandel in die lig waarvoor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INSIGTE UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Gewoonlik het die profete van 'n drietal tipiese literêre vorme gebruik gemaak om hulle boodskappe oor te dra:
1. hofprosedures (vgl. vv. 2,18)
 2. begrafnisliedere (klaagliedere—vgl. verse 24-26)
 3. uitsprake van beloftes
- B. 'n Verrassende aspek is dat Jesaja se roeping eers in hoofstuk 6 aan die orde kom. In vers 1 is daar slegs 'n kort inleidende opmerking. Nietemin, uit hierdie inleidende opmerking word die tyd en duur van sy bediening duidelik. Dit is ook duidelik dat slegs 'n paar uitgesoekte visioene, gedigte en openbaringe laat in sy bediening deur homself of nadoods deur van sy volgelinge opgeteken is. R. K. Harrison beskou die boek as 'n bloemlesing.
- C. Hoofstuk 1 lyk op 'n opsomming van die hele boek. Dieselfde temas word deurgaans in sy boek herhaal. Die opvallendste sondes van Juda wat na sy oordeel tot openbaring kom, is
1. doelbewuste verbreking van die verbond
 2. vertroue in vormlikheid en liturgie
 3. sosiale onreg
 4. afgodery.
- Die nagevolge van Levitikus 26 en Deuteronomium 28 moes aan die orde kom as God getrou aan sy woord wou bly. Dat welbewuste sonde gevolge sou hê, staan net so vas as die beloftes van JHWH se liefde, sy sorg en bewaring. Dit is die twee kante van dieselfde verbond. Dit moet in ag geneem word dat oordeel bedoel was om die intieme verhouding, wat voor die sondeval in Eden aan die orde was, te herstel.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 1:1-3

¹The vision of Isaiah the son of Amos concerning Judah and Jerusalem, which he saw during the reigns of Uzziah, Jotham, Ahaz and Hezekiah, kings of Judah.

²Listen, O heavens, and hear, O earth;

For the LORD speaks,

“Sons I have reared and brought up,

But they have revolted against Me.

³As an ox knows its owner,

And a donkey its master's manger,

But Israel does not know,

My people do not understand.”

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 1:1-3.

1:1	OAV	“gesig”
	NAV	“openbaring”
	CUM-MVB	“visioen van die Here”
	CUM-NLV	“visioene”
	NASB	“Vision”

Hierdie term (BDB 302) word in verband met 'n “openbaringsboodskap” gebruik (vgl. 29:7; Miga 3:6). In 29:7 is die term “droom” 'n parallel van “visioen” (vgl. Dan. 7:1). Gewoonlik is drome 'n nagtelike ervaring, hoewel visioene snags

of oordag ervaar kan word. Dit blyk in ingryping op die bewussyn te wees waartydens God deur metafore, idioeme en fisiese verskynsels 'n besondere openbaring laat geskied. Die waarhede wat hiermee gekommunikeer word, is nie van menslike oorsprong nie, maar van God. Jesaja het dit waarskynlik in gestruktureerde vorm deurgegee, maar die inhoud was van goddelike oorsprong. Dit is moeilik om die werking van inspirasie te beskryf, maar die resultaat is 'n goddelike en gesaghebbende boodskap.

Die term word in die konteks van 'n openingswoord as opskrif vir Jesaja se boodskappe aangebied (vgl. 2:1; 13:1; Amos 1:1; Miga 1:1; Hab. 1:1).

■ **OAV, NAV, CUMs “Jesaja”**
NASB “Isaiah”

Die naam (BDB 447) beteken dat “JHWH *red*” of dat “redding van God *kom*” (in die oorspronklike ontbreek die werkwoord). Wanneer “-ja” (Eng. “-iah”) toevoegsel is by 'n naam, dui dit op koninklike afkoms en, in die geval van JHWH, op God se verbondsnaam (vgl. Eks. 3:14).

VIR SPESIALE AANDAG: NAME VAN DIE GODHEID

A. EL (BDB 42, KB 48)

1. Wat vroegste, antieke godsnaam oorspronklik beteken het, is onseker. Baie geleerdes is egter van mening dat dit van 'n Akkadiese stamwoord afgelei is wat beteken “om sterk te wees” of “om magtig te wees” (vgl. Gen. 17:1; Num. 23:19; Deut. 27:21; Ps. 50:1).
2. In die Kanaänitiese godedom is El die hoofgod (Ras Shamra Tekste)
3. In die Bybel is El normaalweg nie saamgestel met ander terme nie. Die volgende kombinasies was 'n manier om God se aard te beskryf:
 - a. *El-Elyon* (die Allerhoogste/Most High – BDB 42, 751) (Gen. 14:18-22; Deut. 32:8; Jes. 14:14)
 - b. *El-Roi* (God wat sien/Wat Homself openbaar; BDB 42 & 909) (Gen. 16:13).
 - c. *El-Shaddai* (God die Almagtige/God van medelye/God van die berg; BDB 42 & 994) (Gen. 17:1; 35:11; 43:14; 49:25; Eks. 6:3).
 - d. *El-Olam* (die Ewige God; BDB 42 & 761) Gen. 21:33. Die teologie van God se belofte aan Dawid haak by hierdie Naam aan: 2 Sam. 7:13,16
 - e. *El-Berit* (El-Berit NAV, God van die Verbond; BDB 42 & 136) Rigt. 9:46
4. *El* word vereenselwig met
 - a. JHWH in Ps. 85:8; Jes. 42:5
 - b. *Elohim* in Gen. 46:3; Job 5:8, Ek is *El*, die *Elohim* van jou vader...
 - c. *Shaddai* in Gen. 49:25
 - d. “wat onverdeelde trou eis”/jealousy in Eks. 34:14; Deut. 4:24; 5:9; 6:15
 - e. “genade” in Deut. 4:31; Neh. 9:31;
 - f. “betroubaar” in Deut. 7:9; 32:4
 - g. “groot en gedug” in Deut. 7:21; 10:17; Neh. 1:5; 9:32; Dan. 9:4
 - h. “kennis”/“knowledge” in 1 Sam. 2:3
 - i. “omgord met krag” in 2 Sam. 22:33
 - j. “wat my oorwinning gee” in 2 Sam. 22:48
 - k. “die Heilige” in Jes. 5:16
 - l. “magtig” in Jes. 10:21
 - m. “my redder” in Jes. 12:2
 - n. “groot en magtig” in Jer. 32:18
 - o. “wat vergeld”/“retribution” in Jer. 51:56
5. In Jos. 22:22 word herhalend al die OT-name vir God aangetref (*El, Elohim, JHWH*).

B. Elyon/Eljon

1. Die basiese betekenis is “hoog”, “verhewe” of “opgehef” (vgl. Gen. 40:17; 1 Kon. 9:8; 2 Kon. 18:17; Neh. 3:25; Jer. 20:2; 36:10; Ps. 18:3)
2. Dit is gebruik vir parallelle vir talle ander name/titels van God.
 - a. *Elohim* – Ps. 47:1-2; 73:11; 107:11
 - b. *JHWH* – Gen. 14:22; 2 Sam. 22:14
 - c. *El-Shaddai* – Ps. 91:1,9
 - d. *El* – Num. 24:16
 - e. *Elah* – dikwels aangewend in Dan. 2-6 en Esra 4-7, gekoppel aan *illair* (Aramees vir “Hoë God”) in Dan. 3:26; 4:2; 5:18,21
3. Dit was dikwels in gebruik by nie-Israeliete
 - a. Melgisedek, Gen. 14:18-22
 - b. Bileam, Num. 24:16
 - c. Moses in gesprek oor die nasies in Deut. 32:8
 - d. Lukas se evangelie in die NT, gerig aan die Heidene, wat ook die Griekse variasie *Hupsistos* insluit (vgl. 1:32,35,76; 6:35; 8:28; Han. 7:48; 16:17)

C. Elohim (meervoud), *Eloah* (enkelvoud), meestal in gebruik by poësie

1. Hierdie naam word nie buite die OT aangetref nie
2. Dit kan dui op die God van Israel of die gode van die nasies (vgl. Eks. 12:12; 20:3). Abraham se familie was aanhangers van 'n veelgodendom (vgl. Jos. 24:2)
3. Dit kan ook dui op Israelitiese regters (vgl. Eks. 21:6; Ps. 82:6)
4. Die term *elohim* is ook aangewend om geestelike wesens soos engele en demone aan te dui, bv. Deut. 32:8 (Septuaginta); Ps. 8:5; Job 1:6; 38:7.
5. In die Bybel is dit die eerste titel/naam vir Godheid (vgl. Gen. 1:1). Dit is al godsnaam in gebruik tot Gen. 2:4 waar dit gekombineer word met JHWH. Teologies hou dit verband met die basiese gedagte dat God die Skepper en Onderhouer van alle lewe op hierdie planeet is (vgl. Ps. 104).

Dit is sinoniem met *El* (vgl. Deut. 32:15-19). Dit kan ook parallel met JHWH aangewend word soos blyk uit die ooreenstemmende Pss. 14 (*elohim*) en 53 (JHWH) en as wisselname vir God gebruik word.

6. Dit is 'n meervoudsvorm en word as sulks ook vir ander gode gebruik, maar dui in MEERVOUDSVORM dikwels die God van Israel aan gevolg deur 'n werkwoord in ENKELVOUD as aanduiding van monoteïsme.
7. In die mond van nie-Israeliete dien die term ook as naam vir godheid
 - a. Melgisedek, Gen. 14:18-22
 - b. Bileam, Num. 24:2
 - c. Wanneer Moses oor die nasies praat, Deut. 32:8
8. Dit is opvallend dat die algemene gebruiksnaam vir die God van Israel in MEERVOUDSVORM is (*-him-*verbuiging)! Hoewel daar nie sekerheid hieroor is nie, is daar verskeie menings.
 - a. Hebreeus gebruik dikwels MEERVOUD vir die doel van beklemtoning. In noue verband hiermee is daar die latere ontwikkelde grammatiese verskynsel van “meervoud van verhewenheid” (majesteit). So word 'n konsep vir die aandag uitgelig of vergroot.
 - b. Dit mag ook van toepassing wees op die vergadering van engele wat voor God in die hemel verskyn om sy bevel uit te voer (1 Kon. 22:19-23; Job 1:6; Ps. 82:1; 89:5-7).
 - c. Dit is selfs moontlik dat dit as die NT se openbaring van één God in drie persone (Drie-eenheid) veronderstel moet word. Volgens Gen. 1:1 skep God; volgens vers 2 “sweef” die Gees en volgens die NT is Jesus God se bemiddelaar (agent) by die skepping (vgl. Joh. 1:3,10; Rom. 11:36; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:15; Heb. 1:2; 2:10)

D. JHWH (BDB 217, KB 394)

1. Dit is die Naam wat die Godheid weerspieël as die Verbondmaker; God wat red, wat verlos! Mense verbreek ooreenkomste, verbonde, maar God hou by sy woord, sy belofte, sy verbond (vgl. Ps. 103).

Hierdie naam kom aanvanklik voor in kombinasie met Elohim in Gen. 2:4. Daar is nie twee skeppingsverhale in Gen. 1 en 2 nie, maar wel twee uitgangspunte: (1) God as skepper van die heelal (die fisiese) en (2) God as die spesiale skepper van die mensdom vir 'n doel. Met Gen. 2:4 begin die besondere openbaring aangaande die bevoorregte plek en doel van die mensdom; maar dan ook die probleem van sonde en rebellie soos wat dit hierdie unieke posisie raak.

2. In Gen. 4:26 staan daar geskryf: “In daardie tyd het mense begin om die Naam van die Here (JHWH) aan te roep.” Aan die ander kant impliseer Eks. 3:6 dat die verbondsvolk (die Patriarge en hulle families) God net as *El-Shaddai* geken het. Die Naam JHWH word net een keer in Eks. 3:13-16 verklaar, veral vers 14. Daar moet in ag geneem word dat name in die geskrifte van Moses nie etimologies geïnterpreteer moet word nie, maar eerder as woordspel gebruiklik was (vgl. Gen. 17:5; 27:36; 29:13-35). Daar is verskeie teorieë omtrent die betekenis van dié Naam (geneem uit IDB, vol. 2, bl. 409-11).
 - a. van 'n Arabiese woordstam “om vurige liefde te betoon”
 - b. van 'n Arabiese woordstam “om te blaas” (YHWH as God van storms)
 - c. van 'n Ugaritiese (Kanaänitiese) woordstam “om te praat”
 - d. na aanleiding van 'n Fenisiese inskripsie (tablet), KOUSATIEWE DEELWOORD (PARTICIPIUM) wat “Die Een wat onderhou” of “die Een wat oprig” beteken.
 - e. van die Hebreeuse Qal-vorm “die Een wat is” of “die Een wat teenwoordig is” of ook “die Een wat sal wees” (toekomstig)
 - f. van die Hifil-vorm “die Een wat laat wees/gebeur”
 - g. van die Hebreeuse stamwoord “om te leef” (voorbeeld uit Gen. 3:20) waaruit “die ewig lewende, die alleen lewende Een” (JHWH) afgelei kan word.
 - h. van die verband in Eks. 3:13-16 wat 'n woordspel op die IMPERFEKTUM (onvoltooide tyd) is: “Ek sal aanhou wees wat Ek tevore was” of “Ek sal wees wat Ek altyd was” (vgl. J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Old Testament*, bl. 67).

Die volle Naam JHWH kom dikwels in afgekorte vorm, oftewel dalk in sy oorspronklike vorm voor

- (1) *Jah* (voorbeeld: Hallelu-*ja*)
 - (2) *Jahu* (voorbeeld: Jesa-*ja*)
 - (3) *Jo* (voorbeeld: Joël)
3. In later Judaïsme is hierdie Verbondsnaam, die *tetragrammaton* (“met vier letters”) so heilig geag dat die Jode bevrees was om dit uit te spreek ingeval hulle dalk die Gebod van Eks. 20:7 daarmee kon oortree (vgl. Deut. 5:11; 6:13). Hulle vervang dit toe met die Hebreeuse term vir “eienaar”, “meester”, “eggenoot”, “heer”

(Engelse vertalings: Lord) – *adon* of *adonai* (heer, my heer). Die Afrikaanse vertalings gebruik die naam “Here” (wat die genoemde *pluralis majestatis* vertoon – vertaler).

4. Soos met *El* is JHWH dikwels met ander terme gekombineer om die wesensaard (karakter) van die Verbondsgod van Israel te beskryf. Wat hier volg, is ’n aantal uit vele moontlikhede.
 - a. *JHWH-Jireh* (JHWH sal voorsien BDB 217 & 906), Gen. 22:14
 - b. *JHWH-Rophekha* (JHWH wat jou gesond hou; BDB 217 & 950; *Kal-DEELWOORD*), Eks. 15:26
 - c. *JHWH-Nissi* (JHWH is my banier/oorwinning; BDB 217 & 651) Eks. 17:15
 - d. *JHWH-Meqaddishkem* (JHWH wat heilig maak/afsonder; BDB 217 & 872; *Pi’el-DEELWOORD*) Eks. 31:13
 - e. *JHWH-Shalom* (JHWH is vrede/rus; BDB 217 & 1022) Rig. 6:24
 - f. *JHWH-Sabbaoth* (JHWH die Almagtige, NAV, [“van die leërskaer” in vroeër Afr. vertaling], Eng: of hosts; BDB 217 & 878, kom dikwels voor in die Profete)
 - g. *JHWH-Ro’I* (JHWH is my Herder; BDB 217 & 878; *Kal-DEELWOORD*) Ps. 23:1
 - h. *JHWH-Sidqenu* (JHWH ons geregtigheid; BDB 217 & 841) Jer. 23:6
 - i. *JHWH-Shammah* (JHWH is dáár; BDB 217 & 1027) 48:35

- ▣ **OAV, NAV, CUMs** “Amos”
NASB “Amoz”

Hierdie Amos (BDB 55) het slegs betrekking op Jesaja. Die basiese woordstam beteken “sterkte”, “sterk” en “magtig”.

- ▣ **OAV, CUM-NLV** “wat hy gesien het”
NAV, CUM-MVB “wat. . . ontvang het”
NASB “he saw”

Die WERKWOORD “*hāšah*” (BDB 302, KB 301, *Qal-PERFEKTUM*) ontspring uit ‘n eenderse wortelstam soos in “*hāšōn*,” “visioen.” Dit kom ook voor in “siener.” Dié woordstam word herhaaldelik in Jesaja gebruik (vgl. Miga 1:1).

- ▣ **OAV, NAV, CUMs** “Ussia”
NASB “Uzziah”

Daar bestaan ‘n oorlewering dat Jesaja en Ussia familie was. Dit kan nie bo alle twyfel bevestig word nie, maar daar is sterk aanduidings van so ‘n moontlikheid. Ussia beteken “JHWH is my sterkte”. Hierdie vroom koning het in 742 v. C. aan melaatsheid gesterf. Hy word in die Bybel soms ook Amasia genoem (“JHWH is my hulp”).

- ▣ Die datering van hierdie konings en hulle gelyktydige regering met die konings van Israel vind u in bylaag vier.

- 1:2 **OAV** “Hoor, o hemele en luister, o aarde”
NAV, CUM-MVB “Luister, hemele en gee aandag, aarde”
CUM-NLV “Luister, hemele! Luister, aarde!”
NASB “Listen, O heavens and hear, O earth”

Hierdie twee IMPERATIEWE spruit uit verskillende wortelstamme, maar beteken basies dieselfde.

1. Luister, BDB 1033, KB 1570, *Qal-IMPERATIEF*, vgl. verse 10,15,19; 6:8,9 (twee keer), 10 ens.
2. Gee aandag, BDB 24, KB 27, *Hif’il-IMPERATIEF*, vgl. 1:2,10; 8:9; 28:23; 32:9 ens.

Dit was ‘n treffende manier om sy volk tot erkenning van hulle afvalligheid op te roep. JHWH was besig om hofstukke teen sy eie mense op te stel. Op gelyke wyse gebeur dit ook in Miga 1:2 wat as Judese tydgenoot van Jesaja geprofeteer het.

Hiermee is die toneel vir hoofstuk 2 voorberei wat ook op ‘n hofgeding teen Israel sou neerkom. Die profete het oor die algemeen die literêre tegniek van ‘n hofgeding verkies (Miga 6:6-8; Jer. 2:1 e. v. ; Rom. 8:31 e. v.) Dat twee getuies (hemele, aarde) in hofgedinge benodig word, kom algemeen in die OT voor (vgl. Deut. 4:26; 30:19; 31:28; 32:1; Ps. 50:4).

Vanweë konteks verwys “hemele” hier nie na die “woning van God” nie, maar na die kosmiese heelal.

- ▣ **OAV** “want die HERE spreek”
NAV, CUM-MVB “want die Here het gesê”
CUM-NLV “Dit is wat die HERE sê:”
NASB “For the LORD speaks”

Dit is die verbondsnaam vir die God van Israel. Sien *Vir Spesiale Aandag: Name van die Godheid* by 1:1.

- ▣ **OAV** “Ek het kinders grootgemaak en verhoog”
NAV, CUM-MVB “Ek het kinders grootgemaak en opgevoed”
CUM-NLV “Die kinders wat Ek grootgemaak en versorg het”
NASB “Sons I have reared and brought up”

Hier word God verpersoneel as ‘n liefdevolle ouer (vgl. Hos. 11:1-4; let ook op Eks. 4:22; Deut. 32:6; Jer. 3:4; 31:9). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 6:1.

Die duidelikste beskrywings van die karakter en optrede van JHWH kom na vore in sy (1) beeld as “ouer”, (2) “huweliksmaat” en (3) uitkoms vir “naasbestaendes”.

- ▣ OAV, CUM-MVB “oortree”
- NAV “in opstand gekom”
- CUM-NLV “teen. . . gedraai”
- NASB “revolt”

Onderliggende betekenis van hierdie WERKWOORD (*Qal*-PERFEKTUM, BDB 833, KB 981) is aktiewe, persoonlik heftige, openlike opstandigheid (vgl. 1:28; 43:27; 46:8; 53:12; 59:13; 66:24).

- ▣ OAV, NAV, CUMs “My”
- NASB “Me”

Sonde is basies opstand teen God (vgl. Gen. 39:9; 2 Sam. 12:13; Ps. 41:4; 51:4). In sy *Distinctive Ideas of the Old Testament*, meld Norman H. Snaith dat die profete eerder opstand as oortreding onder “sonde” verstaan het (bl. 65). Sonde is skending van die eer van God en die beeld van God in die mens (Gen. 1:26,27). God wil dat die wêreld Hom sal ken! Hy het ‘n persoon (Abraham), ‘n familie (Jakob) en ‘n volk (Israel) uitverkies om Hom deur hulle aan die wêreld te openbaar (sien *Vir Speciale Aandag* by 1:3), maar Israel het nie daarin geslaag om die heiligheid en barmhartigheid van JHWH te vertoon nie. Hulle het met “oop oë” teen Hom gerebelleer. Die kern van sonde is die “ek”; “meer vir my” ten alle koste!

1:3 Hierdie kon spreekwoordelik uit die ou-oosterse kultuur geneem wees. Dom diere byt nie die hand wat hulle voed nie, maar Juda doen dit!

- ▣ OAV “Israel het geen kennis nie”
- NAV “Israel ken My nie”
- CUM-MVB “Israel het nie kennis nie”
- CUM-NLV “my volk Israel weet nie”
- NASB “Israel does not know”

Die WERKWOORD “ken” (BDB 393, KB 390, *Qal*-PERFEKTUM) het niks te make met feitekennis nie, maar die ken van mekaar in persoon (vgl. Gen. 4:1; Jer. 1:5). Israel het hulle Skepper, Redder en Beskermer nie geken nie omdat hulle geen gehoor wou gee nie (vgl. 5:12, 13; 6:9-13; 30:9).

- ▣ OAV, NAV, CUMs “my volk”
- NASB “My people”

Dit is die verbondstaal soos uit Hos. 1-3 en 11 ook blyk. Dit is belangrik om te onthou dat God in die OT die inisiatief behou met uitverkiesing van ‘n man (Abraham) en volk (Israel) as instrumente. “Verbond” lei egter tot gelykmatige verantwoordelikheid na God se aanvanklike uitverkiesing. Daaruit volg verantwoordelikheid vir beide partye.

VIR SPESIALE AANDAG: BOB SE EVANGELIESE VOORVERONDERSTELLING

Ek moet aan u, die leser, toegee dat ek op hierdie stadium sterk afwyk, want my sistematiese teologie is nie Calvinisties of Dispensasionalisties nie, maar eerder Die Groot Opdrag-evangelisasie. Ek glo God het van altyd af ‘n plan vir die verlossing van die hele mensheid (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; Jer. 31:31-34; Eseg. 18; 36:22-39; Han. 2:23; 3:18; 4:28; 13:29; Rom. 3:9-18, 19-20, 21-31); almal wat na sy beeld en gelykenis geskape is (vgl. Gen. 1:26-27). Die verbonde word in Christus verenig (vgl. Gal. 3:28-29; Kol. 3:11). Jesus is God se geheimenis wat bedek was, maar nou geopenbaar is (vgl. Ef. 2:11-3:13)! Die NT evangelie is die sleutel tot Skrifverstaan, nie Israel nie.

Hierdie vooroordeel kleur my Skrifuitleg algeheel. Ek lees alle tekste deur, en vanuit, hierdie voorveronderstelling. Dit is sekerlik ‘n afwyking (alle Skrifverklaarders het dit!), maar dit is ‘n voorveronderstelling wat uit die Bybel self gevorm is.

VIR SPESIALE AANDAG: UITVERKIESING EN DIE ERNS VAN TEOLOGIESE BALANS

Uitverkiesing is ‘n ongelooflik aangrypende leerstelling. Dit is nie ‘n aanduiding van begunstiging nie, maar eerder ‘n oproep om as kanaal op te tree – ‘n werktuig of bemiddelaar van ander se verlossing. In die OT staan die term deurgaans in verband met dienslewering. In die NT kom dit meestal neer op verlossing wat op diens moet uitloop. Nêrens probeer die Bybel die spanning tussen die soewereiniteit van God en die mens se wilsvryheid opklar nie, maar bevestig die belangrikheid van albei leerstellings. ‘n Goeie voorbeeld van hierdie Bybelse spanning word gevind in Rom. 9 oor die soewereiniteit van God, en in hoofstuk 10 oor die noodsaaklike beantwoording daarvan deur die mensdom (vgl. 10:11, 13).

Die riglyn vir oplossing van hierdie spanning is moontlik in Ef. 1:4 te vinde. Jesus is deur God uitverkies en almal is potensieel in Hom uitverkies. Jesus is God se “ja” vir ‘n gevalle mensdom in nood (Karl Barth). Jesus is God se “ja” aan ‘n gevalle mensdom in nood. Ef. 1:4 help ook om die saak te verhelder deur te verklaar dat die doel van uitverkiesing nie die hemel is nie, maar heiligheid en Christusgelykvormigheid. Dikwels word ons deur die voordele van die evangelie aangegryp en ignoreer die gepaardgaande verantwoordelikhede. God se roep (uitverkiesing) is vir die tyd van nou en vir ewigheid!

Leerstellings staan in verband met ander waarhede en moenie as alleenstaande waarheid buite konteks opgevat word nie. Vergelyk byvoorbeeld ‘n ster wat nie buite sy konstellasie gereken moet word nie. God gebruik Oosterse

uitdrukkingswyses en nie-Westerse genres nie. Ons moenie die spanningsveld wat deur 'n dialektiese (paradoksale) stelwyse veroorsaak word, probeer wegwerk nie. Voorbeelde:

1. Predestinasie versus vrye wil;
2. sekerheid van geloof versus die nodigheid om te volhard in geloof;
3. sondeval versus eie neiging tot die kwaad
4. volmaaktheid (perfeksionisme) versus stryd teen sonde
5. die aanvanklike, onmiddellike vryspraak en heiligmaking versus voortgaande heiligmaking
6. Christelike vryheid versus Christelike verantwoordelikheid teenoor 'n verbondsbroer
7. God se transendensie versus sy immanensie
8. God as verborge, onkenbaar versus sy openbaring van Homself in die Skrif
9. die koninkryk van God as teenwoordig en ook nog toekomstig
10. vergifnis as gawe van God versus vergifnis as onderlinge verbondspelig
11. Jesus as God versus Jesus as mens
12. Jesus gelyk aan die Vader versus Jesus onderdanig aan die Vader

Die verbondsteologie handhaaf ewewig tussen die soewereiniteit van God (Hy behou die inisiatief en bepaal die agenda) en die mens se reaksie in volgehoue geloof en belydenis van begin tot einde (Mark. 1:15; Han. 3:16,19; 20:21). Wees versigtig om nie bewysplase aan die een kant van die paradoks op te stapel ten koste van die ander kant nie. Wees ook versigtig om nie oormatig voorkeur te gee aan jou persoonlike gunstelinglerestellings of teologie nie.

- ▣ **OAV** "My volk verstaan nie"
- NAV** "het geen begrip nie van wat Ek doen nie"
- CUMs** "verstaan niks nie"
- NASB** "do not understand"

Hierdie WERKWOORD (BDB 106, KB 122, *hitpalel*-PERFEKTUM) volg uit 'n wortelstam wat "sonder belangstelling" (apaties) beteken. Gebrek aan kennis was nie die probleem nie, maar onwilligheid om te gehoorsaam (vgl. 6:9, 10; Deut. 4:8, 32:29). Hulle was tevrede met 'n voorwendsel van godsdienstigheid (Israel se kultusgebruike), maar sonder 'n lewensingesteldheid van geloof, belydenis en vertroue! Hulle ware ingesteldheid word in 5:18-32, veral vers 21, goed beskryf (vgl. Miga 4:12). Hulle was 'n verbondsgemeenskap, sogenaamd, maar sonder om van harte in die verbond te leef (vgl. Rom. 2:28-29; 9:6).

NASB (HERSIENE) TEKS: 1:4

⁴Alas, sinful nation,
 People weighed down with iniquity
 Offspring of evildoers,
 Sons who act corruptly!
 They have abandoned the LORD,
 They have despised the Holy One of Israel,
 They have turned away from Him.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 1:4.

- 1:4 OAV** "Wee"
- NAV, CUM-MVB** "Ellende wag"
- CUM-NLV** "Hulle is"
- NASB** "Alas"

'n TUSSENWERPSEL (BDB 222) is die inleiding tot 'n oordeelsuitspraak (vgl. 10:5; 17:12; 28:1; 29:15; 31:1; 5:9,1; Amos 5:18; 6:1).

- ▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** "sondige nasie"
- CUM-NLV** "sondige klomp"
- NASB** "sinful nation"

"Sondig" is 'n algemene uitdrukking wat gebruik word om die "kol" of teiken te mis (BDB 306, KB 305, Qal 'n AKTIEWE DEELWOORD). Die term "nasie" is *goj* (BDB 156). Dit word dikwels met verwysing na die "heidene" gebruik, maar kan ook op Israel van toepassing wees (Eks. 19:5-6). Dié teks impliseer dat Israel veronderstel was om 'n 'heilige nasie' te wees, maar wat in sonde verval het. Dit was 'n absolute ommekeer van die verwagtinge!

- ▣ **OAV** "die volk swaar van skuld"
- NAV, CUM-MVB** "volk (die volk) met skuld belaa"
- CUM-NLV** "klomp. . . met skuld belaa"
- NASB** "People weighed down with iniquity"

Die term "om gebuig/geboë te wees" of "swaar te wees" (BDB 458) is een van meer metafore om die las van sonde op die rug van die mensdom te beskryf (vgl. Mat. 11:28). Al die Hebreeuse woorde vir sonde hou verband met "kromheid" of

“geboë wees” en gevolglik die “merk/kol” te mis, want die Hebreeuse term vir “geregtigheid” van God is “maat/meetstok” of “riglyn”.

VIR SPESIALE AANDAG: GEREGTIGHEID

“Geregtigheid” is so ’n sentrale tema dat ’n Bybelstudent persoonlik van die begrip ’n uitvoerige studie behoort te maak.

In die OT word die karakter van God as “regverdig” en “regskape” beskryf (BDB 841). Dit is ’n Mesopotamiese woord vir ’n riet uit die rivier wat as gereedskap gebruik word om die horisontale reglynigheid van mure en lyndrade vas te stel. God het die term gekies om metafories oor sy eie aard te spreek. Hy is die reguitmaat waardeur alle dinge geëvalueer word. Hierdie konsep bevestig God se geregtigheid sowel as sy reg om te oordeel.

Die mens is geskape na die beeld van God (vgl. Gen. 1:26-27; 5:1,3; 9:6). Die mensheid is geskape vir vertrouensvriendskap met God. Die hele skepping is die agterdoek of verhoog vir God en mens se verkeer. God wou dat die kroon van sy skepping, die mensheid, Hom moes ken, Hom liefhê, Hom dien en wees soos Hy is. Die lojaliteit van die mensdom is getoets en die eerste mensepaar het die toets gedruip (vgl. Gen. 3). Dit het uitloop op ’n verbreking van die verhouding tussen God en die mensdom (vgl. Gen. 3; Rom. 5:12-21).

God het egter beloof om die verhouding te herstel en te hervat (Gen. 3:15). Hy doen dit uit eie voorneme en deur sy eie Seun. Mense was nie in staat om die breuk te herstel nie (vgl. Rom. 1:18-3:20).

Na die sondeval was God se eerste stap tot herstel die verbondsbenadering waartoe Hy uitnooi en verwag dat die mensheid met berou, geloof, belydenis en gehoorsaamheid moet reageer. As gevolg van die sondeval was mense nie in staat om na behore te reageer nie (vgl. Rom. 3:21-31; Gal. 3). God moes toe self inisiatief neem om die verbondsverbrekende mensdom te herstel. Dit het hy gedoen

1. deur die sondige mensdom regverdig te verklaar danksy die verdienste van Christus (wetlike of plaasbekledende vryspraak)
2. geregtigheid aan die mensdom geskenk deur die werk van Christus (toegerekende geregtigheid)
3. die Heilige Gees gestuur om in hulle in te woon en geregtigheid te bewerk (etiese geregtigheid)

Dus verwag God ’n reaksie kragtens die verbondsverhouding waarin Hy immers bepaal dat Hy vryelik sonder verdienste skenk en vir verlossing voorsiening maak, maar mense moet daarop antwoord gee en aanhou reageer

1. met betoning van berou,
2. geloof,
3. ’n leefstyl van gehoorsaamheid,
4. volharding.

Geregtigheid is daarom kragtens die verbond ’n *wederkerige handeling* tussen God en sy hoogste skepping. Dit is op die wesensaard van God gebaseer, op die werk van Christus, moontlik gemaak deur die Heilige Gees waaraan elke individu persoonlik en voortdurend toepaslike gehoor moet gee. Die konsep staan bekend as “regverdigmaking deur geloof”. Dit is in die evangelies geopenbaar, maar nie in hierdie woordgebruik nie. Dié terme is hoofsaaklik aan Paulus te danke wat die Griekse term vir “regverdiging” in wisselende vorme meer as 100 keer gebruik.

Die opgeleide rabbyn, Paulus, gebruik die term *dikaïosunē* in sy Hebreeuse betekenis (*sdk*), soos in die Septuaginta oorgeneem, maar nie uit Grieks-klassieke literatuur nie. In Griekse geskifte word die term gebruik in verband met iemand wat voldoen aan die verwagtinge van gode en van die gemeenskap. In Hebreeus hou dit altyd verband met verbondsterme. JHWH is ’n regverdige, etiese en morele God. Hy wil dat sy mense sy karakter weerspieël. Die verlore mensdom word ’n nuwe skepping. Hierdie vernuwung lei tot ’n nuwe lewensstyl van toewyding (die Rooms-Katolieke fokus ten opsigte van regverdigmaking). Aangesien Israel ’n Teokrasie was, was daar geen duidelike onderskeiding tussen die sekulêre norme van die gemeenskap en die heilige nie (wil van God). Hierdie onderskeid in die Hebreeus en Grieks kom in Engelse vertaling soos volg tot uiting: “*justice*”, in Afrikaans “geregtigheid” (m.b.t. gemeenskapslewe) en “*righteousness*” en “regverdigmaking” (m.b.t. godsdienstige lewe).

Die evangelie (goeie nuus) van Jesus is dat die gevalle mensheid in vertrouensvriendskap met God herstel is. Dit is tot stand gebring deur die Vader se liefde, sy barmhartigheid en genade; deur die Seun se lewe, dood en opstanding en deur die roeping en uitnodiging van die Gees na die evangelie toe. Regverdigmaking is ’n genadegawe van God, maar dit moet oorgaan tot ’n lewe van godsvrug (die standpunt van Augustinus wat die Reformasie se klem op die vrye gawe van die evangelie en die Rooms-Katolieke klem op ’n veranderde lewe van liefde en getrouheid weerspieël).

Vir die Hervormers is die term “die geregtigheid van God” ’n OBJEKTIEWE GENETIEF (i. e. die aksie wat ’n sondegevalle mensdom aanvaarbaar vir God maak [’n status van heiligmaking], terwyl dit vir die Katoliek ’n SUBJEKTIEWE GENETIEF is, wat neerkom op ’n proses van al meer soos God word [eksperimenteel progressiewe heiligmaking]). Dit moet sekerlik albei wees!!

Na my mening is die hele Bybel, van Genesis 4 tot Openbaring 20 die optekening van God se herstel van die vertrouensvriendskap van Eden. Die Bybel begin met die samesyn van God en mens op ’n aardse toneel en eindig met dieselfde toneel (vgl. Openb 21-22). God se beeld en bedoeling sal herstel word.

Die voorafgaande bespreking van die Griekse woordgroep word deur die volgende uitgesoekte NT-passasies gestaaf.

1. God is regverdig (dikwels in verband met God as Regter)
 - a. Romeine 3:26
 - b. 2 Tessalonisense 1:5-6
 - c. 2 Timoteus 4:8
 - d. Openbaring 16:5

2. Jesus is regverdig
 - a. Handeling 3:14; 7:52; 22:14 (titel van die Messias)
 - b. Matteus 27:19
 - c. 1 Johannes 2:1,29; 3:7
3. God se wil vir sy skepping is geregtigheid
 - a. Levitikus 19:2
 - b. Matteus 5:48 (vgl. 5:17-20)
4. God se middele om geregtigheid te voorsien en te bewerkstellig
 - a. Romeine 3:21-31
 - b. Romeine 4
 - c. Romeine 5:6-11
 - d. Galasiërs 3:6-14
 - e. Geskenk deur God
 - (1) Romeine 3:24; 6:23
 - (2) 1 Korintiërs 1:30
 - (3) Efesiërs 2:8-9
 - f. Ontvang deur geloof
 - (1) Romeine 1:17; 3:22,26; 4:3,5,13; 9:30; 10:4,6,10
 - (2) 1 Korintiërs 5:21
 - g. Deur handeling van die Seun
 - (1) Romeine 5:21-31
 - (2) 2 Korintiërs 5:21
 - (3) Filippense 2:6-11
5. God se wil is dat sy volgelinge regverdig moet wees
 - a. Matteus 5:3-48; 7:24-27
 - b. Romeine 2:13; 5:1-5; 6:1-23
 - c. 2 Korintiërs 6:14
 - d. 1 Timoteus 6:11
 - e. 2 Timoteus 2:22; 3:16
 - f. 1 Johannes 3:7
 - g. 1 Petrus 2:24
6. God sal uit geregtigheid die wêreld oordeel
 - a. Handeling 17:31
 - b. 2 Timoteus 4:8

Geregtigheid is 'n eienskap van God wat Hy vrylik deur Christus aan die sondegevalle mensdom skenk. Dit is

1. 'n toesegging deur God
2. 'n geskenk van God
3. 'n handeling van Christus

Maar dit is ook 'n proses van strewe na geregtigheid wat ywerig en standvastig nagejaag moet word; wat by die wederkoms in volmaaktheid sal oorgaan. 'n Vertrouensverhouding met God word met bekering herstel, maar groei lewenslank aan tot en met 'n aangesig tot aangesig ontmoeting by dood of die voleinding.

Hier volg 'n aanhaling uit die *Dictionary of Paul and His Letters* van IVP.

“Calvin, more so than Luther, emphasizes the relational aspect of the righteousness of God. Luther’s view of the righteousness of God seems to contain the aspect of acquittal. Calvin emphasizes the marvelous nature of the communication or imparting of God’s righteousness to us,” (bl. 834).

Wat my betref het die gelowige se verhouding met God drie aspekte:

- a. die evangelie is 'n persoon (soos deur die Oosterse Kerk en Calvin beklemtoon)
- b. die evangelie is waarheid (soos deur Augustinus en Luther beklemtoon)
- c. die evangelie is 'n veranderde lewe (soos deur die Rooms-Katolieke beklemtoon)

Hulle spreek almal waar en die uitsprake moet bymekaar gehou word vir 'n gesonde, steekhoudende, Bybelse Christendom. As enigeen oor- of onderbeklemtoon word, ontstaan probleme. Ons moet Jesus verwelkom! Ons moet die evangelie glo! Ons moet Christus-gelykvormigheid nastreef!

■ OAV	“die geslag van kwaaddoeners die kinders wat verderflik handel”
NAV, CUM-MVB	“Geslag wat verkeerd handel julle wat net afbreek”
CUM-MVB	“Die geslag wat verkeerd handel Die kinders wat aanmekaar verkeerd doen”
CUM-NLV	“Hulle is kinders van kwaaddoeners totaal en al korrup”
NASB	“Offspring of evil-doers

Sons who act corruptly”

Dit wil voorkom of ‘n verband met Eks. 20:5 hier veronderstel word waar ouers se verkeerde lewenswyse aan kinders toegereken word. Gee ag op die parallelisme hier:

1. Sondige nasie (vers 4)
2. Met skuld belaaï (vers 4)

1. Die geslag van kwaaddoeners (vers 4)
2. Wat aanmekeer verkeerd doen (vers 4)

Let ook op die PARALLELLISMUS MEMBRORUM (verduidelikende versreëls) wat hierop volg:

AOV, CUM-MVB	“Hulle het die Here verlaat”
NAV	“Wat My, die Here, verlaat het”
CUM-NLV	“Hulle het van die HERE af weggedraai”
NASB	“They have abandoned the Lord” (<i>Qal</i> -PERFEKTUM, BDB 736, KB 806)
AOV,NAV,CUM-MVB	“die Heilige van Israel verag”
CUM-NLV	“Israel se Heilige Een geminag”
NASB	“They have despised the Holy One of Israel” (<i>Pi’el</i> -PERFEKTUM, BDB 610, KB 685)
AOV	“hulle het agtertoe weggedraai”
NAV	“en vir My die rug gedraai het”
CUM-MVB	“hulle het die rug op Hom gedraai”
CUM-NLV	“en hulleself van sy hulp afgesny”
NASB	“they have turned away” (<i>Nif’al</i> -PERFEKTUM, BDB 266, KB 267)

Hierdie aanhalings beskryf die optrede van ‘n goed-ingeligte volk wat wederstrewig optree, ‘n volk wat onder verbondsverpligtinge staan, maar let op hoe hulle oortredinge uitgebeeld word (in verskeidenheid van vertalings)! Hulle optrede en uitoefening van keuses kom neer op verwerping van JHWH. Die PERFEKTUMS in grammatikale vorm onderstreep ‘n lankgevestigde gesindheid!

Hulle was veronderstel om die geseënde nakomelingskap van Abraham te wees (BDB 282 – vgl. Gen. 12:7; 13:15,16; 16:10; 22:17,18; 24:7; 26: 3,4,24; 28:13,14; 32:12), maar hulle het ‘n nakomelingskap van kwaaddoeners geword! Wat openbaring betref, ‘n verlore geleentheid (vgl. Luk. 12:48)!

- **OAV, CUM-MVB** “die Heilige van Israel”
- NAV** “my, die Heilige van Israel”
- CUM-NLV** “Israel se Heilige Een”
- NASB** “the Holy One of Israel”

Jesaja gebruik hierdie betiteling van die Godheid by voorkeur (vgl. 1:4; 5:19; 10:17,20; 12:6; 17:7; 29:19,23; 30:11,12,15; 31:1; 37:23; netso in die tweede deel van die boek, 40:25; 41:14,16,20; 41:3,14,15; 45:11; 47:4; 48:17; 49:7; 54:5; 55:5; 60:9,14). Immers, omdat hy “heilig” is, moet sy volk ook heilig wees (vgl. Lev. 19:2; Mat. 5:48; 1 Pet. 1:16).

Dat ‘n sondevervalle mensdom aan so ‘n heilige standaard nie kan voldoen nie, word in hierdie titel ook duidelik. Om aan die vereistes van die Mosaïese Wet te voldoen, was ook nie moontlik nie (vgl. Han. 15; Gal. 3 en Hebreërs). Die Ou Verbond was ‘n manier om die boodskap aan die mensdom tuis te bring dat hulle aan onderhouding van so ‘n hoë standaard nie sou kon voldoen nie. Maar die boodskap dat Hy aan hulle getrou sou bly en hulle voorberei vir sý oplossing van hulle gevalle staat was ook in die OT vervat. Hy sou nie die standaard verlaag nie, maar wel daarvoor in die koms van sy Messias voorsiening maak! Die nuwe verbond (vgl. Jer. 31:31-34; Eseg 36:22-38) was ‘n verbond wat geloof en sondebelydenis vereis het en nie menslike werkeheiligheid nie, hoewel die einddoel sou wees om soos Christus te word (vgl. Jak. 2:14-26). God se doel is ‘n gemeente wat sy aard (karakter) aan die nasies bekendmaak (vgl. Mat. 5:48)!

VIR SPESIALE AANDAG: HEILIGMAKING

Die NT verklaar dat wanneer sondaars hulle met berou tot Jesus wend, hulle onmiddellik geregverdig en geheilig word. Hulle ontvang ‘n nuwe posisie in Christus. Sy geregtigheid word hulle toegereken (Rom. 4). God verklaar hulle reg en heilig (‘n forensiese handeling van God).

Maar die NT dring ook daarop aan dat gelowiges na heiligheid en heiligmaking moet strew. Dit is naas ‘n teologiese posisie, danksy die voltooide werk van Christus, ook ‘n roeping om in die daaglikse lewe ‘n Christelike gesindheid en handelswyse te openbaar. Verlossing is ‘n vrye gawe wat ‘n lewe van volle oorgawe vra. Dieselfde geld vir heiligmaking.

Aanvanklike geloof

Handelinge 20:32; 26:18
Romeine 15:16
1 Korintiërs 1:2-3; 6:11
2 Tessalonisense 2:13
Hebreërs 2:11; 10:10,14; 13:12
1 Petrus 1:2

Strew na die beeld van Christus

Romeine 6:19
2 Korintiërs 7:1
1 Tessalonisense 3:13; 4:3-4,7; 5:23
1 Timoteus 2:15
2 Timoteus 2:21
Hebreërs 12:14
1 Petrus 1:15-16

- ▣ OAV “hulle het agtertoe weggedraai”
- NAV “en vir my die rug gedraai het”
- CUM-MVB “hulle het die rug op Hom gedraai”
- CUM-NLV “en hulleself van sy hulp afgesny”
- NASB “They have turned away from Him”

Letterlik: “hulle het agtertoe weggedraai” (BDB 30, vgl. OAV en 44:25) . By wyse van kommentaar op hierdie vers: hulle het doelbewus die rug op God gekeer (vgl. CUM-MVB).

NASB (HERSIENE) TEKS: 1:5-6

⁵Where wil you be stricken again,
As you continue in your rebellion?
The whole head is sick
And the whole heart is faint.
⁶From the sole even to the head
There is nothing sound in it,
Only bruises, welts and raw wounds,
Not pressed out or banded,
Nor softened with oil.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 1:5-6.

1:5 ‘n Personifikasie wat die volk van God as individue in ‘n siektetoestand voorstel. Dit kan as ‘n goeie voorbeeld in die Skrif beskou word waar siekte as metafoor vir sonde opgevat word (vgl. 53:4-6; Ps. 103:3; Hos. 5:13). Fisiese genesing kan nie as inherent aan of noodwendig as deel van “verlossing” beskou word nie, maar volle en algehele vergifnis van sonde wel! Dat daar ‘n verband tussen sonde en krankheid kan wees, blyk wel uit Joh. 9:2 en Jak. 5:5.

- ▣ OAV “Waar”
- NAV, CUM-MVB “nie meer plek waar”
- CUM-NLV “hoekom”
- NASB, NKJV, NRSV, “Where”
- TEV, NIV, RSV, ASV

‘n Korrekte vertaling hier (BDB 752 II) sou inderdaad wees “hoekom”. “Hoekom” wil die rede vir sulke volgehoue rebellie weet!

- ▣ OAV “dat julle voortgaan om af te wyk?”
- NAV, CUM-MVB “en tog hou julle aan om van My af weg te draai”
- CUM-NLV “Hoekom hou julle aan om in opstand te kom?”
- NASB “As you continue in your rebellion”

Hierdie WERKWOORD (vgl. BDB 414, KB 418, *Hif'il*-IMPERFEKTUM) impliseer ‘n volgehoue, voortdurende gesindheid van opstand teen God se duidelik-geopenbaarde wil.

- ▣ OAV “Die hele hoof. . . die hele hart”-
- NAV, CUM-MVB “Die hele kop. . . die hele gestel”
- CUM-NLV “Julle koppe. . . julle harte”
- NASB “whole head. . . whole heart”

Hierdie is parallelisme (membrorum – poëtiese struktuur) wat die totale persoon bedoel (gedagtes, motiewe en handeling). Die tweede frase kom ook in Jer. 8:18 en Klaagliedere 1:22 voor en moet dus ‘n algemene idiomatiese uitdrukking gewees het.

- 1:6** OAV “geen heel plek nie”
- NAV, CUM-MVB “nie een heel plek nie”
- CUM-NLV “julle is stukkend”
- NASB “nothing sound/“Soundness””

Hierdie SELFSTANDIGE NAAMWOORD (BDB 1071) dui op “heelheid,” “onskuld,” of “integriteit.” In hierdie beskrywing (konteks) dui dit op Israel se lewe

1. sonder “integriteit” (vgl. Gen. 5:20; Ps. 78:72; 101:2)
2. ‘n sieklike persoon (vgl. Ps. 38:3)

Die verdere toeligting in vers 6 beskrywe antieke behandeling van siekte

1. uitdruk van swere
2. verbind
3. versag met olyfolie (as medikasie, vgl. Luk. 10:34; Jak. 5:14)

‘n Mens of volk wie se wonde nie behoorlik versorg word nie, het nie hoop op herstel nie (vgl. Hos. 6:1).

NASB (HERSIENE) TEKS: 1:7-9

⁷Your land is desolate,
Your cities are burned with fire
Your fields—strangers are devouring them in your presence
It is desolation, as overthrown by strangers.

⁸The daughter of Zion is left like a shelter in a vineyard
Like a watchman's hut in a cucumber field, like a besieged city.

⁹Unless the LORD of Hosts
Had left us a few survivors,
We would be like Sodom,
We would be like Gomorrah.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 1:7-9.

1:7 Hiermee word ballingskap bedoel. Mees waarskynlik die Assiriese inval van 723 v.C. en daarna die aanval van 701 v.C. Dit kan ook op die Babiloniese inval van 586 v.C. dui, aangesien Jesaja se boek 'n saamgestelde bundel van sy boodskappe is. Die presiese datum word nie vermeld nie. Sy gedigte kan derhalwe op verskillende invalle van vreemde nasies dui. Dit is selfs moontlik dat dit vir dié doel so dubbelsinnig gestruktureer is.

- ▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** “vreemdes”
- CUM-NLV** “vreemdelinge”
- NASB, NKJV** “strangers”
- NRSV** “aliens”
- TEV, NJB** “foreigners”

Hierdie DEELWOORD (BDB 266, KB 267, *Qal*-PARTISIPIUM, tweekeer herhaal) dui op 'n persoon van 'n ander familieverband, of stam of nasie (vgl. 25:2,5; 29:5; 61:5), en is gewoonlik 'n sinspeling op vyande van die verbondsgemeenskap. JHWH gebruik heidenvyande om sy volk te betug (10:5).

- 1:8 OAV** “die dogter van Sion”
- NAV, CUM-MVB** “Sion”
- CUM-NLV** “Sion in Jerusalem”
- NASB** “The daughter of Zion”

'n Ouer/kind motief is reeds in vers 2 bekendgestel. Dit word 'n metafoor wat herhaaldelik in profetiese literatuur voorkom:

1. dogter van Sion, Jes. 1:8; 10:32; 16:1; 37:22; 52:2; 62:11; Jer. 4:31; 6:23; Klaagl. 1:6; 2:1,4,8; 2:18; Miga 4:8, 10,13; Sef. 3:14; Sag. 2:10; 9:9.
2. dogter van Jerusalem, Jes. 37:22
3. dogter van Juda, Klaagl. 2:2,5,13,15; Miga 4:8
4. dogter van Tirus, Ps. 45:12
5. dogter van Babilon, Ps. 137:8; Jes. 47:1 (dogter wat 'n maagd is); Jer. 50:42; 51:33; Sag. 2:7 (in Babel – NAV)
6. dogter van my volk, Jes. 22:4; Jer. 4:11; 6:26; 8:11,19,21,22 (my volk – NAV)
7. jonkvrou (OAV; virgin daughter – NASB); Jes. 23:12; 37:22; Jer. 14:17; 46:11; Klaagl. 1:15; 2:13
8. dogter van Egipte (Egipte – NAV), Jer. 46:24
9. dogter van Edom (Edom – NAV), Klaagl. 4:21,22
10. dogter van Tarsis (inwoners van – NAV), Jes. 23:10
11. dogter van die Chaldeërs (stad van – NAV), Jes. 47:1,5
12. afkeurige dogter (OAV, vgl. NAV: jy wat . . .eie koers gaan), Jer. 31:22

Dit was klaarblyklik 'n simpatieke wyse van spreke oor die mense van 'n volk, 'n gebied of 'n stad.

- ▣ **OAV** “soos 'n slaapplekkie in 'n komkommertuin”
- NAV, CUM-MVB** “soos die hut van 'n wagter in 'n komkommertuin”
- CUM-NLV** “soos die opsigter se skerm in. . .of landery nadat die oes af is”
- NASB** “Like a watchman's hut in a cucumberfield”

Dit dui op 'n uiters swak en wankelrige struktuur (vgl. 24:20) wat gedurende oestyd vir wagte, wat die oes teen rowers moet beskerm, opgerig word. Sonder God het sy mense geen hulp of beskerming nie (vgl. vers 9).

- 1:9 OAV** “die HERE van die leërskaer”
- NAV** “die Here die Almagtige”
- CUM-MVB** “Magtige van die hemelse leer”
- CUM-NLV** “die almagtige HERE”
- NASB** “the Lord of Hosts”

Sien die *Vir Spesiale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: *HERE VAN DIE LEÛRSKARE*

Die benaming “HERE van die Leërskaie” is saamgestel uit

A. Die verbondsnaam vir God, naamlik JHWH. Sien *Vir Speciale Aandag: Name van die Godheid* by 1:1.

B. Die term “leërskaie” (BDB 838) kan beteken

1. engele in die algemeen (vgl. Neh. 9:6)
2. ’n hemelse leërmag van engele (vgl. 1 Sam. 17:45; Dan. 8:10; Luk. 2:13)
3. ’n engeleraad (leërmag – NAV, vgl. 1 Kon. 22:19; Dan. 7:10)
4. ’n gewone soldateweermag, (bv. Num. 2:4,6; Rigt. 8:6; 9:29)
5. die ligte (sterre) in die naghemel, aangesien vir geestelike kragte (soos in Babiloniese astrologie en aanbidding; vgl. Deut. 4:19; 17:3; 2 Kon. 17:16; 21:3,5; 23:4,5; 2 Kron 33:3,5; Jer. 8:2; 19:13)
6. asook ’n titel vir JHWH in Amos 4:13; 5:27 (met ’n LIDWOORD in Amos 3:13; 6:14; 9:5 en sonder die LIDWOORD in 1 Kon. 5:14,15,16; 6:8; 19:10,14), wat aandui dat JHWH aan Israel se kant strydvoer.
7. laastens, ’n spesifieke gebruik in Jos. 5:14-15, wat mag verwys na Migaël die bewaerengel van Israel. Dit kan ook as ’n parallel met engel van die HERE en manifestasie van die Here, God self opgevat word.

- ▣ OAV, CUM-MVB “’n klein oorblyfsel oorgelaat het”
NAV “’n klompie van ons laat oorbly het”
CUM-NLV “’n handjievool van ons gespaar het”
NASB “had left u a few survivors”

Dit verwys na die skrikwekkende oordeel van die Assiriese en/of Babiloniese ballingskap en wegvoering uit die beoefde land wat God se volk getref het.

Dit sinspeel ook op ’n “getroue oorblyfsel” van gelowiges (vgl. 10:20-22; 11:11,16; 37:4,31,32; 46:3 – sien *Vir Speciale Aandag* wat hieronder volg. Paulus verwys na ’n “oorblyfsel”, maar sien die bekeerde heidendom daarby ingesluit (vgl. Rom. 9:19-29). Dié frase dui daarop dat nie almal gered sal word nie.

VIR SPESIALE AANDAG: *DIE OORBLYFSEL, DRIE BETEKENISSE*

Die gedagte van ’n “getroue oorblyfsel” word in 8ste eeuse profesie (en Jeremia) dikwels herhaal. Dit behels gewoonlik drieërlei gedagtes:

1. diegene wat die ballingskap oorleef het (bv. Jes. 10:20-23; 17:4-6; 37:31-32; Jer. 42:15,18; 44:12,14,28; Amos 1:8)
2. diegene wat aan JHWH getrou gebly het (bv. Jes. 4:1-5; 11:11,16; 28:5; Joël 2:32; Amos 5:14-15; Miga 2:12-13; 4:6-7; 5:7-9; 7:18-20)
3. diegene wat sal deel in die eskatologiese vernuwing van die skepping (vgl. Amos 9:11-15).

- ▣ OAV, NAV, CUMs “Sodom. . . en Gomorra”
NASB “Sodom and Gomorrah”

Hierdie is ’n historiese verwysing na die oordeel van God soos in Gen. 18-19 opgeteken. Die stede het spreekwoordelik in sonde verval en is deur God gestraf.

NASB (HERSIENE) TEKS: 1:10-15

¹⁰Hear the word of the LORD,
You rulers of Sodom
Give ear to the instruction of our God
You people of Gomorrah
¹¹“What are your multiplied sacrifices to Me?”
Says the LORD,
“I have had enough of burnt offerings of rams
And fat of fed cattle;
And I take no pleasure in the blood of bulls, lambs or goats.
¹²“When you come to appear before Me,
Who acquires of you this trampling of my court?
¹³“Bring your worthless offerings no longer,
Incense is an abomination to Me.
New moon and Sabbath, the calling of assemblies—
I cannot endure iniquity and solemn assembly.
¹⁴“I hate your new moon *festivals* and your appointed feasts,
They have become a burden to Me;
I am weary of bearing *them*.

¹⁵“So when you spread out your hands *in prayer*,
 I will hide My eyes from you;
 Yes, even though you multiply prayers,
 I will not listen.
 Your hands are covered with blood. ”

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 1:10-15.

1:10-15 Israel bied godsdienstigheid aan as verdediging teen die aanklagte van God in verse 2-6.

1:10 OAV “Hoor. . . luister”
 NAV, CUM-MVB “Luister. . . gee ag”
 CUM-NLV “Luister. . . luister”
 NASB “Hear. . . give ear”

Die twee IMPERATIEWE (bevele) van vers 2 word hier herhaal.

☐ OAV “owerstes van Sodom. . . volk van Gomorra”
 NAV, CUM-MVB “julle Sodomsleiers. . . julle Gomorrasvolk”
 CUM-NLV “Julle regeerders van Sodom. . . julle mense van Gomorrah”
 NASB “You rulers of Sodom. . . You people of Gomorrah”

Juda is met Sodom en Gomorra vergelykbaar. Die leiers en bevolking is moreel korrup. Nes die geval met *goj* in vers 4, was hierdie aantuiging ‘n skok vir die bondsvolk.

☐ OAV “wet”
 NAV, CUM-MVB “wat ons God julle leer”
 CUM-NLV “bepalings”
 NASB “instruction”
 NKJV “law”
 NRSV, TEV “teaching”

Die term Tora is hier ter sprake (BDB 435). Let op hoe wyd die bevolking geraak word, want Tora kan (1) die Skrif, (2) die prediking van die profete of (3) die onderrig van die priesters beteken. Hulle het God se geopenbaarde wil geken, maar nagelaat om dit uit te leef.

1:11 OAV “Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers”
 NAV, CUM-MVB “wat het Ek aan julle baie offers”
 CUM-NLV “Ek is siek van julle offers”
 NASB “what are your multiplied sacrifices to Me?”

Neem in ag dat hierdie nie ‘n afwysing van die offergebruike was nie, maar ‘n teregwyding van die gesindheid waarmee offers gebring is (vgl. 29:13; Hos. 6:6; Amos 5:21-27; Miga 6:6-8). Godsdienstgebruike kan nut hê as dit met die regte gesindheid teenoor God beoefen word (vgl. Ps. 50). Sien i.d.v. *Hard Sayings of the Bible*, bl. 207-208, 274-275.

☐ OAV, NAV “Ek is sat van”
 CUM-MVB “Ek het genoeg gehad”
 CUM-NLV “Ek is siek”
 NASB “I have had enough”

Die WERKWOORD (BDB 959, KB 1302 — *Qal*-PERFEKTUM) beteken “opgeblaas” en “versadig.”

☐ OAV, NAV, CUMs “brandoffers”
 NASB “burnt offerings”

Hierdie offers is totale verbranding wat op algehele oorgawe aan God sinspeel.

☐ OAV “die vet van vetgemaakte kalwers”
 NAV, CUM-MVB “die vet van voerbeeste”
 CUM-NLV “die vet van julle ramme”
 NASB “The fat of fed cattle”

Vir hierdie offer is vet uit die binnegoed geneem, wat beteken het dat die offerande as gemeenskapsmaal met God, met die priester, met familie, vriende en met die bure geniet kon word. Die vleis van groter diere kon nie gestoor word nie en moes onmiddellik geëet word.

☐ OAV “Ek het geen behae in”
 NAV “staan My nie aan nie”
 CUM-MVB “Ek het geen behoefte daaraan nie”
 CUM-NLV “wil Ek nie hê nie”
 NASB “I take no pleasure in”

Hierdie WERKWOORD (BDB 342, KB 339, *Qal*-PERFEKTUM) dui op hoe JHWH offerandes ervaar en aanvaar. Die gewone idioom in hierdie verband was “’n aangename geur” (vgl. Gen. 8:21; Eks. 29:18,25). In geval van hierdie mense het Hy hulle aabidding verwerp.

**1:12 OAV, NAV, CUMS “om my voorhowe te (kom) vertrap”
NASB “to appear before Me”**

Dit dui op die gesindheid tydens die aanwesigheid in die tabernakel/tempel (vgl. Eks. 23:17). Hulle het hulle met ritueel en liturgie tevrede gestel sonder ‘n gesindheid van ware aanbidding.

**1:13 OAV, NAV, CUM-MVB “skynheilige offergawes”
CUM-NLV “waardelose offers”
NASB “worthless offerings”**

Hierdie term se betekenis is “leeg”, “nutteloos” en “niks”. Dit kan gebruik word i.v.m.

1. afgodediens (Jona 2:8; Ps. 31:6)
2. offers (soos hier)
3. slegte mense (Jes. 5:18)
4. misbruik/ydelike gebruik van die Godnaam
5. leuenagtige woorde (Jes. 59:4).

■ **OAV “gruwelike reukwerk is dit vir My”
NAV, CUM-MVB “Ek het ‘n afsku van julle wierookoffers”
CUM-NLV “die wierook. . . stink in My neus”
NASB “Incense is an abomination to Me”**

Die term “wierook” (BDB 882) beteken “dit wat opstyg”. Dit kan dus aanduiding wees van

1. die rook van offerandes
2. die geur van kruie, wat gewoonlik op die offerdier geplaas word of rook vanaf die die wierookaltaar wat voor die binneste gordyn van die tabernakel/tempel geplaas is. Dit is kragtige taal! Dit herinner aan Jeremia se “tempelpreke” in sy hoofstuk 7. Rituele en liturgie het belydenis en geloof vervang. Hulle het blind en doof geword (vgl. Jes. 6:9-10). Hulle het ‘n voorkoms van toewyding gehad, maar die krag daarvan geloën (vgl. 2 Tim. 3:5). Die tragiese hiervan was dat hulle onder die indruk was van “reg” met God wees! Hulle was immers sy volk! Maar verkeerd, soos talle aktiewe godsdienstiges van elke tydsgewrig!

Die term “afsku” (BDB 1072) kom meestal in Deuteronomium, Spreuke en Esegieël voor. Dit beskryf God se reaksie op menige ongewenste dinge.

1. homoseksualiteit (Lev. 18:22)
2. allerlei ander seksuele sondes (vgl. Lev. 18:26,27,29,30)
3. afgodery, Deut. 7:25,26; 12:31; 14:3; 17:4; 27:15; 32:16; 2 Kon. 16:3; 23:13; Jer. 12:35
4. gebrekklike diere vir slagoffer, Deut. 17:1
5. okkultiese praktyke, Deut. 18:9,12
6. geslagsverwarring, Deut. 22:5
7. tempelprostitusie, Deut. 23:18; 1 Kon. 14:24
8. hertroue na egskedding, Deut. 24:4
9. kullery in die handel, Deut. 25:16; Spr. 11:1; 20:10,23
10. slegte gedrag van mense, Spr. 3:32; 6:16; 8:7; 11:20;12:22; 15:26; Jer. 7:10
11. offerandes van slegte mense, Spr. 15:8,9; 21:27
12. hoogmoedige mense, Spr. 16:5
13. arrogante goddeloosheid van leiers, Spr. 16:12 (OAV)
14. omgekoopte regters, Spr. 17:15
15. offers van reukwerk vir die skyn sonder lewensveranderende geloof, Jes. 1:13.

■ **OAV “Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste”
NAV, CUM-MVB “Nuwemaanfeeste, sabbatsvierings, die uitroep van feesdae”
CUM-NLV “feesviering op Nuwemaanfees en Sabbatte. . . vroomste byeenkomste”
NASB “New moon and Sabbath, the calling of assemblies”**

Hou in gedagte dat die Jode ‘n maankalender gevolg het. Elke sabbat was belangrik en elke nuwemaan (vgl. Num. 28:11-15; 2 Kon. 4:23; Jes. 66:23) het ‘n godsdienstige betekenis gehad. Dieselfde geld vir die driejaarlikse feeste soos in die Mosaïese wet bepaal (vgl. Eks. 23:14-17; 34:18-26; Lev. 23; Deut. 16:1-17).

1:14 Die Hebreeuse sintaksis breek hier af as gevolg van Jesaja se geweldige emosie wat hy namens God openbaar. Die eerste drie WERKWOORDE is PERFEKTUMS (voltooide tyd).

**1:15 OAV “as julle julle hande uitbrei”
NAV, CUM-MVB “as julle julle hande in gebed uitstrek”
CUM-NLV “as julle julle hande in gebed na My uitsteek”
NASB “You spread out your hands in prayer”**

Let daarop dat in die Engelse teks “*in prayer*” in skuinsdruk staan. Dit is aanduiding dat die spesifieke woorde in die Hebreeuse teks ontbreek (vgl. ook OAV). Die algemene gebedshouding van die Jode was hande omhoog uitgestrek (vgl. Eks. 9:23,29,33; 1 Kon. 8:38,54; 2 Kron. 6:12) en oop oë na die hemel opgehef (vgl. Joh. 11:41; 17:1). JHWH verhoor nie die gebede van die sondige Judeërs in nood nie (vgl. 8:17; 54:8; 59:2; Deut. 31:17; Jer. 11:11; Eseg. 8:18) omdat hulle in gebed na Hom kom met dieselfde gesindheid waarin hulle offers bring. Nes baie offers JHWH nie beïndruk nie, sal dit ook die geval wees met baie gebed, wat sonder opregte geloof en belydenis geskied.

- OAV, CUM-NLV “julle hande is vol bloed (van onskuldige slagoffers)”
- NAV, CUM-MVB “want julle hande is met bloed bevlek”
- NASB “Your hands are covered with blood”

Dit dui op gewelddadige optrede met die doel om onskuldiges dood te maak (vgl. CUM-NLV).

NASB (HERSIENE) TEKS: 1:16-17

¹⁶“Wash yourselves, make yourselves clean;
Remove the evil of your deeds from my sight.
Cease to do evil,
¹⁷Learn to do good;
Seek justice,
Reprove the ruthless,
Defend the orphan,
Plead for the widow.”

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 1:16-17.

1:16-17 Die profeet gee uitdrukking aan wat vir JHWH belangrik is in ‘n reeks bevele:

1. was julleself, BDB 934, KB 1220, *Qal*-IMPERATIEF
2. maak julleself skoon, BDB 269, KB 269, *Hitpael*-IMPERATIEF
3. verwyder die onreg, BDB 693, KB 747, *Hitpael*-IMPERATIEF
4. hou op om kwaad te doen, BDB 292, KB 292, *Qal*-IMPERATIEF
5. leer om goed te doen, BDB 540, KB 531, *Qal*-IMPERATIEF
6. soek geregtigheid, BDB 205, KB 233, *Qal* IMPERATIEF
7. vermaan die ongenadiges/ bestraf die verdrukker, BDB 80, KB 97, *Piel*-IMPERATIEF
8. verdedig die wese, BDB 1047, KB 1622, *Qal*-IMPERATIEF
9. kom op vir die weduwee se saak, BDB 936, KB 1224, *Qal*-IMPERATIEF

Let daarop hoe die wil van JHWH neerkom op geregtigheid wat met omgee te doen het (vgl. Mat. 25:31-46). ‘n Mens kan nie met God in ‘n regte verhouding verkeer terwyl haat en verwaarlosing teenoor ‘n verbondsbroer of suster geskied nie.

Soms is daar onduidelikheid oor wat Bybelse geloof beteken. Is dit op die karakter van God gebaseer, op sy genade en goedgesindheid, of op mede-gelowiges se optrede? Sekerlik op die karakter van God! ‘n Goeie voorbeeld van die wederkerigheid wat in die verbond aanwesig moet wees (wat altyd deur God geïnisieer word) word duidelik as ‘n mens Eseg. 18:31 met Eseg. 36:26-27 vergelyk. (Sien i.d.v. ook Ef. 2:8-9,10)!

VIR SPESIALE AANDAG: OOSTERSE LITERATUUR

Hoe om Bybelse paradokse te verstaan!

1. Omdat ek die Bybel as God se Woord liefhet en vertrou, was hierdie insig vir my verstaan van die Bybel besonder nuttig. As jy die Bybel ernstig opneem, moet jy weet dat verskillende tekste waarhede nie sistematies aanbied nie, maar op ‘n eensydige manier. Die een teks onder inspirasie kan ‘n ander teks onder inspirasie dus nie uitkanselleer nie. Waarheid bestaan daarin dat die Skrif in geheel ernstig geneem word. Dit is nie so dat net sommige dele van die Skrif geïnspireer is nie (vgl. 2 Tim. 3:16-17). Waak teen aanhaling van enkele tekste as “bewysplase”.
2. Die meeste Bybelse waarhede in Oosterse literatuur word in dialektiese pare of paradokse aangebied. ‘n Mens moet onthou dat die skrywers van die NT, met uitsondering van Lukas, Hebreeuse denkers was wat in alledaagse Grieks geskryf het. Die Wysheidsliteratuur en Poëtiese Literatuur bied waarheid altyd in parallelle verspare aan. Wanneer die versreëls mekaar weerspreek, kry ons paradokse. Sintetiese parallellisme kan egter op ‘n manier verskil, maar bly in beide gevalle “waar”. Hierdie paradokse veroorsaak grote ongemak vir almal wat met liefkoosde, ooreenvoudigde tradisies op pad is. Soos byvoorbeeld
 - a. uitverkiesing teenoor die menslike vrye wil
 - b. die geloofsekerheid, ja, maar jy moet ook volhard
 - c. die oorspronklike sondeval is feit, maar persoonlike sonde moet afgelê word
 - d. Jesus is God, maar ook mens
 - e. Jesus is gelyk aan die Vader, maar is ook aan Hom onderdanig
 - f. die Bybel is God se woord, maar is ook deur mense geskryf

- g. daar is vryspraak van sonde, maar sonde moet ook afgelê word (dood vir – Rom. 6)
- h. vryspraak van sonde is ‘n onmiddellike gawe, maar aflê daarvan is ‘n proses (heiligmaking)
- i. regverdigmaking kom deur geloof (Romeine 4), maar Jakobus (2:14-26) leer dat werke geloof moet bevestig
- j. ‘n Christen is vry (vgl. Rom. 14:1-24-3; 1 Kor. 8:1-13; 10:23-33), maar hy/sy het verantwoordelikheid teenoor ander (vgl. Gal. 5:16-21; Ef. 4:1)
- k. God se transsendensie teenoor sy immanensie
- l. die algehele verborgenheid van God teenoor sy kenbaarheid in die Skrifopenbaring en Christus
- m. Paulus se vele metafore vir verlossing is
 - 1. aanneming, (tot kinders, maar ook)
 - 2. heiligmaking (aflê van sonde is nodig)
 - 3. regverdigmaking (vryspraak van sondekruis)
 - 4. verlossing (uit sonde)
 - 5. verheerliking (toekoms sonder sonde)
 - 6. uitverkiesing (sy beskikking of maniere tot verlossing)
 - 7. versoening (Hy dink daar nie meer aan nie!)
- n. die koninkryk van God wat in die volheid van die tyd sal kom, maar wat ook reeds aanwesig is
- o. dat sondebeseft en belydenis in genade geskenk word, maar dat dit ook ‘n vereiste is (vgl. Mark 1:15; Han. 20:21)
- p. die permanente betekenis van die OT teenoor die mindere waarde van die vervloë ou bedeling (vgl. Mat. 3:17-19 teenoor 5:21-48; Rom. 7 teenoor Gal. 3)
- q. gelowiges is dienaars en slawe maar aan die ander kant ook kinders/erfgename.

1:17 OAV	“beteuel die verdrukker”
NAV, CUM-MVB	“gaan die verdrukker teë”
CUM-NLV	“Help mense wat verdruk word”
NASB	“reprove the ruthless”
NKJV	“reprove the oppressor”
NRSV	“rescue the oppressed”
TEV	“help those who are oppressed”
NJB	“discipline the violent”
LXX	“deliver him that is suffering wrong”
Pesjitta	“do good to the oppressed”

Die Masoretiese Tekst (MT) lees “vergoed/maak regstelling aan die verdrukkers,” (die frase kom net hier voor!), maar die WERKWOORD beteken “noem. . .geseënd” of “stel reg aan,” BDB 80, KB 97, *Pi‘el-IMPERATIEF*). Dit pas egter nie in Jesaja se redenasie (konteks) nie. Die beste moontlike oplossing is om die vokale-punktuasie van die Masorete te wysig sodat die Hebreeuse konsonante nie “verdrukkers” lees nie, maar “die wat verdruk word” (d.w.s. *Qal-PARTISIPIUM/DEELWOORD*, BDB 330).

■ OAV	“die wees. . . die weduwee”
NAV, CUM-MVB	“die weeskinders. . . die weduwees”
CUM-NLV	“die weeskind. . . die weduwee”
NASB	“orphan. . . widow”

Hierdie twee voorbeelde staan vir alle mense wat deur die samelewing ontmagtig word (vgl. Eks. 22:21-22; Deut. 24:17,19,20,21; Job 24:3; ps 68:5; Jer. 7:6; Klaagl. 5:3; Eseg. 22:7; Sag. 7:10; Mal. 3:5). In pare gegroepeer word hulle in Deuteronomium dikwels as voorwerpe van JHWH se besondere aandag en sorg bestempel (vgl. Deut. 10:18; Ps. 10:14,18; 68:5; Jer. 49:11).

In die antieke nabye Ooste was die amp van koning in besonder vir sosiale geregtigheid en billikheid verantwoordelik!

NASB (HERSIENE) TEKS: 1:18-20

¹⁸“Come now, and let us reason together,”
says the LORD.

“Though your sins are as scarlet,
They will be as white as snow;
Though they are red like crimson,
They will be like wool.

¹⁹If you consent and obey,
You will eat the best of the land;

²⁰But if you refuse and rebel,
You will be devoured by the sword.”

Truly, the mouth of the LORD has spoken.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 1:18-20.

1:18-20	OAV	“Kom nou en laat ons die saak uitmaak”
	NAV	“Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak”
	CUM-MVB	“Kom dan, laat ons die saak met mekaar uitmaak”
	CUM-NLV	“Kom nou, laat ons die saak uitpraat”
	NASB	“Come now, and let us reason together”

Die profeet maak gebruik van die hof as ‘n literêre metafoor (JHWH onttrek Hom van sy mense) om die boodskap van verantwoordelikhedsin en noodwendige gevolge oor te dra. Die hof-idioom word voortgesit in:

JHWH is gereed om te vergewe as sy mense sou bely en gehoorsaam. Indien hulle sou weier, is die verbondsbepalings van Lev. 26 en Deut. 28 die gevolg.

Twee WERKWOORDE gee uitdrukking aan die uitnodiging van JHWH dat Juda met die goddelike Regter in gesprek mag tree:

1. kom nou (letterlik: “stap”, “gaan”), BDB 229, KB 246, *Qal*-IMPERATIEF
2. uitpraat met mekaar (BDB KB, *Nif'al*-KOHORTATIEF, vgl. Job 23:7)

Let nou op die goeie gevolg “as” (‘n eerste frase met “as” in vers 19!) hulle soos nodig reageer, dan volg

1. sondevergifnis (van purper tot sneeuwit)
2. sondevergifnis (van rooi tot wolwit)
3. genot (eet) van die land se beste

Maar ‘n tweede “as”-frase veronderstel ‘n weiering om gehoor te gee (BDB 549, KB 540, *Pi'el*-IMPERFEKTUM) en voortgesette opstandigheid (BDB 598, KB 540, *Qal*-PASSIEF PERFEKTUM) wat tot gevolg sal hê dat hulle verteer sal word (BDB 37, KB 46, *Qal*-PASSIEF IMPERFEKTUM).

Dis opmerklik dat die soewereine God op sy verbondsvolk ‘n beroep doen, om soos vooraf bepaal, te reageer. Hierin lê die misterie van uitverkiesing en vrye wil verskuil. Die waarheid het twee aspekte wat albei aanvaar moet word. Twee waarhede wat die basis vorm van die verbondsverhouding tussen God en sy volk: Hy inisieer en hulle moet daarop reageer! Die vriendskap en vertroue, soos in Gen. 1 en 2 beskryf, word in so ‘n verbondsverhouding van “verlostes” herstel. Die gevolge van die sondeval kan omgekeer word (selfs wat tyd betref). Sien *Vir Speciale Aandag: Verbond* by 1:19).

■	OAV	“al was julle sondes soos skarlaken”
	NAV	“al was julle skarlakenrooi van sonde”
	CUM-MVB	“al was julle bloedrooi van sonde”
	CUM-NLV	“maak nie saak hoe diep die vlek van julle sonde is nie”
	NASB	“Though your sins are scarlet”

Omdat hulle nie bleikmiddels gehad het nie, kon gekleurde materiale in die ou Ooste nie verander word nie. God se vergifnis (en dat Hy van sondes vergeet) is dus wonderbaarlik en vir Hom moontlik (vgl. Ps. 103:11-14; Jes. 38:17; 43:25; 44:22; Miga 7:19)! Wanneer God vergewe, vergeet Hy voorbehoud ook! Wonderlik!

Die kleur “rooi” as simbool van sonde hou moontlik verband met vers 15 se verwysing na hande wat bloedbevlek is.

1:19 Daar is ‘n woordspel in vers 19: “As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet” (OAV), wat letterlik beteken “die beste van die land eet” (BDB 37, KB 46, *Qal*-IMPERFEKTUM), wat immers heeltyd God se wil vir hulle was, maar woordspel volg dan met dieselfde WERKWOORD in vers 20, naamlik: “sal julle deur die swaard geëet word (*Qal*-PASSIEF IMPERFEKTUM of *Pu'al*-IMPERFEKTUM) as julle nie tot inkeer kom en gehoorsaam word nie. In die verbond is daar seëninge, maar wat saamhang met verantwoordelikhede wat nagekom moet word (vgl. Lev. 26 en Deut. 27-29)!.

■	OAV	“As julle gewillig is en luister”
	NAV, CUM-MVB	“As julle gehoorsaam wil wees”
	CUM-NLV	“As julle My net gehoorsaam”
	NASB	“If you consent and obey”

Aan die verbonde in die OT is daar voorbehoud gekoppel, wat vereis dat die mensdom moet reageer op God se toenadering, maar Hy stel geen voorbehoud op nakoming van sy beloftes nie.

VIR SPECIALE AANDAG: VERBOND

Die OT-term, *berit*, of “verbond”, is nie maklik definieerbaar nie. Daar is nie ‘n Hebreeuse WERKWOORD met ooreenkomstige betekenis nie. Alle pogings tot ‘n etimologiese definisie is tot dusver onoortuigend. Nietemin is die konsep tot so ‘n mate sentraal, dat geleerdes gedwing word om ‘n funksionele betekenis vanuit die gebruik van die woord af te lei.

Verbondsluiting is die manier waarop die enigware God onderhandel met die mens wat Hy geskep het. Die verbondskonsep, verdragsluiting of ooreenkoms is van sentrale belang in die verstaan van Bybelse openbaring. Die spanning tussen die soewereiniteit van God en vrye wil van die mens is telkens in die verbondskonsep opmerklik. Sommige verbonde is op die karaktereenskappe van God, sy handeling en doelstellings gebaseer:

1. die skepping as sodanig (Gen. 1, 2);
2. die roeping van Abraham (Gen. 12);
3. die verbond met Abraham (Gen. 15);
4. die bewaring van, en belofte aan, Noag (Gen. 6-9).

Die blote aard van 'n verbond vereis egter 'n reaksie:

1. Deur te glo moet Adam God gehoorsaam en nie van die boom in die middel van die tuin eet nie (Gen. 2).
2. Deur te glo moet Abraham sy familie verlaat, God volg en 'n toekoms met afstammeling verwag (Gen. 12, 15).
3. In geloof moet Noag 'n groot boot bou met geen water in sig nie en hy moet diere daarheen bring (Gen. 6-9).
4. In geloof moet Moses Israel uit Egipte lei en spesifieke riglyne ontvang waarvolgens die godsdienstige en sosiale lewe ingerig moet word, met beloftes van seën, maar ook bestraffing (Deut. 27-28).

Hierdie selfde spanning ten aansien van God se verhouding tot die mensdom is in die nuwe verbond ter sprake. Die spanning is baie opmerklik wanneer Eseg. 18 met 36:27-37 vergelyk word. Is die verbond gebaseer op God se genadehandeling of op die voorgeskrewe menslike reaksie? Dit is die oop vraag in beide die ou en die nuwe verbonde. Die doelstellings van beide is egter dieselfde: (1) die herstel van die verlore vertrouensverhouding (vgl. Gen. 3) en (2) die totstandkoming van 'n regverdige volk wat God se karakter reflekteer.

Die nuwe verbond volgens Jer. 31:31-34, los die spanningsprobleem op deur die menslike meriete as norm vir aanvaarding te verwyder. God se wet word 'n innerlike begeerte en is nie meer 'n middel tot uiterlike vertoon nie. Die doel van 'n toegewyde, regskepe menswees bly, maar die werkswyse verander. 'n Gevalle mensheid is nie in staat om God se beeld te vertoon nie (vgl. Rom. 3:9-18). Die probleem lê by menslike sondigheid en swaakheid, nie by die verbond nie (vgl. Rom. 7; Gal. 3).

Die spanningsprobleem van onvoorwaardelik en voorwaardelik in die verbonde, duur voort deur beide die Ou- en Nuwe Testament. Verlossing is in Christus se afgehandelde werk 'n absolute genadegawe, máár dit vereis aanvaarding deur geloof (as 'n aanvangsaksie en daarna volgehou). Verlossing is beide 'n wetlike vryspraak én 'n oproep tot 'n lewenswyse in die gesindheid van Christus. Verlossing is 'n INDIKATIEF – 'n stelling dat jy aanvaar word as kind van God – maar ook 'n IMPERATIEF – 'n opdrag tot heilig lewe! Gelowiges word nie deur hierdie vertoon van goeie werke gered nie, maar tot 'n lewe van gehoorsaamheid (vgl. Ef. 2:8-10). Toegewyde lewe word die bewys van verlossing en is nie 'n middel daartoe nie. Alhoewel, om ewige lewe deelagtig te wees, moet in merkbare eienskappe aanwesig wees; 'n spanning duidelik waarneembaar in die Hebreërbrief.

1:20 OAV "Want die mond van die HERE het dit gespreek"
NAV, CUM-MVB "Want dit is die Here wat dit gesê het"
CUM-NLV "Ek, die HERE sê so"
NASB "Truly, the mouth of the LORD has spoken"

God se woord sal tot stand kom (vgl. vgl. Jes. 24:3; 25:8; 40:8; 55:10-11; Mat. 5:18; 24:35; Luk. 16:17)! Die gelowige bou sy hoop op

1. die onveranderlike karakter van God
2. die barmhartige karakter van God
3. die betroubaarheid van sy beloftes
4. die nougesetheid van sy openbaring

NASB (HERSIENE) TEKS: 1:21-23

²¹**How the faithful city has become a harlot,
She who was full of justice!
Righteousness once lodged in her,
But now murders.**
²²**Your silver has become dross,
Your drink diluted with water.**
²³**Your rulers are rebels
And companions of thieves
Everyone loves a bribe
And chases after rewards.
They do not defend the orphan
Nor does the widow's plea come before them.**

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 1:21-23.

1:21-23 Hierdie gedeelte vestig aandag op die Jerusalem van Jesaja se tyd, die plek waar JHWH sy naam laat woon het (vgl. Deut. 12:5,11,14). Die stad het ontrou geword en laat na om by verbondsbepalinge te hou (vgl. vers 23). Die metrum in dié gedeelte volg 'n klaagtoon, 'n ritme wat algemeen was in begrafnisliedere en wat as literêre vorm dikwels in profetisme voorgekom het.

Let daarop hoe die verbond verbreek word:

1. moord (vgl. Eks. 20:13); doodslag met voorbedagte rade (BDB 953, KB 1283, vgl. Jer. 7:9; Hos. 4:2)
2. opstandsleiers
3. leidsliede wat met die gemene saak maak
4. omkoperij besonder gewild (vgl. 5:23; Eks. 23:6,8; Deut. 16:19; 1 Sam. 8:3; Ps. 26:10; Amos 5:12; Miga 3:11; 7:3)
5. deurgaans ingestel op vergoeding

6. wil nie in belang van wese optree nie
7. wil nie intree in belang van weduwees nie (vgl. Eks. 22:21-24; Jer. 5:28; 7:6; 22:3; Eseg. 22:7; Sag. 7:10)

Hierdie is duidelik verbreking van die Mosaïese verbond en dit gaan in hierdie konteks nie oor afgodery nie (behalwe as die verwysing na “slet”, “hoer”, “prostituut” (“*harlot*”) in vers 21 op Kanaänitiese vrugbaarheidskultus dui).

1:21 OAV, NAV, CUM-MVB “getroue”
CUM-NLV “voorheen so getrou”
NASB “faithful”

Sien *Vir Spesiale Aandag: Glo, Vertroue, Geloof en Getrouheid in die OT* by 7:4-9.

▣ **OAV, CUMs “wyn”**
NAV “bier”
NASB “drink”
NKJV, NRSV, TEV, NJB “wine”

◇

Hierdie Hebreeuse woord is nie die gebruiklike term vir wyn nie (Sien die *Vir Spesiale Aandag* wat hieronder volg). Dit is ‘n VROULIK ENKELVOUD wat slegs hier voorkom. Inaggenome die ooreenstemmende wortelstam in Akkadies, dui die woord waarskynlik op “bier” wat met water verdun en bederf is.

VIR SPESIALE AANDAG: BYBELSE OPVATTINGE OOR ALKOHOL EN ALKOHOLISME

I. Bybelse terme

A. Ou Testament

1. *Jajin* – die algemene term vir ‘wyn’ (DBD 406), wat 141 keer voorkom. Die etimologie van die woord is onseker omdat dit nie van ‘n Hebreeuse stamwoord kom nie. Dit dui op gegiste vrugtesap, meestal druiwesap. Tipiese gedeeltes is Gen. 9:21; Eks. 29:40; Num. 15:5,10.
2. *Tirosj* – ‘nuwe wyn’ (BDB 440). Omrede die klimaatstoestande in die Nabye Ooste begin gisting binne 6 uur nadat sap afgetrek is. Die term verwys na wyn in die gistingsproses. Vir ‘n paar tipiese teksverwysings, sien Deut. 12:17; 18:4; Jes. 62:8-9; Hos. 4:11.
3. *Asis* – baie duidelik alkoholiese drank (soetwyn, BDB 779, vgl. Joël 1:5; Jes. 49:26).
4. *Sekar* – die term vir ‘sterk drank’ (BDB 1016). Die Hebreeuse stamwoord word gebruik in die terme ‘dronk’ en ‘dronklap’. Daar is ‘n bestanddeel bygevoeg wat die bedwelming verhoog het. Dit word as parallel met *jajin* beskou (vgl. Spr. 20:1; 31:6; Jes. 28:7).

B. Nuwe Testament

1. *Oinos* – die Giekse ekwivalent vir *jajin*.
2. *Eos oinos* (nuwe wyn) – die Griekse ekwivalent vir *tirosj* (vgl. Mark. 2:22).
3. *Gleuchos vinos* (soet wyn, *asis*) – is wyn in die vroeë stadiums van gissing (vgl. Han. 2:13).

II. Gebruike in die Bybel

A. Ou Testament

1. Wyn is ‘n gawe van God (Gen. 27:28; Ps. 104:14-15; Pred 9:7; Hos. 2:8-9; Joël 2:19,24; Amos 9:13; Sag. 10:7).
2. Wyn kan deel uitmaak van offergawes (Eks. 29:40; Lev. 23:13; Num. 15:7,10; Deut. 14:26; Rig. 9:13)
3. Wyn vir medisinale gebruik (2 Sam. 16:2; Spr. 31:6-7)
4. Wyn kan ernstige probleme veroorsaak (Noag – Gen. 9:21; Lot – Gen. 19:33,35; Simson – Rig. 16:19; Nabal – 1 Sam. 25:36; Uria – 2 Sam. 11:13; Amnon – 2 Sam. 13:28; Ela – 1 Kon. 16:9; Benhadad – 1 Kon. 20:12; regeerders – Amos 6:6; en dames – Amos 4).
5. Wyn kan misbruik word (Spr. 20:1; 23:29-35; 31:4-5; Jes. 5:11,22; 19:14; 28:7-8; Hos. 4:11).
6. Wyn was verbode vir sekere groepe (priesters aan diens, Lev. 10:9; Eseg. 44:21; Nasareners, Num. 6; en regeerders, Spr. 31:4-5; Jes. 56:11-12; Hos. 7:5).
7. Wyn word gebruik in die eskatologiese tyd.

B. Inter-Bybel

1. Met matigheid voor oë is wyn goed vir ‘n mens (Pred 31:27-30)
2. ‘n Gesegde van die rabbyne: “Wyn is die beste van alle medisynes, waar wyn ontbreek, word dwelms benodig.”

C. Nuwe Testament

1. Jesus het ‘n groot hoeveelheid water in wyn verander (Joh. 2:1-11)
2. Jesus het wyn gebruik (Mat. 11:18-19; Luk. 7:33-34; 22:17 e. v.)
3. Petrus van “dronkenskap” weens “nuwe wyn” op Pinksterdag beskuldig (Han. 2:13)
4. Wyn kan as medisyne gebruik word (Mark. 15:23; Luk. 10:34; 1 Tim. 5:23)
5. Leiers moenie misbruikers wees nie; wat nie geheelonthouding impliseer nie (1 Tim. 3:3,8); Tit. 1:7; 2:3; Pet. 4:3).

6. Wyn word gebruik in eskatologiese tye (Mat. 22:1 e. v. ; Openb. 19:19)
7. Dronkenskap word afgekeur (Mat. 24:49; Luk. 12:45; 21:34; 1 Kor. 5:11-13; 6:10; Gal. 5:21; 1 Pet. 4:3; Rom. 13:13-14)

III. Teologiese Insigte

- A. Dialektiese spanning
 1. Wyn is 'n gawe van God
 2. Dronkenskap en verslaafdheid is problematies
 3. Terwille van die evangelie moet gelowiges te midde sekere kulture hulle vryheid beperk (Mat. 15:1-20; Mark. 7:1-23; 1 Kor. 8-10; Rom. 14)
- B. Die neiging om grense te oorskrei
 1. God is die gewer van alle goeie dinge
 2. 'n Gevalle mensdom het God se gawes misbruik deur dit buite sy grense daarvoor te gebruik.
- C. Misbruik is nie in fisiese dinge nie. Die fisiese skepping is nie sondig nie (Mark. 7:18-23; Rom. 14:14,20; 1 Kor. 10:25-26; 1 Tim. 4:4; Tit. 1:15).

IV. Eerste eeuse Joodse kultuur en gisprosesse

- A. Gisting tree vinnig in na die druif fyngemaak is; binne 6 uur.
- B. Die Joodse tradisie meen dat wanneer 'n ligte skuim op die oppervlak verskyn, dit as "wyn-tiende" aangebied kan word (*Ma aseroth* 1:7). Dit is 'nuwe wyn' of 'soetwyn' genoem.
- C. Primêre deurgisting is voltooi na 'n week
- D. Die sekondêre gistingsproses duur 40 dae waarna dit op die altaar aangebied kan word (*Edhujjot*) as 'verouderde wyn'.
- E. Wyn wat op afsaksel rus (ou wyn), is ook geskik, maar moet deeglik voor gebruik gefiltreer word.
- F. Wyn is na 'n jaar se gisting behoorlik verouder. Drie jaar was die langste wat wyn veilig gestoor kon word. Dit was dan 'ou wyn' en moes met water verdun word.
- G. Gedurende die laaste 100 jaar kon wyn se gisting in 'n steriele omgewing en met chemikalië beheer word. Die antieke wêreld kon die natuurlike proses van gisting nie stopsit nie.

V. Slotopmerkings

- A. Maak seker dat jou ervaring en teologie, jou interpretasie van die Bybel, nie vir Jesus en eerste eeuse kultuur geringskat nie. Hulle was duidelik nie afskaffers nie.
- B. Ek maak nie voorspraak vir die sosiale gebruik van alkohol nie. Nietemin, vele persone het die Bybel se standpunt uit verband geruk en baseer hul standpunt nou op gesag van 'n hoëgrond-geregtigheid soos in hulle kultuur en denominasie gangbaar.
- C. Vir my het Romeine 14 en 1 Korintiërs 8-10 insig en gedragpatrone gebied wat op liefde en respek gegrond is; nie op persoonlike vryheid of kritiese veroordeling nie. As die Bybel ons enigste bron van geloofskennis en lewenspraktyk is, sal ons dalk weer oor hierdie aangeleentheid moet dink.
- D. As ons geheelonthouding as God se wil verkondig, wat impliseer dit dan omtrent Jesus, en wat van moderne kulture wat gereelde gebruikers van wyn is (bv. Europa, Israel, Argentinië).

1:23 OAV	"beloninge"
NAV, CUM-MVB	"omkoopgeskenke"
CUM-NLV	"omkoopgeld"
NASB, NKJV, LXX, Pesjita	"rewards"
REB	"gifts"
NJB	"presents"

Hierdie term verskyn net hier in die OT. BDB (1024) wat sê dit beteken "belonings", "omkoopgeld", wat die betekenis in lyn bring met die "omkoopgeskenke" van die voorafgaande reël (BDB 1005). Die wortelstam kan met (1) "sjalom" in verband gebring word wat "vrede", (BDB 1024), ook "gesondheid" en "heelheid" of (2) "skadeloosstelling" impliseer (BDB 1024 vgl. ook 59:18; NIDOTTE, vol. 4, bl 143). In die samelewing van Jerusalem was vrede en voorspoed net vir die magsgroepe beskore.

NASB (HERSIENE) TEKS: 1:24-26

²⁴Therefore the Lord GOD of hosts,
The Mighty One of Israel, declares,
"Ah, I will be relieved of My adverseries
And avenge Myself on my foes.
²⁵I will also turn My hand against you,
And will smelt away your dross as with lye
And will remove all your alloy.
²⁶Then I will restore your judges as at the first,
And your counsellors as at the beginning;
After that you will be called the city of righteousness,
A faithful city. "

1:24-26 JHWH maak hier melding van sy toekomsplanne omtrent die herstel van sy volk (vgl. vers 26) nadat Hy die slegte leierskap veroordeel het.

1. “O wee, Ek sal vir My voldoening verskaf van my teëstanders,” vers 24 BDB 636, KB 688, *Nif'al-IMPERFEKTUM* in ‘n KOHORTATIEF vorm gebruik.
2. “en My wreek op my vyande,” vers 24, BDB 667, KB 721, *Nif'al-KOHORTATIEF*
3. “en Ek sal my hand teen jou uitstrek, vers 25, BDB 996, KB 1427, *Hif'il-KOHORTATIEF*
4. “en jou skuim soos met loog uitsuiwer,” vers 25, BDB 864, KB 1057, *Qal-IMPERFEKTUM*, maar in ‘n KOHORTATIEF-sin aangewend
5. “en al jou looddele wegneem,” vers 25, BDB 693, KB 747, *Hif'il-KOHORTATIEF*
6. “En Ek sal jou weer regters gee soos vroeër,” vers 26, BDB 996, KB 1427, *Hif'il-KOHORTATIEF*
7. “en raadsmanne soos in die begin,” vers 26, dieselfde as #6, met een WERKWOORD, maar twee OBJEKTE wat waarskynlik met die Eksodus verband hou.

Let daarop dat die doel van oordeel die herstel van die volk sal wees (vgl. vers 27).

1:24 Daar is twee Godsnames in hierdie vers wat aandag verdien:

1. -2. adon JHWH, (tseba'ôt – vgl. Ps. 110:1; NIDOTTE vol. 4, bl. 1297-1298)

Die Here HERE van die leërskaars (OAV)

Die HERE, die almagtige God (NAV)

Here, die Here, die Magtige van die hemelse leer (CUM-MVB)

Die Here, die almagtige HERE (CUM-NLV)

The Lord, GOD of Hosts (NASB)

3. die Magtige van Israel (OAV, CUM-MVB – vgl. Gen. 29:24; Ps. 132:2,5; Jes. 49:26; 60:16)

Die Sterke van Israel (NAV)

Die Heilige Een van Israel (CUM-NLV)

The Mighty One of Israel (NASB)

1:25-26	OAV	“jou. . . jy”
	NAV, CUM-MVB	“jou. . . jou”
	CUM-NLV	“julle. . . julle”
	NASB	“you. . . your”

Uit die VROULIKE ENKELVOUD van die twee verse is dit duidelik dat JHWH die hoofstad van Juda, Jerusalem, aanspreek; die ontroue stad word in al haar magstrukture aangespreek: militêr, ekonomies en godsdienstig.

Soos wat verse 19 en 20 die WERKWOORD op ‘n kontrasterende manier (woordspel) gebruik het, doen Jesaja ook hier in verse 25 en 26.

1. “Ek draai teen julle” – CUM-NLV (vgl. BDB 996, KB 1427, *Hif'il-KOHORTATIEF*)

2. “Daarna gee Ek aan julle” – CUM-NLV (BDB 996, KB 1427, *Hif'il-KOHORTATIEF*)

Woordspel in vers 27 veroorsaak dat, danksy die HERE se “regspraak en regverdig optree” (“justice”), ‘n kontras sterk na vore kom in “sal die berouvolles. . . gered word” (vgl. BDB 996, KB 1427, *Qal-AKTIEF DEELWOORD*). So is die vernede gesindheid van Jerusalem se mense te danke aan beide God se “oordeel” en “geregtigheid”.

1:26	OAV	“‘n stad van geregtigheid”
	NAV, CUM-MVB	“Stad van Geregtigheid”
	CUM-NLV	“die Huis van Geregtigheid”
	NASB	“a faithful city”

Is hierdie ‘n opvallende omkering van die sarkasme in vers 21? Jerusalem is nie meer ‘n prostituut nie, maar ‘n getroue vrou in haar eer herstel. Sy voldoen aan haar (l.w. “stad” is VROULIK) titel as “getrou aan God, aan sy verbond en so ook in onderlinge verhouding!”

NASB (HERSIENE) TEKS: 1:27-31

²⁷Zion will be redeemed with justice

And her repentant ones with righteousness.

²⁸But transgressors and sinners will be crushed together,

And those who forsake the LORD will come to an end.

²⁹Surely you will be ashamed of the oaks which you have desired,

And you will be embarrassed at the gardens which you have chosen.

³⁰For you will be like an oak whose leaf fades away

Or as a garden that has no water.

³¹The strong man will become tinder,

His work also a spark.

Thus they shall both burn together

And there will be none to quench them.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 1:27-31.

1:27-28 Let op die parallellisme hier.

1. vers 27, die bewoners van die herstelde stad sal aan “reg” en “geregtigheid” geken kan word (dit volg uit die laaste twee reëls (3 en 4) van vers 26,
2. vers 28 is antitetiese parallellisme op vers 27, maar in beide is daar sintetiese parallellisme.

Die vraag is of vers 27 beskryf wat God doen of sal doen en of dit beskrywend is van ‘n getroue verbondsvolk? Hierop is die antwoord positief, omdat God daarna verlang dat die getroue verbondsvolk as openbaring van sy karakter (aard) aan die verlore nasies sal dien. Objektief dui hierdie kwaliteite op God en subjektief op die gelowiges.

1:29 Hierdie vers beskryf die afgodery in Juda. Dit kan verwysing wees na

1. Ba’al en Asjera aanbidding by plaaslike heiligdomme (Asjera is by wyse van ‘n lewende boom of gemerkte paal vereer, vgl. 57:5 waarby ook kinderoffers aan Molog gemaak is.
2. aanbidding by heilige bome gewy aan lokale gode, vgl. 65:3; 66:17
3. aanbidding in heilige tuine wat te doen gehad het met ‘n geheime plek vir afgodery. In literatuur van die Ou Nabye Ooste word tempels en spesiale tuine dikwels in dieselfde asem genoem.

Die moontlikheid is nie uitgesluit dat die hele paragraaf 27-31 op die uitbuiting en materialisme van die welgestelde klasse in Juda sinspeel nie. Vers 29 het dan te doen met uitsoekeiendomme (d.w.s. verbrekking van JHWH se besondere liefde vir minder gegoedes, verstotenes en die wat van mag gestroop is), en nie soseer met afgodery as ontkenning van sy uniekheid nie.

Lees gerus die hele hoofstuk en besluit vir jouself! Watookal dan die geval, dit laat na om aan die nasies die ware karakter van JHWH te vertoon.

1:30 OAV “verdor”
NAV, CUM-MVB “verdroog”
CUM-NLV “verlep”
NASB “fades”

Hierdie WERKWOORD (BDB 615, KB 663, *Qal*-AKTIEF DEELWOORD) word metafories gebruik om die verganklikheid van mense se bestaan te beskryf (vgl. 34:4; 64:6; Ps. 90:5,6).

1:31 OAV, NAV, CUMs “vonk/vuur”
NASB “fire”

Onder “vuur” moet oordeel en reiniging verstaan word (vgl. 6:13; Jer. 4:4; 7:2; Amos 5:6).

VIR SPESIALE AANDAG: VUUR

In die Bybel het vuur positiewe en negatiewe konnotasies.

A. Positief:

1. maak warm (vgl. Jes. 44:15; Joh. 18:18)
2. versprei lig (vgl. Jes. 50:11; Mat. 25:1-13)
3. kook (vgl. Eks. 12:8; Jes. 44:15-16; Joh. 21:9)
4. suiwer (vgl. Num. 31:22_23; Spr 17:3; Jes. 1:25; 6:6-8; Jer. 6:29; Mal. 3:2-3)
5. heiligheid (vgl. Gen. 15:17; Eks. 3:2; 19:18; Eseg. 1:27; Heb. 12:29)
6. hoe God lei (vgl. Eks. 12:21; Num. 14:14; 1 Kon. 18:24)
7. hoe God toerus (vgl. Han. 2:3)
8. beskerming (vgl. Sag. 2:5)

B. Negatief:

1. brand (vgl. Jos. 6:24; 8:8; 11:11; Mat. 22:7)
2. vernietig (vgl. Gen. 19:24; Lev. 10:1-2)
3. toorn (vgl. Num. 21:28; Jes. 10:16; Sag. 12:6)
4. straf (vgl. Gen. 38:24; Lev. 20:14; 21:9; Jos. 7:15)
5. vals eindtydteken (vgl. Openb. 13:13)

C. God se toorn oor sonde uitgedruk in vuur-metafore

1. sy toorn brand (vgl. Hos. 8:5; Sef. 3:8)
2. gloeiende toorn, gramskap soos ‘n veldbrand (vgl. Nah. 1:6)
3. ewige vuur (vgl. Jer. 15:14; 17:4)
4. eindtye oordeel (vgl. Mat. 3:10; 13:40; Joh. 15:6; 2 Tess. 1:7; 2 Pet. 3:7-10; Openb. 8:7; 13:13; 16:8)

D. Soos baie ander metafore in die Skrif (bv. ‘suurdeeg’ of ‘leeu’) kan vuur, afhangende van die konteks, tot seën wees of ‘n vloek simboliseer.

■ OAV, NAV, CUM-MVB “Die sterke”

CUM-NLV	“die sterkste”
NASB	“the strong man”
NKJV, NRSV, NJB	“the strong”
LXX, Pesjitta	“their strength”
REB	“the strongest tree”
JB	“the men of high estate”

Hierdie BYVOEGIKE NAAMWOORD word net hier en in Amos 2:9 aangetref. In albei gevalle word dit in verband met bome gebruik (vgl. vers 29,30). Daarom is die REB waarskynlik die beste vertaling. Daarmee word afgodery in ‘n woud, by bome en in ‘n tuin voor die gees geroep.

▣ OAV	“vlas”
NAV, CUM-MVB	“stuk lap”
CUM-NLV	“brandende strooi”
NASB	“tinder”

Hierdie term (BDB 654) as WERKWOORD, beteken gewoonlik “om uitgeskud te wees” (vgl. 33:9,15), maar die SELFSTANDIGE NAAMWOORD, wat tweekeer in die OT voorkom, impliseer ‘n string of tou uit vlas vervaardig.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Hoe lank het Jesaja as die vernaamste profeet in Juda gedien?
2. Hoekom word God in sulke mensvormige spreekwyse voorgehou?
3. Het God geen erg aan offerandes nie?
4. Watter verantwoordelikheid het ‘n mens in sy/haar eie redding soos in beide OT en NT aangedui?

JESAJA 2

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
God's Reign 2:1	Universal The Future of God 2:1-4	House Second Superscription 2:1	Everlasting Peace 2:1-5	Everlasting Peace 2:1-5	Uit Sion kom die openbaring 2:1-5
2:2-4 (2-4)	(2-4)	The New Hope 2:2-4 (2-4)	(2-3) (4)	(2-3) (4)	
2:5-11 (5-11)	2:5-9 (5) (6-9) 2:10-11 (10-11)	2:5-22 (5-22)	Arrogance Will Be Destroyed 2:6-8 2:9 2:10-18	(5) The Brilliance of Yahweh's Majesty 2:6-22 (6-8) (9-10) (11-16)	Die hoogmoediges sal verneder word 2:6-22
A Day of Reckoning Coming 2:12-22 (12-22)	2:12-22 (12-18) (19) (22)		2:19-21 2:22	(17) (18-19) (21) (22)	

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegids kommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INSIGTE UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Soos in hoofstuk 1 begin Jesaja 2 ook met 'n inleidende frase, hoewel anders as dié van hoofstuk 1. Dit is moontlik dat redaksionele werk aan die boek gedoen is of versamelings van sy preke/bodskappe/visioene gemaak is. Dit kon
 1. kronologies aangepak gewees het (bv. Ten tye van 'n bepaalde koning)
 2. gerangskik onder 'n tema
 3. trefwoorde
 4. 'n literêre werkwyse aan ons onbekend

5. geskrewe kopieë van sy verskillende boodskappe
Sien die aantekening in die *Jewish Study Bible* op bl. 787.

- B. Hierdie hoofstuk is 'n goeie voorbeeld van sy boodskappe deurgaans.
1. hoop vir al die nasies deur middel van sy verbondsvolk (vers 2-4)
 2. oordeel oor verbondsverbreking en sondevervalle leefwyse (verse 5-22)
- C. Jahweh begeer 'n verbondsgemeenskap wat in geregtigheid en gewyde leefstyl sy karakter weerspieël voor die nasies sodat hulle Hom in geloof en geregtigheid sal navolg (vgl. 45:22; 49:6; 60:3; 66:18,23)
- D. Onthou asseblief om nie hierdie poëtiese aanslag in klein dele (frases) op te breek of in woordstudies vas te val nie. Let eerder op die deurlopende parallelismes, woordspel en kontraste! Die gedig in geheel wil 'n besondere boodskap tuisbring. Wees versigtig met uitlig van woorde, temas en waarhede wat jou in vooropgestelde, sistematiese denke gemaklik laat voel of jou teologie pas. Laat Jesaja self aan die woord!
- E. As gevolg van 'n deurlopende tema van oordeel en seën vorm hoofstukke 2-4 'n literêre eenheid.
- F. 'n Boek wat my gehelp het om die taal van profesie en apokaliptiese denke te verstaan, is D. Brent Sandy se *Plowshares and Pruning Hooks: Rethinking the Language of Biblical Prophecy and Apocalyptic*, IVP, ISBN 0-83-8-2653-X.

UITLEG VAN DIE HOOFSTUK

- A. 'n Lied met die strekking van 'n gelykenis, verse 1-6
- B. 'n Interpretasie, maar ironies, vers 7
- C. die onvermydelike oordeel van Jahweh (JHWH), verse 8-30.
1. opeenvolgende ellendes, verse 8-23
 2. oordeel, verse 24-30
 - a. uit die natuur, vers 25
 - b. vreemde invallers, verse 26-30

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS 2:1

¹The word which Isaiah the son of Amos saw concerning Judah and Jerusalem.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 2:1.

2:1 Dit is onseker waarom Jesaja se boodskappe beskryf word as

1. 'n visioen (1:1; 29:7 – BDB 302; vgl. Miga 3:6),
2. wat hy gesien het (1:1; 2:1; 13:1; 26:11; 33:17; 48:6; 57:8; vgl. Miga 1:1).

Dit is die misterie van openbaring. Verskillende Bybelskrywers ervaar dit op 'n verskeidenheid van maniere (visioene, drome, teofanieë [verskyninge], woordinspraak, ens.) Skrywers, redakteurs en samestellers se groot vryheid ten opsigte van die vormgewing en aanbieding van God se boodskap is minder bekend onder hedendaagse mense. Daar is geen twyfel dat hulle hul eie taalvermoë en woordeskat gebruik het nie. Al bly die werking van openbaring onbegryplik, is dit van kardinale belang om die realiteit daarvan te aanvaar. Dit is boodskappe van God deur middel van 'n persoon, aan 'n bepaalde groep mense, in 'n bepaalde tydsgewrig en onder bepaalde historiese omstandighede; boodskappe betekenisvol vir mense van alle tye. Die sleutel vir korrekte verstaan, is dat die bedoeling van die oorspronklike en geïnspireerde skrywer die enigste maatstaf vir uitleg moet wees. Die één enkele bedoeling kan wel op 'n veelheid van gebiede van toepassing wees.

NASB (HERSIENE) TEKS: 2:2-4

²Now it wil come about that in the last days

The mountain of the house of the LORD

Will be established as the chief of the mountains,

And will be raised above the hills;

And all the nations will stream to it.

³And many people will come and say,

“Come let us go up to the mountain of the LORD,

To the house of the God of Jacob;

That He may teach us concerning His ways

And that we may walk in His paths.”

**For the law will go forth from Zion
 And the word of the LORD from Jerusalem.
⁴And He will judge between the nations,
 And He will render decisions for many peoples;
 And they will hammer their swords into plowshares and their spears into pruning hooks.
 Nation will not lift up a sword against nation,
 And never again they will learn war.**

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 2:2-4.

2:2-4 Hierdie bondige paragraaf dien as 'n opsomming van die OT se mening oor die plek en doel van die verbondsvolk se bestaan (diesefde as Miga 4:1-5). Hulle moes 'n lig vir die nasies wees (vgl. 51:4,5; Luk. 24:47)! Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:3.

**2:2 OAV, CUMs “In die laaste dae”
 NAV “Daar kom ‘n tyd”
 NASB “In the last days”**

Hiermee word die toekomsthorison van die betrokke Bybelskrywer bedoel (vgl. G.B. Caird, *The Language and Imagery of the Bible* (hoofstuk 14, *The Language of Eschatology*), bl. 243-271. Dit dui aan dat daar 'n tyd kom waarin God sy doelstellings tot voleinding sal bring:

1. die Messiaanse koninkryk, vgl. Gen. 49:1 (veral vers 10); Num. 24:14-25 (veral vers 17); Jes. 2:2; Jer. 48:47; 49:39; Eseg. 38:8,16
2. die rebellie van Israel, Deut. 31:29
3. Israel se terugkeer na JHWH met sondebelydenis en geloof, Deut. 4:30; Hos. 3:5; Jer. 23:19-22 (vers 23:20)
4. aanvalle op die verbondsvolk aan die einde van die tyd, Eseg. 38:16; Dan. 2:28; 10:14 (moontlik Ps. 2);
5. ballingskap, Amos 4:2

Slegs die konteks kan die tydperk korrek aandui. Wees versigtig met jou sistematiese teologie!

VIR SPESIALE AANDAG: HIERDIE BEDELING EN DIE BEDELING WAT KOM

Die profete van die OT het oor die toekoms gedink as 'n verlengstuk van die hede. Hulle was van mening dat dit 'n herstel van geografiese Israel moes inhou. Maar die aanbreek van 'n nuwe dag was nie uitgesluit nie (vgl. Jes. 65:17; 66:22). Die volgehoue afvalligheid van JHWH, selfs ná die terugkeer uit ballingskap, het 'n nuwe paradigma in die Joodse tussen-testament apokaliptiese literatuur ingelei (bv. 1 Enoch, IV Esra, II Barug). Dit is hierdie paradigma wat die onderskeid tussen twee eras laat blyk: die huidige bose bedeling onder beheer van Satan en 'n toekomstige bedeling van geregtigheid onder beheer van die Gees, ingelei deur 'n (dikwels krygsvaardige tipe) Messias.

Op hierdie gebied van die teologie kom klaarblyklike nuwe insig na vore. Teoloë verwys hierna as “voortgaande openbaring”, wat leerstellig as “eskatologie” bekend staan. Die NT bekragtig hierdie opvatting van twee bedelings as 'n nuwe kosmiese werklikheid van “twee eras” (temporale dualisme).

<u>Jesus</u>	<u>Paulus</u>	<u>Hebreërs</u>
Mat. 12:32	Rom. 12:2	1:2
Mat. 13:22 & 29	1 Kor. 1:20, 2:6-8; 3:18	6:5
Mat. 10:30	2 Kor. 4:4	11:3
Luk. 16:8	Gal 1:4	
Luk. 18:30	Ef. 1:21; 2:1,7:	
Luk. 20:34-35	1 Tim 6:17	
	2 Tim 4:10	
	Tit. 2:12	

In NT-teologie het hierdie twee Joodse eras die aspek van “oorvleueling” bygekry omrede die onverwagse (en dikwels misverstande Skrif) oor die twee verskynings van die Messias. Die menswording van Jesus het die OT-profesieë vervul en daarmee vind die intrede van die nuwe era plaas. Die OT (profesieë) sien Hom ook kom as Regter en Oorwinnaar. In sy eerste verskyning is Hy die Lydende Knecht van die Here (vgl. Jes. 53), nederig en sagmoedig (vgl. Sag. 9:9). Hy sal egter met groot krag weer verskyn; net soos die profete voorspel het (vgl. Openb. 19). Hierdie twee-stadium vervulling veroorsaak dat die koninkryk ingelei is, maar nog nie volledig aangebreek het nie.

- ▣ **OAV** “die berg van die HERE vasstaan”
- NAV, CUM-MVB** “die berg waarop die huis van die HERE is”
- CUM-NLV** “die berg van die tempel van die HERE”
- NASB** “The mountain of the house of the LORD”

Dit dui op die tempel op die berg Moria in Jerusalem. Dit was die sentrale plek van aanbidding waar JHWH verkies het om sy naam te laat woon (vgl. Deut. 12:5,11,14,18,21,26; 14:25; 15:20; 16:2,5,11,15; 17:8,10;18:6; 26:2; 31:11).

Die NIV *Study Bible* (bl. 962-3) meld dat die tema van die berg van die Here algemeen in Jesaja voorkom; die plek waarheen al die nasies in die laaste dae sal kom (vgl. 11:9; 27:13;56:7; 57:13; 65:25; 66:20).

In 'n sekere sin word die verhoogde berg Sion (d.w.s. die staanplek van JHWH se tempel in Jerusalem) in Kanaänitiese mitologie voorafgegaan (vgl. NIDOTTE, vol. 4, bl. 1314-1321). Die Kanaänitiese gode het op berg Safon in die verre noorde gebly (vgl. Jes. 14:13), maar Ps. 48:2 het die denkbeeld verander na berg Sion waar JHWH die opperheer is bo alle Kanaänitiese gode!

In Mesopotamiese literatuur kom die gedagte van verhoogde tempels of 'n stad ook voor (vgl. *The Widmar Chronicle, Assyrian Inscriptions, Marduk Prophecy*), 'n konsep wat nie uniek aan Jesaja is nie.

■ Neem kennis van die metafore wat Jesaja gebruik om die vernaamste plek van JHWH se openbaring aan die nakomelinge van Abraham te beskryf:

1. "n blywende plek bokant die bergtoppe" (die plek van ware openbaring)
2. "sal uitstaan bo die heuwels" (die vernaamste en uitsonderlik)
3. "al die nasies sal daarheen stroom" (wat die heelyd JHWH se doel was, vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; Jes. 56:6-8!) Dit is die klaarblyklike gevolg van monoteïsme.

VIR SPESIALE AANDAG: MENINGSVERSKIL OOR DIE EINDGEBEURE

Gedurende jare van bestudering van die eskatologie het dit vir my duidelik geword dat die meeste Christene in 'n gesistematiseerde, chronologiese beskouing van die eindgebeure nie geïnteresseerd is nie. Daar is Christene wat op hierdie aspek van die Christendom fokus en vassteek om teologiese, sielkundige en denominasionele redes. Hulle obsessie wentel om die vraag hoe die einde sal kom en daarmee ontgaan die dringendheid van evangelieverkondiging hulle algeheel. Gelowiges kan immers niks aan of afdoen aan God se eindtydagenda nie. Hulle kan wel betrokke wees by die evangelie-opdrag van Mat. 28:19-20; Luk. 24:47; Han. 1:8. Die meeste gelowiges aanvaar die tweede koms van Christus en 'n voleinding waartydens die beloftes van God tot vervulling sal kom. Die baie meningsverskil ontstaan weens die menslike onvermoë om die paradokse oor die tyd daarvan te begryp:

1. die spanning tussen die OT profetiese modelle en die NT apostel-modelle
 2. die spanning tussen monoteïsme se een God vir almal en Israel as uitverkore volk
 3. die spanning tussen verbondsverpligtinge (as julle. . .dan) en die onvoorwaardelike trou van God wat betref die redding van 'n gevalle mensdom
 4. die spanning tussen Midde-Oosterse literêre vorme en Westerse letterkundige modelle
 5. die spanning oor die koninkryk van God wat "reeds gekom het" en wat "nog kom"
 6. die spanning oor die "nabye" wederkoms van Christus, maar sekere gebeure moet dit voorafgaan.
- Ons bekyk hierdie "spanninge" een vir een.

SPANNING EEN (die OT-rasgebonde, nasionaal-geografiese sienswyse in spanning met alle gelowiges oor die wêreld heen). Die profete van die OT het 'n herstel van die Joodse koninkryk in Jerusalem voorspel, onder heerskappy van 'n regeerder uit die Dawidlinie, waar al die volke van die wêreld sal saamkom, maar Jesus en sy apostels het nie op dié agenda gesteun nie. Is die OT nie "geïmmspireerd" nie of het die NT-skrywers noodsaaklike eindgebeure oor die hoof gesien?

Hier volg 'n verskeidenheid bronne van inligting oor die einde van die wêreld:

1. profete van die OT (Jesaja, Miga, Maleagi)
2. apokaliptiese skrywers van die OT (Eseg. 37-39; Dan. 7-12; Sagaria)
3. nie-kanonieke boeke van tussen OT en NT deur apokaliptiese skrywers (bv. 1 Henog, aangehaal in Judas)
4. mededelings van Jesus (Mat. 24; Mark. 13; Luk. 21)
5. geskrifte van Paulus (1 Kor. 15; 2 Kor. 5; 1 Tess. 4-5; 2 Tess. 2)
6. geskrifte van Johannes (1 Johannes en Openbaring)

Gee hulle enige aanduiding van volledige besonderhede wat in die eindtyd wag (oor gebeure, persone of kronologie)? Indien nie, hoekom nie? Is hulle almal, behalwe die tussen-testamentêre Joodse skrywers, nie geïnspireerd nie?

Die Heilige Gees het aan OT-skrywers waarhede geopenbaar in terme en kategorieë wat hulle kon verstaan. Maar deur progressiewe openbaring het die Gees hierdie metafore tot begrippe van universele omvang uitgebrei ("die misterie van Christus," vgl. Ef. 2:11-3:13). Sien *Vir Speciale Aandag* by 10:7. Hier volg enkele toepaslike voorbeelde:

1. Die stad Jerusalem word in die OT as metafoor vir die volk van God gebruik (Sion), maar dit word in die NT deurgegee as die simbool van God se aanvaarding van alle berouvolle, gelowige mense (die Nuwe Jerusalem van Openb. 21/22). So word Gen. 3:15 teologies uitgebou van fisiese stad tot 'n "nuwe volk van God" (gelowige Jode en nie-Jode). Hierdie belofte van God het bestaan voordat daar sprake was van 'n Joodse volk en 'n Joodse hoofstad. Selfs die roeping van Abraham (vgl. Gen. 12:1-3) sluit duidelik die heidene in (vgl. Gen. 12:3; Eks. 19:5).
2. In die OT is die vyande van God se volk al die nasies rondom in die Nabye Ooste, maar in die NT omvat die begrip al die ongelowige, ongoddelikes wat deur Satan teen God aangepor word.
3. Die Beloofde Land, so swaar op die hart van die volk van die OT gelê (vgl. Gen. 12:7; 13:15; 15:7,15; 17:8;), omsluit nou die hele wêreld. Die Nuwe Jerusalem daal neer op 'n vernude aarde en nie net maar eksklusief op 'n stukkie Nabye Ooste nie (Openb. 21/22).

4. Ander uitgebreide OT-opvatting is soos volg
 - a. die nageslag van Abraham is die geestelik besnedenes (vgl. Rom. 2:28-29)
 - b. die verbondsgemeenskap sluit nou die (bekeerde) heidendom in (vg Hos. 1:10; 2:23; aangehaal in Rom. 9:24-26; asook 26:12 e.v; Eks. 29:45; aangehaal in 2 Kor. 6:6-18 en Eks. 19:5; Deut. 14:2; aangehaal in Tit. 2:14)
 - c. the temple is now Jesus (vgl. 26:61; 27:40; Joh. 2:19-21) en die plaaslike kerk (vgl. 1 Kor. 3:16) of selfs die individuele gelowige (vgl. 1 Kor. 6:19)
 - d. selfs Israel en haar beskrywing in kenmerkende OT-frases dui nou op die hele volk van God (bv. "Israel", Rom. 9:6; Gal. 6:16; verder 'n "koninkryk van priesters" dui op die hele volk van God; vgl. 1 Pet 2:5,9-10; Openb. 1:6)

Die profetiese model is vervul, uitgebrei en sluit nou meer in. Jesus en die apostelskrywers handel nie oor die eindtyd op soortgelyke wyse as die OT-profete nie (vgl. Martin Wyngaarden, *The future of the Kingdom in Prophecy and Fulfilment*). Hedendaagse skrifverklaarders wat probeer om die OT meer letterlik of normatief te verstaan, maak van die Openbaring 'n erg Joodse boek en dring "betekenis" op aan losstaande mededeling van Paulus en Christus. Die NT skrywers het nêrens die OT-profete teëgegaan nie, maar toon hulle uiteindelijke, universele betekenis aan. Daar bestaan nie so iets soos 'n logiese sisteem in Jesus en Paulus se eskatologie nie. Dit was in hulle geval merendeels van soteriologiese (reddende) of pastorale aard.

Maar spanning is daar selfs in die NT. Die eskatologie word nie sistematies aangebied nie. Dit is selfs verbasend hoe die Openbaringsboek na die OT terugreik en nie van Jesus se leringe oor eskatologie gebruik maak nie (vgl. Mat. 24; Mark. 13)! Dit haak by genre aan wat Sagaria, Esegïel en Daniël insieer het, hoewel daar 'n ontwikkeling was van Joods-apokaliptiese literatuur gedurende die intertestamentêre tyd. Dit mag Johannes se manier wees om (met Openbaring) 'n band tussen die ou verbond en die nuwe te bewerkstellig. Dit vertoon die eeuë oue patroon van die mens se rebellie en God se verbintenis tot verlossing. Maar daar moet op gelet word dat, alhoewel die Openbaringsboek OT-taal, -persoonlikhede en -gebeurtenisse gebruik, dit alles herinterpreteer word in die lig van eerste-eeuse Rome (vgl. Openb. 1:7).

SPANNING TWEE (Monoteïsme teenoor 'n "uitverkore volk")

Die klem van die Bybel val op een persoonlike God wat Gees, Skepper en Verlosser is (vgl. Eks. 8:10; Jes. 44:24; 45:5-7,14,18,21-22; 46:9; Jer. 10:6-7). Op sy dag was die OT uniek omrede die monoteïsme. Alle volke rondom was politeïsties. Dat God Één is, was die hart van die OT-openbaring (vgl. Deut. 4:6). Die skepping dien as die verhoog waarop God sy vriendskapsverhouding (fellowship) met die mens, geskape na sy beeld, tot stand wou bring (vgl. Gen. 1:26-27). Maar die mens het oortree en teen God se liefde, leiding en doel vir hulle gesondig (vgl. Gen. 3). God was egter met sy groot liefde en doel so vasberade dat Hy aan die gevallenes 'n belofte van komende verlossing gemaak het (vgl. Gen. 3:15).

Die spanning het ontstaan toe God een man, sy familie en een nasie gekies het om die boodskap na die mensdom oor te dra. Sy verkiesing van Abraham en die Jode as 'n koninkryk van priesters het tot hoogmoed gelei eerder as diens, uitsluiting van mense eerder as insluiting. Die roeping van Abraham was daarop gemik om al die nasies te seën (vgl. Gen. 12:3). Hou in gedagte dat uitverkiesing in die OT op diens gerig was en nie redding nie. Israel se hoop op ewige verlossing was nie op geboortereg gebaseer nie (vgl. Joh. 8:35-59; Mat. 3:9), maar het saamgehang met persoonlike geloof en gehoorsaamheid (vgl. Gen. 15:6 aangehaal in Rom. 4). Israel se opdrag om 'n koninkryk van priesters te wees, het op die kerk oorgegaan (vgl. Jes. 1:6; 2 Pet 2:5-9). Verkiesing is 'n mandaat en moenie in bevoorregting ontaard nie, dis 'n indiensname, nie 'n spesiale status nie! God het een uitverkies ten einde almal te kies!

SPANNING DRIE (Verbondsverpligtinge teenoor genadeverbond). In die verbonde is daar 'n spanning oor verbond wat verpligtinge as voorwaarde en 'n verbond sonder voorwaardes het (vgl. Gen. 15:12-21). Dit moet verseker verstaan word dat God se verlossingsplan nie voorwaardes stel nie, maar dat die mens se reaksie op die genadeverbond altyd 'n voorwaarde is. Die "as. . . dan" patroon kom dwarsdeur die Skrif in die OT en NT voor. God is getrou (onvoorwaardelik), maar die mens is ontrou (voorwaardes geld). Hierdie spanning (kontras) het tot baie verwarring aanleiding gegee. Uitleggers was geneig om net op een kant van die dilemma te fokus: oorbeklemtoning van God se getrouheid of die mens se aandeel, oorbeklemtoning van God se soewereiniteit of dat die mens 'n vrye wil het. Altwee kante van die saak is Bybelsgefundeerd en moet inaggeneem word.

Dit werp lig op God se beloftes aan Israel in die OT. Wat God ookal belof het, dit staan vas. God is aan sy beloftes gebonde. Dit gaan per slot van sake om sy reputasie (vgl. Eseg. 36:22-38). Die onvoorwaardelike en voorwaardelike van die verbonde word in Christus versoen en nie in Israel nie (vgl. Jes. 53). God se verbondstrou kom in verlossing tot uiting teenoor almal wat sonde bely en glo. Dit vra nie wie jou vader en moeder was nie. Israel (nageslag van Abraham) is nie die sleutel tot verlossing nie, maar al God se verbonde en beloftes word in Christus ontsluit. As daar in die teologie, in navolging van die Bybel, slegs 'n sydelingse verwysing (parentese) gemaak word, sal dit op Israel van toepassing wees en nie op die kerk nie!

Die wêreldsending van die evangelie is deur die kerk oorgeneem (vgl. Mat. 28:19-20; Luk. 24:47; Han 1:8). Dit beteken wel nie dat God die Jode algeheel verwerp het nie (vgl. Rom. 9-11). 'n Israel wat waarlik glo, mag 'n doel en 'n plek hê in die eindtyd (vgl. Sag. 12:10).

SPANNING VIER (Literêre modelle van die Nabye Ooste teenoor Westerse modelle). Insig in die literatuursoort is van kardinale belang vir korrekte verstaan van die Bybel. Die Kerk se ontstaan dateer uit 'n westerse (Griekse) omgewing. Oosterse literatuursoorte is veel meer op die figuurlike, metaforiese en simboliese spreekwyse ingestem as die Westerse kulture met hul letterlike aanslag. Die Oosterling fokus meer op mense en ontmoetinge en gebeure as om waarheid bondig

te formuleer en aan te bied. Christene het hulle daaraan skuldig gemaak om vanuit hulle geskiedenis en literêre modelle die Bybelse profetisme te benader (dit geld vir beide die OT en NT). Geslag na geslag en mense uit alle oorde het hulle kultuur, geskiedenis en letterlikheid ingespan om die boek, Openbaring, te verklaar. Elkeen van hierdie pogings het misgetas! Dit is immers uiters misplaas om te dink dat Bybelse profesie op Westerse kultuur sou gefokus het!

Die literatuursoort waarin die oorspronklike skrywer verkies het om te skryf, moet as 'n literêre kontrak met die leser beskou word. Die Openbaringboek is nie geskiedenis nie. Dit is 'n samevoeging van briewe (1-3), gevolg deur profesie en 'n groter deel apokaliptiese literatuur. Dit is net so verkeerd om die Bybel minder te laat sê as die die bedoeling van die oorspronklike skrywer as wat dit is om die Bybel meer as sy bedoeling te laat sê. In 'n boek soos Openbaring is dogmatisme arrogant en heeltemal onvanpas.

Die kerk kon nooit ooreenkom oor hoe Openbaring interpreteer moet word nie. My mening is dat na die Bybel in sy geheel geluister en daarvolgens gehandel moet word en nie net met voorkeur van gedeeltes nie. Die Bybel bied, weens sy Oosterse inkleding, waarheid in parestellings aan wat dikwels in spanning met mekaar verkeer. Ons Westerse manier om waarheid aan te bied, is nie ongeldig nie, maar ongebalanseerd. Ek is van mening dat die doodloopstraat waarin opeenvolgende geslagte hulle met uitleg van Openbaring bevind het die beste blyk uit die baie verskille in uitkoms van die uitleg. Vir die meeste uitleggers is dit volkome duidelik dat Openbaring in ooreenstemming met sy eie ontstaanstyd en genre uitgelê moet word. 'n Historiese uitleg moet afvra hoe die eerste lesers dit kon verstaan het en wat hulle daarin sou gehoor het. Vir baie hedendaagse uitleggers het die betekenis van veel van die simboliek in die boek verlore gegaan. Die hoofsaak van Openbaring was om verdrukke gelowiges te bemoedig. Soos in die profetisme, wou dit God se beheer in die geskiedenis beklemtoon; dit het bevestig dat die geskiedenis na 'n bepaalde punt van oordeel en seën (redding) aanbeweeg. Openbaring het in eerste-euse Joodse apokaliptiek die liefde van God aan die lesers voorgedou; sy teenwoordigheid, sy krag en oppermagtige heerskappy.

Dit, dan, is die teologie wat die Openbaringboek deur alle geslagte heen aan gelowiges deurgegee het. Die kosmiese stryd van goed en sleg word daarin vervat. Die agtergrondfeite van die eerste eeu mag vir ons verlore wees, maar nie die kragtige, vertroostende waarhede nie. Wanneer hedendaagse Westerse skrifverklaarders probeer om hulle eietydse historiese gebeure in Openbaring in te lees, val hulle daarmee in 'n patroongeworde manier van valse uitleg vas!

Maar dit is heel mootlik dat vroeë besonderhede in die boek treffend vir die laaste geslag van gelowiges herhaal kan word met die opkoms van 'n leier wat 'n totaal anti-God kultuur sal voorstaan (vgl. 2 Tess. 2). Voordat voorspellings van Jesus (vgl. Mat. 24; Mark. 13; Luk. 21) en van Paulus (vgl. 1 Kor. 15:1; 1 Tess. 4-5; 2 Tess. 2) nie histories sigbaar word nie, kan niemand die letterlike vervulling van Openbaring aantoon nie. Raaiwerk, gissings en dogmatisme is hier volledig uit plek. Dit is na die aard van apokaliptiese literatuur om minder spesifiek en buigsam in aanbieding te wees. Wees daarom dankbaar teenoor God vir beeldryke, simboliese taal wat bo menings oor historiese gebeure uitstyg! Taal wat bloot sê dat God in beheer is! Hy regeer. Hy kom weer.

Die meeste hedendaagse kommentare oor Openbaring maak met hierdie eiesoortige aard (genre) nie voldoende erns nie. Westerse logika soek in die boek 'n logiese teologiese sistemeerder as om, in alle billikheid, die dubbelsinnigheid, die simbole en die dramatiese aksies van tipiese Joodse apokaliptiek self te laat spreek. Hierdie waarheid word goed verduidelik in Ralph P. Martin se se artikel "Approaches to New Testament Exegesis" in die boek *New Testament Interpretation*, red. I. Howard Marshall:

"Unless we recognize the dramatic quality of this writing and recall the way in which language is being used as a vehicle to express religious truth, we shall grievously err in our understanding of the Apocalypse, and mistakenly try to interpret its visions as though it were a book of literal prose and concerned to describe events of empirical and datable history. To attempt the latter course is to run in all manner of problems of interpretation. More seriously it leads to a distortion of the essential meaning of apocalyptic and so misses the great value of this part of the New Testament as a dramatic assertion in mythopoetic language of the sovereignty of God in Christ and the paradox of his rule which blends might and love," (vgl. 5:5,6; die Leeu is die Lam, bl. 235).

W. Randolph Tate in sy boek, *Biblical Interpretations*, redeneer as volg:

"No other genre of the Bible has been so fervently read with such depressing results as apocalypse, especially the books of Daniel and Revelation. This genre had suffered from a disastrous history of misinterpretation due to fundamental misunderstanding of its literary forms, structure, and purpose. Because of its very claim what is shortly to happen, apocalypse has been viewed as a road map into a blueprint of the future. The tragic flaw in this view is the assumption that the book's frame of reference is the reader's contemporary frame rather than the author's. This misguided approach to apocalypse (particularly Revelation) treats the work as if it were a cryptogram by which contemporary events can be used to interpret the symbol of the text. . . First the interpreter must recognize that apocalyptic communicates its messages through symbolism. To interpret a symbol literally when it is metaphoric is simply to misinterpret. The events may be historical; they may have really happened, or might happen, but the author presents events and communicates meaning through images and archetypes," (bl. 137).

Vanuit *Dictionary of Biblical Imagery*, onder redaksie van Ryken, Wilhost en Longman III:

"Today's readers are often puzzled and frustrated by this genre. The unexpected imagery and out of this world experiences seem bizarre and out of sync with most of Scripture. Taking this literature at face value leaves many readers scrambling to determine 'what will happen when,' thus missing the intent of the apocalyptic message," (bl. 35).

SPANNING VYF (die koninkryk van God as teenwoordig, maar ook nog komende).

Die koninkryk van God is hier, maar ook nog toekomstig. Juis in eskatologie kom hierdie teologiese paradoks sterk onder beligting. As 'n mens letterlike vervulling van alle OT-profesieë aan Israel verwag, sal die koninkryk oorwegend 'n geografiese landskap moet wees vir besetting deur Israel. Dit sal 'n teologiese voorvereiste moet wees. Die kerk sal stilweg in hoofstuk 5 uit die Boek moet verdwyn en die res van die hoofstukke sou oor Israel handel (let egter op Openb. 22:16).

As die koninkryk egter met die intrede van die Messias verband hou, dan breek dit aan met Christus se eerste koms. Die menswording (geboorte), sy lewe, leringe, sterwe en opstanding, die hele verlossingsgebeure kry die klem vir aanwesigheid van die koninkryk. So het die koninkryk gekom; Christus se verlossingsaanbod vir almal is vervulling van die OT, nie 'n duisendjarige vrederyk net vir sommige nie!

Dit is korrek om te aanvaar dat die Bybel van twee komste van Christus spreek, maar waar moet die klem gelê word? Vir my wil dit voorkom of die klem op die eerste koms val, die oprigting van 'n Messiaanse koninkryk soos Daniël 2 aandui. Maar Daniël (hfs. 7) spreek ook van die ewige heerskappy van God. Die OT verkondig hierdie heerskappy van God, maar die Messiaanse koninkryk is daarvan die meganisme, die manifestasie (vgl. 1 Kor. 15:26,27). Die vraag is nou nie watter een van die genoemde twee "ryke" die ware een is nie; albei is die ware! In so 'n mate het uitleggers op die "duisendjarige ryk" van die Messias klem gelê (vgl. Openb. 20) dat dit hulle heeltemal ontgaan het dat die Bybel die ewige heerskappy van die Vader leer! Christus se heerskappy is in die lig hiervan dus voorlopig. 'n Tweede koms van Christus word in die OT nie duidelik verkondig nie; 'n tydgebonde Messiaanse regering ook nie!

Die koninkryk van God is die kern van Jesus se prediking. Dit is teenwoordig in sy verlossingswerk en diensknepping, maar dit is ook toekomstig in die kragtige deurvoer daarvan. Die sprake van 'n "millennium" (vgl. Openb. 20) is inleidend²; dit is nog nie die komende, die kragtige deurgevoerde uiteinde soos gemeld in Openb. 21-22 nie. Volgens die OT is dit nie duidelik geopenbaar dat 'n tydgebonde, vooraf-heerskappy nodig is nie, intendeel, die Messiaanse heerskappy van Daniël 7 is ewig en nie van millenniale aard nie.

SPANNING SES (die verwagte vroeë koms van Christus teenoor die vertraagde *Parousia*)

Die meeste gelowiges was leerstellig onder die indruk dat Christus spoedig sou kom, skielik en onverwags (vgl. Mat. 10:23; 24:27,34,44; Mark. 9:1; 13:30; Openb. 1:1,3; 2:16; 3:11; 22:7,10,12,20). Maar elke generasie se verwagtinge was sover verkeerd. Hierdie spoedige verwagting was die inspirerende hoop van elke geslag, maar die werklikheid daarvan sal net een geslag tref, wat 'n vervolgte geslag sal wees. Gelowiges moet leef asof Hy môre kom, maar intussen die beplanning en uitvoering van die groot opdrag in werking stel (vgl. Mat. 28:19-20) indien Hy vertoef.

Sommige gedeeltes in die evangelies (vgl. Mark. 13:10; Luk. 17:2; 18:8) en die briewe (1 en 2 Tess.) veronderstel 'n vertraagde tweede koms (*Parousia*). Sekere historiese gebeurtenisse moet eers plaasvind.

1. wêreldwye evangelisasie (vgl. Mat. 24:14; Mark. 13:10)
2. openbaarmaking van die 'mens van sonde' (vgl. Mat. 24:15; 2 Tess. 2; Openb. 13)
3. die groot vervolging (vgl. Mat. 24:21,24; Openb. 13)

'n Doelbewuste dubbelsinnigheid is in die *Parousia* ingebou (vgl. Mat. 24:42-51; Mark. 13: 32-36)! Leef eke dag asof dit die laaste sal wees, maar beplan en rus toe vir toekomstige bediening!

KONSEKWENTHEID EN BALANS

Dit is so dat die verskillende skole van eskatologiese verklaring iets van die waarheid beet het, miskien die spreekwoordelike "halwe waarheid". Hulle verklaar en verduidelik wel sommige tekste. Die probleem ontstaan egter as konsekwentheid en balans ontbreek. 'n Vooruit vasgestelde raamwerk moet deur die uitleg gedien word. Maar die Bybel verskaf nie logiese, kronologiese en gesistematiseerde eskatologie nie. Dit vergelyk goed met 'n familiealbum waarin die foto's waar en eg is, maar nie altyd in konteks en logiese verband geplaas nie. Sommige foto's het uitgeval en latere geslagte weet nie hoe om dit in regte verband terug te plaas nie. Die sleutel tot verstaan van Openbaring is om die bedoeling van die skrywer te probeer verstaan in die genre wat hy daarvoor gekies het. Die meeste uitleggers probeer om hulle eksegetiese gereedskap vir ander genres van die NT ook vir Openbaring toepaslik te maak. Hulle fokus op die OT en laat na om Jesus en Paulus se leringe te volg in die daarstelling van 'n teologiese raamwerk vir apokaliptiek. Dan kom Openbaring tor sy reg as illustrasie.

Ek moet toegee dat ek 'n verklaring van Openbaring met vrees en versigtigheid aanpak. Nie oor die vloek uitgespreek in 22:18-19 nie, maar oor die vlak van meningsverskil wat onder die kerklike gemeenskappe voorgekom het en nog steeds voorkom. Ek gee baie om vir God se openbaring. Dit is die waarheid te midde van die mensdom wat almal leuenaars is (vgl. Rom. 3:4).

Beskou asseblief my verklarende werk as bedoel om gedagteprikkelend te wees en nie as padwyser of roetkaart nie! Liewer 'n "miskien as" as 'n "so spreek die HERE." Ek het van aangesig tot aangesig te staan gekom voor my eie ontoereikendheid en vooropgestelde idees, my teologiese agenda! Dieselfde met ander uitleggers. 'n Mens is so geneig om in Openbaring te kry wat jy wil hê daar moet wees. Die Openbaring-genre leen hom so tot misbruik! Nietemin, in die Bybel is dit daar met 'n doel.

Sy plasing as die "slotwoord" is nie maar toevallig nie. Dit het 'n boodskap van God vir sy kinders van elke geslag. Hy wil dat ons moet verstaan. Dat ons moet handevat en nie kampe vorm nie. Laat ons saamstem oor wat duidelik is en van sentrale betekenis en nie oor die "miskien waar", of "moontlik waar" of "dalk waar" verder kibbel nie. God help ons almal daartoe!

² En gelyktydig met Jesus se eerste koms en hemelvaart – vert.

- | | |
|------------------|---|
| ☐ OAV | “al die nasies sal daarheen toestroom” |
| NAV, CUMs | “Alle nasies sal daarheen stroom” |
| NASB | “all the nations will stream to it” |

Die WERKWOORD (BDB 625, KB 676, *Qal*-PERFEKTUM) dui ‘n standhoudende waterstroom aan, soos ‘n artesiese bron wat oorloop. Hier dien dit as metafoor om aan te dui hoe die volke na JHWH sal aanhou toestroom.

2:3 Let op die oproep onder die nasies.

1. “Kom,” BDB 229, KB 828, *Qal*-IMPERATIEF
2. “na die berg van die HERE,” BDB 748, KB 828, *Qal*-IMPERFEKTUM, as ‘n KOHORTATIEF aangewend
3. “Daar sal Hy ons sy weë leer,” BDB 434, KB 436, *Hif'il*-IMPERFEKTUM in ‘n JUSSIEF betekenis gebruik
4. “sodat ons aan Hom gehoorsaam kan wees” – CUM-NLV; BDB 229, KB 246, *Qal*-KOHORTATIEF
5. “want uit Sion kom die voorskrifte,” – CUM-NLV; BDB 422, KB 425, *Qal*-IMPERFEKTUM in ‘n KOHORTATIEWE sin gebruik

- | | |
|-----------------------|--------------------|
| ☐ OAV, CUM-NLV | “sy weë” |
| NAV, CUM-MVB | “sy wil” |
| NASB | “His Paths” |

Hierdie term (BDB 73) kom verskeie kere in Jesaja voor (vgl. 2:3; 3:12; 26:7,8; 30:11; 33:8; 40:18; 41:3) en opvallend dikwels in Spreuke (vgl. 1:19; 2:8,13,15,19,20; 3:6; 4:14,18; 5:6; 8:20; 9:15; 10:17; 12:28; 15:10,19,24; 17:23; 22:25). Metafories dui dit op ‘n leefstyl van geloof wat wandel volgens die leringe van God (vgl. Eks. 16:4; Jes. 30:20; 42:24; Jer. 9:12; 26:4; 32:23; Sag. 7:12). Hierdie metafoor vir leefstyl en geloof het die eerste titel van die NT-kerk geword, naamlik “Die Weg” (vgl. Joh. 14:6; Han. 9:2; 19: 9,23; 22:4; 24:14,22; 18:25-26).

- | | |
|-------------------------|---------------|
| ☐ OAV, NAV, CUMs | “Sion” |
| NASB | “Zion” |

Soos Rome was ook Jerusalem op sewe heuwels gebou. Sion (BDB 851, die betekenis is onseker) was die heuwel waarop die oorspronklike Kanaänitiese stad, Jebus (of Salem), gebou was (vgl. 1 Kon. 8:1; 11 Kron. 5:2). Soos wat Jerusalem groter gegroei het, was dit ‘n manier om na die hele stad en die tempel te verwys (vgl. reëls 6 en 7 in vers 3; Jer. 50:28; 51:10).

- 2:4**

OAV, NAV, CUM-MVB	“Hy sal oordeel. . . regspraak oor”
CUM-NLV	“die HERE sal regspraak. . . dispute tussen hulle oplos”
NASB	“He will judge. . . render decisions”

Hierdie twee WERKWOORDE (BDB 1047, KB 1622 en BDB 406, KB 410) beskryf die goeie oordeel van ‘n wyse regeerder. JHWH en sy Messias is die uiteindelijke Wyses in regering!

- ☐ Die HERE se teenwoordigheid en leringe sal daartoe lei dat die volke hulle aanvalle op die volk van God staak (vgl. Ps. 2; Eseg. 38-39). Hulle sal vrede najaag (vgl. 9:6-7; 11:6-9; 57:19; Hos. 2:18; Sag. 9:10).

- | | |
|---------------------|--|
| ☐ OAV | “van hulle swaarde pikke smee” |
| NAV, CUM-MVB | “van hulle swaarde ploegskare smee” |
| CUM-NLV | “ploegskare maak van hul swaarde” |
| NASB | “swords into plowshares” |

Hierdie idioom beskryf vrede. Die teenoorgestelde hiervan verskyn in Joël 3:10.

NASB (HERSIENE) TEKS: 2:5-11

⁵Come house of Jacob, and let You walk in the light of our LORD
⁶For You have abandoned Your People, the house of Jacob,
 Because they are filled with influences from the east,
 And they are soothsayers like the Philistines,
 And they strike bargains with the children of foreigners.
⁷Their land has also been filled with silver and gold
 And there is no end to their treasures;
 Their land has also been filled with horses
 And there is no end to their chariots.
⁸Their land has also been filled with idols;
 They worship the work of their hands,
 That which her fingers have made.
⁹So the common man has been humbled
 And the man of importance has been abased,
 But do not forgive them.
¹⁰Enter the rock and hide in the dust
 From the terror of the LORD and from the splendour of His majesty
¹¹The proud look of man will be abased

**And the loftiness of man will be humbled,
And the LORD alone will be exalted in that day.**

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 2:5-11.

2:5 Let op dat daar 'n parallel is tussen die "nasies" van vers 3 en vers 5 se "Israeliete". Leefstyl met geloof is die bewys van 'n vertrouensverhouding met God. Mense moet die waarheid ken, in die waarheid wandel en die waarheid met ander deel! Die nasies moes dit van Israel aanleer, maar hulle het nie!

Die "lig van die HERE" is die ware openbaring (vgl. 60:1-2,19-20). Aanbidding van die ligte van die nagemel, is valse openbaring. Hierdie vers kon dalk 'n verwerping van die Babiloniese astrale aanbidding gewees het (vgl. vers 6). JHWH en sy Messias is die ware lig vir die nasies (vgl. 9:2; 42:6; 49:6; 51:4; 53:11).

2:6-9 Hierdie verse beskryf waarom JHWH sy eie volk verwerp het (vgl. BDB 643, KB 695, *Qal*-PERFEKTUM).

1. Hulle was vervalde onder Oosterse invloede (vers 6)
2. Hulle was fortuinvertellers (CUM-NLV; BDB 778 II), soos die Filistyne
3. Hulle sluit bondgenootskappe (CUM-NLV) met vreemde nasies (vers 6)
4. Hulle stel hulle vertrou in welvaart en in hul militêre slaankrag, vgl. vers 7 en 8 se drievoudige herhaling van "vol" (BDB 567, KB 583; *Nif* 'al-IMPERFEKTUM)
5. Hulle is afgodsdienaars, vers 8 (vgl. 17:8; 37:19; 40:19; 44:17) NKJV.
6. In hul optrede teenoor die gewone publiek is hulle neerhalend, vers 9; dit is moontlik dat hierdie vers 'n parallel vorm met vers 8).

Wat kan die nasies leer by sulke mense?!

Wat betref vers 9, #6 hierbo, vertaal die NASB en die NKJV dit as 'n reeksbeskrywing van Israel se foute, maar die NRSV en TEV vertaal dit as 'n opsomming met 'n laaste lyntjie wat versoek dat JHWH hulle nie sal vergewe nie (vgl. LXX)!

2:6	OAV	"wat die Ooste aanbied"
	NAV, CUM-MVB	"van die ooste"
	CUM-NLV	"mense van die ooste"
	NASB, NRSV	"from the east"
	NKJV	"eastern ways"
	TEV, JPSOA	"from the East"
	Pesjitta	"olden days"
	REB	"traders"

Die UBS⁴ gee aan "van die ooste" of "from olden times" (albei betekenis moontlik van hierdie NAAMWOORD, BDB 869) 'n "B"-gradering (effens twyfelagtig).

Die NEB en die REB voeg 'n konsonant by en maak dit "handelaars". Dit wil voorkom of godsdienstige invloede uit Sirië, Assirië en Babilonië (die Ooste) Israel se geloof onsuiver gemaak het.

☐	OAV	"goëlaars"
	NAV, CUM-MVB	"waarsêery"
	CUM-NLV	"fortuin vertel"
	NASB	"soothsayers"

As dit 'n streng parallel van die voorafgaande reël moes wees, is dit moontlik dat 'n SELFSTANDIGE NAAMWOORD uit die klas van "waarsêery", soos "towery" (vgl. Lev. 19:26; Deut. 18:9-12), hier onbedoelend uit die Masoretiese Teks geval het. Die Masoretiese Teks is 'n laatkommer wat Hebreeuse tekste betref, gevolglik het daar teksprobleme ontstaan. Die waarhede en boodskap van die gedeelte word nie deur sodanige probleme geaffekteer nie.

☐	OAV	"met die kinders van vreemdes dryf hulle handel"
	NAV, CUM-MVB	"en hou saam met vreemdes vas aan bygeloof"
	CUM-NLV	"en bondgenootskappe gesluit met heidene"
	NASB	"they strike bargains with the children of foreigners"
	NKJV	"they are pleased with the children of foreigners"
	NRSV	"they clasp hands with foreigners"
	TEV	"they follow foreign customs"
	NJB	"is overrun with foreigners"
	LXX	"many strange children were born to them"
	Pesjitta	"they reared many alien children"
	REB	"the children of foreigners are everywhere"
	JPSOA	"they abound in customs with aliens"

Die term "kinders" kom nie voor in die Masoretiese Teks nie. Die WERKWOORD (1) "bondgenootskappe gesluit" (BDB 706 I, KB 765, *Hif*'il-*PERFEKTUM*) of (2) "abound" (BDB 974, vgl. NIDOTTE, vol. 3, bl. 1769), is dubbelsinnig. Dit kan dui op

1. handelsbetrekkinge
2. politieke bondgenootskappe

3. vriendskapsbetrekkinge
4. oorneem van vreemdelinge se gebruike

Uit dit alles is dit duidelik dat Israel se unieke geloof gekompromiseerd geraak het.

2:7 Hierdie beskrywing van Judese leierskap wyk duidelik af van Deut. 17:16-17. Mense wat oor sulke kommoditeite beskik is geneig om hulle vertrouwe daarin te stel (vgl. 31:1), maar vers 22 toon aan hoe min sulke vertrouwe in materiële en menslike bronne werd is (vgl. 31:3).

2:9	OAV	“die mens. . .die man”
	NAV, CUM-MVB	“mense hulleself. . .hulle”
	CUM-NLV	“elkeen. . .hulle”
	NASB	“man. . .man”

Vers 9 bestaan uit twee reëls wat ‘n sinonieme parallelisme vorm. Hier is die twee sinonieme wat as “mens” en “menschdom” verstaan word, saam ingespan.

1. “adam,” BDB 9, vgl. Gen. 1:26; 6:1,5,6,7; 9:5,6
2. “isj,” BDB 35, Gen. 2:23; Num. 23:19

■ **OAV, NAV, CUM-MVB** **“U moet hulle dit nie vergewe nie”**
CUM-NLV **(weggelaat as invoegsel)**
NASB, NKJV, NRSV, TEV **“do not forgive them”**
NJB, NIV **“do not raise them again”**
LXX **“do not pardon them”**
REB **(beskou as invoegsel en weggelaat, vgl. die Doorie See Boekrolle en JB-voetnoot)**
 Die WERKWOORD (BDB 669, KB 724, *Qal*-IMPERFEKTUM as JUSSIEF aangewend) beteken “om op te lig” of “om te weg dra,” wat hier beteken hulle sonde moenie weggeneem word nie. Hierdie uitroep mag van Jesaja self gekom het!

2:10-11 In hierdie twee verse gee JHWH raad vir die verbondsoortreders (vgl. vers 10a).

1. “gaan skuil in grotte” – CUM-NLV, BDB 97, KB 112, *Qal*-IMPERATIEF (l.w. dit hou verband met verse 19-21, vgl. Openb. 6:15-17)
2. “kruip weg in die grond,” BDB 380, KB 377, *Nif'al*-IMPERATIEF

Hulle moet skuil vir die

1. die verskrikking (NAV, CUMs) van die Here (vgl. verse 19-21)
2. die glans van sy majesteit, (vgl. vers 11c,19,21; 2 Tess. 1:9)

Die gevolg sal wees dat

1. die hoogmoedigheid (NAV) van mense tot ‘n val sal kom (BDB 1050, KB 1631, *Qal*-PERFEKTUM (die teenoorgestelde van vers 9)
2. die selfversekerdes sal verneder word (NAV), BDB 1005, KB 1305, *Qal*-PERFEKTUM
3. net die HERE sal in die dag verhewe wees (OAV), *Nif'al*-PERFEKTUM (let op die parallelle in verse 17 en die frase met “verskrikking” en “skrik” en “heerlikheid” in vers 19c en 21b)

Sommige uitleggers is van mening dat die regverdige aangemoedig word om teen JHWH se komende oordeel oor slegte mense skuiling te soek (vgl. NIDOTTE vol. 2, bl. 377), maar in hierdie konteks gaan dit oor verbondsverbrekers.

2:11	OAV	“in dié dag”
	NAV, CUM-MVB	“op dié dag”
	CUM-NLV	“die dag kom”
	NASB	“in that day”

Dit hou verband met vers 2 se “laaste dae.” In Amos was dit ‘n deurlopende frase. In Jesaja word die tema hervat in vers 12; 2:20; 3:17; 5:30; 28:5,6; Amos 2:16; 8:9; Hos. 2:18.

Die skepping van bewuste mense en engele sal eendag voor die Skepper moet staan om rekenskap te gee oor hoe hulle met die gawe van lewe omgegaan het.

JHWH is moreel en eties; daarom is die skepping ook moreel en eties. Mense verbreek nie alleen God se wette nie, maar ook hulleself op daardie wette. In ‘n gevalle wêreld is die doel van wette om ons teen die aanslae van ‘n gevalle wêreld te beskerm. Ongelukkig sien mense die wette as beperkend wat tot die inboet van persoonlike vryheid lei. Eendag sal elke selfbewuste mens en engel voor God rekenskap moet gee.

NASB (HERSIENE) TEKS: 2:12-22

¹²For LORD of hosts will have a day of reckoning

Against everyone who is proud and lofty

And against everyone who is lifted up

That he may be abased.

¹³And it will be against all the cedars of Lebanon that are lofty and lifted up,

Against all the oaks of Bashan,

¹⁴Against all the lofty mounains,

Against all the hills that are lifted up,
¹⁵**Against every high tower,**
Against every fortified wall,
¹⁶**Against all the ships of Tarshish**
And against all the beautiful craft
¹⁷**The pride of man will be humbled**
And the loftiness of men will be abased;
And the LORD alone will be exalted in that day,
¹⁸**But the idols will completely vanish.**
¹⁹**Men will go into the caves of the rocks**
And in holes of the ground
Before the terror of the LORD
And the splendour of His majesty,
When He arises to make the earth tremble.
²⁰**In that day men will cast away to the moles and the bats**
Their idols of silver and their idols of gold,
Which they made for themselves to worship,
²¹**In order to go into the rocks and the clefts of the cliffs**
Before the terror of the LORD and the splendour of His majesty,
When He arises to make the earth tremble.
²²**Stop regarding man, whose breath of life is in his nostrils;**
For why should he be esteemed?

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 2:12-22.

2:12-13 Let daarop hoe by wyse van herhaling die voorbarigheid van hoogmoed onder die mense en nasies uitgewys word.

1. “oor al wat trots en hoog is,” OAV, NAV; (BDB 144)
2. “oor al wat verhewe is,” OAV; (BDB 926, KB 1202; *Qal*-AKTIEF DEELWOORD; LW. Die herhaling van dieselfde vorm in verse 13, 14 as in 12)
3. “everyone who is lifted up,” NASB; (BDB 669, KB 724, *Nif^{al}*-AKTIEF DEELWOORD; LW. dieselfde vorm in verse 13 en 14 as in vers 12)
4. “oor al die hoë en verhewe seders van die Libanon,” OAV; (vgl. vers 13, ‘n metafoor vir mense en nasies)

2:11	OAV	“Want ‘n dag is daar vir die HERE van die leërskaer”
	NAV	“Die HERE die Almagtige het ‘n dag bepaal”
	CUM-MVB	“Die HERE die Magtige van die hemelse leer het ‘n dag bepaal”
	CUM-NLV	“Op daardie dag sal die HERE die Almagtige”
	NASB	“For the LORD of hosts will have a day of reckoning”

Hierdie stem nie ooreen met die Hebreëuse teks nie. Die Masoretiese teks het “want die dag van die HERE van die leërskaer,” (vgl. die NKJV en OAV). Die NASB vertaling probeer hierdie frase met 1:18 in verband bring (reckoning).

2:12-16 Let op die herhaalde voorkoms van “oor al,” (OAV) “teen al,” (NAV) en “against,” (NASB); BDB 752.

1. teen al wat trots en hoog is (vers 12)
 2. teen alles hoog en laag (vers 12)
 3. teen al die hoë en verhewe seders van Libanon (vers 13)
 4. teen al die groot bome van Basan (vers 13; wat ook verhewe is)
 5. teen al die hoë berge (vers 14)
 6. teen al die steil rante (vers 14)
 7. teen elke hoë toring (vers 15)
 8. teen elke skansmuur (vers 15)
 9. teen al die handelskepe (vers 16)
 10. teen al die vaartuie vol kosbaarhede (vers 16)
- Die HERE staan alle hoogmoed teen (vgl. verse 11 en 17).

2:13 Weens die talle verwysings na bome (1:29) en tuine (1:29-30) en dat JHWH dit sal verbrand, wonder ‘n mens waarop die veroordeling sinspeel?

1. die hoogmoed en voorbarigheid van die nasies
2. die assosiasie van bome en hout met afgodery

Inaggenome die wyer konteks soos in die “teen-uitdrukkinge” wil dit voorkom of dit #1 moet wees. Die probeem van menslike hoogmoed is in vers 17 opgesom en dit wil voorkom of die hele boek daarop gerig is.

2:11	OAV	“oor al die skepe van Tarsis”
	NAV, CUM-MVB	“teen al die handelskepe”
	CUM-NLV	“al die groot handelskepe en klein bote in die hawe”
	NASB	“all the ships of Tarshish”

Sien die aantekening by 23:1.

2:17 Hierdie is 'n parallel van vers 11, behalwe dat die omgekeerde gebeur en die kwaadwillige leiers en welvarendes, wat die armes en nederiges onderdruk het (vers 9), nou aan die ontvangkant is. Heelwat uitleggers sien hierdie vers as die opsommende tema van die hele boek.

2:18 Afgodery sal algeheel verval (vgl. 21:9) omdat dit aanbidding van “niksheid” is (vgl. 30:22; 31:7; 40:18-20; 44:9-20; 46:5-7).

2:19 OAV “as Hy Hom gereedmaak om die aarde te verskrik”
NAV, CUM-MVB “As die HERE die aarde begin skud”
CUM-NLV “Wanneer die HERE opstaan om die aarde te skud”
NASB “When He arises to make the earth tremble”

Hierdie eerste WERKWOORDVORM “opstaan/gereedmaak” (BDB 877, KB 1086, *Qal*-INFINITIVUS KONSTRUKTUS) kan beteken

1. op die toneel verskyn, Eks. 1:8; Deut. 34:10; Rig. 5:7; 2 Kon. 23:25
2. opstaan vir aksie (vanaf sy troon), Num. 10:35; 2 Kon. 6:41; Job 31:14; Ps. 76:9; 132:8

Die tweede WERKWOORDVORM “verskrik/skud” (BDB 791, KB 888, *Qal*-INFINITIVUS KONSTRUKTUS), beskryf die fisieke skepping as die Skepper daaraan naderkom (vgl. 13:13; 24:1, 19,20; Ps. 18:7-8; Hag. 2:6). JHWH kan kom om te seën of om te oordeel. In hierdie konteks is dit om te oordeel!

2:20-21 Ter verduideliking van die eerste reël van vers 10 word nou aangedui dat mense vir God sal wil wegkruip

1. in die grotte van rante (vgl. vers 21)
2. in gate in die grond

Hulle sal van hulle eens so kosbare afgode probeer ontslae raak deur

1. dit weg te gooi vir die molle (die betekenis van die woord is onseker. Die LXX het “ydelgoed”; REB het “miskruiers”; JPSOA het “vlieënde jakkalse” [‘n soort vlermuis, wat die frase in parallel bring met die volgende versreël in die gedig] vgl. BDB 343). ‘n Verband met die WERKWOORD “om te begrawe” is moontlik (vgl. BDB 343).
2. dit vir die vlermuise te gooi

Hierdie twee verse bestaan uit ‘n reeks INFINITIVUS KONSTRUKTUS.

1. “om te aanbid” (letterlik “neer te buig”), BDB 1005, KB 295, *Histaf^{el}*-INFINITIVUS KONSTRUKTUS
2. “vir die molle,” (letterlik “om te grawe”) BDB 343, KB 340, *Qal*-INFINITIVUS KONSTRUKTUS
3. “om te gaan in” BDB 97, KB 112, *Qal*-INFINITIVUS KONSTRUKTUS
4. “opstaan” BDB 877, KB 1086, *Qal*-INFINITIVUS KONSTRUKTUS; dieselfde as reël 5 van vers 19
5. “skud” (letterlik “verskrik,” BDB 791, KB 888, *Qal*-INFINITIVUS KONSTRUKTUS, dieselfde as vers 19, die 5de reël.

In die *IVP Bible Background Commentary*, “‘n Sumeriese Lied van Enheduanna, gerig aan die godin Inanna (derde millennium v.C.) skets hoedat die gode soos vlermuise na hulle grotte vlug uit die verskriklike teenwoordigheid van die godin” (bl. 588). Die moontlike gedagte hier is dat die gode wat hulleself nie kan beweeg nie, deur insekte (miskruiers) of ander diere, wat gate grawe, onder die grond ingewerk word in hulle soeke na skuiling voor die koms van JHWH.

2:22 JHWH wil dat daar respek vir menslike lewe sal wees (NASB “cease; OAV “Laat staan tog die mens”, (BDB 292, KB 292, *Qal*-IMPERATIEF), want dit is God se gawe aan die mens (“asem”, *ruach*.). Die mens se bestaan is kortstondig, (vgl. Ps. 144:3-4), maar dat dit God se gawe is, kan ateïstiese humanisme gerus van kennis neem!

JESAJA 3

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
God will Remove the Leaders	Judgement on Judah and Jerusalem	on Anarchy and Jerusalem	in Chaos in Jerusalem	Anarchy Jerusalem	in Juda het in duie gestort
3:1-12 (1b-12)	3:1-9 (1-3) (4-5) (6-7) (8-9) 3:10-12 (10-12)	3:1-15 (1-5) (6-8) (9-12)	3:1-5 3:6 3:7 3:8-9 3:10-11 3:12a 3:12b	3:1-15 (1-15)	3:1-26
God Will Judge	Oppression and Luxury Condemned	and	The LORD Judges His People		
3:13-15 (13-15)	3:13-4:1 (13-15)	(13-15)	3:13-15		
Judah's Women Denounced		The Humiliation of Jerusalem's Women	A Warning to the Women of Jerusalem	The Women of Jerusalem	
3:16-26 (16-17) (24-26)	(16-17) (18-23) (24-26)	3:16-4:1 (16-17) (24b-4:1)	3:16-17 3:18-23 3:24 3:25-4:1	3:16-17 (16-17) 3:18-23 3:24 (24) Misery in Jerusalem 3:25-4:1 (25)	
	(4:1)				

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 3:1-12

¹For behold, the Lord GOD of hosts is going to remove from Jerusalem and Judah

Both supply and support, the whole supply of bread
 And the whole supply of water;
²The mighty man and the warrior,
 The judge and the prophet,
 The diviner and the elder,
³The captain of fifty and the honorable man,
 The counsellor and the expert artisan,
 And the skilful enchanter.
⁴And I will make mere lads their princes,
 And capricious children will rule over them,
⁵And the people will be oppressed,
 Each one by another, and each one by his neighbour;
 The youth will storm against the elder
 And the inferior against the honorable.
⁶When a man lays hold of his brother in his father's house saying,
 "You have a cloak, you shall be our ruler,
 And these ruins will be under your charge,"
⁷He will protest on that day, saying,
 "I will not be your healer,
 For in my house there is neither bread nor cloak;
 You should not appoint me ruler of the people."
⁸For Jerusalem has stumbled and Judah has fallen,
 Because their speech and their actions are against the LORD,
 To rebel against His glorious presence.
⁹The expression of their faces bears witness against them,
 And they display their sin like Sodom;
 They do not even conceal it.
 Woe to them!
 For they have brought evil on themselves.
¹⁰Say to the righteous that it will go well with them,
 For they will eat they will eat the fruit of their actions.
¹¹Woe to the wicked! It will go badly with him,
 For what he deserves will be done to him.
¹²O my people! Those who guide you lead you astray
 And confuse the direction of your paths."

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 3:1-12.

3:1 In hoofstuk 3 word die skildering van JHWH se oordeel oor Jerusalem en Juda voortgesit.

- ☐ **OAV** "die HERE van die leërskaer"
- NAV** "Die Here, die almagtige God"
- CUM-MVB** "Here, die HERE, die Magtige van die hemelse leer"
- CUM-NLV** "Die Here, die Oppermagtige HERE"
- NASB** "Lord GOD of hosts"

Hierdie aanspreekvorm van die God van Israel kom etlike kere vroeg in Jesaja voor (vgl. 1:24; 3:1; 10:16,33; 19:4). Sien die aantekeninge by 1:24 en die Vir Spesiale Aandag by 1:1.

- ☐ **OAV** "wegneem"
- NAV, CUM-MVB** "verwyder"
- CUM-NLV** "afsny"
- NASB** "is going to remove"

Hierdie WERKWOORD (BDB 693, KB 747, *Hif'il*-DEELWOORD) beteken in hierdie vorm om te "verwyder" of "weg te neem."

1. JHWH wat Israel se siekwees sal wegneem, Eks. 23:25; Deut. 7:15
2. Israel moet die bangoed uit sy geledere verwyder (Agan se sonde), Jos. 7:13
3. Israel moet vreemde afgode verwyder, Rig. 10:16
4. Saul verwyder spirituele mediums
5. enkelinge het God se wette nie verwyder nie (vgl. 2 Sam. 22:23; Ps. 18:23)

Let daarop dat dit God is wat hier al Juda se steunstelsels, krag en afgodsdienaars onder die leiers verwyder. Elke

1. "voorraad" (letterlik "stut," BDB 1044) van brood (vers 1)
2. "voorraad" (letterlik "stut") van water (vers 1)
3. weerbare burger (vers 2)
4. soldaat (vers 2)
5. regter (vers 2)

6. profeet (vers 2), vgl. 9:14-15; 28:7; 29:10
7. waarsêer (vers 2)
8. leier/oudste (NASB), vers 2; vgl. 9:14-16
9. offisier (vers 3)
10. hoë amptenaar (vers 3)
11. raadgewer (vers 3)
12. kundige vakman (vers 3)
13. ervare besweerder (vers 3)

Ons moet onthou dat oordeel JHWH as liefdevolle Vader se manier was om sy kinders te dissiplineer, sodat hulle krag, stabiliteit, en geluk hulle 'n lig vir die nasies sou maak. Hierdie persoonlike aandag aan Juda was 'n aanduiding van sy liefdevolle besorgdheid. Hy het hulle sodanig liefgehad dat Hy hulle nie maar in hulle sonde kon los nie!

VIR SPESIALE AANDAG: GEREK, OORDEELSPRAKE EN GERECHTIGHEID (שפט) IN JESAJA

Hierdie is 'n wydverspreide begrip in die OT (BDB 1047). NIDOTTE vol. 4, bl. 214, het die verspreiding en waarde van die begrip nagevors.

1. Pentateug (Genesis - Deuteronomium) 13%, regters onder mense
2. Die Historiese boeke (Josea – Ester) 34%, leiers onder volk
3. Wysheidsliteratuur (Job – Spreuke) 22%, 'n werk van God
4. Die Profete (Jesaja – Maleagi) 31%, hoofsaaklik 'n werk van God

Vergelyk die volgende uiteensetting:

JHWH as Regter	Die Messias as Regter	Die ideale regters in Israel	Israel se werklike regters
2:4	9:7	1:17,21,23	3:2
3:14	11:3,4	26:8	5:7
4:4	16:5	56:1	10:2
5:16	32:1	58:2,8	59:4,9,11,14,15
28:6,17,26	40:14		
30:18	42:1,3,4		
33:5,22	51:4,5		
61:8	53:8		
66:16			

Israel se roeping was om JHWH se karakter aan die nasies te weerspieël. Sy het misluk. Daarop het JHWH die een “ideale” Israëliet opgewek wat sy persoonlike verhouding met die wêreld sou weerspieël (die Messias, Jesus van Nasaret, die Christus; vgl. Jes. 52:11-53:12)!

☐	OAV	“die stut en die steun”
	NAV, CUM-MVB	“elke stut en steunpilaar”
	CUM-NLV	“voorrade”
	NASB	“Both supply and support”
	NKJV	“the stock and store”
	NRSV	“support and staff”
	TEV	“everything and everyone the people depend on”
	NJB	“of resources and provisions”
	LXX	“The mighty man and the mighty woman”
	Pesjitta	“stay and staff”
	REB	“every prop and stay”

Die Masoretiese Teks het MANLIKE en VROULIKE vorme van *masj'ena* (מַשְׂעֵנָה), wat BDB as “support and staff”, (d.w.s. “stut en steun”) opvat (vgl. NAV, CUM-MVB; 2 Sam. 22:19 en Lev. 26:26: “baksel”).

3:3	OAV, NAV, CUM-MVB	“ervare besweerder”
	CUM-NLV	“deskundige besweerders”
	NASB	“skilful enchanter”
	NKJV, NRSV, REB	“expert enchanter”
	TEV	“everyone who uses magic to control events”
	NJB	“soothsayer”
	LXX	“intelligent hearer”
	Pesjitta	“expert counsellor”

Die SELFSTANDIGE NAAMWOORD (BDB 538) beteken “fluistering” of “bekoring.” Oorspronklik kom dit van die praktyk van slangebeswering af (vgl. Ps. 58:6; Pred. 10:11; Jer. 8:17). Dit het ontwikkel tot “saggies praat”(vgl. 26:16; 2 Sam. 12:19; Ps. 41:8).

Dieselfde term word in 3:20 gebruik vir die “gelukbringers” (towerkragtige voorwerp) wat Judese vroue gedra het. Israel en Juda het dus met verbode magiese praktyke en towery gemene saak gemaak.

3:4 Juda se oudstes in leiershoedanigheid sal tot in topvlak deur JHWH self weggeneem word, waarna onverstandige jeugdige in beheer van sake sal wees (vgl. Pred. 10:16).

■ OAV, CUM-MVB	“seuns”
NAV	“onvolwassenes”
CUM-NLV	“kinders”
NASB	“children”
NKJV, NRSV	“babes”
NJB	“lads”
LXX, Pesjitta	“mockers”

Hier is ‘n verskil in die Masoretiese Teks עֲלֻלִים (BDB 760, “ligsinnig,” vgl. Deut. 22:14,17; Ps. 141:4), want weens ‘n wysiging aan die teks om עוֹלָלִים te lees, kan “kinders” ook in die konteks as ‘n moontlike vertaling aanvaar word.

3:5-6 Die verdrukking en slegte behandeling word beskryf

1. verdrukkende optrede onderling
2. verdrukking deur bure
3. spanning weens generasiegaping
4. spanning in die gemeenskapslewe
5. familie-onenigheid

3:7-12 ‘n Persoon wat deur die familie gekies word om leiding te neem, sal die taak nie aanvaar nie, omrede die krisissituasie (Juda is gewond [1:6], en slegs God kan genesing bring [30:26], maar die “familie” is in opstand teen JHWH.

1. hulle praat teen JHWH (vers 8)
2. hulle optrede gaan teen Hom in (vers 8)
3. hulle trotseer Hom ongeag sy verhewe teenwoordigheid (vers 8)
4. hulle gesigsuitdrukking verraaie hulle (vers 9)
5. soos Sodom sondig hulle onbeskaamd (vers 9)
6. ongeag die kwaad wat hulle hulself aandoen (vers 9)
7. hulle maai wat hulle saai (verse 10-11)
 - a. so is dit met regverdige en
 - b. kwaadwillige
8. onvolwasse leierskap lei tot hulle onderdrukking (vers 12)
9. en vroue oorheers hulle (vers 12)
10. hulle leiers vat hulle op dwaalspore (vers 12)
11. hulle leiers het verleiers geword met betrekking tot die regte pad (vers 12)

Hierdie gevolge van afdwaling is ‘n weerspieëling van Deut. 28:15-68. Die JPSOA plaas verse 10 en 11 tussen aanhalingstekens.

3:8 OAV	“sy oë, vol heerlijkheid”
NAV, CUM-MVB	“sy gesag”
CUM-NLV	“sy teenwoordigheid”
NASB, NRSV	“His glorious presence”
TEV	“God himself”
NKJV	“the eyes of His glory”
NJB	“his glorious gaze”
Pesjitta	“the majesty of his glory”
LXX	“their glory”
REB	“his glory”

Die NKJV volg die Masoretiese Teks letterlik. Die “oë” is die blyke van sy teenwoordigheid. Die term heerlijkheid (*kabod* BDB 458) kom algemeen voor, maar het ‘n wye betekenisveld.

VIR SPESIALE AANDAG: HEERLIKHEID

Die Bybelse konsep van heerlijkheid is moeilik om te definieer. Gelowiges se heerlijkheid bestaan daarin dat hulle die evangelie verstaan en in God roem, nie in en oor hulleself nie (vgl. 1:29-31; Jer. 9:23-24).

Die mees algemene Hebreuse woord vir “heerlikheid” (“glory”) in die OT is *kbd*. Dit was oorspronklik ’n kommersiële term wat verwys na die weegskaal en het “swaar” beteken. Dit wat swaar was, is van waarde geag, of het wesentlike waarde gehad. Daarby het die konsep van glans (“brightness”) uitdrukking gegee aan God se majesteit (vgl. Eks. 19:16-18; 24:17; Jes. 60:1-2). Hy alleen is waardig van agting en hooggeëerd. Hy is te glansryk vir gevalle mense om te aanskou (Eks. 33:17-23; Jes. 6:5). God kan inderwaarheid net in Christus geken word (vgl. Jer. 1:14; Mat. 17:2; Heb. 1:3; Jak. 2:1).

Die term “heerlikheid” is ietwat dubbelsinnig: (1) dit kan ’n sinoniem wees vir “die geregtigheid van God”; (2) dit kan verwys na die “heiligheid” en “volmaaktheid” van God; of (3) dit kan dui op die beeld van God waarvolgens die mens geskape is (Gen. 1:26-27; 5:1; 9:6), maar wat later geskend is deur die rebellie (vgl. Gen. 3:1-22). Hierdie term is aanvanklik in die OT gebruik om YHWH se teenwoordigheid onder sy volk in die woestyn te beskryf (Eks. 16:7, 10; Lev. 9:23; Num. 14:10).

- 3:9** OAV “Die uitdrukking van hulle gesig getuig teen hulle”
 NAV “Hulle partydigheid in die regspraak getuig teen hulle”
 CUM-MVB “Hulle gesigsuitdrukkings verraai sommer hulle skuld”
 CUM-NLV “Hulle gesigte gee hulle al weg dat hulle skuldig is”
 NASB “The expression on their faces bears witness against them”

Die Aramese Targoems het “hulle partydigheid in regspleging” (vgl. NAV). D.w.s hulle regsverdraaiing en omkoperij! Hier word moontlik, by wyse van woordspel, ’n kontras bedoel met die “oë van die HERE” in vers 8. Die sondige Judeërs steek erg af teen die “oë vol heerlikheid” van die HERE.

- ☐ OAV “en hulle sonde maak hulle bekend, soos Sodom”
 NAV, CUMs “Hulle sondig openlik soos die mense van Sodom”
 NASB “They display their sin like Sodom”

Soos in 1:10 vergelyk Jesaja die sondes van die Judese samelewing met Sodom (vgl. Gen. 19). Die Judese leiers en hulle families het met hulle hoogmoed, hulle rykdom en uitbuiting van die swakkes en ontmagtigdes in die samelewing te koop geloop. Sodom was arrogant (vgl. Eseg. 16:50), daarom het JHWH hulle vernietig, wat ook nou met Juda (verse 16-26) sou gebeur (hoogmoedige vrouens se lot brei uit na Jerusalem).

- ☐ OAV “Wee oor hulle siel, want hulle doen hulleself kwaad aan”
 NAV, CUM-MVB “Ellende wag vir hulle”
 CUM-NLV “Hoe vreeslik gaan dit vir hulle wees”
 NASB “brought evil on themselves”

Hulle maai wat hulle saai (vgl. verse 10-11). Dit is immers ’n geestelike beginsel! God is eties/moreel en so ook is sy skepping. Mense loop hulle te pletter teen God se standaard. ’n Mens maai wat jy saai. Dit geld vir beide gelowiges en ongelowiges (hoewel dit verlossing nie uitsluit nie). Vergelyk Job 34:11; Ps. 28:4; 62:12; Spr. 24:12; Pred. 12:14; Jer. 17:10; 32:19; Mat. 16:27; 25:31-46; Rom. 2:6; 14:12; 1 Kor. 3:8; 2 Kor. 5:10; Gal. 6:7-10; 2 Tim. 4:14; 1 Pet. 1:17; Openb. 2:23; 20:12; 22:12).

- ☐ OAV “Die drywers van my volk is kinders, en vroue heers oor hulle”
 NAV, CUM-MVB “My volk het kinders as regeerders, vrouens as heersers”
 CUM-NLV “Kinders verdruk my volk en vroue heers oor hulle”
 NASB, NKJV, NRSV “Their oppressors are children, And women rule over them”
 TEV “moneylenders oppress my people and their creditors cheat them”
 NJB “the oppressors pillage them, and extortioners rule over them”
 LXX “exacters strip you, and extortioners rule over you”
 Pesjitta “The princes shall pluck my people out, and women shall rule over them”
 REB “Moneylenders strip my people bare, And usurers lord it over them”
 JPSOA “My people’s rulers are babes, It is governed by women”

Die Masoretiese Teks lees “my mense, hulle verdrukkers; kinders en vroue heers oor hulle.” Dit is duidelik dat die TEV, die NJB en die REB die Septuaginta (LXX) volg met “skuldeisers” in plaas van “vroue” (BDB 674 I). Dit is dan of [1] BDB 673 I, vgl. 24:2, AKTIEF DEELWOORD MEERVOUD van die wortelstam “*nasa*”, נָסָה of [2] BDB 641, AKTIEF DEELWOORD MEERVOUD van die wortelstam “*nasjah*”, נָשָׂה (vg Eks. 22:25).

1. Letterlik kan in die frases gedui word op
 - a. ’n kind wat as koning erflik opgevolg het
 - b. wat onder beheer staan van
 - 1) ’n koninginmoeder
 - 2) die kind-koning se “vroue”
 - 3) ander vroue in die koninklike paleis
2. Of figuurlik gesproke bloot swak en onervare leierskap.

- ☐ OAV “dwaalweg”

NAV	“van koers af”
CUM-MVB	“op die verkeerde pad”
CUM-NLV	“in die stof in te trap”
NASB, NRSV	“confuse”
NKJV	“destroy”
NJB	“efface”
LXX	“pervert”
Pesjitta	“disturbed”
REB	“to ruin”

Die WERKWOORD (BDB 118, KB 134, *Pi'el*-PERFEKTUM) beteken “insluk”, “opsluk” (vgl. Eks. 15:12; Num. 16:30,32,34; 26:10; Deut. 11:6), maar die woord word ook as ‘n metafoor vir “vernietiging” of “verwarring” gebruik (vgl. 9:16, 19:3; 28:7)

‘n Debat is steeds onder geleerdes aan die gang oor die moontlike gebruik van dieselfde drie letters in verskillende woordstamme (בלע).

NASB (HERSIENE) TEKS: 3:13-15

¹³The LORD arises to contend,
And stand to judge the people,
¹⁴The LORD enters into judgement with the elders and princes of His people
“It is you who have devoured the vineyard;
The plunder of the poor is in your houses.
¹⁵What do you mean by crushing My people
And grinding the face of the poor?”
Declares the Lord GOD of hosts.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 3:13-15.

3:13-15 JHWH lê ‘n klag (d.w.s. ‘n hoftoneel, vgl. 1:2) teen die leierskap van oudstes en prinse. Hulle het sy gemeente misbruik (vgl. “wingerd” in vers 14). Hulle het in eiebelang gehandel ten koste van die armes en die ontmagtigdes van die samelewing. Hulle het die regstelsel tot eie voordeel misbruik (vgl. vers 9) en staan nou skuldig voor JHWH.

Die profete het Israel aanspreeklik gehou wat betref nakoming van die Mosaïese verbond. Gehoorsaamheid sowel as ongehoorsaamheid het gevolge!

3:13	OAV	“volke”
	NAV, CUMs	“volk”
	NASB, NKJV, TEV,	“people”
	NJB, LXX, Pesjitta,	
	REB	
	NRSV	“peoples”

Die ENKELVOUD kom via die LXX en die Pesjitta. Die MT het egter die MEERVOUDSVORM. In hierdie konteks blyk die ENKELVOUD meer korrek te wees aangesien die profeet Juda aanspreek (vgl. vers 14). In ander kontekste van Jesaja word MEERVOUD gebruik, maar dit onderstreep die belangrikheid van konteks, immers die Masoretiese Teks is nie onfeilbaar nie. Konteks moet die laaste woord spreek.

NASB (HERSIENE) TEKS: 16-26

¹⁶Moreover, the LORD said, “Because the daughters of Zion are proud
And walk with heads held high and seductive eyes,
And go along with mincing steps
And tinkle the bangles on their feet,
¹⁷Therefore the LORD will afflict the scalp of the daughters of Zion with scabs,
And the LORD will make their foreheads bare”
¹⁸In that day the LORD will take away the beauty of their anklets, headbands, crescent ornaments, ¹⁹dangling earrings, bracelets, veils, ²⁰headdresses, ankle chains, sashes, perfume boxes, amulets, ²¹finger rings, nose rings, ²²festal robes, outer tunics, cloaks, money purses, ²³hand mirrors, undergarments, turbans and veils.
²⁴Now it will come about that instead of sweet perfume there will be putrefaction;
Instead of a belt a rope;
Instead of well-set hair, a plucked-out scalp;
Instead of fine clothes, a donning of sackcloth
And branding instead of beauty.
²⁵Your men will fall by the sword
And your mighty ones in battle.
²⁶And her gates will lament and mourn,
And deserted she will sit on the ground.

3:16-26 JHWH veroordeel die vroue en dogters van die ryk klas, die opperleiers.

1. die hoogmoedige aanstap met stywe nek wat op ander neersien
2. die verleidelike ingesteldheid (geverfde oë) en
3. uitlokkende vinnige stappies (trippelgang soos kind)
4. met klinkende enkelringe vol juweelinsetsels

JHWH sal volgens tipies Bybelse omgekeerde met hulle handel

1. sere en rowe op die kop (slegs hier, vgl. BDB 705, KB 764 (vgl. BDB 705, KB 764))
2. juweliersware sal afgevat word
3. van feesklere gestroop
4. skoonheidsmiddels en reukwater
5. eggenote en minnaars kom om

Die *Jewish Study Bible*, wat die JPSOA vertaling en voetnote gebruik, maak daarvan melding dat baie van die items in verse 18-24 onseker is. Manne en vroue het hulle moontlik so geklee vir hulle afgodiese praktyke.

3:16	OAV	“en hulle voetringe laat rinkel”
	NAV, CUM-MVB	“hulle enkelringe laat rinkel”
	CUM-NLV	“ringe wat rinkel aan hulle enkels”
	NASB, NJB	“tinkle the bangles”
	NKJV, Pesjitta	“making a jingling”
	NRSV	“tinkling”
	TEV	“bracelets on their ankles jingle”

Die WERKWOORD (BDB 747, KB 824, *Pi'el-IMPERFEKTUM/ONVOLTOOIDE TYD*) dui op die klank wat enkelringe maak wanneer 'n persoon aanstap (natuurlik om aandag te trek). Die betrokke wortelstam kom net hier voor en in Spr. 7:22).

3:17	OAV	“hulle skaamte ontbloot”
	NAV	“hulle koppe kaal skeer”
	CUM-MVB	“hulle naaktheid ontbloot”
	CUM-NLV	“hulle koppe ontsier”
	NASB, NJB, REB	“make their foreheads bare”
	NKJV	“uncover their secret parts”
	NRSV, Pesjitta	“lay bare their secret parts”
	TEV	“shave their heads and leave them bald”
	LXX	“expose their form”

Die MT gebruik 'n skaars uitdrukking (BDB 834) wat beteken

1. 'n deurboring/holte, skarnier (OAV) vir 'n deur
2. die vroulike skaamdele (vroulike voortplantingsorgane) (vgl. Jes. 3:17 ?)

Die wortelstam beteken “voorkop” in Akkadies (BDB 983), wat ook 'n moontlike vertaling kan wees. In geheel gesien beteken dit dat hierdie welgeklede, skatryk uitbuiters verneder sal word.

3:18	OAV, NAV, CUM-MVB	“die sonnetjies en maantjies,”
	CUM-NLV	“bande om die kop”
	NASB	“headbands”

Die IVP *Biblical Background Commentary* stel dat dit hier gaan om son-ornamente. Die “bande om die kop” is dan sonaanbidding as die “halfmaantjies” op maanaanbidding dui.

■	OAV, NAV, CUM-MVB	“maantjies”
	CUM-NLV	“hangertjies in die vorm van ‘n halfmaan”
	NASB	“Crescent ornaments”

Hierdie was 'n simbool van maanaanbidding

1. gedra deur militêre kamele (vgl. Rigt. 8:21)
2. gedra deur Midianitiese konings (vgl. Rigt. 8:26)
3. gedra deur Judese vroue (vgl. Jes. 3:18)

'n Verdere aanduiding van hulle openlike afgodiese praktyke.

VIR SPESIALE AANDAG: MAANAANBIDDING

Maanaanbidding, wat in die antieke Sumerië (die oudste beskawing bekend) ontstaan het, was die mitologie wat die wydste versprei was in die ou Nabye Ooste. Daar was 'n manlike en vroulike aspek hieraan verbonde. Oorspronklik wil die mite dat die maangod sy ontstaan te danke het aan die verkragting wat die

lugruimgod (Enlil) op die graangodin (Ninlil) begaan het. Vir hierdie daad is Enlil uit die veelgoderyk na die onderaardse wêreld verban. Toe Ninlil uitvind dat sy swanger was, het sy Enlil gevolg. Die kind, Sin (Zin) word toegelaat om elke nag in die lugruim op te klim.

Die aanbidding van die maan verloop in drie verskillende fases:

1. nuwe maan – Asimbabbar
2. halwe maan – Sin
3. volmaan – Namaa, wat in Sumeries “beligting” beteken, komende van En-su, die “heer van wysheid”

Die betekenis van die name kom neer op “wyse heer” (bv. Suen) of “illuminasie” (Nanaa), wat in Ur van die Chaldeërs aanbid is. Hierdie stad het die naam gekry van “die stad van Nannar”. Die vrugbare paar was op ziggurats (groot piramiedes met plat toppe binne die stad) aanbid. Die songod (Sjamasj) was die eersgeborene van die paartjie, wat gevolg is deur Eresjkigal, (die koningin van die onderwêreld) en Nanna (die koningin van die lugruim).

Die kultus was oral in die Antieke Nabye Ooste versprei, hoewel daar verskeie sentra van aanbidding bestaan het.

1. Ur
2. Haran
3. Tema
4. Kanaän
5. Mekka

Hierdie mitologie het op beide die astrale aanbidding en die vrugbaarheidskultus die klem laat val. Die OT verwerp die aanbidding van hemelligame sowel as die vrugbaarheidskultusse (uit Ugarit se gedigte Ba'al en Asjera; vgl. Deut. 4:19; 17:3; 2 Kon. 21:3,5; 23:5; Jer. 8:2; 19:13; Sef. 1:5). Die Hebreërs was eers nomadies en was versigtig om maanaanbidding teen te staan. Nomade het snags getrek (in maanlig), maar gevestigde volke wat landbou beoefen het, was sonaanbidders. Gewoonlik het nomade met verloop van tyd gevestig geraak en dan het die aanbidding van hemelligame oor die algemeen 'n probleem geword.

3:20 OAV “reukflessies”
NAV, CUM-MVB “reukwater”
CUM-NLV “versierde gordels”
NASB “perfume boxes”

Die term (BDB 108) “flessies/boxes” is eintlik letterlik “wonings.” Die *Tyndale OT Commentaries* deur J. Alec Motyer, is van mening dat ‘n “hoë kraag” (vgl. CUM-NLV) bedoel kan word (bl. 38). Daar is soveel fynere besonderhede in verband met die kulture van die Antieke Nabye Ooste wat vir ons moderns op nagevorsde raaiwerk neerkom, raaiwerk wat op die eie bekende en konteks berus. Niks van hierdie onbekende, fyn besonderhede is noodsaaklik vir die regte verstaan van die teologiese kwessies nie. Dit is wel die geval dat die meeste daarvan interessant is, maar die onbekendheid van sommige maak nie ‘n verskil aan die sentrale waarheid wat in die frase of paragraaf voorkom nie. Moet dus nie op kleinighede vasval nie.

3:24 OAV, NAV, CUM-MVB “In plaas van ‘n gordel ‘n tou”
CUM-NLV “Hulle sal toue vir gordels dra”
NASB “Instead of a belt, a rope”

Dit wil voorkom of hiermee bedoel word dat gevangenes geboei in ballingskap na Assirië weggevoer word.

▣ **OAV** “n. . .brandmerk in plaas van skoonheid”
NAV, CUMs “In die plek van hulle skoonheid. . .die brandmerk van ‘n slaaf”
NASB “and branding instead of beauty”
NRSV, TEV “instead of beauty, shame”
NJB, REB “brand marks instead of beauty”
Pesjitta “for their beauty shall be destroyed”
LXX (uitgelaat)

Die MT het: “brandmerk in plaas van skoonheid.” Die term “brandmerk” word deur BDB 464 voorgestel (aanbrand, skroei, brandmerk). Die woord “shame” in NRSV en TEV kom in die Masoretiese Teks nie voor nie, maar wel in die Jesaja-rol van DSS (1 Q Isa).

3:26 Jerusalem (die VROULIK van stad, vgl. NASB, blyk in verse 25 en 26) word voorgestel as treurend oor haar verliese. Sion is weer in Jes. 61:3 en Sag. 3:4 in feesgewaad geklee, die enigste verse wat van ‘n seldsame term vir feesklere gebruik maak.

JESAJA 4

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
A Remnant prepared	The Renewal of Zion	Jerusalem's Restoration	Jerusalem will be Restored	Yahweh's Seedling	(Deur strafgerig tot verheerliking) 2:1-4:6
4:1					
4:2-6	4:2 4:3-6	4:2-6	4:2-6	4:2-6 (2-6)	

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

5. Eerste paragraaf
6. Tweede paragraaf
7. Derde paragraaf
8. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 4:1

¹For seven women will take hold of one man in that day, saying, "We will eat our own bread and wear our own clothes, only let us be called by your name; take away our reproach!"

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 4:1.

4:1-4 Die JPSOA verdeel die teksgedeelte in twee dele poësie en een deel prosa.

1. verse 1b-3
2. vers 4
3. verse 5-6 (prosa)

Die meerderheid ander vertalings sluit 4:1 by die groter konteks van 3:16-4:1 in. Hulle is ook geneig om dan verse 1-4 nie as digkuns aan te bied nie. Die NKJV struktureer vers 2 as poësie en die die NJB doen dieselfde met verse 2-6 (JB het poëtiese indelinge verse 2-3 en 4-6 gehad, maar andersins as prosa). Hieruit word dit duidelik hoe moeilik dit kan wees om vas te stel of 'n teksdeel verheve prosa of wel digterlik bedoel is. Ook is dit dan moeilik om te bepaal waar verskillende temas hulle oorgange maak. Wees maar versigtig vir die jongste hoofstuk- en versverdelings. Dit is nie geïnspireerde riglyne nie.

4:1 Dit wil voorkom of hierdie vers aansluit by 3:6 (dit is verskillende WERWOORDE; vir 3:6 sien BDB 1074 en vir 4:1 sien BDB 304). Albei beteken egter "om stewig vas te vat." Vers 1 sinspeel waarskynlik op die Messiaanse Era met "op dié dag", ("Spruit" – vgl. 4:2, OAV). Die woordspel en soortgelyke tegnieke maak dit egter moeilik om Hebreeuse digkuns uit te ken.

- ▣ OAV, NAV, CUMs "Sewe vroue"
NASB "seven women"

In die Joodse denke is sewe 'n getal wat volmaaktheid aandui wat uit Gen. 1 ontwikkel het. Hiermee moet dan verstaan word dat al die inwoners van Jerusalem en Juda inbegrepe is (vgl. 3:25-26).

- ▣ OAV "aangryp"
NAV, CUM-MVB "beetpak"
CUM-NLV "baklei"
NASB "take hold"

Hierdie WERKWOORD (BDB 304, KB 302, *Hif'il*-PERFEKTUM) beteken dat een persoon 'n ander, of enige voorwerp, "stewig vasvat" (bv. Deut. 22:25; 25:11; I Sam. 15:27; 2 Sam. 1:11; 1 Kon. 1:50; 2 Kon. 2:12; 4:27; Spr. 7:13; 26:17; Sag. 8:23).

- OAV "laat net jou naam oor ons genoem word"
- NAV "Laat ons net jou naam dra"
- CUM-MVB "Trou tog net met ons"
- CUM-NLV "Laat ons almal met jou trou"
- NASB "let us be called by your name"

'n Naam was simbolies van 'n persoon se karakter en eienskappe. Die doel van hierdie aktiwiteit word in die volgende frase duidelik gemaak. "Neem ons smaadheid weg!" (OAV; sien BDB 62 en KB 74, *Qal*-IMPERFEKTUM). Wie kan die smaadheid wegneem?

1. die regverdige van 3:10
2. die Messiaanse "Spruit" van 4:2

- OAV "neem ons smaadheid weg"
- NAV "neem ons smaad weg"
- CUM-MVB "neem ons vernedering weg"
- CUM-NLV "sodat hulle ons nie as oujongnooiens uitkryt nie"
- NASB "take away our reproach"

Hierdie SELFSTANDIGE NAAMWOORD (BDB 357) kan dui op

1. simboliek van hul sonde en afvalligheid van JHWH
2. hulle kinderlose weduweeskop omrede die sneuwel van die mansgeslag in oorlog, (NASB Study Bible, bl. 965, NIDOTTE, vol. 2, bl. 75)

Albei moontlikhede strook met Jes. 54:4 aangesien "weduweeskop" kan dui op verstoot te wees deur JHWH (Hy het hulle "geskei," die wetlike begrip!)

NASB (HERSIENE) TEKS 4:2-6

²In that day the Branch of the Lord will be beautiful and glorious, and the fruit of the earth will be the pride and the adornment of the survivors of Israel. ³It will come about that he who is left in Zion and remains in Jerusalem will be called holy—everyone who is recorded for life in Jerusalem. ⁴When the Lord has washed away the filth of the daughters of Zion and purged the bloodshed of Jerusalem from her midst, by the spirit of judgement and the spirit of burning. ⁵Then the LORD will create over the area of Mount Zion and over her assemblies a cloud by day, even smoke, and brightness of a flaming fire by night; for over all the glory will be a canopy. ⁶There will be a shelter to give shade from the heat by day and refuge and protection from the storm and the rain.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 4:2-6.

- 4:2 OAV "In dié dag"
- NAV "Daardie dag"
- CUM-MVB "Een van die dae/in die toekoms"
- CUM-NLV "In die toekoms"
- NASB "In that day"

Dit dui op 'n toekomstige tyd wanneer JHWH sal kom om sy volk te seëns of te veroordeel (vgl. 2:2,11,12,20; 3:7,18; 4:1,2). Dit is 'n tema wat dikwels in Jesaja herhaal word. Dit is nie seker wat presies Jesaja in gedagte gehad het nie.

1. terugkeer uit ballingskap saam met Serubbabel en Josua in die Persiese tyd (vgl. Esra en Nehemia)
2. herstel van Israel deur die Makkabeërs in die Seleusidiese tydperk
3. die eerste koms van Jesus (aanbreek van die nuwe era)
4. die tweede koms van Jesus (die voltooiing van die nuwe era)

Let daarop hoe die profeet omswaai van radikale oordeel na algehele, radikale vergifnis en herstel! Dit is 'n kenmerkende verskynsel in die profetiese literatuur. Die een kan nie sonder die ander nie! Die doel van oordeel is altyd gemik op herstel.

- OAV "die Spruit van die HERE"
- NAV, CUM-MVB "sal alles wat die Here laat uitspruit"
- CUM-NLV "die Tak van die HERE"
- NASB "The Branch of the LORD"

Om hierdie titel te verduidelik (BDB 855, die Targoems het dit as aanduiding van die Messias verstaan), moet ek van my kommentare van Daniël en Sagaria ophaal waar die term ook gebruik word. Maar wees versigtig om nie aan terme 'n tegniese (vaste) inhoud te gee sonder om die konteks in ag te neem nie. Konteks spreek immer mee! Die huidige inhoud van hierdie term het moontlik juis ontwikkel omdat oorfloed aan God se besondere dienskneg toegeskryf word. Ek verwys na my aantekeninge by Sag. 3:8 "die Spruit/the Branch" (OAV/ NASB; dit mag "sprout" wees, vgl. BDB 855). Hierdie is 'n ander Messiaanse titel (vgl. 6:12; Jes. 4:2; 11:1; 53:2; Jer. 23:5; 33:15). Sien 'n volle bespreking in Vir Spesiale Aandag by Dan. 4:15.

In 6:12 gebruik Sagaria die titel ten opsigte van Serubbabel, maar ook simbolies van die Dawidslinie. Dis interessant dat dit in hierdie verband gebruik word, want dit plaas die Messias in 'n priesterlike linie. Die aspek van “verlosser” (Jes. 53, priesterlik) en van “administratiewe leier” (Jes. 9:6-7, koninklik) is apart in Jesaja voorgestel, maar in Sagaria word die twee titels as 'n eenheid saamgevat (vgl. hfst. 4).

Sag. 6:12 “Spruit/Branch”. Die woord beteken “sprout” volgens die BDB 855 (vgl. 6:12; Jes. 4:2; 11:1; 53:2; Jer. 23:5; 33:15). Dit dien as titel vir die Messias. Sagaria skep met Serubbabel dus 'n tipe van die Messias (vgl. Ibn Ezra en Rashi). In Akkadies beteken Serubbabel “spruitsel van Babilon.” Hoewel Jesus met die titel bedoel word, is die ontstaan daarvan woordspel na aanleiding van die betekenis van Serubbabel se naam. Serubbabel was immers die tempelbouer in 516 v.C. In hierdie vers kom nie net dié besondere titel voor nie, maar ook die gepaardgaande WERKWOORD wat in die OAV lees “hy sal uit sy plek uitspruit” (*Qal-IMPERFEKTUM*).

VIR SPESIALE AANDAG: JESUS DIE NASARENER

Daar is etlike, verskillende Griekse terme in die NT wat Jesus presies identifiseer:

A. NT Terme

1. Nasaret, 'n dorp in Galilea (vgl. Luk. 1:26; 2:4, 39,51; 4:16; Han. 10:38). Hierdie stad word in geen vroeë geskrifte genoem nie, maar word wel in later inskripsies aangetref. Vir Jesus, om van Nasaret afkomstig te wees, was nie 'n kompliment nie (vgl. Joh. 1:46). Om dié stadsnaam op die kruis aan te bring, was aanduiding van die Joodse minagting³.
2. *Nazarēnos* – was skynbaar 'n verwysing na 'n geografiese gebied (vgl. Luk. 4:34; 24:19).
3. *Nazōraios* – mag aanduiding van 'n stad wees, maar kon ook sinspeel op die Hebreeuse Messiaanse term “spruit” (Jes. 4:2 [OAV] of “takkie”, 11:4 [NAV]) (vgl. *netser*, BDB 666 en verwante terme, Jes. 4:2; 11:1; 53:2; Jer. 23:5 [BDB 855]; 33:15; Sag. 3:8; 6:12). Lukas gebruik dit van Jesus in 18:37 en Han. 2:22; 3:6; 4:10; 6:14; 22:8; 24:5; 26:9.
4. In ooreenstemming met #3 *nāsir* (BDB 634) beteken dit dat iemand deur 'n eed afgesonder is.

B. Historiese voorkoms (Nasarener) buite die NT. Dus die bestaan van ander historiese gebruike.

1. Dit was aanduiding van 'n voor-Christelik, Joodse sekte (Aramees: *nāsōrayyā*).
2. Dit was in Joodse kringe 'n manier om na Christus-gelowiges te verwys (vgl. Han. 24:5,14; 28:22).
3. Dit het die algemene gebruiksterm in die Siriese kerke (Aramees) geword om na gelowiges te verwys; “Christen” was die gebruikelike aanduiding van gelowiges in die Griekse kerke.
4. 'n Tyd na die val van Jerusalem het die Fariseërs by Jamnia vergader om te reorganiseer en het hulle 'n amptelike skeiding tussen sinagoge en kerk verklaar. 'n Tipiese vervloekskrif teen Christene is in “die Agtien Seënuitsprake” van *Berakoth 28b-29a*, gevind; waarin na gelowiges as “Nasareners” verwys word.
“Mag die Nasareners en afgedwaaldes in 'n oomblik verdwyn; hulle sal uitgewis word uit die boek van die lewe en nie saam met die getroues opgeteken wees nie.”
5. Justin Martyr het die stelling, met verwysing na Jesaja se *netser* (Jesus), gebruik.

C. Die skrywer se mening

Ek is verras om soveel verskillende spellings van die term teë te kom. Alhoewel ek weet dat dit nie so ongewoon was dat in die OT byvoorbeeld “Josua” vele kere in Hebreeus verskillend gespél word nie. Wel, omrede (1) die sterk assosiasie met die Messiaanse term “Spruit”(takkie); (2) saamgesien met die negatiewe konnotasie; (3) weinig of min vroeë bevestiging van die bestaan van dié stad in Galilea, noop dit my tot *onsekerheid* omtrent die presiese betekenis van die term Nasarener; en weens (4) die eskatologiese implikasie van die uitroep van 'n besetene: “Jesus, Nasarener. . .Het u gekom om ons te verdelg?” (Luk. 4:34 – vert.) bly ek onseker.

Vir 'n volledige bibliografie van studies oor hierdie woordgroep sien Colin Brown (red.), *New International Dictionary of New Testament Theology*, vol. 2, bl. 346 of Raymond E. Brown, *Birth*, bl. 209-213, 223-225)

■ JHWH se “uitspruitsel” (NAV), “branch” (NKJV, NRSV, JB) sal

1. “mooi” (BDB 840, vgl. Jer. 3:19; dikwels i.v.m. die Beloofde Land gebruik, sien Dan. 8:9; 11:16,41) en
2. “weelderig” wees (BDB 458, wat “oervloedig” beteken, en “eer” en “heerlikheid”/“glory”, vgl. BDB 802, ook in hierdie vers).

Hierdie twee terme word dikwels saam gebruik soos in 13:19; 28:1,4,5.

Sommige vertalings gee dit weer as welige plantegroei met wederherstel van alle dinge (LXX, Pesjitta, TEV, NJB, REB, NET-Bybel, NAV). Die koms van die Messias hou die belofte in van vrugbaarheid in die Beloofde Land, vgl. veral die tweede deel van vers 2.

■ OAV, NAV, CUM-MVB “Wie in Sion oorgebly het” CUM-NLV “van die mense wat oorgebly het” NASB “the survivors of Israel”

Jesaja spreek hulle aan en verwys dikwels na hulle (vgl. 10:20; 37:31,32; Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:9), maar tot watter groep rig hy hom in werklikheid? Sien die inleidende frase van vers 2.

³ Joh. 19:19 – vert.

Die Heilige Gees is die ware outeur van die Skrif. Menigmaal het die menslike skrywer nie die volle impilkasies van sy boodskappe in die apokaliptiek begryp nie. Ek is van mening dat hierdie gedeeltes meervoudige betekenis gehad het (sensus plenus), wat deur progressiewe openbaring verhelder word. Die aaneenskakeling van die die Skrifgegewens in meervoudige vervulling bring die boodskap tuis (vgl. 7:14). Maar goeie hermeneutiek soek eers die skywer se bedoeling in die teksgedeelte en neem ook die literatuursoort in ag.

4:3 Hierdie versgedeelte is in Jeremia se dae opgevat as sou diegene wat nie in ballingskap weggevoer was nie, JHWH se gunsteling moet wees! Esegïel wys die idee egter van die hand. JHWH sou 'n spesiale plek gee aan die terugkerendes (vgl. Esra en Nehemia).

- **OAV** "elkeen wat onder die lewendes opgeskryf is in Jerusalem"
- NAV, CUM-MVB** "elkeen in Jerusalem wat vir die lewe opgeskryf is"
- CUM-NLV** "almal wie se name neergeskryf is, wat die uitwissing beleef het van Jerusalem"
- NASB** "everyone who is recorded for life in Jerusalem"

Wat uitleg betref, is daar twee moontlikhede

1. Word hiermee die lewe in die historiese hoofstad Jerusalem bedoel of die eskatologiese "nuwe Jerusalem," wat simbool is van die nuwe era (vgl. Openb. 21)?
2. Wat die boek van die lewe betref, sien *Vir Spesiale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE TWEE BOEKE VAN GOD

A. Wat met hierdie opskrif bedoel word, is

1. die natuur (d.w.s. die skepping, vgl. Ps. 19:1-6)
2. die heilige Skrif (Ps. 19: 7-14)

Dit is hoekom ek nie dink dat daar uiteindelik 'n konflik behoort te wees tussen die wetenskap en geloof nie, alle waarheid is God se waarheid. Sien asseblief my kommentaar oor Genesis 1-11 intyds, gratis by www.freebiblecommentary.org

B. Daar is melding van twee boeke in die Bybel (vgl. Dan. 7:10; Openb. 20:12)

1. Die boek wat alle optrede van mense, sleg sowel as goed, bevat. Dit kan gesien word as die geheue van God en dat op 'n dag elke mens rekenskap sal moet gee van sy/haar rentmeesterskap van die gawe van lewe.
 - a. Ps. 56:8; 139:16
 - b. Jes. 65:6
 - c. Mal. 3:16
 - d. Openb. 20:12-13
2. Dit is die "boek" wat aantekening hou van almal wat 'n geloof/berouvolle en gehoorsame verhouding met JHWH/Jesus het. Dit dien as metafoor vir God se geheue in verband met almal wat verlos is en vir die hemel bestem is.
 - a. Eks. 32:32-33
 - b. Ps. 69:28
 - c. Jes. 4:3
 - d. Dan. 12:1
 - e. Fil. 4:3
 - f. Heb. 12:23
 - g. Openb. 3:5; 13:8; 17:8; 20:12,15
 - h. Ook gemeld in 1 Henog 47:3; 81:1,2

Hierdie "boeke" toon aan dat God aan Sy Woord getrou is. Hy onthou diegene wat wederstrewig is, maar wanneer sondaars bely, glo, begin gehoorsaam, dien en volhard daamee, vergeet Hy (vgl. Ps. 103:11-13; Jes. 1:18; 38:17; 43:25; 44:22; Miga 7:19). Dat God onwrikbaar vas staan in sy groot barmhartigheid, in beloftes en voorsienigheid, kan met groot sekerheid en vertrou aanvaar word. God is, in een woord, getrou!

4:4 Hierdie vers gebruik twee metafore vir geestelike reiniging.

1. Om te was
 - a. afwas – OAV (BDB 934, KB 122, *Qal*-PERFEKTUM)
 - b. reinig – CUM-NLV (BDB 188, KB 216, *Hif'il*-IMPERFEKTUM (so asof deur 'n offerande! vgl. 2 Kron. 4:6; Eseg. 40:38))
2. Met vuur
 - a. "“n sin vir reg”/”a spirit of judgement” (NAV, vgl. 28:6)
 - b. "gees van verbranding” (letterlik, vgl. 1:31; 9:19)

Dit is heeltemal moontlik dat *ruach* (gees) hier as 'n stormsterkte wind van JHWH se oordeel verstaan moet word, wat verwoesting saai; die oordeel oor Juda wat reinig van opsetlike wederstrewigheid.

- **OAV** "onreinheid"

NAV, CUM-MVB “wandade”
CUM-NLV “vuilheid”
NASB “filth”

Hierdie is ‘n kragtige term om sonde te beskryf (BDB 844).

1. Jes. 28:8, braaksel, (NAV)
2. Jes. 36:12, ontlasting; (vgl. Deut. 23:14; Eseg. 4:12).

- ▣ **OAV, CUM-NLV** “die dogters van Sion”
NAV, CUM-MVB “die inwoners van sion”
NASB “the daughters of Zion”

In 3:16-26 dien dit as metafoor vir “Jerusalem.” Dit is ‘n parallel of sinoniem vir “Jerusalem.”

- ▣ **OAV** “die bloedskulde”
NAV, CUM-MVB “die bloed wat aan die hande. . .kleef”
CUM-NLV “bloedvlekke”
NASB “bloodshed”

Dit is metafoories vir doodslag met voorbedagte rade (BDB 196). Moontlik word hiermee bedoel dat die armes sosiaal erg uitgebuit en verstoot word (uit hulle midde).

4:5 Hierdie vers sinspeel op die geskiedenis van die woestynomswerwing en JHWH se persoonlike teenwoordigheid tydens die uittoeg. Die verwysing is na die sjekina, die wolk van heerlikheid (vgl. Eks. 13:21,22; 40:38; Num. 9:15-23; Ps. 78:14; 99:7; 105:39). JHWH self (of sy Engel) sou sy volk weer lei en oorvloediglik na hulle behoeftes omsien.

- ▣ **OAV** “Dan skep die HERE”
NAV, CUM-MVB “Dan sal die Here. . .skep”
CUM-NLV “die HERE sal. . .verskaf”
NASB “the LORD will create”

Hierdie WERKWOORD (BDB 135, KB 153, *Qal*-PERFEKTUM) word soos in die geval van Gen. 1:1 slegs in verband met God se skeppingswerk gebruik.

- ▣ **OAV** “beskutting”
NAV, CUM-MVB “skuiling”
CUM-NLV “skadu”
NASB “canopy”

Hierdie woord (BDB 342 I) kan dui op

1. ‘n beskermende bedekking soos die *sjekina*-wolk (oor die volk as geheel soos in die woestynomswerwinge)
2. ‘n tent vir huweliksbevestiging (vgl. Ps. 19:5; Joël 2:16). Sommige sien hierdie huweliksmetafoor in verband met die desperate vroue van 4:1, maar ander weer koppel dit aan die tabernakel (tent), ‘n herstelde tempeldiens in Jerusalem wat simbolies sal wees van die herstel van die verhouding van JHWH/Messias met die volk in die metafoor van ‘n huwelik (vgl. 5:1; Hosea 1-3; Efes. 5:21-33).

4:6 Daar is ‘n verskeidenheid metafore (teen hitte en storm) saamgevoeg om JHWH se beskerming uit te beeld.

1. skuiling (BDB 697, vgl. 1:8; Ps. 27:5; 31:20; ook die voorstelling in 32:2)
2. toevlug (BDB 340)
 - a. as NAAMWOORD, Jes. 25:4
 - b. as WERKWOORD, Jes. 14:23; 57:13
 - c. in die Psalms, 14:6; 46:1; 61:4; 62:7,8; 71:7; 73:28; 91:2,9; 94:22; 142:5
3. “afwering/verdediging.” BDB 731, vgl. 17:10; 27:5

Dikwels word JHWH as

1. ‘n moederlike Beskermer voorgehou, wat haar kuikens onder die vlerk hou
2. of as ‘n fort en veilige vesting (vgl. Ps. 18:1)

Gelowiges kan op die beskerming en sorgsame bewaring van die Verbondsgod staatmaak! As God van die verbond staan Hy in met ons en vir ons, as ons maar onthou dat belydenis nodig is, as ons glo en gehoorsaam en in sy diens volhard; as óns kant van die verbond. Daar is beloftes (voordele) in die verbond, maar ook verantwoordelikhede om na te kom; nakoming of nalaat van beide kante het gevolg!

JESAJA 5

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Parable of the Vineyard	God's Disappointing Vineyard	Song of the Vineyard	The Song of the Vineyard	The Song of the Vineyard	Wat kan Ek nog vir my wingerd doen?
5:1-2 (1-2)	5:1-7 (1b-2)	5:1-2 (1-2)	5:1-2 (1-2)	5:1-4 (1-4)	5:1-7 (1-2)
5:3-6 (3-6)	(3-6)	5:3-4 (3-4)	5:3-4		(3-6a)
		5:5-6 (5-6)	5:5-6	5:5-7 (5-7)	(6b-7)
5:7 (7)	(7)	5:7-10 (7-10)	5:7 (7)		
Woes for the Wicked	Impending Judgment Excesses	on	The Evil People Do	That Curses	Ellende wag vir die volk van die Here
5:8-12 (8-12)	5:8-10 (8-10)		5:8-10	5:8-10 (8-10)	5:8-30 (8-10)
	5:11-12 (11-12)	5:11-13 (11-13)	5:11-14	5:11-14 (11-14)	5:11-12 (11-12)
5:13-17 (13-17)	5:13-17 (13-17)				(13-15)
		5:14-17 (14-17)			
			5:15-17	5:15-17 (15-17)	(16-17)
5:18-23 (18-23)	5:18-19 (18-19)	5:18-24 (18-24)	5:18-19	5:18-19 (18-19)	(18-19)
	5:20 (20)		5:20	5:20 (20)	(20)
	5:21 (21)		5:21	5:21 (21)	(21)
	5:22-23 (22-23)		5:22-25	5:22-24 (22-24)	(22-24)
5:24-25 (24-25)	5:24-25a (24-25a)			Yahweh's Anger	
	5:25b (25b)	5:25-30 (25-30)		5:25 (25)	(25)
				Yahweh Summons the Invaders	
5:26-30 (26-30)	5:26-30 (26-30)		5:26-29	5:26 (26)	(26-30)
				5:27 (27)	
				5:28 (28)	

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elke wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGRONDSTUDIE

- A. Om die historiese konteks van hierdie hoofstuk vas te stel, is moeilik. Dit kan inpas op enige stadium van die prediking van Jesaja. Hedendaagse kenners weet eenvoudig nie die hoe en waaroms van die samestelling van profetiese boeke nie.
- B. Hierdie was 'n populêre volksliedjie maar dis onbekend of dit in die temple of op die markplein gesing is.
- C. Dit is nodig om in gedagte te hou dat bevoorregting met verantwoordelikheid gepaard gaan (vgl. Luk. 12: 48).
- D. Op verskeie plekke in Die NT is daar blyke dat volksliedjies in gebruik was (vgl. Mat. 21:33-46; Mark. 12:1-2; Luk. 20: 9-19).
- E. Hou in gedagte dat Juda ten tye van Jesaja besondere voorspoed beleef het en in sulke tye neig mense tot geestelike vervlakking en maak hulle op eie vermoëns staat eerder as op God en sy verbondsbeloftes en bepalings.

KORT RAAMWERK

- a. 'n liedjie wat 'n gelykenis is (verse 1-6)
- b. die interpretasie daarvan is ironies (vers 7)
- c. oordeel van JHWH die uiteinde (verse 8-30)
 1. 'n reeks van ellendes (verse 8-23)
 2. oordeel (verse 24-30)
 - 2.1. in die natuur (vers 25)
 - 2.2. deur invallers en oorlog (verse 26-30)

NASB (HERSIENE) TEKS: 5:1-2

¹Let me sing now for my well-beloved
A song of my beloved concerning His vineyard.
My well-beloved had a vineyard on a fertile hill.
²He dug it all around, removed its stones.
And planted it with the choicest vine.
And He built a tower in the middle of it
And also hewed a vine vat in it;
Then He expected it to produce good grapes,
But it produced *only* worthless ones.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 5:1-2.

5:1	OAV	“Laat my tog sing”
	NAV	“Ek wil sing”
	CUM-MVB	“’n Lied”
	CUM-NLV	“Ek wil. . .sing”
	NASB	“Let me sing”

Hierdie aanvanklike WERKWOORD (BDB 1010, KB 1479, *Qal*-KOHORTATIEF), kom ook in Num. 21:17 en 42:10 voor. Die SELFSTANDIGE NAAMWOORD kom ook in vers 1 voor. Dikwels word liedere gebruik om gebeurtenisse in herinnering te roep (vgl. Eks. 15:1; Num. 21:7; Rigt. 5:1; 1 Sam. 18:6).

In hierdie geval is die lied op verbygangers gerig wat dan sou gaan staan om te luister.

- ☐ OAV “My Beminde. . .my Beminde”
- NAV “Hy wat ek liefhet. . .liefhet”
- CUM-MVB “my Beminde. . .my Beminde”
- CUM-NLV “die een wat ek liefhet. . .my beminde”
- NASB “well-beloved. . .beloved”

Hier word twee verskillende Hebreeuse woorde gebruik. Die eerste een is gebruiklik in digkuns wat oor ‘n familielid handel (BDB 391). Die tweede een (BDB 187) is ‘n liefdeslied gerig aan ‘n geliefde. Hier gaan dit om ‘n besondere vriend van wie die eenaar groot verwagtinge gehad het. In Juda, waar mense met ‘n landboubestaan vertrou was, sou hulle dit goed begryp.

- ☐ OAV, NAV, CUMs “wingerd”
- NASB “vineyard”

Die wingerd (of wingerdstok) het as simbool gedien vir Israel se nasionale bestaan (vgl. Eks. 15:17; Ps. 80:8; Jes. 2:21; 12:10). Dit was ook die geval met die olyfboom en die duif. Die profete het aan Juda gedink as die “enigware volk van God.”

- ☐ OAV, NAV, CUMs “‘n vrugbare heuwel”
- NASB “fertile hill”

“Huwel” is letterlik te vertaal met “horing” (BDB 901), d.w.s. ‘n alleenstaande heuwel waarvan die hange net reg teen die son lê en goed dreineer; ‘n heuwel perfek voorberei vir die doel om die beste druiwe voort te bring, ‘n uitstaande oes. Die BYVOEGLIKE NAAMWOORD “vrugbare” kan letterlik met die “seun/afstammeling van olyfolie” vertaal word, wat ‘n metafoor vir “oorvloed” is.

5:2 Op die WERKWOORD (BDB 793, KB 889) in vers 2-5 is daar woordspel deur dit 7 keer te herhaal.

dra/voortbring (vers 2)

doen/gedoen het (... nie, vers 4 –vir God se wingerd)

voortgebring het/dra, (vers 4)

doen (vers 5 vir ‘n ondankbare wingerd).

- ☐ OAV “Hy het die grond omgespit en die klippe daaruit gehaal”
- NAV, CUMs “Hy het die grond omgespit, die klippe verwyder”
- NASB “He dug it all around, removed its stones”

Die eerste WERKWOORD (BDB 740, KB 810; *Piel*-IMPERFEKTUM) word in die OT net hier aangetref. Die KJV het “ommuur/fenced.” Ek is van mening dat dit die Hebreeus nie korrek vertaal nie, maar dit pas tog heel goed in by hoe daar te werk gegaan word. Wanneer die klipgrond skoongemaak word in Palestina, word die klippe in ‘n muur gepak. In ooreenstemming met hierdie eerste werkwoord kan dit ook wees dat die klippe in ‘n dreineringsloot teenaan ‘n klipmuur gepak word (LXX, Pesjitta, Vulgaat). Dalk beskryf Jesaja hiermee ook terrasering wat skuinstes op die terrein gelyk wil maak.

Dit is ook moontlik dat die klippe so gestapel was dat dit wingerdlote van die grond af weg hou.

- ☐ OAV, CUM-NLV “edel wingerdstokke”
- NAV, CUM-MVB “veredelde wingerdstokke”
- NASB “the choicest vine”

Dit dui op ‘n druif wat “sorek” genoem word en wat helderrooi van korrel is (BDB 977 I, vgl. Jer. 2:21). Hierdie naam is afkomstig van ‘n vallei in Palestina wat so genoem word (vgl. Rigt. 16:4). Volgens Jer. 2:21 is dié druifsoort duur en gesog. Hierdie druifsoort word ook in die Messiaanse Skrifdeel van Gen. 49:11 vermeld.

- ☐ OAV “toring”
- NAV, CUMs “wagtoring”
- NASB “tower”

Hierdie “wagtoring” is opgerig uit klippe wat uit die grond gehaal is (BDB 153). Dit was vir sekuriteitsdoeleindes opgerig en was slegs gedurende planttyd en oestyd in September beman. Die Hebreeuse woord kan ook met “hut” vertaal word, waaruit blyk hoe belangrik konteks is om die bedoeling met ‘n woord te bepaal (vgl. 1:8). Dit is ook die geval wanneer dit met “hoë toring” (militêre uitkykpunt – NAV, 2:15) vertaal word.

- ☐ OAV, NAV, CUMs “‘n parskuip uitgekapt”
- NASB “hewed out a wine vat”

Dit was ‘n uitgekapte holte op ‘n rots waarin die vrou die sap met hul voete uitgetrap het. Dit het dan afgevloei deur ‘n groef in ‘n dieper holte vir bewaring.

▣	OAV	“wilde druiwe”
	NAV, CUM-MVB	“druive. . .wat suur bly”
	CUM-NLV	“druive was wild en suur”
	NASB	“worthless one”
	NKJV, NRSV, NJB, REB	“wild grapes”
	TEV, JB	“every grape was sour”
	LXX	“thorns”

Die Hebreëuse woord (BDB 93) kan op die volgende neerkom:

1. stink- of skadelike grasse, wanneer in ENKELVOUD, vgl. Job 31:40 (NAV “onkruid)
2. stinkende goeters, waardelose dinge, wanneer in MEERVOUD

Die basiese woordstam herinner aan die stank van

1. lyke (Jes. 34:3; vgl. met 5:25; Joël 2:20; Amos 4:10)
2. springkane (Joël 2:20 – metafories vir ‘n verslane leër)

Die Masoretiese Teks praat van “wilde druiwe” in hierdie konteks, wat nie vir die maak van wyn geskik is nie.

NASB (HERSIENE) TEKS: 5:3-6

³“And now, O inhabitants of Jerusalem and men of Judah,
Judge between Me and My vineyard.
⁴What more was there to do for My vineyard that I have not done in it?
Why, when I expected *it* to produce *good* grapes did it produce worthless ones?
⁵So now, let Me tell you what I am going to do to My Vineyard:
I will remove its hedge and it will be consumed;
I will break down its wall and it will become trampled ground.
⁶I will lay it waste;
It will not be pruned or hoed,
But briars and thorns will come up.
I will also charge the clouds to rain no rain on it.”

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 5:3-6.

5:3 Die skrywer neem sy gehoor mee op ‘n weg van besluitneming. Die doel van so ‘n genre of gelykenis (wingerdliedjie) is dan dat die hoorders hulleself in eie woorde sal veroordeel!

Die WERKWOORD (BDB 1047, KB 1622, *Qal-IMPERATIEF*) vir “oordeel”/”beslis tog” (OAV, NAV) is dieselfde as wat Matteus in 21:40 gebruik.

5:4 Hierdie vraag in die gelykenis is die kern van die saak. God het alles nodig vir sy volk gedoen, maar nogtans draai hulle hul rug op Hom.

5:5-6 Die profeet, wat hier namens JHWH praat, spreek hom uit (BDB 393, KB 390, *Hif'il-KOHORTATIEF*) oor wat Hy met sy teleurstellende wingerd sal doen (nl. Juda).

1. “doringheining”/”omheining” (NAV, CUM-NLV) afbreek om deur diere gevreet te word
2. die beskermende ommuring afbreek met vertrapping die gevolg
3. alle onderhoud staak sodat onkruid en doringstruik oorvat (vgl. 7:23,25,9,18; 27:4)
4. terughou van reën sodat dit verdroog (Deut. 28:23-24).

5:6 **OAV, CUMs** “Ek maak dit ‘n wildernis”
NAV “Ek gaan dit tot niet maak”
NASB “I will lay it waste”

Die WERKWOORD hier is *Qal-IMPERFEKTUM* (BDB 1011, KB 1483). JHWH laat sy wingerd tot ‘n wildernis verval (BDB 154). Die term kom net hier voor. Dit kan “beëindig” of “tot niet maak” beteken. Die oordeel van JHWH is gewis en finaal (vgl. vers 30). Laat ons God dank vir hoofstukke 7-12!

Daar sal ‘n nuwe dag aanbreek (vgl. hoofstukke 40-55). Daar sal ‘n nuwe hemel en nuwe aarde kom (56-66)!

▣	OAV	“Ek sal die wolke gebied om nie daarop te reën nie”
	NAV, CUM-MVB	“Ek sal die wolke verbied om daarop te reën”
	CUM-NLV	“Ek verbied die wolke om daarvoor te reën”
	NASB	“I will also charge the clouds to rain no rain on it”

Die mensdom se sonde het steeds invloed op die natuur (vgl. Gen. 3:17-19; Rom. 8:19-26) omdat God dit as middel tot seën of oordeel aanwend (vgl. 26:4; Deut. 11:14; 28:12; Amos 4:7; Sag. 14:17).

NASB (HERSIENE) TEKS: 5:7

⁷For the vineyard of the LORD of hosts is the house of Israel
And the men of Judah His delightful plant.

**Thus He looked for justice, but behold, bloodshed;
For righteousness, but behold, a cry of distress.**

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 5:7.

5:7	OAV	“die huis van Israel”
	NAV, CUM-MVB	“is die Israeliete”
	CUM-NLV	“Dit is die verhaal van die Here se volk. . Israel”
	NASB	“the house of Israel”

In die gewone gang van sake het hierdie frase altyd op die hele Jodendom voor die skeuring van die ryk in 922 v.C. gedui. In hierdie vers is Juda egter in die fokus. Op hierdie stadium van die geskiedenis was die ryk in twee koninkryke verdeel; in die Noordelike tien stamme bekend as “Israel”, “Efraïm” of “Samaria” en die Suidelike drie wat “Juda” genoem is, hoewel dit “Benjamin” en “Simon” ingesluit het, sowel as die meerderheid van Leviëte en priesters.

▣	OAV	“reg. . . bloedvergiëting. . . geregtigheid. . . geskreeu”
	NAV, CUM-MVB	“reg. . . onreg. . . geregtigheid. . . hulpgeroep”
	CUM-NLV	“geregtigheid. . . bloedvergiëting. . . regverdigheid. . . hulpgeroep”
	NASB	“justice. . . bloodshed. . . righteousness. . . a cry of distress”

Dit was woordspeling met klank wat slegs in Hebreeus duidelik is. מִשְׁפָּט *Mispat* (geregtigheid) versus *misipah* (bloedvergiëting מִשְׁפָּח); צְדָקָה *tsedakah* (regverdigheid) versus תְּעִיאָה *tse’aqah* (hulpgeroep). ‘n Tipies Bybelse weergawe van teleurgestelde verwagtinge!

NASB (HERSIENE) TEKS: 5:8-12

⁸Woe to those who add house to house *and* field to field,
Until there is no more room,
So that you have to live alone in the midst of the land!
⁹In my ears the LORD of hosts *has sworn*, “Surely many houses will become desolate,
Even great and fine ones, without occupants.
¹⁰For ten acres of vineyard will yield *only* one bath of wine,
And a homer of seed will yield *but* an ephah of grain.”
¹¹Woe to those who rise early in the morning that they may pursue strong drink,
Who stay up late in the evening that wine may inflame them!
¹²Their banquets are *accompanied* by lyre and harp, by tambourine and flute, and by wine;
But they do not pay attention to the deeds of the LORD,
Nor do they consider the work of His hands.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 5:8-12.

5:6	OAV	“Wee”
	NAV, CUM-MVB	“Ellende wag”
	CUM-NLV	“Verwoesting wag”
	NASB, NKJV, NJB, REB	“Woe”
	NRSV, JPSOA	“Ah”
	TEV	“You are doomed”

Daar is meningsverskil onder geleerdes of hier net ses of wel sewe “wee”-uitsprake gemaak is (BDB 222). Wat hier in Hebreeus staan, is nie letterlik die woord vir “wee” nie (vgl. BDB 17, wat dit as “weeklag” aandui; vgl. Jes. 3:9,11; 6:5; 24:16). Volgens die BDB kan hierdie woord “aag,” “helaas” (ai!), “wee” (ellende) beteken waardeur ernstige onvergenoegdheid met ‘n heersende situasie, of die gevolge daarvan, uitgespreek word.

Dit lui die oordeelsuitspraak oor die afvalligheid van die verbond van God in; in wese is dit ‘n kreet oor die erge verval en sonde van die Judese samelewing.

▣	OAV	“wat huis aan huis trek, akker aan akker voeg”
	NAV, CUM-MVB	“wat huis na huis inpalm, die een plaas na die ander in die hande kry”
	CUM-NLV	“julle aanhou om eiendom op te koop. . . bou huise op groot plase”
	NASB	“to those who add house to house and join field to field”

Hiermee word grypsugtige grondeienaars bedoel wat die armes uitbuit. Hulle vermeerder grondbesit sonder om die voorvaderlike erfgrond in ag te neem (vgl. uitdeling van grondgebied deur Josua; vgl. Jer. 22:13-17; Miga 2:2). Die wet van Moses het toegekende grondgebied vir die nageslag beskerm deur instelling van ‘n Jubeljaar (die 50ste jaar waarin grond na oorspronklike eienaars moet terugkeer – vgl. Lev. 25:8-55; Num. 36:4). Of Israel ooit hierdie bepaling nagekom het, blyk onseker te wees. Dat dit die wil van God was, staan egter vas.

5:9 Vers 9 beklemtoon nadruklik (d.w.s. sonder ‘n WERKWOORD) hoe Jesaja die stem van die Here van die leërskaar in sy ore gehoor het. ‘n Sterk saak vir openbaring deur woordelike inspraak word deur hierdie vers gemaak (vgl. 22:14)! Dit is nou nie meer Jesaja se boodskap of emosionaliteit nie! YHWH spreek sy afgedwaalde volk direk aan deur die profeet.

Hierdie oordeel kom ooreen met Amos 5:11 en Miga 6:15. Weens die uitbuitery van die gemeenskap sal daar van die verwagte rykdomme niks kom nie. Uit twyfelagtige maniere van wins maak, sal geen rykdom tot stand kom nie. ‘n Mens maai wat jy saai (vgl. 3:10,11)!

- 5:10 OAV** “Want tien morg wingerd”
NAV, CUM-MVB “‘n wingerd waaraan tien dae geploeg word”
CUM-NLV “‘n wingerd van tien akker”
NASB “for ten acres of vineyard”

Die woord “akker” is ‘n hedendaagse begrip vir wat, as dit letterlik vertaal moet word, soveel grond is wat “‘n span van twee” of ‘n “paar” diere onder die “juk” op een dag kan ploeg (vgl. NAV, BDB 855, 1 Sam. 14:14).

- ☐ **OAV** “sal een enkele bat oplewer”
NAV, CUM-MVB “sal net een mandjie druive oplewer”
CUM-NLV “sal net 21 liter wyn lewer”
NASB “will yield *only one bath of wine*”

Hierdie Hebreeuse term “bat” (BDB 144 II) is ‘n vloeistofmaat van omtrent 8-10 gallon (vgl. CUM-NLV). Dit dien in hierdie konteks as ‘n metafoor vir die onvrugbaarheid wat daar sal rus op grond wat onregmatiglik verkry is.

VIR SPESIALE AANDAG: OU MIDDE-OOSTERSE GEWIGS- EN INHOUDSMATE

In die landboubestaanswyse van die ou Midde-Ooste was die mate en gewig van dinge van allergrootste belang. Die Bybel vermaan die Joodse gemeenskap om in handelsbetrekkinge billik teenoor mekaar op te tree (Lev. 19:35-36; Deut. 25:13-16; Spr. 11:1; 16:11; 20:1). Die probleem was nie net eerlikheid nie, maar ook die ongestandaardiseerde staat van terme en sisteme in Palestina. Dit lyk of daar twee stelsels gewigte was; ‘n ‘lig’ en ‘n ‘swaar’ van elke hoeveelheid (vgl. *The Interpreter’s Dictionary of the Bible*, vol. 4, bl. 831). Verder is die desimale stelsel uit Egipte (basis van 10) by die seksagesimale stelsel (basis van 6) van Mesopotamië ingewerk.

Baie ‘grootte-mate’ en ‘bedrae’ was op menslike liggaamsdele of wat ‘n pakkier kan dra of ‘n boer se houervolume gebaseer, waarvan niks gestandaardiseer was nie. As sodanig is die tabelle slegs beramings en dus tentatief. Die maklikste manier om skale en mates met mekaar te vergelyk is op ‘n verhoudingstabel.

I. Volumes wat meesal in gebruik was⁴

A. droë volumes

1. *Homer/gomer* (OAV), Kilogram (NAV); moontlik ‘n pakdonkie-vrag, BDB 331, Lev. 27:16; Hosea 3:2
2. *Letek*, “anderhalf homer/gomer” (OAV); 100 kilogram (NAV), BDB 547; Hosea 3:2
3. *Efa*, (BDB 35), Eks. 16:36; Lev. 19:36; Eseg. 45:10-11,13,24
4. *Se’ah* (BDB 684), drie mate meel (NAV), Gen. 18:6; 1 Sam. 25:18; 1 Kon. 18:32
5. *Omer* (BDB 771), gerf, moontlik ‘n ry van gesnyde gerwe, Eks. 16:16,22,36; Lev. 23:10-15
6. *‘Issaron* (BDB 798), “‘n tiende deel”, bv. Eks. 29:40; Lev. 14:21
7. *Qav/qab* (BDB 866), 2 Kon. 6:25

B. Vloeibare inhoudsmate

1. *Kor.*, (BDB 499), 1 Kon. 5:2,25; Eseg. 45:14
2. *Bat* (BDB 330), 2 Kron. 2:10; Eseg. 45:10-11,14
3. *Hin* (BDB 228), Eks. 29:40; Lev. 19:36; Eseg. 45:24
4. *Log* (BDB 528), Lev. 14:10,12,15,21,24

C. Tabel (uit Roland de Vaux, *Ancient Israel*, vol. I, bl. 201 en *Encyclopedia Judaica*, vol. 16, bl. 379)

<i>homer</i> (droog) = <i>kor</i> (vloeistof)	1						
<i>efa</i> (droog) = <i>bat</i> (vloeistof)	10	1					
<i>se’ah</i> (droog)	30	3	1				
<i>hin</i> (vloeistof)	60	6	2	1			
<i>‘omer/issarion</i> (droog)	100	10	-	-	1		
<i>Qav/qab</i> (droog)	180	18	6	3	-	1	
<i>Log</i> (vloeistof)	720	72	24	12	-	4	1

II. Mees algemene massaterme

A. Die drie algemeenste massaterme is *talent*, *sikkel* en die *gerah*.

1. Die grootste gewig in die OT is die *talent*. Uit Eks. 38:25-26 weet ons dat ‘n talent gelyk is aan 3000 sikkels; (d.w.s. ‘afgerond tot’, BDB 503);
2. Die term *sikkel* (BDB 1053, ‘gewig/massa’) kom so dikwels voor dat dit veronderstel word en uit die teks weggelaat word. ‘n Hele aantal waardes word aan die sikkel gekoppel:
 - a. “handelstandaard” (NAV van Gen. 23:16)
 - b. “die sikkel van die heiligdom” (NAV van Eks. 30:13)

⁴ Benaminge in Nederlands en Afrikaans volgens transkripsie van R. de Vaux/Luc Grollenberg, vol. I, bl. 352 – vert.

- c. “volgens die koning se gewig’ (NAV van 2 Sam. 14:26; in die papyrusdokumente van Elefantine “koninklike gewig”)
3. Die *gerah* (BDB 176 II) is teen 20 per sikkal gewaardeer (vgl. Eks. 30:13). Hierdie waardes het verskil van Mesopotamië tot Egipte. Israel het die evaluasie mees algemeen tot Kanaän gevolg (Ugarit).
 4. Die *mine* (BDB 584) het ‘n waarde van 50 of 60 sikkals gehad. Dié term kom hoofsaaklik in die later OT geskrifte ter sprake (bv. Eseg. 45:12; Esra 2:69; Neh. 7:70-71); Esegël het die 60 tot 1 skaal gebruik terwyl Kanaän die 50 tot 1 skaal gebruik het.
 5. Die *beqa* (BDB 132, “n halwe sikkal”, vgl. Gen. 24:22) word net twee keer in die OT genoem (vgl. Gen. 24:22; Eks. 38:26). Dit was die helfte van ‘n sikkal en beteken ‘om te verdeel’.

B. Tabel

1. soos in Eksodus

talent	1				
mine	60	1			
sikkal	3,000	50	1		
beka	6,000	100	2	1	
gerah	60,000	1000	20	10	1

2. soos in Esegël

talent	1				
mine	60	1			
sikkal	3,600	60	1		
beka	7,200	120	2	1	
gerah	72,000	1,200	20	10	1

- ☐ **OAV** “en ‘n homer saad sal ‘n efa opbring”
NAV, CUM-MVB “oplewer. . . en ‘n sak saad net een kruik vol graan”
CUM-NLV “Tien dele saad sal net een deel graan lewer”
NASB “And a homer of seed wil yield *but* an ephah of grain”

‘n Treffende metafoor om die onvrugbaarheid van grondgebied te beskryf wat onregmatig bekom is. Uit Efes. 45:11 blyk dit dat daar tien efas in ‘n homer is. ‘n Boer wat 100 kilogram saai, kan verwag om net 10 kilogram te oes!

- 5:11 OAV** “Wee hulle wat vroeg in die môre klaarmaak om sterk drank na te jaag”
NAV, CUM-MVB “Ellende wag vir dié wat vroeg in die more opstaan om agter sterk drank aan te loop”
CUM-NLV “Verwoesting wag as julle vroeg opstaan sodat julle tot laatnag kan drink”
NASB “Woe to those who rise early in the morning that they may pursue strong drink”

‘n Tweede sonde word genoem, naamlik uitbundige plesiersoekery van vanmôre tot vanaand. Dit moet beklemtoon word dat die Bybel nie wyn veroordeel nie, maar wel die misbruik daarvan. Jesaja 28 gebruik ook die metafoor van sterk drank. Ander sterkbewoorde gedeeltes oor dié onderwerp kan in Spr. 20:1 en 23:29-35 nagegaan word. Maar die balans soos in Ps. 104:1-4 is ook belangrik. “Sterk drank” (BDB 1016) is ‘n samevoeging van bedwelkende graanafreksel en wyn. Sien vir Spesiale Aandag: Akohol en Alkoholisme by 1:22.

- 5:12 OAV** “by hulle maaltyd”
NAV, CUM-MVB “by julle fuifpartye”
CUM-NLV “julle het. . . by julle partytjies”
NASB “Their banquets are *accompanied* by”

Hiermee word aangedui wat daardie tyd die gebruiklike jolyt was. Dit beskryf die wêreldsgesindheid van ‘n welaf klas in die samelewing.

- ☐ **OAV** “Maar op die dade van die Here gee hulle geen ag nie,
En die werk van sy hande sien hulle nie.”
NAV, CUM-MVB “Maar van wat die Here doen, neem julle geen notisie nie,
Sy dade sien julle nie raak nie”
CUM-NLV “Maar julle steur julle nie aan wat die Here doen nie
En sien nie sy dade raak nie”
NASB “But they do not pay attention to the deeds of the LORD,
Nor do they consider the work of His hands”

Die weiering van die bondsvolk om die wil van God te hoor en dit te verstaan, is ‘n herhalende tema (vgl. 1:2-3,10a; 5:12,13,24; 6:9-10; 30:9). God het hulle tot geestelike insig in staat gestel (vgl. Deut. 29:4), maar hulle gesamentlike verval in blindheid en doofheid het daartoe gelei dat God die vermoë om te verstaan weggeneem het (vgl. Jes. 6:9-110; 29:9-10)

Die tragedie hiervan is dan dat die Judeërs van Jesaja se tyd hulle meer afhanklik van eie bronne geag het as om afhanklik te bly van die voorsiening van dié God wat met hulle ‘n verbondsverhouding gehad het (vgl. vers 24 se d- en e-frase met Deut. 8:11-20).

NASB (HERSIENE) TEKS: 5:13-17

¹³Therefore My people go into exile for their lack of knowledge;

And their honorable men are famished

And their multitude is parched with thirst.

¹⁴Therefore Sheol has enlarged its throat and opened its mouth without measure;

And Jerusalem's splendour, her multitude, her din of revelry and the jubilant within her, descend into it.

¹⁵So the common man will be humbled and the man of importance abased,

The eyes of the proud also will be abased.

¹⁶But the LORD of hosts will be exalted in judgement,

And the holy God will show Himself holy in righteousness.

¹⁷Then the lambs will graze as in their pasture,

And strangers will eat in the waste places of the wealthy.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 5:13-17.

5:13-17 bied 'n lys van gebeurlikhede wat Juda se rykes wat armes uitbuit, kan verwag.

1. ballingskap, vers 13 (OAV)
2. honger, vers 13 (OAV)
3. dors, vers 13 (OAV)
4. die graf, vers 14 (CUM-NLV)
5. vernedering, vers 15 (CUMs)
6. hoogmoed kom tot 'n val, vers 15 (2x – NAV)
7. kuddes van vreemdes wei tussen puinhoop van rykes, vers 17 (CUM-NLV)

5:11	OAV	“Daarom gaan my volk in ballingskap weens gebrek aan kennis”
	NAV	“Omdat my volk My nie wil ken nie, sal hulle in ballingskap weggevoer word”
	CUM-MVB	“Omdat my volk My nie wil ken nie, sal hulle in gevangenskap weggevoer word”
	CUM-NLV	“Daarom stuur Ek my volk weg in ballingskap omdat hulle My nie ken nie”
	NASB	“Therefore my people go into exile for their lack of knowledge”

Dit is duidelik 'n sinspeling op ballingskap. Dit is 'n vraag watter ballingskap bedoel word, die Assiriese (722 v.C. – die noordelike 10 stamme) of die Babiloniese (605, 597, 586, 582 v.C. – Juda, die suidelike drie stamme)? Die onmiddellike konteks dui skynbaar op albei, gebruiklik by Jesaja, waarskynlik doeltreffend so! Assirië word spesifiek in Jes. 7:18 en 10:5 e.v. genoem. Ek is van mening dat 13:1-14:27 ook na Assirië verwys wat die stad Babilon verwoes het en as gevolg waarvan die koning van Assirië die titel “koning van Babilon” vir homself toegeëien het.

Om van ballingskap en wegvoering uit die Beloofde Land te praat was 'n skokervaring. Kanaän is aan Abraham se nageslag belowe. Die verbond met die Aartsvaders was egter nou herroep weens Juda se ongehoorsaamheid aan die verbondsbepalinge. Hulle het met genoeë die beloftes toegeëien, maar die verpligtinge geïgnoreer (vgl. Jer. 7).

Teologies gesproke ontstaan hiermee 'n parallel met Gen. 2 (God se ideaal van vriendskap met die mens) en Gen. 3 (die mens se bewustelike opstand en verdrywing uit die tuin van Eden). Dieselfde teologiese konsep kom tot openbaring in ballingskap. Wat bedoel was as 'n permanente belofte, is deur sonde geïmpakteer. Netso was die aankondiging van 'n “nuwe verbond” (vgl. Jer. 31:31-34 en Eseg. 36:22-38) 'n openbaring wat ontnugter het. Die ewige verbonde was nou vervang omrede mense se onvermoë om hulle kant van die verbonde na te kom. Daarom kom 'n nuwe verhouding met God

1. op grond van God se aksie tot stand (nuwe hart, nuwe verstand);
2. onderhewig aan die Heilige Gees wat die mens tot gehoorsaamheid in staat stel.

God begeer steeds dat 'n volk van geregtigheid sy karakter teenoor 'n verlore wêreld (die nasies) in nood sal weerspieël. Maar die wyse waarop daardie geregtigheid bepaal word, het verander. Dit kan nie op menslike vermoë berus nie. (vgl. Gal. 3). Die OT was nodig om hierdie onvermoë bloot te lê.

■	OAV	“weens gebrek aan kennis”
	NAV, CUM-MVB	“Omdat my volk My nie wil ken nie”
	CUM-NLV	“omdat hulle My nie ken nie”
	NASB	“for their lack of knowledge”

Dis 'n eiewillig verwerping van bepaalde kennis en nie onkunde nie (vgl. Jes. 1:3; Hos. 4:6,14). Juda het kansgesien om teen die geopenbaarde wil van God te rebelleer (die Mosaïese verbond); hulle het sy aangewese weg verlaat.

5:14	OAV	“Daarom het die doderyk sy keel wyd oopgemaak”
	NAV, CUM-MVB	“Die doderyk maak sy keel wyd oop”
	CUM-NLV	“Die graf se aptyt is opgewek”
	NASB	“Sheol has enlarged its throat and opened its mouth without measure”

“Sje'ol” is 'n Hebreeuse term (BDB 982) waarmee die doderyk bedoel word. Dit word hier gepersonifiseer as 'n dier met 'n onuitputlike aptyt (vgl. Spr. 1:12; 27:20; Hab. 2:5).

VIR SPESIALE AANDAG: WAAR IS DIE OORLEDENES?

I. Ou Testament

- A. Alle mense wat sterf, gaan na She'ol (etimologie onbekend), wat meesal in die Wysheidsliteratuur en Jesaja, op die dood of graf dui. In die OT is dit 'n bewustelike, skaduagtige en vreugdelose voortbestaan (Job 10:21-22; 38:17; Ps. 107:10,14).
- B. Karakterisering van She'ol
 - 1. word geassosieer met oordeel van God (vuur), Deut. 32:22
 - 2. word met straf selfs voor die oordeelsdag geassosieer, Ps. 18:4,5
 - 3. word met Abaddon geassosieer, hoewel ook gerig op God, Job 26:5; Ps. 139:8; Amos 9:2
 - 4. geassosieer met die graf, Ps. 16:10; Jes. 14:15; Eseg. 31:15-17
 - 5. slegte mens daal lewend af in She'ol, Num. 16:30-33; Ps. 55:15
 - 6. gepersonifieer as 'n dier met groot bek, Num. 16:30; Jes. 5:14; 14:9; Hab. 2:5
 - 7. mense daar word "skimme" (OAV – Eng: *Shadows*) genoem, Jes. 14:9-11

II. Nuwe Testament

- A. Die Hebreuse *She'ol* word in Grieks (LXX) met *Hades* vertaal (die nog ongesiene wêreld).
 - B. Karakterisering van Hades
 - 1. dis 'n verwysing na dood, Mat. 16:18
 - 2. gekoppel aan dood, Openb. 1:18; 6:8; 20:13-14
 - 3. dikwels in selfde asem genoem as plek van permanente straf, *gehenna*, Mat. 11:23 (OT aanhaling); Luk. 10:15; 16:23-24
 - 4. dikwels bloot die graf, Luk. 16:23
 - C. Moontlik verdeel (aldus die rabbyne).
 - 1. waar geregtigheid heers, Paradys, 'n ander naam vir hemel, 2 Kor. 12:4; Openb. 2:7; Luk. 23:43
 - 2. die bose gedeelte word *Tartarus* genoem, die aanhoudingsplek van gevalle engele, 2 Pet. 2:4 (vgl. Gen. 6; 1 Henog)
 - D. Gehenna
 - 1. Sinspeel op die "vallei van die seuns van Hinnom" (vgl. Jos. 15:8; 18:6; Jes. 31:9; 66:24 – suidekant van Jerusalem). Dit was die plek waar die Fenisiese godheid Molech (BDB 574) met kinderooffers vereer is (2 Kon. 6:3; 21:6; 2 Kron. 28:33:6), wat in Lev. 18:21 en 20:2-5 verbode verklaar is.
 - 2. Jeremia het die plek se rol verander van plek van heidenaanbidding tot plek van JHWH se oordeel (Jer. 7:32; 19:6-7). Dit word in Henog 90:26-27 en Sib. 1:103 'n plek van brandende, ewige oordeel.
 - 3. Die Jode was so met weersin vervul oor die plek waar hulle voorvaders aan afgodery en kinderooffers deelgeneem het, dat hulle dit in 'n dompreek vir Jerusalem se vullis omskep het. Baie van Jesus se metafore in verband met ewige oordeel kom van hierdie vuilgoedhope (vuur, rook, wurms, stank, vgl. Mark. 9:44,46). Behalwe die uitsondering van Jak. 3:6, is dit net Jesus wat die term *Gehenna* gebruik.
 - 4. Jesus se gebruik van Gehenna
 - a. vuur, Mat. 5:22; 18:9, Mark. 9:43
 - b. vir altyd, Mark. 9:48 (Mat. 25:46)
 - c. plek waar siel en liggaam vergaan, Mat. 10:28
 - d. dien as parallel met *She'ol*, Mat. 5:29-30; 18:9
 - e. slegte mens word bestempel as 'kind van die hel', Mat. 23:15 (OAV)
 - f. as uiteinde van vonnis Mat. 23:33; Luk. 12:5
 - g. as parallel met die konsep van die tweede dood (Openb. 2:11; 20:6, 14) of 'brandende oond' Mat. 13:42 (NAV), Openb. 19:20; 20:10,14-15; 21:8). Dit is moontlik dat die 'meer van vuur' die permanente verblyf word van mense uit *She'ol* en gevalle engele uit *Tartarus* (vgl. 2 Pet. 2:4; Jud. vers 6) of 'onderwêreld' (Luk. 8:31; Openb. 9:1-10; 20:1,3).
 - h. Gehenna was nie vir mense ontwerp nie, maar vir Satan en sy engele (Mat. 25:41).
 - E. Omrede die sinonieme gebruik van van *She'ol*, *Hades* en *Gehenna*, is dit moontlik dat
 - 1. alle mense oorspronklik na *She'ol/Hades* gegaan het
 - 2. dat wat hulle daar ondervind, goed of sleg, na die Oordeelsdag intensifeer, hetsy slegter af of groter heerlijkheid, maar die bose bly in dieselfde plek. Dis die rede waarom die KJV *hades* (graf) eerder as *gehenna* vertaal.
 - 3. die enigste teks wat spreek van lyding voor die Oordeelsdag is die gelykenis van Lasarus en die Ryk Man in Luk. 16:19-31. *She'ol* word wel ook in Deut. 32:22 en Ps. 18:1-5 as strafyd beskryf, maar nogtans kan 'n leerstelling nie op 'n gelykenis gebaseer word nie.
- ### III. Die tussentoestand tussen dood en opstanding
- A. Die NT leer nie die "onsterflikheid van die siel" nie, wat een van verskeie sieninge oor die hiernamaals is
 - 1. dat menslike siele voor hulle fisiese lewe bestaan
 - 2. menslike siele is ewig voor en na hulle fisiese bestaan
 - 3. die fisiese liggaam word as 'n gevangenskap beskou waaruit die siel deur die dood bevry word om na 'n vooraf bestaan terug te keer.
 - B. Die NT suggereer dat daar 'n liggaamlose staat is tussen dood en opstanding
 - 1. Jesus spreek van 'n geskeidenheid tussen siel en liggaam (Mat. 10:28)
 - 2. Abraham bestaan liggaamlik tans, Mark. 12:26-27

3. Moses en Elia het fisiese liggame op die Berg van Verheerliking gehad, Mat. 17
4. Paulus verklaar dat gelowiges die eerste sal wees om hulle nuwe liggame by die Wederkoms te ontvang, 1 Tess. 4:13-18
5. Paulus verklaar dat gelowiges hulle nuwe geestlike liggaam op die Opstandingsdag ontvang, 1 Kor. 15:23,52
6. Paulus verklaar dat gelowiges nie na *Hades* toe gaan nie, maar by afsterwe by Jesus is, 2 Kor. 5:6, 8; Fil. 1:23. Jesus het die dood oorwin en het die verlostes saam met Hom hemel toe gevat. 1 Pet. 3:18-22.

IV. Die hemel

- A. Die term word in drie betekenisse in die Bybel gebruik:
 1. die atmosfeer bokant die aarde, Gen. 1:1, 8; Jes. 42:5; 45:18
 2. die sterrehemel, Gen. 1:14, Deut. 10:14; Ps. 148:4; Heb. 4:14; 7:26.
 3. die plek van God se troon, Deut. 10:14; 1 Kon. 8:27; Ps. 148:4; Ef. 4:10; Heb. 9:24 (die parallel van die derde hemel, 2 Kor. 12:2).
- B. Die Bybel openbaar nie veel omtrent die hiernamaals nie, waarskynlik omdat 'n gevalle mensdom op geen manier in staat sal wees om dit te begryp nie, 1 Kor. 2:9.
- C. Die hemel is beide plek en Persoon (2 Kor. 5:6-8). Die hemel kan ook 'n herstelde Tuin van Eden wees (Gen. 1-2; Openb. 21-22). Ook die aarde sal gereinig en herstel word (Han. 3:21; Rom. 8:21; 2 Pet. 3:10). In mense is die beeld van God deur Christus herstel (Gen. 1:26-27). Daarmee word die intieme vertrouensvriendskap van die Eden-tuin weer herstel. Dat die hemel 'n reuse kubusvormige stad is, mag bloot metafories bedoel wees en dus nie letterlik op te vat nie (Openb. 21:9-27). 1 Kor. 15 beskryf die verskil tussen die fisieke liggaam en die geestelike liggaam met beeldspraak van saad tot die volgroeiende plant. Weereens, 1 Kor. 2:9 ('n aanhaling uit Jes. 64:4 en 65:17) is 'n wonderlike belofte en hoop! Gelowiges weet dat wanneer ons Hom sien, ons sal wees soos Hy is (1 Joh. 3:2).

V. Nuttige bronne

- A. William Hendriksen, *The Bible On the Life Hereafter*
- B. Dr. M. Rawlings, *Beyond Death's Door*

- **OAV** "en daarin sink hulle adel, en hulle menigte en hulle luidrugtigheid en diegene onder hulle wat uitgelate is"
- NAV, CUM-MVB** "Daarin sak die vooraanstaandes en die gewone burgers weg, die hele rumoerige gepeupel"
- CUM-NLV** "Vooraanstaandes en gewone mense sal ingesluk word, saam met die rumoerige dronkaards"
- NASB** "And Jerusalem's splendor, her multitude, her din of revelry, and the jubilant within her, descend into it"

Wat hulle tref, is die totaal omgekeerde van hulle verwagtinge.

- 5:15 OAV** "Dan word die mens gebuig en die man verneder"
- NAV, CUM-MVB** "So word mense verneder en kom hulle tot 'n val"
- CUM-NLV** "Dan sal mense verneder word en in die stof beland"
- NASB** "So the common man will be humbled, and the man of importance abased"

Die hele bevolking (2:9,12,17) word deur oordeel getref soos die duidelikste blyk uit NASB se kontrasterende stylwyse ("common man" – *adam* versus "man of importance" – *issjah*; NASB).

- **OAV** "die oë van hoogmoedige mense word verneder"
- NAV, CUM-MVB** "So kom hoogmoed tot 'n val"
- CUM-NLV** "die trotse sal tot 'n val kom"
- NASB** "The eyes of the proud will also be abased"

Dit is 'n herhaalde tema regdeur die Skrif en word effens anders in verse 20 en 21 met metafore van lig en duisternis herhaal.

- 5:16 OAV** "Maar hoog sal die HERE van die leërskaare wees deur strafgerig"
- NAV** "Die Here, die Almagtige is verhewe; Hy laat reg geskied"
- CUM-NLV** "die almagtige Here sal verhoog word, Hy sal reg laat geskied"
- CUM-MVB** "Die Here Magtige van die hemelse leer is verhewe; Hy laat reg geskied"
- NASB** "But the LORD of hosts will be exalted in judgement"

Die nageslag van Abraham is uitverkies om God in hulle getrouheid en 'n stabiele samelewing te openbaar; sy oordeel kom weens hulle afvalligheid tot openbaring. Gelowiges is getuies (openbaring!) van hierdie een en ander van God (vgl. NASB, OAV en CUM-NLV), die vraag is dan watter soort getuies is ons?

- **OAV** "en die heilige God sal Hom as die Heilige laat ken deur geregtigheid"
- NAV, CUM-MVB** "Die heilige God laat Hom ken as die Heilige, Hy oordeel regverdig"
- CUM-NLV** "Die heiligheid van God sal in sy geregtigheid uitgestal word"

NASB “the holy God will show Himself holy in righteousness”

Hierdie is ‘n sinonieme parallel met die vorige reël (soos in ‘n Hebreeuse gedig waarin die tweede reël die voorafgaande toelig⁵). Op hierdie wyse (in sy parallelismus membrorum) is Hebreeuse poësie selfverklarend!

5:17 OAV “En daar sal lammers wei soos op hulle eie weiveld,
en rondtrekkers sal die puinhope van die ryk mense laat afeet”
NAV, CUM-MVB “Op die puinhope sal lammers wei asof hulle op hulle eie weiveld is”
CUM-NLV “Dan sal kuddes wei asof dit hulle eie weiveld is,
Lammers en bokkies sal wei tussen die puinhope”
NASB “Then the lambs will graze as in their pasture,
And strangers will eat in the waste places of the wealthy”

Daar bestaan verskeie menings oor hoe hierdie gedeelte by die voorafgaande aansluit. Menings is

1. dit dui op God se sorg vir diegene wat in die land agtergebly het
2. dit dui op God se oordeel oor die welgestelde grondeienaars
3. dit dui op die Joodse oorblyfsel in die land na ballingskap
4. dit dui op heidene wat in die land gevestig is in plek van die bannelinge

Vir my wil dit voorkom, gesien in die konteks van “oordeel”, of dit op onteining van die welgesteldes neerkom wat grond onwettig bekom het. Dit is nou oop vir openbare gebruik!

NASB (HERSIENE) TEKS: 5:18-23

¹⁸Woe to those who drag iniquity with cords of falsehood,
And sin as if with cart ropes;
¹⁹Who say, “Let Him make speed, let Him hasten His work, that we may see it;
And let the purpose of the Holy One of Israel draw near
And come to pass, that we may know it!”
²⁰Woe to those who call evil good and good evil;
Who substitute darkness for light and light for darkness;
Who substitute bitter for sweet and sweet for bitter!
²¹Woe to those who are wise in their own eyes
And clever in their own sight!
²²Woe to those who are heroes in drinking wine
And valiant men in mixing strong drink,
²³Who justify the wicked for a bribe,
And take away the rights of the ones who are in the right!

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 5:18-23.

5:18-23 Nog “wee/ellende” aankondigings volg omdat

1. vers 18; hulle al wat sleg is soos ‘n touleier met ‘n dier rondgevat het,
2. vers 19; hulle JHWH sommer beveel het om gouer sy verbondsbeloftes te vervul (sonder dat hulle gedink het aan die verbondsverpligtinge!)
3. vers 20; dit verband hou met vers 19, want as God nie handel soos hulle goeddink nie, is sy werke sleg, donker en bitter!
4. vers 21; hulle reg en wys in eie oë is met die gevolg dat God vir “onwys” gehou moet word!
5. vers 22; hulle misbruikers van sterk drank is,
6. vers 23; hulle met omkoopgeld hulle doelstellings bereik.
Hulle is egosentriese manipuleerders van ander!

5:18-19 OAV “Wee hulle wat die ongeregtigheid nader trek met koorde van goddeloosheid, en die sonde soos met wa-toue”
NAV, CUM-MVB “Ellende wag vir dié wat hulle deur afgodsdien vaswoel in die bande van ongeregtigheid, wat verstrik raak in die kettings van sonde.”
CUM-NLV “Verwoesting wag vir mense wat hulle sonde agter hulle aansleep met bande van valsheid en sonde”
NASB “Woe to those who drag iniquity with cords of falsehood,
And sin as if with cart ropes”

Die Hebreeus hier is nie heeltemal duidelik nie. Dit wil voorkom of ‘n groep bestaan het wat prakties soos ateïste geleef het; hulle erken ‘n Godheid met die verstand, maar verkies om nie volgens sulke teologie te leef nie. Hulle verkies om te leef asof God nie bestaan nie en skimp selfs dat hulle sy “bestaan” betwyfel (vgl. vers 19). Hulle hou hulle sondige leefwyse ten alle koste vas! Hulle is “vasgewoel” in hulle sondige leefwyse (vgl. NAV).

5:19 In hierdie vers word verskeie eise gestel.

⁵ Die duidelikste miskien in OAV – vert.

1. “die Here beter gou maak” (CUM-MVB); “make speed,” BDB 545, KB 553’ *Pi’el*-IMPERFEKTUM hier as JUSSIEF gebruik;
2. “Hy moet sy werk gou doen” (CUM-MVB, NAV); “let Him hasten,” BDB 301, KB 300, *Hif’il*-KOHORTATIEF;
3. “wat Hy wil doen”; (CUM-MVB, NAV); “His purpose. . . draw near,” BDB 897, KB 1132, *Qal*-IMPERFEKTUM as JUSSIEF gebruik;
4. “moet gou gebeur”; (CUM-MVB, NAV); “come to pass”, BDB 97, KB 112, *Qal*-KOHORTATIEF;
5. “dat ons kan weet,” (CUM-MVB, NAV); “that we may know it,” BDB 393, KB 390, *Qal*-KOHORTATIEF.

Hierdie vers kan in samehang met vers 12 gesien word. Hulle stel vanweë beheptheid met hulle eie wil en doelstellinge, nie daarin belang om God se wil te ken nie. So lyk die gevolge van die sondeval (Gen. 3).

Die NASB Studiebybel maak interessante opmerkings langs #1 en #2 hierbo:

“The Hebrew of the words ‘make speed’ and ‘hasten’ correspond to that of the first and third elements of the name ‘Maher-shalal-hash-baz’ (meaning ‘swift is the booty, speedy is the prey,’ see 8:1,3). He may have been responding to the sarcastic taunts of these sinners” (bl. 969).⁶

- 5:20 OAV** “Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg”
NAV, CUM-MVB “Ellende wag vir dié wat sleg goed noem en goed sleg”
CUM-NLV “Verwoesting wag vir hulle wat sê dat sleg goed is en goed sleg”
NASB “Woe to those who call evil good and good evil”

Baie is van mening dat dit op die regters van Israel van toepassing was. Alhoewel dit kan strook met verse 18-23, is ek van mening dat dit op die hele volk betrekking gehad het en nie net op die regbank nie. Dit is ‘n sprekende voorbeeld van wat gebeur as die lig in mense duisternis word (vgl. Mat. 6:22-23). Die Sondeval van Gen. 3 het die morele kompas van mense geskape na God se beeld van reg en geregtigheid, heeltemal verwar.

- 5:21 OAV** “Wee hulle wat in eie oë wys en na eie oordeel verstandig is”
NAV “Ellende wag vir die wat dink hulle het die wysheid in pag
Wat dink hulle het baie verstand”
CUM-NLV “Ellende wag vir dié wat wys is in hulle eie oë
Wat dink hulle het baie verstand”
CUM-MVB “Verwoesting wag vir elkeen wat dink dat hy slim is en homself wys ag”
NASB “Woe to those who are wise in their own eyes
And clever in their own sight”

Hiermee kom weer sondige hoogmoed aan die orde, daardie nagevolg van Gen. 3. Een van die mees beskrywende gedeeltes in dié verband is Jer. 9:23-24. Die ware wysheid is ken van en vertrou op God. Mense word siende-blind weens die sondes van die opgeblase self van gewaande belangrikheid (vgl. Spr. 26:5,5,12,16; 28:11)!

- 5:22 OAV** “Wee hulle wat helde is om wyn te drink”
NAV, CUM-MVB “Ellende wag vir dié wat helde is by wyndrinkery.”
CUM-NLV “Verwoesting wag vir mense wat helde is as dit by gedrinkery kom”
NASB “Woe to those who are heroes in drinking wine”

Jesaja is sarkasties teenoor “helde” wat in hierdie geval nie “magtiges in militêre stryd” is nie, maar “dapper” is in die hoeveelheid rondtes wat gesuip word.

- **OAV** “en wakker manne om sterk drank te meng”
NAV, CUM-MVB “dapper by die meng van drank”
CUM-NLV “wat spog oor hoeveel alkohol hulle kan gebruik”
NASB “mixing strong drink”

Dit is nie seker wat met hierdie drank bedoel word nie (BDB 1016).

1. Wyn en water gemeng soos wat die Grieke en Romeine gedoen het, maar Jesaja het ‘n slegte mengsel in gedagte en nie gewone wyn nie;
2. verouderde sterkwyn wat met nuwe wyn gemeng word
3. wyn wat met gedistilleerde vrugteaf trek of ‘n likeur van veel sterker alkoholgehalte gemeng word; die hoë alkoholinhoud van hedendaagse gegiste drank was nog nie bekend nie.

Die NAAMWOORD (sterkdrank) is afgelei van die WERKWOORD wat “dronk word” beteken. Dronkenskap word dikwels in die Skrif verdoem (vgl. 5:11,22; 28:7; 56:12; Spr. 20:1; 23:29-35; Miga 2:11). Dit dien ook metafories as oordeel van JHWH (vgl. Ps. 75:8). Sien ook *Vir Speciale Aandag* by 1:22.

- 5:23 OAV** “wat vir ‘n omkoopgeskenk die skuldige regverdig verklaar”
NAV, CUM-MVB “wat die skuldige vryspreek vir omkoopgeld”
CUM-NLV “Dis hulle wat omkoopgeld vat om skuldiges vry te laat”
NASB “Who justify the wicked for a bribe”

⁶ Vgl. die NAV, Jes. 8:1,3: “Plunder- en- Roof- is- Naby,” sarkasme t.o.v. #1 en #2 hierbo, gerig aan adres van die spotters van 5:19 – vert.)

In hierdie strofe mis Skrifverklaarders die 7de “wee”. Sewe is die volmaakte getal, maar dit kan geïnterpreteer word dat ‘n sestal tot hier juis die onvolmaaktheid van die mense onder bespreking wil beklemtoon. Omkoopgeld word gereeld in die Skrif veroordeel: Jes. 1:23; 10:1-2; sien ook Eks. 23:8; Deut. 10:17; 16:19; Spr. 17:23; Miga 3:11; 7:3.

NASB (HERSIENE) TEKS: 5:24-25

²⁴Therefore, as a tongue of fire consumes stubble
 And dry grass collapses into the flame,
 So their root will become like rot and their blossom blow away as dust;
 For they have rejected the law of the LORD of hosts,
 And despised the word of the Holy One of Israel.
²⁵On this account the anger of the LORD has burned against His people,
 And He has stretched out His hand against them and struck them down.
 And the mountains quaked, and their corpses lay like refuse in the middle of the streets.
 For all this His anger is not spent,
 But His hand is still stretched out.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 5:24-25.

5:24 Vuur dien as metafoor vir oordeel en reiniging. Kaf en stoppels is hoogs ontvlambaar en brand vining uit (vgl. 33:11; 47:14; Joël 2:5; mat 4:1). Sien *Vir Spesiale Aandag: Vuur* by 1:31.

- ☐ OAV “so sal hulle wortel soos poeier word en hulle uitspruitsel soos stof opstuiwe”
- NAV “hulle sal met wortel en tak uitgeroei word”
- CUM-MVB “hulle wortel sal verrot en hulle blomme verlep”
- CUM-NLV “hulle wortel sal verdroog en hulle blomme verlep”
- NASB “So their root will become like rot and their blossom blow away as dust”

Hierdie is ‘n Hebreeuse metafoor vir algehele ondergang.

- ☐ OAV “omdat hulle die wet van die HERE van die leërskaare verwerp het en die woord van die Heilige van Israel verag het”
- NAV “want hulle het hulle nie gesteur aan die openbaring van die Here, die Almagtige nie, hulle het die woord van die Heilige van Israel verwerp”
- CUM-MVB “want hulle het hulle nie gesteur aan die wet van die Here die Magtige van die hemelse leer nie, hulle het die wet van die Heilige van Israel verwerp”
- CUM-NLV “Want hulle het die bepalinge van die HERE die Almagtige verwerp, Hulle het die woord van Israel se Heilige Een geminag”
- NASB “For they have rejected the law of the LORD of hosts, And despised the word of the Holy One of Israel”

Hier word die rede vir die oordeel vermeld. Die Judese gemeenskap het eiesinnig en doelbewus die God van die verbond verwerp (let veral op vers 19). Let op die twee titels vir die Godheid! Sien *Vir Spesiale Aandag: Name van die Godheid* by 1:1

- 5:25**
- OAV “Daarom het die toorn van die HERE ontvlam teen sy volk”
 - NAV, CUM-MVB “Daarom het die Here kwaad geword vir sy volk”
 - CUM-NLV “Daarom het die woede van die HERE teen sy volk ontvlam”
 - NASB “On this account the anger of the LORD has burned against His people”

Die oordeel begin by die huis van God. Die toorn van God is aan die Bybel so eie as die liefde van God. Die wat baie lig gehad het en gesondig het, sal swaarder straf ontvang as diegene wat minder lig gehad het (vgl. Luk. 12:48).

- ☐ OAV, NAV, CUM-MVB “sodat die berge gebewe het”
- CUM-NLV “Die heuwels bewe”
- NASB “And the mountains quaked”

Vele was van mening dat hiermee die verwoestende aardbewing tydens die regering van koning Ussia bedoel word (vgl. Amos 1:1; Sag. 14:5). Dit kan egter ook as oordrywende klem op die teofanie, verskyning van God beskou word; die natuur word geskud as die Skepper naderkom. Hierdie soort beeldspraak kom algemeen in die OT voor (vgl. Jes. 64: 3; Eks. 19:18; Jer. 4:24; Joël 2:10; Nah. 1:5).

- ☐ OAV “en hulle lyke soos vullis op die strate was”
- NAV, CUM-MVB “en die lyke soos vuilgoed op die strate gelê het”
- CUM-NLV “en die lyke word soos vullis wat op straat gegooi is”
- NASB “their corpses lay like refuse in the middle of the streets”

Mense van die OT was geskok as dooie liggamme rondlê sonder ter aarde bestelling, wat verrot en waaraan diere reeds gevreet het. (vgl. Eseg. 39:4,17-20; Nah. 3:3). Die siening was dat ‘n behoorlike begraving die vreugde in die hiernamaals

beïnvloed. Dit was 'n skrikwekkende gedagte, gelyk aan 'n vervloeking om nie 'n begrafnis te hê nie (vgl. 1 Sam. 31:8-13).

VIR SPESIALE AANDAG: BEGRAFNISPRAKTYKE

- I. Mesopotamië
 - A. 'n Behoorlike begrafnis was as noodsaaklik beskou vir 'n gelukkige hiernamaals.
 - B. 'n Tipiese Mesopotamiese vervloeking het gelui, "Mag dit jou/julle oorkom dat die aarde julle lyke nie ontvang nie!"
- II. Ou Testament
 - A. 'n Behoorlike begrafnis was baie belangrik (Pred. 6:3)
 - B. Dit het baie gou op die dood gevolg (vgl. Sara in Gen. 23 en Ragel in Gen. 35:19; asook Deut. 21:23).
 - C. 'n Onwaardige inspit van die lyk is as teken van verwerping weens sonde beskou.
 1. Deut. 28:26
 2. Jes. 14:20
 3. Jer. 8:2; 22: 19
 - D. Indien uitvoerbaar is lyke in familiegrafte van tuisomgewing weggeleë.
 - E. Balseming soos in Egipte was nie aan die orde nie. Die mensdom het uit stof ontstaan en moet daarheen terugkeer (vgl. Gen. 3:19; Ps. 103:14; 104:29).
 - F. Aangesien rabbynse Judaïsme aanraking van 'n lyk as seremoniële 'verontreiniging' beskou het, het 'n spanning ontstaan om die liggaam vir 'n waardige begrafnis voor te berei.
- III. Nuwe Testament
 - A. Begrafnis het gou na die dood gevolg, binne 24 uur. Dan het die Jode die graf vir drie dae lank dopgehou omrede hulle geloof dat in so 'n tydsbestek die siel kan terugkeer (vgl. Joh. 11:39).
 - B. Vir 'n begrafnis is die liggaam gewas en in doeke met speserye toegedraai (vgl. Joh. 11:44; 19:39-40).
 - C. Joodse en Christelike begrafnisse het tydens die eerste eeu in Palestina nie ingrypend veel van mekaar verskil nie; gebruiksartikels, byvoorbeeld, is nie in grafte geplaas nie.

NASB (HERSIENE) TEKS: 5:26-30

²⁶He will also lift a standard to the distant nation,
And will whistle for it from the ends of the earth;
And behold it will come with speed swiftly.
²⁷No one in it is weary or stumbles,
None slumbers or sleeps;
Nor is the belt at its waist undone,
Nor its sandal strap broken.
²⁸Its arrows are sharp and all its bows are bent;
The hoofs of its horses seem like flint and its chariot wheels like a whirlwind.
²⁹Its roaring is like a lioness, and it roars like young lions;
It growls as it seizes its prey
And carries it off with no one to deliver it.
³⁰and it will growl over it in that day like the roaring of the sea.
If one looks to the land, behold, there is darkness and distress;
Even the light is darkened by its clouds.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 5:26-30.

5:26	OAV	"En Hy sal 'n banier ophef vir die nasies in die verte"
	NAV	"Uit die verte versamel Hy 'n nasie onder sy vaandel"
	CUM-MVB	"Uit die verte versamel Hy 'n nasie onder sy oorlogsbanier"
	CUM-NLV	"Hy sal 'n teken gee vir nasies wat ver weg is"
	NASB	"He will also lift up a standard to the distant nations"

'n "Vaandel" (BDB 651) was 'n manier wat leërmagte gebruik het om te kommunikeer (vgl. 11:12; 18:3; 30:17; 31:9; 49:22). Enersyds kan dit positiewe kommunikasie impliseer of negatief kan dit 'n teken aan vyandige leërs wees om tot die aanval oor te gaan. Die konteks hier bepaal dat dit om oorlog gaan.

In ander opsigte is hierdie 'n vers van belang: (1) Dit verklaar dat God in beheer van die geskiedenis sowel as die natuur is; (2) Dit is ook belangrik dat God sy vaandel oplig vir heidennasies. Talle persone het dit as 'n verwysing na Deut. 28:40-57 beskou.

Wat Jesaja betref, verwys dit ook na insluiting van die heidennasies (vgl. Jes. 1:2-4; 11:9,10,11; 27:13; 49:22; 56:7; 62:10; 66:19)!

Die term "nasies" (gojim) is MEERVOUD in die Masorete Teks. Die meeste hedendaagse vertalings het dit ENKELVOUD gemaak, alhoewel die MEERVOUD op huursoldate vanuit talle nasies kan dui. Assirië en Babilonië het soldate uit leërs wat hulle verslaan het, in hulle weermag opgeneem.

- ▣ **OAV, CUM-NLV** “en Hy (sal) fluit vir”
- NAV, CUM-MVB** “Hy roep hulle”
- CUM-NLV** “will whistle for it”

Dit is ‘n metaforiese spreekwyse om aan te dui dat JHWH die heidendom oproep tot oorlog met sy sondige volk (vgl. 7:18).

Volgens BDB 1056 beteken die WERKWOORD ook “soen,” maar word bedoel as teken van minagting, verbystering en bespotting.

- ▣ **OAV** “die volk daar aan die einde van die aarde”
- NAV** “uit ‘n ver land”
- CUM-MVB** “van die eindes van die aarde af”
- CUM-NLV** “by die eindes van die aarde”
- NASB** “from the ends of the earth”

Dit is ‘n uitdrukking in oordrywende vorm (hiperbolies). Dit gaan hier oor ‘n nasie binne dieselfde politieke sfeer en handelsgebied. Die vloek van verbondsverbreking word in die koms van die “nasie” weerspieël (vgl. Deut. 28:49).

5:27-30 Dié strofe beskryf die algehele onoorwinlikheid van die invallende leërs. Die skokkende hiervan is dat die woordgebruik wat vir ‘n getroue Israel van toepassing moes wees, nou aan die vyande toegedig word (vgl. Jes. 40:29-31). God is nou ‘n teenstander van sy eie verbondsvolk. Hy skaar Hom by die invallende krygers (vgl. Hab. 1-2).

- 5:28 OAV** “soos ‘n stormwind”
- NAV, CUM-MVB** “soos warrelwinde”
- CUM-NLV** “soos die wind in alle rigtings draai”
- NASB** “like a whirlwind”

Die term (BDB 693) beskryf ‘n verwoestende stormwind.

1. Letterlik bedoel, Jes. 17:13; 21:1; Job 21:18; 37:9; Ps. 83:15;
2. metafories bedoel, Jes. 29:6; Jer. 4:12-13
 - a. van JHWH se strydwa (Jes. 66:15; Jer. 4:13)
 - b. van die invallers wat JHWH gestuur het (Jes. 5:28).

- 5:29 OAV** “sonder dat iemand red”
- NAV, CUM-MVB** “sonder dat iemand dit kan afvat”
- CUM-NLV** “daar sal niemand wees wat red nie”
- NASB** “no one to deliver it”

Hierdie DEELWOORD (in *Hif’il* – BDB 664, KB 717) wat “om af te vat” of “verlos” beteken (vgl. 42:22; 43:13; 47:14; Hos. 5:14; Miga 5:28). JHWH se handeling is onvermybaar. Niks of niemand kan sy wil weerstaan nie, hetsy oordeel of verlossing.

5:30b,c Die land waar JHWH lig bring, word ‘n plek van duisternis en die land van donkerheid. Die heidenleërmag is uitgelate oor hulle oorwinning wat so voorbeskik was. Die mooiste verwagtinge in die teendeel omgekeer.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids kommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Hoekom gebruik Jesaja ‘n volksliedjie om waarheid tuis te bring?
2. Wat is die verskil tussen aktiewe en passiewe tydelike oordeel?
3. Wat is die kernwaarheid van hierdie gelykenisliedjie en hoe is dit op ons dag van toepassing?
4. Maak ‘n lys van die sondes waarop in verse 8-23 gesinspeel word.
5. Na watter nasie word in vers 26 verwys en hoekom sê jy so?

JESAJA 6

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Isaiah's Vision	Isaiah Called to Be a Prophet	The Call of Isaiah	God Calls Isaiah to Be a Prophet	The Call of Isaiah	Jesaja word geroep om profet te wees
6:1-5 (3b)	6:1-5 (3b)	6:1-5 (3b)	6:1-3 (3b)	6:1-3 (3b)	6:1-7 (1-5)
(5b)	(5b)		6:4	6:4-5	
6:6-7	6:6-7 (7b)	6:6-13	6:5 6:6-7	(5b) 6:6-10 (7b)	
Isaiah's Commission					
6:8-13	6:8 (8b)		6:8a 6:8b (8b)	(8b)	6:8
(9b-10)	6:9-10 (9b)	(9b-13)	6:9-10	(9b-10)	6:9
(11b-13)	(10) 6:11-13 (11b-13)		6:11a 6:11b-13a 6:13b	6:11-13	6:10 6:11-13a 6:13b

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegids kommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

TOELIGTING UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Die vraag was altyd waarom Jesaja se roepingsvisioen in hoofstuk 6 verskyn en nie in hoofstuk 1 nie?
 1. Die boeke van die OT is volgens uitgangspunte gerangskik, wat westerlinge gewoonlik nie verstaan nie; kronologie was nie die oorweging nie (tot die verbasing van uitleggers)! Temas kom wel voor, maar dan in allerlei woordspel en parallellismes in die strofes.
 2. Dit is beslis moontlik dat hoofstukke 1-5 as 'n inleiding tot die boek as geheel gedien het. Baie van die temas in die boek as geheel word in die inleiding aangevoer, indien nie almal nie.
 - a. die sonde van die verbondsgemeenskap
 - b. die gevolge van ongehoorsaamheid
 - c. herstel deur die Een wat Kom (Messias)
 - d. 'n nuwe bestaan in geregtigheid
 - e. die universele Godsregering van ideale toestande (Eden word herstel).

- B. In die Jode se amptelike Studiebybel kom 'n interessante siening omtrent die plasing van hoofstuk 6 voor. Volgens die voetnote moet hoofstuk 6 nie as die begin van Jesaja se bediening gesien word nie, maar 'n vernuwing daarvan. Sy hoofstukke 1-5 is 'n oproep tot bekering aan die adres van Juda, maar wat na die roepingsvisioen (6:1-10), nêrens in hoofstukke 7-66 herhaal word nie. Oordeel is onvermydelik, maar daar is hoop in die toekoms!
- C. In hoofstuk 6 word JHWH se verskriklike oordeel oor die verbondsgemeenskap aangekondig, maar hoofstuk 12 laat sien 'n nuwe dag van hoop en herstel wat sal aanbreek. Ook die uitstuuropdrag (hoofstuk 6) word in hoofstuk 12:4-5 herhaal. Dit is 'n teologiese spanning kenmerkend aan die boodskap van die profeet, wat die Mosaïese verbond onderstreep:
1. die gevolge van ongehoorsaamheid en
 2. die beloftes gekoppel aan gehoorsaamheid.

BONDIGE UITEENSETTING

- A. Jesaja kom onder die indruk van God se ware wese (verse 1-4)
- B. Jesaja leer ken sy ware self (vers 5)
- C. Jesaja sien sy samelewing in ware kleure (vers 5)
- D. Jesaja word gereinig tot diens (verse 6-7)
- E. Jesaja gereed om te gaan (verse 9-13)!

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 6:1-5

¹In the year of King Uzziah's death I saw the Lord sitting on a throne, lofty and exalted, with the train of His robe filling the temple. ²Seraphim stood above Him, each having six wings: with two he covered his face, and with two he covered his feet and with two he flew. ³And one called out to another and said, "Holy, Holy, Holy, is the LORD of hosts, The whole earth is full of His glory." ⁴And the foundations of the thresholds trembled at the voice of Him who called out, while the temple was filling with smoke.

⁵Then I said, "Woe is me, for I am ruined!

Because I am a man of unclean lips,

And I live among a people of unclean lips;

For my eyes have seen the King, the LORD of hosts."

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 6:1-5.

6:1	OAV, NAV, CUM-MVB	"van koning Ussia"
	CUM-NLV	"wat koning Ussia"
	NASB	"King Uzziah's"

Ussia (729-740 v.C.) was een van die vroom konings van Juda (vgl. 2 Kon. 15:3; 2 Kron. 26:4-5). Daar was moontlik 'n verwantskap tussen Jesaja en Ussia, want die naameinde "-ja" het waarskynlik so 'n verbintenis impliseer. Ussia het melaatsheid opgedoen nadat hy 'n wierookoffer in die tempel gebring het wat strenggesproke die werk van Levitiese priesters was (2 Kon. 15:5; 2 Kron. 26:16-23).

In 2 Kon. 15 word hy Asarja genoem en Ussia in 2 Kron. 26, wat "JHWH is my sterkte" beteken. Dit was sy koninklike naam, maar om verwarring met die hoëpriester, wie se naam ook Asarja was, te voorkom, word hy in 2 Kronieke 'Ussia' genoem. Sy dood was 'n groot terugslag vir Jesaja en vir Juda wat stabiliteit onder sy regering bereik het.

■	OAV	"het ek die Here sien sit"
	NAV, CUMs	"het ek die Here gesien"
	NASB	"I saw the Lord"

Dit was 'n algemene opvatting dat die sien van God die dood beteken (vgl. Gen. 16:13; Eks. 23:20; 1 Kon. 19:31; Jes. 6:5; Joh. 1:18; 6:46). Vir Jesaja was dit 'n traumatiese ervaring, al het hy slegs die Here se kleed en troon gesien, nie sy gesig nie (vgl. Joh. 12:41)!

Ook ander OT-tekste impliseer dat God gesien kan word;

1. deur Moses, Eks. 33:11; Num. 12:8; Deut. 34:10;

2. deur Moses, Aäron, Nadab, Abihu en die 70 ouderlinge (vgl. Eks. 24:10-11)

Dit gaan daarom dat 'n sondige mens nie in die teenwoordigheid van die heilige God kan tree nie. Waarom dit werklik gaan is 'n persoonlike verhouding. "Sien" is nie belangrik nie, maar dit gaan daarom dat 'n mens, op inisiatief van God, met Hom in 'n lewende verhouding tree.

■	OAV, NAV, CUM-MVB	"die Here"
	CUM-NLV	"die HERE"
	NASB	"the Lord"

Onderliggend aan dié vertaling is die Hebraeuse woord *adonai* (BDB 10). Sien Vir Spesiale Aandag by 1:1. Sommige ou Hebraeuse MSS het JHWH⁷.

■ **OAV, NAV, CUMs** “troon”
NASB “throne”

Beskrywing van JHWH op ‘n troon word heel eerste in ‘n visioen van die hemelse hofhouding gevind (vgl. 1 Kon. 22:19; Ps. 103:19 en later Jes. 66:1). In Eseg. 1 en 10 is sy troon ‘n beweeglike hofkoets wat sy bestaan buite die tempel impliseer.

Dit moet as tipies Ou Nabye Oosterse, antropomorfe (menvormige) taalgebruik gesien word (vgl. vers 5; Openb. 4:2,3; 20:11 en sien ook N. T. Wright, *The Language and Imagery of the Bible*, bl. 172-182)!

VIR SPESIALE AANDAG: GOD AS MENS BESKRYF (ANTROPOMORFIESE TAAL)

I. Hierdie tipe woordgebruik kom baie algemeen in die OT voor. Hier volg ‘n paar voorbeelde.

A. Fisieke liggaamsdele

1. oë – Gen. 1:4,31; 6:8; Eks. 33:17; Num. 14:14; Deut. 11:12; Sag. 4:10
2. hande – Eks. 15:17; Num. 11:23; Deut. 2:15
3. arm – Eks. 5:6; 15:16; Num. 11:23; Deut. 4:34; 5:15
4. ore – Num. 11:18; 1 Sam. 8:21; 2 Kon. 19:16; Ps. 5:1; 10:17; 18:6
5. gesig – Eks. 32:30; 33:11; Num. 6:25; Deut. 34:10; Ps. 114:7
6. vinger – Eks. 8:19; 31:18; Deut. 9:10; Ps. 8:3
7. stem – Gen. 3:8-10; Eks. 15:26; 19:19; Deut. 26:17; 27:10
8. voete – Eks. 24:10; Eseg. 43:7
9. menslike vorm – Eks. 24:9-11; Ps. 47; Jes. 6:1; Eseg. 1:26
10. die Engel van die Here – Gen. 16:7-13; 22:11-15; 31:11,13; 48:15-16; Eks. 3:4,13-21; 14:19; Rigt. 2:1; 6:22-23; 3:3-22.

B. Fisieke handelinge

1. praat as meganisme om skepping te begin – Gen. 1:3,6,9,11,14,20,24,26
2. die geluid van wandeling in Eden – Gen. 3:8; 18:33; Hab. 3:15
3. Noag se ark se deure wat toemaak – Gen. 7:16
4. die geur van offerande – Gen. 8:21; Lev. 26:31; Amos 5:21
5. na benede kom – Gen. 11:5; 18:21; Eks. 3:8
6. begrawe Moses – Deut. 34:6

C. Menslike emosie (‘n paar voorbeelde)

1. spyt/jammer – Gen. 6:6-7; Eks. 32:14; Rigt. 2:18; 1 Sam. 15:29, 35; Amos 7:3,6
2. woede – Eks. 4:14; 15:7; Num. 11:10; 12:9; 22:22; 25:3,4; 32:10,13,14; Deut. 6:5; 7:4; 29:20
3. jaloesie – Eks. 2:15; 34:14; Deut. 4:24; 5:9; 6:15; 32:16,21; Jos. 24:19
4. afsku/verafsku – Lev. 20:23; 26:30; Deut. 32:19

D. Familie terme

1. Vader
 - a. van Israel – Eks. 4:22; Deut. 14:1; 39:5
 - b. van die koning – 2 Sam. 7:11-16; Ps. 2:7
 - c. metafore in verband met vaderlike optrede – Deut. 1:31; 8:5; 32:1; Ps. 27:10; Spr. 3:12; Jer. 3:4,22; 31:20; Hos. 11:1-4; Mal. 3:17
2. ouer – Hos. 11:1-4
3. moeder – Ps. 27:10 (soos ‘n moeder wat ‘n suigeling voed); Jes. 49:15; 66:9-13
4. getroue jong minnaar – Hos. 1-3

II. Redes vir hierdie taalgebruik

- A. God ag dit nodig om Hom aan mense te openbaar. Juis die diepsinnige gedagte dat God manlik is, is ‘n voorbeeld van mensvormige spreke, want God gees is!
- B. God gebruik die mees betekenisvolle aspekte van menslike lewe as openbaringsmiddele aan ‘n gevalle mensdom (vader, moeder, ouer, minnaar).
- C. Hoewel antropomorfisme nodig is, kan God nie ingeperk word tot enige fisiese vorm nie (Eks. 20; Deut. 5).
- D. Die finale en hoogste mensvormige selfopenbaring van God het in Jesus Christus geskied. In Hom het God fisies verskyn, tasbaar! Die boodskap van God het die woord van God geword (vgl. Joh. 1:1-18).

■ **OAV** “sy some”
NAV “die onderste van sy kleed”
CUM-MVB “die some van sy kleed”
CUM-NLV “die soom van sy kleed”
NASB “train of His robe”

⁷ Vgl. CUM-NLV – vert.

Koninklike gewade was van besondere lengte. Jesaja sien God waar Hy te wagte was, in die hemelse tempel (vgl. Heb. 9:11,24; Openb. 5-6)

Baie uitleggers het hierdie lang gewaad gesien as die manier waarop die aangesig van God verborge sou bly (soos ook die rook van vers 4). Dit was 'n vorm van bedekking, soos die sjekina was, die wolk van heerlijkheid tydens die woestynomwandeling.

**6:2 OAV, NAV, CUMs “Serafs”
NASB “Seraphim”**

Sien die *Vir Speciale Aandag* wat hier volg.

VIR SPECIALE AANDAG: SERAFS

- A. Word in die Bybel slegs hier genoem. Dalk word aan die “vlieënde draak” (NAV) van 14:29 gedink (vgl. 30:6; BDB 977 I en BDB 933). Dit is ook 'n moontlikheid dat die woord van die Egiptiese woord “serref” afgelei kan wees (witkruisarend getem vir beskerming).
- B. Dit kan 'n bepaalde orde van engele wees. Hulle naam beteken “die vlammdes” (BDB 977 II). Die woordstam beteken “om te brand” (BDB 976).
- C. In Openbaring 4:8 kom dit voor asof Serafs en Gerubs gekombineer word. Die “lewende wesens” volgens NAV (beasts) lyk soos Gerubs wat twee (vgl. Eks. 25:19) of vier vlerke het (Eseg. 1:6-14), maar in Openb. het hulle ook ses vlerke en tree op in plek van die Serafs gemeld in Jes. 6:2.

**6:2 OAV, NAV, CUMs “ses vlerke”
NASB “six wings”**

Interessant waarvoor die vlerke nodig was!

1. om die oë toe te maak; die heerlijkheid van God is selfs vir troonwesens oorweldigend!
2. om hulle voete te bedek; wees versigtig om die besonderhede van 'n Teofanie letterlik op te vat nie, want die “voete bedek” is 'n eufemistiese spreekwyse om die geslagsdele te bedek (vgl. 7:20; Eks. 4:25; Rigt. 3:24; Rut 3:4,7,8,14; 1 Sam. 24:3), maar in ooreenstemming met Mat. 22:30 is dit hier nie die geval nie. Hier kan dit 'n teken van nederigheid wees in die teenwoordigheid van wat heilig is (vgl. Eks. 3:5).
3. om te vlieg in die haas van uitvoering van opdrag (vgl. vers 6)!

**6:3 OAV, NAV, CUMs “Heilig, heilig, heilig”
NASB “Holy, Holy, Holy”**

“Heiligheid” is die hooftema van Jesaja.

1. **שָׁדָד**, (qdwš) BYVOEGLIKE NAAMWOORD, BDB 872, “heilig,” “afgesonder/gewyd.”
 - a. heiligheid van
 - (1) die heiligheid van God, 5:16 en 6:3 (3 keer!)
 - (2) sy Naam, 57:15
 - (3) plek waar hy woon, 57:15 (NAV)
 - (4) sy dag, 58:13
2. **שָׁדָד**, (qdš) WERKWOORD, “om af te sonder” en “toe te wy.”
 - a. 'n Wesenseienskap van God (character), 5:16; 29:3
 - b. God (in Persoon), 8:13; 65:5
 - c. die engele van God, 13:3
 - d. die Naam van God, 29:23
 - e. feesgeleenthede, 30:29
 - f. mense afgesonder en toegewy, 66:17
3. **שָׁדָד**, SELFSTANDIGE NAAMWOORD (BDB 871, “afgesonderdheid”, “heiligheid”, “gewydheid”)
 - a. die gewyde geslag (NAV), 6:13
 - b. heilige berg, 11:9; 27:13; 56:7; 57:13; 65:11,25; 66:20
 - c. afgesonder vir, 23:18
 - d. gewyde pad, 35:8
 - e. heiligdom, 43:28; 62:9; 64:11
 - f. heilige stad, 48:2; 62:9; 64:11
 - g. die Heilige (van Israel), 49:7
 - h. heilige arm, 52:10
 - i. heilige dag, 58:13
 - j. gewyde volk, 62:12
 - k. Heilige Gees, 63:10,11
 - l. die troon van God, 63:15

- m. heilige plek, 63:18
- n. heilige stede, 64:10

Die herhaling van drie roepe op 'n keer is die Hebreeuse manier om in OORTREFFENDE TRAP te spreek (vgl. Jer. 7:4; Eseg. 21:27)!

VIR SPESIALE AANDAG: HEILIG

I. Ou-Testamentiese Gebruik

- A. Die etimologie van kadosh is onseker, dog moontlik Kanaänities van oorsprong. Dit is moontlik dat 'n deel van die woordstam (kd) "om te verdeel" kan beteken. 'n Populêre definisie lui dan soos volg: "Opsygesit van Kanaänitiese kultuur vir God se gebruik," (vgl. Deut. 7:6; 14:2, 21; 26:19).
- B. Dit staan in verband met kultiese dinge, plekke, tye en persone. Dit kom nie in Genesis voor nie, maar is algemeen in Eksodus, Levitikus en Numeri.
- C. In profetiese literatuur (veral Jesaja en Hosea) kom daar 'n persoonlike element na vore, maar word nie beklemtoon nie. Dit word gebruik om die wese van God te beskryf (vgl. Jes. 6:3). God is heilig en so ook sy naam, wat sy karakter verteenwoordig. Sy volk wat sy karakter aan die wêreld in nood moet vertoon is ook heilig mits hulle deur geloof die verbond onderhou.
- D. God se ontferming en liefde is onlosmaaklik verbonde aan die teologiese konsepte van verbondenheid, geregtigheid, en sy wesentlike aard (karakter). Daarom is God in spanning met 'n onheilige, gevalle, wederstrewige mensdom. Robert B. Girdlestone, bied in Synonyms of the Old Testament interessante leesstof oor God as "ontfermend" en God as "heilig" (bl. 112-113).

II. Nuwe-Testamentiese Gebruik

- A. Die skrywers van die NT was denkers in Hebreeus*, behalwe Lukas. Hulle was egter deur Koine Grieks beïnvloed weens gebruik van die OT uit die LXX. Hulle woordeskat is deur hierdie vorm van Grieks oorheers en nie Klassiek Griekse literatuur, gedagtes en godsdiens nie.
- B. Jesus is heilig omdat Hy van God kom en soos God is (vgl. Luk.1:35; 4:34; Han. 3:14; 4:27, 30). Hy is die Heilige en Regverdige (vgl. Han. 3:14; 22:14). Jesus is heilig omdat Hy sonder sonde is (vgl. Joh. 8:46; 2 Kor. 5:21; Heb. 4:15; 7:26; 1 Pet. 1:19; 2:22; 1 Joh. 3:5).
- C. Omdat God heilig is, moet sy kinders ook heilig wees (vgl. Lev. 11:44-45; 19:2; 20:7, 26; Mat. 5:48; 1 Pet. 1:16). Omdat Jesus heilig is, moet dit ook so met sy volgelinge wees (vgl. Rom. 8:28-29; 2 Kor. 3:18; Gal. 4:19; Ef. 1:4; 1 Tes. 3:13; 4:3; 1 Pet. 1:15). Christene is verlos om soos Christus te dien.

- **OAV** "die HERE van die leërskare"
NAV "die Here die Almagtige"
CUM-MVB "die Magtige van die hemelse leër"
CUM-NLV "die HERE die Almagtige"
NASB "LORD of hosts"

Letterlik beteken dit die "Aanvoerder van die hemelse leërmagte." Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:9.

- **OAV, NAV, CUMs** "die hele aarde"
NASB "the whole earth"

Hiermee word monoteïsme geïmpliseer. Daar was altyd die een God van die hele mensdom (vgl. Gen. 1:27,27; 3:15; 12:3; Eks. 19:5,6; Num. 14:21; Ps. 2:8; 22:27-28; 59:13; 72:8,19; Jes. 45:21-22; 49:6; 52:10; Miga 5:4). Jesaja huldig 'n universele teologie (vgl. 12:5; 24:14-16; 42:10-12). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 2:2.

- 6:4 **OAV** "die geluid van die roepers"
NAV, CUM-MVB "hulle het. . .geroep"
CUM-NLV "die geluid"
NASB "of him who called out"

Dit kan op 'n uitroep van God sinspeel (vgl. vers 8) of in konteks die serafs se **driemaal** "heilig," n.a.v. vers 3.

- **OAV** "het vol rook geword"
NAV, CUM-MVB "vol rook geword het"
CUM-NLV "was vol rook"
NASB "was filling with smoke"

Die WERKWOORD (BDB 569, KB 583, *Nif'al*-IMPERFEKTUM) kom ook voor in Eseg. 10:4. Dit herinner aan Num. 14:21, Ps. 72:9; en Hab. 2:14. Dit kan (1) simbolies verwys na die oordeel van God; of na (2) die sjekina-wolk wat gedien het tot verberging sowel as simboliek van God se teenwoordigheid (vgl. Eks. 40:34); of (3) rook vanaf die wieroekoffer-altaar so dig dat God nie gesien kon word nie.

- 6:5 **OAV** "Wee my, ek is verlore!"

*En 'n vorm van Aramees – vert.

NAV, CUM-MVB “Dis klaar met my! Ek is verlore!”

CUM-NLV “Ellende het my getref!”

NASB “Woe is me, for I am ruined”

Hierdie WERKWOORD (BDB 198 II, KB 225, *Nif'al*-PERFEKTUM) dui op vernietiging (d.w.s. “stilmaak”) van iemand of iets.

1. Stede
 - a. van Moab, Jes. 15:1
 - b. van Filistea, Jer. 47:5
2. Mense
 - a. van Israel, Hos. 4:6
 - b. van Jerusalem, Sef. 4:6
 - c. van Edom, Obadja, vers 5
3. Konings
 - a. in Israel, Hos. 10:7,15
 - b. in Egipte, Eseg. 32:2
4. van mense onder dier-metafore, Ps. 49:13,21
5. van Jesaja omdat hy JHWH gesien het, 6:5

Die heiligheid van God het Jesaja onder die besef gebring van sy eie gebrek aan geregtigheid gesien in die lig van die verbond. Genade is by God te vinde, maar toewyding moet volg (Lev. 11: 44-45; 19:2; 20:7,26; Deut. 18:13; Mat. 5:48). ‘n Mens kan nie dieselfde bly na ‘n ontmoeting met God nie! Dis presies waaraan sy volk skuldig was.

- ▣ **OAV** “‘n man onrein van lippe”
- NAV, CUM-MVB** “elke woord oor my lippe is onrein”
- CUM-NLV** “‘n sondige mens”
- NASB** “unclean lips”

Waar die hart van vol is, loop die mond van oor (vgl. Mat. 15:18; Mark. 7:20,23)! Hierop sinspeel ook Jes. 29:13 (Mat. 15:8-9) en Eseg. 33:30-32.

Jesaja erken sy eie sonde (d.w.s. individuele verbonds aanspreeklikheid, Eseg. 18 en 36), maar hy bely ook die sonde van die gemeenskap waarin hy woon (korporele aanspreeklikheid). Albei belydenisse is waar met gepaardgaande gevolge of voordele. Die volk van God moes sy heilige karakter aan die volkerewêreld vertoon het, maar in werklikheid is hulle deur dieselfde nasies verlei. Die reines van hart sal God “sien” (vgl. Mat. 5:8), maar Jesaja het besef hy is nie een van die reines nie, ook nie die verbondsvolk waaraan hy behoort het nie! Hier is ‘n spanning: daar is voorwaardes in die verbonde, maar daar is ook die hoop dat ‘n onvoorwaardelike genadeverbond sal lei tot ‘n volk wat aan God toegewy sal wees (vgl. Eseg. 36:22-38)!

- ▣ **OAV** “want my oë het die Koning. . . gesien”
- NAV, CUM-MVB** “en nou het ek die Koning gesien”
- CUM-NLV** “het ek die Koning. . . gesien”
- NASB** “my eyes have seen the King”

Sien die aantekening by vers 1.

- ▣ **OAV, NAV, CUMs** “die Koning”
- NASB** “the King”

JHWH, die ware verbondskoning van Israel, is deur die konings op die troon van Juda verteenwoordig (vgl. Eks. 15:18; Num. 23:28; 1 Sam. 8:7; 12:12; 1 Kon. 22:19; Jer. 46:18; 48:15; 51:57).

NASB (HERSIENE) TEKS: 6:6-13

⁶Then one of the seraphim flew to me with a burning coal in his hand, which he had taken from the altar with tongs. ⁷He touched my mouth *with it* and said, “Behold, this has touched your lips; and your iniquity is taken away and your sin is forgiven.” ⁸Then I heard the voice of the Lord, saying, “Whom shall I send, and who will go for Us?” Then I said, “Here am I. Send me!”

⁹He said, “Go and tell this people: ‘Keep on listening, but do not perceive; Keep on looking, but do not understand.’

¹⁰Render the hearts of this people insensitive,

Their ears dull,

And their eyes dim,

Otherwise they might see with their eyes,

Hear with their ears,

Understand with their hearts,

And return and be healed.”

¹¹Then I said “Lord, how long?” And He answered,

Until cities are devastated *and* without inhabitant,

Houses are without people

And the land is utterly desolate,

¹²The LORD has removed men far away,
 And forsaken places are many in the land.
¹³Yet there will be a tenth portion in it,
 And will again be *subject* to burning,
 Like a terebinth or an oak
 Whose stump remains when it is felled.
 The holy seed is its stump.”

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 6:6-13.

6:6 Beeldspraak in hierdie vers is besonder volledig. Jesaja ervaar ‘n visioen van die Godheid se plek van verblyf, naamlik die hemelse tempel. Hier is dit moeilik om werklikheid en beeldspraak te onderskei. Ons sien in ‘n geestelike orde as deur ‘n deinsierigheid. Op grond van tekste soos hierdie kan ons nie voorstellinge van die hemel maak nie. Van belang is die algemene indruk en waarheid wat hierdeur oorgedra word.

Die verbasende is dat God Hom openbaringsgewyse rig tot ‘n gevalle mensdom. Hy openbaar (1) Homself, (2) sy voornemens, (3) huidige, sowel as toekomstige verwerping van sy volk (vgl. 6:9-13). Juda bly weier om te hoor en te sien, maar Jesaja, wat sy sonde erken, word gereinig en is beskikbaar (vgl. vers 8).

■ OAV, NAV, CUMs “altaar”
 NASB “altar”

Hiermee word verwys na die wierookaltaar voor die voorhangsel van die ark of die brandofferaltaar in die voorhof. Die aanraking van Jesaja se mond moet as rituele reiniging verstaan word.

6:7 OAV “my mond *daarmee* aangeraak”
 NAV, CUM-MVB “my mond aangeraak”
 CUM-NLV “my lippe aangeraak”
 NASB “touched my mouth”

Reiniging en opdrag hier is dieselfde as in Jer. 1:9 en Dan. 10:16. Andersins, Esegïel is aangesê om ‘n boekrol te eet (vgl. Eseg. 2:8-10; 3:3), wat weer ooreenstem met Jer. 15:16 en Openb. 10:8-11. Dit moet as metafore beskou word van deeglike omgang met die Woord van God ten einde dit in volle waarheid aan ander te kan bedien.

■ OAV “jou skuld is weg en jou sonde versoen”
 NAV “Is jou oortredinge vergewe”
 CUMs “Nou is jou skuld weg en jou sondes vergewe”
 NASB “your iniquity is taken away”

Die WERKWOORD (BDB 693, KB 747, *Qal*-PERFEKTUM) beteken “om af te wentel” of “weg te neem.” Hier dien dit as ‘n parallele uitdrukking vir “vergeef” of letterlik “bedek” en “versoening gedoen daarvoor” (BDB 497, KB 493, *Pu’al*-IMPERFEKTUM; vgl. 22:14; 27:9; 28:18). Weens sy ontmoeting met JHWH tree in Jesaja ‘n verandering na vore. Met sy verlede is effektief gehandel en sy toekoms sal anders wees. So verklaar die seraf wat namens JHWH spreek. Hier triomfeer genade opmerklik soos wat Paulus op die Damaskuspad, na sy ontmoeting met Christus, ervaar het (vgl. Han 9). Kragtens watter handeling die vergifnis en versoening toebedeel word, is in hierdie gedeelte nog nie duidelik nie, maar uit 53:5-6 word die sleutelrol van die Messias duidelik en word die konsep van “plaasvervangende lye en versoening” geopenbaar (vgl. Gen. 3:15; Mark. 10:45; Rom. 5:12-21; 2 Kor. 5:21).

6:7 OAV, CUM-NLV “wie sal vir ons gaan?”
 NAV, CUM-MVB “wie sal ons boodskapper wees?”
 NASB “who will go for Us”

Die “ons” impliseer MEERVOUD. Op verskeie plekke in die OT kom dit voor (vgl. Gen. 1:26; 9:6; Deut. 6:4-5; Ps. 110 en die MEERVOUDSVORM, Elohim (vgl. Gen. 1:1; 5:1). Philo en Eben Esra huldig die mening van pluralis majestatus (meervoud van verhewenheid); ander is van mening dat ‘n “hemelse raad” bedoel word (so Rashi, vgl. 1 Kon. 22:19-23; Job 1:6-12; 2:1-6). Dit kan egter ook voorafskaduwing wees van Drie-eenheidsleer.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE DRIE-EENHEID

Die term, “Triniteit”, soos eerste gebruik deur Tertullianus, is nie ‘n Bybelse woord nie, maar die konsep is deurgaans aanwesig in

- a. die evangelies
 1. Mat. 3:16-17; 28:19
 2. Joh. 14:26
- b. Handelingte – Han. 2:32-33, 38-39
- c. Paulus

1. Rom. 1:4-5; 5:1; 8:1-4, 8-10
2. 1 Kor. 2:8-10; 12:4-6
3. 2 Kor. 1:21; 13:14
4. Gal. 4:4-6
5. Ef. 1:3-14, 17; 2:18; 3:14-17; 4:4-6
6. 1 Tess. 1:2-5
7. 2 Tes. 2:13
6. Tit. 3:4-6
- d. Petrus – 1 Pet. 1:2
- e Judas verse 20-21

Dit word in die OT geïmpliseer

- a. Daar word na God verwys in die MEERVOUDSVORM
 1. Elohim is meervoud, maar die WERKWOORDVORM bly enkelvoud
 2. “Ons” in Genesis 1:26-27; 3:22; 11:7
- b. Die engel van die Here as sigbare verteenwoordiger van Godheid
 1. Gen. 16:7-13; 22:11-15; 31:11, 13; 48:15-16
 2. Eks. 3:2, 4; 13:21; 14:19
 3. Rigt. 2:1; 6:22-23; 13:3-22
 4. Sag. 3:1-2
- c. God en Gees afsonderlik, Gen. 1:1-2; Ps. 104:30; Jes. 63:9-11; Eseg. 37:13-14
- d. God (JHWH) en die Messias (Adon) is ook afsonderlik, Ps. 45:6-7; 110:1; Sag. 2:8-11; 10:9-12
- e. Messias en Gees afsonderlik, Sag. 12:10
- f. Al drie word genoem in Jes. 48:16; 61:1

Die godheid van Jesus en die persoon-wees van die Gees was vir vroeë, streng monoteïstiese gelowiges, problematies:

1. Tertulianus – stel die Seun ondergeskik aan die Vader
2. Origenes – stel die godheid van die Seun en die Gees ondergeskik
3. Arius – ontken die godheid van die Seun en die Gees
4. Monargianisme – beskou dit as opeenvolgende manifestasies van God

Die historiese ontwikkeling van die Drie-Eenheidskonsep is onderskraag deur inligting uit die Bybel:

1. die Sinode van Nicea verklaar in 325 n.C. die gelykheid van Jesus aan die Vader
2. die Sinode van Konstantinopel verklaar die godheid van die Gees gelyk met die Vader en die Seun (381 n.C.)
3. die Drie-eenheid word voltallig uitgebeeld in Augustinus se De Trinitate

Dit bly ‘n geheimenis, maar die NT bevestig die manifestasie van een Godheid in drie persoonlikhede.

- ▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** “Hier is ek”
- CUM-NLV** “HERE, ek sal gaan”
- NASB** “Here am I”

Hierdie is ‘n algemene Hebreeuse uitdrukking om gewilligheid te toon (vgl. Gen. 22:1,7,11; 27:1; 46:2; Eks. 3:4; 1 Sam. 3:4,5,6,8,16; 22:12; 2 Sam. 1:7).

- ▣ **OAV, NAV, CUMs** “Stuur my”
- NASB** “Send me”

Die werkwoord “stuur” is ‘n *Qal*-IMPERATIEF wat as ‘n gebedsversoek hier gebruik word (vgl. BDB 1018, KB 1511). Dit is Jesaja se reaksie op JHWH se vraag. Hy gee duidelik sy beskikbaarheid te kenne. ‘n Mens wonder tot watter mate hierdie idee van ‘n van God gestuurde tipologies van Jesus se “gestuur-wees” opgevat kan word en daarmee ook van gelowiges se “gestuur-wees” die wêreld in (vgl. Joh. 17:18; 20:21)! God reik uit na sy wederstrewige skepping! Ek het onlangs ‘n lyntjie van ‘n lied gehoor wat min of meer lui dat God sy seun gestuur hét en dat Hy sy kinders steeds nog stuur! Dis beskrywing van God en sy mense in kragtige taal!

6:9-10 JHWH openbaar nie net aan Jesaja sy plan met Jesaja se bediening nie, maar Hy openbaar ook die reaksie wat die profeet van Juda kan verwag.

1. gaan, vers 9; BDB 229, KB 246, *Qal*-IMPERATIEF
2. sê, vers 9; BDB 55, KB 65, *Qal*-PERFEKTUM
3. hoor altyddeur, vers 9; *Qal*-IMPERATIEF en *Qal*-INFINITIVUS ABSOLUTIS 456789
4. maar verstaan nie, vers 9; BDB 106, KB 122, *Qal*-IMPERFEKTUM in JUSSIEF gebruik, vgl. 1:3; 5:21; 10:13; 29:14
5. sien altyddeur, vers 9, *Qa*-IMPERATIEF en *Qal*-ABSOLUTIS van BDB 906, KB 1157
6. maar bemerk nie, vers 9, BDB 393, KB 380, *Qal*-IMPRERFEKTUM gebruik in JUSSIEF
7. maak die hart van hierdie volk vet, vers 10, (Eng. Insensitive), BDB 1031, KB 1566, *Hif'il*-IMPERATIEF
8. maak hulle ore swaar, vers 10, BDB 457, KB 455, *Hif'il*-IMPERATIEF
9. bestryk hulle oë, (Eng. dim), vers 10, BDB 1044, KB 1612, *Hif'il*-IMPERATIEF.

Op hierdie IMPERATIEWE is daar nagevolg: die IMPERFEKTUMS van die WERKWOORDE “sien”, “hoor” en “verstaan” wat aandui dat God weet hulle sal nie reageer nie (hetsy deur sy voorkennis of sy verharding van hulle afvallige harte/verstand) sodat hulle nie gered word nie.

1. en hulle hul nie bekeer, vers 10, BDB 996, KB 1427, *Qal*-PERFEKTUM
2. en gesond word nie, vers 10, BD 950, KB 1272, *Qal*-PERFEKTUM.

Jesaja sal preek en alhoewel sommige sou reageer, sou die groter meerderheid van die volk/die gemeenskap nie gehoor gee nie (vgl. Rom. 1:24,26,28; Ef. 4:19), of selfs nie kan gehoor gee nie (vgl. 29:9-10; Deut. 29:4; Mat. 13:13; Rom. 11:8)! Jesaja tree nie as evangelis op nie, maar as profeet wat oor die gevolge van verbondsverbreking handel (vgl. Mat. 13:13; Mark. 4:12; Luk. 8:10). Sy boodskap van hoop is nie vir sy dag nie, maar vir die toekoms.

6:7 OAV “bestryk”
NAV, CUMs “blind”
NASB “dim”

Hierdie “bestryk” beteken letterlik dat die oë met afskeidings besmeer sal wees (vgl. 29:9; 32:3 en BDB 1044, KB 1427).

■ OAV, NAV, CUM-MVB “bekeer”
CUM-NLV “na My toe draai”
NASB “repent”

In die OT beteken dié woord “verandering van optrede” en in die NT “verandering van denke”; beide is toepaslik in die konteks (BDB 996, KB 1427).

VIR SPESIALE AANDAG: BEKERING IN DIE OU TESTAMENT

Dis ‘n belangrike begrip, hoewel moeilik om te definieer. Die meerderheid van ons definisies is uit ons denominasionele verbintenis afkomstig. Alhoewel teologiese definisies op Hebreeuse en Griekse woorde berus, moet onthou word dat die basis van die definisie nie heeltemal op die OT berus nie, omdat (met uitsondering van Lukas) die NT-skrywers in Koine Grieks, Hebreeuse denkers was. Dit vereis dat die Hebreeuse terme self ondersoek moet word. Daar is hoofsaaklik twee terme.

- 1 Nhm, נחם (vgl. BDB 636, KB 688)
- 2 Swb, שוב (vgl. BDB 996, KB 1427)

Die eerste nl. nhm, wat blykbaar oorspronklik beteken het “om die asem diep in te trek” word in ‘n verskeidenheid verbande gebruik.

- a. “Rus” of “vertrous” (Gen. 5:29, 24:66, 27:42; 37:35; 38:12; 50:12); dit kom dikwels ook in name voor: 2 Kon. 15:14; 1 Kron. 4:19; Neh. 1:1; 7:7; Nahum 1:1).
- b. “bedroef” (Gen. 6:6,7)
- c. “spyt kry” (Eks. 13:17; 32:13,14; Num. 23:19)
- d. “ontferm” (Deut. 32:36)

Let op die diepte van emosie! Dit is die kern van die saak! Opregte gevoel wat tot optrede lei! Dit is gewoonlik verandering van optrede teenoor medemens en God. Die verandering van gesindheid teenoor God maak dit teologies van belang. Maar versigtigheid is hier van pas. Van God word ook gesê dat Hy “bedroef” was (“repent”), maar dit het met foutmaak of sonde in sy geval niks te doen nie (Gen. 6:6,7; Eks. 32:14; Rigt. 2:18; 1 Sam. 15:11,35; Ps. 106:45), eerder toon dit sy ontferming en sorg op hierdie geïllustreerde wyse (vgl. Num. 23: 19; 1 Sam. 15:29; Ps. 110:4; Jer. 4:27-28; Eseg. 24:14). Verdienende straf oor sonde en wederstrewigheid word vergewe wanneer die sondaar hom/haar/hulle opreg van die verkeerde afkeer en tot God terugkeer.

Aangesien hierdie term ‘n baie wye betekenisveld het, is konteks belangrik vir korrekte bepaling van betekenis.

Die tweede term “swb” beteken “om (weg van) te draai” of “(na toe) te draai.” Omdat dit so is dat die verbond “bekering” en “geloof” vereis (vgl. Mat. 3:2; 4:17; Mark. 1:4,15; 2:17; Luk. 3:3,8; 5:32; 13:3,5; 15:7; 17:3), verwys nhm na die intensiteit van gevoel by insig in die sonde en die wegdraai daarvan, terwyl swb die inkeer/omkeer na God toe weerspieël. ‘n Goeie voorbeeld hiervan is in Amos 4:6-11 te vinde; vyf keer word Israel daarvoor aangespreek dat hulle nie JHWH “teruggekeer” het nie en in 5:4,6,14 word hulle gemaan om die HERE te soek en nie slegte dinge nie!

Die eerste uitstaande voorbeeld van die krag van berou, is Dawid na sy sonde met Batseba (vgl. 2 Sam. 12; Ps. 32 en Ps. 51). Die gevolge daarvan vir Dawid, vir sy familie en vir Israel het voortgeduur, maar hy was herstel in gemeenskap met God. Selfs die slegte Manassa kon bely en vergifnis ontvang (vgl. 2 Kron. 33:12-13).

Albei die terme word langs mekaar in Ps. 90:13 gebruik. Sonde moet erken word en ‘n persoonlike en vasberade wegdraai daarvan is nodig; daarmee saam ‘n begeerte om God en sy geregtigheid te soek (Jes. 1:16-20). Bekering het ‘n kennisaspek (kognitief), ‘n persoonlike aspek en ‘n morele aspek. Al drie is nodig om ‘n nuwe verhouding met God te begin wat volgehou kan word. Die diepe ervaring van berou gaan oor in ‘n volgehoue toewyding aan God en tot sy saak!

- 6:11** OAV “hoe lank?”
 NAV, CUM-MVB “tot wanneer?”
 CUM-NLV “hoe lank moet ek dit doen?”
 NASB “how long”

Die vraag wil weet hoe lank die verwerping van God se boodskap sal aanhou.

- 6:12** OAV “die mense ver verwyder het”
 NAV, CUM-MVB “die mense ver weggevoer het”
 CUM-NLV “elkeen na ver lande weggejaag het”
 NASB “has removed men far away”

Hiermee word ballingskap bedoel. Of dit ‘n geval was dat Assirië die noordelike stamme sou wegvoer en Babilonië die suidelikes, is onseker, maar die dubbelsinnigheid is dalk so bedoel.

- 6:13** OAV “En as nog ‘n tiende deel daarin is”
 NAV, CUM-MVB “Selfs al is daar net ‘n tiende oor”
 CUM-NLV “Al bly daar net ‘n tiende oor”
 NASB “Yet there will be a tenth portion in it”

Sien Vir Spesiale Aandag by 1:9. (1) Let op 7:3 die verwysing na Jesaja se seun, Sear Jasub, wat beteken dat ‘n orblyf sal terugkeer en (2) die bespreking by 10:20-22.

- OAV “die land verwoes is tot ‘n wildernis”
 NAV, CUM-MVB “sal die land nog verder verwoes word”
 CUM-NLV “sal die land weer binnegeval en verbrand word”
 NASB “it will be *subject* to burning”

Die twee reëltjies (b) en (c) kan op twee maniere verstaan word.

1. Literêr gesproke, God se volk is metafories 'n groot boom wat afgekap en verbrand is, maar 'n stomp het oorgebly waarin lewe is. 'n Loot sal daaruit groei (die Messiaanse gemeenskap, vgl. 4:2; 11:1; 53:2; Jer. 23:5; 33:15; Sag. 3:8; 6:12). Maar die verbranding, as probleem van die toekoms, bly!
2. Histories-kultureel gesproke, sal die Kanaänitiese vrugbaarheidsgode (die Asjeras) afgebrand word. Op 'n dag sal God se volk van afgodery verlos wees!

- ▣ **OAV** "as hulle afgekap word 'n stomp oorbly"
NAV, CUM-MVB "n stomp bly staan wanneer dit afgekap word"
CUM-NLV "agterbly soos die stomp wat afgekap is"
NASB "Whose stump remains as it is felled"

Twee sleutelwoorde in die OT kom net hier in vers 13 voor:

1. "Omgekap," die wortelstam word ook gebruik vir 'n tempel se hek (BDB 1021 I, vgl. 1 Kron. 26:16). Die wortelstam van die woord beteken basies "om te gooi", "om te werp" of "te slinger."
2. "stump" BDB 663, wat eintlik heilige "klipsuile" beteken soos
 - a. deur die Aartsvaders en Moses en
 - b. deur Kanaänitiese vrugbaarheidsaanbidders (Baäls) beskou.

- ▣ **OAV** "so sal die heilige geslag die stomp daarvan wees"
NAV, CUM-MVB "so sal daar vir die land 'n stomp oorbly; die heilige geslag"
CUM-NLV "soos die stomp en heilige saad wat weer groei"
NASB "the holy seed is its stump"

Hierdie, soos in 4:2, het Messiaanse konnotasies. Sien die aantekening by Jes. 11:1. Hierdie frase ontbreek in die Septuaginta.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids kommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan 'n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Waarom was Jesaja deur die dood van Ussia so diep aangegryp?
2. Vir wie het Jesaja gesien?
3. Hoekom is Jesaja se boodskap verwerp?
4. Is daar enige vergelyking tussen Jesaja se tyd en ons tyd?

JESAJA 7

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
War Against Jerusalem	Isaiah Sent to King Ahaz	Isaiah and the Syro Ephraimite War (7:1-8:15)	A Message for King Ahaz	Isaiah Intervenes	Immanuel gebore word sal
7:1-2	7:1-2	7:1-2	7:1 7:2	7:1-2	7:1-9a
7:3-9	7:3-9 (7b-9)	7:3-9 (7b-9)	7:3-6 7:7-9a 7:9b	7:3-9 (7b-9)	7:9b
The Immanuel	The Child Immanuel Prophecy	Sign of Immanuel	The Sign of Immanuel	Isaiah Intervenes Again	
7:10-17	7:10-17	7:10-17	7:10-11 7:12 7:13-16 7:17	7:10-17 (11) (12-13a) (13b-17) Prediction of An Invasion	7:10-25
7:18-20	7:18-22 (18-19) (20)	7:18-19 7:20	7:18-19 7:20	7:18-25 (18-25)	
7:21-22	(21-22)	7:21-22	7:21-22		
7:23-25	7:23-25 (23-24) (25)	7:23-25	7:23-25		

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGRONDSTUDIE

- A. Die literêre eenheid 7-12 staan bekend as die “Boek van Immanuel.” Dit omrede van die herhalende voorkoms van 'n besondere seun wat gebore sou word en wat die volk van God deur uitredding sou herstel.
- B. Histories word dié gedeelte geplaas ten tye van die Israelities-Efraimitiese Oorlog ongeveer 735-733 v.C. en die inval van Palestina deur die Assiriërs onder Tiglat-Pileser III (ook genoem Pul in 2 Kon. 15:19).
 1. hoofstukke 7-10:4 word ongeveer 735 v.C. gedateer; ten tye van Tiglat Pileser III se regering, 745-729 v.C.
 2. hoofstukke 10:5-34 word ongeveer 701 gedateer; die dae van Sanherib, 705-681 v.C.
 3. hoofstukke 11:1-12:26 is perspektiewe op die Messiaanse era.
- C. Kinders word in hierdie gedeelte simbolies aan historiese gebeure gekoppel.

1. Jesaja se eersteling, Sjeaar-Jasjub, 7:3
2. die kind as teken vir Agas, 7:14-16
3. Jesaja se tweede kind, Maher-sjalal-hasj-basj, in 8:1,3
4. die kindheid van die Messias, 7:14; 9:6-7; 11:1-5
5. die kinders van die nuwe tydperk, 11:6-9.

- D. Die volgende historiese gebeure is parallel opgeteken
- o Jes. 7:10-4, sien 2 Kon. 16 en 2 Kron. 28
 - o Jes. 10:5-34, sien 2 Kon. 18:17-20 en 2 Kron. 32:9-24

- E. Let op die verskil wat betref die gebrek aan geloof van koning Agas teenoor die geloof van sy seun, koning Hiskia (vgl. 37:14-20,30). Die hoofkarakter in die Skrif is God self, wat met sy mense wil verkeer (vgl. Immanuel), maar geloof is van kardinale belang!

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 7:1-2

¹Now it came about in the days of Ahaz, the son of Jotham, the son of Uzziah, the king of Judah, that Rezin the king of Aram and Pekah the son of Remaliah, king of Israel, went up to Jerusalem to wage war against it, but could not conquer it. ²When it was reported to the house of David, saying, “The Arameans have camped in Ephraim,” his heart and the hearts of his people shook as the trees of the forest shake with the wind.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 7:1-2.

7:1	OAV	“In die dae van Agas”
	NAV, CUM-MVB	“In die tyd toe Agas. . .koning van Juda was”
	CUM-NLV	“Gedurende die regering van koning Agas”
	NASB	“in the days of Ahaz”

Agas het van 735-715 v.C. regeer. Omdat Agas nie in ‘n koalisie-opstand teen Assirië betrokke wou raak nie, het Sirië en Israel teen Juda opgetrek.

■ Peka het die koningskap in Israel, die noordelike tien stamme, onregmatig bekom en word gedateer 737-732 v.C. (Bright), 736-730 v.C. (Young) of 752-732 v.C. (NIV Study Bible). Sien die kronologie van die “Konings van die verdeelde Ryk” in bylaag Vier, #3.

7:2	OAV	“Toe hulle die huis van Dawid berig stuur met dié woorde:”
	NAV	“Die berig. . .het die koning uit die geslag van Dawid bereik”
	CUM-MVB	“Die volgende berig is aan die huis van Dawid oorgedra:”
	CUM-NLV	“Die nuus het die koninklike hof bereik”
	NASB	“it was reported to the house of David”

Die berig is aan die hele koninklike familie oorgedra by wyse van ‘n aankondiging in die koninklike hof.

■	OAV	“Die Arameërs het op Efraim toegesak”
	NAV, CUM-MVB	“kamp opgeslaan het”
	CUM-NLV	“‘n bondgenootskap. . .gesluit”
	NASB	“has camped in”
	NKJV	“are deployed in”
	NRSV	“had allied it with”
	TEV	“were already in”
	NJB	“has halted in”
	LXX	“has conspired with”
	Pesjitta	“is confederate with”
	REB	“had made an alliance with”

Die WERKWOORD (BDB 628, KB 679, *Qal*-PERFEKTUM) beteken “om te rus”. In hierdie teksverband beteken dit dat die Arameërs ‘n basiskamp in Israel geskep het. Die Siriërs was die sterker bondgenoot in hierdie rebellie.

In vers 19 word dieselfde WERKWOORD gebruik om die aanwesigheid van ‘n groot invalsmag te beskryf.

■	OAV	“het sy hart en die hart van sy volk”
	NAV, CUM-MVB	“(Hy) Agas en sy volk het baie bang geword”
	CUM-NLV	“Toe het die koning en sy mense soos bome in ‘n stormwind gebewe”
	NASB	“his heart and the hearts of the people”

Die groot vrees kon in die hart van die paleismense of in die hele Jerusalem gewees het, beide is moontlik.

■	OAV	“gebewe soos die bome van die bos bewe voor die wind”
---	------------	---

NAV, CUM-MVB “hulle het gebewe soos die bome in die bos bewe in die wind”

CUM-NLV “soos bome in ‘n stormwind gebewe”

NASB “shook as trees of the forest shake with the wind”

Die WERKWOORD “skud”, “bewe” (BDB 631, KB 681, *Qal*-IMPERATIEF en *Qal*-INFINITIVUS KONSTRUKTUS) word hier in dieselfde INFINITIEF-vorm herhaal om die intensiteit van die vrees te beskryf. Gewoonlik word intensiteit beskryf met ‘n IMPERFEKTUM WERKWOORD gevolg deur ‘n INFINITIVUS ABSOLUTUS.

Juda en haar leiers was bang. Dit het hulle aan vertroue op JHWH se beloftes en aan ‘n besef van sy teenwoordigheid ontbreek.

NASB (HERSIENE) TEKS: 7:3-9

³Then the LORD said to Isaiah, “Go out now to meet Ahaz, you and your son Shear- Jashub, at the end of the conduit of the upper pool, on the high way to the fuller’s field and ⁴say to him, ‘Take care and be calm, have no fear and do not be fainthearted because of the two stubs of smoldering firebrands, on account of the fierce anger of Resin and Aram and the son of Remaliah. ⁵Because Aram, with Ephraim, has planned evil against you, saying, ⁶“Let us go up against Judah and terrorize it, and make for ourselves a breach in its walls and set up the son of Tabeel as king in the midst of it,” ⁷thus says the Lord GOD: “It shall not stand, nor shall it come to pass. ⁸For the head of Aram is Damascus and the head of Damascus is Rezin (now within another 65 years Ephraim will be shattered, so that it is no longer a people), ⁹and the head of Samaria is the son of Remaliah. If you do not believe, you surely shall not last.””

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: *Jes. 7:3-9*

7:3 OAV, NAV, CUMs “Jesaja” NASB “Isaiah”

Sy naam is ‘n samevoeging van twee SELFSTANDIGE NAAMWOORDE, “verlossing” en “JHWH”. Om die bedoelde betekenis te begryp, moet ‘n WERKWOORD bygedink word, soos byvoorbeeld “JHWH *bewerk* verlossing.”

■ OAV “Sjear Ja-Sjub” NAV, CUMs “Sear-Jasub” (voetnoot, bl 696: ‘n Oorblyfsel sal terugkeer) NASB “Shear-Jashub”

Dit was Jesaja se eersgebore seun. Sy naam beteken ‘n Oorblyfsel sal terugkeer’ (vgl. *Jes. 10:20-23*). Die blote feit dat Jesaja aangesê word om hierdie seun saam te neem vir ontmoeting met die koning toon duidelik dat sy naam van belang is vir die onderwerp onder bespreking. Dit kan beteken dat

(1) van die invalsmag slegs ‘n klein aantal die stryd sal oorleef om huis toe terug te keer

(2) of slegs ‘n klein deel van afvallige Judas al oorbly. Jesaja maak dikwels van ‘n “getroue oorblyfsel” melding. Sien *Vir Speciale Aandag* by 1:9.

■ OAV “aan die end van die watervoor van die Boonste Dam ” NAV, CUM-MVB “op pad na die Bleikveld toe by die punt van die kanaal uit die boonste dam” CUM-NLV “by die punt van die kanaal uit die boonste dam” NASB “at the end of the conduit of the upper pool”

Dit dui op die Gihon fontein as bron van watervoorsiening tydens beleërings. Dié fontein was ook die plek waar Judese konings gekroon is. Agas was besig om sy voorbereidings vir die verwagte beleëring na te gaan. Dit was kontrole of al sy bronne in plek is!

7:4-9 So lui JHWH se boodskap aan Agas deur Jesaja:

1. “Neem jou in ag” (BDB 1036, KB 1581, *Nif'al*-IMPERATIEF, OAV)

2. “wees gerus” (BDB 1052, KB 1641, *Hif'il*-IMPERATIEF, OAV)

3. “wees nie bevrees nie” (BDB 431, KB 432, *Qal*-IMPERFEKTUM, OAV)

4. “en laat jou hart nie week word. . .nie”(BDB 939, KB 1236, *Qal*-IMPERFEKTUM in JUSSIEF gebruik, OAV)

Die oorsaak van Agas se vrees was die invalspanne van Sirië en Israel (vers 5)

JHWH skets die gedagtegang van die Siro-Efraimitiese Invalsmag (vers 6 e.v. in OAV)

1. “Laat ons optrek teen Juda,” BDB 748, KB 828, *Qal*-IMPERFEKTUM, KOHORTATIEF gebruik

2. “en dit skrik aanjaag”, BDB 880, KB 1089, *Hif'il*-IMPERFEKTUM, KOHORTATIEF gebruik; vgl. kantaantekening NASB: “sickening dread”/“verlamende vrees”)

3. “en dit vir ons verower,” BDB 131, KB 149, *Hif'il*-IMPERFEKTUM, KOHORTATIEF gebruik; sien NASB: “Make for ourselves a breach in its walls”

4. “en die seun van Tabeel daarvoor koning maak,” BDB 573, KB 590, *Hif'il*-IMPERFEKTUM, KOHORTATIEF gebruik

JHWH dui sy planne aan in vers 7:

1. “Dit sal nie tot stand kom nie,” BDB 877, KB 1086, *Qal*-IMPERFEKTUM

2. “en dit sal nie gebeur nie,” BDB 242, KB 243, *Qal*-IMPERFEKTUM

JHWH is in beheer van die geskiedenis en nie menslike invalsmagte nie, of dit Sirië/Israel of ookal Assirië mag wees! Maar 'n vereiste word wel vir die leierskap in Israel gestel – hulle moet glo en vertrou op God se woord (vers 9)!

1. “as julle nie glo nie”, BDB 52, KB 63, *Hif'il*-IMPERFEKTUM, MEERVOUD (d.w.s. die hele hofhouding en leierskap soos in verse 13,14 geïmpliseer).
2. “dan sal julle nie bevestig word nie,” BDB 52, KB 63, *Nifal*-IMPERFEKTUM, MEERVOUD.

Hierdie selfde woordspel geskied met “amar” in 2 Kron. 20:20. Dieselfde woord word in 2 Sam. 7:16 i.v.m. die permanente duur van die Dawidiese koningskap gebruik. Dit is 'n verbondsverhouding wat behels dat JHWH nie sal handel as sy verbondsdeelhebbers weier om op Hom te vertrou nie (vgl. 30:15)!

Sien *Vir Spesiale Aandag* oor “geloof” by 22:25.

- **OAV** “hierdie twee rokende stukke brandhout”
- NAV, CUM-MVB** “hierdie twee stukke brandhout. . .hulle rook net”
- CUM-NLV** “twee uitgebrande stukke hout”
- NASB** “these two stubs of smoldering firebrands”

Die twee invallers word as onbenullig binne afsienbare tyd bestempel. Sirië (Damaskus) swig voor Assirië in 732 v.C. en Israel (Samaria) in 722 v.C. Die syfer 65 jaar strook nie met die historiese gewens waaroor ons tans beskik nie.

- 7:6**
- OAV** “en dit vir ons verower”
 - NAV, CUM-MVB** “en oorrampel hom”
 - CUM-NLV** “veg ons pad oop”
 - NASB** “make. . .a breach in its walls”
 - NKJV** “make a gap in its walls”
 - NRSV** “conquer it”
 - NJB** “destroy it”
 - Pesjitta** “make a breach in it”
 - REB** “break her spirit”

Hierdie WERKWOORD, BDB 131, KB 149, *Hif'il*-IMPERFEKTUM as KOHORTATIEF gebruik, beteken basies om “oop te breek” of “'n deurbraak te maak” (2 Kon. 3:26).

■ Die naam “Tabeel” is Assiries van herkoms (BDB 370). Twee verklarings word aangebied: (1) 'n bevolkingsgroep (of stam) in Gilead of (2) die naam van 'n Tiriese koning (To-ba-il, LXX Tabeel, ook as Etbaäl bekend); maar met bygevoeging van vokale word dit na “Tabeal” verander (MT) wat dan “goed vir niks” beteken. Dit was algemene gebruik van skrywers in die OT om op dié wyse aan hulle idee van iemand se karakter uitdrukking te gee. In hierdie konteks blyk dit eerder 'n onbekende Assiriese ondersteuner in Juda te wees.

- 7:7**
- OAV** “Maar so sê die Here HERE: Dit sal nie tot stand kom nie,”
 - NAV, CUM-MVB** “Maar so sê die Here Here: Dit sal nie plaasvind nie”
 - CUM-NLV** “Maar so sê die Here die Almagtige, ‘Hierdie inval sal nooit gebeur nie’”
 - NASB** “Thus says the Lord God, it will not stand nor shall it come to pass”

Dit is een van verskeie verse in hierdie konteks wat leer dat God soewerein kontrole het oor nasies en hulle geskiedenis (vgl. verse 17,18,20). Sien ook die aantekeninge by 8:10 en 28:18.

- 7:8**
- OAV** “binne vyf en sestig jaar sal Efraim verbreek word”
 - NAV, CUM-MVB** “Efraim sal binne vyf en sestig jaar so verwoes word”
 - CUM-NLV** “binne 65 jaar sal die volk heeltemal vernietig wees”
 - NASB** “(now within another 65 years)”

Hierdie tydsaanduiding is moeilik om te verstaan. Dit kan dui op Essarhaddon se afhandeling van die wegvoering en sy herbevolking van die land Israel (vgl. 2 Kon. 17:24; Esra 4:2). Of dis 'n goeie voorbeeld van die dubbelsinnige karakter van profesie in die OT; of 'n skrywer wat in Jesaja 'n opdatering in die kantlyn maak; of albei is dalk korrek.

Die NIV gee soos volg uitdrukking aan Jesaja se woordspel: “As jy in jou geloof nie vasstaan nie, sal jy uiteindelik glad nie meer staan nie!”

- 7:9**
- OAV, CUM-MVB** “as julle nie glo nie”
 - NAV** “as julle nie in geloof standhou nie”
 - CUM-NLV** “moet julle leer om te glo wat ek sê”
 - NASB** “if you will not believe”

Sien *Vir Spesiale Aandag: Geloof, vertrou, betroubaarheid in die OT* by 22:25.

NASB (HERSIENE) TEKS: 7:10-17

¹⁰Then the LORD spoke again to Ahaz, saying, ¹¹“Ask a sign for yourself from the LORD your God; make it deep as Sheol or high as heaven.” ¹²But Ahaz said, “I will not ask, nor will I test the LORD!” ¹³Then he said, “Listen now, O house of David! Is it too slight a thing for you to try the patience of men, that you will try the patience of my God as well? ¹⁴Therefore the Lord Himself will give you a sign: Behold, a virgin will be with child and bear a son,

and she will call His name Immanuel. ¹⁵He will eat curds and honey at the time He knows enough to refuse evil and choose good. ¹⁶For before the boy will know enough to refuse evil and choose good, the land whose two kings you dread will be forsaken. ¹⁷The LORD will bring on you, on your people, and on your father's house such days as have never come since the day that Ephraim separated from Judah, the king of Assyria.”

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 7:10-17.

7:11 Daar is twee maniere om duidelikheid oor die Hebreeus van vers 11 te kry:

1. twee gebruike van die woord “vra” (sjā’al – לָאֵלָּהִים BDB 981, KB 1371 *Qal*-IMPERTIEF), vgl. NKJV en Pesjitta
2. die gebruik van die WERKWOORD, הִלָּאֵלָּהִים, “sjā’alah” en die gebruik van die woord “sje’ōl” ,שְׂאוֹל, vgl. die NASB, Vulgaat, TEV, NJB, REB (die SEPTUAGINTA, LXX, het “diepte”)

Die UBS se voorlopige kommentaar op die Hebreeuse teks het die twee “vra”-WERKWOORDE (in IMPERATIEF) ‘n B-gradering gegee (d.w.s. daar is ‘n mate van twyfel). Albei pas egter goed in die onmiddellike konteks. Die woordgebruik in die teks is onseker, maar die betekenis van die vers in geheel is duidelik. So is dit met die meerderheid van gevalle waar tekstuele probleme voorkom. Ons moet onthou dat die sentrale idee van die paragraaf vir die regte verstaan van openbaringsmateriaal belangrik is en nie fynere detail nie. Die begeerte om meer te weet, meer as ander mense, is nie van God nie!

Merkwaardig hoe gewillig God is om die weekhartige dienskneg te help om sy woord te glo. Hy gee tekens aan sy verbondsvolk (vgl. 37:30; 38:7,8; 55:13). Hierdie soort fisiese bevestiging is nie vir alle gelowiges bedoel of beloof nie (vgl. Mat. 12:38-39; Mat. 16:1,4; Mark. 8:11-12; 13:4; Luk. 11:16,29; Joh. 2:18; 4:48; 6:30; 1 Kor. 1:22). Tekens of wonders kan dikwels juis sataniese misleiding wees (vgl. Mat. 7:21-22; 24:24; Mark. 13:22)!

- ▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** “van die Here jou God”
- CUM-NLV** “vra vir My”
- NASB** “from the LORD your God”

Opmerklik die woordspel met “jou God” versus “my God”. Nietemin, vele OT-gelowiges gebruik in gesprek die term “jou God”. Dit is ‘n idiomatiese uitdrukking sonder enige teologiese betekenis.

- ▣ **OAV, CUM-MVB** “sak diep af na die doderyk of klim hoog op boontoe”
- NAV** “diep uit die doderyk of uit die hoogtes daarbo”
- CUM-NLV** “maak dit so moeilik as wat jy kan”
- NASB** “make it as deep as Sheol or as high as heaven”

Die profeet dui aan dat Agas enige teken op aarde, onder die aarde of in die hemelruim daarbo kan vra om God se trou te toon en gewilligheid om sy wil aan Agas te openbaar.

Vir ‘n bespreking van Sjeōl sien *Vir Spesiale Aandag: Waar is die Dooies* by 5:14.

- 7:12** **OAV** “Maar Agas het geantwoord: Ek sal nie eis nie en die Here nie versoek nie”
NAV, CUM-MVB “Maar Agas het geantwoord, ‘Ek sal niks vra nie, ek sal die Here nie tart nie’”
CUM-NLV “Maar Agas het geweier, ‘Nee,’ het hy geantwoord, ‘ek sal die Here nie beproef nie’”
NASB “But Ahaz said, ‘I wil not ask, nor will I test the Lord’”

Dit klink na ‘n waardige antwoord in lyn met die Skrif dat God se volk Hom nie moet beproef nie (BDB 650, KB 702 – Eks. 17:2,7; Num. 14:22; Deut. 6:16; Ps. 78:18,41,56; 95:9; 106:14).

Die feit is dat hierdie koning reeds sy planne agtermekaar het om met Assirië te onderhandel om hulp en op God nie te vertrou nie. Sy stelling was nie waarlik respek vir God nie. God gee inderdaad ‘n koning uit die geslag van Dawid die geleentheid om sy vertroue in God en sy woord, sy sorg en sy voorsienigheid, te betoon. Dit wou hy nie doen nie.

- 7:13** **OAV** “Luister tog”
NAV, CUM-MVB “Luister”
CUM-NLV “Luister baie mooi”
NASB “Listen now”

Hierdie WERKWOORD (BDB 1033, KB 1570, *Qal*-IMPERTIEF, MEERVOUD) word so dikwels deur Jesaja gebruik, maar net in die “Immanuel”-boek, d.w.s. hoofstukke 7-12. God wil gehoor wees en Hy verwag gehoorsaamheid.

- ▣ **OAV** “huis van Dawid”
- NAV, CUM-MVB** “geslag van Dawid”
- CUM-NLV** “julle koninklike familie van Dawid”
- NASB** “house of David”

Hierdie frase wat korporeel verstaan kan word, spreek Agas dan aan as verteenwoordiger van die Dawidiese koningslinie (vgl. 2 Sam. 7).

- ▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** “Is dit vir julle nie genoeg om”
- CUM-NLV** “Julle is nie tevrede”
- NASB** “Is it too slight a thing”

Hierdie is ‘n Hebreeuse idioom (BDB 589, vgl. Num. 16:13; Jos. 22: 17; Eseg. 16:20; 34:18), Die Volk het God en sy geopenbaarde wil (die Wet van Moses) ligtelik opgeneem; as van minder belang beskou!

- **OAV, NAV, CUM-MVB** “mense te vermoei”
CUM-NLV “my geduld te beproef”
NASB “try the patience”

Hierdie WERKWOORD (BDB 521, KB 512) kom tweemaal voor

1. en verwys na mense (*Hif'il*-INFINITIVUS KONSTRUKTUS)
2. ook na God (*Hif'il*-IMPERFEKTUM)

Agas het sy pligte as verteenwoordiger van JHWH (vgl. 2 Sam. 7) onder die mense nie na behore nagekom nie.

- 7:14 OAV, NAV, CUM-MVB** “Die Here sal daarom self vir julle ‘n teken gee”
CUM-NLV “Nou goed dan, die HERE sal dan self ‘n teken kies”
NASB “Therefore the Lord Himself will give you a sign”

Hierdie teken het aanvanklik op Agas se dag betrekking gehad (let veral op verse 15-16).

- **OAV** “die maagd”
NAV, CUM-MVB “‘n jong vrou”
CUM-NLV “die jong vrou”
NASB “virgin”

Die Hebreeuse term hier is *almah* (BDB 761). Dit word gebruik in verband met ‘n jong vrou op hubare ouderdom (vgl. Gen. 43:24). Dit sinspeel op ‘n seksueel-volgroeiende vrou. ‘n Ander Hebreeuse term vir so ‘n volgroeiende, maar maagdelike vrou, is *betulah* (BDB 143) wat deur Jesaja op die volgende plekke gebruik word: 23:4,12; 37:22; 47:1; 62:5. Die Septuaginta vertaal hierdie vers met die Grieks vir “maagd”. Hierdie term is semanties oorvleuelend, want alle jongmeisies in Israel, is dit aanvaar, is maagde. Maar ek glo nie in twee maagdelike geboortes nie; daar was net één! In Agas se tyd was daar ‘n normale bevrugting wat as teken gedien het en daar was “die” (MT) maagdelike geboorte van Jesus se tyd (vgl. Mat. 1:18-23; Luk. 1:26-38). Hierdie is ‘n profesie van meervoudige vervullings!

My mening is dat die NT hierdie geboorte nie sterk beklemtoon nie (behalwe Mat. 1:23, Luk. 1:31,34 geen vermelding in Handeling se preke of Paulus se briewe nie) uit ‘n waaksaamheid teen die misverstand wat kan ontstaan omrede die algemene voorkoms van heidense (Grieks-Romeinse) opvattinge dat die gode met mense omgang het en kinders verwek.

Na my mening is die lering dat sonde deur die manlike spermsel oorgedra word absolute onsin! God se kontrole oor die geboorte van die Messias is van dieselfde klas as sy sorg dat uit onvrugbare vroue van die Aartsvaders (wonderbaarlik) deur sy toedoen kinders gebore word!

Maar van nog groter betekenis is dat die NT dit heeltemal duidelik maak dat die Messias God in die vlees (geïnkarneer) is (vgl. Joh. 1:1; 5:18; 10:33; 14:9-11; Fil. 2:6)! Daarom was ‘n “maagdelike” geboorte nodig.

- **OAV** “sal swanger word en ‘n seun baar”
NAV, CUM-MVB “sal swanger word en ‘n seun in die wêreld bring”
CUM-NLV “sal geboorte skenk aan ‘n seun”
NASB “will be with child and bear a son”
NKJV, Pesjitta “shall conceive and bear a son”
NRSV “is with child and shall bear a son”
TEV “who is pregnant will have a son”
NJB, REB “is with child and will give birth to a son”
LXX “shall be with child and will bear a son”

Die BYVOEGLIKE NAAMWOORD (BDB 248) dui gewoonlik op iemand wat reeds swanger is, maar die vertalings weerspieël die mate van dubbelsinnigheid. Gevolglik moet dit die geval gewees het met ‘n dame uit Jesaja se tyd, koning Agas se vrou (die geboorte van Hiskia, sy opvolger), of ‘n seun van Jesaja, of enige jong dame aan hof van Agas, dis onseker. Van die moontlikhede pas die geboorte van Hiskia die beste in die konteks van die Dawidslinie.

“Immanuel” Hierdie naam beteken “God met ons” (vgl. 8:8,10). In Jesaja se tyd is aan baie kinders name gegee wat die Godheid impliseer het. In hierdie geval is die naam van die kind die “teken,” en nie sy unieke geboorte nie. Die betrokkenes by hierdie Immanuel-teken was nie ‘n bo-natuurlike, God-as-mens-kind te wagte nie. Eers die NT het hierin progressiewe openbaringswaarheid gesien wat in die OT nog nie gegeld het nie.

7:15-16 Hierdie twee verse is parallelle, (drie WERKWOORDE word herhaal – parallismus membrorum is karakteristiek in Hebreeuse letterkunde, ‘n herhalende wyse van uitdrukking wat op die vlakke van literêre eenheid, of paragraafvlak, of versvlak, soos hier, voorkom.

- 7:15 OAV** “Dikmelk en heuning sal hy eet”
NAV, CUM-MVB “hy sal net dikmelk en heuning hê om te eet”
CUM-NLV “om dikmelk en heuning te eet”
NASB “He will eat curds and honey”

Daar is twee teorieë oor die betekenis van die frase: (1) hy kom aan in 'n tyd van groot oorvloed (vgl. Eks. 3:8) of (2) in 'n tyd van skaarsheid van lewensmiddele (verse 21-22).

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “as hy weet om te verwerp wat kwaad is en om te kies wat goed is” “totdat hy weet om te verwerp wat verkeerd is en te kies wat goed is” “sal hy genoeg weet om te kies wat reg is en te verwerp wat verkeerd is” “at the time He knows <i>enough</i> to refuse evil and choose good” |
|--|---|

Dit wil voorkom of 'n ouderdom van

1. toerekenbaarheid hier bedoel word (d.w.s. die gevolg van godsdienstige vorming)
2. en hy as jong kind sal weet wat verbode is en wat toelaatbaar is. In die latere Joodse leefwyse was dit omtrent op ouderdom 13 (bv. Die Bar- Mitzvah). Wat Jesaja betref veronderstel 8:4 'n veel vroeër ouderdom!

- 7:16 OAV “sal die land van die twee konings vir wie jy bang is, verlate wees”
- NAV, CUM-MVB “sal die twee lande van die konings vir wie jy bang is, verwoes lê”
- CUM-NLV “sal die twee konings vir wie jy so bang is, albei dood wees”
- NASB “the land whose kings you dread will be forsaken”

Dit dui op die onderwerping en ballingskap van Sirië (vgl. Amos 1:3-5) en Israel (vgl. 17:13) deur die Assiriërs. Samaria, hoofstad van Israel, het in 722 v.C. na 'n langdurige beleg, voor Assirië geswig. Die groot meerderheid van hierdie volksgroepe het nooit weer na Kanaän teruggekeer nie. Hulle het verdwyn in die bevolkings van die lande waarheen hulle weggevoer was (so bv. Medië).

- 7:17 OAV “die HERE sal oor jou. . .dae laat kom”
- NAV, CUM-MVB “Wat jou, jou volk en jou familie betref. . .die Here sal laat kom”
- CUM-NLV “Die HERE sal. . .bring op jou, jou volk en jou familie”
- NASB “The LORD will bring on you”

Hierdie is 'n goeie voorbeeld van hoe elke historiese krisis in volk-Israel se bestaan deur JHWH vir sy doeleindes bestem was.

NASB (HERSIENE) TEKS: 7:18-19

¹⁸In that day the LORD will whistle for the fly that is in the remotest part of the rivers of Egypt and for the bee that is in the land of Assyria. ¹⁹They will come and settle on the steep ravines, on the ledges of the cliffs, on all the thorn bushes and on all the watering places.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 7:18-19.

- 7:18 OAV “En in dié dag”
- NAV, CUM-MVB “In dié tyd”
- CUM-NLV “Daardie dag”
- NASB “In that day”

Dit is die dag wanneer die Here se beloftes in vervulling sal gaan (vgl. verse 18,20,21,23). Dit kan op 'n nabye toekoms sinspeel (die val van Sirië en Israel, vgl. vers 16) of die Messiaans-eskatologiese eindtyd; die tyd van die werklike maagdelike geboorte.

- ▣ OAV, NAV, CUMs “fluit”
- NASB “whistle”

Sien die aantekening by 5:26.

- ▣ OAV, NAV, CUMs “Egipte”
- NASB “Egypt”

Israel was steeds in die greep van die stryd wat tussen die koninkryke van die vrugbare halfmaan en die Nylrivier (Egipte) geheers het. Na Egipte word in Hosea verwys (vgl. 7:11; 8:13; 9:3,6; 11:5; 12:1)

- 7:19 OAV “in die dale van die steil hoogtes en in die skeure van die rotse en op al die doringbosse en op die drinkplekke”
- NAV, CUM-MVB “in die steil klowe, en in die rotsskeure en op al die doringbosse en by al die drinkplekke”
- CUM-NLV “op die vrugbare plekke, verlate valleie, grotte en doringbosse”
- NASB “on the ledges of the cliffs, on all the thorn bushes and on all the watering places”

Hierdie reeks metafore beskryf hoedat die invallende magte die beloofde land van hoek tot kant sal beset.

NASB (HERSIENE) TEKS: 7:20

²⁰In that day the Lord will shave with a razor, hired from regions beyond the Euphrates (*that is with the king of Assyria*), the head and the hair of the legs; and it will also remove the beard.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 7:20.

7:20 OAV	“In dié dag sal die HERE met die skeermes”
NAV, CUM-MVB	“Hy sal dit doen met ‘n skeermes wat”
CUM-NLV	“Daardie dag sal die HERE hierdie skeermes gebruik”
NASB	“In that day the Lord wil shave with a razor”

Dit hou verband met Agas se aanbieding van omkoopskatte om as’t ware Assirië te “huur” vir hulp teen die Siries-Israel koalisie (vgl. 2 Kon. 16:7-9). Die kaalskeer van die kop en baard dien as blyke van vernedering, maar ook roubetoon (2 Sam. 10:4-5; 1 Kron. 19:4; Jer. 48:37). Die “hare van die voete” (OAV), “beenhare” (CUM-NLV), “op julle liggame” (NAV) blyk te wees die hare by die skaamdele om die vernedering van die jongmanne des te groter te maak (vgl. 6:2; Rigt. 3:24; 1 Sam. 24:3)

In ‘n verskeidenheid van plekke kan “voete” beteken (BDB 919): (1) manlike geslagsdele (vgl. Eks. 4:25; Rigt. 3:24; Rut 3:4,7; 1 Sam. 24:3), (2) vroulike geslagsdele (vgl. Deut. 28:57; Eseg. 16:25), (3) engelagtige gestaltes (Serafs, vgl. Jes. 6:2; Gerubs, Eseg. 1:23).

In Jes. 36:12 word urinering met “water van die voete” bedoel.

NASB (HERSIENE) TEKS: 7:21-22

²¹Now in that day a man may keep alive a heifer and a pair of sheep; ²²and because of the abundance of milk produced he wil eat curds, for everyone that is left within the land will eat curds and honey.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 7:21-22.

7:21-22 Daar word heelwat debat gevoer oor die vraag of dit op oorvloed of skaarste dui.

NASB (HERSIENE) TEKS: 7:23-25

²³And it will come about in that day, that every place where there used to be a thousand vines, valued at a thousand shekels of silver, will become briars and thorns. ²⁴People will come there with bows and arrows because the land will be briars and thorns. ²⁵As for all the hills which used to be cultivated with the hoe, you wil not go there for fear of briars and thorns; but they will become a place for pasturing oxen and for sheep to trample.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 7:23-25.

7:24-25 Die Beloofde Land sal ’n toename van wilde diere ervaar weens die afwesigheid van mense; beide te verklaar uit die vervloeking soos in Deut. 28 bepaal.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Was die Joodse bevolking ‘n Messias te wagte wat ook God in die vlees sou wees?
2. Verkondig Jes. 7:14 ‘n maagdelike geboorte ook in Agas se tyd?
3. Hoekom is die name van kinders in hierdie hoofstuk so belangrik?

JESAJA 8

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Damascus and Samaria Fall 8:1-4	Assyria Will Invade the Land 8:1-4	The Sign of Mahershalal hash-baz 8:1-4	Isaiah's Son A sign to the People 8:1-2 8:3-4	The Birth of A Son to Isaiah 8:1-2 8:3-4	Jesaja se seun as teken 8:1-4
			The Emperor of Assyria is Coming 8:5-8a 8:8b	Shiloah and the Euphrates 8:5-10	Die oordeel van Juda 8:5-22 (5-8)
A Believing Remnant 8:9-10 (9-10)	8:9-10 (9-10)	8:9-10 (9-10)	8:9-10		
	Fear God, Heed His Word 8:11-15	The Testimony and the Teaching 8:11-15	The LORD Warns the Prophet 8:11-15	Isaiah's Mission 8:11-20 (11-20)	
			Warning Against Consulting the Dead 8:16-17		(11-16)
			8:18 8:19 8:20		(17-18)
			A Time of Trouble 8:21-9:1a	Wandering in Darkness 8:21-23a (21-23a)	
				Deliverance 8:23b-9:6	'n Seun is gebore 8:23-9:6 (8:23)

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

5. Eerste paragraaf
6. Tweede paragraaf
7. Derde paragraaf
8. Ens.

TOELIGTING UIT DIE TEKSVERBAND

- A. In hierdie hoofstuk word digterlike stanzas gebruik en bemoedlik dit die bepaling van die hooftrekke in die profesieë. Dit is onseker hoe die stanzas gestruktureer is (gewoonlik in Westerse literatuur agt reëls, jambies met

drie rymwoorde in kruisrym en laaste twee reëls in paarrym-vert.). Dit is ook onduidelik tot wie die boodskap gerig was.

- B. In hoofstukke soos hierdie is die beste benadering vasstelling van die hoofsaak (die groot waarheid) van elke stansa. Verder is 'n mens op die uitkyk vir kernwoorde of begrippe wat deur herhaling uitstaan. Versigtigheid moet aan die dag gelê word om nie enige besonderhede dadelik ter ondersteuning van dogmatiese of sistematiese teologieë aan te wend nie. Hebreeuse poësie is opmerklik dubbelsinnig. Sien Bylaag 1.
- C. Dubbelsinnigheid is karakteristiek van Hebreeuse digkuns en profesie. Eksegese van die fyner besonderhede verdoesel die kunsaspek daarvan, die woordspelings en die parallelismes, en so ontgaan die betekenis van daardie fyner besonderhede die aandag van die uitlegger. Oorspronklik was hierdie stanzas losstaande mondelinge mededelings. Hulle was bedoel om gehoor te word! Dit was bedoel om onmiddellik emosionele trefkrag te hê! Alleen met die gee van tyd, en gebed, kan voortgaande openbaring die waarhede duidelik laat uitkom.
- D. In hoofstukke 6-8 kom baie VOORNAAMWOORDE in ENKELVOUD voor. JHWH het met die profeet gepraat wat hom, op sy beurt, by byeenkomste tot groepe gerig het.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 8:1-4

¹Then the LORD said to me, "Take for yourself a large tablet and write on it in ordinary letters: Swift is the booty, speedy is the prey." ²And I will take to myself faithful witnesses for testimony, Uriah the priest and Zechariah the son of Jeberechiah." ³So I Approached the the prophetess, sand she conceived and gave birth to a son. Then the LORD said to me, " Name him Maher-shalal-hash-bas; ⁴for before the boy knows how to cry out 'My father' or 'My mother,' the wealth of Damascus and the spoil of Samaria will be carried away before the king of Assyria."

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 8:1-4.

8:1-4 Jesaja se tweede seun (vgl. v 3) is 'n profesie ten opsigte van Juda se groot invaller Sirië (d.w.s. die Siro-Efraimitiese oorlog) met die hoofstad Damaskus. Damaskus is deur Assirië in 732 vC ingeneem. Die inwoners van die land is in ballingskap weggevoer. Op 'n manier blyk daar parallelle te wees tussen Jesaja se se tweede seun en die beloofde kind van 7:14-16.

- 8:1** OAV "Neem vir jou 'n groot tafel en skrywe daarop"
 NAV, CUM-MVB "Vat 'n stuk leer en skryf daarop"
 CUM-NLV "Maak 'n groot bord en skryf duidelik"
 NASB "Take for yourself a large tablet and write on it"

1. "Neem" (vat), BDB 542, KB 534; Qal IMPERATIEF

2. "skryf" ,BDB 507, KB 503, Qal IMPERATIEF; dikwels gebruik in verband met 'n graveerpen (Eks 32:4,16)

Let daarop dat wat JHWH bekend wil maak, vir eietydse sowel as toekomstige lesers op 'n "groot" stuk skryfmateriaal (kleitablet of seël ; vgl. 30:8) aangebring moet word. Die Hebreeuse woord BDB 163) dui nie die soort materiaal aan nie (let op 3:23 waar dieselfde woord moontlik na silindriese seëls verwys wat om die nek gedra kan word; vgl. JB se voetnoot op bl. 1155, en die *IVP Bible Background Commentary*, bl. 594). Uit die vers is dit nie duidelik of 'n lang boodskap bedoel was of net 'n frase in groot letters geskryf nie.

- ☐ OAV "met 'n mensegriffel"
 NAV, CUM-MVB "skryf daarop met 'n pen"
 CUM-NLV "skryf duidelik daarop"
 NASB "in ordinary letters"
 NKJV, LXX "with a man's pen"
 NRSV, REB, JPSOA "in common characters"
 TEV "in large letters"
 NJB "with an ordinary stylus"
 Pesjitta "on it plainly"

Hierdie is bepaald 'n dubbelsinnige frase, aangesien dit die enigste plek is waar die woord "man" ("mensegriffel" OAV) aan 'n nie-lewende gebruiksartikel gekoppel word (vgl. BDB 60). JHWH wil sy boodskap aangeteken hê sodat daar by sy volk nie misverstand daaromtrent sal wees nie.

- ☐ OAV "Netnou is daar buit, gou is daar roof"
 NAV, CUMs * "wat beteken: Plunder en roof is naby"
 NASB "Swift is the booty, speedy is the prey"
 NKJV, NRSV * "Maher-shalal-hash-baz"
 TEV "Quick loot, fast plunder"
 Pesjitta "to hasten the captivity, and to record the spoil"

JB-voetnota “Speed—spoil—quick—booty”
REB-voetnota “Speedy for spoil, hastening for plunder”

Dit was die naam van Jesaja se tweede seun, Maher - Shalal - hash - baz (vgl. v 3). Dieselfde twee WERKWOORDE kom in die sarkasme van 5:19 voor! Dit mag JHWH se reaksie wees op die ongebreidelde Judese verwaandheid. Soos die geval was met al die seuns van Jesaja was daar in hulle name ‘n profetiese boodskap vir die volk van sy tyd. Die gedagte hier was ‘n voorsegging van die Assiriese inval omrede Agas se ongeloof. Hierdie inval het Juda, Israel en Sirië oorweldig. Dieselfde twee WERKWOORDE beskryf die Babiloniese inval in Juda (Hab 1:6-8).

8:2 **OAV** “en Ek wil vir my vertroubare getuies neem”
NAV, CUM-MVB “vir My laat optree”
CUM-NLV “Ek het. . .om te bevestig”
NASB “I will take to Myself”
NKJV “I will take for Myself”
NRSV “have it attested to me”
NJB “take”
LXX “make me”
Pesjitta “I took to me”
JB “find me”
REB “I had it witnessed to me”
JPSOA “call”

Die WERKWOORD in die Masoretiese Teks (MT) beteken “om as getuie op te tree”(BDB 729, KB 795, *Hif'il*-KOHORTATIEF). NRSV en REB volg die Dooie See Rolle, die Septuaginta en die Pesjitta na deur die WERKWOORD na IMPERATIEF (‘n bevel) te verander. Volgens die konteks benodig God twee vertroubare getuies om saam met Hom vir sy boodskap in te staan (te bekragtig! –vgl. “die hemel en die aarde” in die nota by 1:2)

Die getuie wat eerste genoem word, is “Uria die priester,” ook genoem in 2 Kon 16:10-16 (hoewel nie in veel gunstige lig gestel nie). Die ander getuie (Sagaria die seun van Jeberekja) is onbekend, behalwe as verwys word na Sagaria in die tyd van Ussia, 2 Kron. 26.

Die NIDOTTE, vol. 3, bl. 336 is van mening dat dat dit Jesaja self is wat twee getuies wou hê met die naamgewing van sy tweede seun.

8:3 **OAV** “ek het na die profetes gekom en sy het swanger geword”
NAV “het my vrou swanger geword”
CUM-MVB “het die profetes swanger geword”
CUM-NLV “het ek by my vrou geslaap”
NASB “I approached”
NKJV, NRSV, “I went to”
LXX
NJB “I had intercourse with”
REB “I lay with”

Die WERKWOORD (BDB 897, KB 1132, *Qal*-IMPERFEKTUM) dui op seksuele kontak (vgl. Gen 20:4; Lev 18:6,14,19; Deut 22:14; Eseg 18:6).

Weereens ontstaan die vraag by 7:14 oor wie swanger was. Daar is twee sterk moontlikhede.

1. dié besondere kind is voorafskaduwing van ‘n voorbeeldige Dawidiese koning, wat dan moontlik Hiskia, die seun van Agas kon wees;
2. Jesaja se verwantskap met Agas, indien die geval, se seun sou ook ‘n aanspraakmaker op die troon van Dawid kon wees; die “naby terminologie” wat 7:14 in 8:3 tot vervulling laat kom, kon wel die koningskap op Jesaja se tweede seun laat val het omrede die bloedverwantskap met die koningshuis.

8:3 **OAV, CUM-MVB** “die profetes”
NAV, CUM-NLV “my vrou”
NASB “the prophetess”

Hierdie is ‘n duidelike verwysing na die vrou van Jesaja. Sy was (1) ook ‘n profet (BDB 612, *VROULIK ENKELVOUD*) of met (2) ‘n profet getroud.

VIR SPESIALE AANDAG: VROU IN DIE BYBEL

I Die Ou Testament

A. Kultureel gesproke is vrouens beskou as besittings:

ingesluit in 'n lys van besittings (Eks. 20:17)

behandeling van vroulike slawe (Eks. 21:7-11)

vroue se geloftes kon op maatskaplik-sosiale gronde deur haar man nietig verklaar word (Num. 30)

vroue as oorlogsbuit (Deut. 20:10-14; 21:10-14)

B. In praktyk was daar gemeenskaplikheid:

man en vrou geskape na die beeld van God (Gen. 1:27-28)

eer vader en moeder (Eks. 20:12; Deut. 5:16)

eerbied moeder en vader (Lev. 19:3; 20:9)

manne en vroue kon Nasireërs word (Num. 6:1-2)

dogters het erfreg (Num. 27:1-11)

deel van verbondsgemeenskap (Deut. 29:10-12)

ag slaan op onderrig van vader en moeder (Spr. 1:8; 6:20)

seuns en dogters van Heman (Leviëte-familie) begelei in tempel met musiek (1 Kron. 25:5-6)

seuns en dogters sal in die nuwe bedeling profeteer (Joël 2:28)

C. Vroue in leierskaprolle:

Moses se suster, Miriam, 'n profetes genoem (Eks. 15:20-21)

vrouens met gawes deur God toegerus vir die oprigting van die Tabernakel (Eks. 35:25-26)

'n vrou, Debora, 'n profetes (Rig. 4:4), lei die stamme van Israel (Rigt. 4:4-5; 5:7)

Hulda was 'n profetes deur koning Josia ingeroep om die nuut-gevonde wetboek te verklaar (2 Kon. 22:14; 2 Kron. 34:22-27)

Rut, 'n toegewyde vrou, was 'n voorouer van Dawid

Koningin Ester, 'n toegewyde vrou, tree op as redder van die Jode in Persië

II Die Nuwe Testament

A.. Kultureel gesproke was vrouens in Judaïsme en in die Grieks-Romeinse wêreld tweedeklas burgers met weinig regte of voorregte (Masedonië was 'n uitsondering).

B. Vroue in leierskaprolle:

Elisabeth en Maria, toegewyde vroue; vir God beskikbaar (Luk. 1 en 2)

Anna, 'n toegewyde vrou; dien in die tempel (Luk. 2:36)

Lydia, 'n gelowige en leier van 'n huiskerk (Han. 16:14, 40)

Filippus se vier dogters was profetesse (Han. 21:8-9)

Febe, diakones van die kerk in Kenchreë (Rom. 16:1)

Prisca (Priscilla), Paulus se medewerker en onderrig Apollos (Han. 18:26; Rom. 16:3)

Maria, Trifena, Trifosa, Persis, Julia, Nereus se suster, 'n hele aantal vroulike medewerkers van Paulus (Rom. 16:6-16)

Junia (KJV), waarskynlik 'n vroulike apostel (Rom. 16:7)

Euodia en Sintiche, medewerkers van Paulus (Fil. 4:2-3)

III Hoe vertolk 'n moderne gelowige die uiteenlopende Bybelse voorbeelde?

A. Hoe onderskei 'n mens tussen historiese en kulturele waarheid wat net op die oorspronklike konteks van toepassing was, maar aan die ander kant ewige waarheid is, toepaslik vir alle kerke van alle tye?

1. Ons moet die bedoeling van die oorspronklike, geïnspireerde skrywer absoluut ernstig opneem.

Die Bybel is die woord van God en die enigste bron vir geloof en praktyk.

2. Ons moet besluit oor die voor die hand liggende, histories bepaalde, dog geïnspireerde tekste:

a. die kultus (d.w.s. rituele en liturgie) eie aan Israel (vgl. Han. 15; Gal. 3)

b. eerste eeuse Judaïsme

c. Paulus se duidelik histories-bepaalde opmerkings in 1 Korintiërs

(1) die wetstelsel van heiden-Rome (1 Kor. 6)

(2) bly 'n slaaf (1 Kor. 7:20-24)

(3) selibaat (1 Kor. 7:1-35)

(4) maagdelikheid (1 Kor. 7:36-38)

(5) voedsel offer aan 'n afgod (1 Kor. 10:23-33)

(6) onwaardige optrede aan die Nagmaaltafel (1 Kor. 11)

3. God het Hom duidelik openbaar aan 'n bepaalde kultuur in 'n bepaalde tyd. Ons neem die openbaring ernstig op, maar nie elke aspek van die historiese inkleding nie. Die woord van God is geskryf in sy eie woorde, geadresseer in 'n eiesoortige kultuur op 'n spesifieke tyd.

B. Bybeluitleg moet die oorspronklike skrywer se bedoeling vasstel. Wat wou hy vir sý dag sê? Dit is die grondslag en vereiste vir behoorlike uitleg, maar dan moet ons dit toepas op óns dag. Daarmee kom ons by die probleem van vroulike leierskap (dalk maak die verduideliking die probleem duidelik). Was daar meer bedienaars wat vir leiers aangesien is as herders? Is diakonesse beskou as leiers (vgl. Rom. 16:1)? Dit is volkome duidelik dat Paulus in 1 Kor. 14:34-35 en 1 Tim. 2:9-15 te kenne gee dat vroue nie in openbare eredienste leiding moet neem nie! Maar hoe maak ons dit vandag van toepassing? Ek wil dit nie dat Paulus se kultuur, of my kultuur, God se woord en wil tot swye dwing nie. Moontlik was Paulus se dag te beperkend en moontlik is my dag te liberaal! Ek ervaar dit uiters ongemaklik om te beweer dat Paulus se leringe met voorwaardes opgevat moet word, naamlik dat dit eerste eeu is en as plekgebonde gekwalifiseer moet word. Wie is ek dat ek kan toelaat dat my siening of my kultuur 'n geïnspireerde skrywer weerspreek?!

Andersins, wat maak ek daarvan wanneer daar Bybelse voorbeelde van leidinggewende vrouens geopper word, selfs in Paulus se geskrifte soos Romeine 16? Paulus self is miskien 'n goeie voorbeeld van hoe die probleem gehanteer moet word. Sien sy bespreking van openbare aanbidding in 1 Kor. 11-14. In 11:5 lyk dit of hy vrouens sal toelaat om te preek en bid in die erediens, mits hulle hoofde bedek is. Andersins in 14:34-35 beveel hy hulle tot volkome swye! Daar was immers ook diakonesse (Rom. 16:1) en profetesse (vgl. Han. 21:9). In so 'n verskeidenheid besef ek dat ek die vryheid het om te vra waarom hy in eerste-eeuse Korinte en Efese beperkend opgetree het. In beide kerke was daar probleme met vroue se uitoefening van hul nutgevonde vryheid (sien Bruce Minter, *Corinth After Paul Left*), wat in die weg kon staan van die kerk se uitreik in die gemeenskap vir Christus. Hulle vryheid moes beperk word sodat die evangelie effektief kon wees.

My dag, egter, is die algeheel teenoorgestelde van wat Paulus s'n was. In my dag mag die evangelie verhinder word as opgeleide, welsprekende vroue nie toegelaat word om die evangelie te verkondig nie.

Ek wil toegee aan Paulus: my teologie is primêr Paulinies. Ek wil nie onderstebo geloop word of gemanipuleer word deur moderne feminisme nie! Hoewel ek aan die ander kant voel dat die kerk te traag aanbeweeg het wat betref klinkklare Bybelse waarhede soos die onaanvaarbaarheid van slawerny, rassisme, huigelagtigheid en seksisme. Die kerk was ook traag in toepaslike reaksie op die misbruik van vroue in die moderne tyd. God het in Christus die vrou en die slaaf vrygemaak. Ek kan nie dat kulturgebonde tekste (bv. Paulus beperkend, 1 Kor. 14:34-35) hulle weer boei nie.

Nog net een opmerking: as Bybelverklaarder weet ek dat die kerk in Korinte uitermate verbrokkeld en verdeeld was. Die charismatiese gewes is hoog aangeskryf en vertonerig opgedring aan die gemeente. Vrouens was moontlik hierin meegevoer. Ek is ook van mening dat in Efese valse leraars misbruik van vroue gemaak het deur hulle as tussengangers in huiskerke te laat optree.

C. Voorstelle vir verdere navorsing:

How to Read the Bible for All It's Worth, Gordon Fee en Doug Stuart (bl. 61-77)

Gospel and Spirit: Issues in New Testament Hermeneutics, Gordon Fee

Hard Sayings of the Bible, Walter C. Kaiser, Peter H. Davids, F.F. Bruce en Manfred T. Branch (bl. 613-616; 665-667)

8:4 Dit pas waarskynlik die tydraamwerk een boodskap van 7:19-16 (ook v 4).

Die naam van Jesaja se seun beeld hierdie gebeurtenis gedryf deur Assirië met presiesheid uit.

NASB (HERSIENE) TEKS: 8:5-8

⁵Again the Lord spoke to me further, saying,

⁶Inasmuch as these people have rejected the gently flowing waters of Shiloah

And rejoice in resin and the son of remaliah;

⁷Now therefore, behold, the Lord is about to bring on them the strong and abundant waters of the Euphrates,

Even the king of Assyria and all his glory;

And it will rise up over all the channels and go over all its banks.

⁸Then it will sweep on into Judah, it will overflow and pass through,

It will reach even to the neck;

8:5-6 Hierdie stansa sit voort die boodskap van JHWH se oordeel deur Assirië oor Sirië en Israel, maar voeg die verskriklike boodskap daarby dat dit ook Juda gaan affekteer (Jerusalem word gespaar, vgl. vers 8b). Sy word nie verwoes nie, maar oorleef beswaarlik.

8:6 **OAV, NAV, CUM-MVB** **“hierdie volk”**
 CUM-NLV **“Die volk van Juda”**
 NASB **“these people”**

Na wie word hier verwys?

1. Israel?
2. Juda?

Die antwoord is in vers 6b te vinde. Juda was nie opgewonde oor Resin die seun van Remalia nie, maar Israel het met hom ‘n politieke - militêre bondgenootskap gesluit (7:4-5,8,9). Daarom moet vers 7 na die vernietiging van Damaskus (vgl. 7:20) sowel as Samaria (d.w.s. Israel) verwys. Dit is wel moontlik dat ‘n groep binne Juda ook ten gunste van die koalisie sou wees.

Motyer, in die Tyndale Old Testament Commentary Series (bl. 81), is van mening dat “hierdie mense/volk” kan verwys na (1) Juda, 28:14, (2) ‘n vreemde moondheid, 23:13, (3) Israel, 9:16 en in hierdie vers.

▣ **OAV** **“die waters van Siloa verag wat saggies vloei”**
 NAV, CUM-NLV **“Siloag se kalm waters”**
 CUM-MVB **“die water van die Siloag-kanaal, wat rustig vloei”**
 NASB **“the gently flowing waters of Shiloh”**

Dit was ‘n klein waterleiding, oos van Jerusalem, wat vanaf die Gihon-fontein water die stad ingebring het (vgl. 2 Kon 20:20; 2 Kron 32:30). Dit het as simbool gedien (1) van JHWH se handeling of woorde wat in verwaarlosing geraak het (5:24; 30:12) en (2) JHWH se sorg en voorsiening vir die huis van Dawid en Juda in tye van militêre beleëring.

▣ **OAV** **“en daar vreugde is saam met Resin en die seun van Rémalia”**
 NAV **“en bang geword het vir Resin en Peka seun van Remalja”**
 CUM-MVB **“en ineengekrimp het voor Resin en voor Peka”**
 CUM-NLV **“en bly geword oor wat met koning Resin en koning Peka gaan gebeur”**
 NASB **“And rejoice in Resin and the son of Remaliah”**

Sirië was deelgenoot in ‘n sameswering (met Israel) om die die Dawidiese troonopvolging (Juda) omver te werp (vgl. 7:6). Israel het vertroue in politieke en militêre alliansies gestel.

▣ **OAV** **“vreugde is”**
 NAV **“bang geword”**
 CUM-MVB **“ineengekrimp”**
 CUM-NLV **“bly geword”**
 NASB **“rejoice”**

Hierdie term (BDB 965) beteken “verheug wees” of “bly wees” en maak nie sin in die konteks nie. Die woordkeuse het moontlik die poëtiese samestelling van die vers in ag geneem eerder as woordbetekenis. Die WERKWOORDE in Hebreeus vir “verheug” en “verwerp” (beide in vers 6) val baie eenders op die oor en ‘n misverstand het moontlik ingetree by die hardop voorlees van die profesie. Die volgende teorieë word geopper.

- (1) Damaskus se vreugde
 - (2) ‘n groep Judeërs wat Agas se Assiriese alliansie teengestaan het
 - (3) ‘n regstelling (teksemmendisie); verheug vervang met “oorval van vrees”
 - (4) Juda se vreugde oor Assirië se aanval van Sirië en Israel (vgl. CUM-NLV)
- Uit die konteks is dit nie volkome duidelik oor die subjek van die vreugde nie!

8:7 **OAV** **“daarom sal die Here oor hulle laat opkom”**
 NAV, CUM-MVB **“sal die Here. . .oor hulle laat kom”**
 CUM-NLV **“sal die HERE hulle oorweldig”**
 NASB **“the Lord is about to bring on them”**

JHWH is in beheer van die geskiedenis (vgl. 5:26; 7:7,18; 10:5; 13:2-3). Geskiedenis verloop nie volgens toeval nie, maar doelmatig (teleologies). Geskiedenis loop uit op ‘n ontknopingspunt wat betref die gevolge van menslike sonde en God se doelstellinge!

▣ **OAV** **“en hy sal bo a sy beddings styg en oor al sy walle”**
 NAV **“die Eufraat sal oor sy oewers stoot”**

CUMs “die rivier gaan oor sy oewers stoot”

NASB “waters of the Euphrates”

Dit is een van die twee groot riviere van Mesopotamië. Die Tigris en die Eufraat vorm ‘n Vrugbare Halfmaan wat vanaf die Persiese Golf tot naby die Mediterreense kus en Libanon strek. ‘n Woestyn het die Mesopotamiese Ryke (Assirië en Babilon) van Kanaän geskei. Gevolglik het leërmagte die loop van die waters van die Eufraat gevolg en afgesak na die Mediterreense kus by Libanon en Kanaän. Dit het daartoe gelei dat in bybelse spreektaal “noord” die herkoms geword het van alles wat “boos” is.

8:8 Hierdie vers toon die gevolge van die Assriese magsoorname in Kanaän. Juda het as ‘n nasie oorleef, maar het erg onder die druk gekom. Agas wou nie na Jesaja luister nie omdat hy in JHWH se beloftes nie geglo het nie.

- ▣ **OAV** “die uitbreidings van sy vlerke sal u land in sy breedte vul”
NAV, CUM-MVB “Hy sal sy vlerke uitsprei totdat dit jou land heeltemal oordek”
CUM-NLV “Die vloed sal die land oorspoel, van die een kant tot die ander kant toe”
NASB “the spread of its wings will fill the breadth of your land”

Die NASB, NRSV, NJB, REB, verbind dit met die vernietigingswerk van die Assiriërs (“vlerk” dien as metafoor vir “einde,” vgl. NIDOTTE, vol. 2, bl. 670, waardeur die oornam van die hele land aangedui word.; maar TEV en JPSOA beskou die vloedmetafoor as aanduiding van die Assiriese rol en die verandering na die “vlerk” metafoor as aanduiding dat God sy belofde, besondere kind (sien 7:14–BDB 642 met STATUS KONSTRUKTUS –i.e. besit –BDB 489; 8:8, Ps 17:8; Ps 36:7; Ps 57:1; 61:1,4; 63:7; 91:1,4) ook met die Beloofde Land verbind). Sien ook die notas by verse 9-10!

Onthou dat die belofte deel was van ‘n bestaande verbondsrelasie wat geloof en gehoorsaamheid as vereiste stel! Beskerming van Jerusalem sonder geloof sou die verkeerde boodskap uitstuur (selfs vir hedendaagse Israel, wat deur sommige beskou word as Goddelike optrede van staatsherstel! Die probleem met die Israel van vandag is dat hulle nie ‘n gelowige gemeenskap met die leefstyl van ware geloof is nie, maar bloot as ‘n sekulêre staat bestaan.

- ▣ **OAV** “O Immanuel”
NAV, CUM-MVB “Immanuel”
CUM-NLV “Immanuel se land”
NASB “O Immanuel”

Die titel in hierdie konteks dui op ‘n vors in die Dawidlinie, moontlik Agas. Daarmee kry die gedagte steun dat die kind van 7:14 waarskynlik Hiskia sou wees, omdat die kind eietyds en van natuurlike geboorte moes wees. Op die duur bring die profesie Jesus in sig, Immanuel, God met ons!

NASB (HERSIENE) TEKS: 8:9-10

⁹“Be broken, O peoples, and be shattered;
And give ear, all remote places of the earth.
Gird yourselves, yet be shattered;
Gird yourselves, yet be shattered.
¹⁰Devis a plan, but it will be thwarted;
State a proposal, but it will not stand,
For God is with us.”

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 8:9-10.

8:9-10 Die NASB van 1970 het verse 10-15 as een stansa hanteer, maar die 1995 opgegradeerde uitgawe beskou verse 9-10 as ‘n aparte stansa. Na my mening korrek so, vgl. NKJV, NRSV, Pesjitta).

JHWH rig Hom tot die invalsmag se huursoldate.

1. doen maar kwaad (NAV, v 9; BDB 949, KB 1270, *Qal*-IMPERATIEF)
2. julle sal inmekaar stort (NAV, v 9, BDB 369, KB 365, *Qal*-IMPERATIEF (vgl. 7:8; 30:31; 1 Sam 2:10; Jer 48:1,2; 49:37; 50:2; 51:56))
3. luister, v 9, BDB 24, KB 27, *Hif'il*-IMPERATIEF
- 4-5. maak maar klaar (2 maal) BDB 25, KB 28, *Hitpa'el*-IMPERATIEF
9. julle sal inmekaar stort, dieselfde as # 2
10. smee julle planne, v10, BDB 734, KB 801, *Qal*-IMPERATIEF
11. pleeg maar oorleg, v10, BDB 180, KB 210, *Pi'el*-IMPERATIEF

Want vir elke aktiwiteit van die invallers het God ‘n teëplan. Al hulle boosheid sal tot niks kom nie. Maar onthou, oorspronklik het God hulle opgeroep tot die inval weens sy volk se sonde. Na die oordeel, egter, wil Hy sy volk verlos om sy doelstellings deur hulle te bereik. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:3.

- 8:10** **OAV** “maak ‘n afspraak”
NAV, CUM-MVB “pleeg maar oorleg”
CUM-NLV “maak maar planne”
NASB “devis a plan”

Die term word gebruik om menslike planne aan te dui (BDB 734). Menslike planne verskil, is selfs teenstrydig met JHWH se planne (vgl. 14:24-27; Spr 19:21). God sal sý planne uitvoer (vgl. 46:10; 55:8-11; Ps 33:11). God het nie raadgewers nodig nie, soek hulle ook nie (40:13)! Sy planne is reg en vir ewig! Hy het 'n verlossingsplan vir alle mense (Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:3).

- ▣ OAV “want God is met ons”
- NAV, CUM-MVB “God is by ons”
- CUM-NLV “Want Immanuel, God is met ons”
- NASB “For God is with us”

Dit is wat die naam Immanuel beteken, sien Jes 7:14 en 8:8. In hierdie konteks is die titel van toepassing op Agas as koning in die Dawidlinie.

NASB (HERSIENE) TEKS: 8:11-15

¹¹For thus the LORD spoke to me with mighty power and instructed me not to walk in the way of this people,
¹²You are not to say, ‘it is a conspiracy!’
 And you are not to fear what they fear or be in dread of it.
¹³It is the LORD of hosts whom you should regard as holy.
 And He shall be your fear,
 And he shall be your dread.
¹⁴Then He shall become a sanctuary;
 But to both houses of Israel, a stone to strike and a rock to stumble over,
 And a snare and a trap for the inhabitants of Jerusalem.
¹⁵Many will stumble over them,
 Then they will fall and be broken;
 They will even be snared and caught

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 8:11-15.

8:11-15 Hierdie stansa is 'n ander boodskap wat beoog

1. JHWH se oordeel oor sy eie sondige volk
2. JHWH se profeet dink God se gedagtes en spreek dit uit en bedink nie wat in sy tygenote en gemeenskap se gedagtes aangaan nie.

Hierdie stansa weerspieël die boodskap aan Agas in 7:9, maar nou uitgebrei na die gemeenskap toe. Wat 'n boodskap van geloof en hoop kon gewees, is nou oordeel!

- 8:11** OAV “toe sy hand my oorweldig het”
- NAV “in sy groot mag”
- CUM-MVB “toe sy hand sterk oor my was”
- CUM-NLV “in die sterkste terme”
- NASB “with mighty power”
- NKJV, “with a strong hand”
- LXX

“Hand” (BDB, 388) is dikwels die antropomorfologiese spreekwyse om God se handeling in die wêreld aan te dui. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 6:1.

1. dit kan metafoor vir openbaring wees (Jes 8:11; Jer 15:17; Eseg 1:3; 3:14,22; 8:1; 33:22; 37:1; 40:1)
2. ook metafoor vir die uitredding uit Egipte (Eks 3:20; 6:1; 13:3; 14:31)
3. metafoor vir 'n eed of oordeel
 - a. sy hand optel, 19:16; Sag 2:9
 - b. sy hand uitstrek, 26:11; 49:22; Deut 32:40; Eseg 20:5
 - c. sy hand uitsteek, 14:26,27; Eks 7:5; Jer 6:12
4. ook die metafoor vir sy skeppingswerk, 19:25; 45:11-12; 48:13; 60:21; 64:8

- ▣ OAV “om nie te wandel op die weg van hierdie volk nie”
- NAV, CUM-MVB “om nie die voorbeeld van hierdie volk te volg nie”
- CUM-NLV “moenie dink soos al die ander dink nie”
- NASB “not to walk in the way of this people”

Vers 11 word aan die adres van Jesaja gerig, maar vers 12 is MEERVOUD. Die woord “wandel” dien as beskrywing van 'n leefstyl (vgl. Ps 1:6). Die volk voortgekome uit die Abrahamitiese belofte, het nie die Mosaïese verbond onderhou nie en was in werklikheid nie meer God se volk nie! Hulle getuigenis voor die nasies was verwronge (Eseg 36:22-38).

Op die nuwe dag van die van die besondere kind sal 'n nuwe weg gebaan word (vgl. 57:14; 62:10) Dit was die konsep wat Johannes die Doper as sy opdrag gesien het (d.w.s. maak die weg gelyk, vgl. Jes 40:3; Mat 3:3; Mark 1:3; Luk 3:4-6).

8:12 Dit wys terug op 7:2. Hulle het van die Siro-Fenisiëse koalisie gehoor en was vreesbevange. Dit is ook moontlik dat hiermee Jesaja se teenstand teen die Assirië-beleid van Agas bedoel word. Daarmee kon die profeet gebrandmerk wees het as moeilikheidmaker of selfs verraaiër!

8:13 Wat hulle liefs moes vrees, was die heilige HERE van die leërskaer! Hy was die kaptein van die ware, kragtige leërmag (vgl. 41:10,13,14; 43:1,5; 44:2; 54:4). Hy is waarlik in beheer van gebeure (vgl. 7:7,18,20).

Daar is nie 'n WERKWOORD by

1. Hy sal julle vrees wees (BDB 432) of “laat Hy wees...”
2. Hy sal julle verskrikking wees (BDB 791) of “Laat Hy wees...”

Sonder 'n WERKWOORD word die frases geïntensiveer. Daar is 'n gepaste vrees en 'n onvanpas vrees. (vgl. Luk 12:4; Joh 12:43). Om JHWH te vrees is wysheid en getrouheid (vgl. Spr 1:7). Om mense se mag te vrees, is gebrek aan geloof in JHWH se teenwoordigheid en belofte!

8:14-15 Om so deur sy eie verbondgemeenskap verwerp te word, wek by JHWH tweeërlei reaksie in metafore van oordeel beskryf:

1. 'n skuilplek (Eseg 11:16), van klip gebou terwyl hulle by JHWH skuiling moes soek (Eseg 11:16)
2. en soos diere in 'n strik of vanggat te beland

Sy volk, albei die huise van Israel, sal oor die klippe van die skuilplek strompel (BDB 505, KB 502), Qal PERFECTUM. Hierdie metafoor is later ontwikkel tot die Messiaanse Hoeksteen. Sien *Vir Spesiale Aandag* wat hieronder volg.

Vele van sy mense al oor 'n klip val en in 'n vanggat of in 'n strik beland (vgl. 28:13) en ondergaan (vgl. 24:18). Ander, die getroue oorblyfsel, sal Hom egter vertrou (v 16-18).

VIR SPESIALE AANDAG: HOEKSTEEN

I. OT-Gebruike

- A. Die idee van 'n klip as harde, duursame voorwerp om 'n fondament mee te lê, is as metafoor vir YHWH gebruik (vgl. Ps. 18:1).
- B. Hiervandaan het dit ontwikkel tot 'n Messiaanse betiteling (vgl. Gen. 49:24; Ps. 118:22; Jes. 28:16).
- C. Dit dui ook op die oordeel van God deur die Messias aangewend (vgl. Jes. 8:14; Dan. 2:34-35, 44-45).
- D. Die verdere ontwikkeling is 'n bouersmetafoor:
 1. 'n fondamentsteen, wat basies geplaas word as die hoeksteen waarop die hoeke en die veiligheid van die gebou rus;
 2. die laaste klip, die finale steun in die muur, die sluitsteen of kliplatei (Sag. 4:7; Ef. 2:20, 21) – in Engels genoem “the cap stone”, in Hebreeus, *rusj* (hoof);
 3. die sluitsteen in die middel van die boogingang wat as stut vir die mure dien.

II. NT-Gebruike

- A. Jesus haal Ps. 118 verskeie kere aan met verwysing na Homself (vgl. Mat. 21:41-46; Mark. 12:10-11; Luk. 20:17).
- B. Paulus gebruik Ps. 118 met verwysing na YHWH se verwerping van 'n ontroue, wederstrewige Israel (vgl. Rom. 9:33).
- C. Paulus gebruik die konsep van 'n sluitsteen of kliplatei in Ef. 2:20-22 met betrekking tot Christus.
- D. Petrus beskou Jesus as die sluitsteen of hoeksteen vir die lewende stene (die gelowiges as die “tempel”, 1 Kor. 6:19), wat op Hom gebou is; Jesus assosieer sterk met die tempel as metafoor (Mark. 14:58; mat. 12:6; Joh. 2:19-20).

Die Jode het die fondament van hulle hoop verwerp toe hulle Jesus as Messias verwerp het.

III. Teologiese Opmerkings

- A. YHWH het Dawid en Salomo toegelaat om 'n tempel te bou met die belofte dat Hy by hulle sal woon en hulle sal seën as hulle die verbond nakom. Andersins kon hulle die verwoesting van die tempel verwag (1 Kon. 9:1-9).
- B. Die Judaïsme van die rabbyne, sonder om toegewyde rabbyne deur veralgemening te na te kom, was toegespits op vormlikheid en ritus sonder om die nodige ag te slaan op die persoonlike aspek van geloof. God verlang na 'n persoonlik daaglikse wandeling met die mens wat Hy na sy beeld geskape het (Gen. 1:26-27). Luk. 20:17-18 spreek van vreesaanjaende oordeel.
- C. Jesus vergelyk sy fisiese liggaam met 'n tempel. Dit brei uit op, en wil bevorderlik wees van, die persoonlike aspek van die verhouding met God. Geloof in Jesus as die Messias is die enkele groot stap tot 'n verhouding met die Onsielike (YHWH).
- D. Verlossing beteken die herstel van die beeld van God in mense sodat vertrouensvriendskap met God weer moontlik word. Die doel van die Christendom is dat die Christusgesindheid in die mens se lewe tot uitdrukking moet kom – hier en nou. Gelowiges moet lewende stene word, gekap na die voorbeeld van Christus, en met Hom ingebou wees in die Nuwe Tempel van God.
- E. Jesus is die fondament van ons geloof en die sluitsteen van ons geloof – die Alfa en die Omega. Hy is egter ook die struikelblok en die rots van aanstoot. Om Hom mis te loop, is om alles te verloor. Hier is geen middeveg nie!

NASB (HERSIENE) TEKS: 8:16-18

¹⁶Bind up the testimony, seal the law among my disciples. ¹⁷And I will wait for the LORD who is hiding His face from the house of Jacob; I will even look eagerly for Him. ¹⁸Behold, I and the children whom the LORD has given me are for signs and wonders in Israel from the LORD of hosts, who dwells on Mount Zion.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 8:16-18.

8:16-18 Hierdie stansa volg uit die aanvang van die hoofstuk (verse 1-2). Hierdie profetiese boodskappe hou goed vir JHWH se getroue dissipels in elke eeu. Daar sal altyd die groep van troue dissipels wees (BDB 541). Met hierdie konnotasie gekoppel aan “onderrig,” “afrig,” en “leer” tree Jesaja uniek na vore as hy van “dissipels” (tweemaal) praat (vgl. 8:16; 50:4).

Na wie word dan in vv 19-22 verwys? Dit kan dui op (1) ongelowige Judeërs (Suidelike Ryk) of (2) ongelowige Israëliete (Noordelike Ryk).

8:16 Jesaja moet

1. eers stilbly (NAV; BDB 864, KB 1058), *Qal-IMPERATIEF*
2. vir hulle self hou (NAV; BDB 367, KB 364), *Qal-IMPERATIEF* (‘n waks-seël aan buitekant);
Metafore om bewaring en veiligheid van dokumente te verseker.

8:17 Jesaja spreek namens die getroue oorblyfsel ten tye van God se strafoordeel. Hulle sal “wag” (BDB 314, KB 313, *Pi’el-PERFEKTUM*), wat “hoop” kan beteken. “geduldig wag,” “verlang na,” wat gewoonlik hoop en wag op God beteken (8:17; 25:9; 26:8; 33:2; 40:31; 51:5; 60:9; 64:4; Sef 3:8). Geloof kom in geduld tot uitdrukking en hoop wanneer onder beproewing die tyd van uitkoms afgewag word.

- **OAV** “wat sy aangesig verberg”
- NAV, CUM-MVB** “wat Hom. . .verberg”
- CUM-NLV** “alhoewel Hy weggedraai het”
- NASB** “the LORD who is hiding His face”

Dit is die metaforiese spreekwyse oor ‘n verbreekte verhouding (vgl. Deut 31:17-18).

- **OAV, CUM-NLV** “op Hóm hoop ek”
- NAV, CUM-MVB** “en op Hom hoop”
- NASB** “I will even look eagerly for Him”

Hierdie WERKWOORD (BDB 875, KB 1082, *Pi’el-PERFEKTUM*) spreek van intense verlange.

1. So is dit met JHWH in 5:2,7
2. Ook die houding van sy dissipels in 25:9; 33:2; 60:9

Hiermee word die persoon tot persoon aspek van geloof beklemtoon. Wat gelowiges waarlik begeer, is die teenwoordigheid van JHWH en nie maar net sy seëninge nie. Dit is immers wat die naam Immanuel wil oordra.

8:18 Hoewel hiermee die 8ste eeuse konteks van Jesaja verstaan moet word, is dit uiteindelik die beste op Jesus van toepassing.

NASB (HERSIENE) TEKS: 8:19-22

¹⁹When they say to you, “Consult the mediums and the spirits who whisper and mutter,” should not a people consult their God? *Should they consult the dead on behalf of the living?* ²⁰To the law and to the testimony! If they do not speak according to this word, it is because they have no dawn. ²¹They will pass through the land hard-pressed and famished, and it will turn out that when they are hungry, they will be enraged and curse their king and their God as they face upward. ²²Then they will look to the earth, and behold, distress and darkness, the gloom of anguish; and they will be driven away into darkness.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 8:19-22.

8:19-22 Hierdie prosagedeelte kontrasteer bygeloof wat mediums en waarsêers opsoek in teenstelling met ware geloof en opsoekende vertroue in JHWH. Die verbod op mediums en waarsêers is in Deut 18:9-11 en Lev 20:26,31 opgeteken.

- 8:19 OAV, NAV, CUM-MVB** “raadpleeg”
- CUM-NLV** “om uit te vind”
- NASB** “Consult”

Hierdie WERKWOORD (BDB 205, KB 233) word twee keer in die vers aangetref.

1. soek, raadpleeg, vra na valse gode (okkultisme), *Qal-IMPERATIEF*
2. soek, raadpleeg, vra na JHWH, *Qal-IMPERFEKTUM*

JHWH se hand was oor Jesaja in 8:11, maar hierdie valse profete spreek uit hu eie verbeelding of demonise beïnvloeding. Wat ‘n kontras is daar nie tussen waarheidsprekers en valse stemme nie? En tog, sondevervalle mense stroom agter valse leermeesters aan!

■ Let op die lys van okkultiese praktyke wat God se volk geabsorbeer het tussen die omringende volke:

1. mediums, die DEELWOORD (BDB 981, KB 1371) se basiese betekenis is om te “vra” of “navraag te doen.” Hier gaan dit om “invra” uit geleedere van die geesteswêreld (hetsy JHWH Jos 9:14 of afgode, Jos 4:12).

Die eerste NAAMWOORD “medium (BDB 15) is ‘n moeilike term om uit te verduidelik. Sommige verstaan die term soos wat dit in Lev 19:31; 20:6,27 gebruik word, naamlik ‘n kuil of graf waar geeste aangelok word, (2) ander weer dink aan ‘n “vaderskapgedagte” waar voorvaderaanbidding aan die orde is. Die LXX vertaal Jes 8:19 met “buiksprekery.” As gevolg hiervan is daar sprake van “mompel” en “spookstem.”(vgl. Jes 29:4). Dit beteken dat met ‘n “ander stem” gepraat word. In alle geval word na aanleiding van 1 Sam 28:7-9 die vermoë om iemand in die grond op te roep of om met dodes of geeste uit die onderwêreld te kommunikeer as, necromansie, of swartkuns verwys.

Die tweede NAAMWOORD “spiritiste” (BDB 396) was ‘n vorm van die Hebreuse WERKWOORD “om te weet.” (BDB 395). Dit dui op iemand wat kennis van die geesteswêreld het of (Vgl Jes 8:19 en 19:3) of kontak het met diegene in die geesteswêreld met kennis (vgl. 9:19; 19:3). 2. ‘n “Towenaars” (Wizards) is manlike persone daarvoor bekend om met die dode te kommunikeer (19:3; Lev 19:31; 20:6, 27; Deut 18:11; 1 Sam 28:3,9; 2 Kon 21:6; 23:24

- a. hulle “fluister”, BDB 861, KB 1050, *Pilpel*-DEELWOORD, vgl. 29:4
- b. hulle “mompel” BDB 211, KB 237, *Hif’il*-DEELWOORD

**8:20 OAV “tot die wet en tot die getuienis”
NAV, CUM- “terug na die wet en getuienis van die HERE”
MVB
CUM-NLV “Gaan terug na wat die HERE gesê het”
NASB “To the law and the testimony”**

Die NRSV- en die REB- vertalings sien hierdie frase as slotdeel van die sin waarmee in vers 19 begin is. God se volk moet Hom opsoek (d.w.s. 19:3; 31:1) én na sy woord en nie hulle na die dode wend vir waarheid en vir lewe nie!

Valse praters beskik nie oor waarheid nie, want hulle beskik oor geen lig nie (“sonder ‘n toekoms,” (vgl. 47:12-13). God het sy boodskap aan sy profete gegee, op skrif (8:1,2,16).

8:21 Al die WERKWOORDE in vers 21 en 22 is ENKELVOUD, vgl. die NJB. Dit dui op die Verbondsvolk. Hulle het na kennis in vals godsdienste gesoek en gewonder hoekom sulke gode geen voorspoed kon bring nie. Vooruitgang is een van die verbondsbeloftes in Deut. 27-28, maar onlosmaaklik verbind aan verbondsgehoorsaamheid!

Uiteindelik, na soveel oordeel in hul boerderybestaan, vgl. v 22; 5:13-17, sal hulle kwaadpraat oor hulle gemeenskapsleiers en hulle vals gode (vgl. die NRSV en die REB wat hierin die LXX volg).

Dit is moontlik dat die “kwaadpraat” ‘n verband het met Eks 22:28 en Lev. 24:15-16. Dit dan sou nog ‘n keer verbreking van verbondsverpligtinge wees. My siening is egter dat die konteks van vv 19-22 dit met valse gode in verband plaas.

8:22 Hierdie vers moet by hoofstuk 9 gereken word. Die konteks is die kontras tussen newelagtige donkerheid en die lig. Let op die parallel in 5:30. Hierdie donkerte was die teenoorgestelde van JHWH se doel met sy skepping aan die begin (Jer 4:23-26,27-28).

JESAJA 9

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Birth and Reign of the Prince of Peace	The Government of the Promised Son	Transitional Verse	A Time of Trouble	Deliverance	'n Seun is gebore
9:1-7	9:1-7 (1-2)	9:1	(8:21-9:1) 9:1a	(8:23b-10:4) 9:1a (1-2)	(8:23-9:1) 9:1
(2-7)	(3-5)	The King 9:2-7 (2-7)	Messianic The Future King 9:1b-7 (2-7)	9:3 (3) 9:4 (4) 9:5-6 (5-6)	9:2-6
God's Anger with Israel's Arrogance	The Punishment of Samaria	Ephraim's Judgment, An Object Lesson for Judah	The LORD Will Punish Israel	Will The Orders of the Northern Kingdom	Die Here spreek sy volk aan
9:8-12 (8-12)	9:8-12 (8-12a) (12b)	9:8-12 (8-12)	9:8-10 9:11-12	9:7-11 (7-11) 9:12-16 (12-16)	9:7-19
9:13-17 (13-17)	9:13-17 (13-17)	9:13-17 (13-17)	9:13-17	9:17-20 (17-20)	(13-15) 9:16-20
9:18-21 (18-21)	9:18-21 (18-21a) (21b)	9:18-21 (18-21)	9:18-10:4		

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

12. Eerste paragraaf
13. Tweede paragraaf
14. Derde paragraaf
15. Ens.

INSIGTE UIT DIE KONTEKS

- A. Hoofstuk 9 is in sterk kontras met met 8:19-22, maar tog verbind met woordspel (bv. Duisternis, skemering teenoor lig)!
- B. Let op die woordspel
1. duisternis (BDB 365), 5:20; 8:22;9:2; 29:18; 42:7; 45:3,7,19; 47:5; 49:9; 58:10; 59:9; 60:2
 2. donkerte, (BDB 66), 8:22; 58:10; 59:9
 3. diepe duisternis, (BDB 8:22; 58:10; 59:9
 4. in ere herstel, (BDB 457, KB 455), Hif'il PERFEKTUM, 8:22, 9:1
 5. 'n Groot lig, BDB 21, BYVOEGLIKE NAAMWOORD, 152, 9:1 (herhaal!)
 6. diep duisternis, (BDB 853), 9:2; kom dikwels voor in Job; Ps 23:4; 44:19; 107:10,14; Jer 2:6; 13:16; Amos 5:8
 7. oor dié ... het 'n lig geskyn, (BDB 618, KB 667) Qal PERFEKTUM 9:2.
Hierdie is kragtige metafore om oordeel en herstel te beskryf. God is lig (vgl. 1 Joh 1:5,7; 2:8,9,10; Openb. 21:22-25)!
- C. In hierdie hoofstukmis daar baie PERFEKTUM WERKWOORDE wat op afgehandelde aksie dui. Dit kan op 'n gebeurtenis in die verlede dui of 'n toekomstige gebeure wat vas staan. Doelbewuste dubbelsinnigheid strook met meervoudige profetiese vervullings. Daarmee was 'n eietydse krisis en 'n toekomsstige krisis aangedui; sowel as eietydse profetiese fokus en 'n toekomstige profetiese fokus (vgl. 7:14).
- D. Dit kom algemeen in profetiese literatuur voor dat omgeswaai word
1. van oordeel na hoop
 2. van duisternis na lig
- God se woord verwys na voorregte, maar daar is ook gevolge. Wees versigtig om nie die aandag net by die een kant te bepaal nie.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 9:1-7

¹But there will be no more gloom for her who is in anguish; in earlier times He treated the land of Zebulon and the land of Naphtali with contempt, but later on He shall make it glorious, by the way of the sea, on the other side of Jordan, Galilee of the Gentiles.

²The people who walk in darkness

Will see a great light

Those who live in a dark land,

The light will shine on them

³You shall multiply the nation

You shall increase their gladness;

They will be glad in Your presence

As with the gladness of harvest

As men rejoice when they divide the spoil

⁴For You shall break the yoke of their burden and the staff on their shoulders,

The rod of the oppressor, as at the battle of Midian

⁵For every boot of the booted warrior in the *battle* tumult

And cloak rolled in blood, will be for burning, fuel for the fire.

⁶For a child will be born for us, a son will be given to us

And the government will rest on his shoulders

And His name will be called Wonderful Counsellor, Mighty God,

Eternal Father, Prince of Peace.

⁷There will be no end to the increase of His government or of peace,

On the throne of David and over his kingdom,

To establish it and to uphold it for justice and righteousness

From then on and forevermore.

The zeal of the LORD of hosts will accomplish this

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 9:1-7.

9:1	OAV	“want nie langer. . .donker”
	NAV	“nie langer donkerte”
	CUM-MVB	“in die skadu van die dood”
	CUM-NLV	“waaroor die dood ‘n skadu gegooi het”
	NASB	“no more gloom”

Die MT het drie en twintig verse in hoofstuk 8, maar die LXX het vers 23 die eerste vers van hoofstuk 9 gemaak.

Die term “donkerte/gloom” (BDB 734) verskyn slegs in vers 8:22 en 8:23 (9:1). Dit dien as skakel tussen hierdie kontekste. Dit is moeilik om te weet waar die een profesie eindig en waar die opvolgende een begin. Wees maar versigtig dat modern hoostukindeling, opskrifte en paragraafindeling nie veroorsaak dat u die verband tussen die temas miskyk nie! ‘n Redakteur (of Jesaja self of van sy volgelinge) het sy preke, uitsprake en gedigte in ‘n bundel saamgevat. Soms is die enigste aanduiding van oorgange woorde-spel, of ‘n historiese verandering of eskatologiese kontekste.

Die woordjie “nie” kan die afsluiting wees van die vorige konteks, of as ‘n mens dit “nie meer” maak, dien dit as aanvang van die volgende konteks.

- ▣ **OAV** “wat woon in die land van doodskaduwee”
- NAV** “oor dié wat in die donker land was”
- CUM-MVB** ”dié wat. . .in die skadu van die dood was”
- CUM-NLV** “almal. . .waaroor die dood ’n skadu gegooi het”
- NASB** “for her who was in anguish”

Die voornaamwoord “her” (NASB) dui waarskynlik op “land” (BDB 75, *arets*). Omdat twee van die noordelike stamme spesifiek genoem word, moet dit (1) op die noordelike stamme dui of (2) die verbondsvolk as geheel.

- 9:1,3 OAV, NAV, CUM-MVB** “U. . .u. . .U”
CUM-NLV “God. . .Hy”
NASB “He. . .He. . .You. . .You”

Die vertalers van die NASB (en die Afrikaanse vertalings) skryf die VOORNAAMWOORDE met hoofletter omdat die optrede van God daarmee veronderstel word.

- ▣ **OAV, CUM-NLV** “die land Sebulon en die land Naftali” (8:23)
- NAV, CUM-MVB** “die gebiede Sebulon en Naftali” (8:23)
- NASB** “the land of Zebulon and the land of Naphtali” (9:1)

Daar bestaan ‘n groot kontras tussen 8:19-22 en 9:1vv. Moontlik het hierdie twee aangeduide stamgebiede erg onder Tiglat-Pileser III in 732 vC. deurgeloopt (d.w.s. *Pul* vgl. 2 Kon 15:29). Niemand het was iets goeds uit die gebied te wagte nie. Daarmee was die grondslag gelê vir die bediening van Jesus wat in Galilea begin het (later sou Hy dit “tot eer” bring, vgl. Mat 4:12-17).

Omrede die stuk woestyn tussen Mesopotamië en Kanaän moes die leërafdelings teen die Eufraatrivier opbeweeg na sy oorsprong en daarvandaan afbeweeg na die kusvlakte toe. Gevolglik het hulle Sebulon en Naftali uit die noorde binnegeval en die gebiede (ingesluit die stad Dan) die eerste om daaronder te ly.

- ▣ **OAV** “die oorkant van die Jordaan, die streek van die heidene” (8:23)
- NAV, CUM-MVB** “Galilea. . .die Jordaanstreek, die gebied van die heidene” (8:23)
- CUM-NLV** “Galilea van die heidene” (8:23)
- NASB** “Galilee of the Gentiles” (9:1)

Letterlik beteken dit die “kring van die nasies” (BDB 165 II KONSTRUKTUS BDB 156) vgl. **9:3**.

Die woord hier vir “heidene” (*goj*) was gewoonweg vir “nasies” in gebruik (BDB 156, vgl. 9:3). Soms is dit ook van Israel self gebruik (vgl. Gen 12:2; 18:18; Eks 19:6; Jes 1:4).

In Jesus se tyd het dit die Galilese Jodendom op die oog gehad of die heidendom wat reeds op die universele karakter van die Messias se bediening gedui het; wat pas by Jesaja se insluiting van die nasies.

- 9:2 OAV, NAV, CUM-MVB** “het ‘n groot lig gesien” (9:1)
CUM-NLV “sal ‘n groot lig sien” (9:1)
NASB “Will see a great light”

Lig dui metafories die teenwoordigheid van JHWH aan (vgl. Deut 33:2; Hab 3:3; Openb 21:22-24). In hierdie geval, is lig metaforiese aanduiding van die evangelie (vgl. Jes 42:6; 49:6; 51:4; 60:1,3).

Niemand het ver wag dat die Messias ook die “nie-so-reg” Galileërs sou bedien nie. Hierdie vers is ‘n verrassende profesie oor die gebied van Jesus se bediening! Niemand het dit verwag dat “Galilea van die heidene” die plek sou wees waar die “goeie nuus” eerste verkondig sou word nie!

- 9:2 OAV** “U het die nasie vermenigvuldig”
NAV, CUM-MVB “U het dié wat nie meer ‘n nasie was nie, baie gemaak”
CUM-NLV “Israel sal weer groot wees”
NASB “You shall multiply the nation”

Hierdie WERKWOORD (BDB 915, KB 1176, Hif’il PERFECTUM) mag dui op JHWH se aanvanklike belofte om Abraham se nageslag baie te maak.

1. soos sterre aan die nagemel (Gen 15:5; 26:4; deut 10:22; 28:62)
2. sand aan die seestrand (Gen 22:17; 32:12)
3. stof van die aarde (Gen 13:16; 28:14; Num 23:10)

- ▣ **OAV** “hulle vreugde groot gemaak”

NAV, CUM-MVB “hulle blydschap groot gemaak”
CUM-NLV “en sy mense sal bly wees”
NASB “You shall increase their gladness”

In die MT (*Ketif*) verskyn ‘n negatiewe woord nl. “nie,” (BDB 518) maar in die kantaantekeninge stel die Masoretiese Redakteurs (*Qere*, dws hoe dit gelees moet word – vert.) die VOORNAAMWOORD “hom” voor. Op 14 ander plekke stel MT dieselfde verandering voor. Die LXX gebruik ook “hom.” Die NASB vertaal die woord egter as “their” en die Afrikaanse vertalings met “hulle.”

Die NAAMWOORD “blydschap” (BDB 970) kom twee keer in die vers voor, (moontlik ook in vers 17). ‘n Verwante WERKWOORD “bly wees/” vrolik wees” (CUM-NLV en OAV) vgl. BDB 162, KB 189, Qal IMPERFEKTUM kom ook voor. Die voorkom van ‘n WERKWOORD-vorm vir “blydschap” in hierdie vers (PERFEKTUM, Qal, BDB 970, KB 1333) laat dink dat Jesaja hierdie gedagte sterk beklemtoon!

Die volk is verheug oor JHWH (uitgespreek Jahweh) se teenwoordigheid. Die God van die Verbond (Immanuel) is teenwoordig by sy mense! Metafories word die blydschap op twee maniere vergelyk met

1. oesinsameling
2. verdeling van oorlogs buit.

9:4-5 Danksy JHWH se teenwoordigheid (heilige oorlog)

1. sal die juk op hulle nek verbreek word; d.w.s. van vreemde oorheersing vgl. Jer 28:2; Eseg 34:27)
2. die stok/sweep... geslaan is (NAV/CUM-NLV)
3. die roede van hulle drywer (OAV); die simbole van hulle verdrukker (vgl. 10:27).

Dieselfde WERKWOORD “verbreek” is op al drie opmerkings van toepassing (vgl. BDB 369, KB 365; Hif’il PERFEKTUM, vgl. 7:8; 8:9 waar dit drie keer voorkom)

Soos wat Gideon, God se verteenwoordiger, die Midianiete verslaan het, so sal sy instrument, Babilon, die oorheersing van Assirië oor Kanaän verbreek (terwille van die nageslag van Abraham, die Messias wat beloop is).

■ **OAV** “het U verbreek soos op die dag van Midian”
NAV, CUM-MVB “die dag toe Midian verslaan is”
CUM-NLV “net soos op die dag toe Hy Midian verslaan het”
NASB “as at the battle of Midian”
 Sien 10:26 en Rigters 6-8.

9:5(4) Die vyande van die verbondsvolk sal verslaan word en hulle klere en skoene sal vir vuurmaakgoed gebruik word. Dit die n as metafoor om ‘n algehele oorwinning te tipeer. Heelwat tekste verwys na vernietiging van die vyande se wapentoeusting omrede sy volk se vertroue op die Here, hulle sekuriteit berus op Hom en sy verbondsbeloftes. Dat hulle militêre toepaarding afgevat het, is nie ‘n bron van sekuriteit nie (Ps 46:9; 76:3; Hos 2:18).

Die Goddelike Stryder veg weer vir sy volk. Verse 3- 4 is die onweerlegbare voorbeeld.

9:6-7 Die NKJV beskou hierdie twee verse as ‘n alleenstaande paragraaf, soos ook die Afrikaanse vertalings NAV en CUM-MVB!

Verse 5/6 beskryf hierdie besondere kind Immanuel.

1. ‘n besondere kind uit die nageslag van Dawid kom in sig, bestem om ‘n besondere regeerder te wees (vgl. 2 Sam 7)
2. in sy naam word sy Goddelike aard weerspieël
 - a. Wonderbare Raadsman (NAV); Wonderbaar, Raadsman (OAV, voetnoot CUM-NLV)
 - b. Magtige God/ sterke God (NAV, OAV)
 - c. Ewige Vader (NAV, CUMs, OAV)
 - d. Vredevors

Dit is moontlik dat die eerste twee in #a. afsonderlik opgevat moet word (vgl. OAV, CUM-NLV). Die orige 3 is tweewoord verbindings, wat 5 troonname uitmaak soos toegeken aan elke Egiptiese farao tydens troonsbestyging.

Daar is vier saamgestelde titels. Wanneer die afstammeling die troon bestyg, word dit sy bykomende name. Godheid moenie outomaties aan “Immanuel” (7:14; 8:8-10) en “Magtige God” (9:6) gekoppel word nie, want daarmee word ‘n koninklike ideaal aangedui. Die gedagte was dat die nuwe Dawidiese troonopvolger iets van ‘n goddelike karakter sal openbaar. Dit moet in ag geneem word dat hierdie titels in verband staan met goeie regering, militêre mag, herderlik sorgsame optrede, en hoë standaard van regering. Die Godheid van die Messias word impliseer, alhoewel nie aanvanklik in Dan. 7:14 en Jer 32:18 nie. Ons moet in ag neem dat die Jode nie verwag het dat JHWH Hom fisies in die Messias sou openbaar nie omrede Israel se groot klem op monoteïsme! Vir streng monoteïstiese denke skeep die Godheid van Jesus en van die Heilige Gees inderdaad ‘n probleem. (Sien Eks 8:10; 9:14; Deut 4: 35,39; Jes 40:18, 25; 46:5). Slegs Voortgaande Openbaring bring dié waarheid aan die lig (Joh 1:1-14; Fil 2:6; Heb 1:2-3)! As die NT waar is, dan moet die OT se klem op monoteïsme genuanseerd opgevat word (d.w.s. een Goddelike Wese wat in 3 ewige manifestasies tor openbaring kom). Inherent, meerduidige betekenis (hiperbool) van die OT kom in die NT in ‘n meer letterlike verstaan tot uiting! Netsoos die profesieë oor die geografiese en nasionale Israel in ‘n universele lig te staan gekom het om die “nasies” in te sluit.

Sien Vir Spesiale Aandag by 1:3. Dis hoe Gen 3:15 opgevat en opgesom word in Joh 3:16; 4:42; 1 Tim 2:4; Tit 2:11; 2 Pet 3:9; 1 Joh 2:1; 4:14).

Vers 7 (6) beskryf hierdie koning se regering

1. as ewig en wêreldwyd van omvang (Mig 5:4)
2. as ewige en wêreldwye vrede (Mig 5:5a)
3. as voortsetting van die Dawidiese troonlinie (16:15; 2 Sam 7)
4. wat regt en geregtigheid vir ewig tot stand sal bring (soms word die twee NAAMWOORDE saam gebruik soos in 32:16 en 33:5 en 59:14)
5. die ywer/ onverdeelde trou/toewyding (NAV, CUM-NLV) van JHWH is waarborg hiervoor!

Vers 7 klink inderdaad na ewige heerskappy (vgl. Dan 2:44; 4:3,34; 6:26; 7:13-14:27; Eseg 37:25; Mig 4:7; 5:4; 2 Pet 1:11) en nie 'n "duisendjarige vrederyk" nie (Sien my notas in die Kommentaar op Openbaring, (Crucial Introduction) en die Inleiding tot hoofstuk 20 (Openbaring) in www.freebiblecommentary.org). Hierdie belofte is die kern van die konsep oor 'n Nuwe Era van die heilige Gees! Dit dien as boodskap van algehele omkeer van die sondeval! Dit is die volkome herstel van van God se ideal (die vertrouensvriendskap van die tuin van Eden).

NASB (HERSIENE) TEKS: 9:8-12

**⁸The Lord sends a message against Jacob
And it falls on Israel.
⁹And all the people know it
That is, Ephraim and the inhabitants of Samaria
Asserting in pride and in arrogance of heart:
¹⁰The bricks have fallen down, but we will rebuild with smooth stones;
The sycamores have been cut down
But we will replace them with cedars
¹¹Therefore the LORD raises against them adversaries from Rezin
And spurs their enemies on,
¹²The Arameans on the east and the Philistines on the west;
And they devour Israel with gaping jaws.
In spite of all this, His anger does not turn away
And His hand is still stretched out.**

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 9:8-12.

9:8-12 (7-11) God het 'n duidelike boodskap tot die Noordelike Tien Stamme gerig, wat hulle verstaan het (v 8b), nogtans was hulle reaksie onaanvaarbaar.

1. Hulle het in hooghartigheid volhard (BDB 144) en met hulle aanmatiging (BB 152)
 - a. hulle sal na afloop van God se oordeel dinge selfs beter herstel (v 10)
 - b. aanplantings na sy oordeel sal selfs beter gedoen word (v 10)
2. JHWH wek Sirië en die Filistyne op (BDB 960, KB 1305, Pi'el IMPERFEKTUM) en por hulle aan (BDB 1127, Pilpel IMPERFEKTUM – kom net in hierdie vers voor, maar moontlik ook in 19:2).
3. Intussen bly JHWH egter verontwaardig (vgl. vv 12, 17, 21)
 - a. sy torn is nie afgewend nie
 - b. sy Hand bly uitgestrek (vgl. OAV)

**9:8-9(7-8) OAV, NAV, CUMs "Israel. . .Efraim. . .Samaria"
NASB "Israel. . .Ephraim. . .Samaria"**

Is die benaminge vir die Noordelike Tien Stamme na die verdeling van die Ryk in 922 v.C.

NASB (HERSIENE) TEKS: 9:13-17

**¹³Yet the people do not turn back to Him who struck them,
Nor do they seek the LORD of hosts.
¹⁴So the Lord cuts off head and tail from Israel
Both palm branch and bulrush in a single day.
¹⁵the head is the elder and honorable man,
And the prophet who teaches falsehood is the tail.
¹⁶For those who guide this people are leading them astray;
And those who are guided by them are brought to confusion.
¹⁷Therefore the Lord does not take pleasure in their young men,
Nor does he have pity on their orphans and their widows;
For everyone of them is godless and an evildoer,
And every mouth is speaking foolishness
In spite of all this, His anger does not turn away
And His hand is still stretched out.**

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 9:13-17.

9:13-17 JHWH se volgehoue toorn, is te wyte aan die versuim van Israel om te reageer.

1. hulle draai nie terug nie (d.w.s geen bekering nie, letterlik "omdraai," BDB 996, KB 1427; Qal PERFEKTUM)

2. Hulle soek nie na die Here van die leërskaer nie (BDB 205, KB 233; Qal PERFECTUM).

Daarom word hulle geheel en al vernietig (“kop,” die leiers en koning se gunsteling/vername mense [NAV/CUM-MVB]en die “stert,” profete wat leuens verkondig, [NAV], want hulle lei die volk op dwaalweë (BDB 1073, KB 1766, Hif ‘il DEELWOORD). Hulle sal “opgesluk word” word (BDB 118, KB 134, Pual DEELWOORD). Jesus verwys na hierdie soort leier in Mat. 15:14; 23: 16:24. As jou lig duisternis geword het, hoe erg is so ‘n donkerte nie!

Hy het “geen genade nie,” (CUM-NLV) vir of “vreugde oor,” (vgl. die NRSV en Masorete Teks)

1. die jongmanne nie (17/16)
2. die weeskinders (17/16) en
3. die weduwees (17/16) nie!

Onder gewone omstandighede tree JHWH as beskermmer van diesulkes op (vgl. Deut 10:18), maar nou is hulle onder oordeel saam met die wederstrewige volk as geheel.

Want hulle is almal

1. godloos (NAV, v 16; BDB 338)
2. kwaaddoeners (NAV v16; BDB 949, KB 1269, Hif ‘il DEELWOORD)
3. hulle lieg (OAV, BDB 615).

Verse 8-21/ 9:7-10:4 vorm ‘n eenheid omrede die herhaling van die frase “sy hand bly uitgesteek teen hulle”(vgl. NAV; CUM-NLV: “ Sy vuus is nog reg om te slaan”). NASB: vv 12c, d; 17e,f en 21c,d. Waarskynlik loop die konteks dan deur tot by 10:4 waar die frase herhaal word. Dus, wees versigtig met die hoofstuk- en versindelings, dit is nie soos wat die oorspronklike teks daar uitgesien het nie en is nie geïnspireerd nie!

9:16(15)	OAV, CUM-NLV	“is op ‘n dwaalweg gebring”
	NAV, CUM-MVB	“en dié wat gelei moes word, verwar”
	NASB	“brought to confusion”
	NKJV	“are destroyed”
	NRSV	“were left in confusion”
	TEV	“totally confused them”
	NJB	“are swallowed up”
	LXX	“devour them”
	Pesjitta	“to sink low”
	REB	“are engulfed”

Die Hebreëuse woordstam (BDB 118, KB 134) beteken basies “om af te sluk.” (vgl. 25:7,8; 28:4; 49:19), maar daar is ander moontlike woordstamme

1. om ‘n aankondiging te doen (KB 135 II, vgl. spr 19:28)
2. om te verwar (KB 135 III, vgl. Spr 3:12; 19:3; 28:7) weens te veel wyn (NASB)

Aangesien konteks ‘n woord se betekenis bepaal, pas “verwarring” die beste in die opset van die parallelisme en moet ons nie ‘n woordeboek blindelings volg nie.

9:17(16)	OAV	“en hom nie ontferm oor hul weduwees en wese nie”
	NAV, CUM-MVB	“sal Hy nie langer barmhartig wees oor die volk se weduwees en weeskinders nie”
	CUM-NLV	“het Hy geen genade selfs vir die weeskinders en weduwees nie”
	NASB	“nor does He have pity on their orphans or their widows”

Hierdie is ‘n uiterste toonbeeld daarvan dat die Here Hom van die volk weggedraai het. Dit is die absoluut teenoorgestelde van wat God se beloftes in Deuteronomium was.

NASB (HERSIENE) TEKS: 9:18-21

¹⁸For wickedness burns like a fire;
It consumes briars and thorns
It even set the thickets of the forest aflame
And they role upward in a column of smoke
¹⁹By the fury of the LORD of hosts the land is burned up,
And the people are like fuel for the fire;
No man spares his brother.
²⁰They slice off what is on the right hand but are still hungry,
And they eat what is on the left hand but they are not satisfied
Each of them eats the flesh of his own arm.
²¹Manasseh devours Ephraim and Ephraim Manasseh,
And together they are against Judah
In spite of all this, His anger does not turn away
And His hand is still stretched out.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 9:18-21.

9:18-21(20) Hierdie verse beskryf die oordeel van God oor die Noordelike Stamme. Die oordeel word voorgestel as ‘n vuur wat die landskap verteer. (Sien *Vir Spesiale Aandag: Vuur* by 1:31. Selfs die bevolking is brandstof vir die vuur!

Die kwaadwilligheid van die bevolking word beskryf as

1. geeneen ontsien 'n broer nie
2. hulle steel, maar bly steeds honger
3. eet, maar sonder versadiging (selfs hulle eie liggame, 19:9; die Targoems vertaal dit met “medemens” en die JPSOA met “bloedverwante.”

God se Verbondsvolk het onderling teen mekaar gedraai.

9:18 OAV, NAV, CUM-MVB “die goddeloosheid brand soos ‘n vuur”
CUM-NLV “hulle boosheid is soos ‘n veldbrand”
NASB “wickedness burns like a fire”

Interessant is dit hoe vuur in 'n positiewe en negatiewe sin gebruik word!

1. In hierdie vers negatief (boosheid)
2. In positiewe sin, sien 62:1. Konteks, oftewel teksverband, bepaal die betekenis van woorde. Waak daarteen om bybelse woorde volgens 'n onveranderlike, vooraf definisie te interpreteer.

JESAJA 10

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Assyria is God's Instrument	The Punishment of Samaria	Ephraim's Judgment And Object Lesson for Judah	The LORD will Punish Israel	The Ordeals of the Northern Kingdom	Die Here spreek sy volk aan
10:1-4	(9:8-10:4 10:1-4 (1-4)	(9:8-10:4 10:1-4	(9:8-10:4) 10:1-4	(9:7-10:4) 10:1-4	(9:7-10:4) 10:1-4
10:5-11 (5-11)	Arrogant Assyria, also Judged	Woe, O Assyria!	The Emperor of Assyria As the Instrument of God	Against the King of Assyria	Teen Assirië
10:12-14 (13-14)	10:12-14 (13-14)	10:12-14 (13-14)	10:5-6 10:7-11 10:12 10:13-14	10:5-11 (5-11) 10:12-14 (13-14)	10:5-19
10:15-19 (15-19)	10:15-19 (15-19)	10:15-19 (15-19)	10:15 10:16-19	10:15-19 (15-19)	
A Remnant Will Return	The Returning Remnant of Israel	Only a Remnant Will Return	A Few Will Come Back	The Little Remnant	Die oorblyfsel van Israel sal terugkom
10:20-23 (21-22)	10:20-23 (20-23)	10:20-23 Oracle of Promise	10:20-23 8:18 The LORD Will Punish Assyria	10:20-23 (20-23) Trust in God	10:20-27
10:24-27	10:24-27 (27)	10:24-27a The Approach fo the Assyrians	10:24-27 The Invader Attacks	10:24-27 (24b-27) The Invasion	Opmars en vernietiging van die Assiriërs
10:28-32 (28-32)	10:28-32 (28-32)	The LORD, the Forester, Will Cut Down Assyria	10:28-32	10:28-34 (28-34)	10:28-34
10:33-34 (33-34)	10:33-34 (33-34)	10:33-34 (33-34)	10:33-34		

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 10:1-4

¹Woe to these who enact evil statutes
 And those who constantly record unjust decisions
²So as to deprive the needy of justice
 And rob the poor of of My people of *their rights*
 So that widows may be their spoil
 And that they may plunder the orphans.
³Now what will you do in the day of punishment,
 And in the devastation which will come from afar?
 To whom will you flee for help?
 And where will you leave your wealth?
⁴Nothing *remains* but to crouch among the captives
 Or fall among the slain.
 In spite of this, His anger does not turn away
 And His hand is still stretched out.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 10:1-4.

10:1 OAV “Wee”
 NAV, CUM-MVB “Ellende wag”
 CUM-NLV “Verwoesting wag”
 NASB “Woe”

Hierdie TUSSENWERPSEL (BDB 222) kom dikwels in Jesaja en jeremia voor. In die hersiene uitgawe van die NASB, 1995, word

1. “also”(1:4; 17:12) gebruik, ook
2. “ah” (1:24),
3. “woe” (5:8,11,18,20,21; 10:1-5; 18:1; 28:1; 29:1,5; 30:1; 31:1; 45:9,10; 55:1 as ellende uitroep!), en
4. “ho,” in 55:1 en moontlik in 10:5 – Jes 55:1, “O” !

Dit is uitroep van angs en pyn, vgl. #4 en OAV. ‘n Ander uitroep (TUSSENWERPSEL – BDB 17) wat met “wee” vertaal word en wat aan spyt en wanhoop uitdrukking gee, kom in 3:9,11; 6:5; 24:16 voor (en 8 keer in Jeremia).

■ Die parallelle soos in vers 1a en b verbind die wetgewers, wat slegte wette maak , en die regters wat dit uitvoer, vgl. 5:23. Die leidende figure in Israel het doelbewus die Mosaïse Wet verontagsaam wat immers die sosiaal uitgestotenes en ontmagtigdes in beskerming geneem het (vgl. v 2; 1:17, 23; 3:14,15; 11:4; Deut 16:19; 24:17; 27:19; Spr 17:23; 18:5; Amos 4:1; 5:12) .

10:2 So omvergewerp was orde dat juis diegene wat JHWH wou bekerm (weduwees en weeskinders) uitgebuit en beroof is.

10:3 Hierdie uitbuiters loop hulle vas teen ‘n reeks indringende vrae. Een of ander tyd, hetsy aanstons of eskatologies (eindtyd) sal die Skepper, almal wat na sy beeld geskape is, oproep om rekenskap te gee oor wat hulle gemaak het met die gawe van die lewe (vgl. v 4)! JHWH is wesenlik moreel, eties, ‘n genadige God en Hy soek hierdie karaktertrekke in sy Bondsvolk sodat die nasies dit mag weet en hulle tot om inkeer! Israel het ‘n vals boodskap aan die wêreld vertoon.

10:4 OAV “maar sy hand is nog uitgestrek”
 NAV, CUM-MVB “Sy hand bly uitgesteek teen hulle”
 CUM-NLV “Sy vuus is nog reg om te slaan”
 NASB “His hand is still stretched out”

Dit is ‘n frase wat by herhaling in hierdie literêre eenheid voorkom (vgl. 9:12,17,21 – Afr. vv 11, 16, 20—vert.). Op ‘n mensvormige/-gelyke wyse spreek God sy onverbiddelike oordeel uit.

NASB (HERSIENE) TEKS: 10:5-11

⁵Woe to Assyria, the rod of My anger
 And the staff in whose hands is My indignation,
⁶I send a godless nation
 And commission it against the people of My fury
 To capture booty and to seize plunder,
 And to trample them down like mud in the streets.
⁷Yet it does not so intend,
 Nor does it plan so in its heart,

But rather it is its purpose to destroy

And to cut off many nations.

⁸For it says, “Are not my princes all kings?”

⁹Is not Calno like Carchemish,

Or Hamath like Arpad,

Or Samaria like Damascus?

¹⁰As my hand has reached to the kingdoms of idols,

Whose graven images were greater than those of Jerusalem and Samaria,

¹¹Shall I not do to Jerusalem and her images

Just as I have done to Samaria and her idols?”

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 10:5-11.

10:5-19 Hierdie gedeelte vorm ‘n literêre eenheid met verwysing na God se handelwyse met Assirië as nasie. Hulle was die wreedste nasie in die Ou Nabye Ooste. Hulle het brutal omgegaan met groepe gevangenes. JHWH sou hierdie boosaardige, heidennasie gebruik om sy doel te bereik (vgl. v 5b; 6b; soos Hab 1:12-17 wat vra na God se doel met die Babiloniese ballingskap). Terwyl God hou by sy Raadsplan, gebruik Hy ook die bose vir daardie doel (bv. Satan, demone, gevalle engele, slegte koninkryke), maar Hy bestuur hulle vir sy groter doel (vgl. Job 12:23; Ps 47:7-8; 66:7; Dan 2:21; Han 17:26; naamlik sy verlossingsplan vir die wêreld! Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:3).

Hoewel boosheid ook sal maai wat hy saai wat betref sy optrede. Daar kom ‘n dag van oordeel ook vir hulle (vgl. Deut 32:34-43; Jes 14: 24-27; 30:27-33; 31:5-9). Wat Assirië aan ander gedoen het, sou deur Babilonië aan hulle gedoen word (vgl. 13:5).

10:5 OAV “Wee Assur! Die roede van my toorn en ‘n stok is hy—”
NAV, CUM-MVB “Ellende wag vir Assirië. . .die stok waarmee Ek sal straf”
CUM-NLV “Verwoesting wag vir Assirië, die sweep waarmee Ek straf”
NASB “Woe to Assyria rod of My anger”

Die werktuig in God se hand om sy volk omrede hulle wederstrewigheid te straf, was die wrede nasie van Assirië (vgl. 7:17; 8:7). Tog bly dié nasie verantwoordelik vir sy dade (vgl. 10: 24-27). Die arrogansie van Assirië blyk duidelik in 8:11-12.

10:6 OAV “‘n roekelose nasie. . .teen die volk van my grimmigheid”
NAV, CUM-MVB “die godlose nasie. . .teen die volk vir wie Ek kwaad is”
CUM-NLV “sal slawe kom maak van hierdie goddelose klomp mense”
NASB “a godless nation. . .the people of My fury”

Waarlik onbegryplik! Hier word die volk Israel bedoel (vgl. 9:17,19)! Dieselfde frase kom in verband met Israel voor in 19:17; 32:6. ‘n Verskriklike ironie! Dat die verbondsvolk as goddeloos beskou word in dieselfde trant as die moreel-goddelose Assirië!

▣ **OAV “om buit te maak en roof in te samel”**
NAV, CUM-MVB “om hulle te beroof en te plunder”
CUM-NLV “hulle sal kom plunder”
NASB “To capture booty and to seize plunder”

Soos wat vers 21 ‘n verwysing is na die naam van Jesaja se eerste seun (7:3) , kom die simboliese naam van sy tweede seun hier ter sprake (8:1,3).

10:7 OAV “Maar hy bedoel dit nie so nie, En sy hart dink nie so nie”
NAV, CUM-MVB “Maar dit is nie wat Assirië in gedagte het nie, ook nie wat hy beplan nie”
CUM-NLV “Maar die koning van Assirië sal nie weet. . .hy sal dink”
NASB “Yet it does not so intend Nor does it plan so in its heart”

Assirië het nie geweet dat God sy dade rig vir sy doel nie. Assirië was net maar op die maak van meer en meer buit ingestel.

- Die doel JHWH met die koning van Assirië blyk uit ‘n reeks Qal INFINITIEWE CONSTRUCTUS gerig teen Israel (vers 6):
 - maak van buit (BDB 1021, KB 1531)
 - gryp van plunderbare goed (BDB 102, KB 117)
 - vertrapping van mense (WERKWOORDVORM BDB 962, KB 1321; NAAMWOORD BDB 942)
- Die doel van die koning van Assirië kom tot uitdrukking in twee Hif'il INFINITIVUS CONSTRUCTUS.
 - om te verwoes (BDB 1029, KB 1552)
 - om uit te roei (BDB 503, KB 500 – OAV,NAV).

10:8-11 Wat die koning van Assirië dink, kom tot uiting in hierdie verse (“voor Sargon se aanslag spog”, vgl. TEV).

- Al sy militêre leiers is konings (NRSV, TEV, NJB, REB, Pesjitta), v 8.
- sy leër (hetsy Tiglat Pileser III of moontlik Sanherib het in 701 vC. talle stede en nasies oorkant die Eufraat (ingesluit hulle gode) verslaan (v 9)

- a. Kalno, ‘n stad in noord-Sirië val in 742 vC. (Amos 6:2); alle datums hier is by benadering)
 - b. Karkemis, vernaamste Hetitte vesting vorm in 738 vC. ‘n koalisie met Assirië
 - c. Hamat, op die noordelike grens van Israel , langs die Orontes-rivier, val in 738 vC.
 - d. Arpad, ‘n stad in die noord-weste van Sirië val in 741 vC.
 - e. Samaria (hoofstad van Israel) val in 722 vC. Voor sargon II
 - f. Damaskus (hoofstad van Sirië) val in 732 vC.
3. hy dreig om Jerusalem met gode en al soos Samaria te vernietig, v 11. Hy het geen besef gehad van die verskil tussen afgode (vgl. 2:8) en die JHWH- aanbidding nie.

‘n Enkele opmerking oor die Assiriese inval is nog nodig. Die vermelding van stadname geskied volgens ‘n tradisionele invalsoete in die koninkryke van die Ou Nabye Ooste. Omrede die woestyng gebied, moes die invallers eers na die oorsprong van die Eufraat opbeweeg en vandaar suidwaarts na die kusvlakte afdal. Daarom is die beleg van Jerusalem deur sanherib in 701 vC. moeilik om te verklaar omdat dit uit die suide geskied het. Die val van die genoemde stede wat onder Tiglat-Pliseser III (oftewel Pul) plaasgevind het, moet, volgens my mening, as ‘n “idealisering” van die “noordelike roete” beskou word.

10:11 OAV “afgode”
NAV, CUMs “gode”
NASB “images”

‘n Baie interessante woord (BDB 47)! Wat betekenis betref, is dit onseker, maar dit word soos “Elohim” gespel, wat geleerdes laat dink het dit dui op swak en nie-bestaande afgode (vgl. NIDOTTE , vol. 1, bl. 411). Monoteïsme is uniek aan die geloof van Israel. Daar is ander geestelike wesens, maar slegs een ware God (vgl. Deut 4:35,39; 6:8; 32:39; Jes 43: 9-11; 45:21-22; Jer 2:11; 5:7,10; Rom 3:30; 1 Kor 8:4,6; 1Tim 2:5; Jak 2:19). Afgodsbeelde verteenwoordig niks nie, behalwe die vals hoop en vrese (bygeloof) van ‘n gevalle mensdom. Hulle besef dat daar ‘n groter werklikheid as die fisiese wêreld is, maar hulle is nie in staat om geestelike waarheid, naamlik openbaring, te begryp nie.

NASB (HERSIENE) TEKS: 10:12-14

¹²So it will be that when the lord has completed all His work on Mount Zion and on Jerusalem, He will say, “I will punish the arrogant heart of the king of Assyria and the pomp of his haughtiness.”

¹³For he has said,

“By the power of my hand and by my wisdom I did *this*,

For I have understanding;

And I removed the boundaries of the peoples

And plundered their treasures,

And like a mighty man I brought down *their* inhabitants

¹⁴And my hands reached to the riches of the peoples like a nest,

And as one gathers abandoned eggs, I gathered all the earth;

And there was not one that flapped its wing or opened its beak or chirped”

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 10:12-14.

10:12-14 JHWH bevestig sy beheer oor Assirië, en met name, haar oorwinnings. Hy sal die koning van Assirië in oordeel bring omrede

1. sy hooghartige houding
2. die hoogmoedige blik in sy oë

Die Assiriese koning lewer ‘n reeks van selfvoldane uitsprake wat baie klink soos Assiriese dokumente juis van daardie tyd (vgl. 12-14). Sien i.d.v *The IVP Bible Background Commentary OT*, bl. 599)

1. Deur die mag waaroor hy beskik
2. deur sy groot wysheid!

Hy het die nasies aan die westekant van die Eufraat beroof soos wat ‘n mens ‘n voël nes uithaal.

10:13 OAV “soos ‘n maghebber”
NAV, CUM-MVB “met my mag”
CUM-NLV “deur my eie krag”
NASB “like a mighty man”
NKJV “like a valiant man”
NRSV, TEV, REB “like a bull”
NJB “like a hero”

Die BYVOEGLIKE NAAMWOORD se betekenis (BDB 7) kan basies “sterk” beteken en dui op

1. ‘n magtige/ geweldadige man (Job 24:22; 34:20; Jer 46:15; Klaagl 1:15)
2. ‘n hardkoppigheid (Jes 46:12; NAV)
3. engele, Ps 78:25
4. diere
 - a. bulle, Jes 10:13 (‘n sinspeling op die gevlerkte bul alkant op die Ishtar-poort as simbool van Assirië; vgl. Ps 22:13; 68:30; Jes 34:7)

b. perde; Rig 5:22; Jer 8:16; 47:3; 50:11.

10:14 Voël-metafore word dikwels gebruik om JHWH se beskerming en sorg te kommunikeer (Eks 19:4; Deut 32:11; Rut 2:12; Jes 31:5; Mat 23:37; Luk 13:34), maar hier word die beeld omgekeer. God het sy beskerming aan die situasie onttrek.

NASB (HERSIENE) TEKS: 10:15-19

¹⁵Is the axe to boast itself over the one who chops with it?

Is the saw to exalt itself over the the one who wields it?

That would be like a club wielding those who lift it,

Or a rod lifting him who is not wood.

¹⁶Therefore the LORD, the God of hosts, will send a wasting disease among his stout warriors;

And under his glory a fire will be kindled like a burning flame,

¹⁷And the light of Israel will become a fire and his Holy One a flame,

And it willn and devour his thorns and his briars in a single day.

¹⁸And he will destroy the the glory of his forest and of his fruitful garden, both soul and body,

And it will be as when a sick man wastes away.

¹⁹And the rest of the trees of his forest will be so small in number

That a child could write them down.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 10:15-19.

10:15-19 JHWH reageer op die koning van Assirië met die volgende vrae:

1. Is die slaankrag in die byl of die een wat daarmee kap?
2. Is die saag selfaangedrewe of moet ieman daarmee saag?
3. Is die krag in die knuppel of in die arm wat daarmee slaan?
4. Is die mag in 'n septer of die arm wat dit lig?

JHWH sal hom en sy leëmag op 'n dag oordeel (v 17). Dit dui op (1) Tiglat-Pileser III of (2) meer bepaald op Sanherib (701 vC.) soos opgeteken in Jes. 36-38. 2 Kon.18:17-21:11; 2 Kron. 32: 9-24, toe 185 000 krygers buite die mure van Jerusalem beswyk het. Dit was in reaksie op die koning van Assirië en sy militêre leidsliede! Dus #2 strook die beste met die gegewens (Sanherib), wat die val van Jerusalem vertraag het tot dekades na Samaria se val. Daar is 'n verskil tussen die God van Israel en die afgodsbeelde van die nasies!

10:16 JHWH is in beheer van die geskiedenis. So 'n stelling hang saam met die mees basiese voorveronderstelling in monoteïsme dát 'n Godheid betrokke is. Hy is aanwesig en aktief in sy skepping. JHWH word in die OT geteken as Oorsaak (of begin) van alle dinge (vgl. Deut 32:29; Job 5:18; Jes 45:7; Hos 6:1; Amos 3:6). Dit is hoe monoteïsme getipeer is ('gedefinieer' word'). Presies hoe, wanneer en waar hy handel, is onbekend, maar daar is

1. 'n ewige verlossingsplan (Raadsplan)
2. 'n verbondsvolk
3. 'n komende Messias
4. 'n "hart vir die nasies"(universele verlossingsplan).

Geskiedenis is daarom nie siklies nie, maar teleologies!

10:17 Lig (sien die aantekening by 9:2) en vuur is simbole van Godheid(9:19; 29:6; 30:27; 31:9; 33:11-12,14). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:31.

10:18

OAV "van die siel af tot die vlees toe"

NAV "volkome"

Cum-NLV "volledig"

NASB "both soul and body"

Die komponente van menswees is fisiek en besiel met lewe. As mense is ons geskape om op hierdie planeet in vertrouensvriendskap met die nie-fisieke God te leef. Hoewel ons die planeet met die diereryk deel, is ons skepsele met 'n ewige bestemming.

NASB (HERSIENE) TEKS: 10:20-23

²⁰Now in that day the remnant of Israel, and those of the house of Jacob who have escaped, will never again rely on the one who struck them, but will truly rely on the LORD, the Holy One of Israel.

²¹A remnant will return, the remnant of Jacob, to the mighty God.

²²For though your people, O Israel, may be like the sand of the sea,

Only a remnant within will return;

A destruction is determined, overflowing with righteousness.

²³For a complete destruction, one that is decreed, the Lord GOD of hosts will execute in the midst of the land.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 10:20-23.

10:20-23 Hierdie paragraaf fokus op twee teologiese waarhede.

1. JHWH sal 'n getroue minderheid ("wat waarlik op die HERE vertrou," BDB 1043, KB 1612, Nif'al PERFEKTUM) in sy beskerming neem en herstel vir die doel van wat Hy wil met die nageslag van Abraham.
2. "En in dié dag" (OAV, "Ten einde laaste," CUM-NLV) dui op 'n dag van verlossing. Dit is onseker of hierdie belofte op die uitkoms en terugkeer onder die Perse en die daaropvolgende Makkabeëse tyd dui en of dit as eindtyd (eskatologiese) gebeure gesien moet word (vgl. gemelde CUM-NLV). Die boek wat my werklik gehelp het om die profesie as literatuursoort (genre), en die Apokaliptiek te verstaan, is D. Brent Sandy se *Plowshares and Pruning Hooks: Rethinking the Language of Biblical Prophecy and Apocalyptic*.

10:20 OAV "nie meer voortgaan om te steun op hom wat hulle slaan nie"
NAV, CUM-MVB "nie meer hulle vertrou stel in Assirië deur wie hulle vertrap is nie"
CUM-NLV "Hulle sal nie meer staatmaak op Assirië wat hulle kan vernietig nie"
NASB "will never again rely on the one who struck them"

Ahaz het Assirië vertrou en op hom staatgemaak vir hulp in plaas van JHWH, maar dit is nie die geval in die toekoms nie. Hulle (d.w.s. die verbondsmense) sal slegs op JHWH staatmaak!

10:21 OAV, NAV, "‘n Oorblyfsel sal terugkom”
CUMs
NASB "a remnant will return"

Dit word beskryf as 'n "oorblyfsel" van Jakob en Israel. In hierdie teksverband dui dit op die Noordelike Tienstammeryk wat in 922 vC. weggebreek het en deur Assirië in 722 vC. in ballingskap weggevoer is. Van hulle het min saam met Serubbabel en Josua na Jerusalem teruggekeer onder die edik van Kores (Cyrus) —wat in 538 vC. 'n terugkeer van bannelinge toegelaat het. Sien *Vir SpesialeAandag: Die Oorblyfsel*, by 1:9. Jesaja se eerste seun (Sjear - jasjub) dra hierdie frase as naam. Dis die boodskap waarmee pa en seun koning Agas gaan konfronteer het (vgl. 7:1-3).

■ OAV "na die sterke God"
NAV, CUMs "na die magtige God"
NASB "to the mighty God"

Dit is dieselfde titel (benaming) wat Jesaja in 9:6 in verband met die Messias gebruik. Dit word net in hierdie vers en 9:6 aangetref, dws 2 plekke in die OT.

10:25 OAV "al was jou volk, o Israel, soos die sand van die see"
NAV, CUM-MVB "al sou jou mense. . .so baie wees as die sand van die see"
CUM-NLV "al is. . .so baie as die sand op die strand"
NASB "may be like the sand of the sea"

Hierdie frase verwys na die belangrike belofte van baie nakomelinge vir Abraham kragtens die verbond (vgl. Gen 22:17; 32:12).

Wat 'n droewige kontras kom hier na vore wanneer die beloftes van JHWH aan die Aartsvaders oor baie afstammelingen

1. soos die sterre
2. soos die stof
3. soos die sand

afgebring word tot 'n klein groepie se terugkeer (vgl. 21-22). Dit omrede verbondsongehoorsaamheid en gebrek aan Godsvertroue (v 20)! Hier kom die raakpunt na vore in verband met God se voorgenome seën en 'n diep gevalle mensheid.

■ OAV "die verdelging is vas besluit en vloei oor van geregtigheid"
NAV, CUM-MVB "Maar die vergelding staan vas, die vergelding kom aan soos 'n vloed"
CUM-NLV "Die HERE het besluit om sy volk te vernietig en die besluit is regverdig"
NASB "A destruction is determined, overflowing with righteousness"

Die oordeel oor Israel was

1. deur JHWH vas besluit (v 22)
2. deur JHWH so bepaal (v 23)

Dit is dieselfde WERKWOORD wat hier verskillend vertaal word (BDB 358, KB 356, vgl. 28:22; Dan 9: 26,27; 11:36). God sal sy mense oordeel (v 22). (1)Maar nou is vers 23 of 'n parallel van v 22 of (2) JHWH is voorneme om die hele aarde te oordeel (v23). So vertaal die LXX, Pesjitta, en die NRSV di took. Paulus haal die LXX aan in Rom 9:27-28). Uit die die konteks (teksverband) blyk dit egter dat #(1) v 23 'n parallel is (vgl. CUM-NLV). JHWH het aangekondig dat hy sy volk sou straf.Presies dit het Hy gedoen.

NASB (HERSIENE) TEKS: 10:24-27

²⁴Therefore thus says the Lord GOD of hosts, "O My people who dwell in Zion, do not fear the Assyrian who strikes you with the rod and lifts up his staff against you, the way Egypt did. ²⁵For in a very little while My indignation against you will be spent and My anger will be directed to their destruction"²⁶The LORD of hosts will

arouse a scourge against him like the slaughter of Midian at the rock of Oreb; and his staff will be over the sea and
ahe will lift it up the way *He did* in Egypt

²⁷So it will be in that day, that his burden will be removed from your shoulders and his yoke from your neck,
and his yoke will be broken because of fatness.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 10:24-27.

10:24-27 Die paragraaf beklemtoon JHWH se morele regverdigheid wat weerspieël word in die veroordeling van die bose.

1. Israel het JHWH se regverdige woede ervaar (vgl. vers 22)
2. Assirië (vgl. Jes. 37:26-28)
3. Soos sy woede in Egipte gedurende die Eksodus (vgl. Eks. 14:16,27)
4. Soos Gideon teen die Midianiete (vgl. Rigt. 6-8)

JHWH se handelinge, verlede en toekoms, beskryf in vers 27, is parallel tot sy optrede (vgl. 14:25) deur die Messias in 9:4, wat ook die geveg teen Midian noem ('n idioom van JHWH se totale verwoesting van 'n vyand, vgl. 9:4; Ps. 83:9-11).

10:24 OAV "wees nie bevrees vir Assur"
NAV "moenie bang wees vir die Assiriërs nie"
NASB "do not fear the Assyrian"

Hierdie WERKWOORD (BDB 431, KB 432, *Qal*-IMPERFEKTUM) word gebruik as 'n JUSSIEF. Die implikasie is "vrees JHWH wat oordeel oor hulle sal bring" (verse 25-27).

10:27 OAV "die rots Oreb"
NAV "die Orebrots"
NASB "the rock of Oreb"

Gideon roep die Efraimiete om hom te help om die oorblywende Midianiete te verslaan. Twee van die leiers is gevang en doodgemaak (vgl. Rigt. 7:24-25). Die plek waar dit plaasgevind het, het die name van die Midianitiese leiers, Oreb en Zeeb, aangeneem. Die presiese lokasie is onbekend.

10:27 OAV "die juk sal tot niet raak vanweë die vettigheid"
NAV "die juk sal heeltemal van julle afgeruk word"
NASB "the yoke will be broken because of fatness"
NKJV "the yoke will be destroyed because of the anointing oil"
LXX, REB "the yoke will be destroyed from off your shoulders"
Pesjitta "the yoke shall be destroyed from you neck because of your strength"

Uit hierdie vertalings kan jy die opsies sien.

1. laat die frase "vanweë die vettigheid" uit, LXX, REB
2. verwys na die Messias, NKJV (d.w.s. gesalfde)
3. Pesjitta sien dit as 'n verwysing na krag en groei (vgl. Deut. 32:15), wat moontlik in konflik is met vers 16.

Aangesien hoofstukke 7-12 verwant is aan die spesiale kinders van die nuwe era, insluitende die Messias, dink ek NKJV se begrip is die een wat die meeste sin maak in die breër letterkundige eenheid.

NASB (HERSIENE) TEKS: 10:28-32

²⁸He has come against Aiath

He has passed through Migron;

At Michmash he deposited his baggage

²⁹They have gone through the pass, saying

"Geba will be our lodging place."

Ramah is terrified, Gibeah of Saul has fled away.

³⁰Cry aloud with your voice, O daughter of Gallim!

Pay attention Laishah and wretched Anatot!

³¹Madmenah has fled

The inhabitants of Gebim have sought refuge.

³²Yet today he will halt at Nob

He shakes his fist at the mountain of the daughter of Zion, the hill of Jerusalem

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 10:28-32.

10:28-32 H.C. Leupoldt in sy *Exposition of Isaiah*, vol. 1, bl. 40, bestempel hierdie stansa (strofe) as 'n Frontlinie-bulletin soos wat dit die opmars van die Assiriese huursoldate se inval beskryf en hulle strategie om Sion in te neem. Talle geografiese plekke word genoem met verwysing na gebeurlikhede daar terwyl die leërmag nader beweeg het.

☐ OAV, NAV, CUMs "Ajat"/"Aja"
NASB "Aiath"

Dit is die nabygeleë Ai digby Jerigo. Soos wat die plekname aan die orde kom word dit duidelik dat die invallers uit die noorde na Jerusalem aanbeweeg het.

10:30 OAV "Skreeu dit uit. . . luister"
NAV, CUM-MVB "Skreeu. . . luister"
CUM-NLV "Ja, skreeu in angs. . . waarsku die inwoners"
NASB "Cry aloud. . . Pay attention"

Hier het ons twee IMPERATIEWE

1. BDB 843 KB 1007, Qal IMPERATIEF
2. BDB 904, KB 1151, Hif'il IMPERATIEF

Wat die geheelpatroun van 28-32 onderbreek. As hierdie 'n rapport uit die frontlinie is, moet vers 30 as die profeet se kommentaar beskou word en is dit nie deel van die Assiriese boodskap se frontlinie-verslag nie.

▣ **OAV, NAV, CUMs** "Arme Anatot"
NASB "wretched Anathot"
NKJV "poor Anathot"
NRSV "Answer her, O Anathot"
TEV "Answer, people of Anathot"
NJB, REB "Anathot will listen"
Pesjitta "Answer me, O Anathot"

Weens dieselfde konsonante

1. van die WERKWOORD "antwoord," BDB 772, Qal IMPERATIEF
2. en van 'n BYVOEGLIKE NAAMWOORD "arme" (vir jammerlik en onbenydenswaardig – vert.), BDB 776. Die UBS- teksgadering (Hebrew Text Project) gee #2 'n C-gradering (wat dui op "baie onwaarskynlik"), wat die mening ooplaai dat "arme" en "Anatot" ook in Hebreeus as klankspel bedoel was (NASB Study Bible, bl. 974).

10:32 Die tweede van die vers is digterlike spreke oor die Assiriërs se minagting vir die God van Juda en sy tempel.

NASB (HERSIENE) TEKS: 10:33-34

³³Behold, The Lord GOD of hosts, will lop off the boughs with a terrible crash;

Those who are tall in stature will be cut down

And those who are lofty will be abased.

³⁴He will cut down the thickets of the forest with an iron axe,

And Lebanon will fall by the Mighty One

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 10:33-34.

10:33-34 Verse 33-34 maak dit nie heeltemal duidelik wie "afgekap" is nie. Dit lyk, op 'n literêre oorgang tussen hoofstukke 10: 16-19 en 11:1. Jesaja het dikwels woud-beeldspraak gebruik. Wie dit ookal was wat Jesaja se uitsprake bymekaar gevoeg het, het graag woordspel en temas gebruik om sy profetiese uitsprake in samehang op te teken. Ons moet altyd in ag neem dat die hoofsaak van die literêre eenheid en stansas belangriker is as

1. fyner besonderhede
2. die presiese historiese tyd en plek van elke saamgevoegde stuk.

Ons liefde vir die Bybel en die begeerte om al meer uit te vind, het daartoe gelei dat ons die Bybel op 'n nie-kontekstuele en letterlike wyse hanteer. Daarmee vernietig ons die literêre vorm of aard van die Bybel self en in besonder dié van profesie.

Ek is van mening dat hierdie vers 'n uitbreiding is op verse 16-19. Die beeldspraak van 'n woud wat vernietig word, simboliseer die ondergang van die Assiriese leërmag en hulle leierskap.

10:33 Die tweede helfte van hierdie vers het verskeie woorde wat in die OT slegs hier voorkom. Om die rede is die sentrale waarheid van die paragraaf (prosa) of stanza (poësie) van die hoogste belang. Die hoofgedagte (waarheid) of (imagery) is sleutel tot verstaan van die teks en nie elke klein detail nie.

10:5 OAV "die Heerlike"
NAV, CUM-MVB "Die Here"
CUM-NLV "Die Magtige Een"
NASB, NKJV "by the Mighty One"
NRSV "with its majestic trees"
TEV "the finest trees"

Hierdie vers kan sinspeel op

1. God (vgl. v 33a: v 34a)
2. die groot bome van die Libanon (vgl. v 33b,c; LXX)

JESAJA 11

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Righteous Reign of the Branch	The Reign of Jesse's Offspring	The Messianic King	The Peaceful Kingdom	A Descendant of David	Die loot uit die stomp van Isai
11:1-9 (1-9)	11:1-5 (1-5)	11:1-3a (1-3a)	11:1 11:2-5 (2-5)	11:1-4 (1-4)	11:1-2 11:3-8
		11:3b (3b) 11:4-9 (4-9)		11:5 (5)	
	11:6-9 (6-9)		11:6-9 (6-9)	11:6-9 (6-9)	
		The Messianic Age	The Exiled People Will Return	Return From the Dispersion	
11:10 (10)	11:10 (10)	11:10	11:10-16	11:10-16 (10-16)	11:9-16
The Restored Remnants					
11:11-16 (11-16)	11:11 (11) 11:12-16 (12-16)	11:11-16 (12-16)			

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegids kommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGRONDSTUDIE

- A. Hoofstuk 11 staan in sterk kontras met hoofstuk 10, verse 33-34 w3at die val van Assirië beskryf (vgl 10:15-19)
- B. Aan die een kant word Assirië “ontbos”; soos 'n groot woud afgekap, maar aan die anderkant ontspring uit die (afgekapte—Israel), uit die stomp van Isai, die Messias. Jesaja gebruik graag bome as beeldspraak.
- C. Jesaja 11 hanteer die beloftes gemaak aan die afstammeling van Dawid (2 Sam 7)
- D. Hierdie idealistiese, eskatologiese tydperk word ook in 2:2-4; 9:1-7 beskryf. Vers 10 van hoofstuk 11 kan saamgelees word met verse 1-9 (eskatologies = herstel van die hele aarde) of met 11:16 (die herstel van Israel).

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 11:1-5

¹Then a shoot will spring from the stem of Jesse,
And a branch from his roots will bear fruit.
²The Spirit of the LORD will rest on Him
The Spirit of wisdom and understanding,
The spirit of wisdom and understanding
The spirit of counsel and strength,
The spirit of knowledge and the fear of the LORD
³And He will delight in the fear of the LORD,
And He will not judge by what His eyes see,
Nor make a decision by what His ears hear;
⁴But with righteousness He will judge the poor,
And decide with fairness for the afflicted of the earth;
And He will strike the earth with the rod of His mouth,
And with the breath of His lips He will slay the wicked.
⁵Also righteousness will be the belt about His loins,
And faithfulness the belt about His waist

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 11:1-5.

11:1 OAV, NAV, CUMs “’n takkie”

NASB “a shoot”

Hierdie woord is seldsaam in die OT en kom net hier voor (“takkie,” “tak,” “spruit” en wat as “roede”(vgl OAV) vertaal word in Spr 14:3; (BDB 310, KB 307) en dit dui ongetwyfeld op ‘n bonatuurlike nakomeling van Dawid (6:13; 2 sam 7; Openb 22:16). Uit die skynbare dooie stomp (die ballingskap van Juda) sal ‘n nuwe koning opstaan! Hierdie selfde beeldspraak (maar ‘n ander Hebreeuse woord), word in die Lied van die Lydende Knege aangetref (Jes 52:13-53:12; sien vers 2)

Die *Jewish Study Bible* brei uit op “stump/ stomp” op ‘n interessante wyse.

“As die vertaling “stomp” korrek is, kan dit beteken dat die koninkryk van Dawid tot ‘n einde gekom het of nog sal kom; so ‘n lesing sou ernstig afwyk van Jesaja se aanduiding dat Dawidiese konings tot in ewigheid sal regeer (vgl 2 Sam 7:8-16; Ps 89:20-37). Die Hebeuse ‘geza’ dui nie net op ‘n afgekapte stomp wat eenkant lê nie, maar ook die stuk stam van ‘n boom wat nog leef.”

Behalwe as 40:24 bedoel word, kan ek hierdie betekenis van ‘geza’ nie onderskryf nie.

- OAV, NAV, CUM-MVB “uit die stomp van Isai”
CUM-NLV “uit die stomp van Dawid se familie”
NASB “from the stem of Jesse”

Isai was die vader van koning Dawid. Hierdie toekomstige afstammeling word in vers 10 genoem, in (9:7 en 16:5). Die OT dui die afstamming van die Besondere Een wat Kom, die Gesalfde, soos volg aan:

1. uit die stam van Juda (Gen 49:8-12; dan hierdie vers 11:10 en Openb 5:5)
2. uit die familie van Isai (2 Sam 7).

Hierdie besondere afstammeling wat ‘n nuwe era aanbring, is ‘n buitengewone regeerder. Die Nuwe Era sal sy karakter aan hierdie Regeerder ontleen (vgl Jer 23:5).

- OAV, NAV, CUM-MVB “’n loot uit sy wortels”
CUM-NLV “’n tak”
NASB “a branch from his roots”

Die NAAMWOORD “takkie,” “uitspruitse!” of “loot” (BDB 666, vgl 14:19; 60:21; Dan 11:7) is parallelle van “tak” of “uitspruitse!” (BDB 855, vgl 4:2; 61:11). Daar sal nuwe groei wees! Sien *Vir Speciale Aandag* by 4:2.

- OAV, NAV, CUM-MVB “sal vrugte dra”
CUM-NLV “wat vrugte sal dra”
NASB “will bear fruit”

Die Masorete teks het die WERKWOORD “om vrug te dra.” (“parah”, פָּרָה) BDB 826, KB 963, Qal IMPERFEKTUM, vgl die Dooie See Rolle, NASB). ‘n Eense WERKWOORD פָּרָה (*parach*), kom egter ook in modern vertalings voor (BDB 827). NKJV, NRSV, Pesjitta het “sal uitgroe!”

1. NJB, het “sal groei”
2. LXX het “sal opkom”
3. REB het “sal opskiet uit”
4. JPSOA het “sal uitspruit”

Opsie #2 voldoen die beste aan die parallëllisme.

11:2 OAV, CUM-NLV “die Gees van die HERE”
NAV, CUM-MVB “die Gees van die Here”
NASB “the Spirit”

Heelwat moeite is gedoen om hierdie gedeelte met die sewe-voudige Gees van Openbaring 1:4 in verband te bring. Ek betwyfel die geldigheid daarvan egter. Die MT bied 6 karaktertrekke aan, maar LXX voeg ‘n sewende by, naamlik “toewyding” in plek van “vrees” en dra “vrees” oor n avers 3. Dit stem ooreen met die titels van Jes. 9:6 en beskryf die deur God toegeruste volledig vir die doel van insig, bestuur en toewyding. Die Gees van die Here bly op Hom soos tevore op Dawid.

Die Gees word in die OT nie ten volle as Persoon geopenbaar nie. Die Gees in die OT is JHWH se persoonlike invloed om sy wil ten uitvoer te bring, min of meer soos in geval van die “Engel van die Here.” Dis eers in die NT wat die Gees na die volheid van sy Godheid geopenbaar word. Sien *Vir Speciale Aandag* by “Die Drie-eenheid” by 6:8. Ook *Vir Speciale Aandag :Die Persoon van die Heilige Gees* by 32:15-20.

‘n Ander probleem met die woord ‘gees’ is dat dit op menslike karaktertrekke of optrede van God kan dui (vgl BDB 924).

☐ **OAV “op Hom sal. . .rus”**
NAV, CUMs “sal op hom rus”
NASB “will rest on him”

Die WERKWOORD (BDB 628, KB 679) is ‘n Qal PERFECTUM wat ‘n vaste toestand aandui. Dit sal op Hom rus en dit sal blywend wees. Op verskillende maniere word hierdie waarheid in 42:1; 59:21; 61:1; Mat. 3:16; Luk.4:18 herhaal.

☐ **OAV “die Gees van...”**
NAV, CUMs “die Gees wat...”
NASB “the spirit of...”

Basies is hier van drie groeperinge van gawes sprake:

1. Intellektueel
 - a. wysheid (BDB 315); die teenoorgestelde van 10:13
 - b. insig (BDB 108); sien die eerste “paar” in Deut 4:6
2. Effektiewe bestuur (vgl 9:6-7)
 - a. raad (BDB 420)
 - b. sterkte (BDB 150)
- (‘n Regering van vrede deur middel van militêre mag; vgl 2 Kon 18:20)
3. Persoonlike toewyding
 - a. kennis van die Here (BDB 395)
 - b. vrees van die Here (BDB 432); vgl v 3.

Dieselfde tipe beskrywing kom voor in 2:2-4; 9:6-7; 42:1-4. Dit dui op ‘n tyd van reg, geregtigheid en vrede!

11:3 OAV “het ‘n welgevalle aan”
NAV, CUM-MVB “sal vreugde vind”
CUM-NLV “vreugde daarin vind”
NASB “will delight”

Letterlik beteken dit “asemhaal in” (BDB 926, KB 1195); Hif’il INFINITIVUS CONSTRUCTUS. Dit is gebruiklik vir die diep teue van die aangename geur van die wierookoffer aan God gewy (s.v. Gen 8:21).

☐ **OAV “die vrees van die HERE”**
NAV, CUM-MVB “in die diens van die Here”
CUM-NLV “om die HERE te gehoorsaam”
NASB “in the fear of the LORD”

In hierdie term “vrees” gaan dit om ‘n ontsagtelike respek vir die grootheid van God. Dit moes die verbondsvolk aan bande lê en waaksaam maak teen sonde (vgl Eks 20:20; Deut 4:10; 6:24). Koning Dawid het die Here “gevrees”(vgl 2 Sam 23:3). Die Messias het hierdie ontsag uitgestraal as blyke van hoe ‘n “ware Israeliet” moet wees. Dié gedagte lei ook in tot Spreuke (vgl 1:7; asook 2:5; 14:26,27).

☐ **OAV “Hy sal nie regsprek na wat sy oë sien nie”**
NAV, CUMs “Hy sal nie regsprek volgens die uiterlike skyn nie”
NASB “He will not judge by what his eyes see”

Omrede die gawes van die Gees sal hierdie besondere Dawidiese Regeerder die waarheid ken en Hom nie blindstaar teen uiterlike voorwendsels nie. Hy sal volkome regverdig oordeel. Na voorbeeld van die konings wat die hoogste gesag verteenwoordig het.

11:4 Verras dit u om te verneem dat armoede en verdrukking in die nuwe era sal voorkom? Verwarring ontstaan as gevolg van hierdie soort letterlike vertolking. Die doel van hierdie vers is beskrywing van die karakter van die Regeerder en

moenie as beskrywing van ‘n soort millennium (vrederyk) beskou word nie. Dit moet verstaan word as die ooreenstemming tussen sy persoon en God se geopenbaarde verbondsideale. Hy weerspieël die karakter van JHWH en projekteer dit na menseverhoudinge waar dit werklikheid behoort te word.

- | | |
|--|--|
| <p>▣ OAV
NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB</p> | <p>“in geregtigheid reg doen”
“billik verhoor”
“beskerm”
“righteousness”</p> |
|--|--|

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:4

- | | |
|--|--|
| <p>▣ OAV
NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB</p> | <p>“met die roede van sy mond”
“met sy uitsprake”
“met asem van sy mond”
“with the rod of his mouth”</p> |
|--|--|

Dit kom baie ooreen met die frase wat in Openb. 1:16 en 2:16 gebruik word. Daar word van die krag van die gesproke woord melding gemaak (vgl Gen 1 en Joh 1); let ook op die frase “swaard van my mond.” Hier laaste twee frases van die gedig, pas gelees, dui op die besondere “mag” van die regeerder.

11:5 Om die kwaliteite van die toekomstige regeerder van geregtigheid uit die Dawidslinie aan te dui, word dit metafories gedoen by wyse van sy kleredrag. Baie later sou Paulus hierdie bewoording oorneem om toerusting van die gelowige teen geestelike aanveging (versoeking) te beskryf (vgl Efes 6:14)

NASB (HERSIENE) TEKS: 11:6-9

⁶And the wolf will dwell with the lamb
And the leopard will lie down with the young goat,
And the calf and the young lion and the fatling together;
And a little boy will lead them.
⁷Also the cow and the bear will graze,
Their young will lie down together,
And the lion will eat straw like the ox.
⁸The nursing child will play by the hole of a cobra,
And the weaned child will put his hand on the viper’s den.
⁹They will not hurt or destroy in all My holy mountain
For the earth will be full of the knowledge of the LORD
As the waters cover the sea.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 11:6-9.

11:6-9 Hier word die Messiaanse Era met gebruikmaking van terme soos te vinde in Gen 1 geskets (vgl Openb 22). Vanweë die mensdom se sonde (Gen 3), is ook die natuur nie ongeskonde nie. Maar die verlossingswerk van die Messias sal ook die natuur ten goede kom (Rom 8:19:25). Daar word klem gelê op die aanwesigheid van ‘n klein kind in die nuwe wêreld.

Die goeie verhouding tussen mens en dier weerspieël die Tuin van Eden-situasie. Mense het veel in gemeen met die diereryk op aarde. Hulle is ook geskape vir die doel van ‘n goeie verhouding met God (vgl Job 38:39; 40:34), en met ons! Die Bybel begin met God, die mens en diere in die opset van ‘n tuin (Gen 1-2) en dit sluit af (inaggenome hierdie gedeelte van Jesaja) met God, mens en dier (vgl Jes 65:15; Hosea 2:18; Openb 21-22). Persoonlik is ek nie van mening da tons troeteldiere in die hemel sal wees nie, maar ek glo wel dat diere met ons in die ewigheid sal wees! Hulle dien tot verryking van die lewe. Na die sondeval is hulle degrader tot voedsel en kleding van mense!

In eskatologiese materiaal is daar ‘n inherente dubbelsinnigheid (meervoudige betekenis) wat blyk uit die ouderdom van aanwesiges. Klein kinders (v 6) en suigeling (v 7) veronderstel dat fisiese geboorte steeds plaasvind. Enersyds kan aanvaar word dat ‘n aardse lewe volkome in ooreenstemming met huidige lewensvorme sal bestaan (vgl Mat 24:38; Luk 17:27). Andersyds het Jesus verklaar dat daar nie seksuele aktiwiteit (erotiese liefde?– vert.) in die nuwe era aanwesig sal wees nie (vgl Mat 22: 29-30). Sal daar mense van alle ouderdomme in die Ewigheid wees? Sal hulle ook opgroei en oud word? Sulke vrae het daartoe gelei dat (sommige) uitleggers op ‘n beperkte aardse bestaan (1000 jaar of millennium) besluit het, gevolg deur ‘n toekomstige ideale (volmaakte) werklikheid. Sommige het selfs so ver gegaan om ‘n verdeling voor te stel: ‘n aardse groep en ‘n hemelse groep! Ek verkies om te glo in ‘n enkele, sigbare Tweede Koms, gevolg deur onmiddellike volmaakte samesyn met God. As dit die ware toedrag van sake sal wees, moet veel van die OT en NT stowwe bloot as ‘n manier gesien word om kennis van die geestelike Koninkryk van God oor te dra. Besoek asseblief my kommentare op Openbaring, Daniël en Sagaria by www.freebiblecommentary.org sonder enige koste vir u.

Hierdie nuwe tyd van universele vrede is in terme beskryf wat die ideale (volmaakte) toekoms, op alle gebiede van die lewe op allesinsluitende wyse beskryf. Wanneer sal so ‘n nuwe era tot openbaring kom?

1. terugkeer uit ballingskap onder Serubbabel en Josua (vgl Esra en Nehemia)
2. die Makkabese tydperk (tussen-Testamentêr)
3. die intrede van die Koninkryk van God gedurende die aardse lewe van Jesus (die Evangelies)

4. ‘n duisendjarige vrederyk (slegs Openb 20:1-10)

5. ‘n ewige koninkryk (vgl Dan 7:14)

Elke genoemde gebeure was beskou as aanbreek van die Koninkryk, maar daar was probleme(#1-4). Dit is hier waar sistematiese teologie (van verskillende denominasies) die meervoudige (dubbelsinnige) verwysings aangryp om teologiese raamwerke te skep waardeur na die hele Skrif gekyk word. Natuurlik is die beloftes waar! Maar, die tydsberekening en beskrywing strook nie met die Skrif nie!

Die kernvraag vraag hier is natuurlik “Hoe letterlik moet daar gedink word oor die herstel van ‘n aardse tuin (Eden – Gen 1-3; Openb 21-22).

(1) Is die planeet in fokus;

(2) of die hele kosmos; of

(3) ‘n geestelike ryk: ‘n bestaanswyse in ‘n ander orde, ‘n dimensie anderkant tyd en ruimte, moontlik ‘n totaal ander werklikheid (vgl Joh 4: 21-24; 18:36)?

11:6 OAV, NAV, CUM-MVB “voerbeeste”
CUM-NLV “vetgemaakte beeste”
NASB, NKJV, NRSV “and the fatling”
REV, REB “will feed together”
NJB “fat – stock beast”

Die LXX (Septuaginta) en die Pesjitta voeg die woord “os” en ‘n WERKWOORD (“wei saam”) by. Die MT (Masorete Tekst) het “vetmaak (dier)” maar geen WERKWOORD nie. Met behulp van ‘n emendasie (tekswysiging) van “en die voer (dier)” (וְהַרְבֵּי) kan dit na “sal gevoer word,” (וְהִרְבּוּ) verander word. Die *UBS Hebrew Text Project* gee hierdie toegevoegde WERKWOORD ‘n “C”-gradering, dws, “uiters onwaarskynlik.” Aangesien in die lig van die parallelisme in digterlike reëls een, twee en vier, kan immers in reëltye drie ook ‘n WERKWOORD verwag word. Die Dooie See Boekrol van Jesaja en die Setuaginta het wel ‘n WERKWOORD naamlik “voer.”(vgl OAV e.a.).

Indien dit ‘n vetgemaakte dier moet wees, het dit offerkultus implikasies (uit konteks met die nuwe aarde? Vgl 1:11; Amos 5:22)

11:9 OAV “op my hele heilige berg”
NAV, CUMs “my heilige berg”
NASB “My holy mountain”

Hierdie is nie ‘n verwysing na Jerusalem of Sion nie, maar dui op die hele aarde, inaggenome die parallelle frase in 9b. Let ook daarop dat eienskappe van die Messias nou reeds effektief aan die hele menslike geslag meegedeel is vgl Gen 1:26-27; 3:15. Hy is die ideale rolmodel van wat ‘n verbondsmens moet wees!

NASB (HERSIENE) TEKS: 11:10

¹⁰Then in that day

The nations will resort to the root of Jesse,

Who will stand as a signal for the peoples;

And His resting place will be glorious.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 11:10.

11:10 Verse soos 4,9 en 10 kan op twee maniere verstaan word.

1. JHWH sal sy volk in Kanaän terugbring en die wêreld sal hulle erken.

2. Die vervulling van ‘n belofte in Gen 3:15 dat ‘n nakomeling van Dawid na vore sou kom om die beeld van God, wat deur die sondeval geskend was, in die hele mensdom te herstel. Handel hierdie Jesaja-tekste slegs oor Israel of het dit die wêreld voor oë? Moet sulke tekste letterlik opgeneem word of simbolies? Is hulle bedoel om meervoudig vervul te word? Op hierdie punt tree ‘n persoon se geheelinsig in die Bybel op die voorgrond om genoemde vrae oor tekste te beantwoord (ten goede of minder so)! Soos almal maar, het ek ook my voorveronderstellings. Ek het myne in ‘n rubriek, *Vir Speciale Aandag* by 1:3 aangeteken: *Bob se evangeliese uitgangspunt!* Dit is moeilik om tekste in hulle konteks objektief-betroubaar uit te lê. Niemand is heeltemal daartoe in staat nie!

NASB (HERSIENE) TEKS: 11:11-16

¹¹Then it will happen on that day that the LORD

Will recover the second time with His hand

The remnant of His people, who will remain

From Assyria, Egypt, Pathros, Cush, Elam, Shinar, Hamath,

And from the islands of the sea.

¹²And He will lift up a standard for the nations

And assemble the banished ones of Israel,

And will gather the dispersed of Judah

From the four corners of the earth

¹³Then the jealousy of Ephraim will depart,

And those who harras Judah will be cut off;
Ephraim will not be jealous of Judah
And Judah will not harras Ephraim.
¹⁴**They will swoop down on the slopes of the Philistines on the west;**
Together they will plunder the sons of the east;
They will posses Edom and Moab,
And the sons of Ammon will be subject to them.
¹⁵**And the LORD will utterly destroy the tongue of the Sea of Egypt;**
And He will wave His hand over the River
With His scorching wind;
And He will strike it into seven streams
And make men walk over dry-shod.
¹⁶**And there will be a highway from Assyria**
For the remnant of His people who will be left,
Just as there was for Israel
In the day that they came up out of the land of Egypt.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 11:11-16.

11:11 Volgens hierdie vers bou God se toetrede tot 'n klimaks op (vgl 2:2,11,12,20; 3:7,18; 4:1,2; 7:17; 18,20; 9;14; 10:3,17,20,27). Dit het gekom, die dag van herstel! Die verbondsvolk (in hierdie geval die Noordelike Tien Stamme) oor die hele Ou Nabye Ooste versprei, sal huis toe kom (simbolies van terugkeer tot geloof in JHWH).

Nogtans, die ander gedeeltes van die literêre eenheid, hoofstukke 7-12, openbaar 'n universele strekking (vgl 2:2-4; 9:1-7)!

- **OAV** "sy hand uitstrek"
- NAV, CUM-MVB** "sy hand uitsteek"
- CUM-NLV** "sal die HERE. . .terugbring"
- NASB** "with His hand"

Hierdie is 'n mensvormige (antropomorfistiese) uitspraak om aan te dui dat God midde-in die geskiedenis werksaam is. Volgens Genesis 1 spreek God om dinge te laat gebeur, maar hier laat Hy dinge gebeur deur die beweging van sy hand (vgl v 15; 1:25; 5:25; 8:11; 9:12, 17,21; 10:4 ens)!

- 11:12**
- OAV** "die vier hoeke van die aarde"
 - NAV, CUM-MVB** "die uithoeke van die aarde"
 - CUM-NLV** "daarheen" (bywoord van lokaliteit)
 - NASB** "the four corners of the earth"

Vier is die simboliese getal om die hele aarde aan te dui.

VIR SPESIALE AANDAG: SIMBOLIESE GETALLE IN DIE BYBEL

- A. Sekere getalle het numeriese sowel as simboliese waardes aangeneem.
1. Een – God (bv. Deut. 6:4; Ef. 4:4-6)
 2. Ses – die onvolmaakte mens (een minder as sewe; bv. Openb. 13:18)
 3. Sewe – goddelike volmaaktheid (die sewe dae van die skepping). Let op die aanwending van hierdie simboliek in Openbaring:
 - a. sewe kandelare/staanlampe, 1:13, 20; 2:1
 - b. sewe sterre, 1:16, 20; 2:1
 - c. sewe gemeentes, 1:20
 - d. sewe geeste van God, 3:1; 4:5; 5:6
 - e. sewe lampe/fakkels, 4:5
 - f. sewe seëls, 5:1, 5
 - g. sewe horings en sewe oë, 5:6
 - h. sewe engele, 8:2, 6; 15:1, 6, 7, 8; 16:1; 17:1
 - i. sewe trompette, 8:2, 6
 - j. sewe donderslae, 10:3, 4
 - k. seweduisend mense, 11:13
 - l. sewe koppe, 13:1; 17:3, 7, 9
 - m. sewe lae, 15:1, 6, 8; 21:9
 - n. sewe skale/goue bakke, 15:7
 - o. sewe konings, 17:10
 - p. sewe bakke, 21:9
 4. Tien – volledigheid
 - a. gebruik in die evangelies

- (1) Mat. 20:24; 25:1, 28
- (2) Mark. 10:41
- (3) Luk. 14:31; 15:8; 17:12, 17; 19:13, 16, 17, 24, 25
- b. gebruk in Openbaring
 - (1) 2:10, tien dae van beproewing
 - (2) 12:3; 17:3, 7, 12, 16, tien horings
 - (3) 13:1, tien krone
- c. veelvoude van tien in Openbaring
 - (1) $144\ 000 + 12 \times 12 \times 1000$, vgl. 7:4; 14:1, 3
 - (2) $1000 = 10 \times 10 \times 10$, vgl. 20:2, 3, 6
- 5. Twaalf – menslike organisasie
 - a. twaalf seuns van Jakob (twaalf stamme van Israel – Gen. 35:22; 49:28)
 - b. twaalf pilare/klippe, Eks. 24:4
 - c. twaalf gesteentes op die hoëpriester se borsplaat, Eks. 28:21; 39:14
 - d. twaalf ringbrode/toonbrode op tafel in die heilige van die tabernakel/tempel (simbolies van God se voorsiening vir die twaalf stamme van Israel; Lev. 24:5; Eks. 25:30)
 - e. twaalf spioene, Deut. 1:23; Jos. 3:22; 4:2, 3, 4, 8, 9, 20
 - f. twaalf apostels, Mat. 10:1
 - g. gebruik in Openbaring
 - (1) twaalfduisend verseëldes, 7:5-8
 - (2) twaalf sterre, 12:1
 - (3) twaalf hekke, twaalf engele, twaalf stamme
 - (4) twaalf fundamente, 21:14
 - (5) die nuwe Jerusalem was twaalfduisende vierkante stadia, 21:16
 - (6) twaalf poorte gemaak van twaalf pèrels, 21:12
 - (7) twaalf soorte vrugte aan die boom van die lewe, 22:2
- 6. Veertig – nommer vir tyd
 - a. soms letterlik bedoel, bv. die woestynomswerwing van die volk Israel, Eks. 16:35; Deut. 2:7; 8:2
 - b. soms beide (letterlik of simbolies)
 - (1) die sonvloed, Gen. 7:4, 17; 8:6
 - (2) Moses op Sinäi-berg, Eks. 24:18; 34:28; Deut. 9:9, 11, 18, 25
 - (3) periodes in die lewe van Moses
 - (a) veertig jaar in Egipte
 - (b) veertig jaar in die woestyn
 - (c) veertig jaar leier van Israel
 - (4) Jesus vas veertig dae, Mat. 4:2; Mark. 1:13; Luk. 4:2
 - c. Let (met behulp van ‘n konkordansie) hoeveel keer hierdie getal as tydsbepaler in die Bybel voorkom!
- 7. Sewentig – ‘n ronde syfer om na “mense” te verwys
 - a. Israel, Eks. 1:5
 - b. sewentig ouderlinge/oudstes, Eks. 24:1, 9
 - c. eskatologies/eindtyd, Dan. 9:2, 24
 - d. uitreikspan, Luk. 10:1, 17
 - e. vergifnis (70 x 7), Mat. 18:22
- B. Goeie verdere bronne
 - 1. John D. Davis, *Biblical Numerology*
 - 2. D. Brent Sandy, *Plowshares and Pruning Hooks*

11:13 OAV “Efraim sal Juda nie beny nie
En Juda sal Efraim nie benoud maak nie”
NAV, CUMs “Efraim sal nie weer op Juda jaloers wees nie
En Juda sal nie meer vyandig wees teenoor Efraim nie”
NASB “Ephraim will not be jealous of Judah
And Judah will not harass Ephraim”

Daarmee is gesê dat in die nuwe era eenheid die bestaanswyse sal wees en nie meer die verdeeldheid wat die verlede gekenmerk het nie.

11:14 Hierdie is ‘n verrassende vers! Predik Jesaja ‘n verenigde, maar wraaksugtige volk of moet Israel ‘n kanaal wees waardeur openbaring na die nasies toe kan vloei en hulle in vrede na JHWH toe kom (vgl 2:2-4)?

■ **OAV** “die kinders van die Ooste”
NAV, CUM-MVB “mense in die ooste”
CUM-NLV “nasies in die ooste”
NASB “sons of the east”

Afhangende van die konteks kan hierdie uitdrukking op ‘n verskeidenheid van volksgroepe dui (vgl Gen 29:1; Rig 6:3,33; 7:12; 8:10; 1 Kon 4:30; Job 1:3; Jes 11:14; Jer 49:28; Eseg 25: 4,10)

11:15 Die tradisionele vyande van die verbondsvolk sal heeltemal verslaan wees.

▣	OA.V, CUM-MVB	“met die banvloek tref”
	NAV	“laat opdroog”
	CUM-NLV	“laat opdroog”
	NASB, NKJV, NRSV	“will utterly destroy”
	TEV, NJV	“will dry up”
	LXX	“make desolate”
	Pesjitta	“will utterly dry up”
	REB	“will divide”

Die NASB volg die Masoretiese teks (וְהִזְרִיבָהּ), BDB 355, KB 353, Hif'il PERFECTUM) wat deur die UBS Hebrew Text Project met ‘n “B” gradeer word (dws. Toegegee met ‘n mate van onsekerheid). Die ander lesing is וְהִזְרִיבָהּ BDB 351, KB 349). Die NEB en REB veronderstel ‘n voorgestelde woordstam הִזְרַם, KB 354 II, Hif'il PERFECTUM) wat “klowe” of “verdeel” beteken (vgl Eks 14:16). Dit is ‘n sinspeling op ‘n nuwe Uittog (vgl v 11)!

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids kommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Is die titels wat in hoofstukke 9 en 11 toegeken word aanduidinge van Godheid?
2. Verduidelik die historiese agtergrond van hoofstukke 7 tot 10:4 en dan 10:4 tot en met hoofstuk 34.
3. Sal die natuur ook in die hemel te vinde wees?

JESAJA 12

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Thanksgiving Expressed	A Hymn of Praise	Two Songs	Hymn Thanksgiving	of Psalm	God is my redeemer
12:1-6	12:1-2	12:1-2	12:1-3	12:1-2	12:1-2
(1-6)	(1-2)	(1-2)	(1-3)	(1-2)	
	12:3	12:3-4		12:3-6	12:3-6
	(3)	(3b-4)		(3-6)	
	12:4-6		12:4-6		
	(4b-6)		(4b-6)		
		12:5-6			
		(5-6)			

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

5. Eerste paragraaf
6. Tweede paragraaf
7. Derde paragraaf
8. Ens.

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Hierdie een loflied (of meer) sluit die Immanuel-boek af (vgl. hoofstukke 7-12)
- B. Omrede die beginfrase “op die dag” wat in vers 4 herhaal word is sommige van mening dat hier twee liedere is.
 - (1) verse 1-3, vgl. Eks. 15:1-17; Ps. 118
 - (2) verse 4-6, vgl. Ps. 65:1; 148:13
- C. Dit stem ooreen met Eks. 15 (die lied van Moses) en Ps. 118. Dikwels wanneer 'n groot oorwinning behaal is, of daar uitkoms uit benoudheid was, het Israel liedere van lof en dank aan hulle God gerig.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 12:1-6

¹“I will give thanks to You, O LORD
For although You were angry with me,
Your anger is turned away,
And You comfort me.
²Behold, God is my salvation,
I will trust and not be afraid;
For the LORD GOD is my strength and song,
And He has become my salvation.”
³Therefore you will joyously draw water
From the springs of salvation.
⁴And in that day you will say
Give thanks to the LORD, call on His name.

**Make known His deeds among the peoples;
 Make *them* remember that His name is exalted.”
⁵Praise the LORD in song, for He has done excellent things;
 Let this be known throughout the earth.
⁶Cry aloud and shout joy, O inhabitant of Zion,
 For great in your midst is the Holy One of Israel.**

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 12:1-6.

**12:1 OAV, NAV, CUM-MVB “sal jy sê”
 CUM-NLV “sal jy sing”
 NASB “you will say”**

Die WERKWOORD (BDB 55, KB 65 *Qal*-PERFEKTUM) dui daarop dat ‘n sekere Israeliet (ENKELVOUD) sy lof hier uitspreek. Dit stem baie ooreen met die oorwinningslied van Eks. 15:1-17. Dit is ook ‘n danklied oor JHWH se verlossingswerk. Een persoon is hier aan die woord ten behoeve van die hele verbondsgemeenskap.

Die plasing van die kort gedig hier volg op die terugkeer van die verbondsvolk uit ballingskap soos gemeld in 11:11-16. Ook die groot doel van ‘n teologie oor nasies se leer ken van JHWH en hul koms na Hom toe, moet hier nie uit die oog verloor word nie (vgl. 2:2-4; 11:10; 12:4-6).

☐ **OAV “En in dié dag”
 NAV, CUMs “Op daardie dag”
 NASB “on that day”**

So klink die idiomatiese spreekwyse waarmee aangedui word dat JHWH handelend in die geskiedenis teenwoordig is, hetsy in huidige tyd of eindtyd (eskatologies). Vir sommige ‘n tyd van oorwinningsvreugde, maar vir ander ‘n tyd van oordeel en verwerping! Verbondsongehoorsaamheid het effek vir tyd en ewigheid!

Aangesien hierdie frase in verse 1 en 4 voorkom, is dit nie uitgesluit dat hier twee lofliedere opgeteken is nie (vgl. JB).

☐ **OAV, CUM-NLV “Dank die HERE”
 NAV, CUM-MVB “Loof die Here”
 NASB “I will give thanks”**

Basies beteken hierdie WERKWOORD “om te gooi” of “om te werp” (BDB 392, KB 389 II, *Hif’il*-IMPERFEKTUM, KOHORTATIEF aangewend). Veral in die Pss. dien hierdie *Hif’il*-vorm om “bely” of “loof” aan te dui. Dit word in Jes. 12:1,4; 25:1; 38:18,19 aangetref.

☐ **OAV, CUM-NLV “die HERE”
 NAV, CUM-MVB “die Here”
 NASB “O LORD”**

Sien Vir Spesiale Aandag: Name van die Godheid by 1:1.

☐ **OAV “dat U toornig op my gewees het”
 NAV, CUMs “U was kwaad vir my”
 NASB “although you were angry with me”**

Hieruit blyk JHWH se reaksie omdat sy verbondsliefde herhaaldelik teengestaan is (40:1-2; 54:8; e.a.p.) God se toorn is vir baie Bybellesers moeilik begrypbaar. Vir my is ‘n vergelyking van Deut. 5:9 en 7:9 ‘n hulp in die verband. God se toorn moet as ‘n vaderlik-dissiplinêre optrede beskou word (vgl. Heb. 12:5-13).

☐ **OAV “u toorn is afgewend”
 NAV, CUM-MVB “maar U is nou nie meer kwaad nie”
 CUM-NLV “maar nou troos U my”
 NASB “Your anger is turned away”**

Hierdie WERKWOORD (BDB 996, KB 1427, *Qal*-JUSSIEF) word dikwels op menslike vlak vertaal met “berou hê”. Daar is ‘n manier waarop JHWH ook van gedagte verander jeens sy verbondsvolk (vgl. Hos. 11:8-9). Dit volg gewoonlik op sy volk se belydenis en inkeer. Alhoewel, wat die NT betref (die nuwe verbond Jer. 31:31-34; Eseg. 36: 22-38), is dit God se genade en barmhartigheid wat Hom motiveer, ongeag ‘n gevalle mensheid se onvermoë om self daaraan iets te doen!

☐ **OAV “en U het my vertrous”
 NAV, CUM-MVB “en U het vir my uitkoms gegee”
 CUM-NLV “maar nou troos U my”
 NASB “And you comfort me”**

Hierdie WERKWOORD (BDB 636, KB 688, *Pi’el*-IMPERFEKTUM) beteken “op gemak stel” of “vertrous” (vgl. 22:4; 40:1; 51:3,12,19; 61:2; 66:13). Na oordeel kom vertroosting; na dissiplinering, word die verhouding herstel! Vir wederstrewiges en sondaars is daar hoop in die onveranderlik genadige karakter van JHWH (vgl. Mal. 3:6).

12:2 OAV “Ja, God is my heil”

NAV, CUM-MVB “God is my redder”
CUM-NLV “God het my kom red”
NASB “God is my salvation”

Daar is in hierdie reël poësie nie ‘n WERKWOORD nie, wat die gedagte beklemtoon. Vir die term “verlossing” (BDB 447) sien *Vir Spesiale Aandag* by 33:2.

☐ **OAV** “ek sal vertrou”
NAV, CUMs “Ek vertrou Hom”
NASB “I will trust”

Hierdie WERKWOORD (BDB 105, KB 120, *Qal*-IMPERFEKTUM) dat iets ferm is en betroubaar. Letterlik, dat jy met jou gesig op die grond kan val daarvoor. Dié WERKWOORD gee uitdrukking aan ‘n absolute vertroue op God (vgl. 26:3,4; Ps. 78:22).

☐ **OAV** “en nie vrees nie”
NAV, CUMs “Ek is nie meer bang nie”
NASB “and not be afraid”

Hierdie WERKWOORD (BDB 808, KB 922, *Qal*-IMPERFEKTUM) is die teenoorgestelde van “vertrou” (vgl. Deut. 28:66; Jes. 44:8,11). Omdat hulle JHWH vertrou, is daar geen rede meer om sy toorn te vrees nie, maar word eerder op sy beloftes en verbond van liefde staatgemaak (1 Joh. 4:17-18).

☐ **OAV** “die Here Here”
NAV “Die Here my God”
CUM-MVB “Die Here my Here”
CUM-NLV “Die HERE”
NASB “the LORD GOD”

“Hierdie twee benaminge van die Godheid is basies identies. ”

1. J^aH (יהוה) BDB 219 ‘n afkorting vir JHWH, vgl. Eks. 17:16; Ps. 118:14; Jes. 26:4; 38:11)

2. JHWH (יהוה) BDB 217, Jahweh.

Vir ‘n volledige bespreking in verband met teorieë rondom die WERKWOORD “om te wees” (as basiese woordstam vir die Godsnaam), sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:1

☐ **OAV** “my krag en my psalm”
NAV “my krag en my beskerming”
CUM-MVB “my krag en my lied”
CUM-NLV “my krag en my lied”
NASB “my strength and song”

Soos in 12:2a is daar geen WERKWOORD saam met hierdie twee NAAMWOORDE nie. Die NAAMWOORDE is deur die Masoretiese geleerdes van puntuasie (vokale) voorsien.

1. “krag”, BDB 738, beskryf die “Dienskneg” van 49:5 en Israel se lof in Ps. 81:1

2. “lied”, BDB 274 (I); dieselfde twee NAAMWOORDE kom voor in Moses se oorwinningslied in Eks. 15:2 en in Ps. 118:14

Die betekenis van die tweede NAAMWOORD (*zimrāh*) is onseker (BDB 275 (II))

1. ‘n lied (NASB, NKJV, NJB, Pesjitta, OAV, CUMs (BDB 274 (I), KB 274 (I))

2. krag, NRSV, TEV, JPSOA, (KB 274 (II))

3. die LXX het “my heerlikheid en my lof”

4. die REB het “my toevlug en beskerming”, (vgl. NAV)

5. dieselfde woordstam (*zimrat* – konstruktus) kom voor in Gen. 43:11, waar dit vertaal word met “vat van die beste wat ons land het” (NAV)

☐ Dit is opmerklik dat reël 1 iets as afgehandel beskou (gered!) wat volgens reël 4 aan die gebeur is (redding geword) – CUM-NLV. Hebreeuse poësie is dubbelsinnig. Sien die inleidende gedeelte oor Hebreeuse digkuns.

12:3 Die WERKWOORD impliseer twee metafore.

1. God se gawe van lewegewende water, so belangrik vir mense wat bestaan maak uit landbou en lewende hawe. Genoeg water is as ‘n seën van die Here beskou (vgl. Deut. 27-29)

2. Verlossing en uitkoms is ‘n “oorvloedige bron” en gawe van God (vgl. 48:18; Ps. 36:9; Jer. 2:13; 17:13).

☐ **OAV, NAV, CUMs** “julle”
NASB “you”

Die ENKELVOUD van verse 1-2 verander na die MEERVOUD om die kollektiewe aard van die vreugde te kenne te gee.

12:4-6 Hierdie verse dui aan hoe dankbaarheid en vreugde tot uiting moet kom (vers 6b) en hoekom (vgl. 4-6):

1. wees dankbaar! – BDB 392, KB 389, *Hif'il*-IMPERATIEF, vgl. vers 1 (in aanbidding)
 2. roep sy naam aan! – BDB 894, KB 1128, *Qal*-IMPERATIEF (in aanbidding)
 3. maak sy daad onder die volke bekend! – BDB 393, KB 390, *Hif'il*-IMPERATIEF
 4. herinner hulle dat sy naam verhewe is! – BDB 269, KB 269, *Hif'il*-IMPERATIEF
 5. loof die Here in sang (lied) – BDB 274 (I) BDB 274, KB 273, *Pi'el*-IMPERATIEF (in aanbidding)
 6. laat dit oor die hele aarde bekend word! – *Ketiv* (geskrywe), BDB 393, KB 390, *Pual*-DEELWOORD; *Qere* (hoe gelees moet word) BDB 393, KB 390, *Pual*-DEELWOORD; *Qere* (om gelees te word as). BDB 393, KB 390, *Hofal*-DEELWOORD (Owens, *Analytical Key* het 'n *Hif'il*-DEELWOORD)
 7. roep hardop! – BDB 843, KB 1007, *Qal*-IMPERATIEF, vgl. 54:1
 8. juig en jubel! – BDB 943, KB 1247, *Qal*-IMPERATIEF, vgl. 54:1
- Let weereens op die missionêre mandaat, volke (vgl. 2:2-4; 51:4-5)!

12:4 OAV, NAV, CUM-MVB “roep sy naam aan”
CUM-NLV “prys sy naam”
NASB “call on His name”

Hierdie frase veronderstel 'n aanbiddingsgeleentheid (vgl. Gen. 4:26; 12:8; 21:33; 26:25; Eks. 34:5-7; Rom. 10:9-13). Sy Naam verteenwoordig sy persoon, sy karakter! Deur Hom aan te roep erken ons afhanklikheid van Hom, ons begeerte om soos Hy te wees en vir Hom wel aangenaam te wees. Hierdie frase dui op 'n begeerte tot vriendskap en vertroue (fellowship – vgl. Jes. 43:1; 45:3,4)!

Die NIDOTTE, vol. 4, bl. 150, het 'n uitgebreide lys met betrekking tot JHWH se naam.

1. sy naam kan geprys word (vgl. Joël 2:26)
2. dit kan geliefd wees (Ps. 5:11)
3. getuig word oor (Ps. 22:23; NAV)
4. gevrees word (Mal. 4:2)
5. kan gewag word (vgl. Ps. 52:9)
6. kan verkondig word (Jes. 12:4)
7. kan in gewandel word (Miga 4:5)
8. kan belaster word (Jes. 34:6 – NAV)
9. sy naam kan onteer word (Jer. 34:16 – NAV)
10. en oneer aangedoen word (vgl. Eseg. 36:21-23 – NAV)

Die volk van God kan oor Hom positief of negatief dink, maar hoe dink ons oor Hom (vgl. Mat. 5:13-16)?

12:6 Hierdie vers, “Hy woon tussen julle,” veronderstel die simboliek van die voetbank (footstool) van JHWH (leë troonstoel) op die ark tussen die vlerke van die Gerubs. Dit is die plek waar hemel en aarde ontmoet. Hierdie beskrywing is 'n parallel van die kind se naam, “Immanuel” wat God-met-ons beteken. Daar is geen groter seën denkbaar as die teenwoordigheid van JHWH en 'n persoonlike verhouding met Hom nie.

■ **OAV, NAV, CUM-MVB “die Heilige van Israel”**
CUM-NLV “die Heilige Een van Israel”
NASB “the Holy One of Israel”

Sien die aantekeninge by 1:11 en 24.

JESAJA 13

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Prophesies About Babylon	Proclamation Against Babylon	Oracles Against Foreign People (13:1-23:18)	God will Punish Babylon	Against Babylon	Teen Babel
13:1-5 (2-5)	13:1 13:2-3 (2-3)	13:1 13:2-3 (2-3)	13:1 13:2-3	13:1 13:2-22 (2-22)	13:1-5
Judgement on the Day of the LORD	13:4-5 (4-5)	13:4-5 (4-5)	13:4-5		
13:6-16 (6-16)	13:6-16 (6-10)	13:6-22 (6-22)	13:6-10		13:6 (6) 13:7 (7) 13:8 (8) 13:9-22
	13:11-16 (11-16)		13:11-13		
Babylon Will Fall to the Medes			13:14-16		
13:17-22 (17-22)	13:17-22 (17-22)		13:17-22		

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Hoofstuk 13 dra kenmerke van verdeling in Jesaja wat strek vanaf hierdie hoofstuk en reik deur hoofstuk 21:17 tot en met 23:1-8. Die gedeelte is gerig en oordeel oor omringende nasies. Dit is 'n genre op sy eie. Dit stem ooreen met gedeeltes soos Jeremia 46-51; Esegïël 25-32; Amos 1-2; Obadja, Nahum en Sefanja 2.
- B. JHWH rig Hom tot die omringende nasies, grotes en kleines, deur sy profeet. Dit is boodskappe wat hulle nooit sal hoor of op reageer nie, maar wat bloot JHWH se verklaring is dat Hy universeel regeer(2:1-4; 9:7; 11:9)! Hy is die Koning van die aarde, die Here van die skepping (vgl. LXX 32:8).
- C. Die nasies tot wie Hy Hom rig, is
 1. Babilonië of Assirië, waarvoor hy die Babiloniese koningshuis (by wyse van spreke verkies; vgl. 13:1-14:23)
 2. Assirië, 14:24-27
 3. Filistea, 14:28-32

4. Moab, 15:1-16:14
5. Sirië, 7:1-3
6. Israel, 17:4-14
7. Ethiopië, (Kus)
8. Egipte, 19:1-25; 20:1-6
9. Babilon, 21:1-10
10. Edom, 21:11-12
11. Arabië, 21:13-17
12. Jerusalem, 22:1-25
13. Tirus, 23:1-18

U sal opmerk dat Assirië hier in 14:24-27 op die konteks skynbaar inbreuk maak. Dit is verrassend dat

1. Babilon as probleem nommer een genoem word terwyl dit in Jesaja se tyd eintlik Assirië was.
2. Babilon kom dan weer aan die beurt in 21:1-10
3. In die genoemde deel (14:24-27) kom Assirië heel bondig aan die orde sonder verwysing na 'n "uitspraak van."

Een benadering om die problem te hanteer, is om te aanvaar dat die hele gedeelte vanaf 13:1 tot by 14:24-27 op Assirië gerig was. Assirië het Babilonië in 689 vC. algeheel onderwerp. Daarmee het die Assiriese konings ook "koning van Babilon" geword. As dit korrek is het nie die latere Babilon van Nebukadneser voor Assirië geswig nie, maar die vroeë Babilon van Merodag-baladan in 729 vC. Later (689 vC.) is die hoofstad van Babilon geplunder en verwoes. Die NASB Studiebybel (bl 976) meld in 'n aantekening dat daar nie 'n nuwe uitspraak of opskrif by 14:24 gevind word nie, wat daarop neerkom dat dit een literêre eenheid vorm met 13:1-14:24.

Dat die "Meders" in vers 17 genoem word, skep egter 'n probleem. Hulle het die "Nuwe" Babilon in 539 vC. verwoes. Neem wel in ag dat met die verswakking van Assirië in 660 onder Assurbanipal 'n opstand-ooreenkoms tussen Medië en Babilon daartoe gelei het dat Assirië in 612 vC. finaal voor die koalisie (Medië en Babilon) geswig het.

D. Hierdie is die regte plek om daarop te let hoedat die poëtiese gedeeltes oorsake van EERSTE PERSOON (die profeet spreek namens God) na DERDE PERSOON (die profeet spreek oor God).

1. verse 1-3, eerste persoon
2. verse 4-10, derde persoon
3. 11-16, eerste persoon
4. 17-18, eerste persoon
5. 19-22, derde persoon

Maar dan laat blyk verse 13 en 19 ook weer hoe moeilik dit is om 'n vaste struktuur te bepaal. Op 'n volkome vry wyse beweeg die profeet in die struktuur om die boodskap "poëties" oor te bring (woordspel, inkonsekwentheid in versnitme, seldsame woorde, wisseling eerste/derde persoon).

WOORD EN FRASE STUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 13:1-16

¹The oracle concerning Babylon which Isaiah the son of Amos saw.

²Lift up a standard on a bare hill,

Raise your voice to them,

Wave the hand that may enter the doors of the nobles,

³I have commanded my consecrated ones

I have even called My mighty warriors

My proudly exulting ones,

To execute My anger.

⁴A sound of tumult on the mountains

Like that of many people!

A sound of uproar of kingdoms,

Of nations gathered together!

The LORD of hosts is mustering the army for battle.

⁵They are coming from a far country,

From the farthest horizons,

The LORD and His instruments of indignation,

To destroy the whole land.

⁶Wail, for the day of the LORD is near!

It will come as destruction from the Almighty.

⁷Therefore all hands will fall limp,

And every man's heart will melt.

⁸They will be terrified,

Pains and anguish will take hold of them;

They will writhe like a woman in labor,

They will look at one another in astonishment,
 Their faces aflame,
⁹Behold, the day of the LORD is coming,
 Cruel with fury and burning anger,
 To make the land a desolation;
 And He will exterminate its sinners from it.
¹⁰For the stars of heaven and their constellations
 Will not flash forth their light;
 The sun will be dark when it rises
 And the moon will not shed its light.
¹¹Thus I will punish the world for its evil
 And the wicked for their iniquity;
 I will also put an end to the arrogance of the proud
 And abase the haughtiness of the ruthless.
¹²I will make mortal man scarcer than pure gold
 And mankind than the gold of Ophir.
¹³Therefore I will make the heavens tremble,
 And the earth will beshaken from its place
 At the fury of the LORD of hosts
 I the day of His burning anger.
¹⁴And it will be that like a hunted gazelle,
 Or like sheep with none to gather them,
 They will each turn to his own people
 And each one flee to his own land.
¹⁵And anyone who is found will be thrust through,
 And anyone who is captured will fall by the sword.
¹⁶Their little ones will be dashed to pieces
 Before their eyes;
 Their houses will be plundered
 And their wives ravished.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 13:1-16.

13:1	OAV	“Godspraak”
	NAV, CUM-MVB	“Uitspraak”
	CUM-NLV	“boodskap”
	NASB, NRSV, REB	“oracle”
	NKJV	“burden”
	TEV	“a message”
	NJB	“proclamation”
	LXX	“a vision”
	Pesjitta	“the prophecy”

Hierdie term (BDB 672, KB 639) kan ‘n “las” of “vrag” beteken. Dit word elf keer in hierdie gedeelte (13-23) gebruik (BDB 672 III) deur Jesaja gebruik om die toekomstige oordeel oor die nasies rondom Israel uit te spreek. Die woord kan bloot beteken

1. ‘n stem verhef om ‘n boodskap oor te dra
2. ‘n boodskap wat deur iemand aan ‘n ontvanger oorgedra word
3. ‘n gewigtigheid wat met ‘n oordeelsuitspraak gepaard gaan

☐	OAV, NAV, CUMs	“Babilon”
	NASB	“Babylon”

Dit was ‘n ryk in die Vruggbare Halfmaan wat Israel se bestaan terdeë geraak het. Die eerste groot wêreldmag wat Israel se posisie erg beïnvloed het, was Assirië, daarna Neo-Babilon en uiteindelik die Mede en Perse. Babilon dien in die Bybel as simbool van verdrukking en wreedheid (Vgl 1 Pet 5:13; Openb 14:8; 16:9; 17:5). Die val van antieke Babilon word in 13:1-14:23 bekendgemaak en die Nuwe Babilon in 21:1-10. Sien die aantekening (C), tweede paragraaf, in die inleidende opmerkings oor insig uit die konteks van hoofstuk 13 hierbo.

☐	OAV	“Jesaja die seun van Amos gesien het”
	NAV	“Jesaja seun van Amos geopenbaar is”
	CUM-MVB	“aan Jesaja seun van Amos bekend gemaak is”
	CUM-NLV	“Jesaja, seun van Amos het. . .gekry”
	NASB	“which Isaiah son of Amos saw”

Die tydgenootlike vyand van Israel en Juda was Assirië. Maar as profeet van God het hy insig ontvang (“gesien het” OAV; BDB 302, KB 301, Qal PERFECTUM, vgl. 1:1; 2:1; 13:1; Amos 1:1; Miga 1:1; Hab 1:1) wat betref die toekomstige ondergang van die ou Babilon, Assirië en die nuwe Babilon onder die opkoms en aanslag van Kores, die

Grote (vgl. v17, 44:28-45:1). Diegene wat voorspellende profesie ontken vertoon 'n voorveronderstelling wat hulle Skrifinterpretasie sal affekteer. Sien in die "Insig uit Konteks" par. C hierbo meer in dié verband.

Voorspellende profesie is die belangrikste bewysvoering ten opsigte van 'n unieke, bo-natuurlik, geïnspireerde Bybel. Raadpleeg die preke "The Trustworthiness of the Old testament" en "The Trustworthiness of the New Testament" aanlyn by [y](#) in die "Video Sermons" afdeling onder "Lakeside Baptist Church."

13:2 Hiermee word die opmars van 'n magtige leeroffensief beskryf (vgl. v.9). Uit vers 17 weet ons dat dit die magte van (1) Assirië of (2) die Mede en Perse onder Kores II moet wees, deur God gebruik om "Ou" of die "Nuwe" Babilonië te verslaan.

- ▣ **OAV** "Hef op 'n banier op 'n kaal berg"
- NAV, CUMs** "Hou 'n vaandel op bo-op 'n kaal heuwel"
- NASB** "Lift up a standard on a bare hill"

Dit beskryf hoe leërs in antieke tye gekommunikeer het.

1. baniere en vlae op plekke goed sigbaar, vgl. 5:26; 31:9; jer 51:12
2. uitroepe (fluit 5:26)
3. handgebare, 10;32;19:16

Daar is 'n reeks bevele (IMPERATIEF) om JHWH se wil uit te druk

1. lig op! – BDB 669, KB 724, *Qal* IMPERATIEF
2. hou omhoog! – BDB 926, KB 1202, *Hif'il* IMPERATIEF
3. beduie! – BDB 631, KB 682, *Hif'il* IMPERATIEF
4. gaan in! – BDB 97, KB 112, *Qal* IMPERFEKTUM, maar in JUSSIEF gebruik; die NEB het vokale verander en vertaal dus "trek julle swaarde, julle edeles!"

- 13:3** **OAV** "Ek self het my geheiligdes ontbied"
NAV, CUM-MVB "Ek, die Here, het soldate in diens geneem"
CUM-NLV "Ek, die HERE het hierdie taak vir die leër opgelê"
NASB "I have commanded my consecrated ones"

God is in beheer van di geskiedenis! Hierdie Mediër-soldate is nie in 'n morele of godsdienstige sin "geheilig" nie. Onwetend is hulle deur God "afgesonder" ("geheilig," "opsy gesit," BDB 872, KB 1073, Pual DEELWOORD om sy opdrag uit te voer. Hierdie gedagtes is ook gangbaar in Kores (Cyrus) wat as "herder" aangestel was (vgl. 44:28) en 'n "gesalfde" is (45:1).

Die *Jewish Study Bible* met voetnote wat na JPSOA verwys, bevind dat "my geheiligde" (d.w.s. "my geordende/gelouterde") 'n sinspeling is op gaste wat aangesê word om hulle seremonieel vir 'n offermaaltyd voor te berei (bl 809).

'n Ander moontlikheid is dat hierdie gedig uitdrukking gee aan "Heilige Oorlog" en daarom in hierdie vers sodanige terminologie gebruik; indien so, kan "geheiligdes" op engele sinspeel (Jos 5:13-15).

13:4 Wat hier opklink, is die geluide van oorlog en oorwinning

13:5 JHWH bring groot leers van "huursoldate" uit die Vrugbare Halfmaan om sy volk in Kanaan te straf (vgl. 5:36; 7:18).

- ▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** "hulle kom uit 'n ver land"
- CUM-NLV** "hulle kom van veraf lande"
- NASB** "farthest horizons"
- NKJV, Pesjitta** "the end of heaven"
- NRSV** "the end of the heavens"
- TEV** "the ends of the earth"
- NJB** "from the far horizons"
- LXX** "from the utmost foundation of heaven"

Die NRSV is vertaal die letterlikste van almal. Dit dui op die plek waar die son opkom, d.w.s die ooste, die geweste waar die Mesopotamiese magte hulle bevind.

- 13:6** **OAV** "Huil, julle"
NAV, CUM-MVB "Huil"
CUM-NLV "Skreeu van angs"
NASB "wail"

Hierdie term (BDB 410, KB 413, *Hif'il* IMPERATIEF) dui op geweene en huil. Oosterlinge gee veel meer uitdrukking aan gevoelens as westerlinge. Hierdie term kom dikwels in Jesaja voor (vgl. 13:6; 14:31; 15:2,3; 16:7 [twee keer]; 23;1,6,14; 52:5; 65:14) en ook in Jeremia (vgl. 4:8; 25:34; 47:2; 48;20,31,39; 49:3; 51:8).

- ▣ **OAV** "want die dag van die HERE is naby"
- NAV, CUM-MVB** "want die dag van die Here is naby"
- CUM-NLV** "want die HERE se tyd het gekom"

NASB "for the day of the LORD is near"

God, die Skepper, is moreel en eties. Hy benader sy skepping en skepsels volgens die eise van sy karakter of aard. Soms tree Hy goedkeurend en seenend op, maar ander kere, soos in hierdie geval, tree Hy oordelend op (vgl. Deut 27-29). Alle moreel verantwoordbare mense moet in die tyd en eskatologies (die eindtyd) rekenskap gee aan die Een wat die lewe aan hulle toevertrou het (Mat 25:31-46; Openb 20:11-15)!

■ **OAV, NAV, CUM-MVB** "die Almagtige"
CUM-NLV "die Magtige van die hemelse leër"
NASB "The Almighty"

Dit is in Hebreeus die titel *Sjaddai*. So was JHWH bekend aan die Patriarge (vgl. Eks 6:3). Sien *Vir Spesiale Aandag: Name van die Godheid* by 1:1. Daar is klankspel aanwesig (BDB 994) tussen *sjādad* (שָׁדָד , verwoesting) en *sjaddai*, die Almagtige (BDB 994- שָׁדָד)! Let op die ooreenstemming met Joël 1:15.

13:7-8 Die toetrede van JHWH sal sekerlik vreesaanjaend wees.

1. "huil," v 6
2. "al die hande word slap," v7—OAV
3. "selfs die sterkstes se harte smelt inmekaar van vrees,"(CUM-NLV)
4. "hulle sal skrikbevange raak," v8 NAV
5. "krampe en pyne sal hulle oorval", v 8 NAV
6. "soos een wat baar," v8 OAV
7. "hulle kyk hulpeloos vir mekaar", v8 CUM-NLV
8. "vlamme van die brandende stad op hulle gesigte weerkaats," vers 8, CUM-NLV

13:9 Hierdie vers beskryf wat die dag van die HERE vir sondaars inhou (vgl. v 10). 'n verlate, onbewoonde stuk aarde is presies teenoorgesteld wat God met sy skepping bedoel het (Gen 1-2).

13:10 JHWH se toetrede tot sy fisiese skepping lei tot gebeure in die natuur. Soms word na sulke reaksie in die natuur as "apokalipties" verwys, maar in die profete is hulle metafories bedoel en die betiteling apokalipties is daaraan toegeskryf in die tussen-Testamente tydperk en in die NT.

1. sterre en die sterrebeelde sal ophou skyn (v 10)
2. die son en die maan verdonker (v10)
3. die hemele word geskud en sidder (lg. OAV)
4. die aarde sal uit sy plek geruk word (v 13 NAV)

Die hemele wat die woonplek van God is, verdonker en boesem vrees in (vgl. Eseg 32:7; Joël 2:10,31; 3:15; Mat 24:29; Openb 6:12-13). Maar 'n nuwe lig is aan die kom (vgl. 2:5; 9:2; 60:1-3,19,20)!

13:11 **OAV, CUM-NLV** "die wêreld"
NAV, CUM-MVB "die land"
NASB "the world"

Hierdie is 'n digterlike sinoniem vir arets (אֲרָצָה, BDB 385, "land", "aarde", vgl. 14:21; 24:4; 34:1). Dit kan 'n stelling in oordrywende taalgebruik wees (hiperbolies), of dalk nie (vgl. 24:4; 34:1), maar dit gee wel uitdrukking aan die teologiese konsep dat JHWH die Skepper is in beheer van hierdie planeet!

Let daarop hoe die mensdom geëtiketteer:

1. boos
2. sleg
3. hoogmoedig en verwaand (NAV)
4. die hoogmoed van tiranne (OAV)

Dieselfde gesindhede was egter by die verbondsvolk ook aan die orde (vgl. 2:9, 11, 17; 5:15!) Die dodelike tentakels van selfsug en sonde, na die Sondeval, is oral aanwesig!

13:12 **OAV, NAV, CUMs** "Ofir"
NASB "Ophir"

Geografies word hiermee die suidelike dele van Arabië bedoel. Die insinuasie is derhalwe dat mense nog in lewe baie skaars sal wees op die oordeelsdag.

13:14-16 Dit is 'n skerp tekening van die verskrikkinge wat met die inval gepaard sal gaan.

1. soos 'n ribbok wat opgejaag is (v 14, NAV)
2. soos kleinvee wat niemand bymekaarmaak nie (OAV)
3. op pad na hulle eie lande toe (CUM-NLV)
4. wie gevang word, sal doodgesteek word (NAV)
5. elkleen wat gegryp word, val deur die swaard (OAV)
6. hulle kinders word voor hulle oë verpletter (OAV)
7. hul huise geplunder (OAV)

8. hulle vroue verkrag (CUM-NLV, NASB: “ravish”)

Oordeel vanweë invallers, is ‘n skrikwekkende ervaring. Hierdie oorlogsgugtige nasies het so teen Israel opgetree en word nou in eie munt terugbetaal (vgl. Ps 137: 8-9). Die ergste van hierdie geweldadige nasies was juis Assirië.

13:16 ‘n Voetnoot van die Masoretiese Tekst suggereer dat die WERKWOORD “ravish (NASB) as Qere beskou moet word, d.w.s. gelees moet word as “be lain with” (BDB 993, KB 1415, Nifal IMPERFEKTUM, vgl. Deut 28:30; Jer 3:2; Sag 14:2).” Vgl ook die LXX, Lev 15:20; Deut 22:27; Miga 7:5.

NASB (HERSIENE) TEKS: 13:17-22

¹⁷Behold, I am going to stir the Medes against them,
Who will not value silver or take pleasure in gold
¹⁸And their bows will mow down the young men,
They will not even have compassion on the fruit of the womb,
Nor will their eye pity children.
¹⁹And Babylon, the beauty of kingdoms, the glory of the Chaldeans’ pride,
Will be as when God overthrew Sodom and Gomorrah.
²⁰It will never be inhabited or lived in from generation to generation;
Nor will the Arab pitch his tent there,
Nor will shepherds make their flocks lie down there.
²¹But desert creatures will lie down there,
And their houses will be full of owls;
Ostriches also will live there, and shaggy goats will frolic there.
²²Hyenas will howl in their fortified towers
And jackals in their luxurious palaces.
Her fateful time also will soon come
And her days will not be prolonged.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 13:17-22.

13:17 OAV “die Meders”
NAV, CUMs “Die Mediërs”
NASB “the Medes”

Hierdie was ‘n ander groot nasie in die Vrugbare Halfmaan wat noord en oos van Assirië gewoon het. Hulle het eers met Ou-Babilon in alliansie getree, maar later is hulle in die Persiese Ryk onder Kores II (Cyrus II) opgeneem (vgl. 44:28; 45:1; Jer 51:11).

▣ OAV “wat silwer nie ag nie en in goud geen behae het nie”
NAV, CUM-MVB “hulle gee nie om vir silwer nie en is nie erg oor goud nie”
CUM-NLV “geen bedrag silwer of goud kan hulle omkoop nie”
NASB “Who will not value silver or take pleasure in gold”

Hierdie leëmag was so op vergelding ingestel dat geen poging om hulle om te koop sou slaag nie!

13:18 OAV “vrug van die moederskoot”
NAV, CUM-MVB “met babas. . kinders”
CUM-NLV “hulpelose babas. . kinders”
NASB “the fruit of the womb”

Dit dui op ongebore babas en hulle moeders of op moeders van jong kinders

▣ OAV “oog”
NAV, CUM-MVB “nie verskoon nie”
CUM-NLV “geen genade”
NASB “eye”

Dié uitdrukking gee aanduiding van iemand se gesindheid of optrede (vgl. Deut 7:16; 13:8; 19:13; eseg 7:4; 16:15; 20:17). Hier dui dit aan dat die invallers geen genade sal betoon nie, nie eers aan kinders nie! Hierdie reël in die gedig het ‘n parallel in ‘n reël hierbo.

Die Mediër-soldate het geen meegevoel of jammerte betoon nie (Jer 6:23; 21:7; 50:42).

13:19 Babilon se kultuurskoonheid en gekunsteldheid was beroemd (bv. Daniël 4 in Neo-Babilon). Maar dit alles was bestem om verlore te gaan as gevolg van groot verwoesting. Dit is egter nie uitgesluit dat Babilon so radikaal verwoes is in die Assiriese tyd nie en dan het dit onder Sanherib in 689 vC. plaasgevind.

▣ OAV “Chaldeërs”
NAV, CUM-MVB “Galdeërs”
CUM-NLV “Galdese kultuur”

NASB “Chaldeans”

Dit was die naam van ‘n stam van suidelike Babilon en het later sinoniem geword vir latere nasies in Neo-Babilon woonagtig, o.a. Nebukadneser. Vir meer konnotasies gekoppel aan die term kan Dan. 1:24 geraadpleeg word.

■ **OAV, NAV, CUMs “Sodom en Gomorra”**
NASB “Sodom and Gomorrah”

Dit was twee stede van verval in boosheid van ernstige aard. God het hulle met vuur en swavel verwoes (vgl. Gen 19:24-28; Deut 29:23)..

13:20-22 Hierdie is oordrywende taalgebruik (hiperbool) ; vgl. die Sumeriese weeklagte oor Ur en die visioene van Nefertiti oor die ou Egiptiese Koninkryk. Die stad het geval met totale vernietiging in Merodag-baladan se tyd. Toe weer voor die Mede en Perse in 539 vC. , maar hierdie keer sonder verskroeiende aarde.

Die boek wat my werklik gehelp het om oosterse profetisme en apokaliptiese literatuur te verstaan, is D.Brent Sandy, *Plowshares and Pruning Hooks: Rethinking the Language of Biblical Prophecy and Apocalyptic*.

13:20 Die verwoesting was so volledig dat

1. dit onbewoond vir geslagte lank was
2. Arabiere daar nie sou kamp opslaan nie
3. skaaptroppe daar nie gewei het nie
4. ruïnes deur wilde diere beset is (en moontlik demone, vgl. vv 21-22; 34:13-15; Openb 18:2)
5. dit nie meer ‘n nasionale selfstandigheid was nie

Daarmee blyk dit dat dit hier eerder om Ou-Babilon gaan as die Nuwe Babilon. Die mediers het hulle alliansie met Merodag-baladan verbreek en met die Assiriërs saamgestaan om die hoofstad van Babilon in 689 vC. te verwoes.

JESAJA 14

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Israel's Taunt	Mercy on Jacob	The Return from Exile	The Return from Exile	The End of the Exile	
14:1-2	14:1-2	14:1-2	14:1-2	14:1-2	14:1-4b
	Fall of the King of Babylon	"How are the Mighty Fallen"	The King of Babylon in the World of the Dead	The King of Babylon in the World of the Dead	
14:3-23 (3-21)	14:3-4a	14:3-11	14:3-4a	14:3-4a	
	14:4b-8 (4b-8)	(4b-11)	14:4b-8	(4b-8)	14:4b-6 14:7-8
	14:9-11 (9-11)		14:9-11	14:9-15 (9-15)	14:9 14:10 14:11-12
	The Fall of Lucifer				
	14:12-15 (12-15)	14:12-20a (12-20a)	14:12-15		14:13-17
	14:16-17 (16-17)		14:16-17	14:16-21 (16-21)	
	14:18-21 (18-21)		14:18-21		14:18-20 14:21-23
	Babylon Destroyed	14:20b-21 (20b-21)	God Will Destroy Babylon		
	14:22-23 (22-23)	14:22-23	14:22-23	14:22-23	
Judgment Assyria	on Assyria Destroyed	Against Assyria	God Will Destroy the Assyrians	Against Assyria	Teen Assirië
14:24-27	14:24-27 (24-27)	14:24-27 (24-27)	14:24-27	14:24 (24) 14:25 (25) 14:27 (27)	14:24-27
	Philistia Destroyed	Against Philistia	God Will Destroy the Philistines	Against Philistines	Teen die Filistyne
14:28	14:28-31	14:28-31	14:28	14:28	14:28 (28)
Judgment Philistia	on				
14:29-32 (29-32)	(29-31)	(29-31)	14:29-30	14:29 (29) 14:30-31 (30-31)	14:29-32
	14:32 (32)	14:32 (32)	14:31 14:32	14:32	

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklarings. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Daar was vele menings oor die verband tussen 14:12-21 en Satan. Vir my wil dit voorkom of ons die historiese konteks en die spesifieke literêre benadering van Jesaja ernstig moet neem. Daarmee bevestig ons dat oorspronklik hiermee die koning van Babilon bedoel was (of konings van Assirië na Assurbanipal). Nietemin, die probleem van die koning van Babilon was, soos die geval was met alle skepsels wat oor selfbewussyn beskik, sy hoogmoed. Met 'n terugblik op Gen 3;5 word dit duidelik hoe graag die mens soos God wou wees! Die sonde het nie net die wêreld van mense affekteer nie, maar ook dié van engele (vgl Dan 4; 11:36; Eseg 28:13 vv; 2 tes 2:4). Vir my lyk dit of Babilon in bybelse taal 'n vorm van algeheel godloos-gesekulariseerde regering was (vgl Openb 14:8; 16:9; 17:5; 18:2,10,21). Die koning is 'n tipe van leierskap uit die bose. Die slegte konings uit die wêreld van die Ou Testament was deur hulle nasionale gode geïnspireer (vgl Dan 10: 13, 20). Uit die NT kom ons te wete van persoonlike mag agter die kwaad, naamlik Satan. Die veronderstelling dat hierdie hoofstuk na satan verwys, volg uit
1. Hieronimus se Vulgaat (Latyn) wat vers 12 met "Lusifer" vertaal het
 2. Tertulianus en Gregorius die Grote wat 'n verband tussen hierdie beskrywing en Luk 10:18 gesien het
 3. Ook het hierdie gedeelte as agterdoek vir Dante se *Inferno* en Milton se *Paradise Lost* gedien.
- B. Sien die *Vir Speciale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: SATAN

Hierdie is 'n moeilike onderwerp om 'n verskeidenheid van redes.

1. Die OT openbaar nie 'n aartsvyand teen die goeie nie, maar 'n dienskneg van JHWH wat die mensdom 'n alternatief aanbied en van onopregtheid beskuldig.
2. Die konsep van 'n persoonlike aartsvyand van God het gedurende die tussenstadium van nie-kanoniese literatuur, onder invloed van Persiese godsdiens (*Zoroastrianisme*) ontwikkel. Dit het ook die Judaïsme van die rabbyne beïnvloed.
3. Die NT volg die OT gedagtes verbasend sterk, maar in selektiewe kategorieë.

Benader 'n mens die bestudering van die bose uit perspektief van Bybelse teologie, sodat 'n mens elke boek of skrywer se idee afsonderlik kry, kom erg verskillende beskouinge na vore.

Sou ons die studie van die bose vanuit 'n nie-bybelse oogpunt, of vanuit wêreldgodsdienste, of oosterse godsdienste benader, dan sien ons baie van die ontwikkeling in die NT is deur Persiese dualisme en Grieks-Romeinse spiritualiteit voorafgegaan.

As 'n mens dan tot die vooronderstelling verbind is dat die Skrif met goddelike gesag spreek, kan 'n mens nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te kom dat voortgaande, progressiewe openbaring in die NT aan die orde is. Christene moet op hul hoede wees vir die gevaar dat Joodse oorleweringe of westerse literatuur (bv Dante of Milton) inhoud opdring aan die bybelse konsep. Daar is sekerlik misterie en meerduidigheid in hierdie faset van openbaring. God het verkies om nie alle aspekte van die bose te openbaar nie, byvoorbeeld die ontstaan daarvan of die doel daarvan. Wat Hy wel openbaar het, is die onderwerping daarvan.

In die OT term "Satan" (BDB 966) of aanklaer skyn daar drie verskillende groepe betrokke te wees:

1. mense as aanklaers (1 Sam 29: 4; 2 Sam 19:22; 1 Kon 11:14,23,25; Ps 109:6)
2. engele as aanklaers (Num 22:22-23; Sag 3:1)
3. demone as aanklaers (1 Kron 21:1; 1 Kon 22:21; Sag 13:2)

Eers later gedurende die intertestamentêre tyd, tussen die laaste boek van die OT en die ontstaan van die NT geskrifte, het nie-kanoniese (apokriewe) geskrifte ontstaan waarin die slang met Satan verbind word (die Boek van Wysheid 2:23-24; 2 Henog 31:3). Eers baie later het die rabbyne dié gedagte oorgeneem (vgl *Sot* 9b en *Sanh.* 29a). In 1 Henog 54:6 word die "seuns van God" (Gen 6) "engele" genoem. Ek opper dit nie as juiste teologie nie, maar bloot om die ontwikkeling aan te toon. In die NT word sulke OT aktiwiteite aan engelagtige wesens toegeskryf, dit wil sê gepersonifieerde boosheid en dit lei tot die Satan-konsep (vgl 2 Kor 11:3; Openb 12:9).

Die ontstaan van gepersonifieerde boosheid is moeilik, of onmoontlik (afhangende van u kyk op sake) aanduibaar in die OT. Een rede hiervoor is die streng monoteïsme wat in die OT aangehang word (vgl 1 Kon 22: 20:22; Pred 7:14; Jes

45:7; Amos 3:6). Alle oorsaaklikheid (inisiatief) word aan JHWH self toegeskryf, want vir Hom gaan dit om die betoning van sy uniekheid en van sy opperheerskappy (vgl Jes 43:11; 44:6, 8, 24; 45:5-6, 14, 18, 21,22).

Moontlike bronne van informasie fokus op (1) Job 1-2 waar Satan een van die “seuns van God” (dws ‘n engel) is of (2) Jes 14; Eseg 28 waar die hooghartige Nabye Oosterse konings van Tirus en Sidon as voorbeelde van Satan se hooghartigheid gebruik word (vgl 1 Tim 3: 6). Ek het gemengde gevoelens oor hierdie benadering. Esegïël gebruik Tuin van Eden metafore nie net om die koning van Tirus met Satan te assosieer nie (Eseg 28:12-16), maar ook om die koning van Egipte as die Boom van Kennis van Goed en Kwaad voor te stel (Eseg 31). In elk geval, Jes 14, spesifiek verse 12-14, beskryf skynbaar ‘n opstand van hooghartige engele. As God aan ons die karakter en ontstaan van Satan wou openbaar, sou hierdie ‘n baie indirekte manier en plek daarvoor wees. Ons moet waak teen die neiging van sistematiese teologie om klein, dubbeldoeilige (dubbelsinnige) deeltjies van die twee verskillende Testamente, van verskillende skrywers, boeke en verskillende genres bymekaar te voeg asof ons met ‘n heilige legkaart te doen het.

Ek stem met Alfred Edersheim saam (*The Life and Times of Jesus the Messiah*, vol 2, bylae XIII, bl 748-763 en XVI bl 70-776), dat die Rabbyne se oormatig deur Persiese dualisme en demoniese spekulasie beïnvloed is. Die rabbyne is nie ‘n goeie bron vir die soeke na waarheid op dié gebied nie. Jesus het radikaal afgewyk van die leringe in die sinagoges. Ek is van mening dat die rabbyne se idee van die tussenkoms en bemiddeling van engele met die ontvangs van die Wet deur Moses, én die verset daartydens, die deur geopen het vir die idee van ‘n aartsvyand-engel teenoor JHWH en die mensdom. Die twee hoogste gode van die Iraanse (Zoroastriese) dualisme, *Akhi-man* en *Ormaza*, dws “goed” en “sleg”, het gelei tot ‘n beperkte dualisme tussen JHWH en Satan in Judaïsme.

Daar is bepaald voortgaande openbaring in die NT wat die ontwikkeling van boosheid betref, maar nie so uitvoerig as wat die rabbyne te kenne wou gee nie. ‘n Goeie voorbeeld hiervan is die “oorlog in die hemel.” Die val van Satan is ‘n logiese noodwendigheid, maar geen besonderhede is geopenbaar nie. Selfs, wat geopenbaar is, word in apokaliptiese genre verpak (vgl Openb. 12:4,7,12-13). Alhoewel Satan verslaan en na die aarde uitgeban is, funksioneer hy steeds as ‘n dienkneg van JHWH (vgl Mat 4:1; Luk 22:31-32; 1 Kor 5: 5; 1 Tim 1:20).

Ons moet ons nuuskierigheid op dié gebied beteuel. Daar is ‘n persoonlike mag van verleiding en kwaad, maar daar is net een God en die mensheid bly verantwoordelik vir sy/haar keuses. Daar is geestelike oorlogvoering voor en na bekering. Oorwinning word behaal en behou in en deur die Drie-enige God. Boosheid is verslaan en sal verwyder word!

- C. Ek voel al meer ongemaklik daarmee om Jesaja 14 en Esegïël 28 as Skrifbewys vir die ontstaan en oorlewering van ‘n engel as versoeker. Ek is van mening dat ons nuuskierigheid ons daartoe dryf om konteks in die Skrif te verwaarloos. Die Bybel swyg oor ‘n menigte van die sake waarvoor ons so nuuskierig is. Sistematiese Teologie moet ernstig omgaan met eksegese! Vir goeie rede bly die geesteswêreld vir ons verborge.
- D. Vir ‘n gelykluidende konteks sien Esegïël 28 by www.freebiblecommentary.org “Old Testament Studies,” se kommentaar in skrif.
- E. Die “Jewish Study Bible, bl 812, meld dat hierdie gedig die onwaardige afsterwe van ‘n Assiriese koning beskryf ten tye van Jesaja (waarskynlik Sargon II wat in die oorlog van 705 gesneuwel het. Nuwere interpretasie is van mening dat ‘n Babiloniese koning in die voorspelling bedoel word. My mening is dat Jesaja, of ‘n leerling van hom, ‘n vroeë gedig, of die beeldspraak daarvan gebruik het, om die ondergang van ‘n reeks hooghartige, oosterse vorste, te beskryf.
- F. Dit is nie moontlik om al die historiese aanwysers in hierdie profesie logies bymekaar te bring nie. Laat ons onthou dat Hebreeuse profesie nie ‘n pad om te volg, uitstippel nie, maar slegs ‘n historiese vooruitskouing maak wat die toekoms betref. Westerlinge ondervind moeite om die beeldspraak, meerduidigheid en oordrywende spreektaal (hiperbool)reg te begryp. Sien D. Brent Sandy, *Plowshares and Pruning Hooks: Rethinking the Language of Biblical Prophecy and Apocalyptic*.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 14:1-2

¹When the LORD will have compassion on Jacob and again chose Israel, and settle them in their own land, then strangers will join them and attach themselves to the house of Jacob. ²The peoples will take them along and bring them to their place, and the house of Israel will possess them as an inheritance in the land of the LORD as male servants and female servants; and the will take their cators captive and will rule over their oppressors

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 14:1-2.

14:1 OAV, NAV, CUM-MVB “Die Here sal Hom ontferm”
CUM-NLV “Die HERE sal genade bewys”
NASB “The LORD will have compassion”

Hierdie WERKWOORD (BDB 103, 933, KB 1261 Pi‘el IMPERFEKTUM, vgl 49:13,15; 54:7-8) dui op JHWH se besondere verhouding met sy verbondsvolk (vgl Hosea 1-2), soos blyk uit “kies” (BDB 103, KB 119, Qal PERFECTUM,

vgl 41:8,944:1; 49:7). Volgens 9:17 sou God geen meegevoel met Babilon hê nie, maar dat Hy wel sy besondere verhouding met die nageslag van Abraham sou herstel.

Nadat JHWH die strydmagte uit Mesopotamië gebruik het om sy verbondsvolk te straf oor hulle ongehoorsaamheid, bring Hy 'n "nuwe uittoeg" en 'n "nuwe intog" tot stand.

■ **OAV, NAV, CUMs** "Jakob. . Israel"
NASB "Jacob. . Israel"

Hierdie twee terme sou gebruik kon wees om die Tien Noordelike Stamme sowel as die twee Suidelike Stamme in te sluit en op hulle hereniging te dui.

14:1-2 **OAV** "en die vreemdeling sal hom by hulle voeg. . en die volke"
NAV, CUM-MVB "Vreemdelinge sal hulle by hulle aansluit en hulle vereenselwig met Jakob, ander volke"
CUM-NLV "Mense van baie verskillende nasies sal kom en deel word van die volk Israel. . Die volke van die wêreld"
NASB "strangers will join them and attach themselves to the house of Jacob. . and the peoples"

Verse 1 en 2 kan op twee maniere verstaan word: (1) Of 1-2 kan verbind word om dieselfde groep te wees (vreemdelinge...volke) of (2) nie-Jode (vreemdelinge) word gesêen wat vers 1 betref en vers twee beskryf die verslaande vyande van Israel se slawediens.

Om heeltemal duidelikheid te verkry in verband met JHWH se gesindheid en aktiwiteit ten opsigte van die nasies, is in Jesaja en Miga nie maklik nie.

1. Hy het hulle lief en sluit hulle by sy verbondsvolk in (vgl 2:2-4; 11:10, Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:3)
2. Hy oordeel hulle en onderwerp hulle aan slawerny (vgl 60:10; 61:5)

Op 'n manier is albei frases waar! Die profete se gedagtes spring rond tussen hierdie twee pole, self binne dieselfde konteks. Opsie #1 weerspieël gen 1-3; 12, terwyl opsie #2 sinspeel op Israel se Kanaän-geskiedenis.

In Jesaja keer die nasies terug na hulle land (Kanaän) en word met Israel in JHWH- aanbidding verenig (vgl 49:22; 60:4-9, 10-14); 66:20). Dit kan juis die "nuwe eksodus" tipeer toe talle vreemdelinge Egipte saam met Israel verlaat het of onderweg by hulle aangesluit het (woestynomswerwing en intog). Die uitbeelding in vers twee kan op iets soortgelyks sinspeel. Indien die geval, los dit die probleem in #2 hierbo op.

14:3 Die rolle word in vers 3 omgekeer. Die swaar en slawerny van Israel, onder hulle vyande, is iets van die verlede en maak hulle van sulke vyande slawe. Die rolle-omkeer intrige is eie aan die OT. JHWH handel op onverwagse maniere om sy uitverkiesing van Abraham te beklemtoon (Gen 12,15,17). Die doel van sy optrede is nie blote bevoorregting van sommige nie, maar 'n ewige verlossingsplan vir almal na sy beeld geskape (vgl gen 1:26-27).

Soos wat Jesaja kort-kort laat blyk, bestaan daar 'n kort- en langtermyn fokus, hoewel hy dit as ineengestremde horisonne aanbied. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die oordeelsuitspraak oor Babilonië en Nuwe Babilonië wat in gemengde besonderhede aangebied word.

NASB (HERSIENE) TEKS: 14:3-27

³And it will be in the day when the LORD gives you rest from your pain and turmoil and harsh service in which you have been enslaved, ⁴that you will take up this taunt against the king of Babylon, and say,

"How the oppressor has ceased,
And how has fury ceased!

⁵The LORD has broken the staff of the wicked,
The scepter of rulers

⁶Which used to strike the peoples in fury with unceasing strokes,
Which subdued the nations in anger with unrestrained persecution.

⁷The whole earth is at rest and is quiet;
They break forth in shouts of joy.

⁸Even the cypress trees rejoice over you, and the cedars of Libanon, saying,
'since you were laid low, no tree cutter comes up against us.'

⁹Sheol from beneath is excited over you to meet you when you come;
It arouses for you the spirits of the dead, and all the leaders of the earth;
It raises all the kings of the nations from their thrones.

¹⁰They will all respond and say to you,
'Even you have been made weak as we,
You have become like us.

¹¹How you have fallen from heaven,
O star of the morning, son of the dawn!
You have been cut down to the earth,
You who have weakened the nations!

¹²Your pomp and the music of your harps
Have been brought down to Sheol;

Maggots are spread out as your bed beneath you

And worms are your covering'

¹³But you said in your heart,

'I will ascend to heaven;

I will raise my throne above the stars of God

And I will sit on the mount of assembly

In the recesses of the north

¹⁴I will ascend above the heights of the clouds;

I will make myself the Most High'

¹⁵Nevertheless you will be thrust down to Sheol,

To the recesses of the pit.

¹⁶Those who see you will gaze at you,

They will ponder over you, saying,

'Is this the man who made the earth tremble,

Who shook the kingdoms,

¹⁷Who made the world like a wilderness

And overthrew its cities,

Who did not allow its prisoners to go home?

¹⁸All the kings of the nations lie in glory,

Each in his own tomb.

¹⁹But you have been cast out of your tomb

Like a rejected branch,

Clothed with the slain who are pierced with a sword,

Who goes down to the stones of the pit

Like a trampled corpse.

²⁰You will not be united with them in burial,

Because you have ruined your country,

You have slain your people.

May the offspring of evildoers not be mentioned forever.

²¹Prepare for his sons a place of slaughter

Because of the iniquity of their fathers.

They must not arise and take possession of the earth

And fill the face of the world with cities."

²²"I will rise up against them," declares the LORD of hosts, "and I will cut off from Babylon name and survivors, offspring and posterity," declares the LORD. ²³"I will also make it a possession for the hedgehog and swamps of water, and I will sweep it with the broom of destruction," declares the LORD of hosts. ²⁴The LORD of hosts has sworn, saying "surely, just as I have intended so it has happened, and just as I have planned so it will stand, ²⁵to break Assyria in My land, and I will trample him on My mountains. Then his yoke will be removed from them and his burden removed from his shoulder. ²⁶This is the plan devised against the whole earth; and this is the hand that is stretched out against all the nations. ²⁷For the LORD of hosts has planned, and who can frustrate it? And as for His stretched-out hand, who can turn it back?"

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 14:3-27.

14:4	OAV	"spotlied. . .aanhef"
	NAV, CUM-MVB	"spotlied. . .sing"
	CUM-NLV	"spot"
	NASB	"taunt"

Hierdie term "*masjal*" word in die Hebreeuse Wysheidsliteratuur gewoonlik met "spreuk" vertaal, hoewel die poëtiese struktuur van verse 3-21 eintlik 'n roubeklag is (sien ook hoofstuk 47 en die boek Klaagliedere).

▣	OAV, NAV, CUMs	"oor die koning van Babel"
	NASB	"against the king of Babylon"

Hier het ons met 'n onseker identiteit te doen. Lees weer Insig uit die Konteks, #C, die tweede paragraaf by die aanvang van hoofstuk 13. Let daarop dat in 14:24, sonder die kenmerkende "uitspraak"-term by profesie, Assirië direk aangespreek word. Rede: Na die val van Babilon voor Assirië het laasgenoemde se konings die titel "koning van Babilon" vir hulleself toegeëen.

▣	OAV	"Hoe het die drywer nou opgehou"
	NAV	"die verdrukker se einde het gekom"
	CUM-MVB	"Hoe het die verdrukker se einde aangebreek"
	CUM-NLV	"die magtige is vernietig"
	NASB	"fury has ceased"
	NKJV	"the golden city ceased"
	NRSV	"his indolence has ceased"

NJB “how did the arrogance end”
LXX “the taskmaster has ceased”

Die Masorete Teks het die woord מַדְהָבָה (*madhēbāh*), maar dit kom net hier in die OT voor. Indien die ך (d) met ך (r) vervang word (*marhēbāh*), מַרְהָבָה, soos in die Jesaja van die Dooie See boekrol, word dit met “arrogant” (“astrantheid”–CUM-NLV) vertaal. Die UBS Hebrew Text Project gradeer dit met “C,” (d.w.s. taamlik twyfelagtig)!

Die NKJV volg ‘n moontlike Aramese woordstam wat met goud verband hou. Geen ander hoofstroomvertaling het egter hierdie gedagte oorgeneem nie.

14:5 OAV, NAV, CUM-MVB “Die Here het”
CUM-NLV “want die HERE het”
NASB “The LORD has”

JHWH is in beheer van die mens se geskiedenis (vgl vv 22-23,24). Hy mag vir die ongelowiges nie waarneembaar optree nie, maar Hy stuur die geskiedenis met die oog op die koms van die Messias, die Eerste Koms sowel as die Tweede (die aanstaande era van geregtigheid). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:3.

■ JHWH het die simbole van koninklike mag, die staf en die septer (BDB 641, KB 986), wat hier op Assirië sinspeel (vgl v 6) in sy gebruik geneem (vgl 10:5). Sien OAV: “stok” en “staf.”

14:7 OAV “Die hele aarde rus, is stil”
NAV “Die hele aarde het nou rus en vrede”
CUM-MVB “Die hele aarde rus, dit is stil”
CUM-NLV “Nou is die hele aarde rustig en stil”
NASB “The whole earth is at rest and quiet”

Die “rus” (BDB 628, KB 679, Qal PERFECTUM)dui op ‘n tyd sonder invalle in die land. Dieselfde WERKWOORD word in vers 3 gebruik (Hif‘il INFINITIVUS CONSTRUCTUS) om die rus en vrede onder die Bondsvolk aan te dui. Hier het dit die hele Ou Nabye Ooste op die oog (“die hele aarde.”

Die ondergang van die Mesopotamiese strydmagte lei tot rus, stilte (van oorlog) en vreugde regdeur die Ou Nabye Ooste. Die verdrukker is verslaan (vgl v8)

■ **OAV** “hulle breek uit in jubel”
NAV, CUM-MVB “sy inwoners sing en juig”
CUM-NLV “Die mense kan weer sing”
NASB “They break forth into shouts of joy”

Jesaja praat graag oor die vreugde van verlossing (vgl 44:23; 49:13; 52:9; 54:1). Hier is ‘n sprankie van eskatologiese vreugde, van die eindtyd, aanwesig (“die hele aarde”). Dit was JHWH se doel met mensdom: rustigheid, oorvloed en vreugde (vgl Gen 1-2)

14:8 OAV, NAV, CUM-MVB “klim niemand na ons toe op om ons af te kap nie”
CUM-NLV “niemand gaan weer kom en ons afkap nie”
NASB “no tree cutter comes up against us”

Dit kan een van drie dinge beteken.

1. babilon het baie bome kom haal vir hulle eie bouprojekte (letterlik!)
2. vyande kom nie bome afkap vir beleëringsmateriaal nie (letterlik!)
3. die land sal weer floreer in vrede (simbolies!)

14:9 OAV, NAV, CUMs “doderyk”
NASB “sheol”

Die doderyk berei ‘n verwelkoming voor vir die gesneuwelde konings. Dit (BDB 982) word gesien as ‘n tussenstadium of bewaarplek van die gestorwenes. In die OT word die lewe na die dood as ‘n bewustelike, maar somber bestaan beskou; mense is net maar ‘n skadu van hulle vroeër lewe waar in hulle in stilte tot algehele gelykheid afgebreek is (vgl vv10-11, Job 3:17-19; 10:21-22; 21: 23-26). Sien *Vir Spesiale Aandag : Waar is die Dode?* by 5:14.

■ **OAV** “die skimme”
NAV, CUM-MVB “dié wat reeds daar is”
CUM-NLV “Wêreldleiers, magtige heersers wat lankal reeds dood is”
NASB “spirits of the dead”
NKJV “the dead”
NRSV “the shades”
TEV, NJB “ghosts”
LXX “mighty ones”
REB “the ancient dead”

Die term (BDB 952 I, vgl 26:9) word in poësie gewoonlik gebruik om

1. gestorwe konings (TEV, NJB)

2. gesneuwelde strydery
 3. oorlede voorgeslagte
 4. gestorwenes oor die algemeen
- aan te dui. In historiese tekste verwys dit na die *Refaim*, 'n etniese groep wat as reuse beskou word.

VIR SPESIALE AANDAG: TERME WAT VIR GROOT EN MAGTIGE STRYDERS OF ETNIESE GROEPE GEBRUIK WORD

Hierdie baie groot en magtige strydery word met verskeie name benoem

1. Nefilim (BDB 658)–Gen 6:4; Num 13:33
2. Refaim (een of die ander, BDB 952 of BDB 952 II) Gen 14:5; Deut 2:11,20; 3:11,13; Jos 12:4; 13:2; 2 Sam 21:16,18,20,22; 1 Kron 20: 4, 6,8
3. Samsumin (BDB 273), Susim (BDB 265),–Gen 14:5; Deut 2:20
4. Emim (BDB 34)–Gen 14:5; Deut 2: 10-11
5. Anakim (BDB 778 I, die seuns van Anak) –Num 13:33; Deut 1:28; 2:10-11,21; 9:2; Jos 11:21-22; 14:12,15

- ▣ **OAV** “al die bokke van die aarde. . .al die konings”
- NAV, CUM-MVB** “almal wat leiers op aarde was, almal. . .konings”
- CUM-NLV** “Wêreldleiers, magtige heersers”
- NASB** “leaders of the earth”
- NKJV** “chief one of the earth”
- TEV** “those who were powerful”
- NJB** “rulers of the world”

Letterlik is hier van “ramme” sprake (BDB 800, vgl Eseg 34:17). Die sinspeling is op die leier van ‘n trop en dus ordragtelik (metafories) leiers van bevolkings.

14:11 Die eerste twee reëls beskryf die buitensporige en oormatige leefstyl van die oosterse konings. Hulle het op kussings en sagte beddens geslaap.

Die laaste twee reëls beskryf die nuwe bed vir konings in die doderyk/ graf (nl. Wurms). Selfs daardie vorste wat hulleself as goddelik beskou het, se bestemming is ‘n bed van wurms! Sterflikheid is die gelykmaker van die mensdom (vgl 5:14). Sien die kontras hier!

- ▣ **OAV, NAV, CUMs** “wurms/maaiers”
- NASB** “worm”

Hier is die letterlike ‘n idioom vir dood en metafories van die vrees vir die dood en die verganklikheid van alle menslike lewe.

- 14:12** **OAV, CUM-NLV** “hoe het jy uit die hemel geval”
NAV, CUM-MVB “jy. . .het uit die hemel geval”
NASB “How you have fallen from heaven”

Die WERKWOORD (BDB 656 , KB 709, Qal PERFECTUM) dui op ‘n afgehandelde toestand. Die vraag van toepassing hier is of ons met letterlike of figuurlike spreke te doen het? Die WERKWOORD word ook gebruik vir ‘n gewelddadige dood (BDB 657, v 2a). In 3:8 en 8:15 gebruik Jesaja hierdie WERKWOORD vir die verwoesting van ‘n stad. Maar die bykomstige frase “uit die hemel” lei daartoe dat uitleggers aan ‘n engelagtige wese dink. Ook so omdat Jesus dieselfde woorde in Luk 10:18 gebruik.

- ▣ **OAV** “morester, seun van die dageraad!”
- NAV, CUM-MVB** “jy wat die helder môrester was”
- CUM-NLV** “blink ster, seun van die môre”
- NASB** “O star of the morning”
- NKJV, Vulgaat** “O Lucifer”
- NRSV** “O Day star”
- TEV** “bright morning star”
- NJB, LXX** “Day star ”
- REB** “Bright morning star”

Die Hebreeuse NOMINATIEF MANLIKE term is *hēlāl* , הֵלֵל (BDB 247, KB 245). Hierdie vorm kom slegs hier in die OT voor. Die WERKWOORDSTAM *hālal* (הָלַל) kan beteken

1. “skyn,” wat waarskynlik na die maan verwys
 2. “om spoggerig te wees” of “om iemand te prys” (vgl hier die Hallel psalms; lofpsalms)
- Die KB meld verskeie moontlikhede wat betref die oorsprong van hierdie woordstam.
1. vanaf ‘n Ugarietiese woordstam “*hll*” (konsonante)

2. van 'n Arabiese woordstam, wat op die halfsirkel van die nuwe maan dui
3. van 'n Hebreuse wortelstam, betekenis onseker, maar wat waarskynlik na Venus, die môrester, verwys ("die seun van die dageraad").
4. van die Latyn, Lusifer, bedoeling ook Venus (letterlik: die draer van lig)

Die punt wat die teks met die "titel" wil maak, is dat die môrester se lig aan die hemeltrans gou teen dagbreek vervaag. Sy glans is van korte duur! Daar is 'n nuwe Lig aan die kom, helderder en beter!

▣ **OAV, NAV, CUMs "jy"**
NASB "you"

Die volgende twee reëls van vers 12 sinspeel baie duidelik op 'n aardse koning van Assirië of Babilon (vgl verse 16-17). Die beeldspraak van die gedig (vv 4-21) kom uit Kanaänitiese mitologie, veral verse 13-14), soos gevind op die Ras Shamra Tablette in die antieke stad Ugarit (gedateer 1500 vC.

Die woorde vir "ster van die oggend"(Helal) en "dagbreek" (Sjabar) is godename uit die Kanaänitiese mitologie. Netsoos berg Safon (Hebreuse Bybel, Ps 48:3) 'n godeberg "teen die noorde" was en die naam *safon* 'n godsnaam is in die mitologie. Die name "Alhoë" en "heer van die hemel" kom algemeen in die Ugaritiese gedigte voor, maar verwys na *Baäl Sjamim* (heer van die hemel). In hierdie Kanaänitiese- mitologies, verhalende poësie, probeer *Helal*, 'n ondergeskikte god,

die mag oorneem, maar word verslaan. Jesaja gebruik in sy beeldspraak hierdie storie-stof om die ondergang van 'n astrante, oosterse maghebber te versinnebeeld.

Hierdie beskrywing van 'n hoogmoedige, arrogante Nabye Oosterse koning word in verse 8-11 voortgesit. Dit is net vers 12, indien letterlik opgeneem, soos die Vulgaat doen, wat daartoe kan lei dat hierdie konteks aan 'n opstandige, engelagtige leier verbind kan word. Daaruit blyk gebrekkige kennis van die Ugaritiese agtergrond waaruit Jesaja ryklik put. Sien Insigte uit die Konteks, paragraaf B.

14:13-14 Hierdie twee verse laat blyk die astrantheid en hoogmoed van die konings van die Ou Nabye Ooste (aanhaling uit NAV).

1. "ek klim op hemel toe..." BDB 748, KB 828, Qal IMPERFEKTUM
2. "ek gaan my troon neersit..." BDB 926, KB 1202, Hif'il IMPERFEKTUM
3. "ek gaan my plek inneem..." BDB BDB 442, KB 444, Qal IMPERFEKTUM
4. "ek klim op tot..." (dieselfde as die WERKWOORD by #1)
5. "ek word soos..." BDB 197, KB 225, Hif'il IMPERFEKTUM

Arrogansie en grootheidswaan wesentlik eie aan die sondegevalle mens. Op 'n heel besondere manier oordeel JHWH hier oor mense se pogings tot selfvergoddeliking!

14:13 OAV "die sterre van God"
NAV, CUM-MVB "die hoogste sterre"
CUM-NLV "God se sterre"
NASB "stars of God"

Die titel vir godheid is *El*, אֱלֹהִים (BDB 42), wat regdeur die Ou Nabye Ooste in gebruik was. Die oorsprong van dié naam kan moontlik ook terugherlei word na die Kanaänitiese mitologie van Ugarit.

Die sterre was as gode/engele beskou wat die mens se bestemming bepaal het (bv. Die Babiloniese astrale aanbidding op verhewe heiligdomme. Die persoon hier beskryf, wou algehele beheer op aarde oorneem.

▣ **OAV "Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke,
My gelykstel met die Allerhoogste"**
**NAV, CUM-MVB "Ek gaan my plek inneem op die berg
waar die gode mekaar ontmoet ver in die noorde"**
**CUM-NLV "Ek sal regeer op die godeberg
ver in die noorde"**
**NASB "I will sit on the mount of assembly
In recesses of the north"**

Hier gaan dit om simboliek wat die blyplek van God beskryf. (Vgl Ps 48:2; Eseg 28:14). Heel verrassend is die gedagte dat dié plek êrens in die afgesonderdheid van die noorde geleë is! Hierdie berg in die verre noorde was deel van die kanaänitiese mitologie, iets soos die Grieke se berg Olimpus.

14:14 OAV, NAV, CUMs "die Allerhoogste"
NASB "Most High"

Die titel Eljon (עֲלִיּוֹן – BDB 751 II), word deur Bileam gebruik (vgl Num 24:16 en is 'n parallel met *Sjaddai* (Almagtige, BDB 994). Dié titel word deur Moses gebruik in 'n lied voor sy afsterwe (vgl Deut 32:8; ook deur David in 2 Sam 22: 14 en in verskeie Psalms).

Dit kom ook in die Ras Sjamra Tablette voor as benoeming van die Kanaänitiese Hoë god.

14:15 In plaas dat hy na die berg in die verre noorde (BDB 438, beland hy in die dieptes van *Sjeol* (die doderyk).

Die term Sjeol (BDB 982, sien die *Vir speciale Aandag* by 5:14) is ‘n parallel met die “kuil” van Eseg. 31:16; ‘n ander term vir die graf. (vgl Spr 28:17). Dieselfde term kom in vers 19 voor en dien as parallel vir “graf” of “grafkelder (vgl v 18).”

14:16-19 Dit is strofe 4 wat dui op die verbasing van die toeskouers in Sjeol by aanskoue van die dooie liggaam van die koning van Babilon. Dit stem ooreen met verse 9-11.

14:17 Hierdie vers verwys na die aggressiewe wegvoerpraktyke van Assirië en Babilonië. Kores (Cyrus) het egter die omgekeerde beleid gevolg in 538 vC. Deur ballinge te laat terugkeer.

14:19 OAV “soos ‘n afskuwelike uitspruitsel”
NAV, CUM-MVB “soos ‘n boomtak wat klaar vrot is”
NASB “a rejected branch”

Dieselfde woord (BDB 666) word in 6:13 in verband met die “stomp wat vir die land oorbly, die gewyde geslag,”(NAV) gebruik. Ook in 11:1 is dit die stomp uit die geslag van Isai wat ‘n loot voortbring, naamlik die Messias, die ware Koning. Konings van die Ou Nabye Ooste was egter soos ‘n verwerpte tak.

■ OAV, NAV, CUM-MVB “soos dooie aas wat vertrap word”
CUM-NLV “soos ‘n lyk wat vertrap word”
NASB “Like a trampled corpse”

Die vernedering van ‘n onbehoorlike begrafnis (moontlik Sargon II) is hier ter sprake. ‘n Koninklike begrafnis was vir hom nie beskore nie, intendeel, die koning was glad nie begrawe nie!

Die term “vertrap” (BDB 100, KB 115 , Hofal DEELWOORD) word ook in vers 25 gebruik (Qal IMPERFEKTUM). Dit dien as metafoor vir JHWH se oordeel (vgl 63:6, Qal IMPERFEKTUM en 63:18, Polel PERFEKTUM). Die Psalms gebruik dieselfde woord dikwels as “oorwining”(NAV) behaal word; as die vyand “vertrap” word (OAV –Ps 44:6; 60:12; 108:13). Verder, ‘n ongehoorsame verbondsvolk “vertrap” God se land (vgl Jer 12:10; Polel PERFEKTUM).

14:20 Nie alleen sal die koning geen behoorlike begrafnis hē nie, maar hy sal deur geeneen van sy familie opgevolg word nie. Hy en sy families al uit die samelewing so verstoot wees dat sy land se mense hom uiteindelik nie sal onthou nie!

14:21 Omrede die vader se sondes, sal die koning se afstammeling gedood word. Dit herinner aan Eks 20:5. Die koning en sy afvallige bevolking is nie voorspoedig nie. JHWH wil dat die aarde deur mense bewoon sal word, maar sonder dat dit vol ongeregtheid sal wees.

14:22-23 Die afsluiting van die spotlied is prosa. Vir my wil dit voorkom of vers 23 by 13: 21-22 aansluit, wat ‘n metafoor is om aan algehele ondergang van die nasie en koning en sy stad uitdrukking te gee.

14:22 OAV “kroos en nageslag”
NAV “afstammeling”
CUM-MVB “elke kind en keinkind”
CUM-NLV “kinders en kleinkinders”
NASB “offspring and posterity”

Die twee terme (BDB 630 en 645) verwys na afstammeling.

1. die eerste geslag van kinders
2. en vervolgens, die hele familie van afstammeling

Die uitdelging van afstammeling was as ‘n skande en vervloeking beskou (vgl 47:9). Dit mag selfs die bedoeling wees dat iemand se lewe in die hiernamaals beïnvloed sal word.

14:23 OAV “en Ek sal dit wegvee met ‘n besem van verdelging”
NAV, CUM-MVB “Ek vee Babel met ‘n besem wat verwoes”
CUM-NLV “Met ‘n besem van vernietiging vee Ek die land”
NASB “I will sweep it with the broom of destruction”

JHWH word hier vergelyk met ‘n huisvrou (of kind) baie besig met ‘n besem om huis skoon te maak. Alle afvalgoed word verwyder. ‘n Pragtige, maar ook eg huislike voorstelling so uniek aan Jesaja.

14:24-27 Die meeste Engelse (en Afrikaanse) vertalings het ‘n paragraafverandering hier. Maar slaan ag daarop dat hier nie die gebruikelike “uitspraak van” voorkom nie. Dit beteken dat 13:1-14:7 as ‘n eenheid, wat handel oor die ondergang van Assirië, gesien moet word. Sien ook paragraaf C se opmerkings in dié verband

14:24 Hierdie vers bevestig dat God se wil tot stand sal kom. Sy woord is seker (vgl 46:11;55:8-9; Job 23:13; Ps 33:9; Han 4:28)

■ OAV “Die HERE van die leërskare het gesweer en gesê”
NAV “Die Here die Almagtige het ‘n eed afgelê”

CUM-MVB “Die Here die Magtige van die hemelse leër het ‘n belofte afgeleë”

CUM-NLV “Die HERE die Almagtige het gesweer”

NASB “The LORD of hosts has sworn”

By magte van sy eie bevoegdheid bring JHWH sy planne en doelstellings aan die lig (vgl 14:24; 45:23;62:8; Deut 1:8,35; 2:14; 4:31; 6:10,18,23; Jer 51:14; Amos 4:2; 8:7).

14:25 OAV “om Assur te verbreek in my land”

NAV, CUM-MVB “die Assiriërs verpletter in my land”

CUM-NLV “die Assiriërs vertrap wanneer hulle in my land is”

NASB “to break Assyria in My land”

Dit mag sinspeel op ‘n pessiëkte wat 185 000 manskappe van Sanherib oornag, in die tyd van Hiskia, voor die poorte van Jerusalem oorval het (vgl 2 Kon 18:13-19:37, veral 19:35-37; 2 Kron 32)

▣ **OAV** “sodat sy juk van hulle skouer kan afgly”

NAV, CUM-MVB “Die juk wat op my volk gedruk het, sal weggevat word”

CUM-NLV “my volk sal nie langer hulle slawe wees nie”

NASB “his yoke will be removed from them”

Dit is ‘n tema wat by herhaling voorkom (vgl 9:4; 10:27). “juk” is net soos “staf/septer” en “stok” ‘n simbool van vreemde oorheersing.

14:26-27 Hierdie Assiriese koning was op wêreldoorheersing ingestel, maar JHWH het ‘n ander plan vir die wêreld: verlossing! Assirië, Babilon en Persië was middele in JHWH se beplanning en niks en niemand kan sy mag weerstaan nie!

NASB (HERSIENE) UITGAWE: 14:28-32

²⁸In the year that King Ahaz died this oracle came:

²⁹Do not rejoice, O Philistia, all of you,

Because the rod that struck you is broken;

For the serpent’s root a viper will come out,

And its fruit will be a flying serpent.

³⁰Those who are most helpless will eat,

And the needy will lie down in security;

I will destroy your root with famine

And it will kill off your survivors.

³¹Wail, O Gait; cry, O city;

Melt away, O Philistia, all of you;

For smoke comes from the north,

And there is no straggler in his ranks.

³²How then will one answer the messengers of the nation?

That the Lord has founded Zion,

And the afflicted of His people will seek refuge in it.”

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 14:28-32.

14:28 Let op die vermelding van “oracle” hierbo in 14:28-32 wat die oordeel van JHWH oor Philistia bekendmaak. (nl. die Filistyne!). Dit verskyn nie in die stukkie oor Assirië (14:24-27) wat by “Babilon” aangehaak is nie (nie nodig nie, want die hele groter eenheid handel oor Assirië. Vert)!

▣ **OAV** “In die sterfjaar van koning Agas”

NAV, CUMs “in die jaar wat koning Agas dood is”

NASB “In the year that King Ahaz died”

In my tabelle vir OT se “Konings van die verdeelde Ryk” (aanhegstuk Vier #3) bied drie geleerdes hulle voorstelle vir datering van koning Agas aan:

1. John Bright, 735-715 vC.

2. E.J. Young, 736- 728 vC.

3. R.K. Harrison 732-716/17 vC.

Hierdie datums (van Agas-regering) is taamlik gelyktydig (nie noodwendig sterfdatums nie) met die regeringsjare van die volgende, oorlogsugtige, Assiriese konings

1. Tiglat-Pileser III, 745-727vC.

2. Salmaneser V, 727 -- 722 vC.

3. Sargon II, 722-705 vC. (sterf in ‘n veldslag teen Filistia, ver van sy huis af)

4. Sanherib, 705- 681 vC. (185 000 krygers gedood buite die mure van Jerusalem in 701vC., vgl Jes 36-39; 2 Kon 18-19).

14:29 Filistia word beveel om nie te bly te word (BDB 970, KB 1333, Qal IMPERFEKTUM in JUSSIEF aangewend) omdat die bese Ryk verslaan is nie. Hulle korttermyn uitkoms is nie blywend nie!

■ Die laaste twee reëls van vers 29 is dubbelsinnig en onseker. Dit beteken moontlik dat dinge van erg na erger sal verloop. Die frase “vlieënde draak”(NAV) is die NAAMWOORD vir slang (BDB 971 I , vgl 30:6; Num 21:6), bygevoeg die DEELWOORD van “om te vlieg” (BDB 733, KB 800, Polel DEELWOORD), wat ook vinnige beweging beteken(slaan, gly, wegspring)

14:30 Die eerste twee reëls verwys die sorg van God vir

1. sy verbondsvolk (vgl v 32) of
2. behoeftiges in die Filistynse gemeenskap

14:31 OAV “Huil, O poort! Skreeu, O stad”
NAV, CUM-MVB “Huil poorte, skreeu stede”
CUM-NLV “Huil, julle Filistynse stede”
NASB “Wail, O Gate; cry, O city”

Hierdie twee IMPERATIEWE

1. huil, BDB 414; KB 413, Hif'il
2. skreeu, BDB 277, KB 277, Qal

Beskryf die val van die 5 stadstate van die Filistyne, met koning en al.

■ OAV “Bewe, o ganse land van die Filistyne”
NAV, CUM-MVB “Smelt weg, Filistyneland”
CUM-NLV “Smelt inmekaar van vrees, want elkeen van julle”
NASB “Melt away, O Philistia, all of you”

Die WERKWOORD (BDB 556, KB 555, Nif'al INFINITIVUS ABSOLUTUS) beskryf die verlamme vrees wat 'n hele bevolking aangryp (vgl Eks 15:15; Jos 2:9,24; 1 Sam 14:16).

Let daarop dat hierdie vers die uitwissing van 'n hele samelewing voorsien (vgl Jer 47 en Amos 1:6-8)

14:31 OAV “en daar is geen afswerwer onder sy skare nie”
NAV “die vyand se manskappe kom aan, almal in gelid”
CUM-MVB “die vyand se manskappe kom aan, word glad nie minder nie”
CUM-NLV “elke soldaat hardloop vorentoe”
NASB “there is no straggler in his ranks”

Dit beskryf 'n nuwe invalsmag uit Mesopotamië. 'n Vorige een is uit die weg geruim (vgl v 29), maar 'n erger een is op pad (vgl v 29c,d)

■ OAV “Want uit die noorde kom rook”
NAV, CUM-MVB “Daar kom rookwolke uit die noorde”
CUM-NLV “'n magtige leër kom uit die noorde”
NASB “For smoke comes from the north”

Die ryke van die Vruggbare Halfmaan is oos van Kanaän geleë. Weens die woestyn tussen die lande, moes die leërs langs die Eufraat op beweeg tot by die rivier se oorsprong. Vandaar kon hulle suidwaarts langs die kuslyn af hulle aanvalle loods. So het dit gebeur dat “noord” 'n idioom geword het vir invalle, vir wat as sleg en boos ervaar word en vernietiging.

1. Hier dui dit op Assirië en op
2. Neo-Babilon volgens Jer 4:6; 6:1,22; 10:22; 13:20; 15:12; 46:20,24; Eseg 26:7.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan 'n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Verwys hoofstukke 13 en 14 na Babilonië of Assirië?
2. Maak hoofstukke 13-14 van 'n werklike koning van Assirië melding of word die titel (koning) net gebruik as simbool van 'n algeheel God-onterende regeringswyse?
3. Is hoofstuk 14 'n heenwysing op Satan?
4. Het die skrywer demone of diere in gedagte met 13:21-22 en 14:23?
5. Gee jou indruk in een sin van teologiese waarheid in hoofstuk 14.
6. Hoe maak die NT van hierdie profesie gebruik?

JESAJA 15

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Judgment on Moab	Proclamation Against Moab	Against Moab (15:1-16:14)	God will Destroy Moab	On Moab	Teen Moab
15:1-9 (1-9)	15:1-4 (1-4)	15:1-9 (1-9)	15:1-9	15:1 (1) 15:2a-d (2a-d) 15:2e-3 (2e-3) 15:4-5c (4-5c) 15:5d-f 5d-f 15:6 (6) 15:7 (7) 15:8 (8) 15:9 (9)	15:1-4 15:5-9

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

Geografie en plek in hoofstukke 15 en 16 gemeld

Jesaja was goed vertrouwd met die landskap van die Trans-Jordaan (oos van die Jordaanrivier).

- A. Stede (spelling soos in NAV)
 1. Ar, vers 1
 2. Kir, vers 1 (Kir-haroset)
 3. Dibon, vers 2,9
 4. Nebo, vers 2
 5. Medeba, vers 2
 6. Gesbon, vers 4; 16:9
 7. Elale, vers 4; 16:9
 8. Jahas, vers 4
 9. Soar, vers 5

10. Eglat Silisija, vers 5 (letterlik, “die derde Eglat)
11. Lugit, vers 5
12. Goronajim, vers 5
13. Eglajim, vers 8
14. Beer-elim vers 8
15. Dimon (DSS, “Dibon”)
16. Sela, 16:1,
17. Kir-Geres, 16:7,11
18. Sibma, 16:8,9
19. Jaser, 16:8,9
20. Adma, (REB 15:9)

B. Water, riviere en spruite (spelling soos in NAV)

1. waters van Nimrim, vers 6
2. spruit van Arabim, (wilgerspruit of populiere, Utley), vers 7
3. waters van Dimon, vers 9, (Dibon, AOV)
4. driwwe van Arnon vers 16:2

Die name van alle stede en waterbronne weerspieël die invallers se beleid van verskroeiende aarde. Vluchtelingte het suidwaarts beweeg, moontlik na Juda toe (vgl. 16:1-4).

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 15:1-9

¹The oracle concerning Moab.

Surely in a night Ar of Moab is devastated *and* ruined;

Surely in a night Kir of Moab is devastated *and* ruined.

²They have gone up to the temple and to Dibon, even to the high places to weep.

Moab wails over Nebo and Medeba;

Everyone's head is bald and every beard is cut off.

³In their streets they have girded themselves with sackcloth;

On their housetops and in their squares

Everyone is wailing, dissolved in tears.

⁴Heshbon and Elealeh also cry out,

Their voice is heard all the way to Jahaz;

Therefore the armed men of Moab cry aloud;

His soul trembles within him.

⁵My heart cries out for Moab;

His fugitives are as far as Zoar and Eglath-selishiyah,

For they go up the ascent of Luhith weeping;

Surely on the road to Horonaim they raise a cry of distress over *their* ruin.

⁶For the waters of Nimrim are desolate.

Surely the grass is withered, the tender grass died out,

There is no green thing.

⁷Therefore the abundance *which* they have acquired and stored up

They carry off over the brook of Arabim.

⁸For the cry of distress has gone around the territory of Moab,

Its wail *goes* as far as Eglaim and its wailing even to Beer-elim.

⁹For the waters of Dimon are full of blood;

Surely I will bring added *woes* upon Dimon,

A lion upon the fugitives of Moab and upon the remnant of the land.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 15:1-9.

15:1 Let daarop hoe Jesaja sy merker vir ‘n nuwe boodskap of visioen inbring: “‘n Uitspraak...” (vgl. BDB 672; vgl. vers 1 en die aantekening by 13:1; vgl. ook 14: 28; 17:1; 19:1; 21:1,11,13; 22:1; 23:1; 30:6). Hierdie uitdrukking is aanduiding van ‘n nuwe openbaring van JHWH.

■ OAV, NAV, CUMs “Moab”
NASB “Moab”

Hierdie mense is die nageslag van Lot en een van sy twee dogters na hulle vlug uit Sodom (vgl. Gen. 19). Die Trans-Jordaan volke, Moab, Ammon is die eerstes wat as onderhorig aan Juda in 11:14 genoem word.

Hoofstukke 15 en 16 vorm ‘n literêre eenheid wat oor Moab se veroordeling handel (vgl. Jer. 48; Eseg. 25:8-11; Amos 2:1-3; Sef. 2:8-11). Moab word dikwels in Numeri genoem omdat Israel deur hulle gebied moes reis op weg na Kanaän. Moses is in Moab begrawe (vgl. Deut. 34).

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “In die nag” “oornag” “Een nag” “Surely in a night” |
|--|--|

Hierdie frase word twee keer herhaal en beskryf hoe onverhoeds die oordeel van algehele uitwissing die Moabitiese stede getref het.

Die twee werkwoorde “verwoes” (BDB 994, KB 1418) en “vernietig” (letterlik “om af te sny”, BDB 198, KB 225) is albei in PERFECTUM, wat op algehele vernietiging dui. Jesaja het dié woord vir “vernietig” gebruik toe hy sy geestelike ervaring in 6:5 beskryf het (“Dit is klaar met my” – NAV)

Die Assiriese leers het Palestina/ Kanaän verskeie kere binnegeval.

1. Sargon II in 715 v.C.
2. Sargon II in 711 v.C.
3. Sanherib in 701 v.C.

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV, NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “Ar-Moab” “Die stad Ar in Moab” “Ar” “Ar” |
|--|--|

Die term (BDB 786 I) kan na ‘n stad of gebied in Moab verwys, aangesien dit die algemene term vir “stad” in die taal van die Moabiete is (vgl. Deut. 2:9,29).

Die term “Kir” (BDB 885 II) beteken “muur” in Hebreeus (vgl. LXX, ‘n ommuurde stad) sodat die moontlikheid bestaan dat hierdie twee poëtiese reëls, een met “ar” en een met “kir,” ‘n parallelle aanduiding is van die hoofstad van Moab.

- | | |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> 15:2 OAV, NAV, CUMs NASB | <ul style="list-style-type: none"> “Dibon. . .Nebo. . .Medéba” “Dibon. . .Nebo. . .Medeba” |
|---|--|

In verband met Israel se Intog vanaf die oostekant van die Jordaan-Skeurvallei, na die woestynomswerwing, word in Numeri ook name van Moabitiese stede genoem.

- | | |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> 15:2-3 OAV, NAV, CUMs NASB | <ul style="list-style-type: none"> “om te huil. . .koppe kaal geskeer. . .baard is afgesny. . .rouklere. . .verdriet” “wails. . .bald. . .beard cut off. . .mourning. . .sackcloth. . .wailing” |
|---|---|

‘n Beskrywing van rougebruike in die Ou Nabye Ooste (vgl. 22:12; Esra 9:3; Job 1:20; Jer. 7:29; 16:6; 41:5; 47:5; 48:37; Eseg. 7:18; 27:31; Miga 1:16). Die bevolking soek toegang tot hulle gode (hoogtes, vers 2); hulle verklaar hulle spyt in hulle soeke na uitkoms, maar daar kom geen hulp van lewelose afgode nie!

VIR SPESIALE AANDAG: RITUSSE VAN SONDEBESEF

Die Israeliete het hulle hartseer oor die dood van ‘n geliefde of berou oor persoonlike en volksondes op ‘n verskeidenheid van maniere betoon.

1. skeur van die bokleed, Gen. 37:29,34; 44:13; Rig. 11:35; 2 Sam. 1:11; 3:31; 1 Kon. 21:27; Job 1:20
2. aantrek van sakkere, Gen. 37: 34; 2 Sam. 3:31; 1 Kon. 21:7; Jer. 48:37
3. uittrek van skoene, 2 Sam. 15:30; Jes. 20:3
4. hande op die kop geplaas, 2 Sam. 13:9; Jer. 2:37
5. stof strooi op die kop, Jos. 7:6; 1 Sam. 4:12; Neh. 9:1
6. op die grond sit, Klaagl. 2:10; Eseg. 26:16; op die grond lê: 2 Sam. 12:16; Jes. 47:1
7. slaan op die bors, 1 Sam. 25:1; 2 Sam. 11:26; Nah. 2:7
8. die liggaam sny, Deut. 14:1; Jer. 16:6; 48:37
9. vas, 2 Sam. 1:16,22; 1 Kon. 21:27
10. klaagsang, 2 Sam. 1:17; 3:31; 2 Kron. 35:25
11. hare afskeer, (of uittrek), Jer. 48:37
12. baarde kortgeknip, Jer. 48:37
13. kop of gesig bedek, 2 Sam. 15:30; 19:14

- | | |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> 15:4 OAV, NAV, CUMs NASB | <ul style="list-style-type: none"> “Hesbon. . .Elale. . .Jahas” “Heshbon. . .Elealeh. . .Jahaz” |
|---|---|

Nog stede aan die oostekant van die Jordaan, naby aan Moab en dikwels met dié land geassosieer (of Ammon, vgl. die Mesa-steen van die 9de eeu v.C.)

- | | |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV, NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “skreeu” “geroep” “cry out” |
|---|--|

Hierdie WERKWOORD (BDB 277, KB 277, *Qal*-IMPERFEKTUM) is as ‘n *Qal*-IMPERATIEF (bevel) in 14:31 teenoor Filistea gebruik. Hier is dit Moab wat “skreeu” en in vers 5 is dit uitroep van JHWH of Jesaja. Let ook daarop hoe die uitdrukking in Jer. 48:20,31 gebruik word.

- ▣ OAV “gewapende manne”
- NAV, CUM-MVB “soldate”
- CUM-NLV “dapperste soldate”
- NASB “the armed men”
- NKJV, Pesjitta “the armed soldiers”
- NRSV, LXX, JB “the lions”
- NJB “warriors”
- REB “stoutest warriors”

Die vokalisasie (klinkers) maak in Hebreeus die verskil tussen “soldate” en “leeus”, maar die konsonante (medeklinkers) is dieselfde.⁸

- ▣ OAV “sy siel sidder”
- NAV, CUM-MVB “hulle moed begeef hulle”
- CUM-NLV “van ang”
- NASB “His soul trembles within him”

Hierdie WERKWOORD (BDB 438, KB 440, *Qal*-PERFEKTUM) kom net hier voor. Daar is verskeie ander Hebreeuse woorde wat vir “sidder” gebruik kan word. Woorde wat gebrek aan aksie weerspieël in die aangesig van die oordeel van God. Woorde wat in konteks van “heilige oorlog” gebruik word! Hierdie een is gekies om poëtiese redes ter wille van klankrym met die woord vir “skreeu/uitroep.”

15:5-9 Die *Jewish Study Bible* is van mening dat die Moabiete na Edom gevlug het (bl. 815). Dit is ‘n baie waarskynlike aanname, aangesien die presiese ligging van hierdie stede onseker is. Al wat seker is, is dat hulle oos of suid-oos van die Jordaanrivier geleë was.

- 15:5**
- OAV “My hart skreeu oor Moab”
 - NAV “My hart brand oor Moab”
 - CUM-MVB “Ek is ontsteld oor Moab”
 - CUM-NLV “Ek huil oor Moab”
 - NASB “My heart cries out for Moab”

Die “My,” inaggenome die konteks (sien vers 9), moet dan JHWH wees! Alhoewel dit ook die profeet self kan wees! JHWH hoor die uitroep van Moab se inwoners en word daardeur aangegryp. Hulle is steeds onder oordeel, maar nie van ‘n apatiese, nie-meelewende God nie. Van die besorgde God word hulle hulp en toevlug aangebied, volgens 16:1-4. Wat ‘n aangrypende stukkie Skrif!

Die Septuaginta is van mening dat hier na ‘n ander subjek verwys word en verander soos volg: “die hart van die streek Moab roep in haar!”

- ▣ OAV “Eglat- Selisia”
- NAV, CUMs “Eglat -Selisija”
- NASB, NRSV, TEV, “Eglath-shelishiyah”
- NJB, REB
- NKJV, LXX, Pesjitta “like a three-year-old heifer”

Dit kan na ‘n stad verwys of ‘n uitdrukking (vgl. Jer. 48:34).

- ▣ NAV, CUMs “Sy mense vlug”
- NASB “His fugitives”

Die Masoretiese Teks (MT) het “haar grendelbalke” (בַּרְיָהּ – BDB 138), maar die meeste vertalings verander die vokalisasie om met “sy vlugteling”, מַבְרָהּ, te kan vertaal (BDB 138).

15:6 Volgens die OT het God beheer oor weerstoestande (vgl. Deut. 27-29). Hy bewerk oorvloed aan verbondsgehoorsame mense, maar verhoed landbouproduktiwiteit wanneer boosheid, morele verval en rebellie aan die orde is. Moab staan nie net vreemde invallers in die gesig nie, maar ook skaarsheid van voedsel (vgl. v 9 a).

15:7 Moab was op die hoofroete tussen Sirië en Egipte geleë en het welgesteld geraak uit belasting gehef op dié bedrywige handelsroete.

- 15:9**
- OAV “‘n leeu”
 - NAV, CUM-MVB “deur leeus”

⁸ Daarom die wisselende vertalings – vert.

CUM-NLV

“die leeus”

NASB

“a lion”

Dit kan neerkom op

1. letterlik, God gebruik wilde diere om oordeel te voltrek (1 Kon. 13:24-28; 2 Kon. 17:25)
2. simbolies, verwysend na die Assiriese leërmag (vgl. 5:29; Jer. 50: 17)
3. oordragtelik, ‘n inval deur Juda (vgl. 11:4, die heerser van Juda, die “leeu.”

Die JPSOA verander veral reëls 2-4 op ‘n intessante wyse tot ‘n positiewe verstaan, veral in die lig van “my” in vers 5:

“For I pour added (water) on Dimon”

“I drench it—for Moabs refugees—with soil (footnote, ‘tears’) for its remnant”

Vergelyk met NASB hierbo en die Afrikaanse vertalings, wat soos die LXX heeltemal negatief is, alhoewel laasgenoemde ook beduidende verskil vertoon:

“For I will bring Arabs upon Remnon,

And will remove the offspring of Moab and Ariel

And the remnant of Adama”

JESAJA 16

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Prophecy of Moab's Devastation	Moab Destroyed	Against Moab (15:1-16:14)	Moab's Situation	Hopeless The Petition	Moabite's
16:1-5 (1-5)	16:1-2 (1-2)	16:1-4b (1-4b)	16:1-2	16:1-2 (1-2)	16:1-4a (1-4a)
	16:3-5 (3-5)		16:3-4b	16:3-5 (3-5)	
		16:4c-5 (4c-5)	16:4c-5		16:4b-5
16:6-12 (6-12)	16:6-7 (6-7)	16:6-7 (6-7)	16:6	16:6 (6)	16:6-8
			16:7-12	Moab's Lament 16:7-12 (7-12)	
	16:8-9 (8-9)	16:8-11 (8-11)			16:9-12
	16:10-11 (10-11)				
	16:12 (12)	16:12			
16:13-14	16:13-14	16:13-14	16:13-14	16:13-14	16:13-14

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

9. Eerste paragraaf
10. Tweede paragraaf
11. Derde paragraaf
12. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 16:1-5

¹Send the *tribute* lamb to the ruler of the land,
From Sela by way of the wilderness to the daughter of Zion.
²Then like fleeing birds or scattered nestlings,
The daughters of Moab will be at the fords of the Arnon.
³Give *us* advice, make a decision;
Cast your shadow like night at high noon;
Hide the outcasts, do not betray the fugitive.
⁴Let the outcasts of Moab stay with you;
Be a hiding place to them from the destroyer.”
For the extortioner has come to an end, destruction has ceased,

**Opressors have completely *disappeared* from the land.
⁵A throne will even be established in loving kindness,
 And a judge will sit on it in faithfulness in the tent of David;
 Moreover, he will seek justice
 And be prompt in righteousness.**

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 16:1-5.

16:1 Die vrae aan die konteks is “aan wie”, “van wie” en “waarom”?

1. Die voortvlugtige Moabiete stuur ‘n geskenk as offer aan die heerser van Juda om sy steun te verseker (TEV, NRSV)
2. Gedagtig aan vers 5, sien die Pesjitta en Vulgaat hierin ‘n verwysing na die Messias
3. Dit dra die boodskap dat die oorlewendes van Moab voortsetting van oordeel en uitwissing kan verwag (vgl. vers 12).

- ▣ **OAV, NAV** “Stuur!”
CUMs “stuur”
NASB “Send!”

Die WERKWOORD (DBD 1018, KB 1511) is ‘n *Qal*-IMPERATIEF. Hiermee word ‘n desperate, paniek-aksie aanbeveel.

- ▣ **OAV** “lammers van”
NAV “lammers vir”
CUMs “lammers na”
NASB “a tribute lamb”

Die MT het slegs “lammers” (BDB 503 III, MEERVOUD en noem dat dit “voorlopige belasting” moet wees. Slegs die NASB bring die BYVOEGLIKE NAAMWOORD (vgl. MT) in die vertaling in. Oor die kwessie van ENKELVOUD of MEERVOUD:

- (1) MEERVOUD, NRSV, REB, JB en die genoemde 3 Afrikaanse vertalings
 - (2) ENKELVOUD, Masoretiese Teks, NJB, NASB, NKJV, TEV
- Moab was bekend vir skaapboerdery (2 Kon. 3:4).

Die ou vertalings verskil opvallend:

1. LXX, “ek stuur kruipende diere in die land soos dit tevore was”
2. Pesjitta, “Ek sal die seun van die heerser van die land stuur”
3. JPSOA, “Stuur ‘n boodskapper na die regeerder van die land”

- ▣ **OAV** “uit die rotsstreek”
NAV, CUMs “uit Sela”
NASB “From Sela”

Die basiese betekenis van die woord is “rots”, “krans” (vgl. Jer. 51:25), maar met die verloop van tyd het dit ‘n stad in Edom aangedui, Sela of Petra (BDB 701 II, vgl. 2 Kon. 14:7; Jes. 42:11). Hoewel Sela nie heeltemal goed in die konteks pas nie, kan dit wees dat ‘n ander rotsagtige omgewing naby Juda bedoel word. Moontlik word slegs ‘n suidelike roete (vlugtelinge) bedoel.

Want “waar?” is minder belangrik as “van wie?” “aan wie?” en “waarom?”

- ▣ **OAV** “die berg van die dogter van Sion”
NAV, CUM-MVB “na Sionsberg”
CUM-NLV “na Jerusalem”
NASB “to the mountain of the daughter of Zion”

Dit is figuurlike spreke oor JHWH se tempel in Jerusalem. Die doel van die geskenk-lammers was ‘n offerande aan JHWH (vgl. Esra 7:17).

16:2 Moab word beskryf as

1. voëls wat fladderend vlieg (BDB 622 I, KB 672, *Qal*-AKTIEWE DEELWOORD)
2. uit die nes geskopte klein voëltjies (BDB 1018, KB 1511, *Pual*-DEELWOORD)

Verder word die Moabiete beskryf as “die dogters van Moab,” maar waaronder verstaan moet word slegs diegene van die land wat die slagting oorleef het.

- ▣ **OAV, NAV, CUMs** “by die Arnondriwwe”
NASB “at the fords of the Arnon”

Die Arnonrivier (wadi El-Mujib) vloei in by die middel van die Dooie See uit die ooste daarin. Dit was die geografiese grenskeiding tussen Ammon in die noorde en Moab aan die suidekant (verlengstuk van die Seredspruit, moontlik wadi-El Hesa).

Dit is belangrik om te weet dat hierdie laagwater-driwwe nie aan die Juda-kant grens nie, maar oorkant die Dooie See voorkom. Dit beteken dat 'n Judese militêre eenheid deur Ammon na hierdie driwwe opbeweeg het. Dit kan wel ook beteken dat die noordelike invaller die keer uit die suide opgekom het.

16:3-4 Hierdie verse (1) bied die boodskap aan wat die lammers sou vergesel (die BEVELENDE SPREEKWYSE was gedien as versoek) of (2) Jesaja se pleiddooi dat die Judeërs die Moabiete sou ontvang! Ek is van mening dat opsie #1 die regte is.

1. “gee vir ons raad” (CUM-NLV), BDB 97, KB 112, *Hif'il*-IMPERATIEF, geskryf in MANLIK MEERVOUD, maar moet as VROULIK ENKELVOUD gelees word om met “advies” (BDB 420), wat VROULIK is, grammaties ooreen te stem.
2. “gee beslissing” (OAV), BDB 793, KB 889, *Qal*-IMPERATIEF
3. “beskerm ons”/“maak jou skaduwee soos die nag” (CUM-NLV/OAV), BDB 1011, KB 1483, *Qal*-IMPERATIEF (vgl. 25:4; 32:2; Ps. 91:1)
4. “verberg dié wat verdryf is” (OAV), BDB 711, KB 771, *Pi'el*-IMPERATIEF
5. “moet ons nie verrai nie” (CUM-NLV), *Pi'el*-IMPERFEKTUM in die JUSSIEF betekenis gebruik
6. “laat my mense wat verdryf is by jou vertoef” (OAV), BDB 157, KB 184, *Qal*-IMPERFEKTUM, gebruik in 'n JUSSIEF betekenis
7. “wees vir hulle 'n skuilplek” (OAV), BDB 217, KB 241, *Qal*-IMPERATIEF

Moab was tradisioneel vyandig teenoor Israel, maar afstammingsgewys het hulle nou betrekkinge met die huis van Dawid gehad (vgl. Rut en 1 Sam. 22:3-5)

16:3	OAV	“Maak jou skaduwee soos die nag op die volle middag”
	NAV, CUM-MVB	“Neem Moab se vlugteling in beskerming”
	CUM-NLV	“Beskerm ons”
	NASB	“Cast your shadow like night at high noon”

Hierdie is metaforiese woordgebruik om beskerming aan te dui. Dit kan as verwysing beskou word na die Sjekinawolk en gloed van heerlijkheid tydens Israel se woestynomswerwing. Dit was 'n wolkbedekking (skaduwee en koelte) bedags en 'n vuurgloed in die nag. Dit was simbolies van JHWH se persoonlike teenwoordigheid, sy voorsienigheid en beskerming.

16:4 'n Tyd breek aan, na die invalle in Moab, wanneer die hele Moab onder staatsbestuur van Judea kom met inagneming van 'n aantal voorwaardes:

1. die verdrukker (CUM-MVB), BDB 568 – “uitsuier” se aanwesigheid beëindig, BDB 67, KB 79, *Qal*-PERFEKTUM
2. die verwoesting (AOV), BDB 994, *Qal*-AKTIEF DEELWOORD, tot 'n einde, BDB 477 I, KB 476, *Qal*-PERFEKTUM
3. die vertrappers (OAV), BDB 942, *Qal*-AKTIEF DEELWOORD, weg uit die land, BDB 1070, KB 1752, *Qal*-PERFEKTUM

16:5 Hierdie vers beskryf die toekomstige regering vanuit Juda (vgl. 9:6-7; 11:3-5).

1. 'n troon van omgee-karakter sal opgerig word (PERFEKTUM); BDB 338, sien die *Vir Speciale Aandag* wat hierop volg.
2. 'n getroue regter in die tent van Dawid sal daarop sit (PERFEKTUM); BDB 54
3. hy sal in geregtigheid optree/vir geregtigheid “beywer” (OAV/NAV), (BDB 1048, vgl. 11:3,4)
4. en gou is in geregtigheid (“geregtigheid,” BDB 841, vgl. 11:4,5), sien *Vir Speciale Aandag* by 1:4; “gou”/“beywer”; BDB 555, beteken gewoonlik iemand is “geskool” vir sy taak, dus in staat om dit vinnig af te handel. Hier dui dit op 'n heerser uit die huis van Dawid wat vinnig sal optree om geregtigheid te laat geskied. Dit is dan ook die rede waarom die Vulgaat en die Pesjitta die konteks waarin dié teks voorkom as “Messiaans” beskou.

VIR SPESIALE AANDAG: LIEFDEVOLLE BARMHARTIGHEID, HESED

Hierdie term het 'n wye baie wye betekenisveld. Die BDB karakteriseer dit as volg (338-339).

- A. Die gebruik van genoemde term in verband met mense
 1. vriendelikheid teenoor medemense (bv. 1 Sam. 20:14; 2 Kron. 24:22)
 2. goedgesindheid teenoor armes en behoeftiges (vgl. Miga 6:8)
 3. liefdevol (vgl. Jer. 2:2; Hos. 6:4)
 4. in optrede (vgl. Jes. 40:6)
- B. Hesed in verband met God
 1. lojaliteit en liefde kragtens die verbond
 - a. wanneer Hy van vyande en probleme verlos (vgl. Jer. 31:3; Esra 7:28; 9:9)
 - b. wanneer Hy lewe beskerm teen dood (vgl. Job 10:12; Ps. 86:13)
 - c. wanneer Hy geestelike lewe vernuwe (vgl. Ps. 119:41,76,88,124,149,159)
 - d. in verlossing van sonde (vgl. Ps. 25:7; 51:1)

- e. by instandhouding van die verbonde (vgl. 2 Kron. 6:14; Neh. 1:5; 9:32)
- 2. Hese beskryf God se barmhartigheid, genade, liefde en trou (vgl. Eks. 34:6)
- 3. God se sagmoedigheid/goedertierenheid (OAV)
 - a. in oorvloed (bv. Neh. 9:17; Ps. 103:8)
 - b. groot in omvang (Eks. 20:6; Deut. 5:10 – “duisendste geslag”)
 - c. vir ewig (bv. 1 Kron. 16:34,41; 2 Kron. 5:13; 7:3,6; 20:21; Esra 3:11)
- 4. Werke van sorgsaamheid (NAV; 2 Kron. 6:42; Ps. 89:2; Jes. 55:3; 63:7; Klaagl. 3:22)

NASB (HERSIENE) TEKS: 16:6-12

⁶We have heard of the pride of Moab, an excessive pride

Even of his arrogance, pride, and fury;

His idle boasts are false.

⁷Therefore Moab will wail; everyone of Moab will wail.

You will molar for the raisin cakes of Kir-hareseth

As those who are utterly stricken.

⁸For the fields of Hesbon have withered, the vines of Sibmah as well;

The lords of the nations have trampled down its choice clusters

Which reached as far as Jazer and wandered to the deserts;

Its tendrils spread themselves out and passed over the sea.

⁹Therefore I will weep bitterly for Jazer, for the vine of Sibmah;

I will drench you with my tears, o Heshbon and Elealeh;

For the shouting over your summer fruits and your harvest has fallen away.

¹⁰Gladness and joy are taken away from the fruitful field;

In the vineyards also there will be no cries of joy or jubilant shouting,

No treader treads out wine in the presses,

For I have made the shouting to cease.

¹¹Therefore my heart intones like a harp for Moab

And my inward feelings for Kir-hareseth.

¹²So it will come about when Moab presents himself,

When he wearies himself upon his high place

And comes to his sanctuary to pray,

That he will not prevail.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 16:6-12.

16:16 Hiermee begin ‘n nuwe strofe. Verse 1-5 spreek oor wat JHWH se hoop was, maar vanaf vers 6 word aangedui hoekom dit nie tot stand gekom het nie (vgl. Jer. 48:29).

1. die hoogmoed van Moab
2. oordrewe trots
3. selfverheffing, hovaardigheid
4. hoogmoed
5. grimmige brutaliteit
6. ydel en valse grootpraterij (BDB 95 III, leë verbeeldingvlugte en voorwendsels, vgl. Job 11:3; Jer. 48:30). Die Hebraëuse woord vir “trots” (hoogmoed) word vier keer in verskillende betekenisse gebruik. Moab, soos haar afgode, maak groot aansprake, praat baie, maar is tot niks in staat nie (afgode)!

**16:7-10 OAV, NAV, CUMs “Daarom”
NASB “Therefore”**

“Daarom,” hier is die gevolge.

1. Moab sal ween vanweë haar Baäl-aanbidding (bv. die “rosynekoek”, verse 7,12 – hoewel dit ook ‘n aanduiding van misoeste kan wees)
 2. weiveld verdroog en oeste is daar nie (verse 8-10; 15:6)
- Dit is ook moontlik dat “rosyntjekoek” in die konteks kan dui op ‘n uitermatig luukse lewenswyse.

16:10 “Wyn” Sien die Vir Spesiale Aandag by 1:22.

■ **OAV** “Ek het die vreugdegeroep laat ophou”
NAV, CUM-MVB “Want Ek maak ‘n einde aan die oesvreugde”
CUM-NLV “Want Ek het ‘n einde gebring aan hulle oesfeeste”
NASB “I have made the shouting to cease”

Dit dui op die invallers wat deur JHWH gestuur was en wat oesbedrywighede en jaarlikse oesfeeste ontwig het. Die gedagte van die wegvat van “vreugde” kom herhaaldelik in dié vers na vore:

1. aan die vreugde ‘n einde gemaak, BDB 62, KB 74, *Nifal*-PERFEKTUM

2. Ek het die vreugdegeroep laat ophou (OAV); gebruik van dieselfde WERKWOORD as in #1!
3. geen uitroepe en liedere van vreugde nie, BDB 943, KB 1247, *Pual-IMPEREKTUM*
4. geen jubelroep nie (BDB 929, KB 1206, *Pual-IMPERFEKTUM*)
5. uitroep laat ophou (BDB 991, KB 1407, *Hifil-PERFEKTUM*)

16:11 Die vraag by hierdie vers is wie hier aan die woord is.

1. God, *mē'eh* (מַעַה; BDB 588, vgl. 63:15; Jer. 31:20)
2. die profeet
3. Moab gepersonifiseer

As gevolg van vers 12 kan Moab (#3) nie reg wees nie. Omrede vers 13 kan #2 moontlik reg wees, maar omrede 15:5,9, sowel as die Messiaanse implikasies van vers 5, dink ek dit is God wat treur “wat kon gewees het”. God het mense, geskape na sy beeld, lief; geskape met die oog op ‘n vertrouensvriendskap met Hom, maar toe wend hulle hul na vals gode sonder hoop!

■ OAV	“Kir Heres”
NAV, CUMs	“Kir Geres”
NASB, REB	“Kir-hareseth”
NKJV, NRSV	“Kir-hareseth”
TEV, NJB	“Kir Heres”

Die skryfwyse in NKJV reflekteer die Masoretiese Tekst, maar ‘n verkorte vorm “Kir” word in die NASB aangetref (vgl. 15:1).

16:12 Hierdie vers kan op twee maniere verstaan word.

1. Moab bring offerandes (vgl. vers 1) na Jerusalem (vers 5), maar in haar hoogmoed weier sy om JHWH heelhartig aan te neem (vers 6). JHWH gee waarlik vir hulle om (15: 5; 16:11).
2. Moab bly soek hulp by haar gode (15:2; 16:12), maar hulle kan uiteraard nie reageer nie!

NASB (HERSIENE) TEKS: 16:13-14

¹³This is the word which the LORD spoke earlier concerning Moab. ¹⁴But now the LORD speaks, saying, “Within three years, as a hired man would count them, the glory of Moab will be degraded along with all his great population, and his remnant will be very small and impotent.”

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 16:13-14.

16:14 Hiermee word die nabye lot van Moab aangedui. In plaas van ‘n groot voorspoedige bevolking, met rykdom, invloed en oeste, sal Moab klein en onbelangrik word en magteloos. Die omkerings in die geskiedenis is skokkend en wys ‘n gevalle mensdom daarop dat die beloftes in verband met stabiliteit en vrede net haalbaar is op weg met die God van Israel.

JESAJA 17

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Prophecy About Damascus	Proclamation Against Syria and Israel	Against the Syro-Ephraimite Alliance	God Will Punish Syria and Israel	Against Damascus and Israel	Teen Damaskus en Efraim
17:1-3 (1-3)	17:1-3 (1-3)	17:1-3 (1-3)	17:1-3	17:1-3 (1-3)	17:1-11
17:4-11 (4-11)	17:4-8 (4-8)	17:4-6 (4-6)	17:4-6 (4-6)	17:4-6	
	17:9 (9)	17:7-8 17:9	17:7-8 17:9	17:7-8 17:9-11 (9-11)	
	17:10-11 (10-11)	17:10-11 (10-11)	17:10-11 (10-11)		
			Enemy Nations are Defeated		
17:12-14 (12-14)	17:12-14 (12-14)	17:12-14 (12-14)	17:12-14		17:12-14

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

13. Eerste paragraaf
14. Tweede paragraaf
15. Derde paragraaf
16. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 17:1-3

¹The oracle concerning Damascus.

“Behold, Damascus is about to be removed from being a city
And will become a fallen ruin.

²The cities of Aroer are forsaken;
They will be for flocks to lie down in,
And there will be no one to frighten *them*.

³The fortified city will disappear from Ephraim,
And sovereignty from Damascus

And the remnant of Aram;
They will be like the glory of the sons of Israel,”
Declares the LORD of hosts.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 17:1-3.

17:1 OAV, NAV, CUMs “Damaskus”
NAV “Damascus”

Dit was die hoofstad van Aram/Sirië. Na die invalle en verwoesting van Sirië is reeds vroeër verwys (vgl. 7:16; 8:4; 10:9). Dit was ‘n baie ou stad (vgl. Gen. 14:15; 15:2) en belangrik vir handel vanweë sy ligging op die handelsroetes in die noorde en noordooste.

▣ Let op die sinonieme-parallel in lyne 1 en 2. Tiglat-Pileser III het in 732 v.C. Damaskus gedeeltelik verwoes. Dit is as ‘n streek-hoofstad vir Assirië herbou. Hou in gedagte dat profesie soos hier altyd hiperbolies (oordrywend) van karakter is (sien D. Brent Sandy, *Plowshares and Pruning Hooks: Rethinking the Language of Biblical Prophecy and Apocalyptic*).

17:2 OAV “die stede van Aroër”
NAV, CUM-MVB “Die buitedorpe van Aroër”
CUM-NLV “die dorpe van Aroër”
NASB “the cities of Aroer”

Dié frase is verwarrend.

1. Dit is nie die naam van ‘n streek nie, maar ‘n stadsnaam.
2. Verskeie stede dra dié naam (BDB 792, wat sinspeel op betekenis soos “boom” of “bergkruin” (AB, vol. 1, bl. 399). Drie van die vier moontlike liggings lê buite Siriese grondgebied.
3. Die LXX en die REB laat dié naam uit die teks.
4. Die Pesjitta spel dit Adoer.

Dit wil voorkom of Sirië en Israel in hierdie hoofstuk saamgevat word. Waarskynlik omdat hulle ‘n politiek-militêre alliansie gesluit het, wat Juda met ‘n inval van die land tot samewerking teen Assirië wou dwing (die Siro-Efraimitiese oorlog; 7:16; 8:4; 10:9). Die meerderheid verwysings in die hoofstuk is na die noordelike Tien Stamme, wat “Israel” en “Jakob” genoem word, asook “Samaria” en “Efraim” (verse 4,5); Sirië was onder Israel se beheer tydens die onverdeelde ryk.

Aroër is moontlik ‘n verwysing na die fort by die Arnonrivier.

▣ Reëls 2 en 3 beskryf die algehele verwoesting en ontvolking van die land.

17:3 Die ommuurde stede van Sirië en Efraim sou verdwyn (BDB 991, KB 1407, *Nifal*-PERFEKTUM). Die JPSOA het ‘n voetnoot om steun te verleen aan ‘n teksverandering (emendasie) van “Efraim” (BDB 68) na “Aram”(BDB 78). As die vorige (parallele) strofe oor die die Siro-Efraimitiese oorlog gehandel het, was “Efraim” reeds ‘n goeie parallel. Op die konsonante geoordeel, sou “a.r.m” wel ‘n ware parallel vir die “e.r.m” van die vorige reël kon wees, (**אָרַם** / **מְאַפְרִים**). Ek is van mening dat ‘n AB,BA poëtiese patroon (chiasme) in die MT ‘n rol gespeel het.

▣ **OAV** “met die oorblyfsel van Aram”
NAV, CUM-MVB “Wat van die Arameërs oorbly”
CUM-NLV “Die wat oorbly van Aram”
NASB “The remnant of Syria”

Hierdie frase verwys moontlik na

1. die hoofstad wat oorbly as plek van Siriese mag (maar dit sal verdwyn, vers 6)
2. wanneer die stad val, sal ook die vlugteling dit nie oorleef nie

▣ Die laaste twee reëls van vers 3 lyk positief, maar is inderdaad nie! Efraim se ondergang (vers 3a), word gevolg deur die val van Sirië (sarkasme in die woord “heerlikheid”/“glory” (OAV/NASB), sien vers 4 en CUM-NLV se “soos Israel”. Die woord “heerlikheid” kan ‘n heenwysing op Samaria wees, hoofstad van Israel, wat onder langdurige beleëring deur Sargon II van Assirië geval het in 722 v.C.

▣ **OAV** “spreek die HERE die God van Israel”
NAV, CUMs “So sê die Here die God van Israel”
NASB “Declares the LORD of hosts”

Vir Spesiale JHWH is in beheer van die geskiedenis, in besonder wanneer dit sy verbondsvolk aangaan. Vir die titel “LORD of hosts” sien *Vir Spesiale Aandag die name vir Godheid* by 1:1.

NASB (HERSIENE) TEKS: 17:4-11

**⁴Now in that day the glory of Jacob will fade,
And the fatness of his flesh will become lean.
⁵It will be even like the reaper gathering the standing grain,
As his arms harvest the ears,
Or it will be like one gleaning ears of grain
In the Valley of Rephaim.
⁶Yet gleanings will be left in it like the shaking of an olive tree,
Two or three olives on the topmost bough,
Four or five on the branches of a fruitful tree,
Declares the LORD, the God of Israel.**

⁷In that day man will have regard for his Maker
 And his eyes will look to the Holy One of Israel.
⁸He will not have regard for the altars, the work of his hands,
 Nor will he look to that which his fingers have made,
 Even the Asherim and incense stands.
⁹In that day their strong cities will be forsaken places in the forest,
 Or like branches which they abandoned before the sons of Israel;
 And the land will be desolation.
¹⁰For you have forgotten the God of your salvation
 And have not remembered the rock of your refuge.
 Therefore you plant delightful plants
 And set them with vine slips of a strange god.
¹¹In that day plant *it* you carefully fence *it* in,
 And in the morning you bring your seed to blossom;
 But the harvest will be a heap
 In a day of sickness and incurable pain.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 17:4-11.

17:4 OAV “En in dié dag”
 NAV, CUM-MVB “Daardie dag”
 CUM-NLV “In daardie dag”
 NASB “in that day”

Dit is onseker hoe die digterlike strofes in die hieropvolgende teks ingedeel kan word. Hierdie frase lui moontlik die begin van ‘n nuwe strofe in (vgl. verse 4,7,9,11). Het ons te doen met ‘n verhewe vorm van prosa of poësie? Let gerus daarop hoe die paragraafindelings van verskillende vertalings verskil by die aanvang van hierdie hoofstuk.

▣ OAV “gering word”
 NAV, CUM-MVB “onbeduidend word”
 CUM-NLV “verneder word”
 NASB “fade”
 NKJV “wane”
 NRSV “brought low”
 TEV “come to an end”
 NJB “diminish”

Hierdie WERKWOORD (BDB 195, KB 223, *Nifal*-IMPERFEKTUM beteken oorspronklik dat vrugte of takke laag aan die boom hang, maar in die *Nifal* – vorm (passief) beteken dit dat iets laag afgebring word (vgl. Rigt. 6:6). Die *Qal*-vorm word in 19:6 en 38:14 gebruik.

Hiermee dan verskeie negatiewe stellings om Israel te beskryf.

1. heerlijkheid. . .sal taan (vers 4)
2. “armoede sal die land oorneem” (CUM-NLV); vers 4
3. “verlate. . .soos graanvelde na oes af” (CUM-NLV); vers 5
4. mense so min as olywe in top of lae takke (CUM-NLV); vers 6

17:5 OAV “die dal Refaim”
 NAV, CUM-MVB “Spooklaagte”
 CUM-NLV “Refaimvallei”
 NASB “the valley of Rephaim”

Hiermee verwys Jesaja na ‘n baie vrugbare vallei suid-wes van Jerusalem. Dit word ook op ander plekke in die OT genoem (2 Sam. 5:18,22; 23:13; 1 Kron. 11:15; 14:9). Waarskynlik het dit Jesaja se beeldspraak gepas om ‘n vrugbare vallei te gebruik, maar met swak opbrengs (vgl. vers 4). Waarom hy origens ‘n plek in Juda tot voorbeeld neem en nie in Israel self nie, is nie duidelik nie.

17:6 Die olyfoes het begin met skud van die boom of afslaan van die vruggies (vgl. 24:13; Deut. 24:20). Daar het altyd olywe agtergebly wat nie wou “val” nie. Dit is dan vir die armes gelos (vgl. NASB, vers 5 “gleaning”, “aaroftellers”). Jesaja gebruik die weinig vruggies wat oorbly as simboliek van dié wat sal oorleef.

▣ OAV “twee, drie. . .vier, vyf”
 NAV, CUMs “Twee of drie. . .vier of vyf”
 NASB “Two or three. . .Four or five”

Dit is ‘n voorbeeld van hoe Hebreeus aan ‘n geskatte syfer uitdrukking gee.

17:7-8 Hierdie twee verse is in kontras met die konteks. Vers 7 spreek van inkeer en vers 8 waarvan hulle hul weggedraai het (bv. afgodery). Die vraag is wie die profeet hier in gedagte het?

1. Israel

2. Israel en Sirië
3. Israel, Sirië en Assirië
4. alle kulture van die Ou Nabye Ooste (die mens; *ha 'ādām*), אָדָם .

Is dit bedoel om parallelle te wees met hoofstukke 7,9,11. Let op die oorwinning van God se mense in verse 12-14 (veral 14b)!

17:7 Die parallelisme in dié vers verbind die “Maker” (hetsy die Skepper van hemel en aarde of van Israel – met die “Heilige van Israel” – ‘n titel wat feitlik slegs deur Jesaja gebruik word. Dit is ‘n sterk aanduiding van monoteïsme!

17:8 In plaas dat God die “Maker” is, maak hulle hul eie gode (die Baäls en Asjeras, reël 3; 2:8,20; 30:22; 31:7).

VIR SPESIALE AANDAG: VRUGBAARHEIDSGODSDIENS IN DIE OU NABYE OOSTE

I. Hoe het dit ontwikkel?

- A. Die vroegste mense het van jag en voedselversameling geleef, maar namate ‘n nomadiese bestaan in gevestigde lewe oorgegaan het, was daar behoefte aan landerye en veestapels.
- B. Die Oosterlinge was aan natuurkragte blootgestel. Namate gevestigde beskawing langs waterbronne ontstaan het, het seisoenswisseling hulle bestaan geaffekteer.
- C. Die natuurkragte is toe vergoddelik en moes die gode bevreëdig en beheer word.

II. Op watter plekke en waarom daar?

- A. Vrugaarheidsgodsdienste het ontstaan in
 1. Egipte (langs die Nyl)
 2. Mesopotamië (langs die Tigres en die Eufraat)
 3. Kanaän (langs die Jordaan)
- B. Daar is basiese ooreenkomste tussen die vrugaarheidskultusse in die Ou Nabye Ooste.
- C. Die immer wissellende seisoene en onvoorspelbaarheid van weerstoestande, lei daartoe dat mites van goddelike en menslike aard ontstaan, wat as analogies vir gebeure in die natuur gebruik word.

III. Deur wie en hoe?

- A. Wie (die gode en godinne)
 1. Egipte
 - a. Isis (vroulik)
 - b. Osiris (manlike)
 2. Mesopotamië
 - a. Ishtar/Inanna (vroulik)
 - b. Tammus/ Dumuzi (manlike)
 3. Kanaän
 - a. Baäl (manlike)
 - b. Asjera, Astarte, Anat (vroulik)
- B. Die mitologie oor hierdie “pare” toon heelwat ooreenkoms.
 1. een sterf
 2. ‘n ander herleef
 3. ‘n patroon van sterwende en herlewende gode is nabootsing van die jaarlikse seisoenwisseling.
- C. Nabootsende magie deur middel van seksuele daade is uitbeelding van die gode se huwelike en moet as versekering dien dat ooste, kuddes en mense vrugaar sal bly.

IV. Ook Israel?

- A. JHWH se mense was in Levitikus en Deuteronomium teen die vrugaarheidskultusse gewaarsku. In besonder van hul Kaänanitiese omgewing
- B. hierdie kultusse was baie gewild omrede mense se bygelowigheid en die verleidelike aard van seksuele wellus.
- C. afgodery soek die seenryke lewe in kultiese of rituele handeling eerder as in persoonlike geloof en vertroue op JHWH

V. Aanbevole leesstof

- W.F. Albright, *Archaeology and the Religion of Israel*
 J.H. Breasted, *Development of religion and Thought in Ancient Egypt*
 James G. Frazer,
 - a. *Adonis, Attis, Osiris*
 - b. *Folklore in the Old Testament*
 - c. *The Worship of Nature*
 C.H.Gordon, *Before the Bible*
 S.N. Kramer, *Mythologies of the Ancient World*

▣ **OAV, NAV, CUMs “altare”**
NASB “incense stands”

Die term (wierook-) altare (BDB 329 noem dit ‘n “sonpilaar”, maar KB 329 noem dit ‘n draagbare wierookaltaar. Dit word altyd in negatiewe verband met verwysing na afgodsdienste gebruik (vgl. Lev. 26:30; 2 Kron. 14:5; 34:4,7; Jes. 17:8; 27:9; Eseg. 6:4,6).

17:9 Blykbaar is hierdie ‘n nuwe gedagte-eenheid. Dit beskryf die aanstaande oordeel in oordrywende metafore van boerdery:

1. die verlatenheid van afgeleë woude
2. agtergelate, verdorde takke
3. die land wat ‘n woesteny word

Hierdie vers word anders vertaal in die Septuaginta en die JB, NRSV, die REB en die Afrikaanse NAV en CUMs volg in voetspoor daarvan (“verlate soos die boswêreld”). (1) Die frase dui op ‘n haastige op die vlug slaan en goedere wat nutteloos rondlê. Of (2) dit dui op Amorieite en Hewiete se onderwerping tydens die oorwinning van Israel.

17:10 Hierdie vers, by wyse van afwisseling, is op Israel gerig met meedeling van die redes vir die oordeel van hulle Verbondsgod:

1. hulle het die God wat hulle verlos het vergeet (s.v. Ps. 78:11,42)
2. die rots van hulle toevlug nie in gedagte gehou nie (Ps. 18:1-3; 78:35)
3. mooi aanplantings gemaak om ‘n vreemde god te vereer (1:29-30; 65:3; 66:17, verwysend na heilige tuine of geboomtes. Dit mag ‘n verwysing wees na Adonis/Tammoes, planterykgode wat vereer word met blomaanplantings vroeg in die lente. Vgl. AB, vol. 6 bl. 318)

▣ **OAV “Want jy het vergeet, die God van jou heil”**
NAV “Jy. . .het die God wat jou gehelp het, verlaat”
CUM-MVB “Jy. . .het die God wat jou gehelp het, vergeet”
CUM-NLV “die God wat jou kan help”
NASB “the God of your salvation”

Hierdie beskrywing van die God van Israel kom by herhaling voor (vgl. 12:2; 17:10; 33:2; 45:17; 61:16; 62:10; Ps. 65:5; 68:19; 85:4). Verlossing beteken dat JHWH se verlange na sy verbondsvolk behoue bly wanneer allerlei kragte of verdrukking, inbreuk wil maak op die besondere verhouding tussen Hom en die volk of dit wil ontken (vgl. OAV). Slegs Israel se sonde (nie kragte of verdrukking nie) kan hierdie verlange na sy volk versteur, maar hy bly nogtans die “God van jou heil” (vgl. Miga 7:7; Hab. 3:13,18).

17:11 Hierdie vers verwys na die “heilige tuine” #3 in vers 10 hierbo.

1. Dit word versigtig aangeplant
2. hulle plaas ‘n heining daarom
3. en dien bemestingstowwe toe

Dit groei verbasend vinnig, maar dit loop uit op

- (1) ‘n nikswerd opbrengs (CUM-NLV),
- (2) siekte as enigste oes (CUM-NLV),
- (3) en ongeneslike pyn (CUM-NLV; Job 34:6; Jer. 15:18; 17:9; 30:12,15; Miga 1:9)

NASB (HERSIENE) TEKS: 17:12-14

¹²Alas, the uproar of many peoples
Who roar like the roaring of the seas,
And the rumbling of nations
Who rush on like the rumbling of mighty waters!
¹³The nations rumble on like the rumbling of many waters,
But He will rebuke them and they will flee far away,
And be chased like chaff in the mountains before the wind,
Or whirling dust before a gale.
¹⁴At evening time, behold, there is terror!
Before morning they are no more.
Such *will be* the portion of those who plunder us
And the lot of those who pillage us.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 17:12-14.

17:12-14 Hierdie is die laaste strofe van hoofstuk 17. Opmerklik hierin is die voorkom van parallelismes en herhaalde gebruik twee basiese woordstamme:

1. BDB 242, KB 250, “murmur”/“murmel”, “groan”/“gekreun”, “roar”/“dreuning” of ook “boisterous”/“onstuimig”
 - a. NAAMWOORD vers 12

- b. *Qal*-INFINITIEF KONSTRUKTUS, vers 12
- c. ‘n WERKWOORD IMPERFEKTUM
- 2. BDB 980, KB 1367, “roar”/“dreuning”, “uproar”/ “geraas”, “din”/“gedreun” of ook “crash”/“gekraak”.
 - a. NAAMWOORD (BDB 981) vers 12
 - b. ook NAAMWOORD (BDB 981) vers 12
 - c. *Nifal*-IMPERFEKTUM WERKWOORD vers 12
 - d. NAAMWOORD (BDB 981), vers 13
 - e. *Nifal*-IMPERFEKTUM WERKWOORD vers 13⁹
- 3. Parallele beeldspraak word in vers 13 voortgesit
 - a. soos kaf
 - b. soos stof

JHWH se “gedreun” gaan die “tekere gaan” van die nasies te bowe en hulle sal terugval! Soos met die skepping oorwin Hy weer die chaotiese waters (vgl. Ps. 29; beeldspraak van Jesaja vir soldate van die nasies, CUM-NLV).

- 4. Let ook op die kontras van
 - a. die aand nog. . .verskrikking
 - b. voor dit môre is, is hulle weg

en sinonieme

- a. “stroop,” BDB 1042, KB 1367, *Qal*-AKTIEF DEELWOORD
- b. “plunder,” BDB 102, KB 117, *Qal*-AKTIEF DEELWOORD

17:12 OAV “voordat dit môre word, is hulle nie meer nie”
NAV, CUM-MVB “voor dit môre is, is hulle weg”
CUM-NLV “teen sonsopkoms is hulle weg”
NASB “Before morning they are no more”

Vir die doel van beklemtoning is daar in hierdie sin nie ‘n WERKWOORD nie. Hierdie reël dien as ‘n onderstreping van verse 12-14. Dit stem ook ooreen met die gedagtes in Ps. 2 vervat. JHWH stuur die nasies om Israel te straf, vanweë hulle ongehoorsaamheid aan die verbond en hulle ongeloof, maar dan oordeel Hy daardie selfde nasies. Sy volk is by Hom veilig! Hierdie omkeer van die straf stem ooreen met 10:33-34.

Dikwels staan die koms van lig in noue verband met God se verlossingswerk (vgl. 8:22-9:2; 17:14; 29:18; 30:26; 33:2; 42:16; 49:9-10; 58:8,10; 60:1-3,19-20).

■ **OAV** “die deel van”
NAV, CUM-MVB “Dit is wat sal gebeur met”
CUM-NLV “die verdiende loon”
NASB “the portion”

Hierdie term (BDB 324) dui op God se wilsbeslissing in beeldspraak van ‘n lot gewerp. Dit kan nie verstaan word as ‘n toevallige uiteinde of lot nie, maar dat gebeure die ingryping is van die hand van God (vgl. Jer. 13:25).

⁹ Voorafgaande is die grammatikale ontleding van verse 12 en 13a; sien nou in NAV die parallel in “so onstuimig as die see” (12a) en “wat tekere gaan. . .soos groot waters” (12b) en die herhaling in 13a – vert.

JESAJA 18

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Message to Ethiopia	Proclamation Against Ethiopia	Concerning Ethiopia	God will Punish Ethiopia	Against Cush	Die mense van Kus sal geskenke bring
18:1-7 (1-7)	18:1-2 (1-2) 18:3 (3) 18:4-6 (4-6) 18:7	18:1-2 (1-2) 18:3-6 (3-6) 18:7	18:1-2 18:3-6 18:7	18:1-6 (1-6) 18:7	18:1-2 18:3-6 18:7

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegids kommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

5. Eerste paragraaf
6. Tweede paragraaf
7. Derde paragraaf
8. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 18:1-7

¹Alas, oh land of whirring wings

Which lies beyond the rivers of Cush,

²Which sends envoys by the sea,

Even in papyrus vessels on the surface of the waters.

Go swift messengers, to a nation tall and smooth,

To a people feared far and wide,

A powerful and oppressive nation

Whose land the rivers divide.

³All you inhabitants of the world and dwellers on earth,

As soon as the standard is raised on the mountains, you will see *it*.

⁴For thus the LORD has told me,

“I will look from my dwelling place quietly

Like dazzling heat in the sunshine,

Like a cloud of dew in the heat of harvest.”

⁵For before the harvest, as soon as the bud blossoms

And the flower becomes a ripening grape,

Then He will cut off the sprigs with pruning knives

And remove *and* cut away the spreading branches.

⁶They will be left together for the mountain birds of prey,

And for the beasts of the earth;

And the birds of prey will spend the summer *feeding* on them,

And all the beasts of the earth will spend harvest time on them.

⁷At that time a gift of homage will be brought to the LORD of hosts

From a people tall and smooth,

Even from a people feared far and wide,
A powerful and oppressive nation,
Whose land the rivers divide –
To the place of the name of the LORD of hosts, *even* Mount Zion.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 18:1-7.

18:1	OAV	“Wee”
	NAV, CUM-MVB	“Ellende wag”
	CUM-NLV	“Verwoesting wag”
	NASB	“Alas”
	NKJV, Pesjitta	“woe”
	NRSV, JPSOA	“Ah”

Hierdie UITROEP (BDB 222) kom dikwels in die profetiese geskrifte voor (vgl. 1:4,24; 5:8,11,18,20,21,22; 10:1,5; 17:12; 18:1; 28:1; 29:1,15; 30:1; 31:1; 45:9; 55:1). In die meeste gevalle gee dit aan ‘n negatiewe reaksie op die komende leed van goddelike oordeel uiting. Soms, soos hier in 18:1, gee dit uiting aan jammerhartigheid of simpatie (vgl. kontekste soos 18:1; 55:1 en Jer. 47:6).

■	OAV	“die land van vlerkgegons”
	NAV	“die land met die insekteplae”
	CUM-MVB	“die land waar insekvlerke gons”
	CUM-NLV	“seilbote”
	NASB, NRSV	“Land of the whirring wings”
	NKJV	“the land shadowed with buzzing wings”
	TEV	“a land where the sound of wings is heard”
	NJB	“Land of whirring locust”
	LXX	“wings of the land of ships”
	Pesjitta	“the land of shadowing wings”
	REB	“the land of sailing ships” (n.a.v. verwante woordstamme in Arabies, Aramees, die Targoems en die Septuaginta)
	JPSOA	“land of deep shadow of wings”

Hierdie woordstam לָלַץ (BDB 852) het heelwat moontlike betekenisse:

1. 852 I, die gegons van insekvlerke in vlug
2. 852 II, die gesuis van ‘n gewerpte spies
3. dieselfde KONSONANTE, maar met verskillende VOKALE die gons van ‘n springkaanswerm
4. in MEERVOUDSVORM ‘n musikale slaginstrument (vgl. 2 Sam. 6:5; 1 Kron. 13:8; Ps. 150:5)
5. ‘n verwante WERKWOORD, לָלַץ , *tsālal* (BDB 852), “tuit” (NAV), 1 Sam. 3:11; 2 Kon. 21:12; Jer. 19:3 – ook “tril”/“sidder”, vgl. Hab. 3:16.
6. 853 II, sink (soos lood – Eks. 15:10).
7. 853 III, verdonker (Neh. 13:19; Eseg. 31:3)
8. ‘n verwante NAAMWOORD vir “skaduwee” (vgl. Jes. 4:6 “*tsēl*”; 16:13; 25:4,5; 30:2,3; 32:2; 34:15; 38:8; 49:2; 51:16; sien die JPSOA-vertaling!)

■	OAV, NAV, CUM-MVB	“Kus”
	CUM-NLV	“Etiopië”
	NASB, MT, NJB, REB	“Cush”
	NKJV, LXX, Pesjitta	“Ethiopia”
	NRSV (in voetnoot)	“Nubia”

D.w.s. die landstreek besuide die eerste waterval van die Nyl. In Genesis was dit bekend as “die land van Kus” (vgl. BDB 468, vgl. Gen. 2:13; 10:6,7,8). In die Griekse tydperk kom die naam, Etiopië, na vore. Vandag sluit die gebied die Sudan en dele van moderne Etiopië in (vgl. TEV voetnoot op bl. 625).

In hierdie konteks (hoofstuk 19), verwys dit moontlik na die 25ste dinastie van Nubiese oorheersing van Egipte, naamlik Pianchia en Sjabaka.

Alhoewel, die bevolking wat aangespreek word was woonagtig “aan die riviere van Kus,” waarvandaan Egipte huursoldate gewerf het.

18:2	OAV	“skuite van biesies”
	NAV, CUMs	“papyrusbote”
	NASB	“papyrus vessels”

Hiermee sou ‘n mens dadelik wou dink dat dit bote op die Nyl moet wees, terwyl sulkes op die Tigris en die Eufraat ook in gebruik was (vgl. James M. Freeman, *Manners and Customs of the Bible*, bl. 2560).

■	OAV	“gaan weg”
	NAV, CUM-MVB	“gaan terug”

CUM-NLV “Gaan huis toe”
NASB “Go”

Dit is heeltemal gebruiklik vir Jesaja om van sy historiese eietyd of gebeurtenisse oor te skakel na eskatologiese gebeure (eindtyd). Die gebeurtenisse van en krisisse van sy tyd is voorafskaduwing van die klimaks van geskiedenis se finale afsluiting. Die gang van dinge kan nie maar in ‘n enkele gebeurtenis van plek, tyd en bepaalde mense vasgepen word nie, maar is deel van die mensdom se op pad wees na iewers; doelwitte, selfs van kosmiese aard is aan die werk agter daaglikse gebeurtenisse.

■ Hierdie vers beskryf die aard van dié nasie.

1. ’n seevaardersbevolking; bote van riete op die Nyl (BDB 479, STATUS KONSTRUKTUS, BDB 167)
2. mense fisies groot (BDB 604, KB 645, *Pual-DEELWOORD*, letterlik “om uitgestrek te wees”)
3. met ‘n gladde vel (CUM-NLV; BDB 598, KB 634, *Pual-DEELWOORD*) kaalgeskeerde koppe, ge-oliede swaarde en velle; (1) geen vlekke nie, REB, TEV “glad van vel,” (2) die een soos die ander van kleur (“brons”, NJB) of (3) skoongeskeer en sonder gesighare.
4. wyd en syd gevrees
5. ‘n magtige nasie (die Hebreeus is onseker, maar moontlik idiomaties vir “’n vreemde taal”)
6. ’n gedugte oorheerser (die Hebreeus is onseker)
7. die land word deur riviere verdeel, die Hebreeus onseker, want die WERKWOORD kom net tweekeer voor in hierdie hoofstuk (BDB 102, KB 107, *Qal-PER\$FEKTUM*). Die vertaling met “verdeel” is op ‘n Aramese stam-ekwivalent gebaseer. Met die gedagte aan ‘n jaarlikse vloed (Nyl) het die REB “geteister”, maar die probleem is dan dat die moontlike konteks van die Tigris en Eufraat uitgesluit word. #2-#6 hierbo word in vers 7 herhaal. Hiermee word die bevolking suid van die eerste waterval as groot van gestalte, donker van kleur en oorlogsugtig beskryf.

Daarom kan die konteks hier beskou word as Egipte se poging om militêre bondgenootskap teen Assirië te soek. Die woord wat hier met “groot” vertaal word, word nêrens elders so vertaal nie. Universeelgesproke kan vers 3 in hierdie gedig as ‘n boodskap van JHWH beskou word dat niks en niemand ‘n nasie van sy oordeel kan verlos nie. Selfs Egipte, met steun van enige ander oorlogsugtige nasie, is nie in staat om Juda te help (vgl. Hoofstuk 7) nie, maar net JHWH alleen.

Daarmee duik ‘n konteksvraagstuk op.

1. is hoofstuk 18 ‘n onafhanklike gedig?
2. staan hoofstuk 18 in noue verband met hoofstuk 17?
3. of staan hoofstuk 18 in noue verband met hoofstuk 19?

■	OAV	“na die wyd en syd gevreesde volk”
	NAV, CUM-MVB	“julle volk wat wyd en syd gevrees word”
	CUM-NLV	“mense. . . wat wyd en syd gevrees word”
	NASB	“a powerful and oppressive nation”
	NKJV	“a nation powerful and treading down”
	NRSV	“a nation mighty and conquering”
	TEV	“a strong and powerful nation”
	JPSOA	“a nation of gibber and chatter”

Die LXX en die Pesjitta vertaal hier as sou ‘n verslae nasie aangespreek word, maar hedendaagse vertalings volg hulle nie na hierin nie.

Twee beskrywende NAAMWOORDE dien hier as karakterisering van dié volk.

1. Die term vir “magtig” word tautologies (dubbel) aangewend ten einde die beeld te verskerp: die geluide van leërs op mars, vgl. *IVP Bible Background Commentary*, bl. 608, of soos die JPSOA vertaal, ‘n “taalluidrugtige” opmars.
2. Die tweede term (BDB 101) beteken letterlik “om te vertrap” NKJV, in die metaforiese sin van oorwin.

18:3	OAV	“Al die bewoners van die wêreld”
	NAV, CUM-MVB	“Julle almal wat in die wêreld woon”
	CUM-NLV	“die hele wêreld. . . julle”
	NASB	“All you inhabitants of the world and dwellers on earth”

Jesaja het hierdie groter groep dikwels aangespreek (vgl. 2:2-4; 9:7; 11:10,11-12; 12:4-6; 17:7-8; 26:9). Wat is te wagte as JHWH se verbondsvolk al die nasies bereik? Die term kan op wêreldwye verlossing sinspeel of op wêreldwye oordeel (vgl. 13:11; 24:4; 34:1). In ‘n sekere sin toon die gebruik van “wêreld” hier JHWH se voldoende, universele krag en teenwoordigheid. Soos wat blyk uit hierdie literêre eenheidstuk van oordeel wat al die nasies betrek. JHWH se dade raak die hele aarde. Hy is die Here van die skepping!

Wie stuur die boodskap van vers 3?

1. Is dit Kus aan Assirië?
2. ’n Bondgenootskap met Kus teen Assirië? (Aldus ‘n NRSV-voetnoot)
3. ‘n Boodskap van Sirië en Israel met die oog op samewerking teen Assirië (REB voetnoot)
4. Kus wat reageer op ‘n hulpoproep van Juda (*Jewish Study Bible*-voetnoot)
5. ‘n JB-voetnoot meld dat hierdie boodskap op Egipte betrekking het omdat die Farao’s op daardie stadium Nubiërs was. Daarmee sluit hoofstuk 18 by 19 aan eerder as by 17.

6. Of Assirië gerig teen die hele wêreld.
7. JHWH teen alle vyande wat sy plan met sy verbondsvolk teenstaan (vgl. Ps. 2).

Op die wyse leer ons die meersinnigheid (dubbelsinnigheid) van Hebreeuse poësie, en die gevolglik kragtige beeldspraak daarvan, van naby ken.

■ Op dié wyse word op die slagveld gekommunikeer (vlag gehys en trompet/ramshoring geblaas). Dit kan as simbole van (1) oordeel (verse 5-6) of van verlossing (vers 7) verstaan word.

Op 'n heerlike manier skilder hierdie klein gediggie die kalmte van die hemel teenoor die chaos van die aarde af! Dit laat ook die oordeel lyk op 'n uitnodiging (bv. 2:2-4; 11:10; 49:6; 51:4-8).

18:4 OAV	“Want so het die HERE vir my gesê”
NAV, CUM-MVB	“So het die Here vir my gesê”
CUM-NLV	“Want die HERE het vir my gesê”
NASB	“For thus the LORD has told me”

Hiermee maak Jesaja nogeens daarop aanspraak dat hy openbaring ontvang het. Sy boodskap was nie sy eie nie, maar dit was van JHWH afkomstig! Dit is die kernsaak waarop die gesag van die Bybel steun! Het God gespreek? Kan ons dit verstaan? Kan ons daarop staatmaak?

Dit is die fundamentele vrae wat 'n ieder en elk vir hom/haarself moet uitmaak wanneer die Bybel opgeneem word. Besoek aanlyn die preke oor “Trustworthiness of the Old Testament” en “Trustworthiness of the New Testament” by www.freebiblecommentary.org aangebied by die “Biblical Interpretation Seminar” (Les Twee).

■ Reëls 2-4 beskryf God se boodskap aan Kus of aan Assirië. Hy spreek gesaghebbend (twee KOHORTATIEWE) vanaf (1) Berg Moria, waar Hy in die tempel sy gerubstroom oor die ark van die verbond opgeneem het of (2) uit die hemel soos hier gesuggereer word (vgl. 1 Kon. 8:39,43,49). Sy teenwoordigheid is stralend!

In die boek Jesaja geld daar 'n teologie dat Jerusalem nooit ingeneem sal word nie. Hierdie vers is 'n weergawe van daardie teologie. Oorloë sal daar altyd wees (vers 3), maar Juda is veilig in JHWH se bewaring (vgl. 7:4; 8:8). Juda het nie nodig om alliansies met Sirië, Israel of Egipte te sluit nie. Assirië sal algeheel verslaan word.

JHWH se veilige, kalm, hemelse vrede word met die aardse chaos gekontrasteer. Dit kom veelal ooreen met die literêre styl van die Openbaring-boek. Daar word aardse chaos in hoofstukke 2-3 beskryf en die hemelse troonkamer is omring met stille vrede in hoofstukke 4-5!

Geskiedenis is nie maar net 'n koerslose vloed nie, maar word deur God bestuur en geërkestreer onderweg na 'n klimaktiese hoogtepunt.

18:5 JHWH se oordeelsboodskap kom veelvuldig in Jesaja in boerderymetafore tot uitdrukking. 'n Mislukte oes vernietig die belange van enigene wat van jaarlikse voedselopbrengste afhanklik is. Op die korttermyn is dit metafories van spoedige oordeel net om die draai (vgl. 17:14).

18:6 Die afsterwe van die bevolking sal 'n banket afgee vir roofvoëls en roofdiere.

18:7 'n Tyd sal aanbreek wanneer 'n oorblyfsel van God se volk (of waarskynlik die hele heidendom, 'n ander tipe boodskap sal opstuur na die tempel in Jerusalem. Nie meer 'n dreigement nie (vgl. vers 3), maar 'n offerande aan JHWH in Jerusalem (vgl. vers 7, reël 6). Die geskenk sal 'n kulturele/godsdienstige simbool wees wat JHWH se heerskappy en regering erken. Die vyande van verse 1 en 2 is nou aanbidders! Dit sal 'n vervulling van Gen. 3:15 wees (sien *Vir Spesiale Aandag: Bob se Evangeliese Voorveronderstellings* by 1:3). Die verlossingsdoel en -werk strek wyer as die biologiese saad (nageslag) van Abraham (Rom. 2:28-29).

■ OAV, NAV, CUM-MVB	“van”
CUM-NLV	“vir”
NASB, NKJV, NRSV,	“from”
REB, LXX	
NJB	“on behalf of”

Die MasoretieseTeks het die NAAMWOORD “mense”, maar nie 'n VOORSETSEL nie. Dit kan daarop dui dat die mense self die “offerande” sou wees (oordragtelik). Die DSS, die Septuaginta en die Vulgaat het die VOORSETSEL “van”.¹⁰

¹⁰ Die implikasie van offers is in elk geval simbolies die gee van die ‘self’ – vert.

JESAJA 19

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Message to Egypt	Proclamation Against Egypt	Against Egypt	God will Punish Egypt	Against Egypt	Teen Egipte
19:1-4 (1-4)	19:1 (1) 19:2-4	19:1-4 (1-4)	19:1-4	19:1-4 (1-4)	19:1-4
19:5-10 (5-10)	19:5-10 (5-10)	19:5-10 (5-10)	19:5-10	9:5-15 (5-15)	19:5-10
19:11-15 (11-15)	19:11-15	19:11-15	19:11-15		19:11 19:12 19:13-15
	Egypt, Assyria, and Israel Blessed	Conversion of Egypt and Assiria	Egypt will Worship the LORD	The Conversion of Egypt	
19:16-17	19:16-17	19:16-17	19:16-17	19:16-23	19:16-25
19:18	19:18	19:18	19:18		
19:19-22	19:19-22	19:19-22	19:19-22		
19:23	19:23	19:23	19:23-25		
19:24-25	19:24-25	19:24-25		19:24-25	

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 19:1-4

¹The oracle concerning Egypt.

Behold the LORD is riding on a swift cloud

The idols of Egypt will tremble at His Presence

And the heart of the Egyptians will melt within them.

²So I will incite Egyptians against Egyptians;

And they will each fight against his brother and each against his neighbour,

City against city *and* kingdom against kingdom.

³Then the spirit of the Egyptians will be demoralized within them;

And I will confound their strategy,

So they will resort to idols and ghosts of the dead

And to mediums and spiritists.

⁴Moreover, I will deliver the Egyptians into the hand of a cruel master,

And a mighty king will rule over them.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 19:1-4.

19:1 OAV, NAV, CUM-MVB “Die Here ry op ‘n vinnige wolk”
CUM-NLV “Hy ry op ‘n vinnige wolk”
NASB “The LORD is riding on a swift cloud”

Hierdie metaforiese taal beskryf JHWH as

1. in beheer van die natuur
2. bestuurder van natuurkragte
3. vinnig as Hy kom

Sien Ps. 18:10; 104:3. Dié frase sinspeel op Messiaanse status in Daniël 7:13 en Matteus 26:64; Markus 14:62. Soos die geval met baie OT-frases wat JHWH beskryf, kom soortgelyke beskrywings ten opsigte van heidengode, of heersers van die Ou Nabye Ooste, ook voor¹¹. In die Ugaritiese literatuur ry ook Baäl op die wolke. Namate die verbondsvolk die uitsprake in oortreffende trap onder die omringende volke teengekom het, het hulle dit op die enigware God van toepassing gemaak, dié God in Wie hulle vervulling gevind het. Dit geld ook van die “Koning van die konings” en talle ander gewilde titels van JHWH.

■ **OAV “en kom na Egipte toe”**
NAV, CUM-MVB “Hy gaan na Egipte toe”
CUM-NLV “Die Here is op pad na Egipte toe”
NASB “and is about to come to Egypt”

JHWH se teenwoordigheid beteken weer oordeel (vgl. verse 1-15) sowel as verlossing (vgl. verse 16-23). Hierdie meervoudige betekenis is kenmerkend van Hebreuse profesie. Dit is ‘n literêre tegniek wat as “omkering” bekendstaan. Hiermee word antitetiese parallelisme uitgebrei na groter skrifdele as die twee-reëlige *parallismus membrorum*¹². Antitetiese parallelisme staan in westerse literatuur as “paradoks” bekend.

Egipte sal geoordeel word ten einde rein te word en JHWH te verheerlik in verering (aanbidding). Soos wat Hy na Juda as Verlosser gekom het, so sal dit met Egipte wees. JHWH se hart verlang na mense wat Hy na sy beeld geskape het (vgl. Gen. 1:26-27); nie net na ‘n uitverkore nasie soos die geval met Israel nie! Hy het die saad van Abraham (Israel) bestem vir ‘n groter doel (vgl. Gen. 3:15)!

■ **OAV, NAV, CUMs “Egipte se afgode”**
NASB “the idols of Egypt”

Egipte het baie gode gehad (vgl. Eks. 12:12; Num. 33:4). Die land se afgodediens en spiritistiese praktyke word in vers 3 naderby aangedui.

1. afgode (BDB 47)
2. geeste (van dooies); BDB 31, slegs hier vermeld
3. mediums (BDB 15, “townaars”, vgl. Deut. 18:11)
4. spiritiste (BDB 396, “townaars”, “voorvadergeeste”)

Sien die aantekening by 8:19.

Tydens die plaes in Egipte word die godendom juis met minagting beskryf ten einde by Israeliete en Egiptenare geloof in JHWH op te wek (vgl. Eks. 12:38 t.o.v “die gemengde bevolking”). Volgens hierdie vers het sommige daarop aanspraak gemaak dat hulle die mag het, of ‘n geesgenoot is met dooies, ten einde met hulle te kan kommunikeer (vgl. Lev. 19:31; 20:6,27; Deut. 18:11; 1 Sam. 28:8; 2 Kon 21:6; 2 Kron. 33:6; Jes. 8:19; 19:3). Hulle het toekomsinligting begeer ten einde beheer daaroor te kry, maar sonder om JHWH te raadpleeg. Dit is veroorsaak deur

1. die sondegevalle natuur van die mens
2. die selfmisleiding van priesters/profete
3. demoniese bedrywigheid
4. die strewe na geestelike oorheersing van ons lewes en van ander

■ Die laaste twee reëls van vers 1 is ‘n parallelisme

1. die afgode van Egipte is bang vir Hom (NAV; BDB 631, KB 681, *Qal*-PERFEKTUM, vgl. 6:4; 7:2 [tweekeer]; 19:1; 24:20 [tweekeer]; 29:9; 37:22)
2. die Egiptenaars se harte krimp ineen (CUM-MVB; BDB 587, KB 606, *Nifal*-IMPERFKTUM, vgl. 13:7; Jos. 2:11; 5:1; 7:5 (terminologie uit “heilige oorloë”))

19:2 ‘n Mens wonder of dit met die volgende verband hou

1. die militêre opmars van die Nubiese regeerders teen die boorling-Egiptenare van die Delta-gebied (Bo-Egipte)
2. die botsings tussen Egiptiese stede, aanhangers van verskillende gode.

Die botsing van stede onderling, hulle weermagte in burgeroorlog betrokke, is voorbeeld van die sogenaamde “heilige oorlog”(om godsdienstige redes (vgl. Rigt. 7:22; 1 Sam. 14:20; 2 Kron. 20:23).

■ **OAV “En Ek sal...”**
NAV, CUM-MVB “Ek, die Here...”

¹¹ Ontlening – vert.

¹² Die tweede reël dien as toeligting tot die eerste of staan in teenstelling daarmee – vert.

CUM-NLV “Ek laat...”
NASB “I will...”

Jesaja stel JHWH self aan die woord (verse 2,3,4). Hy gee Egipte oor aan

1. burgeroorlog (vers 2)
2. mismoedigheid (CUM-NLV), radeloosheid (OAV)
3. verydeling van planne (NAV); vers 3b
4. vertroue op nie-bestaande (vals) gode; vers 3c,d
5. die aantog van ‘n wrede heerser, ‘n magtige koning; vers 4

▣ **OAV** “Ek sal. . .ophits”
NAV, CUM-MVB “Ek sal. . .vyand. . .maak”
CUM-NLV “Ek laat. . .teen mekaar baklei”
NASB, REB “I will incite”
NKJV “I will set”
NRSV, TEV, NJB, LXX, Pesjitta “I will stir up”

Hierdie WERKWOORD (BDB 691 I of BDB 1127) kom twee keer in ‘n *Pilpel*-vorm voor (Jes. 9:11 en hier). In die konteks hier beteken dit

1. oprui
2. aanhits
3. aanspoor (‘n Etiopiese stamwoord)

Die Arabiese stamwoord beteken “om sleg te ruik” (vgl. NIDOTTE, vol. 3, bl. 233).

19:3 OAV “verwar”
NAV, CUMs “verydel”
NASB “confound”

Die Hebreeuse woord beteken normaalweg “om te sluk”. Baie geleerdes veronderstel ‘n tweede betekenis vir dieselfde woordstam, naamlik “verwar” (BDB 118 III, vgl. 3:12; 9:15; 28:7).

19:4 In konteks met 20:4 kan dit dui op (1) Assirië, (2) die Nubiese invallers (vgl. Hoofstuk 18).

Dieselfde terminologie word i.v.m. Babilon gebruik in 46:26; Eseg. 29:19. JHWH bestuur wêreldmagte volgens sy voorkeur.

Op jou berus ‘n besluit of hierdie tipiese Ou Nabye Oosterse spreekwyse, in oortreffende trap, ‘n tree terug in die antieke wêreldbeskouing is en of dit nog realiteit is? Geïnspireerdes het terminologie van die ONO oorgeneem en op JHWH van toepassing gemaak. Die geldigheid van so ‘n kopskuif lê in geloof! Is die Bybel ‘n uniek-geïnspireerde openbaring van die enigware God? Dit is die vraag! Sien my preke oor, “Why I trust the OT” en “Why I trust the NT” in die “Biblical Interpretation Seminar” (2009, lesing 3).

▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** “Ek sal. . .oorgee”
CUM-NLV “Ek gee. . .oor”
NASB “I will deliver”

Hierdie WERKWOORD (BDB 698, KB 755, *Pi’el*-PERFEKTUM) beteken “om uit te lewer aan” (vgl. Targoems, LXX, Pesjitta). In die *Pi’el*-vorm, slegs hier! Die WERKWOORD verskyn in die *Nifal*-vorm in Gen. 8:2 en Ps. 63:12, wat beteken “om iets te stuit”. Die *Pi’el*-vorm is van ‘n baie ou Aramese stamwoord afkomstig. Gevolglik is twee Hebreeuse wortelstambetekeninge moontlik.

NASB (HERSIENE) TEKS: 19:5-10

⁵The waters from the sea will dry up,
And the river will be parched and dry.

⁶The canals will emit a stench,

The streams of Egypt will thin out and dry up;

The reeds and rushes will rot away.

⁷The bulrushes by the Nile, by the edge of the Nile

And all the sown fields by the Nile

Will become dry, be driven away, and be no more.

⁸And the fishermen will lament,

And those who cast a line into the Nile will mourn

And those who spread nets on the waters will pine away

⁹Moreover, the manufacturers of linen made from combed flax

And the weavers of white cloth will be utterly dejected.

¹⁰And the pillars of Egypt will be crushed;

All the hired laborers will be grieved in soul.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 19:5-10.

19:5 Hierdie strofe beskryf JHWH se oordeel oor Egipte.

1. die oorvloed water van die Nyl droog op
2. as gevolg daarvan verdroog die rivier se groenigheid
3. en verdroog ook die aanplantings onder besproeiing
4. die visindustrie bekla hulle lot en huil (NAV)
5. al die verliese lei tot die ondergang van die klere-industrie
6. die hele Egiptiese samelewing stort in duie
7. alle werknemers sal treur

Daar is drie WERKWOORDE wat gemeenskaplik met die verlies van water te doen het:

1. “opdroog”/ “wegdroog”(NAV; BDB 677, IKB 732, *Nifal*-PERFEKTUM; vers 5,6; 41:17)
2. “om verskroei te wees”/“opdroog” (NAV; BDB 351, KB 349, *Qal*-IMPERFEKTUM, 11:15; 37:25; 44:27; 50:2; 51:10)
3. “om droog te wees,” NAV; BDB 386, KB 384, *Qal*-PERFEKTUM, verse 5,7; 15:6; 27:11; 40:7,8,24; 42:15 [tweekeer]; 44:27.

Dit kom herhaaldelik in die OT voor dat God water beheer, al staan dit nie daar dat Hy dit met die spreek van ‘n woord geskape het nie.

1. Die waters bo en onder het Hy geskei (Gen. 1:7)
2. waters saam laat vloei sodat droeë grond kon verskyn (Gen. 1:9-10)
3. stuur ‘n vloed (Gen. 7:4,7)
4. die vloedwater laat opdroog (Gen. 8:2-3)
5. voorsien vir Hagar ‘n put met water (Gen. 21:19)
6. Verdeel die waters van die Rietsee en laat dit terugvloei (Eks. 14:16,27)
7. die bitter water van Mara versoet/gereinig
8. water uit ‘n rots in die woestyn (Num. 20:8,11)
9. belooft oorvloed in landbou as verbond gehoorsaam word (Deut. 27-28)
10. verdeel die waters van die Jordaan (Jos. 3:14-17; 4:23-24)
11. opdroog van die Nyl en sy toevoerbronne (Jes. 19:5)
12. sal die Eufraat opdroog (Openb. 16:12)
13. die water wat vloei uit die nuwe tempel (Eseg. 47:1), vanuit Jerusalem (Sag. 14:8) en die hemelse stad (Openb. 22:1)

Vir woestynbewoners was die genoemde dinge werklik wonderbaarlik en aanduiding van God se mag. Water was die simbool van lewe. En onthou, die Nyl is beskou as een van die vernaamste gode van die Egiptiese godendom (soos ook *Re*, die songod – vgl. vers 18).

19:6 OAV, NAV, CUM-MVB “sal stink”
CUM-NLV “sal sleg ruik”
NASB “will emit a stench”

Hierdie WERKWOORD (BDB 276, KB 276, *Hifil*-PERFEKTUM), kom net hier voor. Dit lyk of dit uit ‘n Arabiese wortelstam ontstaan het. Die ophopende dooie plante begin verrot!

19:9 OAV “wit stowwe”
NAV, CUM-MVB “vlas uitkam en weef”
CUM-NLV “katoen gebruik om te weef”
NASB, NJB “white cloth”
NKJV “fine fabric”
NRSV, REB “grow pale”
LXX “linen”
JPSOA “chagrined”

Die MT het **וָהָרָה**, “wit kleed” (vir ‘n Aramese parallel sien Dan. 7:9), maar die parallelisme pas beter met **וָהָרָה**, “bleek word”(vgl. Jes. 29:22 en DSS van hierdie teks). Daar is sterk aanduiding van woordspel met “wit” (*hôr*, BDB 301).

19:10 OAV “sy steunpilare”
NAV, CUM-MVB “Egipte se wewers”
CUM-NLV “hulle sal afgehaal wees”
NASB “the pillars”
NKJV, JPSOA “its foundations”
NRSV, TEV, NJB “its weavers”

Die MT (BDB 1011, net hier) het die “fondament” of die “steunsel”/“stut” van die gemeenskapslewe, die hoërklas leiersfigure in gedagte. Die vonds van “wewers” as vertaling hier kom van diegene wat ‘n sinoniem soek vir “loonarbeiders” as parallel, hoewel die vraag bly of ons hier nie met ‘n antitesis te doen het nie: “hoërlui” teenoor die “laer klas” landgenote? Die Hebreeuse teks volstaan met die dubbelsinnigheid.

NASB (HERSIENE) TEKS: 19:11-15

¹¹The princes of Zoan are mere fools;
 The advice of Pharaoh's wisest advisers has become stupid.
 How can you men say to Pharaoh,
 "I am a son of the wise, a son of ancient kings"?"
¹²Well then, where are your wise men?
 Please let them tell you,
 And let them understand what the LORD of hosts
 Has purposed against Egypt.
¹³The princes of Zoan have acted foolishly,
 The princes of Memphis are deluded;
Those who are the cornerstone of her tribes
 Have led Egypt astray.
¹⁴The LORD has mixed within her a spirit of distortion;
 They have led Egypt astray in all that it does,
 As a drunken man staggers in his vomit.
¹⁵There will be no word for Egypt
 Which *its* head or tail, *its* palm branch or bulrush, may do.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 19:11-15.

19:11-15 Hierdie strofe brei uit op vers 3

1. vers 11 "die adviseurs van Soan", "princes", CUM-NLV/NASB. Tanis, hoofstad van die Delta-gebied se prinse was dwase (BDB 17, soos ook in verband met Juda in Jer. 4:22 gemeld word)
2. vers 11 farao se slimste adviseurs het dom raad gegee (letterlik "brutaal," BDB 129 II, KB 146, *Nifal-DEELWOORD*, vgl. Jer 10:14,21; 51:17)
3. vers 13 die leiers van Soan se planne het niks gehelp nie (NAV; BDB 383, KB 381, *Nifal-DEELWOORD*, vgl. Jer. 5:4; 50:36)
4. vers 13 die leiers van Memfis het bedroë daarvan afgekom (NAV; Nof, nog 'n Egiptiese hoofstad), BDB 674, KB 728, *Nifal-PERFEKTUM*; 'n *Hifil-PERFEKTUM* kom voor in Gen. 3:13
5. vers 13 Egipte is op 'n dwaalweg gebring (OAV; BDB 1073, KB 1766, *Hifil-PERFEKTUM*, vgl. vers 14, 3:12; 9:16; Jer 23:13,32; Hos 4:12; Miga 3:5)
6. v 14 hulle het die land van Egipte soos 'n siek dronklap laat steier (CUM-NLV; behels dieselfde WERKWOORD as in #5 (vorige), wat op dronkenskap sinspeel)

19:11 Die vierde reël is idiomaties vir 'n groepering van die wyses in die land soos wat Daniël deel was van 'n erkende groep in Babilonië. Die woord "seun" beteken hier lid van 'n groep.

19:12 JHWH vra hier 'n retoriese vraag met 'n titseltjie sarkasme. Hy voer dit verder by wyse van twee IMPERFEKTIEWE (BDB 616, KB 615 en weer BDB 393 en KB 390) wat in die JUSSIEF uitgespreek word: "Laat hulle..."

Hulle het aanspraak daarop gemaak om "wysheid" te hê (vers 11d; 1 Kon. 4:30; Han. 7:22). Hulle het op hulle planne gewys (vers 3b), maar hulle wysheid en planne was strydig met die doelstellings van JHWH (vers 12a).

19:13 OAV "deur hulle. . . wat die hoeksteen van die stamme is"
 NAV, CUM-MVB "die beste raadgevers van Egipte"
 CUM-NLV "die leiers van Egipte"
 NASB "*Those who are the cornerstone of her tribes*"

Die woord "hoeksteen" (BDB 819) is hier 'n aanduiding van leierskap (vgl. Rigt. 20:2; 1 Sam. 14:38).

19:14 OAV "'n gees van bedwelming gegiet"
 NAV, CUM-MVB "verwar"
 CUM-NLV "dwaas gemaak"
 NASB, LXX "mixed"
 NKJV, Pesjitta "mingled"
 NRSV, JB "poured"
 REB, NJB "infused"

Die MT het die WERKWOORD "gemeng" (BDB *māsad* 587, KB 605, *Qal-PERFEKTUM*) wat op sterk drank sinspeel (vgl. 5:22). Andersins, kan na aanleiding van Jes. 29:10 geoordeel word dat die woord *nāsad* moet wees (eerste konsonant 𐤏 in plaas van 𐤍). Dan is die betekenis "uitgiet" (BDB 650, KB 703, *Qal-PERFEKTUM* soos aangetref in die *DSS*). In beide gevalle dien dit as metafoor vir die verwardheid en swak oordeel van dronkenskap.

19:15 Die tweede reël hier bevat twee idiome wat aanduidend is van alle lae van die bevolking (vgl. 9:14-15).

1. kop – stert

2. palm –biesie

‘n Totale onvermoë daal van God af op hulle neer! Dié wat voorgegee het om wys te wees (vgl. vers 11d,12a,13c) het geblyk te wees onwys weens hulle vertroue (1) op vals gode; (2) mense met vals godsdienstige voorwendsels en (3) met swak planne (vgl. vers 3). Die hele leierskap van Egipte, in die maatskaplike lewe en godsdiens (verse 11-12) is uit diens gestel sowel as die hande-arbeiders (vgl. vers 8-10).

NASB (HERSIENE) TEKS: 19:16-17

¹⁶In that day the Egyptians will become like women, and they will tremble and be in dread because of the waving of the hand of the LORD of hosts, which He is going to wave over them. ¹⁷The land of Judah will become a terror to Egypt; everyone to whom it is mentioned will be in dread because of it, because of the purpose of the LORD of hosts which He is purposing against them.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 19:16-17.

19:16-17 Hier word JHWH (“ die HERE van die leërskaare wat sy hand wuif”) se optrede beskryf. Sy doel sal wees

1. die Egiptenaars sal soos die vroue word (vers 16; OAV)
2. hulle sal bewe (vers 16, BDB 353, KB 350, *Qal*-PERFEKTUM)
3. hulle sal in angs verkeer; vers 16 (BDB 808, KB 922, *Qal*-PERFEKTUM)
4. Judas sal vir Egipte ‘n bedreiging word, vers 17, (WERKWOORD, *Qal*-PERFEKTUM, maar die NAAMWOORD “bedreiging” BDB 291, word net hier aangetref)
5. hulle sal in vrees verkeer (BDB 808, 922, *Qal*-IMPERFEKTUM, vgl. #3)

19:16 OAV “die HERE van die leërskaare”
NAV “Here die Almagtige”
CUM-MVB “die Here die Magtige van die hemelse leër”
CUM-NLV “die HERE die Almagtige”
NASB “the LORD of hosts”

Die frase “op daardie dag” bind die laaste 5 strofes saam (vgl. vv 16,18,19,23,24). Op dieselfde wyse bind hierdie vers vir vers herhaling van die titel van JHWH (vv. 16,17,18,20,25) die verse saam (of selfs net “die HERE”, bv. 19,20,21,22). Die God van die Verbond (titel), is baie aktief in hierdie bemoedigende verse, gerig op die nasies se verlossing!

NASB (HERSIENE) TEKS: 19:18

¹⁸In that day five cities in the land of Egypt will be speaking the language of Canaan and swearing allegiance to the LORD of hosts; one will be called the City of Destruction.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 19:18.

19:18 Hierdie is ‘n nuwe paragraaf. Dit dui op ‘n omkeer weg van afgodery en ‘n terugkeer na JHWH-aanbidding. Die taal van die land veronderstel dat dit Hebreeus moet wees (BDB 488 I) Dit kan ‘n heenwysing wees op Jes. 6:5 of selfs Gen. 11:1.

Die frase: “‘n eed aflê” (BDB 989, KB 1396, *Nifal*-DEELWOORD) dui op ‘n nuwe verhouding met die God van Juda (vgl. verse 19-22,23,24-25). Die doel van goddelike oordeel was altyd op herstel van die verhouding gerig!

☐ **OAV “Daardie dag”**
NAV, CUMs “In die dag”
NASB “In that day”

Let op die herhaling van dié frase. (verse 16,18,19,23,24). Dit dui op tye in die toekoms van

1. oordeel en vrees (verse 16-17)
2. bekering (verse 18,19-22) en universele aanbidding (verse 23,24-25)

By herhaling gebeur dit dat ‘n krisis in die Ou Nabye Ooste op eskatologiese (eindtyd) gebeure sinspeel. Oordeel dien die doel van verlossing (vgl. vers 22). Die bose, wederstrewigheid en onkunde sal nie die finale woord spreek nie! JHWH het ‘n ewige verlossingsplan vir, en doel met, die hele wêreld (vers 24b).

☐ **OAV “vyf stede in Egipteland”**
NAV, CUMs “vyf Egiptiese stede”
NASB “five cities”

Die spesifieke betekenis van die syfer is nie duidelik nie. Dui dit op bekering wat nie almal ingesluit het nie of wat nie volle oorgawe was nie (bv. 5 is die helfte van 10, sien *Vir Speciale Aandag: Simbole en getalle in die Bybel* by 11:12). Die vraag na wie hier verwys word, bly onbeantwoord.

1. die stede van Joodse immigrante
2. die stede onderhorig aan Egiptiese gode

Omrede verse 19-22,23,24-25 is my keuse opsie #2. In hierdie konteks word nie Jode nie, maar Egiptenare aangespreek.

☐ **NAV, CUM-MVB “die Verwoeste Stad”**

OAV, CUM-NLV “die Stad van Verwoesting”
NASB, NKJV, NRSV, TEV “the City of Destruction”
NJB “the City of the Sun”

Die Masoretiese Tekse gebruik die term (verwoesting) slegs hier (BDB 249). ’n WERKWOORD wortelstam (BDB 248) beteken “om neer te gooi” of “af te skeur”. Dit kan moontlik woordspeling in verband met die “songod” wees, dus op “On”, oftewel “Heliopolis”.

1. **הַרְרִים** die stad van die Son (BDB 357, vgl. DSS, Targoems en Vulgaat)
2. Word **הַרְרִים** (ha) h r m, ’n stad van verwoesting. (konsonant **h** word **h**.)

Die implikasie is dat die tempels van Re (die songod) verwoes – afgebreek – sou word. Die Hebreeuse woord vir “son” het dieselfde konsonante as die Hebreeuse woord vir “verban” en daarom is hier ’n moontlikheid van dubbele woordspel deur die digter (Jesaja).

NASB (HERSIENE) TEKS: 19:19-22

¹⁹In that day there will be an altar to the LORD in the midst of the land of Egypt, and a pillar to the LORD near its border. ²⁰It will become a sign and a witness to the LORD of hosts in the land of Egypt; for they will cry to the LORD because of oppressors, and He will send them a Savior and a Champion, and He will deliver them. ²¹Thus the LORD will make Himself known to Egypt and the Egyptians will know the LORD in that day. They will even worship with sacrifice and offering, and will make a vow to the LORD and perform it. ²²The LORD will strike Egypt, striking but healing; so they will return to the LORD, and He will respond to them and will heal them.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 19:19-22.

19:19 OAV “binne in Egipteland”
NAV, CUM-MVB “binne-in Egipte”
CUM-NLV “in die hart van Egipte”
NASB, NKJV, Pesjitta “in the midst of the land of Egypt”
NRSV, NJB “in the center of the land of Egypt”
REB “in the heart of Egypt”
LXX “at its border”

Hierdie term (BDB 1063) word in Jos. 3:17; 4:3,9,10,18 gebruik en wil verstaan wees as “rand” en nie as die “middel” nie. Uit hierdie oorspronklike Hebreeuse betekenis het die Septuaginta (LXX, Grieks) vertaal as: “by sy grens.” Wanneer gaan dit gebeur?

1. die klein Joodse tempeltjie deur Joodse handelaars op ’n eiland in die Nyl opgerig naby die huidige Aswan en die eerste Nyl-waterval (’n ruk voor 525 v.C.)
2. die Joodse tempel (replika van dié in Jerusalem) deur Onias IV opgerig by Leontopolis (hy was ’n verstote hoëpriester in Jerusalem ongeveer 160 v.C. – vgl. Josefus *Antiq.* 12.9.7 en 13.3.3)
3. ’n eskatologiese (eindtyd) gebeurtenis

19:19-20 Wonderlik, maar hoogs verrassend dat ’n opgerigte aanbiddingsplek fisies sal aandui dat Egipte ook aan JHWH behoort.

19:20 Wat hier plaasvind, is vergelykbaar met JHWH se handeling met Israel volgens die Rigters-boek. Die wrede bestraffing deur invalle en besetting van die land (vgl. vers 4) lei tot geloof in God en sy almag en bereidwilligheid om reddend in te gryp. Egipte het ook so ’n geestelike punt bereik waarop JHWH gereageer het.

Wat ’n groot getuigenis lewer hierdie konteks nie oor die groot hart van Israel se God nie? Hy is gewillig om die vyande van sy verbondsvolk te vergewe en hulle heelhartig aan te neem. Hy is waarlik die God van die nasies, die Verlosser van die wêreld (Joh. 3:16; Tit. 1:3; 2:10; 3:4)

☐ **OAV** “’n redder. . . en ’n stryder wat hulle sal verlos”
NAV, CUM-MVB “’n redder. . .Hy sal hulle saak behartig en hulle red”
CUM-NLV “iemand. . .wat hulle sal beskerm en red”
NASB “a Savior and a Champion”

In die teksverband is dit iemand wat die wrede oorheersers en magtige koning (vers 4) sal verslaan, maar die Messiaanse implikasies is duidelik. In Jesaja is die “redder” altyd JHWH self en niemand anders nie (vgl. 43:3,11; 45:15,21), maar uit die NT weet ons dat JHWH in persoon van die Messias optree (vgl. Jes. 28:16; Rom. 9:30-33; 1 Pet. 2:6-10).

1. ’n “Redder”, BDB 446, KB 448, *Hifil-DEELWOORD*
2. ’n “stryder” (OAV); BDB 936, KB 1224, *Qal-DEELWOORD*
3. “iemand wat sal beskerm” (CUM-NLV); BDB 664, KB 717, *Hifil-PERFEKTUM*

19:21 OAV, NAV, CUM-MVB “Dan sal die Here Hom aan die Egiptenaars bekend maak, en op daardie dag sal hulle Hom leer ken”
CUM-NLV “Daardie dag sal die HERE Homself aan die mense van Egipte openbaar. Ja,

NASB

hulle sal die HERE ken”

“the LORD will make Himself known to Egypt, and the Egyptians will know the LORD”

Hierdie is ‘n woordspel óp en mét die Hebreeuse woord vir “ken” (BDB 393, KB 390), wat sinspeel daarop dat “ken” ook ‘n persoonlike verhouding veronderstel.

VIR SPESIALE AANDAG: OM TE KEN (met Deuteronomium as leidraad)

Die Hebreeuse woord vir “ken” (BDB 393) het verskeie betekenisse (‘n wye semantiese veld)

1. om tussen goed en kwaad te kan onderskei ; Gen. 3:22; Deut. 1:39; Jes. 7:14-15; Jona 4:11
2. om te ken deur insig; Deut. 9:2,3,6; 18:21
3. om te ken deur ondervinding; Deut. 3:19; 4:35; 8:2,3,5; 11:2; 20:20; 31:13; Jos. 23:1
4. om te oorweeg; Deut. 4:39; 11:2; 29:16
5. om persoonlik bekend te wees met
 - a. ‘n persoon; Gen. 29:5; Eks. 1:8; Deut. 22:2; 33:9
 - b. ‘n afgod aan te hang; Deut. 11:28; 13:2,6,13; 28:64; 29:26; 32:17
 - c. JHWH; Deut. 4:35,39; 7:9; 29:6; 38:26
 - d. iemand seksueel; Gen. 4:1,17,25; 24:16; 38:26
6. aangeleerde vaardigheid of kundigheid; Jes. 29:11,12; Amos 5:16
7. om oor wysheid te beskik; Deut. 29:4; Spr 1:2; 4:1; Jes. 29:24
8. God se ken van
 - a. Moses; Deut. 34:10
 - b. Israel; Deut. 31:21,27,29

- ☐ OAV “dien”
NAV, CUM-MVB “offers. . .dien”
CUM-NLV “offers vir Hom bring”
NASB “worship”

Let op die aard van die aanbidding (BDB 712, KB 773, *Qal*-PERFEKTUM):

1. offer, BDB 257
2. offergawes, BDB 585
3. geloftes (OAV), BDB 623, KB 674, *Qal*-PERFEKTUM

Hulle sal nie maar net die rituele in stand hou nie, maar hulle geloftes nakom, dit uitleef (*Pi’el*-PERFEKTUM; letterlik uitleef die doel van hulle rituele!)

19:22 In sy optrede teenoor Egipte volg JHWH presies sy handelinge soos met Israel na:

1. Hy tref hulle tweekeer met uiterste ontbering (BDB 619, KB 669)
2. hulle roep tot Hom (vers 20)
3. Tweekeer tree hy hulle helend tegemoet (BDB 950, KB 1272)
4. hulle keer na Hom terug (BDB 996, KB 1427; dit is die Hebreeuse vir inkeer/bekeer)
5. Hy slaan ag op hulle (BDB 801 I, KB 905, *Nifal*-PERFEKTUM; vgl. die *IMPERFEKTUM* in Gen. 25:1; 2 Kron. 33:13; Esra 8:23. JHWH gee gehoor aan belydenis en smeekgebed. Let daarop dat die bestraffings (“slaan”; OAV) se doel was om ‘n verhouding met JHWH tot stand te bring (in die geval van Israel, te herstel!)

NASB (HERSIENE) TEKS: 19:23

²³In that day there will be a highway from Egypt to Assyria, and the Assyrians will come into Egypt and the Egyptians into Assyria, and the Egyptians will worship with the Assyrians.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 19:23.

19:23 Vir die doel van aanbidding van JHWH sal daar vryheid van beweging tussen die nasies wees. Die nasies het inderdaad gekom! Dit is opvallend hoe dikwels Jesaja die beeldspraak van ‘n hoofweg gebruik.

1. Die terugkerende Jode uit ballingskap kom langs ‘n hoofweg; 11:36; 57:14
2. ook ‘n hoofweg vir aanbidders om te kom uit die heidendom ; 19:23
3. ‘n reguit pad vir regverdiges/heiligheid (OAV); 26:7; 35:8; 43:19; 49:11; 51:10
4. ‘n hoofweg vir die Messias, 40:3; 42:6

NASB (HERSIENE) TEKS: 19:24-25

²⁴In that day Israel will be the third party with Egypt and Assyria, a blessing in the midst of the earth, ²⁵whom the LORD of hosts has blessed, saying, “Blessed is Egypt My people, and Assyria the work of My hands, and Israel My inheritance”

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 19:24-25.

19:25 Die verbondsretoriek word ook nou op die gehate Egiptenare en Assiriërs van toepassing gemaak. Vergelyk dit met 45:14-17. Wat 'n kontras! Dit is moeilik om dit te rym dat die nasies geoordeel én geliefd kan wees. Maar ék plaas my hart op verse 22 én 20!

JESAJA 20

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Prophecy About Egypt and Ethiopia	The Sign Against Egypt and Ethiopia	Against Egypt	The Sign of the Naked Prophet	Relating to Capture of Ashdod	Die teken van 'n kaalprofeet
20:1-6	20:1-6	20:1-6	20:1-6	20:1-6	20:1-6

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (HERSIENE) TEKS: 20:1-6

¹In the year that the commander came to Ashdod, when Sargon the king of Assyria sent him and he fought against Ashdod and captured it, ²at that time the LORD spoke through Isaiah the son of Amos, saying, “Go and loosen the sackcloth from your hips and take your shoes of your feet.” And he did so, going naked and barefoot. ³And the LORD said, “Even as My servant Isaiah has gone naked and barefoot three years as a sign and token against Egypt and Cush, ⁴so the king of Assyria will lead away the captives of Egypt and the exiles of Cush, young and old, naked and barefoot with buttocks uncovered, to the shame of Egypt. ⁵Then they will be dismayed and ashamed because of Cush their hope and Egypt their boast. ⁶So the inhabitants of this coastland will say in that day. ‘Behold such is our hope, where we fled for help to be delivered from the king of Assyria; and we, how shall we escape?’”

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Jes. 20:1-6.

20:1 JHWH se oordeel oor die Filistyne word histories vir moderne lesers as verteenwoordigend van die ongenoemde vier stadstate, Askalon, Gasa, Gat en Ekron, voorgedra. Die val van een impliseer die ondergang van almal.

Hulle is tweekeer onderwerp, (1) deur Sargon II (in die OT net hier spesifiek genoem – koning van Assirië, 722-705 v.C.) In 713 v.C. het Asur in opstand gekom wat in 711 v.C. deur Sargon II onderdruk is. (2) Daarna deur Sanherib in 705-701 v.C.)

Hierdie hoofstuk is nie 'n nuwe uitspraak oor die kusgebied (vgl. vers 6) van Filistea nie, maar 'n voortsetting van oordeel oor Egipte en Kus wat in hoofstuk 18 begin het. Die vernedering van Asdod was 'n voorspel van die beskamende geskiedenis van wegvoering van Egiptenare deur die Assiriese leërafdelings by verskillende geleenthede. Op die slagveld is gedeeltes van die Egiptiese magte gevange geneem en weggevoer.

- OAV “die tartan”
- NAV “die hoof”
- CUM-MVB “die generaal”
- CUM-NLV “(koning Sargon)”
- NASB “the commander”

Die term (BDB 1077) dui op 'n veggeneraal (vgl. 2 Kon. 18:17 en sien ook Jes. 36:2, waar die general se naam genoem word, maar met verswyging van sy militêre titel.

20:2 Jesaja word aangesê om hom op ‘n sekere manier te klee (of anders gestel, te ontklee) by wyse van die gangbare rougebruike (sien *Vir Spesiale Aandag* by 15:2-3), ‘n skaamgevoel op te wek oor Assirië se triomf en wegvoering van verskeie nasies.

1. Asdod (die hele Filistea)
2. Egipte
3. Kus as sinoniem met Egipte met verwysing na die 25 Dinasties onder Nubiese oorheersing

Wat Asdod getref het, sou oor drie jaar (vgl. vers 3) Egipte ook te beurt val.

■ OAV	“gord die haarmantel van jou heupe af los”
NAV, CUMs	“trek al jou klere uit”
NASB, NRSV, Pesjitta	“loosen the sackcloth”
NKJV	“remove the sackcloth”
TEV, LXX	“take off. . .the sackcloth”
REB	“strip”

Die algemene WERKWOORD (BDB 834, KB 986, *Pi‘el*-PERFEKTUM) beteken basies “om oop te maak”. Wat moet die boodskap wees? “Maak los” vir roubetoon of “trek uit” vir skaamkry?

1. “Maak los”/“in rou” (NAV), Ps. 30:11; NASB het ook “maak los” maar Jes. 52:2 ; Jer. 40:4 bedoel daarmee “trek uit”
2. “hang los” (NAV; Jes. 5:27)

Om ‘n “haarmantel” aan te trek dui gewoonlik op roubetoon (BDB 974), en dieselfde met “kaalvoet” loop (Miga 1:8). Hier is dit egter moontlik dat Jesaja die simboliese profete-kleed (‘n haarmantel) uitgetrek het (BDB 12 STATUS KONSTRUKTUS, BDB 972, vgl. Mat. 3:4). As dit korrek is, bedoel die teks nie poedelnakend nie, maar gedeeltelik ontklee (BDB 736, in verse 2,3,4 moontlik so bedoel, vgl. Gen. 2:25). Nietemin, in die meerderheid van gevalle beteken “kaal” gedeeltelik gekleed (vgl. 47:1-3; 1 Sam. 19:24; 2 Sam. 6:14,20; Amos 2:16; Miga 1:8; Joh. 19:23; 21:7).

20:3	OAV	“as teken”
	NAV, CUM-MVB	“as ‘nlewendegetuie”
	CUM-NLV	“Dit is ‘n teken”
	NASB	“as a sign”

Die NAAMWOORD “teken” (BDB 16) word gebruik as ‘n

1. aanduiding van tyd, Gen. 1:14 (seisoene)
2. aanduiding van ‘n persoon, Gen. 4:15 (vir Kaïn)
3. aanduiding van die verbond, Gen. 9:12,13,17; 17:11 (reënboog)
4. aanduiding van geloof omrede ‘n belofte, Eks. 3:12 (‘n bewys)
5. wonderteken om God se verteenwoordiger (Moses) aan te dui, Eks. 4:8 (tweekeer),9,17,28,30; 7:3; 8:23 ens.
6. ‘n stam se banier, Num. 2:2, Ps 74:4 (vaandel)
7. waarskuwings, Num. 16:38; 17:10

Tekens kom dikwels in Jesaja voor

1. ‘n besondere geboorte (7:14)
2. Jesaja se kinders (8:18)
3. ‘n altaar en klippilaar in Egipte (19:20)
4. Jesaja se kleredrag (20:3)
5. oes (37:7)
6. Jerusalem gespaar (38:7), sonwyser en skaduwee
7. Hiskia se genesing (38:22)
8. valsheid ontmasker (44:25)
9. seëninge in boerdery (55:13)
10. sendelinge na die volke (66:19)

■ OAV	“sinnebeeld”
NAV, CUM-MVB	“net so”
CUM-NLV	“‘n simbool”
NASB	“a token”
NKJV, Pesjitta	“a wonder”
NRSV, REB, NJB, LXX	“portent”

Die term “wonder”, “teken”, “voorteken” is sinoniem met “teken”/“merkteken” (BDB 16). Dit kom dikwels in Eksodus en Deuronomium voor, maar slegs twee keer in Jesaja (sien 8:18 en 20:3).

BDB onderskei twee gebruike, naamlik

1. as ‘n besondere demonstrasie van die mag van God
2. as ‘n voorteken of simboliek van toekomstige gebeure (vgl. Sag. 3:8)

20:4 Hierdie vers beskryf gru ballingskap

1. jonk en oud word weggevoer, d.w.s. die hele bevolking
2. naak (BDB 736, idiomaties vir skande, hoewel in stywe onderklere)

3. kaalvoet, idiomaties vir treur (BDB 405)
4. sitvlak onbedek en sigbaar (BDB 1059, slegs hier en 2 Sam. 10:4 (idiomaties vir skande)
5. vernederende naaktheid (BDB 788 soos op Assiriese muurskilderye te siene)

Volgens hierdie vers het Jesaja sy kultuurgemeenskap uitermate geskok met skamele kleredrag drie jaar lank. Hy illustreer 'n teologiese waarheid in verband met profesie. Deuteronomium het reeds aangedui dat 'n vloek van naaktheid (vgl. 28:48) met ballingskap gepaard sou gaan.

20:5 Omrede Kus en Egipte se steun op eie leërs, wysheid, rykdom, en godsdienste sou hulle

1. verwese daaruit sien (BDB 369, KB 365, *Qal*-PERFEKTUM, vgl. 7:8; 8:9 [driekeer]; 9:4; 20:5; 30:31; 31:4,9; 37:27; 51:6,7.
2. beskaamd daarvan afkom, BDB 101, KB 116; *Qal*-PERFEKTUM, vgl. 1:29; 19:9; 20:5; 24:23; 26:11; 29:22; 30:5; 37:27; 41:11; 44:9,11 [tweekeer]; 45:16,17,24; 49:23; 50:7; 54:4; 65:13; 66:5.

Ongetwyfeld is hierdie twee terme hoofsaak in die boodskap van Jesaja, nie net wat betref hierdie negatiewe aspek daarvan nie, maar ook aan die positiewe kant in die omgekeerde daarvan!

20:6 So word Asdod (vers 1) verbind met die hele kusstreek van Palestina. Dit wil voorkom of Egipte militêre bystand beloof het indien Assirië tot aanval sou oorgaan, maar Egipte was magteloos en het nie tot hulp gekom nie (vgl. 30:7; 31:3). Daar het niemand tot hulle redding gekom nie.

Sekerlik was hierdie hoofstuk sterk pleitgrond vir Jesaja by Hiskia om nie met Egipte in bondgenootskap te tree nie (vgl. 30:1-5; 31:1-3).

JESAJA 21

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
God Commands That Babylon Be Taken	The Fall of Babylon Proclaimed	Against Babylon	A Vision of the Fall of Babylon	The Fall of Babylon	Teen Babel
21:1-10 (1-5)	21:1-2 (1b-2)	21:1-10	21:1-2a	21:1-5 (1-5)	21:1-10 (1-5)
	21:3-5 (3-5)		21:2b 21:3-4		
(6-7) (8-10)	21:6-9 (6-9)		21:5 21:6-7	21:6-10 (6-10)	(6-9)
	21:10 (10)		21:8 21:9 21:10		(10)
Oracles About Edom and Arabia	Proclamation Against Edom	Concerning Edom	A Message About Edom	On Edom	Teen Edom
21:11-12 (11-12)	21:11-12 (11-12)	21:11-12 (11b-12)	21:11	21:11	21:11-12 (11-12)
	Proclamation Against Arabia	Concerning Arabia	A Message About Arabia	Against the Arabs	Teen Arabië
21:13-15 (13-15)	21:13-15 (13-15)	21:13-15 (13-15)	21:13-15	21:13a 21:13b-15 (13b-15)	21:13-17 (13-16)
21:16-17	21:16-17	21:16-17	21:16-17	21:16-17	21:17 (17)

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INSIG UIT DIE KONTEKS

- A. Hierdie hoofstuk lys verskeie volke wat JHWH deur sy profeet aanspreek. Elke begin met 'n opskrif of "uitspraak".

B. Ek het elders aangedui (vgl. 13:1- 14:27) dat die uitspraak oor die “koning van Babilon” eintlik nog oor Assirië handel. Hierdie hoofstuk (verse 1-10) handel wel oor Babilon. Die bedoeling is nie Neo-Babilon of Nabonidus en Nebukadneser nie, maar die Chaldeeuse bevolking by die mondings van die Tigris- en die Eufraatriviere. Hulle hoofstad sou Babilon-stad kon gewees het en hulle koning Merodag-baladan, wat in 720 vers.C. gerebelleer het, maar deur Sargon II verslaan is. Hy het deur ‘n vleiand ontsnap en na Elam gevlug in 710 vers.C. (IVP Bible Background Commentary, bl. 611). Babilon-stad is deur Assirië in 703 vers.C. vernietig en die koning van Assirië het homself “koning van Babilon” laat verklaar.

C. Hierdie hoofstuk bevat ook uitsprake oor Edom, verse 11-12 en Arabië, verse 13-17.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS 21:1-10

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹The oracle concerning the wilderness of the sea

As windstorms in the Negev sweep on,
It comes from the wilderness, from a terrifying land.

²A harsh vision has been shown to me;

The treacherous one still deals treacherously, *and* the destroyer still destroys.

Go up, Elam, lay siege, Media;

I have made an end of all the groaning she has caused.

³For this reason my loins are full of anguish;

Pains have seized me like the pains of a woman in labor.

I am so bewildered I cannot hear, so terrified I cannot see.

⁴My mind reels, horror overwhelms me;

The twilight I longed for has been turned for me into trembling.

⁵They set the table, they spread out the cloth, they eat, and they drink;

“Rise up, captains, oil the shields,”

⁶For thus the Lord says to me,

“Go, station the lookout, and let him report what he sees.

⁷When he sees riders, horsemen in pairs,

A train of donkeys, a train of camels,

Let him pay close attention, very close attention.”

⁸Then the lookout called,

“O Lord, I stand continually by day on the watchtower,

And I am stationed every night at my guard post.

⁹Now behold, here comes a troop of riders, horsemen in pairs

And one said, “Fallen, fallen is Babylon;

And all the images of her gods are shattered on the ground.”

¹⁰O my threshed *people* and my afflicted of the threshing floor;

What I have heard from the LORD of hosts,

The God of Israel, I make known to you.

21:1	OAV	“die woestyn van die see”
	NAV, CUM-MVB	“Babel”
	CUM-NLV	“Babel” (sien voetnoot; grondteks soos NASB)
	NASB	“the wilderness of the sea”

Dit mag ‘n vertaalpoging wees (1) van die Assiriese naam vir Babilon (Mat+Amil, vgl. die voetnoot in die JB) of (2) die Akadiese titel, “Land van die See (Mat tam-tim), maar wat weens die verwoesting nou nie meer “land” is nie, maar “woestyn” genoem word. Die Pesjitta vertaal dit “die woestyn van die see,” waarmee waarskynlik na die moeras/vleiagtige gebied by die mondings van die Tigris en Eufraat verwys word; groot areas van onbewoonde landskap (BDB 184). TEV vertaal net met “Babylon” (vgl. ook NAV en CUMs).

21:1-2a Jesaja gee uitdrukking aan sy diepgevoelde emosie by ontvangs van hierdie “Godspraak” (OAV).

1. soos stormwind in die Suidland (OAV, vers 1)
2. uit die woestyn (NAV, vers 1)
3. uit die vreesaanjaende land (CUM-MVB)
4. ‘n harde visioen (CUM-MVB, vers 2)

21:2b Dit beskryf die invallers van Babilonië (Assirië, vers 9)

1. die verraderlike persoon gaan voort met sy verraderlikheid, woordspel volgens BDB 93, KB 108, twee DEELWOORDE, beide *Qal*-AKTIEF, vgl. 24:16; 33:1; Jer 3:20; 5:11 (dit is moontlik dat die NIV en REB se

vertaling “traitor” of die NRSV se “betraye” ‘n beter beskrywing is van die lewensuitkyk van Merodag-baladan, daardie tyd se koning van Babilon).

2. die verwoester verwoes nog steeds berus op twee *Qal*-AKTIEF DEELWOORDE soos in 16:4; 33:1; Jer 6:26.

21:2c God gebied twee Mesopotamiese Magte van die noorde om Babilonië aan te val.

1. “Trek op,” (OAV; BDB 748, KB 828, *Qal*-IMPERATIEF”) Elam (BDB 743). Hierdie ommeewaai is heel verrassend, want aanvanklik het Elam Babilon gehelp om Assiriese oorheersing te voorkom! Nou rig Elam sy magte teen Babilonië!
2. “Beleër,” (OAV; BB 848, KB 1015, *Qal*-IMPERATIEF), Medië (BDB 552); ‘n ander etniese groep uit die noordelike streke langs die Eufraat.

Dit word aangebied as die oorlogskrete van die anti-Assiriese bondgenootskap (nl. Elam en Medië), wat die beskouing was van ‘n Joodse uitlegger (Ibn Esra). Daar sal heelwat waarheid in steek as die Babilon van Jesaja se tyd so opgeroep was tot die stryd.

21:2d Die NASB het “I have made an end of all the groaning she has caused.” Die Masoretiese Teks (MT, grondteks) het “aan al die gesug het ek ‘n einde gemaak,” (BDB 991, KB 1407, *Hifil*-PERFEKTUM). Die frase “she has caused” kom nie in die MT voor nie. In so ‘n geval kan aanvaar word dat die reëltye poësie op die Neo-Babiloniese sinspeel. Hierdie later Ryk onder Nebukadneser (vgl. Dan. 4) se gewelddadige invloed was oor ‘n baie groter gebied voelbaar.

Ek herhaal vele se mening (myne ook) dat hierdie laaste versreël (einde maak aan gesug) in die mond geplaas is van die koning van Babilonië (Merodag-baladin) of sy gode (o.a. Marduk) dat die ondergang van Assirië/Nineve bewerkstellig moet word! Daar is soveel stemme aan die woord in hierdie hoofstuk dat dit moeilik is om vas te stel wie die digter/profeet presies bedoel (homself, JHWH, die Babiloniese koning, wagt uit die wagpos, of ander onbekendes).¹³

21:3-4 Die profeet beskryf (digterlik) wat die uitwerking van die boodskap op sy gemoed was. Daniël het ook fisieke spanning ervaar tydens openbarings van JHWH aan hom (vgl. Dan. 7:15,28; 10:16-17).

1. daarom is my heupe vol siddering (OAV); skrik oorweldig my (NAV)
2. angs oorval my soos dié van ‘n vrou wat ‘n kind in die wêreld bring (NAV; vgl. 13:8; 26:17)
3. ek buig my krom sodat ek nie hoor nie (OAV); ek is verskrik oor wat ek gehoor het (NAV); in Hebreeus ‘n idioom vir dronkenskap
4. ek is verskrik, sodat ek nie sien nie (OAV); ek is bang oor wat ek gesien het (NAV)
5. my hart duisel (OAV); my hart bons (CUM-MVB); my verstand staan stil (NAV)
6. angs oorval my (OAV);
7. dit maak vir my die skemeraand, wat ek liefhet, tot ‘n verskrikking (OAV); die rustigste deel van die dag is nou vir my ‘n verskrikking (NAV). Die verlangde rus van die “aandskemering” dan weg as Babilon die oorlog verloor en Assirië met nuwe geweld sy Ryk herwin! Al hierdie WERKWOORDE staan in die PERFEKTUM-vorm, wat dui op ‘n vaste toekomstige situasie. Dit is die rede vir sy verskriklike spanning. Daar is geen keer meer aan Assirië nie. Hulle kom!

21:4 Hierdie vers brei uit op vers 2a se “harde visioen.” Dit illustreer Jesaja se reaksie op die “uitspraak.”

1. My verstand staan stil (NAV; BDB 1073, KB 1766, *Qal*-PERFEKTUM)
 2. angs oorweldig my (NAV; BDB 129, KB 147, *Pi* ‘el-PERFEKTUM)
 3. die aandskemer waarna ek verlang, het ‘n verskrikking geword, (NASB), BDB 962, KB 1321, *Qal*-PERFEKTUM
- Die verklaring vir hierdie ontsteltenis van Jesaja oor die val van Babilon, is moontlik een of albei van die volgende:
1. die verskriklike geweld wat daarmee gepaard sou gaan
 2. verder het Babilon as buffer teen Assirië se uitbreidingsdrang gedien, maar nou bied die val van Babilon aan die Assiriërs ‘n vrypas tot oorheersing van die hele streek (vgl. die *Exposition Bible Commentary*, vol. 6, bl 134).

21:5 In hierdie vers word die INFINITIVUS ABSOLUTUS vier keer aangewend as IMPERATIEWE (bevele), gevolg deur twee keer *Qal*-IMPERATIEF.

1. hulle maak die tafel gereed (OAV); ‘n tafel word gedek (NAV)
2. hulle sprei die tapyt (OAV); die eetgerei is reggesit (NAV)
3. hulle eet, (OAV); en hulle begin eet (NAV)
4. drink. . . (OAV); en drink (NAV)

Dit kom neer op ‘n verkwistende maaltyd. Sommige uitleggers is van mening dat die brassery van Daniël 5 bedoel word. Indien korrek dan moet hierdie hoofstuk van Jesaja in ‘n later tyd tot stand gekom het, naamlik in die Neo-Babiloniese tyd van Nebukadneser.

Ten tye van die “partytjie” kom ‘n boodskapper aan en roep hulle op tot militêre gereedheid (“vorste”/“leiers”; OAV/NAV, BDB 978).

1. Staans op (OAV); wees gereed (NAV); BDB 877, KB 1086, *Qal*-IMPERATIEF
2. salf die skild (OAV); smeer die skilde met olie (NAV); BDB 602, KB 643, *Qal*-IMPERATIEF. In antieke tye het die krygsmanne hulle skilde met leer bedek sodat brandende pyle daarin vassteek en geblus word (vgl. 2 Sam. 1:21).

¹³ Afrikaanse vertalings is daarmee eenstemmig dat JHWH aan die woord is – vert.

■	OAV	“hulle maak die tafel gereed”
	NAV, CUM-MVB	“’n tafel word gedek”
	CUM-NLV	“hulle maak reg vir groot fees”
	NASB, NJB	“spread out the cloth”
	NKJV, Pesjitta	“set a watchman in the tower”
	NRSV, TEV, REB	“spread the rugs”
	JB	“cover it with cloth”

Hierdie frase is saamgestel uit ‘n NAAMWOORD en ‘n besonder eenderse WERKWOORDSTAM, naamlik

- (1) die NAAMWOORD **הַצֶּפֶה** (BDB 860 II), wat net hier aangetref word. Sommige geleerdes vat die betekenis op vir “tapyt,” ander weer as “wagter”/“wag”(BDB 859 (**הַצֶּפֶה**)).
- (2) die WERKWOORD (**הִצִּיף**); BDB 860 II, ‘n INFINITUS ABSOLUTUS, wat “uitlê” of “lê oor” beteken, kan dui op die gebruik van mense in die Ou Nabye Ooste om op die vloer met gebruik van kussings te eet. Daarmee is NIDOTTE, vol. 3, bl. 832 se “arrange the pillows” as ‘n soort aansitreëling vir ete ook ‘n moontlikheid.

21:6 Let daarop hoe die profeet JHWH se woorde afwissel:

1. gaan heen (OAV), BDB 229, KB 246; *Qal*-IMPERATIEF
2. sit ‘n wag uit (OAV); BDB 763, KB 840, *Hifil*-IMPERATIEF; letterlik uit grondtaal “een wat wat op uitkyk is,” (BDB 859, KB 1044, *Pi’el*-DEELWOORD)
3. laat hom te kenne gee (OAV); hy moet sê (NAV); BDB 616, KB 665; *Hifil*-IMPERATIEF in JUSSIEF aangewend.

21:7 Hy ontvang opdrag om die aard van die militêre opmars te bepaal, naamlik of dit

1. ‘n stoet ruiters twee aan twee (OAV); ‘n strydwa (NAV)
2. ‘n stoet esels (OAV); ‘n strydwa met donkies (NAV)
3. ‘n stoet kamele (OAV); of een met kamele is

Die term “ryendes” BDB 935 kan opgevat word as strydwaens wat deur twee perde getrek word (NKJV, Pesjitta). Wat #2 en #3 betref kan ook aan “ryendes” gedink word (vgl. NRSV, LXX, NAV).

Wanneer hy deur die waarneming van die militêre toerusting die opmars geëien het, moet hy onmiddellik (let op die dubbele aanwending) “skerp luister,” “so skerp as hy kan”(OAV); “baie goed” oplet (NAV) en rapporteer dat Assirië op is!

21:8 Hy kondig ‘n luide aantog aan (soos ‘n leeu – die OAV verander die subjek: hy het geroep soos ‘n leeu; NAV laat die leeu-beeldspraak weg en CUM-MVB bring dit terug met: hard geroep soos ‘n leeu wat brul). Die wag het gehoor voordat hy iets gesien het!

Die Masoretiese Teks is onduidelik en die Hebreeuse MSS van die DSS laat die wag uitroep “soos ‘n leeu” (vgl. genoemde Afrikaanse vertalings m.b.t die subjek, in besonder NAV). Die ondeursigtigheid van die Hebreeuse teks is moontlik die gevolg van ‘n oorskrywer wat die konsonante vir “sien”, **רָאָה**, met dié vir “leeu”, **אָרָאָה**, verwar het (BDB 906). Dit moet eintlik dan lees “toe die wag gesien het, het hy luid uitgeroep”

21:9 Plotseling was die militêre opmars en oorlogstoerusting in sig. Aanwesigheid van die Assiriërs in Palestina dui vanselfsprekend daarop dat Babel dan reeds geval het, soos verskeie kere te vore onder aanvoering van verskillende Assiriese konings. Hierdie inval word met herhaling van die WERKWOORD (beide in die PERFECTUM, BDB 656, KB 709) beskryf, wat dikwels in Jesaja voorkom. Die ondergang van Babilon was algeheel soos wat die verpletterde afgodsbeelde versimboliseer het. Met ‘n verslaande Babilon en Elam en Medië passief, het niks Assirië in die weg gestaan om veldtogde van ryksuitbreiding te onderneem nie.

21:10 Die profeet maak dit duidelik aan ‘n verdruchte bondsvolk dat hulle God (die HERE van die leerskare, die God van Israel) gehandel het, maar hoe?

1. Die val van Babilon was geen oorwinning waarop Israel kon reken nie. Intendeel, dit was die sekerste aanduiding dat Assirië op pad is.
2. Dit is ‘n vraag na watter Babilonië die profeet hier verwys?
 - a. die Babilonië van Merodag-baladin ten tye van Jesaja (Ou Babilon)
 - b. of die Nuwe-Babilon van Nebukadneser ten tye van Esegieël en Jeremia

Die kwessie hier is nie of ‘n mens die voorspellingskarakter van profesie aanvaar of nie, maar dis ‘n vraag na die tydvak in die geskiedenis waarmee Jesaja hier besig is.

Daar is ‘n alternatiewe moontlikheid om hierdie vers te verstaan, naamlik dat JHWH/Jesaja hier toegeneëntheid teenoor Babilon openbaar. Netsoos die geval was met die val van Moab (vgl. 15:5; 16:11) en die verhoring van Egipte se gebede (19:20).

■	OAV	“o my vertrapte en gedorste volk”
	NAV, CUM-MVB	“My volk, jy wat vertrap is op die dorsvloer”
	CUM-NLV	“My volk, hulle het jou op die dorsvloer vertrap en uitgewan”
	NASB	“my afflicted of the threshing floor”

Hiermee word ‘n Hebreeuse idioom “seun van my dorsvloer”(bēn ghārñī) ingespan (t.o.v. Israel/Juda of Babilon; vgl. vorige vers – vert.) Die Hebreeuse term “seun” het wye betekenisveld in Jesaja.

1. 5:1, bēn sjāmēn; seun van vrugbaarheid/vettigheid
2. 14:12, bēn sjāhar, seun van die dageraad/sonop (OAV)
3. 19:11, bēn malkēj kédēm, seun van die wyse manne (OAV)
4. 56:2, bēn ādām, seun van die mens/mensekind (OAV)
5. 56:6, b^enēj hannēkār, seuns van ‘n vreemde land/uitlanders (OAV)

NASB HERSIENE TEKS 21:11-12

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

**¹¹The oracle concerning Edom.
One keeps calling to me from Seir,
“Watchman, how far gone is the night?
Watchman, how far gone is the night?”
¹²The watchman says,
“Morning comes but also night.
If you would inquire, inquire;
Come back again.”**

21:11 Die begin van ‘n nuwe boodskap soos aangedui deur die literêre merker, naamlik “Godspraak” (OAV), “uitspraak” (NAV). Die Masoretiese Tekst gebruik “dumah” (BDB 189). Dit is woordspel op die Hebreeuse woord vir “stilte” (BDB 189). Edom sal tot swye gebring word. Die LXX (Septuaginta) het “Idumea.” Edom het in koalisie, soos Filistea, saamgemaak teen Assirië, maar met verdoemende gevolg van vernietiging deur die magte van Sargon II.

■ **“Seir”** Dit is moontlik ‘n verwysing na die landgebied van Edom (vgl. Gen. 32:3; 36:30; Num. 24:18; Deut. 2:4,8,12,22, 29; Rigt. 5:4)

21:11c-12 Dit is ‘n erg onduidelike vers gebou rondom ‘n aantal IMPERATIEWE. ‘n Wag op die muur, soos in vers 6 en 8, word deur ‘n ongeïdentifiseerde stem gevra hoe ver dit in die nag is? Die antwoord is netso vreemd!

1. die môre kom (OAV); Die môre het gekom (NAV); Dagbreek is op pad (CUM-MVB)
 2. en ook die nag (OAV); maar dit is nog nag (NAV)
 3. Wil julle vra, vra (OAV); As julle weer wil kom vra, kom vra gerus (NAV)
 4. keer terug, kom (OAV); julle kan elke keer weer kom vra (NAV).
- Waarskynlik is die betekenis hiervan, “Wanneer sal dit alles gebeur?”

NASB HERSIENE TEKS 21:13-15

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

**¹³The oracle about Arabia.
In the thickets of Arabia you must spend the night,
O caravans of Dedanites.
¹⁴Bring water to the thirsty,
O Inhabitants of the land of Tema,
Meet the fugitive with bread.
¹⁵For they have fled from the swords,
From the drawn sword and the bent bow
And from the press of battle.**

21:13 ‘n Nuwe boodskap (met gebruik van die gewone literêre merker, “uitspraak”) word tot Arabië gerig. Dit is onseker hier wie presies die teenstander is!

1. Assirië as invallende mag
2. Burgeroorlog in Kedar

Die Interessantheid hiervan is die genoemde plekname, Duma en Seir (beide vers 11), wat plekke in Arabië kon wees of baie naby daaraan.

- **OAV** “die bos”
NAV, CUM-MVB “die bosse”
CUM-NLV “kruip weg in die woestyne”
NASB “the thickets”

Jesaja maak graag van “die woud” as beeldspraak gebruik. Hierdie term (BDB 420) kan dui op (1) woud of (2) struikgewasse.

Omdat Arabië woestyn is, moet #2 as die meer toepaslike beskrywing beskou word. Dit is die plantegroei in klowe waar diere skuil. Voortvlugtiges en handelaars het van hierdie skuiling gebruik gemaak omdat hulle die roetes van die invallers (vers 15) wou vermy (Dedaniete was Bedoeïene wat verbintenis met Sjeba gehad het). Hulle kon nie meer op die algemene roetes beweeg of op hulle rusplekke oorstaan nie.

21:14 Die Arabiere word opgekommandeer om na hierdie vlugtelinge om te sien met voedsel en water.

- ▣ OAV “die land Tema”
- NAV, CUMs “Tema”
- NASB “Tema”

Dit was ‘n stad in die verre noorde van die land, waar die maangodin vereer is. Sien *Vir Spesiale Aandag: Maanaanbidding* by 3:18.

NASB HERSIENE TEKS: 21:16-17

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹⁶For thus the Lord said to me, “In a year as a hired man would count it, all the splendor of Kedar will terminate; ¹⁷and the remainder of the number of bowmen, the mighty men of the sons of Kedar, will be few; for the LORD God of Israel has spoken.”

- 21:16** OAV “Binne ‘n jaar—soos die jare van ‘n dagloner—”
- NAV “’n jaar wat so ondraaglik sal wees soos dit vir ‘n dagloner is”
- CUM-MVB “’n jaar wat so ondraaglik sal wees soos wat dit vir ‘n dagloner is om hom dag na dag af te sloof”
- CUM-NLV “Binne ‘n jaar, so ondraaglik soos dit vir ‘n dagloner is om hom af te sloof”
- NASB “In a year, as a hired man would count it”

Dieselfde idioom met betrekking tot akkurate tydsbepaling kom in Jes. 16:14 voor.

▣ “Kedar” Nog ‘n groot en bekende stad in Arabië. Kedar, en daarmee die Arabiese leërmag, sou verslaan word. Sargon II het die gebied in 715 v.C. aangeval. Dan volg ‘n frase teologie: “Ek, die HERE, die God van Israel, het so gesê.” Die mag van Oud-Oosterse leërs het nie verloop van sake bepaal nie, maar die God van Israel. ‘n Sterk uitspraak ten gunste van monoteïsme.

JESAJA 22

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Valley of Vision	Proclamation Against Jerusalem	Warning to Jerusalem of Approaching Destruction	A Message About Jerusalem	Against Rejoicing in Jerusalem	Teen Jerusalem
22:1-11 (1-11)	22:1-7 (1b-4)	22:1a 22:1b-4 (1b-4) 22:5-8a (5-8a)	22:1a 22:1b-2a 22:2b-5 22:6-8a 22:8b-11	22:1-4 (1-4) 22:5-11 (5-11)	22:1-14
22:12-14 (12-14)	22:12-14 (12) (13) (14) The Judgment on Shebna	22:12-14 (12-14)	22:12-13 22:14 A Warning to Shebna	22:12-14 (12-14) Against Shebna	'n Waarskuwing aan Sebna
22:15-25 (15-23)	22:15-19 (15b-19) 22:20-25 (20-23)	22:15-19 22:20-25	22:15-19 22:20-23 22:24-25	22:15-23 (15-23) 22:24-25	22:15-25

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 22:1-11

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹The oracle concerning the valley of vision.

What is the matter with you now, that you have gone all up to the housetops?

²You who were full of noise,

You boisterous town, you exultant city;

Your slain were not slain with the sword,
 Nor did they die in battle.
³All your rulers have fled together,
 And have been captured without the bow;
 All of you who were found were taken captive together,
 Though they had fled far away.
⁴Therefore I say, "Turn your eyes away from me,
 Let me weep bitterly,
 Do not try to comfort me concerning the destruction of the daughter of my people."
⁵For the Lord GOD of hosts has a day of panic, subjection and confusion
 In the valley of vision,
 A breaking down of walls
 And a crying to the mountain.
⁶Elam took up the quiver
 With the chariots, infantry and horsemen;
 And Kir uncovered the shield.
⁷Then your choicest valleys were full of chariots,
 And the horsemen took up fixed positions at the gate.
⁸And He removed the defence of Judah.
 In that day you depended on the weapons of the house of the forest,
⁹And you saw that the breaches
 In the *wall* of the city of David were many;
 And you collected the waters of the lower pool.
¹⁰Then you counted the houses of Jerusalem
 And tore down houses to fortify the wall.
¹¹And you made a reservoir between the two walls
 For the waters of the old pool.
 But you did not depend on Him, who made it,
 Nor did you take into consideration Him who planned it long ago.

22:1 OAV "Godspraak"
 NAV, CUMs "Uitspraak"
 NASB "oracle"

Hierdie is 'n aanduiding in die teks van 'n nuwe boodskap van JHWH op 'n ander etniese volksgroep gerig. Merkwaardig is dit dat JHWH Juda hier aanspreek as een van die volke, גוֹיִם (*gojim*), maar waarskynlik ook omrede haar sonde.

Dit is 'n besliste moontlikheid dat hierdie boodskappe met verskeie veldslae in die geskiedenis verband hou. Met die loop van tyd was verskillende leermagte op mars teen verskillende volke. Hebreeuse poësie is te vaag om daaruit bepaalde historiese gebeure af te lei. Moontlik het later bewerkings van Jesaja se boodskappe en veral woordspel op sleutelwoorde meer hiertoe bygedra as bepaalde historiese gebeurtenisse (gevolglik moet poësie nie in opeenvolgende tydsorde opgevat word nie).

Om die profeet (en JHWH) reg te verstaan, vra nie aandag aan die velerlei besonderhede en ongewone woorde nie, maar wel die hoofgedagte of waarheid van elke strofe.

■ OAV "die dal van die gesig"
 NAV, CUM-MVB "die plek waar visioene gesien word"
 CUM-NLV "die vallei van visioene"
 NASB "the valley of vision"

Die herhaling van die frase in 5b noop die uitleg om aan te haak by Joël 3:14 se "beslissingslaagte" (NAV).

Dit kom as verrassing dat die JB "visioen" verander het om "Hinnom" te lees (vgl. Jer 7:31-34)! Die LXX maak daarvan "die vallei van Sion."

22:1b-2b Dit is beskrywing van tye van vreugde in Jerusalem.

1. op die dakke geklim
2. rumoerig en uitbundig
3. woelige stad
4. uitgelate vesting (almal OAV)

Die JB (voetnoot) lei af dat dit in verband met Hiskia se aanvanklike oorwinnings oor Assirië in 705 v.C. gesien moet word (die *Jewish Study Bible* 713 v.C.)

22:2c-3d Waarskynlik het sommige van die stad se leiers en soldate voor die opmars van die invallers op die vlug geslaan.

1. die wat dood is, nie in geveg omgekom het nie
2. leiers het saam weggehardloop. . .oorgegee sonder weerstand

3. saam gevang toe hulle ver weg gevlug het (ballingskap?)

Hierdie reëls poësie laat baie uitleggers dink dat na die oorwinning van Nebukadneser in 586 v.C. in hierdie hoofstuk verwys word (Sedekia het uit die stad gevlug, maar is gevange geneem; 2 Kon. 25:4-6). Eerder is ek van mening dat dit op een van die volgende invalle van Assirië dui:

1. Tiglat-pileser III (Jes. 7-12)
2. Salmaneser V (vgl. 2 Kon. 17)
3. Sargon II (die val van Samaria in 722 v.C., vgl. 28:1-6)
4. Sanherib, (705-701 v.C., Jes. 36-39; 2 Kon. 18-19)

Hierdie hoofstuk blyk met Hiskia se regering in verband te staan (715-687 v.C.), maar soos dikwels gebeurlik in Jesaja, word die invalle tydgewys vermeng aangebied. Jesaja was ingestem op teologie; op waarhede waarvoor geskiedenis slegs in diensknegsgestalte nodig was, die gewillige oorbrengrer van waarhede aangaande God, mens, sonde en verlossing.

22:4 Die profeet ontbloot sy eie hart soos in 21:3-4

1. Los my alleen; BDB 1043, KB 1609, *Qal*-IMPERATIEF
2. dat ek kan huil; BDB 600, KB 638, *Pi'el*-IMPERFEKTUM in 'n KOHORTATIEF modus gebruik
3. moet my nie probeer troos nie; BDB 21, KB 23, *Hifil*-IMPERFEKTUM in 'n JUSSIEF modus aangewend (om te vertroos BDB 636, KB 688, *Pi'el*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS

Die profeet wou in afsondering sy hartseer verwerk.

■ **OAV** "die dogter van my volk"
NAV, CUMs "my volk"
NASB "the daughter of my people"

Hierdie is 'n idiomatiese uitdrukking vir "volk" of 'n etniese groep (vgl. 1:8; 10:30,32; 16:1; 23:10-12; 37:22; 47:1,5; 62:11) Op hierdie plek dui dit op die verbondsgemeenskap soos in Juda verteenwoordig ("dogter van Sion").

22:5 So word JHWH se "dag. . . van beroering" beskryf. Dit is die absoluut teenoorgestelde van verse 1-2.

1. paniek (NASB) (Deut. 28:20)
2. onderwerping (NASB), vertrapping; BDB 101, drie keer gebruik, (vgl. 18:2,7)
3. en verwarring (OAV), BDB, slegs twee keer gebruik, vgl. Miga 7:4
4. omgooi van mure (OAV), (*qārar*); BDB 903 II, KB 1148, *Pilpel*-DEELWOORD (kom net hier voor en sommige geleerdes skryf dit toe aan Arabiese of Ugaritiese herkoms, wat "skreeu," "kraak" of "lawaaï maak" beteken. (KB 1128 I, קק)
5. geskreeu na die berge toe (OAV), ('n WERKOORD ontbreek)

■ **OAV** "na die gebergte toe"
NAV "na die berg toe"
CUM=NLV "na die berge"
NASB "to the mountain"

Die NAAMWOORD is enkelvoud en kan dus die tempelberg impliseer, wat 'n hulpgeroep na JHWH mag beteken.

22:6-7 Die militêre aspekte van die inval word in hierdie verse beskryf. Elam en Kir (moontlik Medië, vgl. hoofstuk 21:2 en 2 Kon. 16:9) die noordelike dele van Mesopotamië, het huursoldate verskaf ten einde Assiriese aanvalle in hul gebiede te voorkom.

22:6 **OAV** "manskappe"
NAV "Elam. . .hulle"
CUM-NLV "die mense"
NASB "infantry"
NKJV "men"
REB "Aram"

Die Masoretiese Teks het "mense" (אַרָּם), BDB 9, sien 31:8 waar "adam" ook in 'n militêre betekenis gebruik word), vir doeleindes van parallelisme na "aram" verander. Die אַ en אָ word dikwels in Hebreeus verwar.

22:8 **OAV** "en die beskutting van Juda word weggeneem"
NAV, CUM-MVB "sy vestingmure sal afgebreek word"
CUM-NLV "Alles wat jou beskerm het, word afgebreek"
NASB "He removed the defense of Judah"

In hierdie sin word met "beskerm" "beskutting" bedoel (vgl. OAV); BDB 697. Hulle het op die Here nie vertrou nie, gevolglik het Hy sy beskermende teenwoordigheid onttrek (vgl. 11c,d – die wolk, vgl. 4:5; Ps. 105:39). Hiermee het Israel regdeur haar geskiedenis 'n probleem gehad: die volk van God het Hom nie vertrou en gehoorsaam nie en dan was daar gevolge! Die vervloeking en seëninge van Deut. 27-29 was duidelik daaromtrent.

Dit is moontlik dat die "vestingmure" (NAV) 'n letterlike vertaling kon wees wat na die fort, Aseka, verwys het (voetnoot, bl. 825, *Jewish Study Bible*).

- ☐ OAV “En in die dag”
- NAV “Dan. . .”
- NASB “In that day”

Dit is ‘n idioom in profetisme wat die dag wanneer God sy skepping besoek, aankondig (19:16,18,19,21,23,24).

- ☐ OAV “En in die dag kyk jy na die wapens”
- NAV, CUM-MVB “Dan sal julle gryp na die wapens”
- CUM-NLV “julle hardloop wapenkamer toe”
- NASB “you depended on”
- NKJV, NRSV “you looked to”
- NJB “you turned your gaze to”

Die WERKWOORD (BDB 613, KB 661, *Hifil-IMPERFEKTUM*) dui daarop dat hulle meer vertrou in hulle wapenrusting gehad het as in JHWH.

- ☐ OAV “die wapens in die huis van die Bos”
- NAV “die wapens in die Paleis van die Bos”
- CUM-NLV “die wapenkamer”
- NASB “The house of the forest”

So het die arsenaal van wapentuig in Jerusalem bekendgestaan.

22:9 Die historiese tydgewrig blyk dié van Hiskia te wees. Hy het damme gebou om van water voorsien te wees in tye van beleëring. Blykbaar het Hiskia heelwat moeite aan die dag gelê om Jerusalem fisies voor te berei op die koms van Sanherib in 701v.C., maar dit het die stad Jerusalem nie gered nie. Die uitredding van Jerusalem was deur die toedoen van JHWH omrede sy groter doel!

22:10 Volgens hierdie vers is Jerusalem deur dubbele mure beskerm, maar geen argeologiese bevestiging is gevind nie. Talle mense wat in die stad skuiling kom soek het, het tydelike wonings tussen die twee mure opgerig, maar dit moes verwyder word (vgl. *IVP, Bible Background Commentary*, bl. 614).

‘n Ander manier om die teks te verstaan, was dat huise tussen die twee mure vernietig moes word sodat bourommel dit vir die toerusting van die aanvallers moeiliker sou maak om gate in die mure te slaan.

Op lae plekke (vers 11) is die ruimte met water gevul sodat

1. dit as verskansing kon dien wanneer die buitemuur deurbreek word
2. en as watervoorraad vir die stad vol vlugteling sou dien.

- 22:11** OAV “maar julle kyk nie na Hom wat dit gedoen het nie. . .en Hom wat dit beskik het, sien julle nie”
- NAV “Julle het nie geluister na Hom wat die stad gemaak het nie”
 - CUM-NLV “want julle het nie God gevra om julle te help nie”
 - NASB “But you did not depend on Him who made it”

Hierdie is die teologiese sleutel tot die teks. Dieselfde WERKWOORD van vers 8b (‘n *Hifil-PERFEKTUM* hier, letterlik “sien”) word herhaal. Hulle het op hulle eie bouwerke en oorlogvoorbereidings staatgemaak en nie op God wat met hulle ‘n verbond gesluit het nie!

- ☐ OAV “en Hom wat dit lankal beskik het, sien julle nie”
- NAV “want julle het Hom wat dit lank gelede gestig het, nie gehoorsaam nie”
- CUM-NLV “Want julle het nie God gevra om julle te help nie”
- NASB “Nor did you take into consideration Him”

Die WERKWOORD (BDB 906, KB 1107) is ‘n *Qal-PERFEKTUM*. God se volk het die rug gedraai op die beloftes en voorsiening wat Hy vir hulle gemaak het. Jesaja lê swaar klem op hierdie beloftes en verklaar dikwels dat Jerusalem nie sal val nie.

Die rede vir hierdie voortbestaan van Jerusalem is haar groter doel in die heilsgeskiedenis vir sy volk (d.w.s. die “plan,” letterlik “voorberei,” BDB 427, KB 428, *Qal-DEELWOORD*, vgl. 37:26; 45:11; Jer. 18:11).

1. om teenoor die wêreld van JHWH te getuig
2. ‘n voorbeeld van ‘n toegewyde gemeenskapslewe te wees
3. van waaruit die Messias sou kom.

NASB HERSIENE TEKS: 22:12-14

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹²Therefore in that day the Lord God of hosts called you to weeping, to wailing,
To shaving the head and to wearing sackcloth.

¹³Instead there is gaiety and gladness,
Killing of cattle and slaughtering of sheep,

Eating of meat and drinking of wine:

“Let us eat and drink, for tomorrow we may die.”

¹⁴But the LORD of hosts revealed Himself to me,

“Surely this iniquity shall not be forgiven you

Until you die,” says the Lord GOD of Hosts.

22:12-14 Hierdie strofe begin ook met “Op daardie dag.” Vers 12 is ‘n lysie van rites wat met roubetoon saamgaan (soos wat Jerusalem sou te beurt val).

1. geween (OAV; BDB 113, maar geen WERKWOORD nie)
2. rouklag (OAV; BDB 704; ook geen WERKWOORD nie)
3. hare afgeskeer (BDB 901); geen WERKWOORD, ‘n bles kan deur afskeer of uitpluk van hare veroorsaak word, vgl. Esra 9:3; Job 1:20; Jer. 7:29; 16:6; 41:5; 48:37; Miga 1:16.
4. dra van sakstowwe vir klere, BDB 291, KB 291, *Qal*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS.

Vers 13 beskryf Jerusalem se gebrek aan ootmoed en onvanpaste optrede. Hulle moes JHWH se aangesig in belydenis en gebed gesoek het, maar nee, hulle gaan voort met

1. dansery (CUM-NLV, BDB 965)
2. spelery (CUM-NLV, BDB, 970)
3. volgens gewoonte met offers voortgegaan, *Qal*-INFINITIVUS ABSOLUTUS (BDB 246, BDB 133)
4. voortgegaan met gesamentlike maaltye (BDB 37, *Qal*-INFINITIVUS ABSOLUTUS)
5. gedrink (BDB 1059 I, *Qal*-INFINITIVUS ABSOLUTUS)

22:13d Hulle lewensuitkyk word in hierdie poëtiese reëltjie weerspieël. Dit lyk soos Belsasar se partytjie in Daniël 5.

‘n Ingesteldheid wat kennelik hulle gebrek aan insig in JHWH se plan (BDB 427, KB 428, *Qal*-DEELWOORD, vgl. 11d) met Jerusalem en sy volk laat blyk (vgl. 5:11-12). In plaas van ‘n aanvoeling vir die algemene welsyn, doel en hoop, het hulle almal persoonlike voordeel nagejaag. By hierdie boodskap kan die kerk sekerlik ook baatvind!

22:14 Juda se gebrek aan geloof sal tot sterftes onder hulle lei. Juda is bestem vir oordeel. Hoewel Jerusalem sal ontkom, staar Juda verwoesting in die gesig.

Juda het ‘n goeie tyd van verlossing deur JHWH misgeloop en sal nou ‘n tyd van verwoesting beleef!

- **OAV** **”Waarlik, hierdie ongeregtigheid word vir julle nie versoen totdat julle sterwe nie.”**
NAV, CUM-NLV **“Hierdie sonde sal tot die dag van hulle dood hulle nie vergewe word nie”**
NASB **“Surely this iniquity shall not be forgiven you”**
Watter sonde? Na my mening die sonde van gebrekkige vertroue op God in vers 11c,d genoem.

NASB HERSIENE TEKS: 22:15-25

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹⁵Thus says the Lord GOD of hosts,

“Come, go to this steward,

To Shebna, who is in charge of the royal household,

¹⁶What right do you have here,

And whom do you have here,

That you have hewn a tomb for yourself here,

You who hew a tomb on the height,

You who carve a resting place for yourself in the rock?

¹⁷Behold, the LORD is about to hurl you headlong, O man.

And He is about to grasp you firmly

¹⁸And roll you tightly like a ball,

To be cast into a vast country;

There you will die

And there your splendid chariots will be,

You shame of your master’s house

¹⁹I will depose you from your office,

And I will pull you down from your station.

²⁰Then it will come about in that day,

That I will summon My servant Eliakim the son of Hilkiah,

²¹And will clothe him with your tunic

And tie your sash securely about him.

I will entrust him with your authority,

And he will become a father to the inhabitants of Jerusalem and to the house of Judah.

²²Then I will set the key of the house of David on his shoulder,

When he opens no one will shut,

When he shuts no one will open.

²³I will drive him like a peg in a firm place,

And he will become a throne of glory to his father's house.

²⁴So they will hang on him all the glory of his father's house, offspring and issue, all the least of vessels, from bowls to all the jars. ²⁵"In that day," declares the LORD of hosts, "the peg driven in a firm place will give way; it will even break off and fall, and the load hanging on it will be cut off, for the LORD has spoken."

22:15-19 Hierdie gedeelte beskryf JHWH se oordeel oor Sebna, die lyfbediende van Koning Hiskia. Die presiese rede vir die vervanging van Sebna met Eljakim is nie bekend nie (vgl. verse 20-25), maar dat dit ernstige optrede teen Sebna was, ly nie twyfel nie. In die konteks mag dit dui op oormatige selfversekerdheid van Sebna.

Waarskynlik gaan dit hier oor Sebna van 2 Kon. 18:18, die sekretaris van Eljakim.

22:16 Die reg van Sebna se diens word in 'n reeks opmerkings bevraagteken.

22:17-19 Sonde het gevolge. Veral leiers moet die onder die besef daarvan wees. JHWH word hiermee beskryf as die voltrekker van oordeel.

1. wegslinger, vers 17, BDB 376, KB 373, *Pilpel*-DEELWOORD met 'n verwante NAAMWOORD: "wegsmyt met geweld/weggooi" (NAV)

2. jou behoorlik toepak (NAV); vers 17, *Qal*-PERFEKTUM en *Qal*-INFINITUS ABSOLUTUS, vgl. BDB 742 II, KB 814,II

3. jou styf toerol (NAV), vers 18, *Qal*-INFINITIVUS ABSOLUTUS en NASB, "like a ball to be cast," vgl. (CUM-NLV), "heen en weer gooi en dan weggooi," 'n *Qal*-IMPERFEKTUM WERKWOORD gevolg deur 'n NAAMWOORD van dieselfde woordstam (BDB 857, KB 1039).

4. daar sal jy sterf by jou strydwaens (NAV); vers 18c,d

5. Die Here sal jou uit jou amp ontslaan (NAV), vers 19, BDB 248, KB 256, *Qal*-PERFEKTUM

6. Hy sal jou wegvat. . . (NAV), vers 19, BDB 248, KB 256, *Qal*-IMPERFEKTUM

NIDOTTE, vol. 3, bl. 380-381 opper 'n interessante betekenisaspek, wat by 2# aanhaak, naamlik dat die wortelstam vir "ontluis" as metafoor dien vir algehele vernietiging (vgl. Jer. 43:12).

22:20-25 Hierdie verse beskryf hoe JHWH met Sebna se opvolger, Eljakim, sou handel (vgl. 2 Kon. 18:18,26,37;19:2; Jes. 22:20; 36:3,11,22; 37:2).

1. JHWH sal hom roep; (CUM-NLV; BDB 894, KB 1128), *Qal*-PERFEKTUM

2. JHWH klee hom in ampsklere (CUM-NLV, vers 21, BDB 527, KB 519, *Hifil*-PERFEKTUM

3. jou serp vir hom omhang (CUM-NLV, vers 21 – die WERKWOORD in 2# word veronderstel, NAV)

4. en jou titel en gesag hê; (CUM-NLV) vers 21; BDB 304, KB 302, *Pi'el*-IMPERFEKTUM

5. Ek gee hom die sleutels van koning Dawid se huis; (CUM-NLV, vers 22, BDB 678, KB 733, *Qal*-PERFEKTUM

6. want Ek slaan hom so diep in as 'n tentpen (CUM-NLV; vers 23, BDB 1075, KB 1787, *Qal*-PERFEKTUM

22:21-23 Hierdie verse beskryf hoe Eljakim sal optree

1. en hy sal vir die inwoners van Jerusalem. . . 'n vader wees

2. en hy sal groot verantwoordelikhede hê, CUM-NLV vers 22

3. Ek sal hom in sy amp bevestig, NAV, vers 23

In 'n sekere sin dien die verse oor Eljakim as voorafskaduwing van die Messias. Hierdie tipe voorafskaduwing kom ook voor in Sagaria ten opsigte van Serubbabel en Josua.

22:23 OAV "in 'n vaste plek"

NAV "goed"

CUM-NLV "diep"

NASB "firm"

Sien die Vir Spesiale Aandag wat hierop volg, veral II A 1 b (2)

VIR SPESIALE AANDAG: GLO; VERTROU, GELOOF EN GETROUHEID IN DIE OU TESTAMENT (יחא)

I Ter aanvang

Dit moet gemeld word dat hierdie teologiese konsep, so van sentrale belang in die NT, nie so kernagtig in die OT geformuleer is nie. Verseker is dit dáár, maar word in sleutelparagrafe en persone se lewe geïllustreer. Die OT vleg waarhede saam:

1. die individu in sy gemeenskap;
2. persoonlike ontmoeting en verbondsgehoorsaamheid.

Geloof is persoonlike verhouding sowel as leefstyl elke dag. Om dit in 'n persoon te beskryf, is makliker as om dit in woordondersoek bloot te lê. So 'n persoonlike verhoudingsaspek word die beste toegelig in

1. Abraham en sy nageslag
2. Dawid en Israel

Hierdie manne het God ontmoet met permanente gevolg vir hul lewensstyl. Hulle was geensins volmaak nie, maar het volhard in die geloof. Versoeking het hulle swakhede blootgelê, maar ook die krag wat hulle in God gevind het; die opregtheid van hulle vertrouensverhouding het voortgeduur. Hierdie verhouding is op die proef gestel en verbeter sodat hulle leefstyl gedien het as bevestiging daarvan.

II Die woordstam

1. אָמַן (BDB 52)

DIE WERKWOORD

a. Qal-woordstam – “om te ondersteun, om te verfris” (vgl. 2 Kon. 10:1,5; Ester 2:7; d.w.s. nie-teologiese gebruik)

b. Nifal-woordstam – om seker of stewig te maak, om op te rig, om te bevestig, om getrou of betroubaar te wees.

(1) van mense, Jes. 8:2; 53:1; Jer. 40:4

(2) van dinge, Jes. 22:23

(3) van God, Deut. 7:9,12; Jes. 49:7; Jer. 42:5

c. Hifil-woordstam – om vas te staan, om te glo, om te vertrou

(1) Abraham het in God geglo, Gen. 15:16

(2) die Israeliete in Egipte het geglo, Eks. 4:31; 14:31

(3) die Israeliete het geglo God het deur Moses gespreek, Eks. 19:9; Ps. 106:12,24

(4) Agas het nie op God vertrou nie, Jes. 7:9

(5) wie ookal daarin glo/in Hom glo, Jes. 28:16

(6) geloof in waarhede omtrent God, Jes. 43:10-12

2. SELFSTANDIGE NAAMWOORD MANLIK – getrouheid (bv. Deut. 32:20; Jes. 25:1; 26:2)

3. BYWOORD – voorwaar, waarlik, ek stem saam, mag dit so wees (vgl. Deut. 27:15-26; 1 Kon. 3:36; 1 Kron. 16:36; Jes. 65:16; Jer. 11:5; 28:6)

4. אֱמֶת (BDB 54) SELFSTANDIGE NAAMWOORD VROULIK, strengheid, getrouheid, waarheid

(1) van mense, Jes. 10:20; 42:3; 48:1

(2) van God, Eks. 34:6; Ps. 117:2; Jes. 38:18,19; 61:8

(3) van waarheid, Deut. 32:4; 1 Kon. 22:16; Ps. 33:4; 98:3; 100:5; 119:30; Jer. 9:5; Sag. 8:16

5. אֱמוּנָה (BDB 53) vasheid, stewigheid, getrouheid

(1) van hande, Eks. 17:12

(2) van tye, Jes. 33:6

(3) van mense, Jer. 5:3; 7:28; 9:2

(4) van God, Ps. 40:11; 88:12; 89:2,3,6,9; 119:138

III Paulus se gebruik van die OT begrip

a. Paulus baseer sy nuwe begrip van JHWH en die OT op sy persoonlike ontmoeting met Jesus op die pad van Damaskus (vgl. Han. 9; 22; 26).

b. Die steun vir sy nuwe verstaan in twee OT-gedeeltes wat in die wortelstam אָמַן fundeer.

(1) Gen. 15:6 – Abraham het 'n persoonlike ontmoeting met God gehad (Gen. 12); deur God geïnisiëer en wat lei tot Abraham se lewe van geloofsgehoorsaamheid (Gen. 12-22). Paulus verwys daarna in

(2) Romeine 4 en Galasiërs 3.

(3) Jes. 28:16 – wie in God se raadsplan, die beproefde en gevestigde hoeksteen glo, sal nie

(i) Rom. 9:33, “tot skande gemaak” word of “teleurgesteld” staan nie.

(ii) Rom. 10:11 dieselfde!

c. Hab. 2:4 – diegene wat die getroue God ken, moet so getrou ook lewe (Jer. 7:28). Paulus gebruik hierdie teks in Rom. 1:17 en Gal. 3:11 (sien ook Heb. 10:38).

IV Petrus se gebruik van hierdie OT begrip

Petrus gebruik die begrip drievoudig

- a. Jes. 8:14 – 1 Pet. 2:8 (struikelblok)

b. Jes. 28:6 – 1 Pet. 2:6 (hoeksteen)

c. Ps. 111:22 (verwerpte steen)

Hy maak die OT se treffende taatgebruik ('n "uitverkore volk," en "koninklike priesterdom,")

a. Deut. 10:15; Jes. 43:21

b. Jes. 61:6; Deut. 7:6

c. Eks. 19:6; Deut. 7:6

as eie geloofsgoed op die kerk van Christus van toepassing.

V. Johannes se gebruik van die begrip

a. Die NT gebruik daarvan

Die term "geglo" kom van die Griekse "pisteuō" wat as "glo", "geloof" of "vertroue" vertaal kan word. Byvoorbeeld, as NAAMWOORD kom die term nie in die Johannes-Evangelie voor nie, maar die WERKWOORD tog dikwels. In Joh. 2:23-25 is daar onsekerheid in verband met die skare se instemming dat Jesus van Nasaret die Messias is. Ander voorbeelde van so 'n oppervlakkige "geloof" is in Joh. 8:31-59 asook in Han. 8:13,18-24 te vind. Ware Bybelse geloof is meer as 'n aanvanklike instemming. Uit ware geloof moet 'n proses van dissipelskap volg (vgl. Mat. 13:20-22,31-32).

b. Die gebruik in VOORVOEGSELS

(1) "eis" beteken "in". Hierdie besondere konstruksie beklemtoon hoe gelowiges hulle vertroue op en in Jesus plaas.

(2) In sy Naam (Joh. 1:11; 2:23; 3:18; 1 Joh. 5:13)

(3) in Hom (Joh. 2:11; 3:15,18; 4:39; 6:40; 7:5,31,39,48; 8:30; 9:36; 10:42; 11:45,48; Mat. 18:6; Han. 10:43; Fil. 1:29; 1 Pet. 1:8)

(4) in "My" (Joh. 6:35; 7:38; 11:25,26; 12:44,46; 14:1,12; 16:9; 17:20)

(5) in die Seun (Joh. 3:36; 9:35; 1 Joh. 5:10)

(6) in Jesus (Joh. 12:11; Han. 19:4; Gal. 2:16)

(7) in Lig/lig (Joh. 12:36 – OAV)

(8) in God (Joh. 14:1)

c. en beteken "in" soos in Joh. 3:15; Mark. 1:15; Han. 5:14

d. "epi" beten "in" of "op" soos in Mat. 27:42; Han. 9:42; 11:17; 16:31; 22:19; Rom. 4:5,24; 9:33; 10:11; 1 Tim. 1:16; 1 Pet. 2:6

e. die DATIEF VORM met geen VOORVOEGSEL nie; sien Gal. 3:6; Han. 18:8; 27:25; 1 Joh. 3:23; 5:10

f. "hoti" wat "glo dat" beteken dui op inhoud van wat geglo moet word, naamlik

(1) Jesus is die Heilige van God (Joh. 6:69)

(2) Jesus is die "Ek is" (Joh. 8:24)

(3) Jesus is in die Vader en die Vader is in Hom (Joh. 10:38)

(4) Jesus is die Messias (Joh. 11:27; 20:31)

(5) Jesus is die seun van God (Joh. 11:27; 20:31)

(6) Jesus is deur die Vader gestuur (Joh. 14:10-11)

(7) Jesus is een met die Vader (Joh. 14:10-11)

(8) Jesus het van die Vader af gekom (Joh. 16:27,30)

(9) Jesus het Homself geïdentifiseer met die verbondsnaam van die Vader: "Ek Is" (Joh. 8:24; 13:9)

(10) Ons sal met Hom leef (Rom. 6:8)

(11) Jesus het gesterf en opgestaan (1 Tess. 4:14)

VI. Slotsom

"Geloof," volgens die Bybel, is 'n menslike reaksie op die woord/belofte van die Godheid. God inisieer altyd/gedurig Joh. 6:44,65, maar deel van hierdie verhewe kommunikasie is die noodsaak dat mense moet reageer met

a. vertroue

b. verbondsgehoorsaamheid

Bybelse geloof is

(1) 'n persoonlike verhouding (aanvangsgeloof)

(2) instemming op Bybelse waarheid (geloof in die Godsopenbaring)

(3) toepaslik, gehoorsame reaksie daarop (daaglikse geloof)

Bybelse geloof is nie 'n toegangskartjie vir die hemel of geestelike assuransië nie. Dit is 'n persoonlike verhouding. Dit was die doel van die skepping vir mense wat geskape was in die beeld en gelykenis van God

(Gen. 1:26-27). Dit gaan oor 'n vorm van geestelike intimiteit. God verlang die regstel van 'n vertrouensvriendskap, nie 'n spesifieke teologiese standpunt nie! Maar hierdie verhouding met 'n heilige God vereis dat die kinders van 'n Vader die familie-eienskappe openbaar (d.w.s. heiligheid, vgl. Lev. 19:2; Mat. 5:48; 1 Pet. 1:15-16). Die sondeval (vgl. Gen. 3) het ons vermoë om in alle opregtheid toepaslik te reageer, vermink. Daarom het God om ons onthalwe opgetree (Eseg. 36:27-38) deur 'n nuwe hart en nuwe gees aan ons te skenk, wat ons in staat stel om met geloof en sondebelydenis, tot 'n gehoorsame vertrouensvriendskap na Hom terug te keer.

Al drie hierbo genoem is nodig. Al drie moet onderhou word. Die doel is om God te ken (in beide die Hebreeuse en Griekse sin van die woord) sodat sy wesenskarakter in ons lewe sal deurskemer. Ons doel is nie die hemel eendag nie, maar Christus-gelykvormigheid elke dag!

Die mens se getrouheid is 'n gevolg (NT), nie die basis (OT) vir die verhouding met God nie. Dit beteken menslike geloof in God se getrouheid en mense se vertrou in Sy betroubaarheid.

Die hart van redding in die NT is dat mense 'n aanvang sal maak om op God se genade en barmhartigheid te reageer, soos in Christus geopenbaar, en dan daarin te volhard. Hy het uit liefde iemand gestuur. Daarmee het Hy 'n voorsiening gemaak waarby ons met geloof en getrouheid moet inval (Ef. 2:8-9 en 10)!

Die getroue God begeer 'n getroue volk, waarin hy Homself aan 'n ongelowige wêreld bekend kan maak, sodat mense tot 'n persoonlike geloof in Hom sal kom.

22:25 Selfs Eljakim (die pen op 'n vaste plek ingeslaan), met soveel hulp van JHWH, kan die komende oordeel nie verhinder nie.

1. dit sal *padgee*/ ingee (OAV/NAV); BDB 559, KB 561, *Qal*-IMPERFEKUM)
 2. dit word *afgebreek* (OAV/NAV); BDB 154, KB 180, *Nifal*-PERFEKTUM
 3. en *val* die drag goed/die vrag wat daaraan gehang het (OAV/NAV); BDB, 656, KB 709
 4. raak tot niet/sal *tot niet gaan*/sal ook val (OAV/NAV/CUM-NLV); BDB 503/4, KB 500; *Nifal*-PERFEKTUM
- Oordeel kom, "want die Here het dit gespreek" (OAV).

22:25	OAV	"die pen"
	NAV, CUM-MVB	"die spyker"
	CUM-NLV	"die tentpen"
	NASB	"the peg"

Dit mag verwys na

1. Sebna
2. Eljakim
3. Juda
4. Jerusalem
5. die Messias

Volgens konteks is #1 of 2# die mees toepaslike, maar die ander (#3-#5) is gerig op JHWH se raadsplan van die toekoms (vgl. vers 11).

JESAJA 23

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Fall of Tyre	Proclamation Against Tyre	The Oracle Concerning Sidon	A Message About Pheonicia	Against Tyre	Teen Tirus
23:1-7 (1-7)	23:1-7 (1) (2-3) (4-5) (6-7)	23:1-12 (1-7)	23:1-3 23:4 23:5 23:6-9	23:1-14 (1b-4) (5-6) (7-14)	23:1-17
23:8-11 (8-11)	23:8-14 (8-9) (10-12)	(8-12)	23:10-13		
23:12 (12)					
23:13-18 (14)	(13) (14) 23:15-18	23:13-18 (14)	23:14 23:15 23:16 (16) 23:17-18	23:15 23:16 (16) 23:17-18	(1-17)

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

5. Eerste paragraaf
6. Tweede paragraaf
7. Derde paragraaf
8. Ens.

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Hierdie veroordeling van Fenisië is 'n parallele gedeelte van Esegïel 26-28 en Amos 1:9-10. Tirus, die hoofstad van Fenisië was 'n magtige en welvarende seevaardersbevolking. As gevolg daarvan was hulle 'n trotse selversekerde nasie.
- B. Omdat hulle handelsbelange so wydverspreid was, het talle volke en geografiese gebiede die verlies daarvan betreur.
 1. die skepe van Tarsis (verse 1,6,14; die westelike oewer van die Meditireense See)
 2. kusgebiede (verse 2,6)
 3. die handelaars van Sidon (die tweede grootse stad van Fenisië); vers 2
 4. Egipte, (verse 3,5)
 5. Kanaän (vers 11)

6. Siprus (vers 12)

C. Let op die aantal IMPERATIEWE gerig aan die adres van Tirus/Fenisië

1. huil, vers 1, BDB 410, KB 413, *Hifil*-IMPERATIEF, vgl. 13:6; 14:431; 15:2,3; 16:7 (twee keer)
2. wees stil (letterlik), vers 2, BDB 198, KB 226; *Qal*-IMPERATIEF
3. wees skaam, vers 4; BDB 101, KB 116, *Qal*-IMPERATIEF, vgl. 1:29; 19:9; 20:5; 24:23; 26:11; 29:22; 30:5; 37:27; 41:11; 42:17; 44:9,11; 45:16,17,24; 49:23; 50:7; 54:4; 65:13; 66:5; Miga 3:7; 7:16
4. vaar oor (vers 6 – OAV); BDB 716, KB 778, *Qal*-IMPERATIEF, vgl. 23:2
5. huil, vers 6 (stem ooreen met #1)
6. vaar oor (soos #4); vers 10
7. maak klaar, (NAV vers 12), BDB 877, KB 1086, *Qal*-IMPERATIEF
8. vlug na... (NAV – vers 12), dieselfde as #4,6
9. huil (vers 14) dieselfde as #1,5
10. vat jou lier (NAV – vers 16); BDB 542, KB 534, *Qal*-IMPERATIEF
11. stap deur die stad (NAV – vers 16); BDB 685, KB 738; *Qal*-IMPERATIEF
12. speel mooi (NAV – vers 16) BDB 405, KB 408, *Hifil*-IMPERATIEF, vgl. 1 Sam. 16:17; Ps. 33:3; Eseg. 33:32
13. sing baie liedjies (vers 16); BDB 915, KB 1176, *Hifil*-IMPERATIEF

D. Dit sal baie help as ons die historiese opset van Jesaja se gedigte kon ken, want die besonderhede en verwysings sal dan vir ons in plek val, maar die feit van die saak is dat dit oor enigeen van verskillende invalle kan handel. Jesaja is 'n bundel boodskappe, oor sy leeftyd versamel, wat op 'n datum in sy toekoms aangeteken is. Die opset daarvan is nie kronologies nie, maar eerder saamgevoeg rondom

1. ooreenstemmende woordgebruik
2. aanliggende geografiese gebiede
3. woordspeling
4. temas en
5. meer onderliggende beginsels

Hedendaagse geleerdes weet eenvoudig nie hoe, wanneer of deur wie die boeke van die OT saamgestel en redaksioneel versorg is nie.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 23:1-7

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV.

¹The oracle concerning Tyre.

**Wail, O ships of Tarshish,
For Tyre is destroyed, without house or harbour;
It is reported to them from the land of Cyprus.**

²Be silent, you inhabitants of the coastland,
you merchants of Sidon;

Your messengers crossed the sea

³And were on many waters.

The grain of the Nile, the harvest of the River was her revenue;
And she was the market of nations.

⁴Be ashamed, O Sidon;

For the sea speaks, the stronghold of the sea, saying,

“I have neither travailed nor given birth,

I have neither brought up young men nor reared virgins.”

⁵When the report reaches Egypt,

They will be in anguish at the report of Tyre.

⁶Pass over to Tarshish;

Wail, O inhabitants of the the coastland.

⁷Is this your jubilant city,

Whose origin is from antiquity,

Whose feet used to carry her to colonize distant places?

23:1	OAV, CUM-NLV	“Huil, skepe van Tarsis”
	NAV, CUM-MVB	“huil, bemannings van die skepe wat op pad is na Tarsis toe”
	NASB	“Wail, O ships of Tarshish”

“Huil” (ָלָל), BDB 410, KB 413; *Hifil-IMPERATIEF*, sinspeel op luide uitroep. Dit kom dikwels in Jesaja voor (vgl. 13:6; 14:31; 15:2,3; 16:7 [twee keer]; 23:1,14; 52:5; 65:14 en ‘n soortgelyke term, *jillātāh*, kom in 15:8 twee keer voor. Sien *Vir Spesiale Aandag: Rougebruike* by 15:2-3.

Let daarop dat dieselfde frase in vers 14 ook voorkom. Dikwels is herhaling van ‘n frase die aanduiding van ‘n literêre eenheid, hoewel dit nie hier die geval is nie.

Die skepe van Tarsis was groot vaartuie wat koring vervoer het, gewoonlik vanaf Egipte. Sulke frases het idiomatiese funksie verkry, soos die geval was met “Fenisiër” en “Kanaäniet” wat as “handelaar” verstaan kon word.

▣ **OAV, NAV, CUMs** “Tarsis”
NASB “Tarshish”

Hierdie pleknaam kan simbolies verstaan word vir

1. die stad in suidelike Spanje langs die Atlantiese Oseaan; ‘n Fenisiese kolonie (nl. Tartessus, vers 7)
2. die eiland van Sardinië (vgl. Gen. 10:4)
3. ‘n stad aan die noordkus van Afrika (Kartago was ‘n Fenisiese kolonie)
4. ‘n metafoor vir verafgeleë hawens
5. ‘n baie groot skip vir seevaart en handel bedoel
6. ‘n mededingend seevaarder nasie (1 Kon. 10:22)

▣ **OAV, CUM-MVB** “geen huis, geen terugkeer”
NAV “moederstad is verwoes”
CUM-NLV “sonder huis of hawe”
NASB “without house or harbor”

Die stad was in twee gedeel

1. die meeste huise en winkels was op die kusstrook van die land gebou (vgl. Jos. 19:29; 2 Sam. 24:7)
2. die paleis, tempel en fort was op ‘n eiland (oorspronklik twee klein eilande) kortby die kus (Eseg. 27:32)

Dit was feitlik oninneembaar totdat Alexander die Grote in 322 v.C. die kusegeboue verwoes het en die afvalmateriaal gebruik het om ‘n invalstroete na die fort te bou (vgl. Eseg. 26:3-5).

Die skepe van Tarsis het dus geen hawe gehad vir aflaai nie en kon ook nie vrag laai om huis toe te vat nie.

Daar is ‘n tekskritiese probleem ten opsigte van “hawe.” Letterlik staan daar “inkom” (NJB, geen manier om in te kom nie; BDB 97, KB 112, *Qal-INITIUS CONSTRUCTUS*), wat kan dui op hawe of tuisplek. Dit is ‘n parallel met vers 14, wat daartoe lei dat NRSV vertaal met “for your fortress is destroyed.”

▣ **OAV** “die land van die Kittiers”
NAV, CUM-MVB “Kittierland”
CUM-NLV “Siprus”
NASB “Cyprus”

Die MT het “Kittim” (BDB 508), moontlik ontleen aan die naam van ‘n Romeinse stad op die eiland van Siprus, wat “Citium” genoem is. Dit was oorspronklik ‘n Fenisiese kolonie (vgl. vers 7).

Sommige verbind die inwoners met die kinders van Javan, Elisa (vgl. Gen. 10:4; Eseg. 27:7)

23:2 **OAV** “Staan verstom”
NAV, CUM-MVB “Julle moet stil wees”
CUM-NLV “Huil in stilte”
NASB “Be silent”

Hierdie *Qal-IMPERATIEF* is ‘n parallel met die “huil” in vers 1 (BDB 198 I). Daar is heelwat spekulasie in verband met ‘n Ugaritiese stamwoord (BDB 199 II) wat met “weeklaag” vertaal kan word (“huil” TEV, Cum-NLV en “weeklaag” die REB).

▣ **OAV, NAV, CUMs** “Sidon”
NASB “Sidon”

Dit was ‘n kUSDorp van Fenisië (vgl. Gen. 10:19), sowat 47 km noord van Tirus. Dit was die oorspronklike hoofstad (vgl. Jos. 13:4,6). Dit was die naam van Kanaän se oudste seun, uit die geslag van Gam (vgl. Gen. 10:15). Tirus en Sidon word dikwels in een asem genoem wanneer daar sprake is van die Fenisiërs as volk (vgl. Mat. 11:21, 22; 15:21; Han. 12:20).

▣ **OAV** “Die Koopmans van Sidon wat oor die see vaar”
NAV, CUM-MVB “julle wie se rykdom oor die see aankom”
CUM-NLV “Julle wie se rykdom kom van oor die see”
NASB, NRSV, NJB “Your messengers crossed the sea”
NKJV “Whom those who cross the sea have filled”
TEV “You sent agents”
JB “whose goods travelled over the sea”

Die NASB volg die Jesaja-rol van die Dooiesee (DSS). Die MT (Masorete-tekst) het “oor die see gevaar, hulle vul julle aan.” Die term “jou boodskappers” is in woordverbuiging besonder eenders as die WERKWOORD “vul” (NKJV).

1. WERKWOORD, מְלֶאֶךְ (“vul,” BDB 569, NKJV)
2. SELFSTANDIGE NAAMWOORD, מְלֶאכֶיךָ (“jou boodskappers,” BDB 521, NASB)

23:3 OAV, NAV, CUMs “die oes van die Nyl”
NASB, JB “the grain of the Nile”
NKJV, NRSV, REB “the grain of Shihor”
NJB “the grain of the Canal”
Pesjitta “the harvest of the river”

Die Masoretiese Teks het “graan van Sihor, oes van die Nyl.” Sihor (BDB 1009) beteken “die pond van Horus” (KB 1477) Dit dui op

1. ‘n oostelike sytak van die Nyl (BDB 1009)
2. ‘n kanaal van swart water (BDB 1007 I)
3. ‘n meer in die oostelike deltagreek

Die verskillende spellings is opvallend in

1. Jos. 13:13; 1 Kron. 13:5, שִׁחֹר , (šḥwr)
2. Jer. 2:18; שִׁחֹר sonder “jod”, (šḥwr)
3. Jes. 23:3, שִׁחֹר; sonder “jod” en sonder “waw”, (šḥr)

Die verskil in spelling verwys na dieselfde gebied in Egipte.

■ **OAV** “so het hy ‘n handelswins vir die nasies geword”
NAV, CUM-MVB “daarmee dryf die nasies handel”
CUM-NLV “Julle wie se rykdom kom van oor die see”
NASB “she was the market of nations”
 Sien i.d.v. Eseg. 27:3-23.

23:4 OAV “Staan beskaamd”
NAV, CUM-MVB “Laat sak jou kop in skaamte”
CUM-NLV “Kry skaam”
NASB “Be ashamed”

Die WERKWOORD (BDB 101, KB 116, *Qal*-IMPERATIEF). Hier gaan dit om God se oordeel oor afgodediens (vgl. Jer. 50:2). Hierdie nasie (Tirus) wat in oorlog verslaan is, (vgl. 1:29; 19:9; 37:27; 41:11), kan hul van hulle afgode afkeer en hulle tot JHWH wend om vergifnis en herstel te ervaar (vgl. 49:23), soos immers sy eie volk (Israel) ook moes doen (vgl. 29:23; 45:17; 54:4).

■ Die verlatenheid van Sidon word in ‘n NRSV voetnoot beskryf: Sidon is ‘n see sonder seevaarders (bedoelende jongmense)

23:7 Hier word Tirus beskryf (vgl. vers 5)

1. ‘n Uitgelate stad; trots en vervul met selftevredenheid; 22:2; 24:8; 32:13.
2. ‘n baie ou stad, op verlede baie trots
3. as koloniserende nasie, op hulle wye invloed baie trots

NASB HERSIENE TEKS: 23:8-11

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV.

⁸Who has planned this against Tyre, the bestower of crowns,
 Whose merchants were princes, whose traders were the honored of the earth?
⁹The LORD of hosts has planned it, to defile the pride of all beauty,
 To despise the honored of the earth.
¹⁰Overflow your land like the Nile, O daughter of Tarshish,
 There is no restraint.
¹¹He has stretched His hand out over the sea,
 He has made the kingdom tremble;
 The LORD has given a command concerning Canaan to demolish its strongholds.

23:8-12 Hierdie strofe word deur die WERKWOORD “besluit geneem” (NAV/NASB “planned”) beheers. (Letterlik: “geadviseer” of “bestem,” BDB 419, KB 421, *Qal*-PERFEKTUM, vgl. ook verse 8,9, 14:24, 26,27; 19:12,17). Geskiedenis loop volgens plan – die Raadsplan van JHWH! Terwyl die koninkryke van hierdie wêreld hulle planne maak (vers 8), is God, wat die skepping daargestel het, ook met die uitvoering van sy plan besig (vers 9).

23:8 OAV “die uitdeler van krone”

NAV, CUM-MVB	“wat krone vir konings uitgedeel het”
CUM-NLV	“wat die konings gekroon het”
NASB, NRSV	“the bestower of crowns”
NKJV, Pesjitta	“the crowning city”
TEV	“The imperial city”
NJB	“Who used to hand out crowns”
REB	“the city with crowns in its gifts”

Die WERKWOORD (BDB 742, KB 815, *Hifil*-DEELWOORD beteken “om te kroon.” Dit kan sinspeel op

1. die uitdeler van krone (NASB, NRSV, NJB, REB, OAV, NAV, CUMs)
2. die draer van ‘n kroon (TEV, NKJ, Pesjitta)

23:10 Die mededingende seevaarderryk van Tarsis word uitgenooi om uit te brei en die plek te neem van die verwoeste Fenisië.

Die teks kan ook anders verstaan word soos blyk uit die LXX: “Bewerk jou grond, want geen skepe uit Kartago kom meer by jou aan nie.” Dit word deur die REB nagevolg: “Bewerk julle grond, mense van Tarsis, want julle het julle afsetgebied verloor. Julle dae van handeldryf (op see) is verby.” Met julle handelsbelange daarmee heen, kom tot rus en boer julle landskap.

23:11 OAV	“Hy het sy hand uitgestrek oor die see”
NAV, CUM-MVB	“Die Here het sy hand oor die see uitgesteek”
CUM-NLV	“Die HERE hou sy hand oor die see”
NASB	“He has stretched out His hand over the sea”

Sien die aantekening by 14:26.

▣ OAV	“koninkryke laat sidder”
NAV	“Hy skud die koninkryke”
CUM-MVB	“laat die koninkryke bewe”
CUM-NLV	“Hy skud die koninkryke van die aarde”
NASB	“He has made the nations tremble”

Volgens die WERKWOORD (BDB 919, KB 1182, *Hifil*-PERFEKTUM), skud JHWH ‘n verskeidenheid van dinge.

1. berge (5:25)
2. die hemele (13:13)
3. Sjeol (14:9)
4. die see (23:11)
5. JHWH, taal (verdrukkings met ‘n vreemde hakkeltaal, 28:21, OAV, CUM-NLV)
6. die selfversekerdes (32:10,11)
7. nasies (64:2)

En op ‘n keer Juda wat JHWH teengestaan het, volgens 37:29.

▣ OAV, CUM-NLV	“Kanaän”
NAV, CUM-MVB	“Fenisië se vestingstede” (vgl. voetnoot).
NASB	“Canaan”

Dit kan ‘n aanduiding wees van Tirus as ‘n enigste veilige hawe en fort vir invoer na die binneland van die Fenisiese handelsryk.

NASB HERSIENE TEKS: 23:12

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV.

¹²He has said: “You shall exult no more, O crushed virgin daughter of Sidon. Arise, pass over to Cyprus; even there you will find no rest.”

23:12 In hierdie hoofstuk het Fenisië (NIV) onder sy vroeëre hoofstad (Sidon) en die nuwe (Tirus) bekend gestaan.

▣ OAV	“Maak jou klaar, vaar oor na die Kittiers toe; ook daar sal jy geen rus hê nie”
NAV, CUM-MVB	“Maak klaar, vlug oor na die Kittiers toe. Ook dáár is nie rus vir jou nie.”
CUM-NLV	“Selfs as jy na Siprus vlug, sal jy nie rus kry nie”
NASB	“Arise, pass over to Cyprus; even you will find no rest”

Sommige verbind die stelling spesifiek met die koning van Sidon, Lulli, wat voor die Assiriese inval in 701 v.C. na Siprus uitgewyk het. Daar is hy om die lewe gebring (voetnoot in die JB, bl. 1177). Hoewel ‘n moontlikheid, is niks hiervan seker nie, omrede die dubbelsinnige aard van Hebreeuse poësie.

NASB HERSIENE TEKS: 23:13-18

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV.

¹³Behold, the land of the Chaldeans—this is the people *which* was not; Assyria appointed it for desert creatures—they erected their siege towers, they stripped its palaces, they made it a ruin.

¹⁴Wail O ships of Tarshish,
For your stronghold is destroyed.

¹⁵Now in that day Tyre will be forgotten for seventy years like the days of one king. At the end of seventy years it will happen to Tyre as in the song of the harlot:

¹⁶Take your harp, walk about the city,
O forgotten harlot;
Pluck the strings skillfully, sing many songs,
That you may be remembered.

¹⁷It will come about at the end of seventy years that the LORD will visit Tyre. Then she will go back to her harlot's wages and will play the harlot with all the kingdoms on the face of the earth.

¹⁸Her gain and her harlot's wages will be set apart to the LORD; it will not be stored up or hoarded, but her gain will become sufficient food and choice attire for those who dwell in the presence of the LORD.

**23:13 OAV, NAV, CUMs “die Chaldeërs se land”
NASB “the land of the Chaldeans”**

Oënskynlik gaan dit hier oor die ondergang van Babilon (nie Neo-Babilon nie) deur Assirië (vgl. hoofstukke 13-14). Twee “Babilons” word in die profete vermeld.

1. ‘n Klein half-outonome gebied naby die oorsprong van die Tigris- en die Eufraatriviere het teen Assirië gerebelleer, hulle gebied binnegeval en hulle hoofstad “Babilon” deur Sargon II verwoes (722-705 v.C.). Hy het daarmee die titel “koning van Babilon” verkry. Sederdien geld as Babiloniese konings
 - a. Merodag-baladan, wat vanaf 721- 710 v.C. regeer het en daarna weer van 703-702. Dit is hy wat in 712 v.C. boodskappers na Hiskia gestuur het (vgl. 2 Kon. 20:12-21; Jes. 39).
 - b. Sjamasj-sjum-ukim, ‘n seun van Essarhaddon, 681-669 v.C. , ‘n opponerende broer van van Assurbanipal (669-605 v.C.) wat die troon bestyg het in Assirië.
2. ‘n “Nuwe” Babilon verskyn op die toneel in 626 v.C. met die verskyning van Nabopolassar (626-605 v.C.). Hy was die vader van Nebukadneser II (605-562 v.C.) en die bewerker van die val van Assur, een van die hoofstede van Assirië (614 v.C.) en van Nineve, die vernaamste Assiriese hoofstad (612 v.C.) Sien i.d.v die beknopte oorsig van die Magte in Mesopotamië in Bylaag Drie.

■ **“Dit”/“it”** (OAV/NASB) laat ontstaan die vraag of dit hier gaan oor die Chaltese hoofstad “Babilon” of “Sidon/Tirus”? Afgelei uit die konteks, gaan dit oor Babilon wat deur Sargon II in 710 v.C. verwoes is of, alternatiewelik, deur Sanherib in 689 v.C. Met Tirus sal dit gaan soos met Babilon. Immers, wat Babilon, Assirië en Neo-Babilon betref, Alexander Die Grote was oppad!!!

■ **OAV, NAV, CUM-MVB “woestyniere”
CUM-NLV “wilde diere”
NASB “for desert creatures”**

Hierdie term (BDB 850 II) dui op allerhande soorte woestyngediertes. Daarby kom ook nog die gedagte van demoniese aanwesigheid (vgl. NIDOTTE, vol. 3, bl. 79 en die NEB, REB-vertalings).

**23:15 OAV, NAV, CUMs “sewentig jaar lank”
NASB “for seventy years”**

Hierdie tydsverloop kom ook in vers 17 voor. Dit dui op ‘n voltooide termyn (7x10, sien i.d.v. *Vir Spesiale Aandag: Simboliese Syfers in die Skrif* by 11:12). Gebruik van die syfer in die Skrif, soms, is

1. wraak, Gen. 4:24
2. die ouderdom van Tera by geboorte van Abraham, Gen. 11:26
3. sewentig familieledes van Jakob trek na Egipte, Eks. 1:5
4. sewentig oudstes/ouderlinge gedurende die woestynomswerving, Eks. 24:1,9; Num. 11:16,24,25 (ook Eseg. 8;11)
5. die getal broers van Abimeleg wat vermoor is, Rigt. 9:56
6. ‘n lewensverwagting, Ps. 90:10; tweemaal so lank, ‘n buitengewone seën van God (Job 42:6)
7. ‘n pessiekte lei tot dood van 70 000, 2 Sam. 24:15; 1 Kron. 21:14
8. die sewentig seuns van Agab, 2 Kon. 10:1,6,7
9. sewentig jaar van oordeel,
 - a. Juda in Babilon, Jer. 25:11; Dan. 9:2; Sag. 7;5
 - b. Tirus, Jes. 23:15
10. Jesus stuur sewentig uit, Luk. 10:1,17
11. vergifnis 70 maal 7 keer, Mat. 18:22

■ **OAV “soos die dae van een koning”
NAV, CUM-MVB “die leeftyd van ‘n koning”**

CUM-NLV

“so lank as wat ‘n koning leef”

NASB

“like the days of one king”

Hierdie frase dui die lewensverwagting van ‘n koning aan. Vir ‘n normale lewe was die verwagting 70 jaar, maar hier dui dit op ‘n besonder lang regeringstermyn. Duidelik blyk hier die simboliek van ‘n afgeronde syfer.

23:17-18 Die rykdom van Fenisië sal oorgaan na die herstelde volk van God (vgl. ook 18:7 en 45:14, wat op soortgelyke gebeure sinspeel). Fenisië sou op die getuienis van Israel nie ag slaan nie, maar in die Baäl-afgodsdiens volhard.

JESAJA 24

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Judgment on the Earth	Impending Judgment on the Earth	The Isaiah Apocalypse (24-27)	The LORD Will Punish the Earth	Yahweh's Judgment	Die Here gaan die aarde verwoes
24:1-6	24:1-13 (1-3) (4-6)	24:1-23 (1-3) (4-13)	24:1-3 24:4-13	24:1-6 (1-6) Song About the Ruined City 24:7-16a (7-16a)	24:1-23 (1-13)
24:7-23 (7-23)	(7-13) 24:14-20 (14-16) (17-18) (19-20) 24:21-23 (21-23)	(14-16) (17-20) (21-23)	24:14-16a 24:16b-20 24:21-23	The Last Battle 24:16-23b (16-23b)	(14-16a) (16b-20) (21-23)

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGRONDSTUDIE

- A. Jesaja 24-27 is 'n literêre eenheid wat met eindtyd-profesie verband hou (d.w.s. die wêreld in oordeel). Hierdie besondere gedeelte in Jesaja was die intrede van die apokaliptiese genre. Dit handel op 'n inengestremde wyse oor seën en oordeel van die eindtyd, min of meer in ooreenstemming met Deut. 27-28. Jes. 24 maak melding van God se universele oordeel op aarde terwyl hoofstuk 25 aandui dat die hele aarde geseën sal word wanneer Sion vernuwe word (vgl. Jes. 2:2-24).
- B. Jesaja beskryf in hoofstukke 12-23 God se oordeel oor die omringende nasies wat die volk van God nadelig geaffekteer het. Dit is baie duidelik dat hoofstukke 24-27as 'n sluitstuk vir hierdie literêre eenheid bedoel is. Dieselfde sluitstukbenadering is opmerklik in hoofstuk 24 en 35.
- C. sien verder die volgende *Vir Speciale Aandag oor Apokaliptiese Literatuur*.

VIR SPESIALE AANDAG: APOKALIPTIESE LITERATUUR

Hierdie rubriek is uit my kommentaar op Openbaring geneem.

Openbaring is 'n uniek Joodse genre genaamd apokaliptiek. In spanningsvolle tye het dit gedien om die boodskap oor te bring dat God in beheer van die geskiedenis is en dat Hy tot redding van sy volk sal kom. Hierdie literatuur word oorheers deur

1. 'n sterk ontwikkelde besef dat God universeel in beheer is (monoteïsme en determinisme)
2. en dat 'n stryd tussen goed en kwaad aan die orde is en uitloop op 'n nuwe era;
3. die gebruik van geheime kodewoorde, gewoonlik uit die OT en die Joodse apokaliptiese literatuur uit die intertestamentêre tyd;
4. die gebruik van kleure, syfers, diere, soms dier/mens saamgestel;
5. die gebruik van engele as oorbrengrers van visioene en drome;
6. die fokus primêr op die eindtye ('n nuwe era);
7. die gebruik van bepaalde simbole om die eindtyd-boodskap oor te dra, wat nie as die werklikheid opgevat moet word nie;
8. enkele voorbeelde van dié tipe genre:
 - a. Ou Testament
 1. Jes. 24-27, 56-66
 2. Eseg. 37-48
 3. Dan. 7-12
 4. Joël 2:28-3:21
 5. Sag. 1-6, 12-14
 - b. Nuwe Testament
 1. Mat. 24, Mark. 13, Luk. 21, 1 Kor. 15 (tot 'n mate)
 2. 2 Tess. 2 (in die geheel)
 3. Openb. 4-22
 - c. nie-kanoniek (geneem uit D. S. Russell, *The Method and Message of Jewish Apocalyptic*, bl. 37-38)
 1. 1 en 2 Henog (die geheime van Henog)
 2. Die Boek van Jubilee
 3. Die Sibileense Orakels, III,IV,V
 4. Die Testament van die Twaalf Patriarge
 5. Die Psalms van Salomo
 6. Die Opneem van Moses
 7. Die Martelaarskap van Jesaja
 8. Die Apokalips van Moses (Die lewe van Adam en Eva)
 9. Die Apokalips van Abraham
 10. Die Testament van Abraham
 11. II Esdras (IV Esdras)
 12. Barug II en III
9. Daar is 'n vorm van dualisme in hierdie genre. Dit sien die realiteit as in dubbele perspektief van kontraste wat spanning opwerp (vgl. die geskrifte van Johannes) tussen
 - a. hemel/aarde
 - b. 'n bose era (slegte mense en bose engele)/'n nuwe era van geregtigheid (toegewyde mense en goeie engele)
 - c. die huidige bestaan/toekomstige bestaan

Dit alles beweeg tot 'n hoogste goed wat God teweeg sal bring. Soos die wêreld tans daar uitsien, is nie hoe God dit bedoel het nie. Daarom is Hy immer besig om 'n rol te speel en te werk aan die herstel van 'n intieme vriendskapsverhouding soos wat in die Tuin van Eden tot stand gebring was. Die Christus-gebeure is die intrede van God se raadsplan, maar die twee komste van Christus het gelei tot die huidige staat van dualisme.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 24:1-6

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV.

¹Behold, the LORD lays the earth waste, devastates it, distorts its surface and scatters its inhabitants. ²And the people will be like the priest, the servant like his master, the maid like her mistress, the buyer like the seller, the lender like the borrower, the creditor like the debtor. ³The earth will be completely laid waste and completely despoiled, for the LORD has spoken this word. ⁴The earth mourns *and* withers, the world fades *and* withers; the exalted people of the earth fade away. ⁵The earth is also polluted by its inhabitants, for the transgressed laws, violated statutes, broke the everlasting covenant. ⁶Therefore a curse devours the earth, and those who live in it are held guilty. Therefore, the inhabitants of the earth are burned, and few men are left.

24:1 OAV

“die HERE maak die aarde leeg en verwoes dit”

NAV, CUM-MVB “Die Here gaan die aarde verwoes, vernietig”
CUM-NLV “die HERE is op die punt om die aarde te verwoes”
NASB “the LORD lays the earth waste”

Verse 1 en 3 maak van kragtige taal gebruik om JHWH se oordeel oor die aarde te beskryf (nie “land” hier nie, want ‘n parallel met die “wêreld” word bedoel, BDB 385, vgl. 14:16-17; 34:1; Jer. 10:12; 51:15 en sien ook die *Vir Spesiale Aandag* wat volg).

1. “maak. . .leeg” (OAV) vers 1 (BDB 132, KB 150, *Qal*-AKTIEF DEELWOORD, vgl. vers 3; Nahum 2:2)
2. “verwoes” (OAV) vers 1, (BDB 118, KB 135, *Qal*-AKTIEF DEELWOORD, vgl. Nah. 2:10)
3. “keer. . .oppervlakte om” (OAV) vers 1; letterlik “twist” vgl. NRSV; BDB 730, KB 796, *Pi’el*-PERFEKTUM
4. “verstrooi” vers 1 (OAV), BDB 806, KB 918, *Hifil*-PERFEKTUM
5. “heeltemal leeggemaak” vers 3 (OAV); BDB 132, KB 150, *Nifal*-INFINITIVUS ABSOLUTUS en ‘n WERKWOORD in die IMPERFEKTUM van dieselfde woordstam om die intensiteit uit te druk! (Vgl. “heeltemal” twee keer in vers 3, OAV, een keer in die NAV en CUMs-vert.)
6. “heeltemal geplunder” (OAV, NAV, CUMs “despoiled” NASB); BDB 102, KB 117, *Nifal*-INFINITIVUS ABSOLUTUS en IMPERFEKTUM WERKWOORD om intensiteit aan te dui. JHWH neem sy skeppingsgawe terug, maar ‘n getroue oorblyfsel sal dit oorleef (vgl. vers 6).

Verse 1 en 3 stem ooreen met die oordeel oor die aarde (אָרֶץ); BDB 75, in die tyd van Noag (vgl. Gen. 6-9). Let op die pogings om die oordeel van God vry te spring in 2:10,19,21. Wêreldwye leeg word, is presies die teenoorgestelde van die skeppingsdoel.

VIR SPESIALE AANDAG: LAND, LANDGEBIED, AARDE

Soos die geval met alle Hebreeuse woordstamme, moet konteks in ag geneem word om die werklike betekenis te bepaal. Die beperkte getal Hebreeuse woordstamme (dit is ‘n Semitiese taal!) lei daartoe dat elk so ‘n woordstam ‘n verskeidenheid van konnotasies en betekenis kan aanneem, afhangende van die konteks waarin dit gebruik word. Hierdie stamwoord kan beteken

1. die hele planeet (alhoewel die antieke mens nie ‘n besef van sy vorm en grootte gehad het nie; dit is gewoonlik gebruik met gedagte aan die wêreld sover bekend).
 - a. Gen. 1:2; 6-9; 10:32; 11:1,4,8,9; 14:19; 18:18,25; 22:18 ens.
 - b. Eks. 9:29; 19:5
 - c. Ps. 8:1,;24:1; 47:2,7; Jer. 25:26,29,30
 - d. Spr. 8:31
 - e. Jes. 2:19,21; 6:3;11:4,9,12; 12:5
2. die aarde in teenstelling met die hemel
 - a. Gen. 1:2
 - b. Eks. 20:4
 - c. Deut. 5:8; 30:19
 - d. Jes. 37:16
3. ‘n metafoor vir die mensbevolking van die planeet
 - a. Gen. 6:11; 11:1
 - b. 1 Kon. 2:2; 10:24
 - c. Job 37:12
 - d. Ps. 33:8; 66:4
4. landskap of streek/gebied
 - a. Gen. 10:10,11; 11:28,31
 - b. Israel, (‘n geskenk van JHWH te wyl Hy self dit besit)
5. bewerkbare grond, Jos. 7:21
6. die onderwêreld, (KB 91)
 - a. Eks. 15:12 (die aarde, NAV)
 - b. Ps. 22:29; 71:20; Jer. 17:13 (die aarde, OAV; die dood, NAV); Jona 2:6
7. die nuwe wêreld
 - a. Jes. 9:1-7; 65:17; 66:22
 - b. sien die NT, Rom. 8:19-22; Gal. 6:15; 2 Pet. 3:13; Openb. 21:1,5

Onthou dat konteks van wesentlike belang is; soms kan ‘n stamverwante woord help, maar nie altyd nie!

- **OAV** “keer sy oppervlakte om”
- NAV, CUM-MVB** “sy voorkoms verander”
- CUM-NLV** “groot puinhoop”
- NASB** “distorts its surface”

Dit kan metafories verstaan word as fisiek bedoelde oordeel van God op die aarde (letterlik: “twist”/“omkeer”, BDB 730, KB; *Pi’el*-PERFEKTUM) of dit kan dien as metafoor vir die ontruiming van die aarde se bewoners soos wat ‘n mens vuil kombuispotte skoonmaak (vgl. OAV, NAV, CUMs “verstrooi” – vert.)

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “en verstrooi sy bewoners” “en sy inwoners verstrooi” “Kyk hoe Hy die mense oor die hele aarde verstrooi” “and scatter its inhabitants” |
|--|--|

Dit stem baie ooreen met die woordgebruik van Gen. 10 ten opsigte van die toring van Babel. Hier dui dit egter op ballingskap.

24:2 Hiermee word aangedui dat alle sosiaal-maatskaplike onderskeiding sal wegval.

- | | |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> 24:3 OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “want die HERE het hierdie woord gespreek” “Die Here het dit gesê” “Die HERE het gepraat” “for the LORD has spoken this word” |
|---|--|

Daarmee word die gewisheid van die gebeure aangedui, want God het dit gesê! (BDB 180, KB 210, *Pi* ‘el-PERFEKTUM, vgl. 24:3; 25:8; 40:8; 55:10-11). Let op die kontras wat hier ontstaan tussen die gesproke woord by die skepping en by dié geleentheid oordeel.

24:4 Let op die beskrywing van die aarde.

1. “word droog” NAV; “treur” OAV, BDB 5 I, KB 6, *Qal*-PERFEKTUM, vgl. Jer. 23:10 m.b.t die personifikasie van die aarde; let ook op vers 7 of vers 2 wat “opdroog” beteken, wat ‘n beter parallelisme met verse 4 en 7 vorm.
2. “verwelk” OAV; BDB 615, KB 663, *Qal*-PERFEKTUM (twee keer); vgl. 16:8; 33:9
3. “versmag” OAV, “wegkwyn” NAV, “fades” NASB; BDB 51, KB 63; *Pulal*-PERFEKTUM, vgl. 16:8; 33:9
4. “onheililig” OAV, “verontreinig” NAV, BDB 337, KB 335, *Qal*-PERFEKTUM

Let op die aantal PERFEKTUMS in verse 4 en 5, wat daarop dui dat ‘n vaste situasie tot stand gekom het. Tussen die woorde is daar ook klankooreenkoms.

Die God van die skepping handel soewerein (oppermagtig) in sy skepping. Dit was bestem om die ontmoetingsplek tussen Hom en sy skepsels te wees, maar die skepsels het dit verontreinig deur hulle handelswyse. Dit was bestem vir oorvloed, maar onder oordeel het dit onproduktief geword.

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV, NAV, CUMs NASB | <ul style="list-style-type: none"> “die aarde” “the world” |
|--|--|

Hierdie Hebreeuse term (BDB 385) word dikwels in verband met die “aarde” gebruik (vgl. BDB 75, ook Job 37:12; Ps. 96:13; 98:9; Jer. 10:12; Klaagl. 4:12 – sien vir Spesiale Aandag by vers 1. Jesaja gebruik hierdie woord meer as enige ander profeet (vgl. NIDOTTE, vol. 4, bl. 273; vgl. ook 13:11; 24:4; 34:1).

- | | |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “die hoogstes van die mense van die aarde versmag” “die hemel en aarde sal vergaan” “die vernames van die aarde sal verdwyn” “die trotse mense vergaan” “the exalted of the people of the earth fade away” |
|---|--|

Die RSV vertaling het met verandering van medeklinkers tot die slotsom gekom dat hierdie vers op die oordeel van hemel en aarde (d.w.s. die hele skepping) dui en nie net op tot die “hoës” (mense) van die aarde nie.

- | | |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> 24:5 OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “Want die aarde is onheililig onder sy inwoners” “want die aarde is verontreinig deur sy inwoners” “Die aarde ly ter wille van die sonde van sy mense” “The earth is also polluted by its inhabitants” |
|---|---|

Die natuur ly onder die mensdom se sonde (vgl. 24:20; Gen. 3:17-19; Num. 35:33; Jer. 3:1-2,9; Rom. 8:18-25).

1. hulle het wette oortree, BDB 716, KB 778, *Qal*-PERFEKTUM
2. “die insettinge geskend” OAV; BDB 322, KB 321, *Qal*-PERFEKTUM
3. “die ewige verbond verbreek” OAV; sy vaste ooreenkoms verbreek, CUM-MVB; BDB 830, KB 974; *Hifil*-PERFEKTUM.

Dit sinspeel nie op die Wet van Moses nie, maar (1) die algemene openbaring (natuur) soos uitgedruk in Ps. 19:1-6 en Rom. 1:19, 20; 2:14-15 of (2) op die tyd van Noag (Gen. 6:5-7, 11-12 en moontlik spesifiek ‘n inspeeling op 9:4-6). Dieselfde term “ewige verbond” kom in 9:16 voor. Dit staan in verband met die neem van menselewe (vgl. 26:21). Moord is nie sonder gevolge nie! God beskik oor lewe. Hy wil dat mense vrugbaar sal wees en die aarde vul, en nie dat hulle mekaar sal doodmaak nie!

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> 24:6 OAV NAV, CUMs NASB | <ul style="list-style-type: none"> “daarom verteer die vloek die aarde” “‘n vloek die aarde verteer” “a curse devours the earth” |
|--|---|

Dit klink baie soos die vloek van Gen. 3:17-19. Uit oogpunt van teologie kom dit te pas soos Rom. 1:18-3:20 aandui: almal het gesondig (die verbond verbreek, vgl. vers 5) en het God se verlossingswerk nodig.

☐	OAV	“deur ‘n gloed verteer”
	NAV, CUMs	“verbrand word”
	NASB, NKJV, JB	“are burned”
	NRSV	“dwindled”
	REB	“dwindle”
	Pesjitta	“shall be destroyed”
	LXX	“shall be poor”
	DSS	“grow pale” (BDB 301 I, vgl. Jes. 29:22)

Die MT het “verbrand,” (BDB 359, KB 357 of 351, *Qal*-PERFEKTUM). Geleerdes het ‘n Arabiese stamwoord voorgestel wat “verminder” beteken (KB 351 II) en wat beter met die volgende frase ooreenstem.

Dit is ‘n goeie voorbeeld van die probleme met die dubbelsinnigheid van die Hebreeuse digkuns. Konteks is die enigste veilige werkwyse vir ‘n uitlegger, selfs wanneer ander stamwoorde en stamverwante woorde beskikbaar is. Immers, die Masoretiese Teks is nie die vroegste, beskikbare Hebreeuse teks nie.

☐	OAV	“en bly daar min mense oor”
	NAV, CUM-MVB	“en daar sal min mense oorbly”
	CUM-NLV	“inwoners. . .en het baie min oorgebly”
	NASB	“and few men are left”

Dit is die basiese OT gedagte van ‘n klein oorblyfsel van getroues wat gespaar word op aarde. Dit stem baie ooreen met die woorde van Jesus in Mat. 7:14. Sien *Vir Spesiale Aandag: Die Oorblyfsel in Drieërlei sin* by 1:9.

NASB HERSIENE TEKS: 24:7-23

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV.

⁷The new wine mourns,
The vine decays,
All the merry-hearted sigh.
⁸The gaiety of tambourines ceases,
The noise of revelers stops,
The gaiety of the harp ceases.
⁹They do not drink wine with song;
Strong drink is bitter to those who drink it.
¹⁰The city of chaos is broken down;
Every house is shut up so that none may enter.
¹¹There is an outcry in the streets concerning the wine;
All joy turns to gloom.
The gaiety of the earth is banished.
¹²Desolation is left in the city
And the gate is battered to ruins.
¹³For thus it will be in the midst of the earth among the peoples,
As the shaking of an olive tree,
As the gleanings when the grape harvest is over.
¹⁴They raise their voices, they shout for joy;
They cry out from the west concerning the majesty of the LORD.
¹⁵Therefore glorify the LORD in the east,
The name of the LORD, the God of Israel,
In the coastlands of the sea.
¹⁶From the ends of the earth we hear songs, “Glory to the Righteous One,”
But I say, “Woe to me! Woe to me! Alas for me!
The treacherous deal very treacherously.”
¹⁷Terror and pit and snare
Confront you, O inhabitant of the earth.
¹⁸Then it will be that he who flees the report of disaster will fall into the pit,
And he who climbs out of the pit will be caught in the snare;
For the windows above are opened, and the foundations of the earth shake.
¹⁹The earth is broken asunder,
The earth is split through,
The earth is shaken violently.
²⁰The earth reels to and fro like a drunkard
And it totters like a shack,
For its transgression is heavy upon it,
And it will fall, never to rise again.

²¹So it will happen in that day,
**That the LORD will punish the host of heaven on high,
And the kings of the earth on earth.**
²²They will be gathered together
**Like prisoners in the dungeon,
And will be confined in prison;
And after many days they will be punished.**
²³Then the moon will be abashed and the sun ashamed,
**For the LORD of hosts will reign on Mount Zion and in Jerusalem,
And His glory will be before His elders.**

24:7-14 Hier volg 'n reeks metafore uit gewone landboubedrywighede wat 'n landbouergemeenskap tref as oordeel van God.

24:9 OAV "Die mos. . .sterk drank"
NAV, CUM-MVB "die wyn. . .die bier"
CUM-NLV "die nuwe wyn. . .sterk drank"
NASB "wine. . .strong drink"
Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:22

24:10 OAV "Verbreek is die verlate vesting"
NAV, CUM-MVB "In die stad sal alles verwoes wees"
CUM-NLV "Die leë stad lê verwoes"
NASB "The city of chaos is broken down"

Regdeur hierdie literêre eenheid loop daar 'n sinspeling op "die stad." Omdat dit nie geïdentifiseer word nie, kan 'n mens aanneem dat dit dien as simbool van alle gemeenskapslewe wat onafhanklik van God funksioneer (vgl. die stad in Gen. 11). Metafories stem dit ooreen met (1) die "wêreld" in 1 Joh. en (2) die "sedelose vrou" van Openbaring 18 (Babilon), wat die hele sondegevalle, menslike geslag verteenwoordig. In Jesaja 25:2,3,12 word hierdie "stad" uitgebeeld. 'n Verwysing na die "stad van God" kom in Jes. 26:1-6 voor (vgl. Heb. 11:10-16).

Letterlik beteken "chaos" (NASB) "leegheid," "ydeldheid," "vormloosheid," "verwarring" of "onwerklikheid," soos die wêreld daar uitgesien het volgens Gen. 1:2 ("woes en leeg" OAV, "onbewoonbaar," NAV). Die term kom dikwels in Jesaja voor (vgl. 24:10; 29:21; 34:11; 40:17,23; 41:29; 44:9; 45:18,19;49:4; 59:4), maar in al die ander Profete slegs een keer, nl. Jer. 4:23. God het met sy skepping 'n nuwe begin gemaak in die dae van Noag (vgl. Gen. 6-9). Hy is op die punt om dit weer te doen!

Sien die tabel i.v.m. die twee stede in die Inleiding by hoofstuk 26 (D).

24:12 OAV "die poort is tot 'n puinhoop stukkend geslaan"
NAV, CUM-MVB "die stadspoorte sal daar rondlê"
CUM-NLV "die stadspoorte is stukkend geslaan"
NASB "the gate is battered to ruins"

Die WERKWOORD (BDB 510, KB 507, *Hofal-IMPERFEKTUM*, toon aan dat die ongeïdentifiseerde stad sonder verdediging is weens die geruïneerde poort. Wie kan voor JHWH staande bly?

24:13 OAV "Want so sal dit wees op die aarde onder die volke"
NAV, CUM-MVB "Dit sal so kaal wees op die aarde en onder die volke"
CUM-NLV "Deur die hele land lyk dit dieselfde"
NASB "For thus it will be in the midst of the earth among the peoples"

Dit kan op twee maniere verstaan word: (1) 'n verwysing na al die mense op aarde (vgl. vers 1 en Jes. 11:10) of (2) dit kan dui op die Joodse verstrooiing in ballingskap (vgl. 11:11 en 24:8). Om oor hierdie deel 'n besluit te neem, is moeilik, maar vir my wil dit voorkom of verse 14,16 en 25:6-7 op universalisme gerig is (d.w.s opsie #1). Dit is immers karakteristiek aan Jesaja. Sy universalisme blyk veral uit die uitnodigings aan Egipte en Assirië om van God se Koninkryk deel te word (vgl. Jes. 19:18-25).

■ OAV "soos by die afslaan van die olywe,
soos by die na-oes as die druiwe-oes verby is."
NAV, CUM-MVB "soos wanneer die olywe afgeslaan
en die laaste druiwe van die wingerde afgeoes is"
CUM-NLV "soos die olywe wat agterbly op 'n boom
of die enkele druiwe wat na die oes oorbly"
NASB "As the shaking of an olive tree,
As the gleanings when the grape harvest is over"

Hierdie was 'n metafoor geneem uit oesbedrywighede. Dit beklemtoon die feit dat min mense sal oorbly (vgl. vers 6; Miga 7:1). Verse 14-16 is 'n lofbetuiging oor diegene wat volhard het in vertroue op JHWH. Opmerklik van hierdie literêre eenheid, en spesifiek hierdie genre, is dat Jesaja die oordeelstal onderbreek om seëninge te belooft.

24:14-15 OAV “(kuslande) van die see af. . .in die lande van die son”
 NAV, CUMs “weste. . .ooste”
 NASB “west. . .east”

Die term “wes” (BDB 410) is in die grondtaal letterlik die “see” wat op die Middellandse See dui. Die term “oos” (BDB 22) beteken “lig” wat dan op die sonsopkoms sinspeel. Maar ook kan dit dui op Egipte in die weste en Assirië in die ooste (vgl. 19:23-25).

24:15 Die *Jewish Study Bible* is van mening dat ‘n groep (Jode of heidenbekeerdes, wat JHWH vertrou het, vgl. verse 15, 16a; 25:3), begin het om God te dank in lof (vers 14) omdat die oordeel dan verby sou wees. Dit het egter skielik tot hulle deurgedring dat dit nie die geval was nie (vgl. verse 16b-23)!

Om erkenning te gee aan die majesteit en heerlikheid van God is beslis die eerste blyke van ‘n vernude verhouding met God (vgl. 12:5; 26:10). ‘n Klompie mense (Joods en heidenbekeerdes), die “getroue oorblyfsel” (vgl. vers 6; sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:9) sal getrou bly, selfs te midde van oordeel (vgl. Hab. 2:4).

■ OAV “in die kuslande van die see”
 NAV, CUM-MVB “op die eilande van die see”
 NASB “in the coastlands of the sea”

Volgens die LXX (Septuaginta) word “eilande” bedoel, maar wat in Jesaja gewoonlik ‘n verwysing na die “heiden-bekeerdes” is (vgl. 41:5; 42: 4,10).

24:16a Nogeens ‘n verwysing na die universalisme in Jesaja wat heidenbekeerdes insluit (vgl. 2:2-4).

■ OAV, CUM-MVB “die regverdige”
 NAV, CUM-NLV “die Regverdige”
 NASB “the Righteous One”

Die NASB en die NRSV neem die term op as verwysing na Israel se God (vgl. die NAV en Cum-NLV). Die Pesjitta, die KJV en die ASV vertaal met “the righteous,” wat hulle meen nog ‘n verwysing is na die “gelowige oorblyfsel” wat uit Israel en die mensdom gered sal word (OAV en Cum-MVB). Die REB het die “righteous nation” waarmee waarskynlik Israel in ideale toestand bedoel word.

24:16b Die tradisionele versindeling neem die duidelike onderbreking in gedagtegang hiër, nie in aanmerking nie. ‘n Klaarblyklike lofbetuiging in 14-16a, word vanaf 16b ‘n begrafnislied wat verband hou met die oordeel van God (let op die “wee” (‘n TUSSENWERPSEL) saam met “Ek kwyn weg” (2x, CUM-NLV; vgl. BDB 17). Die presiese verband met die konteks is daarom onseker. Dit kan ‘n persoonlike opmerking van Jesaja wees, wat daarop neerkom dat sy dag se ervaring nie strook met die voorafgaande verse 14-16a nie. Daarom word die frase in Engelse vertalings verskillend hanteer.

Die AB-kommentaar (bl. 353) teken aan dat die vers in die Septuaginta (Grieks) weggelaat is en Blenkinsop (die skrywer) besluit op die Aramese stamwoord vir “geheim” en volg daarmee die rabbynse tradisie en die Pesjitta en Vulgaat vertalings

24:16c,d Kragtige woordspel vind hier plaas. Die een woord kan op verskeie maniere gebruik word (BDB 93, KB 108 en voorbeeld uit OAV – vert.)

1. die ontroues (BDB 93, KB 108), *Qal*-AKTIEF DEELWOORD
2. handel troueloos (BDB 93, KB 108), *Qal*-PERFEKTUM
3. in troueloosheid, SELFSTANDIGE NAAMWOORD (BDB 93 I); vgl. Jer. 12:1)
4. herhaling van #1 (ontroues)
5. herhaling van #2 (handel troueloos)

24:17 OAV “Die skrik en die kuil en die strik”
 NAV, CUM-MVB “Angs, vanggate en strikke”
 CUM-NLV “Angs, vangnette en valstrikke”
 NASB “Terror and pit and snare”

Ook hierdie is woordspel met sinonieme. Al hierdie woorde beskryf die vangmetodes van diere (vgl. Jer. 48:43,44).

24:18 OAV “skrikgeroep”
 NAV, CUM-MVB “die gevaar”
 CUM-NLV “angs”
 NASB “the report of disaster”
 NKJV, Pesjitta “the noise of fear”
 NRSV “the sound of terror”
 NJB “the cry of fear”
 LXX “the fear”
 REB “the rattle of the scare”

Die MT het “klank van die vrees,” (BDB 876, STATUS CONSTRUCTUS, BDB 808). Dit is ‘n sinspeling op (1) oorlogsrmoer (vgl. Jes. 29:6; Jer. 4:19,21; Eseg. 1:24); (2) die stem van God (vgl. 30:30-31) of (3) ‘n verbondsvereiste (vgl. Jer 3:13, 25; 7:23; 11:4,7; 26:13; 38:20).

- **OAV** “val in die kuil. .in die strik gevang”
- NAV, CUM-MVB** “beland in die vanggate. .in ‘n strik gevang”
- CUM-NLV** “in die vangnette beland. .op ‘n valstrik trap”
- NASB** “fall into a pit. .caught in a snare”

Hierdie is ‘n voorstelling dat mense soos diere gevang word (vgl. 8:15; 28:13). Mense sal wil ontkom aan God se oordeel, maar daarmee net in ernstiger rampspoed beland (vgl. 2:10,19-22)

- 24:18c**
- OAV** “die sluise uit die hoogte het oopgegaan”
 - NAV** “Strome water sal uit die hemel val”
 - CUM-MVB** “Die sluise van die hemel sal oopgaan”
 - CUM-NLV** “Vernietiging val op julle uit die hemel”
 - NASB** “the windows above are opened”

Hiermee ‘n sinspeling op die Sonvloed soos in Gen. 7:11 en 8:2 beskryf. Opening van die sluise van die hemel kan natuurlik ‘n seën ook wees (water vir landboudoeleindes en veediere; vgl. 2 Kon. 7:2,19; Mal. 3:10) of oordeel, wanneer water te veel raak (vgl. Gen. 7:11; 8:2; Jes. 24:18, of glad nie meer beskikbaar is nie!)

24:19 Let op die parallelisme wat deur die INFINITIVUS ABSOLUTUS met die bypassende WERKWOORD geskep word.

1. geheel en al verbreek (OAV); BDB 949, KB 1270, *Qal*-INFINITIVUS ABSOLUTUS en *Hitpo* ‘el-PERFEKTUM
2. heen en weer waggel en wankel (NAV); “split through” NASB; BDB 830, KB 975, *Qal*-INFINITIVUS ABSOLUTUS en *Hitpo* ‘el-PERFEKTUM
3. geheel en al geskud (OAV); BDB 556, KB 975, *Qal*-INFINITIVUS ABSOLUTUS en *Hipo* ‘el-PERFEKTUM

In vers 20 word dieselfde geïntensiverende vorme van die WERKWOORD voortgesit; *Qal*-INFINITIVUS ABSOLUTUS en ‘n WERKWOORD van dieselfde stam; sien vers 20, BDB 631, KB 681, *Qal*-INFINITIVUS ABSOLUTUS en *Qal*-IMPERFEKTUM.

Die aarde, ‘n skepping van God, waar God en mens sou ontmoet in vriendskaplike samesyn, geskape vir oorvloed en lewe, het geruïneer geraak en stuur op verwoesting af:

1. deur water (Gen. 6-9)
2. deur ‘n woord gespreek (Jes. 24:3)
3. by wyse van apokaliptiese uitbeelding (Jer. 24:23-28)
4. deur vuur (2 Pet. 3:10-11)

24:20 Dronkenskap, d.w.s steier (BDB 631, KB 681, INFINITIVUS ABSOLUTUS en ‘n IMPERFEKTUM WERKWOORD van dieselfde wortelstam) word dikwels as simbool vir oordeel in die OT gebruik (vgl. Jes. 19:14; 28:7,8; 29:9).

- **OAV** “swaai heen en weer soos ‘n naghut”
- NAV** “soos ‘n biesieskerm”
- CUM-MVB** “soos ‘n biesieskerm in ‘n stormwind”
- CUM-NLV** “Dit ruk soos ‘n tent in ‘n storm”
- NASB** “And it totters like a shack”

‘n Kultuurgebruik was om tydens oestyd ‘n klein hut (DBD 434) op die land te bou teneinde die oes te beskerm (vgl. 1:8). Verse 19-20 beskryf die fisiese skepping deur sonde geskend (Rom. 8:18-22).

- **OAV, NAV, CUM-MVB** “hy sal val en nie weer opstaan nie”
- CUM-NLV** “dit val en staan nie weer op nie”
- NASB** “never to rise again”

Hierdie is ‘n hiperboliese stelling (oordrywende spreekwyse) om die erns van God se oordeel op ‘n moreel-besoedelde aarde te beklemtoon. Maar uit ander tekste weet ons dat Hy uit genade dit weer sal herstel! Vir die gebruik van oordrywende taal in profesie en apokaliptiese literatuur, sien D. Brent Sandy se *Plowshares and Pruning Hooks: Rethinking the language of Biblical Prophecy and Apocalyptic*.

- 24:21**
- OAV** “En in dié dag”
 - NAV, CUM-MVB** “Dié dag”
 - CUM-NLV** “Daardie dag”
 - NASB** “in that day”

Sien die aantekening by 2:11. Dit is ‘n aankondigingsfrase vir eskatologiese temas en word herhaal in 25:9; 26:1,2,12.

- **OAV** “die leëskare van die hoogte in die hoogte”
- NAV, CUM-MVB** “die magte in die hemel daarbo”

CUM-NLV “die magte in die hemel”
NASB “the host of heaven”

Baie keer word hiermee in die OT na die Babiloniese afgode van die sterrehemel verwys (vgl. 40:26; 45:12). In hierdie konteks, egter, verwys dit na ‘n konsep van engele vir die nasies (Deut. 32:8 in die LXX en Daniël 10). God bestraf mense en ook die engele wat ondersteunend opgetree het in die mensdom se rebellie en versoeking. Sien G.B. Caird, *The Language and Imagery of the Bible*, bl. 179.

24:22 Wat betref die hovaardige en arrogante konings van die aarde (vgl. 10:12; 13:11), sowel as die wederstrewige nasionale engele/magte in die hemel (CUM-NLV; vgl. die LXX se weergawe van Deut. 32:8 en Dan. 10:10-13) sal veroordeel en gevange geset word. Dit stem goed ooreen met 2 Pet. 2:4; Jud. vers 6 en Openb. 20:1-3. Dit wil voorkom of Sjeol (OT) of Tartarus (NT) hiermee bedoel word. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:14.

Sommige geleerdes, op hulle desperate soektog na Bybelse getuienis, is van mening dat “na baie dae” (OAV) op ‘n Millennium-situasie dui; ‘n bevestiging van die tyd en bedeling soos hulle Openb. 20 verstaan. Sien my kommentaar in skrif op Openbaring 20 op internet.

:

▣ **OAV** “gevangenes”
NAV, CUMs “hulle. . .in ‘n tronk”
NASB “prisoners”

Hierdie woordvorm kom net hier voor (BDB 64) en ontbreek in die DSS (Dooie See-weergawe, in die LXX, en die Aramese Targoems.

24:23 **OAV** “die maan sal rooi word van skaamte en die son sal skaam wees”
NAV “Die volmaan sal dof word”
CUM-MVB “Die volmaan sal dof word en die son sy glans verloor”
CUM-NLV “Die maan sal dof word en die son sy gesig wegsteek”
NASB “the moon will be abashed and the sun ashamed”

Hierdie is ‘n apokaliptiese segswyse wat die woeste omvang van gebeure in die natuur beskryf wanneer die Skepper dit nader. Die teenwoordigheid van God Self word daarmee die lig vir die mensdom (vgl. Jes. 30:26; 60:19,20; Openb. 21:23; 22:5).

▣ **OAV** “want die HERE van die leërs sal regeer op die berg Sion en in Jerusalem”
NAV “wanneer die Here die almagtige as koning op Sionsberg en in Jerusalem sal heers”
CUM-MVB “wanneer die Here die Magtige van die hemelse leër op Sionsberg en in Jerusalem as koning sal heers”
CUM-NLV “want die HERE die Almagtige is koning op Sionsberg in Jerusalem”
NASB “the LORD of hosts will reign on Mount Zion and in Jerusalem”

Hier kom weer die universele aspek te pas wat beteken dat die hele wêreld na Jerusalem stroom ten einde die enigware God te ken (vgl. Jes. 2:2-4; 24:23; 25:6,7; 27:6,13). Hierdie beeldspraak is, wat stelwyse betref, ook deur Daniël gebruik om JHWH se universele regering te beskryf (Dan. 2:35,44-45)!

▣ **OAV** “en voor sy oudstes sal daar heerlikheid wees”
NAV, CUM-MVB “en sy mag laat blyk voor die leiers van sy volk”
CUM-NLV “en sy heerlikheid skyn op die leiers van sy volk”
NASB “His glory will be before His Elders”

Die oudstes (BDB 278) was in Moses se tyd leiers (vgl. Eks. 3:16,18; 4:29; 12:21 ens.). Die term dui op die ouer manne van die verskillende stamme. Dit dien ook om die sosiaal-maatskaplike leiding te beskryf. In die tyd van Jesaja het die ouste-leierskap ‘n insinking van onverantwoordelikheid beleef (vgl. 3:2,3; 9:14-16), maar in die eindtyd (eschaton) sal hulle die heerlikheid van JHWH mag aanskou. As verlore oudstes/ouderlinge met verwonderde aanbidding! Robert Girdlestone in sy boek, *Synonyms of the Old Testament* (bl. 245) meld dat hulle verteenwoordigend is van die hele aanwesige volk van God.

VIR SPESIALE AANDAG: OUDSTE

Gebruik in verband met die engele van God soos aangetref in die raad van engele (vgl. Jes. 24:23). Dieselfde terminologie word in verband met die engelwesens van Openbaring gebruik (vgl. 4:4,10; 5:5,6,8,11,14; 7:11,13; 11:16,18; 14:3; 19:4)

Ook gebruik in verband met stamleiers (zaqen) in die OT (vgl. Eks. 3:16; Num. 11:16). Later in die NT dien die term as aanwysing van die lede van die hoër hof in Jerusalem, die Sanhedrin (vgl. Mat. 21:23; 26:57).

In die tyd van Jesus was hierdie 70-lede liggaam onder korrupte priesterbeheer. Gebruiklik ook in verband met die plaaslike leierskap van die kerk in die NT. Die term was sinoniem met “herder,” “opsiener” en “ouderling” (vgl. Titus verse 1,5,7; Han. 20:17,28). Petrus en Johannes verwys met hierdie term na hulleself as lede van die groep van leiers (vgl. 1 Pet. 5:1; 2 Joh. 1; 3 Joh. 1).

Ook gebruik in verband met ouer manne in die kerk, hoewel nie altyd deel van die leierskap nie (vgl. 1 Tim. 5:1; Titus 2:2).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids kommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Hoekom word hoofstukke 24-27 as “apokalipties” bestempel?
2. Van watter OT gedeelte ontleen Jesaja beeldspraak?
3. Wat is die verband tussen die getroue stad van 1:26 en die chaotiese stad van 24:10?
4. Wie is aan die woord in verse 14-16a en wie in vers 16b?
5. Wie is die “hemelse leërskaer” (die skare van hoogte in die hoogte)?

JESAJA 25

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Song of Praise For God's Favor	Praise to God	Psalm of Thanksgiving	A Hymn of Praise	A Hymn of Thanksgiving	U het die rumoer van die vyand laat ophou
25:1-5 (1-5)	25:1-5 (1-5)	25:1-5 (1-5)	25:1-5 (1-5)	25:1-5 (1-5)	25:1-5 (1-5)
		Third Exchatological Section	God Prepares A Banquet	The Divine Banquet	God berei 'n feesmaal vir die volke
25:6-12 (6-12)	25:6-8 (6-8)	25:6-10a (6-10a)	25:6-8	25:6-12 (6-8)	25:6-8
	25:9-12 (9)		25:9	(9-12)	25:9-12
		Oracle of Doom	God Will Punish Moab		
		25:10b-12 (10-12)	25:10-12		

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Wat 'n uitsonderlike artikel oor JHWH se universele liefde!
 1. die verlossingsplan van God, vers 1d
 2. die minsame karakter van God, vers 4
- B. Hierdie hoofstuk in die OT is die oorsprong van
 1. stelling wat Jesus gemaak het, vgl. Joh. 5:28-29
 2. stelling van Paulus
 - a. in 1 Kor. 15 oor die opstanding van dode, vgl. vers 54
 - b. die doel van die voorhangsel, 2 Kor. 3:15 en Efes. 4:18
 3. beeldspraak van Johannes in Openbaring
 - a. trane word afgegee, vgl. Openb. 7:17; 21:4
 - b. die wêreldstad, Babilon, vernietig, 14:8; 16:19; 18:2
 - c. die Messiaanse banket, Openb. 19:9
 4. Lukas se weergawe van die voorbeskikte verlossingsplan in Han. 2:23; 3:18; 4:28; vgl. ook Luk. 22:22 (sien Jes. 2:2-4; 9:6-7; 11:1-10)
- C. Hierdie een van talle vroeë, bondige verwysings na die opstanding in die OT
 1. Jes. 26:19
 2. Job 14:14; 19:25-27
 3. Eseg. 37:12-14

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 25:1-5

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV.

¹O LORD, You are my God;

I will exalt You, I will give thanks to Your name;
For You have worked wonders,
Plans formed long ago, with perfect faithfulness.

²For You have made a city into a heap,
A fortified city into a ruin;
A palace of strangers is a city no more,
It will never be rebuilt.

³Therefore a strong people will glorify You;
Cities of ruthless nations will revere You.

⁴For you have been a defence for the helpless,
A defence for the needy in his distress,
A refuge from the storm, a shade from the heat;
For the breath of the ruthless
Is like a rain storm against a wall.

⁵Like heat in drought. You subdue the uproar of aliens;
Like heat by the shadow of a cloud, the song of the ruthless is silenced.

25:1 OAV, NAV, CUM-MVB “HERE, U is my God”
CUM-NLV “HERE, ek eer en prys u naam”
NASB “O LORD, You are my God”

Hier raak Jesaja heelmaal persoonlik (vgl. 61:10). Jesaja ken JHWH en roep Hom aan as vriend, Verlosser en Almagtige (hierin is hy ‘n rolmodel van wat gesindhede in die verbond moet wees).

Let op hoe Jesaja hom tot JHWH rig:

1. Ek wil U prys (NAV vers 1); BDB 926, KB 1202, *Polel*-IMPERFEKTUM wat in KOHORTATIEF gebruik word.
2. en u naam loof (NAV vers 1); BDB 392, KB 389, *Hifil*-IMPERFEKTUM KOHORTATIEF gebruik

Let op hoe hy God se karakter eer (sien NAV)

1. U is my God (vers 1)
2. U het wonders gedoen (vers 1)
3. Dinge wat U lankal besluit het, het U volgens plan uitgevoer (vers 1)
4. U het die groot stad verander in puinhope (vers 2)
5. Die sterk nasie sal voor U buig (vers 3)
6. want U is ‘n toevlug vir die armes (vers 4)
7. U het die rumoer van die vyand laat ophou (vers 5)

Dit is ‘n lofpsalm, vergelykbaar met Ps. 145. Teologies is dit die algeheel teenoorgestelde van hoofstuk 24.

■ **OAV, NAV, CUM-MVB “want U het wonders gedoen”**
CUM-NLV “U doen wonderlike dinge”
NASB, NKJV, NRSV “wonderful things”
TEV “amazing things”
NJB “marvels”

VIR SPESIALE AANDAG: *WONDERLIKE DINGE/MAGTIGE DADE* (פְּלִא) (פְּלִא)

Hierdie woord (BDB 810) het met werke te doen wat buite menslike vermoë val om selfs te kan verduidelik, handeling wat verwondering en vrees wek (vgl. Gen. 18:14; Jer. 32:17,27; Sag. 8:6).

Die WERKWOORD

1. Die Uittog, vgl. Eks. 3:20; 34:10; Mig. 7:15
2. Plae, Deut. 28:59
3. Deurtog deur die Jordaan, Jos. 3:5
4. Handeling van God in die verlede, Rigt. 6:13; 1 Kron. 16:9,12,24
5. Die geboorte van Simson
6. Dawid se liefde vir Jonatan, 2 Sam. 1:26
7. Kom dikwels in Job voor, 5:9; 9:10; 10:16; 37:5,14; 42:3
8. Twee-en dertig keer in die Psalms,
9. Die Raad van JHWH

10. Die handeling van JHWH

Die SELFSTANDIGE NAAMWOORD

1. Die Uittog, Eks. 15:11; Ps. 77:11,14; 78:12
2. Ten opsigte van gestorwenes, Ps. 88:10-12
3. Die hemele wat JHWH se werke roem, Ps. 89:5
4. Die wette van JHWH, Ps. 119:129
5. Die Messias van JHWH, Jes. 9:6
6. Handeling van JHWH, 25:1; 29:14
7. Sy werke in die eindtyd, Dan. 12:6

Teenoor die hoogste skepping (die mens), openbaar God Homself met krag as Verlosser. Hy wil dat mense Hom sal ken en vertrou. Sy handeling is openbaring. Die optekening van hierdie handeling geskied by wyse van inspirasie en die verstaan daarvan is insig en wysheid. JHWH se wil is dat die wêreld Hom sal ken!

- ▣ **OAV** “raadsbesluite uit ver tye, waarheid en trou”
NAV, CUM-MVB “dinge wat U lankal besluit het, het U volgens plan uitgevoer”
CUM-NLV “U het dit lankal beplan, en nou het U dit uitgevoer”
NASB “Plans formed long ago, with perfect faithfulness”

God is in volkome beheer van die geskiedenis. Die tema kom by herhaling in die OT voor (vgl. Jes. 14:24,26-27; 23:8,9; 46:10,11). Geskiedenis is nie siklies nie, maar teleologies. ‘n WERKWOORD ontbreek in die MT; “besluit”/“beplan” is ‘n afleiding.

1. Die twee Hebreuse woorde אמונה (*amoenah*, BDB 53) beteken “fermheid,” “standvastigheid,” of “betroubaarheid.” Dit is ‘n VROULIKE NAAMWOORD (vgl. Ps. 88:12; 89:1,2,5,8; Hos. 2:20).
2. Die tweede אמן (*aman*), beteken “vertrou” en “getrouheid”. Dit is ‘n MANLIKE NAAMWOORD (vgl. 26:2; Deut. 32:20).

Saam beteken hulle uit die (amen-familie van woorde) hoe getrou God aan sy planne, doelwitte en belofte is (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5,6; Jes. 2:2-4; 19:23-25; sien die *Vir Speciale Aandag* by 1:3).

- 25:2 OAV** “van ‘n stad ‘n hoop klippe gemaak”
NAV, CUM-MVB “die groot stad verander in puinhope”
CUM-NLV “groot stede in puinhope verander”
NASB “a city into a heap”

Weereens verteenwoordig ‘n “stad” die afvallige opstand van die mensdom (vgl. 24:10). Dit spreek simbolies van elke hoofstad en die hele menslike geslag wat ‘n eie pad geloop het en aan eie behoeftes voldoen het sonder om God in ag te neem. Sien die nota by 24:10 en die tabel by hoofstuk 26, die Inleiding by D.

Met “hoop” (BDB 164) word ‘n stapel rommel beskryf wat na verwoesting van ‘n stad oorgebly het (vgl. 37:26; 2 Kon. 19:25; Jer. 9:11; 51:37). Versterkte stede was ‘n verdedigingsbater, maar wat oorgebly het, was kliphope.

- ▣ **OAV** “‘n paleis van vreemdes”
NAV, CUM-MVB “Die vesting van die vyand”
CUM-NLV “Pragtige paleise in verre lande”
NASB “A palace of strangers”

Die JPSOA verander dit in ‘n voetnoot deur middel van emendasie om “die grootstad van arrogante mense” te lees. Die JB volg dit na in sy weergawe. *The Bible: An American Translation* van Smith en Goodspeed en Spurrell se *A Translation of the Old Testament Scriptures From the Original Hebrew*, volg in dieselfde spoor. Die LXX het ook “‘n stad van onvroom mense.”

Dit hang saam met ‘n verandering van die (r) ר en (d) ד wat in Hebreuse skrif so eenders lyk. (1) MT צרים, *tsirim*, BDB 266 I, KB 267, *Qal*-AKTIEF DEELWOORD, “vreemdeling” en (2) *tsedim*, צדים BDB 267, “onbskaamdheid,” “hoogmoed.”

- 25:3 OAV** “Daarom sal ‘n magtige volk U eer”
NAV, CUM-MVB “Die sterk nasie sal voor U buig”
CUM-NLV “Daarom sal sterk nasies van u heerlikheid vertel”
NASB “a strong people will glorify Thee”

Dit verwys moontlik na verskillende groepe heidene

1. 18:2,7 (Kus)
2. 19:19-25 (Egipte en Assirië)
3. 24:14-15; “nasies van oos en wes (d.w.s. ook kusgebiede)

Die terme “magtige volk” (BDB 766 & 738) en “sterk nasies” is sinonieme (parallele; BDB 156 & 792, verse 4d en 5). Die demonstrasie van JHWH se almag (vgl. bg. “wonderlike dinge” BDB 810 en vers 1) het hulle daarvan oortuig dat Hy die HERE van die heelal is.

- ▣ **OAV** “die vesting van tirannieke nasies U vrees”
- NAV, CUM-MVB** “in die stad van die trotse volk sal hulle U dien”
- CUM-NLV** “Genadelose volke eer U”
- NASB** “Cities of ruthless nations will revere You”

Hier vind weer plaas woordspel met die begrip “stad,” maar die suggestie wil dat selfs die opstandigste van die “stede” op ‘n dag tog God sal loof en dien (24:10; 25:2,3,12; 26:1-6). Verrassend, hierdie herhalende universalisme van Jesaja (2:2-4; 19:23-25; 24:14-16a; 43:21) wat so kort-kort na vore kom!

25:4 Hier word dit baie duidelik hoeveel God omgee vir diegene wat sosiaal en godsdienstig verstote geraak het (vgl. 4:5-6; 32:2). God gee om vir die armes (29:19). Kyk mooi hoe JHWH handel met die armes, die ontmagtigdes en sosiaal verstotenes.

1. ‘n toevlug in die storm, CUM-NLV (defense)
2. ‘n toevlug. . . in nood, NAV)
3. ‘n skuilplek teen die strortreën (OAV)
4. ‘n skaduwee teen die hitte (OAV)

Dit staan so in sterk teenstelling met die “genadeloosheid” van die voorgenoemde nasies (BDB 792, vgl. 29:5,20). Dit is hoe die samelewing bedoel was om te wees (vgl. Eks. 20; Deut. 5).

Let daarop dat die behoefte en arm mense darem hulle tot JHWH om hulp moet wend en vertrou moet stel in sy beloofde hulp. Met die gevalle mensdom werk God in ‘n verbondsverhouding. Die inisiatief berus altyd by Hom en daarmee op sy voorwaardes, sodat die mens (vgl. Ps. 50:15; 91:15; 107:6,13) op sy roepstem tot ‘n versoende verhouding móét reageer. ‘n Verhouding wat op belydenis, geloof, gehoorsaamheid en volharding berus. Beide OT en NT spreek van verantwoordelikheid wat met herstel in voorspoed gepaard moet gaan. Sien die *Vir Spesiale Aandag* by 1:3.

- ▣ **OAV, CUM-MVB** “is soos ‘n winterstorm teen ‘n muur”
- NAV** “is soos ‘n winterstorm”
- CUM-NLV** “is soos ‘n storm wat slaan teen die muur”
- NASB** “Is like a rainstorm against a wall”
- NKJV, Pesjitta** “Is like a storm against the wall”
- NRSV** “like a winter rainstorm”
- TEV, NJB** “like a winter storm”
- REB** “like an ice storm”

Die MT het slegs “stormreën,” (BDB 281, vgl. 4:6; 28:2; 30:30; 32:2; en “muur.” קיר BDB 885, vgl. 22:5; 38:2; 59:10). ‘n Woord wat baie eenders lyk קורר vir “koud,” vgl. NRSV, TEV, NJB, REB, NIDOTTE, vol. 3, bl 994,995, van קרר BDB, 903. Die *UBS Hebrew Text Project* gradeer met ‘n “A” wat beteken dat “muur” as ‘n baie groot waarskynlikheid beskou moet word.

- 25:5** **OAV** “die triomfsang van tiranne”
NAV, CUM-MVB “die oorwinningsliedere van ‘n trotse volk”
CUM-NLV “die liedere van genadelose mense”
NASB “the song of the ruthless”

Die JPSOA het die Hebreëuse teks so verstaan dat “lied” met “reënstorm” vervang is.

NASB HERSIENE TEKS: 25:6-12

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, Cum-MVB en Cum-NLV.

⁶The LORD of hosts will prepare a lavish banquet for all peoples on His mountain;
A banquet of aged wine, choice pieces with marrow,
And refined, aged wine.
⁷And on this mountain He will swallow up the covering which is over all peoples,
Even the veil which is stretched over all nations.
⁸He will swallow up death for all time,
And the LORD will wipe tears away from all faces,
And He will remove the reproach of all His people from all the earth;
For the LORD has spoken.
⁹And it will be said in that day,
“Behold, this is our God for whom we have waited that He might save us.
This is the LORD for whom we have waited;
Let us rejoice and be glad in His salvation.”
¹⁰For the hand of the LORD will rest on this mountain,
And Moab will be trodden down in his place
As straw is trodden down in the water of a manure pile.
¹¹And He will spread out His hands in the middle of it

As a swimmer spreads out *his hands* to swim,
 But the LORD will lay low His pride together with the trickery of his hands.
¹²The unassailable fortifications of your walls He will bring down,
 Lay low, and cast to the ground, even to the dust.

- 25:6 OAV** “die HERE van die leërskaare sal op hierdie berg vir al die volke berei ‘n maaltyd van vetspyse”
NAV “Op hierdie berg gaan die Here die Almagtige ‘n feesmaal gereed maak vir al die volke”
CUM-MVB “Op hierdie berg gaan die Here die Magtige van die hemelse leer ‘n feesmaal gereed maak vir al die volke”
CUM-NLV “In Jerusalem gaan die HERE die Almagtige ‘n heerlike fees voorberei vir almal oor die hele wêreld”
NASB “The LORD of hosts will prepare a lavish banquet for all peoples on this mountain”

Hier word Berg Sion as die toneel voorgehou waar ‘n hoogtepunt van God se handeling sal plaasvind (vgl. 2:2-4; Eks. 24:11; Mar. 8:11; Luk. 14:15; 22:16; Openb. 19:9). Hierdie banket is vir alle volke (vgl. 27:13; 66:20). God sal die beste van voedsel voorsit (vgl. Jes. 55)!

- ▣ **OAV, NAV, CUMs** “op hierdie berg”
NASB “on this mountain”

Dit verwys na ‘n “nuwe berg Sion,” (Jerusalem) of “berg Moria” (die tempel) in Juda (24:23). Jerusalem in so ‘n eskatologiese konteks kan verwys na

1. enige stad in Juda
2. simbolies na ‘n nuwe aarde (vgl. Openb. 21:1-2).

- ▣ **OAV, NAV, CUMs** “wyn” verskillende
NASB “wine”

Let op die verskillende soorte

1. ou wyn (BDB 1038 II, wat na verouderde wyn verwys; NASB, OAV)
2. geurige/goeie wyn (BDB 279, KB 279, *Pual-DEELWOORD*, wat na gefilterde wyn verwys ná veroudering, d.w.s. van die hoogste kwaliteit (NASB, NAV, CUMs). Sien *Vir Spesiale Aandag: Alkohol en Alkoholisme* by 1:22.

- 25:7 OAV** “En Hy sal op hierdie berg vernietig, die uitgespreide sluier, wat al die volke omsluit, en die omhulsel waarmee al die nasies bedek is”
NAV, CUM-MVB “Op hierdie berg sal Hy die doek verwyder, die doek wat oor al die volke gegooi was, waarmee die nasies toegemaak was.”
CUM-NLV “Daardie dag sal Hy die wolk verwyder, die skaduwee van die dood oor die nasies, wat oor die aarde hang.”
NASB “And on this mountain He will swallow up the covering which is over all peoples, Even the veil which is stretched over all nations”

Hierdie opmerking is besonder belangrik. God gaan iets verwyder (Letterlik “bedekking van gesigte”; BDB 815, BDB 532, KB 523, *Qal-AKTIEF DEELWOORD*). Die parallelle frase is letterlik die “sluier” (BDB 607) wat “gesprei” is (BDB 651 II, KB 703, *Qal-PASSIEF DEELWOORD*) of “geweef” (BDB 651 II, ook ‘n kantaantekening van NASB; vgl. ook NIDOTTE, vol. 3 bl. 253). Verwydering van die sluier van die “heidene” is ook ‘n parallel met “oor al die nasies” waaruit universele inklusiwiteit blyk, almal wat na Hom toe mag kom. Oor hierdie sluier (bedekking) bestaan daar verskeie teorieë:

1. die dood (vgl. vers 8 wat die WERKWOORD van vers 7 herhaal)
2. die rou as teken van die dood (vgl. 2 Sam. 15:30)
3. gesien as ‘n teken van skaamte (vgl. 2 Sam. 19:5; Jer. 14:3)
4. geestelike blindheid (vgl. 2 Kor. 3:15-16; Efes. 4:18)
5. die woordstam טָרַף verskyn net hier (BDB 532). Dit is ‘n verwante woord aan טָרַף wat “geheim” beteken (vgl. Rut. 3:7; 1 Sam. 18:22; 24:4) en dikwels op afgodery dui (vgl. Eks. 7:22; 8:7,18).

- 25:8 OAV** “Hy sal die dood vir ewig vernietig”
NAV, CUM-MVB “Hier sal die Here God die dood vir ewig vernietig”
CUM-NLV “Hy sal die dood vir altyd vernietig”
NASB “He will swallow up death for all time”

Wat ‘n wonderlike stelling! Die oorspronklike staat van Eden word herstel (vgl. 65:19-20). Sondige en wederstrewige mense kan verlos word vir altyd! Opstanding uit die dood word pertinent genoem in 26:19 (vgl. Job 14:14; 19:25-27; Eseg. 37:12-14; Dan. 12:2; 1 Kor. 15).

Die dood het heerskappy gevoer van Adam tot Christus (vgl. Rom. 5:12-21), maar Christus se opstanding het ‘n einde aan sy heerskappy gemaak. (vgl. Hos. 13:14; en soos aangehaal in 1 Kor. 15: 55-57). Volgens die OT sal die siel wat sondig, sterf (vgl. Eseg. 18:4,20; Rom. 6:23). Die verbond met Moses was prestasie-gedrewe (vgl. Lev. 18:15; Gal. 3:12),

maar as gevolg van die sondeval (vgl. Gen. 3) en die menslike swakheid het dit ‘n doodsvonnis geword (vgl. Gal. 3:13; 4:5), maar Messias Jesus het ons van die doodsvonnis kom bevry (vgl. Kol. 2:14).

- ☐ **OAV** “en die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee”
NAV, CUM-MVB “die Here God. . . en die trane van almal se gesigte afvee”
CUM-NLV “Die oppermagtige HERE sal alle trane afvee”
NASB “the Lord GOD will wipe tears away from all faces”

Let daarop dat dit die Verbonds-God van Israel is, die Adon-JHWH, wat die trane afvee (BDB 562, KB 567, Qal PERFECTUM, vgl. 43:25; 44:22; Ps 51:1,9). Let ook daarop dat dit hier oor “alle gesigte” gaan (BDB 481, KB 815)!

Hierdie tema van hartseer—berou (oordeel) – en vreugde van herstel in die verlossing, kom by herhaling in Jesaja voor (vgl. 30:19; 35:10; 51:11; 65:19); let ook op die gebruik daarvan in die NT (vgl. Openb. 7:17; 21:4).

- ☐ **OAV** “en Hy sal die smaad van sy volk van die aarde af wegneem”
NAV, CUM-MVB “Oor die hele aarde sal Hy die smaad verwyder wat sy volk aangedoen is”
CUM-NLV “Hy sal alle beledigings verwyder van sy land en sy mense”
NASB “He will remove the reproach of His people from all the earth”

Hier gaan dit om twee moontlikhede

1. dit staan in verband met ‘n nuwe verbond volgens Eseg. 36:22-38, wat Israel se beeld onder die nasies herstel of
2. met “sy volk” word alle mense bedoel (vgl. Rom. 2:28-29; Rom. 9:6 en 11:26, selfs Gal. 6:16; 1 Pet. 2:5,9; Openb. 1:6). Skande/smaad is die uitvloeisel van sonde. Dit word verwyder deur vergifnis en heling. So sien God se plan van universele verlossing daaruit (vgl. vers 1)!

- ☐ **OAV** “Want die HERE het dit gespreek”
NAV, CUMs “Die HERE het dit gesê”
NASB “For the LORD has spoken”

Hiermee staan die verwagte gebeure vas, want God het dit aangekondig (vgl. 24:3; 30:31; 40:8; 55:10-11).

- 25:9** **OAV** “in dié dag”
NAV “Wanneer dit gebeur”
CUM-MVB “Op daardie dag”
CUM-NLV “Daardie dag”
NASB “in that day”

Dit sinspeel op die dag wat God kom. Vir sommige sal dit ‘n dag van oordeel wees; vir ander ‘n dag van verlossing (vgl. 12:1-4; 26:1; 27:1-2). Sien die aantekening by 2:11.

- ☐ **OAV** “Kyk, dit is onse God”
NAV, CUM-MVB “Kyk daar, dit is ons God”
CUM-NLV “Dit is ons God”
NASB “this is our God”

Dit kan ‘n aanduiding wees van

1. die God van Israel (vgl. die Abrahamitiese verbond, Gen. 12,15,17) of
2. die Skeppergod wat in Gen. 3:15 verlossing beloof het aan alle mense wat na sy beeld en gelykenis geskape is (vgl. Gen. 1:26,27).

- ☐ **OAV** “op Wie ons gewag het”
NAV, CUMs “ons het op Hom vertrou”
NASB “we have waited”

Hierdie WERKWOORD (BDB 875, B 1082, *Pi* ‘*el*-PERFEKTUM), kom twee keer voor (vgl. 8:17; 26:8; 33:2; 40:31; 49:23; 51:5; 60:9). Hierin is ‘n betekeniswaarde van “verlang na,” “vertrou op” en “geesdriftig inwag.” In die meeste gevalle kom die uitdrukking in Jesaja en die Psalms voor.

- ☐ **OAV** “dat Hy ons kan verlos”
NAV, CUM-MVB “Hy het ons gered”
CUM-NLV “omdat Hy ons gered het”
NASB “that He might save us”

Gewoonlik beteken hierdie WERKWOORD in die OT “om uit te red,” (BDB 446, KB 448, *Hifil*-IMPERFEKTUM) wat sterk op fisiese uitredding dui (vgl. Gen. 12:12; Eks. 1:17-22; 14:30; Jak. 5:20), maar in hierdie konteks moet dit meer in die NT sin van “verlossing” verstaan word (vgl. Mat. 1:21; 18:11; 1 Kor. 1:21; 9:22; 1 Tim. 1:15; 2 Tim. 1:9). Hierdie sprekers (Joods en heidens) sal van sonde en dood verlos word. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 33:2.

- ☐ **OAV** “laat ons juig en bly wees”
NAV, CUM-MVB “Laat ons bly wees en juig”
CUM-NLV “Laat ons bly wees”
NASB “Let us rejoice and be glad”

Albei WERKWOORDE is in die KOHORTATIEF

1. BDB 162, KB 189; *Qal*-KOHORTATIEF

2. BDB 970, KB 1333, *Qal*-KOHORTATIEF

Sy reddingswerk plaas blydskap en vreugde in die skepping terug (vgl. 35:1,2,10; 65:18; 66:10)

25:10-11 Daar is heelwat toutologie (verdubbeling) om klem oor te dra.

1. “vertrap” (NAV), vers 10; BDB 190, KB 218

a. *Nifal*-PERFEKTUM

b. *Nifal*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS

2. “sal sy hande. . . uitsteek” (NAV), vers 11; BDB 831, KB 975

a. *Pi ‘el*-PERFEKTUM

b. *Pi ‘el*-IMPERFEKTUM

3. “wegswem” (NAV), vers 11; BDB 965, KB 1314

a. *Qal*-DEELWOORD

b. *Qal*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS

Moab sal probeer swem in die miskuil (vers 11 OAV); die woord **מִסְכִּיל** (miskuil) kom net hier voor (BDB 199). Die LXX en die Pesjitta wyk af van hierdie lesing en vertaal met “soos hulle waens die vloer vertrap.” Die JPSOA wysig die teks om ‘n pleknaam naby Jerusalem te noem: “Madmena” (vgl. 10:31).

25:10-12 Blykbaar is die tema van oordeel oor die nasies, maar in besonder Moab, hiermee weer aan die orde. Die JPSOA wysig om Assirië te kan lees. Tevore in Jesaja 15 en 16 was Moab reeds onder oordeel. Terwyl slegs Moab in hoofstukke 24-27 genoem word, wil dit voorkom of dit as verteenwoordigend van alle mense opgevat moet word, wat in hulle hoogmoed en opstandigheid voortleef. Moab was op ‘n plato geleë en baie voorspoedig danksy handeldrywery; simbolies van groot voorspoed wat sonder erkenning van God versamel is. Hiermee word die agterdoek van die “verlate vesting” (OAV, 24:10; NASB: “the city of chaos,”) uitgehang. Of sinspeel dit dalk op die lot van die “steil vesting,” OAV (en is dus oninneembaar, NASB) van 26:5?

25:11	OAV	“dan sal Hy sy trotsheid afdruk”
	NAV, CUM-MVB	“maar God sal hulle in hulle trots verneder”
	CUM-NLV	“Maar God sal hulle trots beëindig”
	NASB	“But the LORD will lay low his pride”

Die WERKWOORD (BDB 1050, KB 1631), *Hifil*-PERFEKTUM, vgl. vers 10, word twee keer gebruik om aan te dui dat JHWH “die stad” se ondergang bewerk (vgl. 24:10; 25:2-3). Die WERKWOORD kom in Jesaja by herhaling voor om aan te dui dat JHWH hoogmoed en arrogansie veroordeel (vgl. 2:9,11,12,17; 5:15 [twee keer]; 10:33; 13:11; 25:11; 29:4 en 40:4). Let ook op 2 Sam. 22:28; Job 40:11; Ps. 18:27; Spr. 29:23).

Moab se buitensporige hoogmoed is tevore in 16:6 genoem én haar ondergang in 16:14.

■	OAV	“tegelyk met die kunsgrepe van sy hande”
	NAV	“al probeer hulle om hulleself te red”
	CUMs	“ten spyte van ál hulle slimstreke”
	NASB, NKJV	“the trickery of his hands”
	NRSV	“the struggle of their hands”
	TEV	“their hands will sink helplessly”
	NJB	“what his hands may attempt”
	JB	“he stretches out his hands”
	Pesjitta	“the spoils of their hands”

Die JPSOA stel ‘n teksverandering voor wat lui: “saam met die vertoonstukke van hul mag,” om te klop met vers 12 se “steil versterkings van hul mure” (OAV).

Die probleem hier is die “trickery”(NASB)/“kunsgrepe” (OAV). Vgl. **אָרֹת** (BDB 70), wat net hier in die OT gevind word. ‘n Heel ooreenstemmende vorm **אָרַב** beteken “lokval,” maar dit strook nie met die konteks nie (vgl. BDB 70, **מְאָרַב** (*m’rb*), “lê en wag/voorlê”).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Hoe verskil “daardie dag” van 25:9 met 24:21?
2. Waarom word Moab in 25:10-12 in so ‘n posisie van uitsondering geplaas?

JESAJA 26

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Song of Trust in God's Protection	A Song of Salvation	A Song of Victory	God Will Give His People Victory	A Hymn of Thanksgiving	God gee oorwinning aan sy volk
26:1-6 (1-6)	26:1-11 (1b-6)	26:1-6 (1-6)	26:1-19 (1-6)	26:1-6 (1-6)	26:1-15 (1-3)
		Apocalyptic Psalm		A Psalm	(4-6)
26:7-10 (7-10)	26:7-10 (7-9) (10-11)	26:7-15 (7-15)	(7-18)	26:7-19 (7-11)	(7-10)
26:11-19 (11-19)					
	26:12-19 (12-15)			(12-15)	(11-15)
		26:16-19 (16-19)		(16-19)	
	(16-18) (19)		(19)		
	Take Refuge From the Coming Judgment	Fourth Eschatological Section	Judgment and Restoration	The LORD's Judgment	Soos die dou lewe gee, gee U krag lewe
26:20-21 (20-21)	26:20-27:1 (20-21)	26:20-21 (20-21)	26:20-21	26:20-27:1 (20-21)	26:16-27:1

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INSIG UIT DIE KONTEKS

- A. Hou in gedagte dat Jesaja 24-27 'n literêre eenheid is.
- B. Die literêre eenheid is as 'n slotstuk aangebring na 'n aantal oordeelsuitsprake oor nasies rondom Israel (hoofstukke 13-23). Maar oordeel spreek nie die laaste woord nie. Die genadige HERE vol van barmhartigheid het 'n ewige en omvattende verlossingsplan!
- C. Twee stede word in hierdie gedeelte teen mekaar afgespeel.
 1. Stede soos verteenwoordig in die sondegevalle Kain-nakomelingskap wat hulle algeheel op eie bronne staatmaak (vgl. Gen. 10-11)
 2. Die stad Sion waar God bo die Gerubvlerke en die ark van die verbond in die Allerheiligste "woon," waarheen sy mense, Joods- en Heidenbekeerde, kom om Hom te aanbid (vgl. 2:2-4; 19:18-25; Heb. 11:10; 12:22; 13:14; Openb. 21:1-2)

D. Stede wat groepe en nasies weerspieël

Stede van mense

1:7-8, Judese stede afgebrand
1:21, die getroue stad wat afgedwaal het
6:11, Judese stede wat verwoes is
14:17,21, algemene verwoesting van stede
14:31, die stede van Filistea
17:1-3:9, verwoeste stede van Sirië
19:2, stede van Egipte wat mekaar verwoes

22:2,9, Jerusalem, die uitbundige stad se val
23, Tirus word vernietig
24:1-25:5, stede universeel verwoes
25:10-12, Moab en die paleis in versterkte stede word vertrap
27:10, versterkte stede val
29:1 "Ariël," dit is Jerusalem
33:2,19, die uitbundige stad Jerusalem
48:2, 'n heilige stad, maar net in naam

Die stad van God

1:26, die stad van geregtigheid en getrouheid
19:18-22, Egiptiese stede wat die HERE aanbid
19:23-25, heel Egipte en Assirië by die Volk van God ingesluit
25:6-9, die banket op die berg van God (d.w.s. Jerusalem).
26:1, Jerusalem word tot 'n sterk stad herstel
45:1 (My stad – Kores –vgl. 44:23)
52:1-6, die heilige stad
60:14, die stad van die HERE
62:12, die stad wat nie verlate sal wees nie
66:6, rumoer in die stad en tempel waar vonnis aangekondig word

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 26:1-6

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹In that day this song will be sung in the land of Judah:

"We have a strong city;

He sets up walls and ramparts for security.

²Open the gates, that the righteous nation may enter,
The one that remains faithful.

³The steadfast of mind You will keep in perfect peace,
Because he trusts in You.

⁴Trust in the LORD forever,

For in God the LORD, we have an everlasting Rock.

⁵For He has brought low those who dwell on high, the unassailable city;
He lays it low, He lays it low on the ground, He casts it to the dust.

⁶The foot will trample it,

The feet of the afflicted, the steps of the helpless."

26:1 OAV "In dié dag"
NAV, CUM-MVB "Daar kom 'n dag"
CUM-NLV "Daardie dag"
NASB "In that day"

Dit dui daarop dat God sy skepping sal besoek. Dit kan seënryk wees of veroordelend. Kyk na die uitvoerige aantekening by 2:11.

■ "Lied", "song" In hierdie literêre eenheid is daar verskeie liedere.

1. oordeel, 23:15-18
2. oordeel, 24:7-11
aanbidding, 24:14-16
3. dank en lof, 25:1,3,6,9
4. blydschap, 26:1,19
5. blydschap, 27:2

Of JHWH in oordeel of met seën kom word in die aard van die musiek weerspieël.



OAV 'n Sterk stad het ons
NAV, CUM-MVB "Ons het 'n sterk stad"
CUM-NLV "Ons stad is nou sterk!"
NASB "We have a strong city"

Met moontlike uitsondering van vers 5 word hiermee Jerusalem bedoel, 'n herstelde stad wat simbolies dui op God se herstel van die hele aarde. Sien D hierbo in die agtergrondstudie.



OAV "God stel heil tot mure en skanse"
NAV "God beskerm ons met mure, met 'n vesting"
CUM-MVB "God maak redding sy mure en skanse"
CUM-NLV "Ons is omring deur die mure van God se redding"
NASB "He sets up walls and ramparts for security"

Hierdie skanse was grondwalle wat die vyand se aanvaltoerusting van die stadsmuur af weggehou het. Die VOORNAAMWOORD in die NASB-weergawe is JHWH self. Die term "security" in NASB is letterlik "redding" (vgl. CUM-NLV; BDB 446). Kyk *Vir Speciale Aandag* by 33:2.

26:2

OAV "Maak oop die poorte, dat die regverdige nasie kan ingaan"
NAV, CUM-MVB "Maak oop die poorte dat die nasie wat gered is, kan ingaan"
CUM-NLV "Maak oop die poorte vir almal wat regverdig is."
NASB "Open the gates, that the righteous nation may enter"

Dit beteken toegang tot die heilige stad en tempel (vgl. 60:11,18; 62:10). Die woord "nasie" was gewoonlik verkleinerend omrede veronderstelde heidense leefwyse, maar hier is dit positief bedoel as verwysing na 'n getroue Juda, want die konteks moet altyd in ag geneem word!



OAV "wat die trou bewaar"
NAV, CUM-MVB "die nasie wat aan God gehoorsaam is"
CUM-NLV "Laat die getroues binnekom"
NASB "The one that remains faithful"

Vers 2-4 blyk woordspel te wees met "getrou" en "betroubaar." Kyk *Vir Speciale Aandag* by 22:23. In dié vers val die klem op volgehoue geloof soos blyk uit

1. die *Qal*-AKTIEF DEELWOORD vir "bewaar" (OAV), oftewel "keeps"(BDB 1036, KB 1581) en
2. die MEERVOUD "getroues" (BDB 53)

Dit bly 'n ope vraag of dit hier om 'n indiwidu gaan of 'n nasionaliteit bedoel word (vgl. NRSV, JB en REB). Dieselfde onsekerheid geld ook wat 24:13 betref (vgl. Jes. 30:15). Hierdie idee van getrou te bly, kom op dieselfde neer as om op die HERE te wag (vgl. 25:9; 26:8). Ondanks die aanwesigheid van oordeel hou God se mense nie op om Hom te vertrou nie.

26:3 **OAV** "U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar"
NAV, CUM-MVB "en wat op Hom vertrou. Gee aan hulle vrede en voorspoed, Here"
CUM-NLV "U bewaar elkeen. . .in vrede, die mense wie se gedagtes op U gerig is"
NASB "The steadfast of mind You will keep in perfect peace"

Let op die aanwesigheid van verbond.

1. Die gelowige se gedagtes bly op JHWH gevestig (BDB 701, KB 759, *Qal*-PASSIEF DEELWOORD, maar dit word op 'n AKTIEF-wyse aangewend (vgl. 1 Kron. 29:18).
2. so bewaar JHWH hom/haar (vgl. OAV, CUM-NLV en NASB: "keeps"; BDB 665 I, KB 718, *Qal*-IMPERFEKTUM, want die verbondsverhouding bestaan uit twee deelnemers. Sien *Vir Speciale Aandag* by 1:19.
3. "volle vrede"/"perfect peace"(OAV, NASB) lui die vertaling omdat *shalom* dubbel gebruik word hier; 'n styl wat Jesaja in hierdie gedeelte (24-27) dikwels aanwend (BDB 1022, vgl. die Dooie See Rolle, DSS).



OAV "want hulle vertrou op U"
NAV, CUM-MVB "hulle het hulle vertrou op U gestel"
CUM-NLV "wat op U vertrou"
NASB "he trust in You"

Hiermee word "vertrou" op JHWH bedoel (BDB 105, KB 120, *Qal*-PASSIEF DEELWOORD; vgl. 12:2; 26:4; 36:15; 37:10; 50:10). Let daarop dat die volgende vers dieselfde woord gebruik, maar nou net as 'n IMPERATIEF. Dit is, naas "gehoorsaamheid," wat in teologie 'n "persoonlike verhouding" beskryf as 'n absolute noodsaaklikheid!

26:4 OAV	“Vertrou op die HERE vir ewig”
NAV, CUM-MVB	“Vertrou altyd op die Here”
CUM-NLV	“Vertrou deurgaans op die HERE”
NASB	“Trust in the LORD forever”

Wat betref die WERKWOORD (BDB 105, KB 120, *Qal*-IMPERATIEF), sien *Vir Speciale Aandag* by 22:23.

Die term “vir ewig”/“deurgaans”/“forever” (BB 723 I) in MEERVOUDSVORM gevolg deur ‘n ENKELVOUD in KONSTRUKTUS (vgl. 65:18; Ps. 83:18; 92:8) en in konteks met die “ewig” soos meegedeel omtrent JHWH, veronderstel ‘n verhouding wat tot in die hiernamaals reik (vgl. verse 14,19; Ps. 23:6).



OAV, CUM-MVB	“want die Here is ‘n ewige rots”
NAV	“want die Here God is ‘n veilige toevlug”
CUM-NLV	“die HERE God is vir altyd ‘n veilige toevlug”
NASB	“we have an everlasting rock”

Die woord “rots” is ‘n metafoor vir God se onveranderlike karakter (vgl. Ps. 18:1,2; Jes. 17:10; 30:29; 44:8).

26:5 OAV	“die hoogte. . .die steil vesting”
NAV, CUM-MVB	“hoë vestings”
CUM-NLV	“die arrogante stad”
NASB	“the unassailable city”

Dit sinspeel waarskynlik op die hoogmoed van Moab (vgl. 25:10-12), veral soos blyk uit vers 12! Hoogmoed en arrogansie lei altyd tot God se oordeel.

26:6 Hier handel JHWH in belang van sy volk. Die gedagte van “vertrapping” hou verband met 25:10 wat God se oordeel oor Moab beskryf. Moab is hier ‘n simbool van die mensdom as samelewing van sonde en wederstrewigheid, soortgelyk met die Babilon-beeldspraak in Openbaring.

Let daarop hoeveel verskillende woorde met die *voet* in verband staan:

1. WERKWOORD, “vertrap” (BDB 942, KB 1245, *Qal*-IMPERFEKTUM)
2. NAAMWOORD, “voet” (BDB 919 ENKELVOUD)
3. NAAMWOORD, “voete” (BDB 919, MEERVOUD)
4. NAAMWOORD, “voetstappe” (BDB 821)

Hierdie hoofstuk het etlike woordherhalings (verdubbelings) wat kenmerkend is in die wyer konteks.

1. vrede, vers 3
2. JHWH, (Jahweh), vers 4
3. voet, vers 6

Hou in gedagte al die verdubbeling, die herhaalde gebruik van WERKWOORDE in hoofstukke 24-27.

1. “verwelk” [2 keer] versmag (BDB 615, KB 663, *Qal*-PERFEKTUM) in 24:4 (OAV)
2. “weg is” [2 keer] “ceases” BDB 991, KB 1407, *Qal*-PERFEKTUM, 24:8 (OAV)
3. “drink” [2 keer] BDB 1059, KB 1667, *Qal*-IMPERFEKTUM en DEELWOORD, 24:9 (OAV)
4. “troueloos” BDB 93, KB 108, *Qal*-DEELWOORD en PERFEKTUM [2 keer], 24:16 (OAV)
5. “vertrap word” [2 keer] BDB 190, KB 218, *Nifal*-PERFEKTUM en INFINITIEF, 25:10 (OAV)
6. “uitsprei” [2 keer] BDB 831, KB 975, *Pi* ‘*el*-PERFEKTUM en IMPERFEKTUM, 25:11 (OAV)
7. “swem” [2 keer] BDB 965, KB 1314, *Qal*-DEELWOORD en INFINITIVUS CONSTRUCTUS, 25:11 (OAV)
8. “toevlug” [NAV, 2 keer] “staat maak op”/“trust”, BDB 105, KB 120, *Qal*-PASSIEF DEELWOORD en IMPERATIEF, 26:3-4
9. “verneder. . .gooi neer”, BDB 1050, KB 1631, twee *Nifal*-IMPERFEKTUMS, 26:5 (CUM-NLV)
10. “sien” BDB 302, KB 301, *Qal*-IMPERFEKTUM [2 keer], 26:11 (OAV)
11. “vermeerder” [2 keer] BDB 414, KB 418, *Qal*-PERFEKTUM, 26:15 (OAV)
12. “vrede. . .maak [2 keer] BDB 793, KB 889, *Qal*-IMPERFEKTUM in JUSSIEF aangewend, 27:5 (OAV)
13. “slaan” [2 keer] 645, KB 697, *Hifil*-DEELWOORD en PERFEKTUM, 27:7 (NAV)



OAV	“die voet vertrap dit, die voete van die ellendige, die voetstappe van die armes”
NAV, CUM-MVB	“onder die voete van onderdrukte; die armes sal op hulle trap”
CUM-NLV	“arm en verdruchte mense. . .onder hulle voete”
NASB	“The feet of the afflicted, the steps of the helpless”

Dit is JHWH wat “vertrap,” maar dikwels kommandeer Hy nasies en maak Hy van hulle sy werktuie (Assirië en Babilon). Volgens hierdie vers sal die minsgerekendes en verdruchte sy werktuie wees (vgl. 3:14-15).

NASB HERSIENE TEKS: 26:7-10

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

⁷The way of the righteous is smooth;

O Upright One, make the path of the righteous level.
⁸**Indeed, while following the way of Your judgements, O LORD,**
We have waited for you eagerly;
Your name, even your memory, is the desire of our souls.
⁹**At night my soul longs for You,**
Indeed, my spirit within me seeks you diligently;
For when the earth experiences Your judgments
The inhabitants of the world learn righteousness.
¹⁰**Though the wicked is shown favor,**
He does not learn righteousness;
He deals unjustly in the land of uprightness,
And does not perceive the majesty of the LORD.

26:7 OAV “Die pad. . .gelyk. . .spoor. . .gelyk”
NAV “Die pad. . .reguit. . .gelyk”
CUM-MVB “U maak die pad. . .gelyk”
CUM-NLV “Die pad. . .reguit. . .gelyk”
NASB “The way. . .smooth. . .level”

Hiermee word op die voorbereidings vir ‘n koninklike besoek gesinspeel. Dit het ook metafories gebruiklik geword om geestelike voorbereiding vir God se besoek uit te beeld. So het Johannes die Doper ook na sy bediening verwys (vgl. 40:3,4; 42:16; 45:13; Mat. 3:3; Mark 1:3; Luk. 3:4-6; Joh. 1:25).

Die gelyk en reguit pad lei tot die besef dat leefstyl, toewyding en verbondsgehoorsaamheid bedoel word. ‘n Getroue gelowige is iemand

1. wie se hart op God gerig is (‘n persoonlike verhouding, vgl. vers 9)
2. en wat vir God lewe (gehoorsaamheid, vers 8)

Hierdie twee moet saamgaan, dit kan nie geskei word nie (vgl. Luk. 6:46)!



OAV, NAV “U”
CUM-MVB “o, Opregte”
CUM-NLV “Opregte”
NASB, NJB “O Upright One”
NKJV “O Most Upright”
NRSV, JPSOA “O Just One”

Hierdie is die enigste plek in die Bybel waar die titel vir God gebruik word. Sommige is van mening dat dit verband hou met die “Regverdige” (OAV, NAV) van 24:16. Ander vertalings beskou dit as ‘n titelnaam vir God. Nog ander beskou dit as ‘n verwysing na sy regverdige volgeling wat na Hom terugkeer in ‘n nuutgemaakte Jerusalem (42:16).

26:8 OAV “die weg”
NAV “wanneer U straf”
CUM-MVB “op die pad van u straf”
CUM-NLV “wat U. . .vra”
NASB “the way”

Die woord “weg” (letterlik vertaal, BDB 73) staan in verband met die “pad” van vers 7.

1. vers 7, “pad” letterlik vertaal
2. vers 8, die bedoeling “leefstyl” (vgl. CUM-NLV)



OAV “het ons U verwag”
NAV “vertrou ons op U”
CUM-MVB “wag ons op U”
CUM-NLV “ons doen graag wat U van ons vra”
NASB “We have waited for You eagerly”

By die WERKWOORD (BDB 875, KB 1082, *Pi’el*-PERFEKTUM) voeg die NASB ‘n BYWOORD “eagerly” in (CUM-NLV “graag”) Ander vertalings doen nie so nie. Hierdie byvoeging weerspieël ‘n geduldige wag op God te midde van moeilike lewensomstandighede (L.W. NAV “vertrou”).

VIR SPESIALE AANDAG: VEREISTES VIR GOD SE OPENBARING (uit Deuteronomium en Psalms)

- I. “Verordeninge” BDB 349, “n verordening, bepaling of voorskrif”
- A. manlik, **קָרָא**; Deut. 4:1,5,6,8,14,40,45; 6:1,24; 7:11; 11:32; 16:12; 17:19; 26:17; 27:10; Ps. 2:7; 50:16; 81:4; 99:7; 105:10,45; 148:6
- B. vroulik, **קָרָאָה**; Deut. 6:2; 8:11; 10:13; 11:1; 28:15,45; 30:10,16; Ps. 89:31; 119:5,8,12,16,23,26,33,48, 64,68,71,80,83,112,124,135,145,155,171
- II. “Wet” BDB 435, “onderrig”
- Deut. 1:5; 4:44; 17:11,18,19; 27:3,8,26; 28:58,61; 29:21,29; 30:10; 31:9; Ps. 1:2; 19:7; 78:10; 94:12; 105:45; 119:1,18,29,34,44,51,53,55,61,70,72,77,85,92,97,109,113,126,136, 142,150,153,163,165,174
- III. “Getuienisse” BDB 730, “wette van God”
- A. MEERVOUD, **עֲדָוָה** Deut. 4:45; 6:17,20; Ps. 25:10; 78:56; 93:5; 99:7; 119:22,24,46,59, 79,95,119,125,138,146,152,167,168
- B. **עֲדָוָה** of **עֲדָוָה** Ps. 19:7; 78:5; 81:5; 119:2,14,31,36,88,99,111,129,144,157
- IV. “Voorskrifte” BDB 824, “n opdrag”
- Ps. 19:8; 103:18; 111:7; 119:4,15,27,40,45,56,63,69,78,87,93,94,100,104,110,128,134,141, 159,168,173
- V. “Bevele” BDB 846
- Deut. 4:2,40; 5:29; 6:1,2,17,25; 8:1,2,11, 10:13; 11:13; 15:5; 26:13,17; 30:11,16; Ps. 19:8; 119:6,10,19,21,32,35,47,48,60,66,73,86,96,98,115,127,131,143,151,166, 176;
- VI. “Oordeel/ordinansies” BDB 1048, “hofbevindings” of “geregtigheid”
- Deut. 1:17; 4:1,5,8,14,45; 7:12; 16:18; 30:16; 33:10,21; Ps. 10:5; 18:22; 19:9; 48:11; 89:30; 97:8; 105:5,7; 119:7,13,20,30,39,43,52,62,75,84,102,106,120,137,149,156,160,164,147:19; 149:9
- VII. “Sy weë” BDB 202, JHWH se aanwysings vir leefstyl van sy volk
- Deut. 8:6; 10:12; 11:22,28; 19:9; 26:17; 28:19; 30:16; 32:4; Ps. 119:3,5,37,59
- VIII. “Sy woorde”
- A. BDB 202, Deut. 4:10,12,36; 9:10; 10:4; Ps. 119:9,16,17,25,28,42,43,49,57,65, 74,81,101,105,107,114,130,139, 147,160,161,169
- B. BDB 57
1. “woord” Deut. 17:19; 18:19; 33:9; Ps. 119:11,67,103,162,170,172
 2. “belofte” Ps. 119:38,41,50,58,76,82,116,133,140,148,154
 3. “bevel” Ps. 119:158



OAV “Tot u Naam en u Gedenknaam gaan die begeerte van ons siel uit ”

NAV, CUM-MVB “Ons wil u Naam eer en U aanroep”

CUM-NLV “Ons enigste begeerte is om u Naam te eer”

NASB “Your name, even Your memory, is the desire of our souls ”

Dit is persoonlike verlange van ‘n aanbidder tot God (vgl. vers 9; 25:9). “U Naam” verteenwoordig God se karakter (vgl. Eks. 3:15; Ps. 35:13). “U Gedenknaam”/“Your memory” spreek van sy groot daad van verlossing wat in lofprijsing voortleef.

26:9 Die eerste twee reëls van vers 9 klink baie soos die Psalms. Die aanbidder verlang nie feite omtrent JHWH nie, maar na Hom in Persoon.

1. verlang, BDB 16, KB 20, *Pi'el*-PERFEKTUM

2. soek (CUM-NLV), Seeks (NASB), BDB 1007, KB 1465, *Pi'el*-IMPERFEKTUM, vgl. Ps. 63:1; 78:34; Hos. 5:15

Dit is kragtige taal uit die hart. Dit herinner aan Ps. 42:1-2. Ons is geskape om Hom te ken. Sonder Hom kan ons nie vrede vind nie! Ons gees wat na sy beeld en gelykenis geskape is, verlang na Hom.

■ Die daaropvolgende twee reëls spreek van die boosdoeners wat God se geduld nie begryp nie en van sy goedheid misbruik maak (vgl. Rom. 2:4-5). Die doel van God se Wet en oordeel was dat nasies daardeur Hom sou leer ken (vgl. vers

11), maar Israel se ongehoorsaamheid het 'n skadu oor dié openbaring gewerp. Selfs Israeliete het in 'n misbruik van familie-oorleerings verval wat betref die beloftes aan Abraham.

Die gelowige bewoners van die wêreld leer wat geregtigheid beteken (vers 9d), maar sover kom die boosdoeners nie (vers 10b).



OAV "oordele"
NAV, CUM-MVB "straf"
CUM-NLV "om. . .te oordeel"
NASB "Judgments"

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 3:1 in verband met *Oordeel en Geregtigheid* by Jesaja.

26:10 OAV "Word aan die goddelose genade bewys"
NAV "Daar word goed gedoen aan die goddeloses"
CUM-MVB "Daar word genade betoon aan die goddeloses"
CUM-NLV "uit die goedheid. . .aan die bese mense"
NASB "though the wicket is shown a favor"

Hierdie vers beskryf JHWH se doel met sy selfopenbaring en handelswyse, naamlik om bese mense te bereik en te bekeer.

1. Hy betoon goedgesindheid teenoor hulle (BDB 335, KB 334, *Hofal-IMPERFEKTUM*)
2. hulle het lewensreg in die land en in die midde van opregtes
3. Hy maak dit volkome duidelik aan hulle (Hy lig sy hand, vers 11).

Maar wat is die goddelose se reaksie op JHWH se Selfopenbaring?

1. hulle leer nie geregtigheid nie, vers 10
2. hulle tree nie regverdig op nie, vers 10
3. hulle kom nie onder die indruk van die HERE se grootheid nie, vers 10
4. hulle bemerk nie sy ywer vir sy volk nie, vers 11

NASB HERSIENE TEKS: 26:11-19

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹¹O LORD, Your hand is lifted up yet they do not see it.
They see Your zeal for the people and are put to shame;
Indeed, fire will devour Your enemies.
¹²LORD, You will establish peace for us,
Since You have also performed for us all our works.
¹³O LORD our God, other masters beside You have ruled us;
But through You alone we confess Your name.
¹⁴The dead will not live, the departed spirits will not rise;
Therefore You have punished and destroyed them,
And You have wiped out all remembrance of them.
¹⁵You have increased the nation, O LORD
You have increased the nation, You are glorified;
You have extended all the borders of the land.
¹⁶O LORD, they sought You in distress;
They could only whisper a prayer,
Your chastening was upon them.
¹⁷As the pregnant woman approaches the time to give birth,
She writhes and cries out in her labor pains,
Thus were we before You, O LORD.
¹⁸We were pregnant, we writhed in labor,
We gave birth as it seems, only to wind.
We could not accomplish deliverance for the earth,
Nor were inhabitants of the world born.
¹⁹Your dead will live;
Their corpses will rise.
You who lie in the dust, awake and shout for joy,
For your dew is as the dew of the dawn,
And the earth will give birth to the departed spirits.

26:11 OAV "HERE, is u hand opgehef"
NAV "U staan gereed om hulle te straf"
CUM-MVB "U hand is reeds opgelig, Here "

CUM-NLV “dat U u vuus. . .oplig nie”
NASB “Your hand is lifted up”

Hierdie is ‘n idiomatiese uitdrukking in verband met JHWH se teenswoordige handelinge, maar ook in die verlede. Maar die teenstanders van sy volk sien nie en begryp nie sy doel daarmee nie (vgl. vers 10; 5:12,25; 8:11; 9:12; 10:4,10; 11:15; 13:2; 14:26-27; 23:11; 25:10; 28:2 ens.)



OAV “ook die vuur teen u teenstanders sal hulle verteer”
NAV, CUM-MVB “laat vuur hulle verteer”
CUM-NLV “Laat u vuur u vyande verteer”
NASB “fire will devour Your enemies”

As hierdie ‘n IMPERFEKTUM aangewend is in JUSSIEF sal die vertaling moet lui: “Laat vuur u vyande verteer.”

26:12 Hierdie vers lê groot klem op die soewereiniteit van JHWH. Met die oog op sy groter verlossingsplan tree Hy in belang van Israel op (vgl. Eseg. 36:22-38)!

26:13 **OAV** “ander here”
NAV, CUM-MVB “ander konings”
CUM-NLV “ander het. . .regeer”
NASB “other masters”

Dit is moontlik dat hiermee vals gode bedoel kan word, hoewel dit ook ‘n verwysing na die vyande wat Israel bedreig het (Assirië, Babilonië en Sirië) kan wees.



OAV “ander here buiten U het oor ons geheers”
NAV, CUM-MVB “Behalwe U. . .het ander konings oor ons regeer”
CUM-NLV “HERE. . .ander het oor ons regeer”
NASB “other masters than You have ruled us”

Hierdie WERKWOORD (BDB 127, KB 142), *Qal*-PERFEKTUM kan die volgende beteken:

1. die besit van ‘n vrou of houvrou, Gen. 20:3; Eks. 21:3,22; Deut. 22:22; 24:1
2. om te regeer oor (26:13; 1 Kron. 4:22)

Hierdie vers mag op afgodery sinspeel, spesifiek die vrugbaarheidskultus. Inderwaarheid, egter, was JHWH hulle ware “heer”/“eggenoot”(vgl. Hos. 2:14-20.)



OAV “maar deur U alleen prys ons u naam”
NAV “maar ons wil net u naam onthou”
CUM-MVB “maar ons wil net u naam eer”
CUM-NLV “maar ons aanbid U alleen”
NASB “we confess Your name”
NKJV “we make mention of Your name”
NRSV “we acknowledge your name”
NJB,REB “we invoke your name”
LXX “we name your name”

Die WERKWOORD (BDB 269 II, KB 269, *Hifil*-IMPERFEKTUM) beteken “om te onthou.” Die KB dui aan dat dit ook prys met lofsang is. Dit veronderstel ‘n erediensopset waar die karakter en magtige daade van JHWH positief uitgelig word (vgl. Ps. 71:14-16), maar, aan die ander kant, afgodsname in lofsang onvermeld gelaat word (vgl. Eks. 23:13).

Let daarop dat JHWH erken word as die Een “deur Wie” dit moontlik is om te aanbid

1. omrede nasionale uitredding (vgl. vers 15, die tempel)
2. persoonlike verlossing (vgl. vers 16 en daarom die begeerte om die tempel te besoek).

26:14 **OAV** “Dooie mense herlewe nie, skimme staan nie op nie”
NAV, CUM-MVB “Hulle is nou dood en sal nie weer lewe nie, hulle gees sal nie weer opstaan nie.”
CUM-NLV “Dié wat ons gedien het, is nou dood en weg. Hulle sal nooit weer terugkom nie”
NASB “The dead will not live, the departed spirits will not rise”

Dit wil voorkom of hierdie vers in verband staan met vers 13 se “ander konings/here.” Dit verwys na konings wat Israel nie meer sal, of kan, lastig val nie. Hierdie vers bedoel nie om ‘n beskouing of teologie oor die hiernamaals uit te spreek nie. Dit bedoel nie ‘n nadoodse uitwissing van goddelose mense nie. Daar is net te veel bewysplase in die Bybel wat ‘n algemene opstanding verkondig (vgl. Dan. 12:2; Mat. 25:46; Joh. 5:28-29; Han. 24:15). Hierdie vers konstateer maar net dat daardie konings, dood en veroordeel, nooit weer persoonlik of simbolies, sal terugkeer om Israel te benadeel nie.



OAV “skimme”
NAV, CUM-MVB “gees”

CUM-NLV	“hulle”
NASB	“departed spirits”
NRSV, JPSOA	“shades”
TEV,JB	“ghosts”
NJB	“shadows”

Die Hebreuse term (BDB 952 I) herinner aan “afgedaaldes,” magteloos in die dood (vgl. Job 26:5; Spr. 2:18; Jes. 14:9). In 26:19 word die woord gebruik vir die “regverdiges” wat opgewek sal word.

Dieselfde woordstam was een van die terme wat gebruik was vir die “reuse.” Sien *Vir Speciale Aandag* by 14:9. Dit is heeltemal moontlik dat die Refaim ‘n vaste metafoor geword het om gevreesde krygers aan te dui en daarmee ook dien as simbool vir konings en magtige nasies.

26:15 So het die verbondsbelofte van God ook aan Abraham en sy nageslag gelui. Dit is dieselfde beeldspraak wat in verband met die eskatologiese eindtyd gebruik word om die nasies by aanbidding van God in Jerusalem in te sluit.

26:16	OAV	“HERE in benoudheid het hulle U gesoek”
	NAV, CUM-MVB	“Here, in hulle nood het hulle hul toevlug tot U geneem”
	CUM-NLV	“HERE, in ons nood het ons U gesoek”
	NASB	“They could only whisper a prayer”

Diegene wat aan die HERE behoort, gaan nie ongeskonde wanneer oordeel tref nie. Onder die swaar hand van God word ook hulle genoep om te waak en te bid.

Hier is moontlike woordspel aan die orde.

1. hulle fluister ‘n gebed (BDB 538 #3)
2. ‘n fluistering vanweë hulle aandadigheid aan Israel se afgodiese verval (BDB #1,2, vgl. 3:3,20)

Onthou, dit is altyd weer konteks wat betekenis bepaal.

26:17	OAV	“Soos ‘n bevrugte vrou”
	NAV, CUMs	“soos ‘n swanger vrou”
	NASB	“As the pregnant woman”

Die plotselinge aanbreek van God se oordeel word in die Bybel dikwels metafories vergelyk met die kraampyne van ‘n swanger vrou. Sommige huldig die mening dat hieronder die Messias se geboorte en die geboortepyne van die komende Nuwe Era bedoel word (vgl. Mark. 13:8), maar die konteks inaggenome gaan dit hier oor oordeel.

26:18	OAV	“Ons was swanger, het weë gehad—dit was asof ons wind gebaar het; ons het die land geen redding aangebring nie, en daar is geen wêreldbewoners gebore nie.”
	CUMs	“Ons was swanger en het inmekaar gekrimp van pyn, maar ons het geboorte gegee aan wind.”
	(NAV)	“(maar ons het niks in die wêreld gebring nie) Ons het nie ‘n redder vir die wêreld gegee nie. Daar is nie inwoners vir die wêreld gebore nie”
	NASB	“We gave birth, as it were, only to wind. We could not accomplish deliverance for the earth, Nor were inhabitants of the world born.”

Hierdie vers verwys na die sendingopdrag van Israel om ‘n koninklike priesterdom te wees (vgl. Eks. 19:4-6). Israel moes ‘n lig vir die nasies gewees het (vgl. Jes. 42:6; 49:6; 51:4). Omdat Israel nooit die Wet van God onderhou het nie, het die nasies God slegs leer ken as die Een wat in oordeel handel. Dit was nooit die doel van God nie (vgl. vers 15)! Op die wyse is God se doel met Israel en daarmee die wêreld gedwarsboom.

Die term “wind” het verskeie betekenisse in Jesaja.

1. asem; 11:4;25:4; 27:8; 30:28,33; 33:11; 59:19
2. wind; 7:2; 11:15; 17:13; 26:18;32:2; 41:16,29; 57:13; 64:6
3. gees:
 - a. die Gees van God, 11:2 (4 keer); 30:1; 32:15; 34:16; 40:13; 42:1; 44:3; 48:16; 59:21; 61:1; 63:10,11,14
 - b. menslike gees; 4:4; 19:3,14; 26:9; 28:6; 29:10,24; 31:3; 37:7; 38:16; 42:5; 54:6; 57:15 (2 keer), 16; 61:3; 65:14; 66:2

Egter, wat die Wysheidsliteratuur betref, beteken die woord “betekenisloosheid” of “leefgeid” (vgl. Pred. 1:14,17; 2:11,17,26; 4:4,6,16; 5:16; 6:9). Ek is van mening dat in 26:18 en 41:9 Jesaja die tweede konnotasie (vgl. NASB, CUMs en NAV) in gedagte het. Die nakomelinge van Abraham kon die nasies nie na JHWH toe lei nie omrede

1. hulle persoonlike en individuele gevalle staat
2. en die gevalle toestand van die nasie

Maar JHWH het dit self reggekry (vgl. vers 12).

“Geboorte” (BDB 656, KB 709, *Qal-IMPERFEKTUM*) in vers 18 beteken letterlik “om te laat val” of “om te val.” Die term word metafories vir geboorte aangewend. Die Arabiese stamwoord beteken “geboorte gee”, maar dit word hoofsaaklik in verband met diere gebruik (vgl. NIV)

26:19 OAV	“U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan”
NAV, CUM-MVB	“Dié uit u volk wat gesterf het, sal weer lewe, Here, hulle sal opstaan.”
CUM-NLV	“Tog het ons dié versekering: Dié wat aan God behoort, sal lewe. Hulle liggame sal weer opstaan”
NASB	“Your dead will live;” “Your corpses will rise”

Vers 19 word met vers 14 gekontrasteer. Dit is hoekom vers 14 nie as die bron vir teologie gereken kan word nie. Daar is opmerklike ooreenstemming tussen vers 19 en 25:8. By 26:3 het ons ons afgevra of die vers oor ‘n nasionale entiteit of wel ‘n individu handel? Die weergawe in vers 19b wat as “hulle” vertaal is, is in werklikheid “my” volgens die Hebreeus (vgl. OAV). Hier, weereens, is woordspel aan die kontrasteer, individueel teenoor nasionaal! Hierdie opstanding van nasionale Israel het heelwat in gemeen met Esegieël 37.

Daar is twee IMPERATIEWE wat die oorledenes moet doen (dié wat in die aarde slaap, staan op en sing van vreugde! –CUM-NLV).

1. staan op; BDB 884, KB 1098, (“awake” *Hifil*-IMPERATIEF)
2. sing van vreugde, BDB 943, KB 1247 (“shout,” *Pi’el*-IMPERATIEF)

In die Ou Nabye Ooste was opstanding ‘n taamlike algemene opvatting

1. Job (ten tye van Edom in 2000 v.C.), 14:13-15; 19:25-27
2. balseming van mummies (sedert ongeveer 3000 v.C. en teen die tyd van die Een en Twintigste Dinastie in Egipte vervolmaak),
3. hoewel nie algemeen in Babilonië nie.

As mense geskape was om in ‘n vriendskapsverhouding met God te leef, maar sonde veroorsaak dood, dan is ‘n omkeer daarvan bloot logies. Die rabbyne (d.w.s. Fariseërs) het in die opstanding geglo (vgl. Mat. 22:23-33; Luk. 14:14; Joh. 11:24-25). Die gedagte van “hemel” het met ‘n voortgesette vriendskapsverhouding te doen. Gehenna is die permanente afsondering van diegene wat geloof geweier het en sodoende ook die vriendskapsverhouding met God. Die beeldspraak van die Bybel kom neer op ‘n toekomstige herstel soos in Eden (Openb. 21-22).



OAV	“Want u dou is ‘n dou van die lig”
NAV, CUMs	“Soos die dou lewe gee”
NASB	“the dew of the dawn”
NKJV	“the dew of herbs”
NRSV, NJB	“a radiant dew”
TEV	“as the sparkling dew”
REB	“a dew of sparkling light”
Pesjitta	“a dew of light”
JPSOA	“the dew or fresh growth”

Letterlik staan hier “vir ‘n dou van lig”(BDB 21) met tweërlei konnotasie:

1. lig van lewe versus donkerheid van dood (MEERVOUD, BDB 21 I, moontlik Ester 8:16)
2. kruid (BDB 21 II, Gen. 1:11,12 – “groenigheid”)

Slegs twee seisoene in Israel bied reënval. Dou word daartussen gebruik om oeste te onderhou. Om die rede is beide dou en lig simbole van lewe en groei.

NASB HERSIENE TEKS: 26:20-21

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

²⁰Come, my people, enter into your rooms

And close your doors behind you;

Hide for a little while

Until indignation runs *its* course

²¹For behold, the LORD is about to come out from His place

To punish the inhabitants of the earth for their iniquity;

And will no longer cover her slain.

26:20 God se volk het gesondig en dit het gevolge. Oordeel kom oor hulle, maar dit sal verbygaan.

Daar is ‘n viertal opdragte aan die gelowiges oor hoe hulle in ‘n tyd van goddelike oordeel moet optree.

1. kom (BDB 229, KB 246, *Qal*-IMPERATIEF)
2. gaan in (BDB 97, KB 246, *Qal*-IMPERATIEF)
3. maak toe (BDB 688, KB 742, *Qal*-IMPERATIEF)
4. skuil (BDB 285, KB 285, *Qal*-IMPERATIEF)

Die opdragte is MANLIK ENKELVOUD, maar dui op die gelowiges as groep.
Hiermee word die Paasfeesgebeure soos in Eks. 12 gesuggereer (BDB 820), d.w.s. dieselfde idee! Die gelowiges word van God se oordeel gevrywaar.

26:21 **OAV** **“Want kyk, die HERE sal uit sy plek uitgaan”**
 NAV, CUM-MVB **“Die Here kom uit sy woonplek tevoorskyn”**
 CUM-NLV **“Kyk, die HERE kom van die hemel af”**
 NASB **“The LORD is about to come out of His place”**

Hierdie frase kom net hier en in Miga 1:3 voor. Dit kan dui op

1. die hemel, d.w.s. die troon van God
2. die tempel as die voetbank van sy voete

▣ **“Die aarde”, “the earth”** Hoofstuk 24-27 praat van ‘n wêreldwye oordeel.

JESAJA 27

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Deliverance of Israel	Take Refuge From the Coming Judgment (26:20-27:1)	Fourth Eschatological Section (26:20-27:1)	Judgment and Restoration (26:20-27:13) 26:20-27:1	The LORD'S Judgment (26:20-27:1)	In die dae wat kom, sal Jakob wortel skiet (26:16-27:1)
27:11 (1)	(27:1)	27:1		27:1	27:1-13 (1)
27:2-11 (2-11)	The Restoration of Israel 27:2-11 (2-5)	Fourth Apocalyptic Poem of Deliverance 27:2-11 (2-5)	27:2-5	Yahweh's Vineyard 27:2-5 (2-3) (4) (5) Pardon and Punishment 27:6-11 (6-11)	(2-4a) (4b-5)
	(6)	(6)	27:6		(6)
	(7-11)	(7-11)	27:7-9 27:10-11		(7-9) (10-11a)
		Concluding Oracle of Doom and Triumph		The Israelites Return	(11b)
27:12-13	27:12-13 (12) (13)	27:12-13	27:12 27:13	27:12-13 (12-13)	(12-13)

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INSIG UIT DIE KONTEKS

- A. Dit is die slothoofstuk van die literêre eenheid wat met hoofstuk 24 begin het.
- B. Die laaste twee reëls is 'n besonder gepaste metafoor en slot op die oordeel van die eindtyd gerig; wat met die nakomelingskap van Abraham begin (vgl. Jer. 25:29; Amos 3:2; 1 Pet. 4:17) en uitbrei om alle volke in te sluit.

- C. Netsoos in vers 5 word die heidenvolke by die reddingshoop ingesluit (vgl. 2:2-4; 19:18-23; 25:2-3)
- D. Hierdie hoofstuk is uitstaande poësie, maar om dié rede lei dubbelsinnige skoonheid moontlik tot verwarring. Daarom moet die betekenis van strofes bepaal word eerder as dat uitleg in woordspel en mitologiese besonderhede verstrik raak.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 27:1

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

**¹In that day the LORD will punish Leviathan the fleeing serpent
With His fierce and mighty sword,
Even Leviathan the twisted serpent;
And He will kill the dragon who lives in the sea**

27:1

OAV “In dié dag”
NAV, CUMs “Daardie dag”
NASB “In that day”
Sien die aantekening by 2:11

☐

OAV “Leviátan, die vinnige slang en oor Leviátan die kronkelende slang”
NAV “Leviatan die vinnige, kronkelende slang”
CUM-MVB “Leviatan die vinnige draak”
CUM-NLV “Leviatan, kronkelende draak”
NASB “Leviathan the fleeing serpent”

Blykbaar is Leviatan ‘n Ugarities-mitologiese seedier (BDB 531 – vgl. Job 3:8; Ps. 104: 26). Soms word die begrip aangewend as simboliek vir ‘n baie afvallige nasie; vgl. Ps. 74:213-14, waarskynlik word Egipte hiermee bedoel. Dit sinspeel op die kronkelinge van ‘n rivier soos ‘n slang deur die land! Die term word soms met “Rahab” in verband gebring, wat ook op Egipte dui (vgl. Ps. 67:4; 89:9-10; Jes. 30:7). Vir my lyk dit of die rivierlande, hetsy Egipte of Assirië, as nasionale vyand daarmee bedoel word (vgl. vers 12). Hierdie term uit oorgelewerde mitologie van Kanaän was algemene kennis en verstaanbaar (vgl. Ps. 74:12-17 en sien *G. Archer, Encyclopedia of Bible Difficulties*, bl. 239-240).

Paralellismes bestaan wat betref

1. vinnige slang (BDB 638 I) of seemonster (NASB voetnoot en Jes. 51:9; NAV)
2. ‘n kronkelende seedier
3. ‘n draak wat in die see woon

Die uitdrukkings kom in (1) Ugaritiese poësie voor en (2) Jes. 51:9, waar “Rahab” gebruik word en wat met “draak” vereenselwig word (BDB 1072).

Die enigste en duidelikste verband van hierdie vers met die res van die hoofstuk blyk verse 11 en 12 te wees. Daar is JHWH

1. die Skepper (vers 11)
2. die Eufraatrivier (NAV; vers 12)
3. die einde van die tyd sal wees soos die begin van alles (vgl. Gen. 1-2; Openb. 21-22).

Die uitsprake van Jesaja is ‘n bundel (kompilasio) wat oor ‘n lang tydperk versamel is, volgens woordspel en temas, sonder dat historiese aspekte ‘n oorweging was.

ii☐

OAV, CUM-NLV “draak”
NAV, CUM-MVB “monster”
NASB “dragon”

Hierdie term (BDB 1072) beteken

1. slang; Eks. 7:9,10,12; Deut. 32: 33; Ps. 91:13
2. draak/monster; Jer. 51:34
3. die see/riviermonster; Gen. 1:21; Job 7:12; Ps. 74:13; 148:7

Die groot rivierlope van die Ou Nabye Ooste was die wieg van vroeë beskawings (nl. Die Nyl en die Tigris/Eufraat). Tanin (BDB 1072) is ‘n parallel met

1. Leviatan, Ps. 74:13-14; Jes. 27:1
2. Rahab, Jes. 51:9
3. Basan, Ps. 68:22; Amos 9:3 (vgl. NIDOTTE, vol. 3, bl. 87)

NASB HERSIENE TEKS: 27:2-6

²In that day,
 “A vineyard of wine, sing of it!
³I, the LORD am its keeper;
 I water it every moment.
 So that no one will damage it,
 I guard it night and day.
⁴I have no wrath.
 Should someone give Me briars *and* thorns in battle,
 Then I would step on them, I would burn them completely.
⁵Or let him rely on My protection,
 Let him make peace with Me.”
⁶In days to come Jacob will take root,
 Israel will blossom and sprout,
 And they will fill the whole world with fruit.

27:2	
OAV	“’n wingerd van skuimende wyn”
NAV, CUM-NLV	“die goeie wingerd”
CUM-MVB	“die vrugbare wingerd”
NASB	“A vineyard of wine”
NKJV	“a vineyard of red wine”
NRSV, TEV	“a pleasant vineyard”
NJB, REB	“the splendid vineyard”
LXX	“a fair vineyard”
JPSOA	“a Vineyard of Delight”

Die Hebreeuse woord vir “goeie/”pleasant” is *hmd*, הַמְדָּה (BDB 326) wat in die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* gebruik word, maar die *Masoretiese Teks* en die *Dooie See Rolle* het ‘n “r” in plaas van die “d.” Die Hebreeuse woord vir wyn is *hmr*, הַמְרָה (BDB 330). Die puntuasie vir die vokale is in beide woorde dieselfde. Die *UBS Hebrew Text Project* gee “goeie/pleasant” ‘n C-gradering, d.w.s daar is redelike twyfel of dit die beste vertaling is!

Die wingerd is beeld van Israel (vgl. 5:1-7 en die Pesjitta), maar weens die universele aard van hoofstukke 24-27 kan die simboliek op die hele aarde dui (vgl. 26:21; en die voetnoot van JPSOA).

☐
OAV, NAV, CUMs “sing”
NASB “sing”
 Dit is ‘n *Pi’el*-IMPERATIEF (‘n opdrag; BDB 777, KB 854). Daar word verskeie “liedere” in hierdie literêre eenheid aangehaal. Kyk die aantekening by 26:1b.

27:3 JHWH het ‘n besondere verhouding (verbond) met die nageslag van Abraham gehad. Op ‘n unieke wyse was hulle sy volk. Maar vers 6 maak duidelik dat deur hulle sy oogmerk die hele wêreld was (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5).

27:4-5 Daar is heelwat KOHORTATIEWE en JUSSIEF-vorm in hierdie verse.

1. sal Ek. . .plattrap; (NAV), BDB 832, KB 979, *Qal*-KOHORTATIEF (die WERKWOORD kom slegs hier in die OT voor)
2. heeltetal verbrand; (NAV), BDB 428, KB 429, *Hifil*-IMPERFEKTUM in KOHORTATIEF-vorm gebruik
3. as hy nie kom skuil nie; (NAV), BDB 304, KB 302, *Hifil*-JUSSIEF
4. Hy, Israel, moet met My kom vrede maak (NAV), BDB 793, KB 889, *Qal*-IMPERFEKTUM in JUSSIEF [2 keer]

Vers 3 beskryf JHWH se beskermende houding teenoor die nakomelinge van Abraham; vers 4 beskryf sy ingesteldheid om Israel te beskerm teen vyande; vers 5 is ‘n oproep dat hulle op sy bewarende sorg moet vertrou; vers 6 is die goeie gevolg van seëninge wat die aarde sal vul (soos God dit in Gen. 1 bedoel het!)

27:4	
OAV	“grimmigheid”
NAV, CUM-MVB	“kwaad”
CUM-NLV	“woede”
NASB	“wrath”
NKJV	“fury”
TEV, JB	“angry”
NJB, LXX	“wall”
REB	“wine”
Pesjitta	“hedge”

Let op die verskeidenheid vertalingsopsies.

1. חמה (BDB 404), “toorn”/”kwaad” baie algemeen in Jesaja
2. חומה (BDB 327), “muur,” wat verskeie kere in hierdie literêre eenheid gebruik is (vgl. 2:15; 22:10,11; 25:12; 26:1).
3. חמר (BDB 330), “wyn,” maar wat selde voorkom (Jes. 27:2 en Deut. 32:14)

Die *UBS Hebrew Text Project* gradeer “wrath”/”kwaad” met ‘n “B”, wat beteken dat ‘n mate van twyfel oor dié vertaling tog bestaan.

27:5

OAV “Of hulle moet my beskutting aangryp”
NAV “soos in oorlog. . .platttrap. . .verbrand. . .as hy nie in my stad kom skuil nie”
CUM-MVB “As ‘n vyand. . .Ek vertrap. . .verbrand tensy hulle my beskutting aangryp”
CUM-NLV “Daardie vyande sal net gered word as hulle aan My oorgee”
NASB “Or let him rely on My protection”

Deel van God se Plan met die mens is dat hy moet antwoord gee (selfs sy vyande, vgl. vers 4 en 1:16-17, 18-20). Daar is ‘n Bybelse paradoks tussen die soewereiniteit van God in die geskiedenis en/versus sy geopenbaarde wil dat mense sal reageer in geloof. Kyk *Vir Speciale Aandag* by 1:3. Vers 5 is God se aanbod van vergifnis vir diegene uit die heidendom wat op Hom vertrou (vgl. 2:2-4; 42:6; 45:22; 49:6).

■

OAV, CUM-MVB “en vrede met My maak, vrede met My maak”
NAV, “Hy moet met My kom vrede maak”
CUM-NLV “as hulle aan My oorgee en vra vir vrede”
NASB “Let him make peace with Me”

Karakteristiek van Jesaja is die dubbele stelwyse van uitsprake in hierdie gedeelte. Sien die aantekening by 26:6.

Vrede is die allerbelangrikste aspek van ‘n gelowige se verhouding met God (vgl. 26:12; 32:17; 52:7; 54:10; 55:12; 57:2,19; 60:17; 66:12; Fil. 4:7,9) en met sy Messias (vgl. 9:6,7; 53:5; Rom. 5:1; Joh. 14:27; 16:33; 20:19,21,26). Dit beteken ook dat daar tussen nasies vrede moet heers (vgl. 2:4; 39:8), maar vir die goddelose is daar geen vrede nie (vgl. 48:22; 57:1; 59:18).

Hierdie vrede is JHWH se inisiatief, maar moet deur gelowiges aangeneem en uitgeleef word.

27:6 OAV “in die dae wat kom, sal Jakob wortel skiet, Israel sal bloei en uitbot, sodat hulle die wêreld vol vrugte sal maak”
NAV, CUM-MVB “In die dae wat kom, sal Jakob wortel skiet, Israel sal groei en lote maak. Die aarde sal vol word van hulle vrugte”
CUM-NLV “Die tyd kom dat my volk sal wortelskiet. Israel sal bot en blom en die hele aarde vul met vrugte”
NASB “Israel will blossom and sprout; And they will fill the whole world with fruit”

Hier dien die beeldspraak die gedagte dat Berg Sion hoër as die ander berge verhef sal word en dat alle versperrings weggeruim sal word sodat die hele wêreld na Jerusalem kan stroom om God daar te aanbid (vgl. 2:2-4; 24:23; 25:6,7; 27:13). Hierdie geloofshandeling is die algehele teenoorgestelde van 26:18. Dalk word met die vrug bedoel, “die wat aan God behoort. . .hulle liggame sal weer opstaan.”(26:19 – CUM-NLV).

NASB HERSIENE TEKS: 27:7-11

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

⁷Like the striking of Him who has struck them, has He struck them?

Or like the slaughter of His slain, have they been slain?

⁸You contended with them by banishing them, by driving them away.

With His fierce wind He has expelled *them* on the day of the east wind.

⁹Therefore through this Jacob’s iniquity will be forgiven;

And this will be the full price of the pardoning of his sin:

When he makes all the altar stones like pulverized chalk stones;

When Asherim and incense altars will not stand.

¹⁰For the fortified city is isolated,

A homestead forlorn and forsaken like the desert;

There the calf will graze,

And there it will lie down and feed on its branches.

¹¹When its limbs are dry, they are broken off;

Women come *and* make a fire with them,

For they are not a people of discernment,

Therefore their Maker will not have compassion on them.

And their Creator will not be gracious to them.

27:7 Hierdie is 'n uiters moeilike vers. Dit maak die stelling die volke wat God gebruik het om Israel te oordeel, ook onder oordeel gebring sal word (vgl. 47:6).

Herhaling van woorde en frases is kenmerkend van hierdie betrokke literêre eenheid (vgl. 26:6). Die NAAMWOORD hier מַכָּה (BDB 645, KB 697, *Hifil*-VROULIK), wat dikwels gebruik is om oordeel oor die volk van God aan te kondig (vgl. Lev. 26:21; Deut. 28:61; Jer. 30:12); “om te verwond” of “om te slag,” word gevolg deur 'n soortgelyke WERKWOORD נָכָה (BDB 645, KB 697, *Hifil*-DEELWOORD en *Hifil*-PERFEKTUM). Daarmee word aangedui dat diegene wat aangewend was om die volk van God te straf te wagte moet wees om baie erger gestraf te word as wat hulle aan die volk van God toegedien het (NET Bybel).

27:8

OAV “hom”
NAV, CUM-MVB “hulle”
CUM-NLV “haar”
NASB “them”

Die “hulle”/“haar” van vers 8 dui op Israel wat verstoot is (vgl. die konteks; BDB 936, KB 1224, *Qal*-IMPERFEKTUM; sien Hosea 2:2) omdat “sy” die verbond verbreek het (vgl. 50:1). Daarom het God vreemde oorheersers aangebring om sy volk te oordeel (vgl. Deut. 28:49-57), by name Assirië (vgl. Jes. 10:5) en Babilon (vgl. Jes. 14). Maar hulle sou hulle oordeel ook ontvang!

☐

OAV “Met mate het U met hom afgereken toe U hom verstoot het”
NAV “deur hulle te verjaag en weg te dryf”
CUM-MVB “oorlog en ballingskap/gevangenskap”
CUM-NLV “net ‘n klein bietjie gestraf. . . uit die land verban”
NASB “by banishing them”
NKJV “in measure”
NRSV “by expulsion”
NJB “by expelling”
LXX “dismiss”
Pesjitta “in measure by which he has measured”

Die MT het בַּסְּאֵמָה (die woord net op hierdie plek), wat verstaan kan word as

1. בַּסְּאֵמָה, “met mate – in mate”(vgl. Pesjitta, OAV, CUM-NLV; BDB 684, KB 738, *Pilpel*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS, vgl. Targoems en die Vulgaat)
2. of בַּסְּאֵמָה “om te verjaag/weg te dryf” (sien ook die volgende paragraaf)

Die *UBS Hebrew Text Project* gradeer #1 met ‘n “B” wat ‘n mate van twyfel beteken omdat in hierdie literêre eenheid (24-27) woordherhaling (verdubbeling) so algemeen voorkom.

Die daaropvolgende Hebreeuse woord is בַּשְׁלִיחַה (bšlḥh), BDB 1018, KB 1511, *Pi’el*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS, wat “wegstuur in ballingskap” beteken. Verskeie vertalings hierbo het die eerste WERKWOORD nie vertaal nie en met die tweede WERKWOORD volstaan.

☐

OAV “Hy het hom verdrywe”
NAV “deur hulle te verjaag en weg te dryf”
CUM-MVB “deur oorlog en ballingskap”
CUM-NLV “Hy het hulle uit die land verban”
NASB “by driving them away”

Die Hebreeuse WERKWOORD (BDB 212, KB 237, *Qal*-PERFEKTUM) dui op ‘n skoonmaakproses en uitsuiwer van onsuiverheid soos in silwer (vgl. Spr. 25:4).

☐

OAV “op die dag van die oostewind”
NAV, CUMs “met ‘n sterk wind. . .ooste toe”
NASB “east wind”

Soms word hierdie uitdrukking as aanduiding van die Babiloniese magte gebruik (vgl. 46:11; Eseg. 17:10; Hos. 13:15) wanneer hulle Palestina binneval. Inaggenome vers 7, kan dit nie die verklaring wees nie. Dit is dan bloot ‘n metafoor wat van goddelike oordeel spreek (vgl. Eks. 10:13; Ps. 48:7; Jer. 18:17). Die oostewind kan egter ‘n seënryke gebeure wees (vgl. Eks. 14:21; 15:10; Num. 11:31; sien NIDOTTE, vol. 3, bl. 871-873).

27:9 Vele meen dat hier bevestiging geskied dat Israel/Juda vergifnis ontvang omrede die oordeel wat hulle uit die hand van God ervaar het. Maar ook moet hulle alle oorblyfsels van die vrugbaarheidskultusse uit hulle geledere verwyder, aldus reëls 3 en 4. Vergifnis moet as in lyn met die Lydende Kneg van Jes. 52:13-53:12 gesien word. Wat beteken dat die een waarheid nie sonder die ander geld nie. Aan die een kant handel God in die geskiedenis van die mensdom, maar aan die ander kant kom redding deur die Messias, wat vanselfsprekend in geloof en getrouheid nagevolg moet word.

☐
OAV “altaarklippe. . .heilige boomstamme”
NAV, CUM-MVB “altaarklippe. . .gewyde pale”
CUM-NLV “heidense altare. . .’n Asjerapaal”
NASB “altar stones. . .Asherim”

Hierdie was simbole van die manlike en vroulike godendom in die vrugbaarheidskultusse van Kanaän, wat op die ware geloof in JHWH totaal afbrekend ingewerk het. Dit moes vernietig word! Sien *Vir Spesiale Aandag* by 17:8.

☐
OAV, NAV, CUM-MVB “kalkklip”
CUM-NLV “altare tot stof”
NASB “chalk stones”

Hierdie woord (BDB 162) kom net hier in die OT voor. Dit is ‘n sagte klip wat maklik tot poeier gestamp word. Dieselfde woord, maar in Aramees, (vgl. Dan. 5:5) is muurpleistering in die banketsaal van Belsasar se paleis. Hy was die kleinseun van Nebukadneser.

27:10
OAV “want die versterkte stad is eensaam. . .verlate”
NAV, CUM-MVB “Die versterkte stad lê verwoes. . .verlate”
CUM-NLV “Israel se versterkte stad sal stil en leeg wees”
NASB “For the fortified city is isolated”

Hierdie is woordspel op “stad.” Sien die *Vir Spesiale Aandag* by 24:10 en die tabel by hoofstuk 26, Inleiding D.

27:11 Die beeldspraak van ‘n verlate weiveld (vers 11, reëls 1-2) suggereer die ballingskap van die sondebeluste volk van God in aansluiting by vers 10.

‘n Ongehoorsame Bondsvolk word soos volg geskets

1. ‘n volk sonder onderskeidingsvermoë/onnosel (CUM-NLV)
2. hulle Maker (vgl. 43:1,7; 44:2,21,24; Deut. 32:18), se geduld is op/nie langer liefhê nie (NAV)
3. en hulle Skepper sal nie langer teenoor hulle genadig wees nie

NASB HERSIENE TEKS: 27:12-13

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹²In that day the LORD will start His threshing from the flowing stream of the Euphrates to the brook of Egypt and you will be gathered up one by one, O sons of Israel. ¹³It will come about also in that day that a great trumpet will be blown, and those who were perishing in the land of Assyria and who were scattered in the land of Egypt will come and worship the LORD in the holy mountain at Jerusalem.

27:12-13 Hierdie blyk ‘n slotopmerking in ‘n literêre eenheid te wees. Vers 12 meld van God se handeling in ‘n eskatologiese insameling waartydens die getroues en die ontroues geskei sal word (vgl. Mat. 13:36-43; 24:31; 25:32); Dit is nasionale beeldspraak as hy na die uiterste grense van die Beloofde Land gewag maak soos daarna in die OT so dikwels verwys word (vgl. Gen. 15:18; 1 Kon. 8:65; Eseg. 47:15-19). Vers 13, aan die ander kant, se fokus is internasionaal op daardie heidenvolke buite die volk van God, wat ook genooi word om in geloof na God toe te kom (vgl. 15:18; 19:18-25).

In hierdie twee verse kom Deut. 30:1-10 in eskatologiese beeldspraak te staan.

27:12
OAV “van die stroom van die Eufraat af”
NAV “van die Eufraat af”
CUM-MVB “van die Rivier af”
CUM-NLV “van die Eufraat in die ooste”
NASB “from the flowing stream”

Hierdie woord (BDB 987) het twee betekenisse

1. ‘n stroom wat vloei, BDB 987 I; Ps. 69:2,15
2. optel van koringare, BDB 987 II, vgl. 17:5; Gen. 41:5,6,22,23,24,26,27; Rut 2:2; Job 24:24. Die hoofstuk gebruik beide: #1 stem ooreen met die sinspeling van vers 1, maar #2 volg uit die onmiddellike WERKWOORD “uitdors” [soos op ‘n dorsvloer] en daarmee word ‘n metafoor geskep van oordeel, maar wat oesinsameling impliseer.



OAV	“die spruit van Egipte”
NAV, CUM-MVB	“die grens van Egipte”
CUM-NLV	“die stroom van Egipte”
NASB	“the brook of Egypt”

Dit dui op die *Wadi El arish* wat as die suidgrens van die Beloofde Land beskou word.

27:13

OAV	“sal daar met ‘n groot basuin geblaas word”
NAV, CUM-MVB	“sal die groot ramshoring geblaas word”
CUM-NLV	“sal die groot trompet geblaas word”
NASB	“in that day a great trumpet will be blown”

Die basuin is ‘n kultiese of militêre instrument wat metafoeries in verband met die eindtyd (eskatologies) dikwels aangewend word.

1. aanbidding, Eks. 19:16, 19; Lev. 25:9; Num. 10:2,8,10; 1 Kor. 15:24
2. militêr, Num. 10:9; Josua 6; Rigt. 3:27; 6:34; 7; 1 Sam. 13:3; 2 Sam. 2:28
3. eskatologies, Jes. 27:13; moontlik ook Sag. 9:14; Mat. 24:31; 1 Kor. 15:52; 1 Tess. 4:16

VIR SPESIALE AANDAG: DIE GEBRUIK VAN HORINGS IN ISRAEL

In Hebreeus is daar vier woorde wat met die horing of trompet geassosieer word.

- 1) Die ramshoring, BDB 191 – omskep in ‘n instrument vir geluidproduksie, vgl. Jos. 6:5. Dieselfde woord was gebruik in verband met Abraham en die ram gevang met horings in die bos wat in plek van Isak geoffer sou word, Gen. 22:13.
- 2) Met betrekking tot “trompet,” vgl. DBD 1051 – ‘n woord uit Assiries vir ‘n wilde skaap (ibex). Dit is die “horing” waarvan daar sprake was in Eks. 19:16,19 by berg Sinai/Horeb. Hierdie #1 en #2 het ‘n parallel in Jos. 6:5. Dit het te te van aanbidding of gereedmaak vir oorlog aangekondig. Jerigo was ‘n voorbeeld van beide (vgl. Jos. 6:4).
- 3) Die ramshoring – die Fenisiese woord vir ‘n ram, BDB 385, Jos. 6:4,6,8,13. Dit staan ook vir die oproep tot die Jubeljaar (vgl. Lev. 25:13,28,40,50,52,54; 27:17,18,23,24).

Hierdie genoemde drie woorde is afwisselend gebruik sonder dat bedoelings verskil het. Die Misjna (RH 3.2) het enige dier se horing toegelaat – skaap, bok, of wildsbok, maar nie van ‘n bees nie.

- 4) Van die WERKWOORD “om uit te strek” kom “trompet” wat eintlik ‘n reguit versilwerde been impliseer (nie gekrom soos dierehoring nie), BDB 348. Dit was Egipties van herkoms wat vorm betref en is gebruik vir
 - a. aanbiddingsrituele (vgl. Num. 10:2,8,10; Esra 3:10; Neh. 12:35,41)
 - b. militêre doeleindes (vgl. Num. 10:9; 31:6; Hos. 5:8)
 - c. koninklike geleenthede (vgl. 2 Kon. 11:14).

So ‘n metaal-horing is op die Titus-boog in Rome gedrapeer. In sy *Antiquities* (3.12.6) beskryf Josefus ook die variasie van trompette.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Wie of wat is die Leviatan in Jes. 27:1?
2. In watter verband staan Jes. 27:5 met 1:16-17?
3. Waarom is Jes. 27:6 so belangrik in die lig van God se plan vir Jerusalem?
4. Op watter manier is Jes. 27:12 en 13 ‘n sprekende voorbeeld van die hele literêre eenheid (24-27)?

JESAJA 28

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
		Oracles Concerning Judah and Ephraim (28:1-35:10)			
Ephraim's Captivity 28:1-8 (1-8)	Woe to Ephraim and Jerusalem 28:1-4 (1-4) 28:5-8 (5-6) (7-8)	Against Religious Leaders 28:1-13 (1-4) (5-8)	A Warning in the Northern Kingdom 28:1-4 Isaiah and the Drunken Prophets of Judah 28:5-6 28:7-8	Against Samaria 28:1-4 (1-4) Against False Prophets 28:5-6 (5-6) 28:7-13 (7-13)	Ellende wag vir Samaria 28:1-6 Teen die priesters en profete in Jerusalem 28:7-13
28:9-13 (9-13)	28:9-10 (9-10) 28:11-13 (11-13)	(9-10) (11-13)	28:9-10 28:11-13		
Judah Is Warned 28:14-22 (14-15)	28:14-15 (14-15) A Cornerstone of Zion 28:16-22 (16b-19) (20-22)	Against Civil Leaders 28:14-22 (14-22)	A Cornerstone for Zion 28:14-17a 28:17b-21 28:22	Against Evil Counselors 28:14-17a (14-17a) 28:17b-22 (17b-22)	Ek gaan in Sion 'n klip neersit 28:14-22
28:23-29 (23-29)	Listen to the Teaching of God 28:23-29 (23-26) (27-29)	Parable of the Farmers 28:23-29 (23-26) (27-29)	God's Wisdom 28:23-29	A Parable 28:23-29 (23-29)	Kennis wat van die Here af kom 28:23-29

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INSIG UIT DIE KONTEKS

- A. Jesaja 28:1-33:24 is 'n eenheid wat ses oordele aankondig omdat Juda onder koning Hiskia 'n bondgenootskap met Egipte teen Assirië gesluit het; sien die tabel, *Konings van die Verdeelde Ryk*, in die Bylae-afdeling, #3. My datums kom van geleerdes soos John Bright (715-687), E.J. Young (727-699) en R.K. Harrison (716/15-687/86). Die historiese tydperk is ongeveer 705-701 v.C. toe die Assiriese heerser, Sanherib, die land binnegeval het (701 v.C.)
- B. Jesaja 28:1-6 handel oor die val van Israel voor Assirië. Israel se hoofstad, Samaria, het in 722 v.C. na 'n beleg van drie jaar voor Sargon II geswig.
- C. Hierdie Sargon II het in 705 v.C. gesterf (vgl. die tabel in die bylaag drie: *'n Kort Historiese Oorsig oor die Moondhede van Mesopotamië*). Talle van die onderhorige nasies het die geleentheid aangegryp om die Assiriese juk af te werp. Die opvolgende heerser, Sanherib, het Juda in 701 v.C. binnegeval. Ons weet uit Assiriese dokumente dat hy ses-en-veertig ommuurde dorpe ingeneem het en die opstand so onderdruk het.
- D. 'n Kort oorsig oor hierdie hoofstuk
1. ellende oor die drinkebroers van Efraim, verse 1-6
 2. ellende oor die dronkaard priesters en profete van Juda, verse 7-13
 3. ellende oor die maatskaplike leidliede van Juda, verse 14-22
 4. 'n gelykenis uit die landboulewe, verse 23-29

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 28:1-8

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

- ¹Woe to the proud crown of the drunkards of Ephraim,
And to the fading flower of its glorious beauty,
Which is at the head of the fertile valley
Of those who are overcome with wine!
²Behold, The Lord has a strong and mighty agent;
As a storm of hail, a tempest of destruction,
Like a storm of mighty overflowing waters,
He has cast it down to the earth with His hand.
³The proud crown of the drunkards of Ephraim is trodden under foot.
⁴And the fading flower of its glorious beauty,
Which is at the head of the fertile valley?
Will be like the first-ripe fig prior to summer,
Which one sees,
And as soon as it is in his hand,
He swallows it.
⁵In that day the LORD of hosts will become a beautiful crown
And a glorious diadem to the remnant of His people;
⁶A spirit of justice for him who sits in judgment
Strength to those who repel the onslaught at the gate.
⁷And these also reel with wine and stagger from strong drink:
The priest and the prophet reel with strong drink,
They are confused by wine; they stagger from strong drink;
They reel while having visions, they totter when rendering judgment.
⁸For all the tables are full of filthy vomit, without a single clean place.

28:1

OAV	“WEE”
NAV, CUM-MVB	“Ellende”
CUM-NLV	“Verwoesting wag”
NASB	“Woe”

Hierdie term (uitroep) is karakteriserend van die hele gedeelte (ses maal “ellende” [NAV], vgl. 28:1; 29:1,15; 30:1; 31:1; 33:1). Die term weerspieël die poëtiese ritme van 'n begrafnislied.



OAV, NAV, CUM-MVB “die dronkaards van Efraim”

CUM-NLV “Israel se dronklappe”
NASB “the drunkards of Ephraim”

Verse 1-4 is die profeet se oordeel gerig aan die godsdienstige en politieke leierskap van die Noordelike Tien Stamme. ‘n Hele reeks verwysings volg wat betref hulle alkoholmisbruik (vgl. verse 1 [twee keer], 3, 7; Hos. 7:5). Die misbruik van alkohol dien dikwels as metafoor vir swak oordeel wat dan uitloop op goddelike oordeel. Sien *Vir Speciale Aandag* by 1:22.

Sedert die skeuring van die Ryk van Dawid en Salomo in die tyd van Rehobeam (922 v.C.), is die Noordelike Ryk onder die volgende name beken:

1. Israel (samevattende titel)
2. Efraim (die grootste stam)
3. Samaria (die hoofstad)



OAV “sy pronksieraad, wat daar is op die top van die vrugbare dal”
NAV, CUM-MVB “die stad hoog bokant die vrugbare vallei”
CUM-NLV “Die stad is in ‘n ryk vallei”
NASB “which is at the head of the fertile valley”
NKJV “which is at the head of the verdant valleys”
NRSV, JPSOA “which is on the head of those bloated with rich food”
NJB “sited at the head of the lush valley”
Pesjitta “at the entrance of the fertile valley”
REB “on the heads of those who drip with perfumes ”

Hierdie dubbelsinnige frase kan dui op

1. Samaria geleë op ‘n hoë heuwel
2. die voorlopers van die dronkaards

Die REB volg die DSS (Dooie See Rolle) se Jesaja-manuskrip.

28:2

OAV “die HERE het een wat sterk en magtig is”
NAV, CUM-MVB “Want die Here het iemand tot sy beskikking wat sterk en magtig is”
CUM-NLV “Want die HERE het iemand wat sterk en magtig is”
NASB “the Lord has a strong and mighty agent”

Dit sinspeel op die Assiriese Ryk wat deur JHWH gestuur word om Israel te straf (vgl. Jes. 8:7; 10:5-6). Die ondergang van die Tien Stamme Ryk is voltrek met die inval van Sargon II en ‘n beleg van drie jaar wat die hoofstad Samaria laat oorgee het in 722 v.C. (vgl. 2 Kon. 17:6; 18:9-12). Al die inwoners van die stad is weggevoer na Medië. Die groot meerderheid het nooit teruggekeer nie.

Let daarop hoe die Here se werktuig uitgebeeld word

1. sterk
2. magtig
3. ‘n haelstorm (vgl. 30:30)
4. ‘n uitbarsting van vernietiging
5. ‘n storm van skrikwekkende oorstromings (vgl. 8:7-8)
6. met sy hand teen die grond gewerp (d.w.s. deur JHWH gestuur!)

28:4 Hierdie metafoor kom uit boerdery met ryp vye wat hoog is in aanvraag (vgl. Hos. 9:10; Miga 7:1). Hierdie vrugte word vinnig verorber en gou is daar niks oor nie. Dit weerspieël die lot van die Noordelike Tien Stamme wie se land afgevat en aan vreemdelinge gegee sou word.

28:5

OAV “In dié dag”
NAV, CUM-MVB “Daardie dag”
CUM-NLV “Dan”
NASB “In that day”

Sien die aantekening by 2:11. Die dag van JHWH se koms.



OAV “‘n sierlike kroon”
NAV, CUM-MVB “die kroon”
CUM-NLV “se kroon en eer”
NASB “a beautiful crown”

Dit is duidelik in kontras met die trotse kroon van die drinkebroers in Efraim (vgl. vers 1). In 28 vers 1 val die lig op Samaria, maar hier (vers 5) gaan dit oor ‘n herstelde Jerusalem waar die Messias regeer (vgl. verse 16-17).



OAV, NAV, CUM-MVB “krans”
CUM-NLV “trots”
NASB “diadem”

Hierdie is ‘n seldsame NAAMWOORD wat ‘n parallel of sinoniem vir “kroon” is (BDB 742). Dit was gebruiklik in verband met die koninklikes van Samaria (vers 1) en Juda (62:3).

Die leiers wat God aangestel het, het gaandeweg misluk. Daarom sal Hy self optree as hulle vors soos wat dit tevore bestem was (vgl. 1 Sam. 8:7; 10:19).

▣
OAV, CUM-NLV “van die oorblyfsel van die volk”
NAV, CUM-MVB “wat van sy volk oor is”
NASB “the remnant of his people”

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:9. Hierdie vers is binne die strofe wat na Israel verwys. Waarskynlik meer bepaald met dié groepie in gedagte wat eendag na Jerusalem sal terugkeer.

28:6 Hierdie vers beskryf die nuut bekroonde Dawidiese leier (vgl. 9:1-7; 11:1-5,10).

1. met ‘n gees van geregtigheid (veral 11:2)
2. wat die verdedigers van die stad sal oproep (d.w.s. Jerusalem)

28:7 Ek stem met JPSOA, TEV en NJB¹⁴ saam dat ‘n paragraafskeiding tussen verse 6 en 7 gemaak moet word, want verse 7 en 8 is terug by die genoemde drinkebroers van Juda (vgl. vers 14, Jer. 13:12-14 – ‘n sewetal opeenvolgende *Qal*-PERFEKTUM WERKWOORDE dui op ‘n blywende toestand onder die leierskap van Israel, soortgelyk aan verse 1-4).

▣
OAV “verward van die wyn”
NAV, CUM-MVB “beneweld. . . van die wyn”
CUM-NLV “dom besluite. . . van al die bier en wyn”
NASB, NRSV, NJB “confused by wine”
NKJV, ASV, LXX “swallowed up by wine”
JB “muddled with wine”
REB “befuddled with wine”

Die WERKWOORD in BDB 118 (*Nifal*-PERFEKTUM) beteken “afsluk” of “opslurp,” (vgl. 25:8; Gen. 41:7,24; Eks. 7:12; 15:12; Num. 16:30,32,34; 26:10; Deut. 11:6; Jer. 5:51:34).

In elk geval teken NIDOTTE, vol. 1, bl. 666-668 en KB 135-136 drie moontlike woordstamme aan.

1. KB 135 I, insluk; oorweldig
2. KB 136 II, aankondig, meedeel
3. KB 136 III, *Nifal*, verwar; *Pi’el* in 3:12; *Pual* in 9:16

28:8
OAV, NAV, CUMs “tafels”
NASB “tables”

Hierdie term (BDB 1020) kan dui op

1. die tafel van die koning (vgl. 21:5)
2. die goewerneur se tafel (vgl. Neh. 5:17)
3. privaat partytjies
4. offergeleentheid in die tabernakel (tempel)

NASB HERSIENE TEKS: 28:9-22

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

⁹To whom would He teach knowledge,
And to whom would He interpret the message?
Those *just* weaned from milk?
Those *just* taken from the breast?
¹⁰For He says,
“Order on order, order on order,
Line on line, line on line,
A little here, a little there.”
¹¹Indeed, He will speak to this people
Through stammering lips and a foreign tongue,
¹²He who said to them, “Here is rest, give rest to the weary,”

¹⁴ Ook CUM-NLV, NAV – vert.

And, "Here is repose," but they would not listen.
¹³So the word of the LORD to them will be,
 "Order on order, order on order,
 Line on line, line on line,
 A little here, a little there,"
 That they may go and stumble backward, be broken, snared and taken captive.
¹⁴Therefore, hear the word of the LORD, O scoffers,
 Who rule this people who are in Jerusalem,
¹⁵Because you have said, "We have made a covenant with death,
 And with Sheol we have made a pact.
 The overwhelming scourge will not reach us when it passes by,
 For we have made falsehood our refuge and we have concealed ourselves with deception."
¹⁶Therefore thus says the Lord GOD,
 "Behold, I am laying in Zion a stone, a foundation, firmly placed.
 He who believes in it will not be disturbed.
¹⁷I will make justice the measuring line
 And righteousness the level;
 Then hail will sweep away the refuge of lies;
 And the waters will overflow the secret place.
¹⁸Your covenant with death will be cancelled,
 And your pact with Sheol will not stand;
 When the overwhelming scourge passes through,
 Then you become its trampling place.
¹⁹As often as it passes through, it will seize you;
 For morning after morning it will pass through, anytime during day or night,
 And it will be sheer terror to understand what it means."
²⁰The bed is too short on which to stretch out,
 And the blanket too small to wrap oneself in.
²¹For the LORD will rise up at mount Perazim,
 He will be stirred up as in the valley of Gibeon,
 To do His task, His unusual task,
 And to work His work, His extraordinary work.
²²And now do not carry on as scoffers,
 Or your fetters will be made stronger;
 For I have heard from the Lord GOD of hosts
 Of decisive destruction on all the earth.

28:9-10 Die woorde van Jesaja (eerder JHWH se woorde deur hom) was 'n aanvat van (1) die godsdienstige leidliede of (2) diegene wat hy in verse 7-8 aangespreek het (vgl. Jer. 26:9-15; Amos 7:12; Miga 2:6-11).

28:10,13 Hierdie is 'n verwysing van verborge aard. Dit is herhalende gebruik van נָצַח (BDB 846 in Hos. 5:11 wat "bevel" beteken) en נָקַח (BDB 876 II, in vers 17 wat "maatlyn" beteken). Die godsdienstige drinkebroers het Jesaja verwytdat sy boodskappe kinderagtig en onverstaanbaar is (KB 1081 I, #2). Vers 11 is die reaksie van God op hulle mening oor Jesaja se boodskap.

28:11-13 So reageer Jesaja op die arrogansie van die godsdienstige leierskap van sy dag.

28:11

OAV "deur lippe wat hakkelt, en deur 'n vreemde tong"
 NAV, CUM-MVB "met stotterende woorde in 'n vreemde taal"
 CUM-NLV "deur die onbekende taal van vreemde verdrukkers"
 NASB "Through stammering lips and a foreign tongue"

So reageer God op die verwerping van sy profeet. In werklikheid sê Hy dat hulle dit moeilik vind om die profeet se eenvoudige woorde te verstaan, maar hoe sal hulle vaar onder geklank van die Assiriërs se taal (vgl. vers 13; 33:19; Jer. 5:15). Wanneer Paulus in 1 Kor. 14:21 oor die "spreek in tale" opmerkings maak, haal hy hierdie vers aan.

28:12

OAV "Hy. . .dit is die rus, gee rus aan die vermoedides"
 NAV "Die rus moet hier wees, gee hier vir die vermoede rus"
 CUM-MVB "Hierdie is die rusplek, gee hier vir die vermoede rus"
 CUM-NLV "Hier kan julle rus. Hier kan julle die moeë mense laat rus"
 NASB "Here is rest, give rest to the weary"

JHWH wou dat sy mense rus sou ken (BDB 629) en vrede (11:10; 30:15; 32:17,18).

Die WERKWOORD (BDB 628, KB 679) is ‘n *Hifil*-IMPERATIEF. Dit dui op Jesaja se boodskappe van hoop en herstel, as hulle maar na JHWH sou terugkeer, maar hulle wou nie (vers 12b).

Jesús het op soortgelyke manier op hulle ‘n beroep gedoen in Mat. 11:28-29.

28:13 Die enigste boodskap aan hulle het deur Jesaja gekom, maar hulle het dit verwerp tot hulle eie ondergang:

1. agteruit struikel; BDB 505, KB 502, *Qal*-PERFEKTUM, vgl. 3:8; 59:14
2. verbreek word; BDB 990, KB 1402, *nifal*-PERFEKTUM, vgl. 8:15
3. verstrik word; BDB 539, KB 530, *Nifal*-PERFEKTUM, vgl. 8:15
4. gevangeeneem word; BDB 539; KB 530, *Nifal*-PERFEKTUM, vgl. 8:15; 24:18

28:14

OAV, NAV, CUM-MVB “Hoor”

CUM-NLV “luister”

NASB “hear”

Hierdie WERKWOORD (BDB 1033, KB 1570, *Qal*-IMPERATIEF) was ‘n oproep om gehoorsaamheid, maar ook aankondiging van oordeel. Luister sou hulle nie (vgl. 28:12,14,22,23 [twee keer]; 29:18; 30:9,19,21,30; 32:3,9; 33:13,15,19; 34:1 [twee keer]). Dit word ‘n herhaalde tema – God probeer die weg van onderrig, maar tot luister kom hulle nie! “Hoor die woord van die HERE” is ‘n literêre aanduiding van ‘n “oordeelsuitspraak.”

▣

OAV “spotters”

NAV, CUMs “ligsinigies”

NASB “O scoffers”

Hierdie is ‘n CONSTRUCTUS-vorm (manne BDB 35 van Spotters BDB 539). Van hulle word dikwels in Spreuke melding gemaak (1:22; 29:8). Hoe veelseggend dat dit van leierskap in Juda en Jerusalem gesê moet word; mense wat van beter moes gewet het en groter vertroue aan die dag moes gelê het. In krisistyd kom ware leierskap tot openbaring of gebrek daaraan.

28:15

OAV “Ons het ‘n verbond met die dood gesluit, en met die doderyk ‘n verdrag”

NAV, CUM-MVB “Ons het ‘n ooreenkoms met die dood. . .’n verstandhouding met die doderyk”

CUM-NLV “Ons het ‘n ooreenkoms gesluit met die dood”

NASB “We have made a covenant with death”

Sarkasties teken Jesaja die houding van die leiers van Jerusalem. Dit dui op ‘n ooreenkoms (verbond, BDB 136; sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:19; ook die ongewone term “verdrag,” BDB 302, vgl. vers 18) wat Juda met Egipte gesluit het (vgl. 30:17). Dit is ‘n teologiese sinspeling op woorde van God aan Moses toe Hy vir sy volk ‘n keuse gestel het tussen lewe en dood in Deuteronomium 30:15-20 (sien i.d.v. aantekeninge oor Deuteronomium by www.freebiblecommentary.org). In hierdie geval het die keuse beskerming teen ‘n aardse militêre bedreiging beteken. Hulle kies dood!

▣

OAV, NAV, CUM-MVB “doderyk”

CUM-NLV “graf”

NASB “Sheol”

Hierdie uitdrukking sinspeel op ‘n bewaarplek vir die dode en dit is sinoniem met die Griekse “Hades.” Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:4.

▣

OAV “die golwende gésel”

NAV, CUM-MVB “die vloed aangestroom kom”

CUM-NLV “die kastyding”

NASB “overwhelming scourge”

NKJV, NRSV “overflowing scourge”

NJB “scourging flood”

JB “destructive whip”

LXX “the rushing storm”

REB “raging flood”

Die eerste term is ‘n DEELWOORD (BDB 1009, KB 1474, *Qal*-AKTIEF). Die tweede term bied die opsies (NIDOTTE, vol. 4, bl. 64-65)

1. הַטָּוּחַ (šṭf, BDB 1009) “oorstroom,” vgl. 8:8; 10:22 (d.w.s invallende leërmag)
2. הַטָּוּחַ (šwt, BDB 1002) “gesel,” “sweep,” vgl. 1 Kon. 12:11,14

OAV “deurtrek”
 NAV, CUM-MVB “aangestroom kom”
 CUM-NLV “verbystroom”
 NASB “passes by”
 Hierdie WERKWOORD (BDB 716, KB 778) is of ‘n *Qal*-IMPERFEKTUM (qere) of ‘n *Qal*-PERFEKTUM (ketiv), vgl. 26:20. Die WERKWOORD beteken om “aan te gee,” “deur te beweeg” of “verby te gaan.” Die uitdrukking word 34 keer in hierdie literêre eenheid (28-35) gebruik (vgl. 28:15,18,19 [twee keer] 29:5; 31:9; 33:8,21; 34:10; 35:8).

OAV “want ons het die leuen ons skuilplek gemaak en ons in bedrog weggesteek”
 NAV, CUM-MVB “Ons het die leuen ons skuilplek gemaak, ons kruip veilig weg agter die valsheid”
 CUM-NLV “Want ons het leuens ons veilige vesting gemaak, valsheid en bedrog ons skuilplek”
 NASB “For we have made falsehood our refuge and we have concealed ourselves with deception”

Wat ‘n tragedie as God se volk hulle daarop ingestel het om op eie vermoë en die krag van die vlees alleen staat te wil maak!

1. valsheid, BDB 469, vgl. vers 17 (veel hiervan in die Psalms en Spreuke)
2. misleiding, BDB 1005, vgl. 9:15; 32:7; 44:20; 57:4; 59:3,13 (veel hiervan in in Psalms en Spreuke en kom in Jeremia ook dikwels voor).

Die WERKWOORD – vorm van “skuiling” beteken dat vertroue op iets of in iemand gestel word. Daar is dikwels sprake van hoe in JHWH skuiling gesoek moet word.

1. JHWH as ‘n rots, Deut. 32:37; Ps. 18:2
2. JHWH soos ‘n hen vir kuikens, Rut 2:12; Ps. 36:7; 57:1; 61:4; 91:4
3. JHWH as ‘n skild, 2 Sam. 22:3,31; Ps. 18:30; 144:2; Spr. 30:5
4. in Hom, Ps. 2:12; 5:11; 7:1; 11:1; 16:1; 25:20; 31:119; 34:8,22; 37:40; 57:1; 118:8,9; 141:8; Jes. 57:13; Nah. 1:7
5. in die regterhand van JHWH, Ps. 17:7
6. in Sion, Jes. 14:32
7. in die naam van JHWH

28:16 Te midde van soveel oordeelsaankondiging breek ‘n treffende straal van teologiese hoop deur as JHWH sy Raadsplan van verlossing weereens openbaar maak. Die Messias sal kom! ‘n Enkele vers, maar so vol trefkrag!

Messiaanse titels word hier in metafore van boukonstruksie aangebied

1. Die term “rots” (BDB 6) word dikwels in verband met God gebruik; maar die term “hoeksteen” (BDB 819) word uniek ten opsigte van die Messias gebruik (vgl. Ps. 118:22; Mat. 21:42,44; Luk. 20:17; Han. 4:11; Rom. 9:33; 10:11; Ef. 2:20 1 Pet. 2:6-8)
2. Die term “beproefde”/“uitgesoekte” (BDB 6) is ‘n Egiptiese leenwoord met fyn tekstuur, geskik vir gravering. Dit beteken blykbaar dat God op die steen die frase van vers 16d sal graveer (Wie op My vertrou, sal nooit teleurgestel word nie – CUM-MVB). Die sleutelgedagte hier is “glo” met klem op “vertrou.”
3. Die term “fondament” (BDB 414) word net hier en in 2 Kor. 8:16 aangetref, waarmee Salomo se fondamentlegging van die tempel impliseer word. Let daarop dat die “fondament aan fondament” (NAV) geheg sal wees, stewig en goed. Weereens ‘n verdubbeling van die Hebreeuse woord om “vaste” in “vaste fondament” te kan wees (vgl. CUM-NLV en NASB).

Sien *Vir Spesiale Aandag: Hoeksteen* by 8:14-15 en ook *Vir Spesiale Aandag: Glo, Vertrou, Geloof en Getrouheid in die OT* by 22:23.

28:17
 OAV, NAV, CUMs “geregtigheid”
 NASB “justice”

Sien *Vir Spesiale Aandag: Oordeel, Veroordeling, Geregtigheid* by 3:1

OAV “riglyn. . .skietlood”
 NAV “maatstaf. . .toets”
 CUM-MVB “maatband/meetinstrument. . .skietlood/norm”
 CUM-NLV “maatlyn. . .norm”
 NASB “measuring-line. . .level”

So is in die boubedryf vir reguit getoets (vgl. 2 Kon. 21:13), horisontaal (BDB 876 II) en vertikaal (BDB 1054).

Reëls c en d is weer sinspeling op “water” (vgl. 27:12). Die “skuilplek van leuens” en die “geheime plek” dui waarskynlik op afgodspraktyke selfs in die tempel (vgl. Eseg. 8 en Deut. 27:15). JHWH praat nie in die geheim of ‘n donker plek nie, maar openlik in die lig (vgl. 45:19; 48:16).

28:18
 OAV “sal uitgewis word”

NAV, CUM-MVB	“word opgehef”
CUM-NLV	“kanselleer”
NASB, NKJV, NRSV	“canceled”
JB	“annulled”
TEV	“abolished”
NJB	“broken”
LXX, Pesjitta, REB	“will not stand”

Hierdie Hebreuse WERKWOORD (BDB 877, KB 1086, *Qal*-IMPERFEKTUM, beteken “om orent te kom,” “om te staan,” “om op te staan.” Metafories word hier aangedui dat presies dit nie sal gebeur nie (vgl. 7:7; 8:10; 28:18; Spr. 15:22). Die wil van God gaan alle menslike beplanning te bowe (vgl. 14:24-27; 40:8; Ps. 35:10-11; Spr. 19:21; Jer. 44:28)!

28:19 Hierdie vers haal weer die “oorweldigende gésel” van vers 18 op. Die invalsmag, vgl. 2 Kon. 24:2 sal by herhaling terugkom met geweldpleging en ontwingting. In kontras met 50:4 sal verwarring aan die orde wees.

28:20 Hierdie spreekwoord werp lig op die ontoereikendheid van menslike planne.

28:21

OAV	“die berg Pérasim. . .die dal by Gibeon”
NAV, CUM-MVB	“Perasimberg. . .die laagte by Gibeon”
CUM-NLV	“Perasimberg. . .die Amorieite by Gibeon”
NASB	“Mount Perazim. . .the valley of Gibeon”

Hier word herinner hoe God tot Dawid se hulp gekom het in sy stryd teen die Filistyne; hoewel, onder die huidige omstandighede is God nie aan die kant van Juda nie, maar wel aan die kant van Assirië (vgl. 2 Sam. 5:17-21; 1 Kron. 14:13-17).

■

OAV	“En om sy daad te verrig – ongehoord is sy daad”
NAV, CUM-MVB	“dit is iets vreemds wat Hy wil doen, dit is ‘n uitsonderlike taak”
CUM-NLV	“Hy sal kom om ‘n vreemde en ongewone ding te doen:”
NASB	“To do His task, His unusual task, And to do His work, His extraordinary work.”

Baie is van mening dat die ongewone van sy taak in die oordeel van sy volk gesien moet word. Ek dink eerder na aanleiding van die konteks ons die ongewone daarin moet sien dat Hy dit deur die God-afvallige Assirië doen (vgl. Habakuk, NIDOTTE, vol. 1 bl. 775).

28:22

OAV	“verdelging wat vas besluit is”
NAV, CUM-MVB	“dat dit by Hom vasstaan. . .verwoes”
CUM-NLV	“dit duidelik gemaak dat Hy julle gaan vermorsel”
NASB	“of decisive destruction”
NKJV	“a destruction determined”
NRSV	“a decree of destruction”
TEV	“decision to destroy”
NJB	“irrevocably decided”
REB	“destruction decreed”

Die WERKWOORD (BDB 358, KB 356, *Qal*-PERFEKTUM) in die *Qal*-vorm beteken “om te sny,” “om te verorden,” of “om te bepaal.”

1. duur van menseleef tyd (Job 14:5)
2. toekomsgebeure (Jes. 10: 22-23; Dan. 9:26-27). Geskiedenis is nie koersloos nie: dit is teleologies (verloop met ‘n toekomsdoel).

Geskiedenis verloop volgens ‘n God-bestemde plan en doel (naamlik die verlossing van ‘n gevalle mensdom, vgl. Gen. 3:15). Kyk na die stellings in die volgende:

1. Luk. 22:22
2. Han. 2:23
3. Han. 3:18
4. Han. 4:28
5. Han. 13:29

■

OAV	“die hele aarde”
NAV, CUM-MVB	“die hele land”
CUM-NLV	“julle”
NASB	“on all the earth”

Weer word gesinspeel op ‘n universele oordeel soos voorgehou in hoofstukke 24-27, maar dank God, daar kom ook ‘n universele verlossing (vgl. vers 16).

NASB HERSIENE TEKS: 28:23-29

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

²³**Give ear and hear my voice,
Listen and hear my words.**
²⁴**Does the farmer plant continually to plant seed?
Does he *continually* turn and harrow the ground?**
²⁵**Does he not level its surface
And sow dill and scatter cumin
And plant wheat in rows,
Barley in its place and rye within its area?**
²⁶**For his God instructs and teaches him properly.**
²⁷**For dill is not threshed with a threshing sledge,
Nor cartwheel driven over cummim;
But dill is beaten out with a rod and cummim with a club.**
²⁸**Grain for bread is crushed,
Indeed, he does not continue to thresh it forever.
Because the wheel of his cart and his horses *eventually* damage it,
He does not thresh it longer.**
²⁹**This also comes from the LORD of hosts
Who has made *His* counsel wonderful and *His* wisdom great.**

28:23-29 Hierdie is 'n gelykenis wat boerderymetafore van saai en oes wat betref verskillende soorte gewasse. Daarmee word te kenne gegee dat God weet wat Hy doen. Sy werkwyse met sy volk is volkome doelmatig in die geskiedenis van die mensdom wat betref die uitvoering van sy verlossingsplan.

28:23 Hierdie vers werk met 'n reeks IMPERATIEWE (bevele) van God (vers 29) aan sy volk, maar deur die optrede van sy profeet (voorbeeld uit die NAV).

1. Gee aandag, BDB 24, KB 27, *Hifil-IMPERATIEF*
2. luister, BDB 1033, KB 27, *Hifil-IMPERATIEF* ("hear my voice," NASB)
3. let op, BDB 904, KB 1151, *Hifil-IMPERATIEF*
4. luister (dieselfde as #2)

Maar hulle wou nie: hulle kon nie (vgl. 6:9-10).

28:28

OAV "Nee, nie altyddeur dors hulle dit nie"
NAV, CUM-MVB "Maar 'n mens hou nie eindeloos aan om dit te laat trap. . .nie"
CUM-NLV "Daarom moet 'n mens nie aanhou om dit te slaan nie"
NASB "he does not continue to thresh it forever"

Hier word die **INFINITIVUS ABSOLUTUS** gevolg deur dieselfde woordstam (**WERKWOORD**) in die **IMPERFEKTUM** om uitdrukking aan intensiteit te gee (BDB 190, KB 218). As dit op oordeel aankom, pas JHWH net die regte mate daarvan toe, nie te veel nie, ook nie te min nie!

29:29 Wanneer die Woord van God aangehoor en eerbiedig word, kom daar hulp en hoop en blyskap!

JESAJA 29

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Jerusalem Is Warned	Woe To Jerusalem	Judah's Eventual Restoration	The Fate of Jerusalem	On Jerusalem	Straf vir Jerusalem en sy vyande
29:1-4 (1-4)	29:1-4 (1-4)	29:1-8 (1-4)	29:1-4	29:1-12 (1-4)	29:1-8 (1-4)
29:5-8 (5-8)	29:5-8 (5-8)	29:5-8 (5-8)	29:5-8	29:5-8 (5-8)	29:5-8 (5-8)
29:9-12 (9-10)	The Blindness of Disobedience 29:9-10 (9-10)	Spiritual Insensibility 29:9-10 (9-10)	Disregarded Warnings 29:9-12	29:9-12 (9-10)	Hulle hart is nie by my nie 29:9-16
29:13-14 (13-14)	29:11-12 29:13-14 (13-14)	29:11-12 29:13-21 (13-14)	29:13-14	Prophecy 29:13-14 (13-14)	
29:15-16 (15-16)	29:15-16 (15-16)	29:15-16 (15-16)	Hope for the Future 29:15-16	The Triumph of Light 29:15-24 (15-24)	
Blessing After Discipline 29:17-21 (17-21)	Future Recovery of Wisdom 29:17-21 (17-21)	29:17-21 (17-21)	29:17		Die wat gedwaal het, sal insig kry 29:17-24
29:22-24 (22-24)	29:22-24 (22b-24)	29:22-24 (22b-24)	29:18-21 29:22-24		

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Die *Jewish Study Bible* (bl. 839-840) verdeel die hoofstuk in drie gedigte van afsonderlike aard.
 1. verse 1-8 (begin met “ellende” – uitroep (NAV))
 2. verse 9-1
 3. verse 15-24 (begin ook met “ellende” – uitroep (NAV))
- B. Israel word herhaaldelik herinner aan die probleme waarvoor hulle te staan gekom het.
 1. 3:25-5:6
 2. 8:6-8; 8:22-9:1

- C. Die historiese tydgewrig waarbinne hierdie hoofstuk inpas, is blykbaar die inval van Sanherib (701 v.C.) in Juda. Die Judese landskap is verwoes, hoewel Jerusalem volgens die teologie van Jesaja vrygekom het.
1. Jes. 36-39
 2. 2 Kon. 18-19
 3. 2 Kron. 32

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE UITGAWE: 29:1-4

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹Woe, O Ariel, Ariel the city where David once camped!
Add year to year, observe your feasts on schedule.
²**I will bring distress to Ariel.**
And she will be a city of lamenting and mourning;
And she will be like an Ariel to me.
³**I will camp against you encircling you,**
And I will set siege works against you.
And I will raise up battle towers against you.
⁴**Then you will be brought low;**
From the earth you will speak
And from the dust where you are prostrate
Your words will come.
Your voice will also be like that of a spirit from the ground,
And your speech will whisper from the dust.

29:1 “Wee,”/“ellende” Sien die aantkening by 5:8.



OAV, NAV, CUMs “Ariël”

NASB “Ariel”

Verse 1,2,7. Hierdie term kan die volgende beteken

1. helde, vgl. 2 Sam. 23:20; 1 Kron. 11:22 (BDB 72 I, #3)
2. leeu van God (BDB 72 #1)
3. vuurherd van God (BDB 72 II)

In ooreenstemming met Eseg. 43:15-16 word die term gebruik vir ‘n altaar-vuurmaakplek; vgl. vers 2 “vuurherd” (CUM-NLV). Ek glo dit dui op die “vuurherd van God”, wat duidelik uit 31:9 blyk. Uit vers 7 is dit duidelik ‘n heenwysing op Jerusalem net soos wat die eerste vier verse van hoofstuk 28 oor die Noordelike Tien Stamme en Samaria handel het.



OAV “voeg jaar by jaar; laat die feeste hulle kringloop volbring”

NAV, CUM-MVB “Laat die jare op mekaar volg, laat die feestye hulle verloop neem”

CUM-NLV “Laat jaar op jaar en die feessiklus voortgaan”

NASB “Add year to year, observe your feasts on schedule”

Hierdie tweede reël van vers 1 beklemtoon die seining dat verse 1-4 oor Jerusalem handel, die plek waar Israel se feeste gevier word (vgl. Eks. 23: Deut. 16).

1. “voeg” (OAV); BDB 414, *Qal*-IMPERATIEF
2. “voortgaan”/“observe” (CUM-NLV/NASB), BDB 668, KB 722, *Qal*-IMPERFEKTUM in JUSSIEF aangewend.

29:2-3 Hierdie verse beskryf wat JHWH aan sy eie uitverkore stad sal doen (Jerusalem, die plek waar Hy sy naam sou laat woon; vgl. Deut. 12:5,11,21; 14:23,24; 16:2,6,11; 26:2).

1. Ek sal Ariël benoud maak; BDB 847, KB 1014, *Hifil*-PERFEKTUM, vgl. vers 7; 51:13 (twee keer); Deut. 28:53,55,57.
2. die stad sal
 - a. weeklaag; BDB 58, vgl. 21:2; 35:10; 51:11
 - b. treur; BDB 58, dubbele inspan van ‘n woord so tipies aan Jesaja; kyk ook na Klaagl. 2:5
 - c. soos ‘n uitgebrande vuurherd/stookoond (van die altaar) wees; BDB 72 en verse 1,2,7
3. Ek sal jou beleër (CUM-MVB); BDB 333, KB 332, *Qal*-PERFEKTUM; vgl. Luk. 19:43,44
4. skanse teen jou oprig (OAV); BDB 848 II, KB 1015, *Qal*-PERFEKTUM, vgl. 21:2
5. wagposte/battle towers (OAV/NASB); BDB 877, KB 1086, *Hifil*-PERFEKTUM, vgl. 23:13

29:4 Hierdie vers werk met ‘n reeks metafore vir “dood.”

1. jy sal val/be brought low (NAV/NASB); BDB 1050, KB 1631, *Qal*-PERFEKTUM
2. jy sal uit die grond uit praat (NAV); BDB 180, KB 210, *Pi 'el*-IMPERFEKTUM
3. uit die stof waar jy begrawe lê (CUM-NLV); BDB 1005, KB 1458, *Nifal*-IMPERFEKTUM
4. jou stem. . .soos die gefluister van 'n spook (CUM-NLV); BDB 224, KB 283, *Qal*-PERFEKTUM
5. uit die stof sal jou woord piep (OAV); BDB 861, KB 1050, *Pilpel*-IMPERFEKTUM

Hierdie konteks het nie met okkultisme te doen nie (soos in Deut. 18:9-12,14), maar is 'n metaforiese beskrywing van Jerusalem op die rand van ondergang, roepende tot God in 'n swak stemtoon, platgeslaan en aan die sterwe.

NASB HERSIENE TEKS: 29:5-8

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

**⁵But the multitude of your enemies will become like fine dust
And the multitude of the ruthless ones likes the chaff which blows away;
And it will happen instantly, suddenly.
⁶From the LORD of hosts you will be punished with thunder and earthquake and loud noise,
With whirlwind and tempest and the flame of consuming fire.
⁷And the multitude of all the nations who wage war against Ariel,
Even all who wage war against her and her stronghold, and who distress her,
Will be like a dream, a vision of the night.
⁸It will be as when a hungry man dreams--
And behold, he is eating;
But when he awakens, his hunger is not satisfied,
Or as when a thirsty man dreams--
And behold, he is drinking,
But when he awakens, behold, he is faint
And his thirst is not quenched.
Thus the multitude of Zion will be
Who wage war against Mount Zion.**

29:5-6 Hierdie is 'n dramatiese omkeer in die konteks deur hierdie twee verse. God het aangedui dat hy Jerusalem sal oordeel, maar nou belof Hy om Jerusalem te red van die beleg soos wat in Jesaja 36-37 meegedeel word. In vers 6 word 'n storm-metafoor gebruik om God te beskryf!

Dit kom herhaaldelik voor in die Profete. 'n Heelwat sterker storm-metafoor word in 30:27-33 gebruik.

Wat sal JHWH, die HERE van die leërskaer (vers 6) aan die aanvallers van Israel doen?

1. hulle sal soos stof word
2. soos kaf wat die wind vestrooi
3. dit sal skielik, in 'n oogwink oor hulle kom (NAV); albei terme in BDB 837, פתע, vgl. 30:13 en פתאע, vgl. ook 47:11; 48:3
4. hulle sal gestraf word (letterlik: "besoeking aan hulle gedoen," BDB 823, KB 955, *Nifal*-IMPERFEKTUM) met verskyning van donderweer (BDB 947)
5. sal met aardbewings gestraf word (BDB 950)
6. ook met 'n magtige dreuning (NAV); BDB 876, sien in 33:3 die profetiese aspek, wat beteken dat dit 'n parallel met 1 Tessalonisense 4:16 mag wees
7. gestraf met dwarrelwinde (CUM-NLV); BDB 693
8. en stormweer (CUM-NLV); BDB 704
9. met verterende vuur (NAV); BDB 529, CONSTRUCTUS, BDB 77; WERKWOORD, BDB 37, KB 46, *Qal*-AKTIEF DEELWOORD)

So lui die beskrywing van JHWH se besoek om te oordeel (vgl. 28:2). Hierdie tipe van gewelddadigheid was 'n aanvang van die apokaliptiese taal oor 'n ewe gewelddadige eindtyd.

29:5

OAV	"vyande/tiranne"
NAV, CUM-MVB	"hordes vyande/wrede hordes"
CUM-NLV	"vyande"
NASB, NJB, REB	"enemies"
NKJV, NRSV	"foes"
NASB, NRSV	"strangers"
TEV	"foreigners"
Pesjitta	"oppressors"

Die Masoretiese teks (MT) het "van jou vreemdelinge" (׀ַרְרִי), BDB 266, KB 267, *Qal*-AKTIEF DEELWOORD), maar daar is 'n moontlikheid van 'n "r" en "d" omruiling/verwarring. Uit die Targoems kom die Hebreeuse woord ׀ַרְרִי ("jou vyande") wat hier ingeskryf geraak het.

29:7-8 Hierin word angsdrome (nagmerries) beskryf (letterlik “droom”, BDB 321; “’n visioen in die nag”, BDB 302, CONSTRUCTUS – vorm 538) om die afloop van God se handeling met Juda en Assirië te beskryf. Assirië se oorwinning sal soos ‘n angsdroom by Juda verbygaan (vers 7), maar in vers 8 tref die angsdroom ook die leërafdelings van Assirië (vgl. 2 Kon. 19:35-37; 2 Kron. 32; en Jes. 36-37).

29:7

OAV “teen sy bergvesting”
NAV, CUM-MVB “hom en sy vestings”
CUM-NLV “haar mure”
NASB, NRSV “her stronghold”
NKJV “her fortress”
NJB “besieging”
REB “siege-works”

Die verskil tussen die twee opsies is die “R” en “D” verwarring.

1. vesting/bergvesting, BDB 845 II (רמצרתה)
2. beleëring/besieging (NJB); BDB 849,(רמצרתה)

Die *UBS Hebrew Text Project* gradeer #1 met ‘n “C” d.w.s taamlik twyfelagtig!

NASB HERSIENE TEKS: 29:9-12

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

⁹Be delayed and wait,
 Blind yourselves and be blind;
 They become drunk, but not with wine,
 They stagger, but not with strong drink.
¹⁰For the LORD has poured over you a spirit of deep sleep,
 He has shut your eyes, the prophets;
 And He has covered your heads, the seers.

¹¹The entire vision will be to you like the words of a sealed book, which when they give it to the one who is literate, saying, “Please read this,” he will say, “I cannot, for it is sealed.” ¹²Then the book will be given to the one who is illiterate, saying, “Please read this.” And he will say, “I cannot read.”

29:9 OAV “vertoef en verwonder julle!
 Wees blind en verblind”
NAV “Nou staan julle verdwaas en verstom,
 Julle sien niks, julle oë is toe”
CUM-MVB “Wees verbaas en verstom;
 Verblind julleself en wees verblind”
CUM-NLV “Is julle verbaas en verstom?
 Glo julle my nie?
 Gaan dan maar aan en sien niks nie.”
NASB “Be delayed and wait,
 Blind yourselves and be blind”

Die eerste twee digterlike reëls van hierdie vers het vier IMPERATIEWE

1. vertoef (OAV); BDB 554, KB 552, *Hitpalpel*-IMPERATIEF, MANLIK MEERVOUD
2. wees verbaas (CUM-MVB); BDB 1069, KB 1744, *Qal*-IMPERATIEF, MANLIK MEERVOUD (letterlik; “wees verbaas/verstom,” vgl. Hab. 1:5

NASB “wait”
NKJV “wonder”
NRSV “be in stupor”
NJB “stunned”
LXX, Pesjitta “be amazed”

3. wees blind (OAV); BDB 1044 I, KB 1612, *Hitpalpel*-IMPERATIEF, MANLIK MEERVOUD
4. verblind/sien niks (OAV/CUM-NLV), BDB 1044, KB 1612, *Qal*-IMPEATIEF, MANLIK MEERVOUD; vgl. 6:9-19; Miga 3:6-7.

Dit is moontlik dat #3 en #4 van die Hebreeuse stamwoord “om plesier te vind in/behae te hê in” afgelei is (BDB 1044 II) en, indien die geval, moet dié frase as sarkasme opgevat word.¹⁵

Let op die balans tussen menslike vryheid (vers 9) en goddelike soewereiniteit (vers 10). Albei is waar! Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:3.

¹⁵ Vgl. CUM-NLV: “Glo julle my nie? Gaan dan maar aan en sien niks.” – vert.



OAV, “Hulle is dronk”
NAV, CUM-NLV “Julle is dronk”
CUM-MVB “word dronk”
NASB “They became drunk”

Dit is nog ‘n manier om dronkenskap (metafories) aan te wend; BDB 1016, KB 1500, *Qal*-PERFEKTUM, wat die avalligheid van die Verbondsvolk se godsdienstige en politieke leiers beskryf (vgl. 28:1-4,7-8).

29:10-12 Interessant hoe JHWH handel as Hy sy boodskap van sy mense af wegneem (vgl. 6:9-10; Miga 3:6-7)

1. die HERE het oor julle uitgegiet (OAV); BDB 650, KB 703, *Qal*-PERFEKTUM) ‘n gees van diepe slaap (BDB 924, CONSTRUCTUS BDB 922)
2. Hy het julle oë – die profete – toegesluit (AOV); BDB 491, KB 487, *Pi ‘el*-PERFEKTUM
3. en julle hoofde – die sieners – toegebind (AOV); BDB 491, KB 487, *Pi ‘el*-PERFEKTUM, “blindfolded”/“n doek oor julle koppe” (TEV/NAV); d.w.s. oor sowel die godsdiensteleiers en politieke voorgangers se oë (vgl. verse 11-12; 6:9-10; 8:16).

Paulus haal hierdie vers 10 aan wanneer hy Israel se onvermoë beskryf om tot geloof (en vertroue) in Jesus as die Messias te kom (Rom. 11:18).

29:11

OAV, NAV, CUMs “verseëld boek”
NASB “sealed”

Hierdie WERKWOORDVORM (BDB 367, KB 364; *Qal*-PASSIEF DEELWOORD) word deur Jesaja ook in 8:16 gebruik. Ook daar verwys dit na ‘n boekrol deur die profeet geskryf op God se ingewing. Die verseëling daarvan

1. is aanduiding van eienaarskap/outeurskap
2. absolute/totale beveiliging

Dit word verkry met ‘n

1. ‘n spatsel waks (of klei) wat droog word aan die buitenste rand van die opgerolde dokument, gesertifiseer met ‘n afdruk van die sender se seëlring
2. twee spatsels waks of klei weerskante van die buitenste rand van die boekrol met ‘n lyntjie verbind. In beide ‘n afdruk van die sender se seëlring.

Jesaja (8:16) en Daniël (12:4) het opdrag gekry om die boodskap te verseël, maar in die geval van 29:11 dien die verseëling as God se aflas van verdere openbaring.

NASB HERSIENE TEKS: 29:13-14

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹³Then the Lord said,

Because this people draw near with their words

And honor Me with lip service,

But they remove their hearts far from Me,

And their reverence for Me consist of tradition learned *by rote*,

¹⁴Therefore behold, I will once again deal marvellous with this people, wondrously marvellous;

And the wisdom of their wise men will perish,

And the discernment of their discerning men will be concealed.”

29:13

OAV “hierdie volk naderkom met hulle mond”
NAV, CUM-MVB “volk is naby my met die mond”
CUM-NLV “Hierdie mense sê hulle behoort aan My”
NASB “draw near with their words”

Hierdie term (BDB 620, KB 670, *Nifal*-PERFEKTUM) dui op openbare aanbidding in die tempels. Dis ‘n term wat sy ontstaan het in die dienswerk van priesters (bv. Eks. 19:22).



OAV “sodat hulle vrees vir My ‘n aangeleerde mensegebod is”
NAV, CUM-MVB “hulle dien My soos mense dit wil hê”
CUM-NLV “Hulle aanbidding bestaan uit niks meer nie as menslike opdragte en tradisies”
NASB “their reverence for Me consist of tradition learned *by rote*”

Hierin word ‘n belangrike teologiese waarheid uitgelig. Rituele en liturgie sonder ‘n persoonlike verhouding, soos betoon in ‘n leefstyl van liefde en moraliteit, word deur God met afsku bejeën (vgl. 1:10-15; 58:1-5; Jer. 7; Amos 5:21-24; Miga 6:6-8; Mat. 15:1-20; Mark. 7:1-23; Kol. 2:16-23; 2 Tim. 3:5). Daar is nie fout met rituele nie, maar die gesindheid daarvan as dit probeer om God te manipuleer.

‘n Parallel van hierdie teks (“lip service,” NASB), lui soos volg in Jeremia 12:2b: “hulle neem u naam graag op hulle lippe, maar U is nie in hulle hart nie.” Wat hulle sê, leef hulle nie uit nie (vgl. Mat. 15:8-9; Mark. 7:6-7, waar “woorde” en “lip” eintlik beteken dat die gebod van God nagelaat word, maar aan die oorleweringe van mense vasgehou word; soos geïllustreer in Markus 7:3,5,9,13).

29:14 OAV “daarom sal Ek voortgaan om wonderlik te handel. . .wonderlik en wonderbaar”
NAV, CUM-MVB “Daarom gaan Ek nog ongehoorde dinge doen. . .die een ongehoorde ding na die ander”
CUM-NLV “Daarom gaan Ek wonders doen. . .Ek gaan vir hulle wys”
NASB “I will once again deal marvellously. . .wondrously marvelous”

In Engels is hierdie frases goed vertaal, maar hulle is die *Hifil*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS; die *Hifil*-INFINITIVUS ABSOLUTUS en die NAAMWOORD, almal van dieselfde stamwoord (BDB 810) wat op die volgende neerkom en konteks moet aandui of dit negatief of positief bedoelde handeling gaan wees:

1. die buitengewone plae volgens Eks. 3:20; Deut. 28:59
2. die buitengewone inligting te berde gebring in 9:6; 28:29
3. die wonderbaarlike handeling van Eks. 34:10; 1 Kron. 16:9,12,24; Jes. 25:1

Konteks dui aan dat dit hier handel oor oordeel van JHWH oor sy eie volk. Immers, hulle eie wyse raadgewers en godsdiensteleiers sou erg tekortsiet in die uitvoering van hulle taak (vgl. verse 9-12).

NASB HERSIENE TEKS: 29:15-16

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

**¹⁵Who to those who deeply hide their plans from the LORD,
 And those whose deeds are done in a dark place,
 And they say, “Who sees us?” or “Who knows us?”
¹⁶You turn things around
 Shall the potter be considered as equal with the clay?
 That what is made would say to its maker, “He did not make me”;
 Or what is formed say to him who formed it, “He has no understanding”?**

29:15

OAV “wat planne diep verberg vir die HERE”
NAV, CUM-MVB “wat dink hulle kan hulle planne diep wegsteek vir die Here”
CUM-NLV “wat probeer om hulle planne vir die HERE weg te steek”
NASB “hide their plans from the LORD”

Hiermee word bedoel dat Juda se leidliede met Egipte wou ooreenkom om hulle teen Assirie te beskerm (28:7-22; 30:1-5; 31:1-3). Hulle maak staat op Egipte, maar stel nie vertrou in JHWH nie!

■

OAV “Wie sien ons en wie ken ons?”
NAV, CUM-MVB “wie sien ons? Wie weet van ons?”
CUM-NLV “Die HERE kan nie sien wat ons doen nie!”, “Hy weet niks wat aangaan nie!”
NASB “Who sees us?” or “Who knows us?”

Dit is ten diepste ‘n ontkenning van God se persoonlike alomteenwoordigheid. Vers 16 lê die onlogiese gekheid van sulke opvattinge bloot.

29:16

OAV “die pottebakker/die vormer”
NAV, CUM-MVB “die pottebakker”
CUM-NLV “die Pottebakker”
NASB “the potter”

In die Bybel word God dikwels metafories voorgestel as pottebakker (vgl. Jes. 45:9; 64:8; Jer. 18:4 e.v.; Job 10:9) . Dit het moontlik ontwikkel uit die aanvanklike skepping van die mens (Gen. 2:7). Paulus verwys in Romeine 9:20 na hierdie teks. Romeine 9 handel, trouens, oor die algehele en totale soewereiniteit (heerskappy) van God!

NASB HERSIENE TEKS: 29:17-21

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

**¹⁷Is it not yet a little while
 Before Lebanon will be turned into a fertile field
 And the fertile field will be considered a forest?
¹⁸On that day the deaf will hear words of a book,
 And out of their gloom and darkness the eyes of the blind will see.**

**¹⁹The inflicted also will increase their gladness in the LORD,
And the needy mankind will rejoice in the Holy One of Israel.
²⁰For the ruthless will come to an end and the scorner will be finished,
Indeed all who are intent on doing evil will be cut off;
²¹Who cause a person to be indicted by a word,
And ensnare him, who adjudicates at the gate,
And defraud the one in the right with meaningless arguments**

29:17-21 Hiermee word die aanbreek van die dag van die Messias beskryf.

1. Dit sal spoedig aanbreek, vers 17a (vgl. 10:24-25)
2. die Libanon sal vrugbaar word, vgl. 17b,c en ook 32:15; 35:1-2 (Die NASB- *Study Bible* maak op bl. 996 die aantekening dat hierdie gedagte mag aansluit by Jes. 10:34 en dui aan dat “Libanon” ‘n manier kan wees om Assirië te betrek).
3. die dowes sal hoor, vers 18a, vgl. ook 32:3; 35:5
4. die blindes sal sien, vers 18b, vgl. ook 32:3; 35:5
5. die mense in nood (NAV)/nederiges (CUM-MVB)/inflicted (NASB); vers 19a, vgl. 11:4; 14:30,32
6. armes sal verheug wees oor die God van Israel, vers 19b; vgl. 3:14-15; 11:4; 14:30,32
7. wreedaards/intimideerders (NAV/CUM-NLV) sal verdwyn, vers 20a
8. teisteraars/ligsinniges/spotters (NAV, NAV, OAV) sal daar nie meer wees nie, vers 20a, vgl. 28:14
9. onregplegers/komplottemakers (NAV, CUM-NLV) sal uitgeskakel wees, vers 20b
10. die regspraak sal herstel word in die poort, vers 21, vgl. 32:7

Teologies dien hierdie beskrywing as parallel met die treffende tekening van JHWH se karakter in 25:4.

Hou in gedagte dat #3 en #4 bedoel is (konteks) as metafore om God se openbaring te ontvang en te verstaan (vgl. Deut. 29:4; Jes. 5:12,13; 6:9; 30:9).

29:19

OAV, CUM-NLV “Heilig”

NAV, CUM-MVB “die heilige God”

NASB “Holy”

Sien die *Vir Spesiale Aandag* by 6:3

NASB HERSIENE TEKS: 29:22-24

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

²²Therefore thus says the LORD, who redeemed Abraham, concerning the house of Jacob:

“Jacob shall not now be ashamed, nor shall his face now turn pale;

²³But when he sees his children, the word of My hands, in his midst,

They will sanctify My name;

Indeed, they will sanctify the Holy One of Jacob

And will stand in awe of the God of Israel.

²⁴Those who err in mind will know the truth,

And those who criticize will accept instruction. ”

29:22-24 Soos wat verse 5-8 in die konteks ‘n soom of onderbreking veroorsaak, so doen ook vers 22-24. Hierdie plotselinge afwisseling en kontraste tussen strafoordele en belofte-uitsprake is eie aan die profetisme. Oordeel se doel is immers altyd bedoel as ‘n weg tot herstel!

Inderdaad, God oordeel sy volk as hulle sondig en sy Verbond verbreek, maar Hy het ‘n groter doel vir hulle, naamlik die ewige verlossingsplan vir die menslike geslag.

Hier volg ‘n verskeidenheid frases en titels om die God van die Verbond te beskryf.

1. die HERE, wat verlosser van Abraham was (vers 22)
2. sy kinders (nageslag) die werk van My hande (vers 23)
3. My Naam. . .die Heilige van Israel (vers 23)
4. die God van Israel (vers 23, vgl. 1:4)

29:22 Die uitverkore familie van Abraham, wat tot gevolg gehad het die opkoms van die stamme, vernoem na die seuns van Jakob. JHWH belof ‘n dag waarop, deur sy krag en teenwoordigheid as God van die Verbond, hulle

1. nooit meer beskaamd sal staan nie, BDB 101, KB 116, *Qal-IMPERFEKTUM*, soos dikwels in die Psalms voorkom en in Jesaja en in Jeremia
2. en ook sy gesig nooit meer sal verbleek nie, BDB 301, KB 299, *Qal-IMPERFEKTUM*; ‘n WERKWOORD wat net hier voorkom.

Albei hierdie WERKWOORDE hou verband met idioome wat die wanhoop en skuldgevoel oor ongehoorsaamheid beskryf. Die sondaar voel dit aan, die onvergenoegdheid van God met sy lewe!



OAV, NAV, CUM-MVB “wat vir Abraham verlos het”

CUM-NLV “wat vir Abraham gered het”

NASB “who redeemed Abraham”

Hierdie WERKWOORD (BDB 804, KB 911, *Qal*-PERFEKTUM; sien ook *Vir Speciale Aandag* wat hier volg) word ten opsigte van Abraham gebruik, wat kan beteken

1. verlos uit ‘n familie wat nog aan veelgodendom verbind was (vgl. Gen. 11)
2. op unieke wyse uitverkies was om deur God in sy verbond opgeneem te word (vgl. Gen. 12,15,17)
3. ‘n bepaalde uitredding
 - a. van die Farao (vgl. 12:10-20)
 - b. van Abimeleg (vgl. Gen. 20)

JHWH word die “Verlosser van Israel” genoem (vgl. 41:14 43:14; 48:17; 49:7, 26; 54:5,8). Teologies kan uit verse 22-23 afgelei word dat JHWH vir sy doel ‘n besondere familie verlos het.

VIR SPESIALE AANDAG: LOSPRYS/VERLOS

I. OU TESTAMENT

A. Daar is in die eerste plek twee Hebreeuse wetsterme wat hierdie gedagte oordra:

1. *Gaal* (BDB 145, I), wat basies beteken om “vry te stel” deur ‘n prys te betaal. *Go’el* is ‘n vorm van hierdie term wat “tussenganger” beteken, gewoonlik ‘n familielid (losser). Hierdie reg, binne kultuurverband, om dinge terug te koop – diere, grond (vgl. Lev. 25, 27) of verwante persone (vgl. Rut 4:14-15; Jes. 29:22) – is teologies oorgedra op JHWH se redding van Israel uit Egipte (Eks. 6:6; 15:13; Ps. 74:2; 77:15; Jer. 31:11). Hy word die “verlosser” (vgl. Job 19:25; Ps. 19:14; 78:35; Spr. 23:11; Jes. 41:14; 43:14; 44:6, 24; 47:4; 48:17; 49:7, 26; 54:5,8; 59:20; 60:16; 63:16; Jer. 50:34).
2. *Padah* (BDB 804), wat basies “om te lewer” of “om te red” beteken.
 - a. die loskoop van die eersgeborene (vgl. Eks. 13:13, 14; Num. 18:15-17)
 - b. fisiese loskoop word gekontrasteer met geestelike redding (vgl. Ps. 49:7,8,15)
 - c. JHWH sal Israel verlos van hulle sonde en rebellie (Ps. 130:7-8)

B. Die teologiese konsep sluit verskeie sake in wat verband hou met mekaar:

1. Daar is ‘n behoefte, ‘n slawerny, boetedoening, ‘n gevangenskap
 - a. fisies,
 - b. sosiaal, en
 - c. geestelik (vgl. Ps. 130:8).
2. ‘n Prys is te betaal vir vryheid, loskom en herstel
 - a. van die volk Israel (vgl. Deut. 7:8);
 - b. en ook van die individu (Job 19:25-27; 33:28).
3. Iemand moet as tussenganger en weldoener optree. In *gaal* is dit gewoonlik ‘n familielid of naasbestaande (d.w.s. ‘n *go’el*).
4. JHWH beskryf dikwels Homself in familie-terme:
 - a. Vader
 - b. Man
 - c. Naasbestaande

Redding het gekom deur middel van JHWH se eie betrokkenheid; ‘n prys is betaal en verlossing is verkry!

II. NUWE TESTAMENT

A. Verskeie terme word gebruik om die teologiese konsep oor te dra.

1. *Agorazō* (vgl. 1 Kor. 6:20; 7:23; 2 Pet. 2:1; Openb. 5:9; 14:34). Dit is ‘n kommersiële term wat aandui dat ‘n prys vir iets betaal is. Ons is bloed-gekoopte mense wat nie ons eie lewens beheer nie. Ons behoort aan Christus.
2. *Exagorazō* (vgl. Gal. 3:13; 4:5; Ef. 5:16; Kol. 4:5). Dit is ook ‘n kommersiële term. Dit weerspieël Jesus se plaasvervangende dood om ons onthalwe. Jesus het die las van ‘n werkheiligheidswet (bv. die Mosäiese wet) wat gevalle mense nie kon nakom nie, op Hom geneem en daardeur die “vloek” namens ons almal gedra (vgl. Deut. 21:23). In Jesus vermeng God se geregtigheid en liefde tot volle vergifnis – tot aanneming en aanvaarding!
3. *Luō*, “om los te maak”
 - a. *Lutron*, ‘n betaalde prys (vgl. Mat. 20:28; Mark. 10:45). Hierdie is kragtige woorde uit die mond van Jesus self oor die doel van sy koms; om die Verlosser van die wêreld te wees deur skuld te betaal wat nie syne is nie (Joh. 1:29).
 - b. *Lutroō*, “om los te laat”
 - (1) om Israel te verlos (Luk. 24:21)
 - (2) om Homself oor te gee ten einde ‘n volk te verlos en te reinig (Tit. 2:14)
 - (3) om ‘n sondelose plaasvervanger te wees (1 Pet. 1:18-19)
 - c. *Lutrōsis*, “vrygekoop, verlossing of vrymaking”
 - (1) Sagaria se profesie omtrent Jesus (Luk. 1:68)
 - (2) Anna se lof aan God oor Jesus (Luk. 2:38)

- (3) Jesus se beter, eenmalige offer vir sonde (Heb. 9:12)
4. *Apolytrōsis* (vgl. 21:28; Rom. 3:24; 8:23; 1 Kor. 1:30; Ef 1:7,14,4:3; Kol. 1:14; Heb. 9:15)
 - a. verlossing by die wederkoms (vgl. Han. 3: 19-21)
 - (1) Luk. 21:28
 - (2) Rom. 8:23
 - (3) Efes. 1:14; 4:30
 - (4) Heb. 9:15
 - b. verlossing deur Christus se sterwe
 - (1) Rom. 3:25
 - (2) 1 Kor. 1:30
 - (3) Efes. 1:17
 - (4) Kol. 1:14
 5. *Antilytron* (vgl. 1 Tim. 2:6). Dit is, soos Titus 2:14, 'n allerbelangrike teks wat bevryding verbind met Jesus se dood aan die kruis. Hy is die een en enigste aanvaarbare offerande; die een wat sterwe vir "almal" (vgl. Joh. 1:29; 3:16-17; 4:42; 1 Tim. 2:4; 4:10; Tit. 2:11; 2 Pet. 3:9; 1 Joh. 2:2; 4:14).
- B. Die teologiese konsep in die NT is as volg:
1. Die mensdom is verslaaf aan sonde (Joh. 8:34; Rom. 3:10-18; 6:23).
 2. Die mensdom se verslawing aan sonde is bekendgemaak deur die wet van Moses (Gal. 3) en Jesus se Bergrede (vgl. Mat. 5-7). Menslike verdienste het 'n doodsvonniss geword (Kol. 2:14).
 3. Jesus, die sondelose Lam van God, het in ons plek kom sterwe (Joh. 1:29; 2 Kor. 5:21). Ons is losgekoop van sonde sodat ons God kan dien (Rom. 6).
 4. Dit impliseer dat Jesus en JHWH naasbestaandes is wat in ons belang optree. Dit leef voort in die familie-metafore (bv. vader, man, seun, broer, naasbestaande).
 5. Vrykoping was nie 'n prys betaal aan Satan nie (vgl. Middeleeuse teologie), maar die versoening van God se woord en God se geregtigheid met God se liefde en volkome voorsiening in Christus. By die kruis is vrede herstel en menslike rebellie is vergewe. Die beeld van God in die mensdom is nou ten volle funksioneel in intieme vriendskapsvertroulikheid.
 6. Dan het verlossing ook 'n toekomsaspek (vgl. Rom. 8:23; Ef. 1:14; 4:30) waarby ons opgestane liggame inbegrepe is en die fisiese samesyn met die Drie-enige God.

29:24 Hierdie vers is die teenoorgestelde van verse 9-12,14. God se volk sal weer tot 'n verstaan van openbaring kom met behulp van sy geroepe leiers, maatskaplik/polities en godsdienstig. So word die blindheid en doofheid weggeneem waarvan in hoofstuk 6:9-10 sprake was.

☐
OAV "gees"
NAV, CUMs "dié wat gedwaal het"
NASB "mind"
NKJV, NRSV, LXX, Pesjitta "spirit"

Die Hebreeuse woord is *ruah* (BDB 924), wat hier gebruik is om 'n manier van dink aan te dui (vgl. Eks. 28:3; Deut. 34:9; 1 Kron. 28: 12; Job. 20:3; Eseg. 20:32). Onthou dat konteks altyd woorde se betekeenis bepaal.

JESAJA 30

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Judah Warned Against Egyptian Alliance 30:1-5 (1-5)	Futile Confidence in Egypt 30:1-5 (1-5)	Concerning the Embassy Sent to Egypt 30:1-7 (1-5)	A Useless Treaty with Egypt 30:1-5	Against the Embassy to Egypt 30:1-5 (1-5)	Beskerming deur Egipte sal nie baat nie 30:1-7 (1-5)
30:6-17 (6-11)	30:6-7 (6-7)	(6-7)	30:6-7	Another Prophecy Against An Embassy 30:6-7	(6-7)
(12b-14)	A Rebellious People 30:8-11 (8-11)	Judah's Connivance with Egypt 30:8-17 (8-14)	The Disobedient People 30:8-11	Testament 30:8-17 (8-11)	Julle krag lê in stilwees 30:8-18 (8-11)
(15b-17)	30:12-17 (12b-14)		30:12-14	(12-14)	(12-14)
			30:15-18		
		(15-17)		(15-17)	(15a) (15b-16a) (16b-17) (18)
God is Gracious and Just 30:18 (18)	God Will Be Gracious 30:18-22 (18)	Hope for the Afflicted 30:18 (18)	God Will Bless His People 30:19-26	God Will Forgive 30:18 (18)	Die Here sal jou gebed verhoor 30:19-26
30:19-22 (27-33)	(19-22)	30:19-22	30:19-26	30:19-26 (19-26)	30:19-26
	30:23-26 (23-26)	30:23-26			
	Judgment on Assyria 30:27-33 (27-28)	Oracle Against Assyria 30:27-28 (27-28)	God Will Punish Assyria 30:27-29	Against Assyria 30:27-33 (27-33)	Die Here sal self teen Assirië veg 30:27-33 (27-28)
	(29-33)	30:29-33			(29)
			30:30-33		(30-33)

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

WAT WORD DUIDELIK UIT DIE KONTEKS?

- A. Hierdie konteks gee 'n aanduiding van die velerlei opstande teen Assirie na die dood van Sargon II in 705 v.C. Die nuwe koning, Sanherib, het egter hierdie opstande van onderhorige state vinnig onderdruk.
- B. Hiskia het by Egipte, die Vyf en Twintigste Dinastie van die Kusiet-Nubiese koning, Sjabaka, aangeklop vir politiek/militêre bystand. Sjabaka het hom aggressief beywer om al die klein nasies tussen die Eufraat en die grens van Egipte teen Assirie op te kommandeer.
- C. Daar is 'n sestal ellende-roepe in hierdie literêre eenheid wat van hoofstuk 28-33 strek.
1. ellende wag vir die noordelike en suidelike stamme van Israel (hoofstuk 28)
 2. ellende wag vir Jerusalem (29:1-14)
 3. ellende wag vir diegene wat in politieke alliansies hulp soek en nie in JHWH nie
 4. ellende wag vir wie by Egipte om hulp aanklop (hoofstuk 30)
 5. ellende wag vir wie op Egipte hulle hoop vestig (hoofstukke 31-32)
 6. ellende wag vir Assirië (hoofstuk 33)

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 30:1-5

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹“Woe to the rebellious children,” declares the LORD,
Who execute a plan, but not Mine,
And make an alliance, but not of My Spirit,
In order to add sin to sin;
²Who proceed down to Egypt
Without consulting Me,
To take refuge in the safety of Pharaoh
And to seek shelter in the shadow of Egypt!
³Therefore the safety of Pharaoh will be your shame
And the shelter in the shadow of Egypt, your humiliation.
⁴For the princes are at Zoan
And their ambassadors arrive at Hanes.
⁵Everyone will be ashamed because of a people who cannot profit them,
Who are not for help or profit, but for shame and also for reproach.”

30:1

OAV “Wee”
NAV, CUM-MVB “Ellende wag”
CUM-NLV “Verwoesting”
NASB “Woe”

Sien die aantekening by 18:1.



OAV, CUM-NLV “opstandige kinders”
NAV, CUM-MVB “rebelse mense”
NASB “rebellious children”

Met so 'n titel word twee waarhede veronderstel.

1. hulle is “kinders” (d.w.s. afstammelingen van Abraham, wat hulle erfgename maak van die beloftes, vgl. Rom. 9:4 of
2. hulle handel rebels (BDB 710, KB 770, *Qal*-AKTIEF DEELWOORD, vgl. 1:23, waar die vertaling “opstand” (NAV) gebruik word. Sien ook die aantekening by 65:2. Die woordstam beteken “wederstrewig/koppig” (vgl. Hos 4:16). Vir hierdie woord is daar in Ps. 78:8 'n sinoniem en parallel (vgl. Deut. 1:26, 43; 9:7,23,24; 21:18,20; 31:27). So 'n gesindheid is deur die volk van God deur alle tye heen geopenbaar en is te wyte aan die sondeval!

Let daarop hoe Jesaja pertinent aandui dat hulle dié titel verdien het.

1. hulle het 'n eie plan ontwerp om hulle teen Assirië te handhaaf (vgl. 29:15)
2. hulle het in 'n politieke bondgenootskap met Egipte getree (vgl. 20:5; 31:3; 36:9) en in die proses leiding van die Gees van JHWH buite rekening gelaat (sy teenwoordigheid, beloftes en beskerming; vgl. 28:14-22; 29:15-16)



OAV “wat 'n plan uitvoer”

NAV, CUM-MVB	“wat verdrae sluit”
CUM-NLV	“smee vennootskappe”
NASB, NRSV	“make an alliance”
NASB (nota)	“pour out a drink offering”
NKJV	“devise plans”
TEV	“sign treaties”
NJB	“make alliances”
REB	“weave schemes”
LXX (Grieks)	“gaan ooreenkoms aan”
Pesjitta	“offer wine offerings”

Die Hebreuse woordstam het verskeie betekenisse.

- die WERKWOORD, **שָׁטַח**, (BDB 650 I in die *Qal*-vorm
 - metafoor vir “uitgiet” (Jes. 29:10)
 - uitgiet (letterlik, Jes. 30:1; Hos. 9:4)
 - giet van metaal (afgodsbeelde)
- שָׂטַח**, die WERKWOORD (BDB 651 II) beteken ook “om te weef”/“vleg.” (Jes. 25:7, sien REB).

Alhoewel ‘n drankoffer (Deut. 32:38) nie bekende praktyk was by die aangaan van ooreenkomste nie, mag dit wel iets van die religieuse aard van antieke ooreenkomste weerspieël het (Jes. 57:6).

30:2

OAV	“om te skuil in die skaduwee van”
NAV, CUM-MVB	“hulle wil beskerming by. . .hê”
CUM-NLV	“Hy moet julle beskerm”
NASB	“refuge. . .shelter in the shadow of”

Hier is daar twee terme, albei *Qal*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS, wat gewoonlik beskerming van JHWH beteken, maar hier in verband met Egipte gebruik word (BDB 731, KB 797 en BDB 340, KB 337).

VIR SPESIALE AANDAG: SKADUWEE AS METAFOOR VIR BESKERMING EN SORG

Die skaduwee-idioom het algemeen in die Ou Nabye Ooste voorgekom. In die Bybel is daar die volgende voorbeelde:

- ‘n idioom van beskerming (Jes. 16:3; 30:2-3; Klaagl. 4:20)
- “onder skadu van die hand,” Ps. 121:5; Jes. 49:2; 51:16
- “onder skaduwee van die dak,” Gen. 19:8
- die “skaduwee van God se wolkkolom bedags,” Eks. 13:21-22; 14:19,20,24; Jes. 4:6; 25:4-5
- die “skadu van die vlerk,” Ps. 17:8; 36:7; 57:1; 61:4; 63:7; 91:1,4 (soortgelyke beeldspraak kom voor in Deut. 32:11; Rut 2:12; Jes. 31:5; Mat. 23:37; Luk. 13:34).
- die “skadu van ‘n boom,” Rigt. 9:15; Eseg. 17:23; 31:6, 17; Dan. 4:12; 14:7



OAV	“en hulle raadpleeg my mond nie”
NAV, CUMs	“Sonder om My te raadpleeg”
NASB	“Without consulting Me”

Waarskynlik het hierdie Judeërs okkultiese praktyke geraadpleeg (vgl. 8:19), maar gee nie ag op JHWH se profeet nie (letterlik: “sonder om te verneem uit my mond,” d.w.s. die profeet; vgl. Eks. 4:16; Jos. 9:14).

30:4

OAV	“hulle vorste”
NAV, CUM-MVB	“die leiers van Juda”
CUM-NLV	“sy mag strek tot. . .sal julle nie kan help nie”
NASB	“their princes”

Die Masoretiese Teks het hier “sy” wat deur die meeste Engelse vertalings gevolg word (vgl. CUM-NLV). Die NASB mag aanneem dat “prinse” leidliede uit die Farao-regime kan wees, maar die konteks vereis dat aan Hiskia se verteenwoordigers gedink moet word, wat opgedaag het om ‘n politiek-militêre bondgenootskap met Egipte te sluit.



OAV	“Soan. . .Hanes”
NAV, CUMs	“Soan. . .Ganes”
NASB	“Zoan. . .Hanes”

Hierdie twee stede was kort tevore deur die magte van die Vyf-en Twintigste Dinastie bevry en het toe gedien as blyke van die strydmag van die Egiptiese leër. Die genoemde twee stede word verbind met die deltagebied van die Nylrivier.

- Soan is ook as Tanis of Avaris bekend (vgl. Num. 13:22; Ps. 78:12,43; Jes. 19:11).

2. Hanes is onbekend (die LXX laat die verwysing weg), maar kan dalk met ‘n vesting/fort naby Tagpanhes verbind word (vgl. Jer. 2:16; 43:7,8,9; 44:1; 46:14). Daar is geleerdes wat hierdie naam met Herakleopolis Magna verbind, omdat dit die hoofstad van ‘n streek was tydens die Nubiese Dinastie.

30:5

OAV	“beskaamd”
NAV, CUM-NLV	“teleurgesteld”
CUM-MVB	“in die skande”
NASB, NKJV	“ashamed”
NRSV	“shame”
TEV	“regret”
NJB	“disappointed”

Al hierdie Engelse vertalings verkies die *Qere*-opsie (‘n kantaantekening) wat deur die Masoretiese geleerdes aangebring is (שׁוֹבֵרִים, hbwš) BDB 101, KB 116, *Hifil*-PERFEKTUM; die NAAMWOORD kom verder aan in die vers voor). Wat werklik in die MT (*Ketiv*) staan, beteken “om stank te veroorsaak,” (שׁוֹבֵרִים, hb’jš) BDB 92, KB 107, *Hifil*-PERFEKTUM); die WERKWOORD word in 50:2 gebruik en die NAAMWOORD in 34:3).

NASB HERSIENE TEKS: 30:6-17

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

⁶The oracle concerning the beasts of the Negev
Through a land of distress and anguish,
From there come lioness and lion, viper and flying serpent,
They carry their riches on the backs of young donkeys
And their treasures on camels’ humps,
To a people who cannot profit *them*;
⁷Even Egypt, whose help is vain and empty.
Therefore, I have called her
“Rahab who has been exterminated.”
⁸Now go, write it on a tablet before them
And inscribe it on a scroll,
That it may serve in the time to come
As a witness forever.
⁹For this is a rebellious people, false sons,
Sons who refuse to listen
To the instruction of the LORD;
¹⁰Who say to the seers, “You must not see *visions*”;
And to the prophets, “You must not prophesy to us what is right,
Speak to us pleasant words,
Prophesy illusions
¹¹Get out of the way, turn aside from the path,
Let us hear no more about the Holy One of Israel.”
¹²Therefore thus says the Holy One of Israel,
Since you have rejected this word
And have put your trust in oppression and guile, and have relied on them,
¹³Therefore this iniquity will be to you
Like a breach about to fall,
A bulge in a high wall,
Whose collapse comes suddenly in an instant,
¹⁴Whose collapse is like the smashing of a potters jar,
So ruthlessly shattered
That a shred will not be found among its pieces
To take fire from a hearth
Or to scoop water from a cistern”
¹⁵For thus the LORD GOD, the Holy One of Israel, has said,
“In repentance and rest you will be saved,
In quietness and trust is your strength.”
But you were not willing,
¹⁶And you said, “No, for we will flee on horses,”
Therefore you shall flee!
“*And we will ride on swift horses,*”
Therefore those who pursue you shall be swift.
¹⁷One thousand *will flee* at the threat of one *man*;

**You will flee at the threat of five,
Until you are left as a flag on a mountain top
And as a signal on a hill.**

30:6-7 Dit beskryf die Judese afvaardigings wat deur die onveilige landskappe van die suidelike (Judese) en Egiptiese woestyne (vgl. vers 6b,c) onderweg is om met geskenke ‘n politieke alliansie met die Egiptenare te gaan probeer bewerkstellig (met Rahab, BDB 923, vgl. die aantekening by 27:1).

Die *NASB Study Bible* het ‘n opmerking dat die karavaan (reisgeselskap) die binnelandse roetes na Egipte moes gebruik omdat die Assiriese leër reeds in beheer van die hoofroetes was (vgl. bl. 997, ook *IVP Bible Background Commentary*, bl. 621).

Die NIDOTTE, vol. 3, bl. 87 se kommentaar hierop is dat dit as ‘n omgekeerde Eksodus beskou moet word, maar ek is van mening dat #1, die politieke alliansie, die beste in konteks pas. Om te illustreer, noem ek ‘n paar interpretasiemoontlikhede :

1. dat Hebreeuse poësie inderdaad dubbelsinnig kan wees,
2. en dat verskillende afleidings uit woorde en frases gemaak kan word,
3. en daarom nogmaals beklemtoon moet word dat die hoofsaak in die strofe, en wyer konteks bepaal moet word en dat teologie nie op digterlike detail van Hebreeus gebaseer kan word nie.

30:6 Let op die wilde diere (BDB 96) wat in die Negev (BDB 616) voorgekom het.

1. die wyfie-leeu (BDB 522)
2. die mannetjie-leeu (BDB 539 I)
3. adders (OAV)/slange (BDB 821)
4. vlieënde drake (BDB 977 I; met die *Polel-DEELWOORD* vir “vlieënde” (BDB 733, KB 800). Sien die aantekening by 14:29.
5. donkies (BDB 747)
6. kamele (BDB 168)

Punte 1-4 noem die gevare van die reis terwyl 5 en 6 die lasdiere noem wat die omkoopgeskenk moet dra.

30:7

OAV	“daarom noem ek dit: Rahab wat stilsit”
NAV, CUM-MVB	“Ek noem hom Rahab, ‘die een wat niks kan doen nie”
CUM-NLV	“Ek noem hom die draak wat tot niks in staat is nie”
NASB	“Rahab who has been exterminated”
NKJV	“Rahab-Hem-Shebeth”
NRSV	“Rahab who sits still”
TEV	“So I have nicknamed Egypt, ‘The Harmless Dragon”
NJB	“and so I call her ‘Rahab-the-collapsed”

Die MT het “Rahab wat stilsit.” Met Rahab word Egipte bedoel. Die *UBS Hebrew Text Project* gradeer die MT se “hulle (is) sittend” met ‘n “B” wat dui op ‘n mate van twyfel. Die hele punt hier is dat Egipte die Assiriërs nie kan verhinder om Palestina in te neem nie. Die draak, Rahab, (BDB 923) het nie tande nie!

30:8 Daar is twee redes vir die op skrif stel van die uitspraak: (1) Dit moet geskrewe bewysmateriaal wees wanneer God sy volk oor hulle wederstrewigheid verhoor. Daar moenie twyfel oor die bewyse wees nie (vgl. 8:1; Hab. 2:2) en (2) Hy toon daarmee sy vasbeslotenheid om Hom en sy profeet gelyk te bly, wat betref sy rol in die geskiedenis, sodat die komende geslagte hulle vertrou kan stel in Hom en sy woord.

Daar is verskeie bevele in hierdie vers.

1. gaan, BDB 97, KB 112, *Qal-IMPERATIEF*
2. skryf neer, BDB 507, KB 503, *Qal-IMPERATIEF*
3. teken dit aan, BDB 349, KB 347, *Qal-IMPERATIEF*
4. dat dit altyd teen hulle kan getuig (NAV); BDB 224, KB 243, *Qal-JUSSIEF*

Die Masoretiese Teks het “‘n getuienis” (BDB 723 I) “vir altyd” (BDB 761, vgl. NKJV, NJB, LXX, Pesjitta – ook CUM-MVB), maar gewoonweg beteken die woordstam **73** ononderbroke tydsverloop (d.w.s. ‘n tydsduur, vergelykbaar met *‘olam*, “vir altyd” (vgl. OAV en CUM-NLV).

30:9 OAV	“‘n wederstrewige volk, leuenagtige kinders, kinders wat die wet van die HERE nie wil hoor nie”
NAV	“hulle is mense wat lieg en wat weier om te luister na wat die Here wil”
CUM-MVB	“hulle is kinders wat lieg ja, kinders wat weier om te luister na wat die Here wil”

CUM-NLV	“Hierdie mense is koppige rebelle wat weier om hulle te steur aan die opdragte van die HERE”
NASB	“For this ia a rebellious people, false sons, Sons who refuse to listen To the instruction of the LORD”

(Vergelyk die vertalings hier ten opsigte van vers 1; ook 1:2-3; 6:9-10; 29:9-12)

Die WERKWOORD-vorm “om te luister” (BDB 1033, KB 1570, *Qal*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS) hier beteken “hoor met die ingesteldheid om te doen.” (Sien Deut. 4:1; 6:4). Dit is hoe leefstyl op die goddelike openbaring moet reageer; ‘n konsep wat as die hart van OT-geloof beskou moet word (sien Deut. 29:4). Hierdie vers laat blyk duidelik tot watter mate ongehoorsaamheid ononderbroke in die gevalle mensdom aanwesig is. Die onmag (tekortsiet) van die OT is nie gebrekkige openbaring nie, maar die mens as verbondsvennoot (sien Galasiërs 3). Die Nuwe Verbond, soos die Oue, was ontwerp om die vertrouensvriendskap tussen God en mens te bevorder, maar ook om die wesensard (karaktereienskappe) van God aan ‘n gevalle mensdom openbaar te maak. In beide verbonde is “gehoorsaamheid” essensieel (vgl. Mat. 11:29; Luk. 6:46)!

30:10-11 So afvallig is die Judeërs dat hulle nie alleen JHWH en sy leiding van die hand wys nie, maar hulle ore sluit vir sy boodskappers!

- aan die sieners sê hulle, sien nie!
 - sieners, BDB 906, KB 1157, *Qal*-AKTIEF DEELWOORD
 - sien nie, BDB 906, KB 1157, afwysend met *Qal*-IMPERFEKTUM
- aan profete sê hulle, profeteer nie!
 - profete, BDB 302
 - profeteer nie, BDB 302, KB 301, afwysend met *Qal*-IMPERFEKTUM
- “sê vir ons dat goeie dinge met ons gaan gebeur” (CUM-NLV; BDB 180, KB 210, *Pi’el*-IMPERATIEF
- “sien liewer dinge wat ons mislei”/“illusions”, NAV/NASB; BDB 302, KB 301, *Qal*-IMPERATIEF. Die term vir misleiding/illusies kom net hier voor. Enige boodskap sal doen, maar los maar JHWH se boodskappe.
- “gee pad voor ons” (letterlik: draai af van die pad af), BDB 693, KB 747, *Qal*-IMPERATIEF
- “moenie voor ons kom staan nie”/“turn aside from the path” (NAV/NASB); BDB 639, KB 692, *Hifil*-IMPERATIEF
- “Laat die Heilige van Israel uit ons teenwoordigheid verdwyn”(letterlik: verwyder voor ons), BDB 991, KB 1407, *Hifil*-IMPERATIEF

Sulke stellings is skokkend. Jesaja maak sy punt skimpenderwys om aan te toon dat hierdie volk net in naam aan JHWH behoort!

30:10

OAV, NAV, CUMs “sieners”

NASB “seers”

Hierdie term (BDB 909) is duidelik in ooreenstemming met die WERKWOORD “om te sien” (BDB 906).

VIR SPESIALE AANDAG: PROFEET (DIE VERSKILLENDE HEBREEUSE TERME)

Bybelse Terme

- ro’eh* = siener (BDB 906), 1 Sam. 9:9. Hierdie bewysplaas toon ‘n oorgang na die term *nabi*, wat profeet beteken. Dit is ‘n uitvloeisel van die woorstam wat “om te roep” beteken. *Ro’eh* staan in nou verband met die gewone Hebreeuse woord “om te sien.” Hierdie persoon het begrip gehad vir God se weë en doelwitte en is geraadpleeg as mense God se wil oor ‘n saak wou weet.
- hozeh* = siener (BDB 302), 2 Sam. 24:11; Amos 7:12. Dit is in werklikheid ‘n sinoniem vir *ro’eh*. Dit hou verband met ‘n seldsamer Hebreeuse woord wat die “sien van visioen” beteken. Die DEELWOORD-vorm daarvan word dikwels gebruik om na profete te verwys.
- nabi* = profeet (BDB 611), die eweknie van die Akkadiese woord *nabu* (wat “om te roep” beteken en *naba’a* = “om aan te kondig.” *Nabi* is die mees algemene term in die OT om na ‘n profeet te verwys. Dit kom meer as 300 keer voor. Die presiese etimologie (betekenisafkoms) is nie seker nie, maar “om te roep” lyk op die oomblik na die beste opsie. Moontlik is die beste toeligting JHWH se beskrywing van hoe Moses deur Aäron met Faraou sou spreek (vgl. Eks. 4:10-16; 7:1; Deut. 5:5). ‘n Profeet is iemand wat namens God met sy volk praat (Amos 3:8; Jer. 1:7,17; Eseg. 3:4).
- In 1 Kron. 29:29 word al drie die terme gebruik: Samuel – *ro’eh*; Natan – *nabi* en Gad – *hozeh*.
- Die *isj ha-’elohim*, “man van God” is ‘n omvattender verwysing na iemand wat namens God praat. Dit kom 76 keer in die OT voor as aanduiding van ‘n “profeet.”
- Die NT se woord “profeet” het uit die Grieks ontstaan. Dit kom van
 - pro*, wat beteken “tevore” of “vir” en
 - femi*, wat “om te praat” beteken.

30:12

OAV “en vertrou op”
NAV, CUM-MVB “julle vertrou gestel in”
CUM-NLV “eerder vertrou op”
NASB “And have put your trust in”

Hierdie WERKWOORD (BDB 105, KB 120, *Qal*-IMPERFEKTUM kom in Jesaja dikwels voor.

1. vertrou op God, 12:2; 26:3,4; 36:7,15; 50:10 (in die naam van die HERE)
2. vertrou in dinge
 - a. 30:12, verdrukking en slinksheid (OAV)
 - b. 31:1, Egiptiese militêre mag
 - c. Egipte
 - d. afgode
 - e. bose dade (NAV)
 - f. leë woorde
3. vertrou in persone (36:5,6,9)



OAV “steun”
NAV, CUM-MVB “gesteun”
CUM-NLV (“vertrou”)
NASB “relied”

Hierdie (tweede) WERKWOORD in die sin (BDB 1043, KB 1612, *Nifal*-IMPERFEKTUM is ‘n parallel met die eerste (vgl. 2 Kron. 13:18; 14:11; 16:7,8). Dit word net in die *Nifal*-vorm gebruik en etlike kere in Jesaja (vgl. 10:20 [twee keer]; 31:1; 50:10). Letterlik beteken dit “om te leun op,” of “jouself te verlaat op.”¹⁶

30:13-14 Die komende ondergang (van Israel) word met twee metafore beskryf: (1) die skielike ineenstorting van ‘n muur en (2) die algehele vernietiging van ‘n kleipot.

30:15 Let op die name van Juda se God

1. Adon JHWH (Here God)
2. die Heilige van Israel (verse 11-12)

Hierdie is sy verbondsname! (Sien *Vir Speciale Aandag* by 1:1). Hierdie aangesprokenes moes soos verbondsmense opgetree het!



OAV “in terugkeer en rus, lê julle heil”
NAV, CUM-MVB “As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word”
CUM-NLV “Deur berou en tot rus te kom, sal julle gered word”
NASB “In repentance and rest you will be saved”

Vers 15-17 beskryf twee reaksies na aanleiding van die beloftes van God. Vers 15 verlang opregte geloof (vgl. Ps. 118:6-9), terwyl vers 16-17 vertrou op valsheid beskryf.

Redding (BDB 446, KB 448; *Nifal*-IMPERFEKTUM) word met twee NAAMWOORDE beskryf

1. bekeer/berou (NAV/CUM-NLV), beteken letterlik om “om te draai/terug te keer.” (BDB 1000, KB 1435). Hierdie term is seldsaam en kom net hier voor. Sommige geleerdes is van mening dat daar ‘n verband kan wees met Miga 2:8, maar sekerheid ontbreek in dié verband. Die basiese woordstam is שׁוּב (šwb) “om terug te keer” en dié betekenis stem met die konteks ooreen.
2. rus/tot rus kom (BDB 629 I, KB 692 II), beteken “kalmte”, “geduld”, “vrede”
 - a. Job 17:16; Pred. 6:5; “dood” word as rus beskou
 - b. Spr. 29:9, geen rus vir ‘n dwaas nie
 - c. Jes. 30:15, waarskynlik bedoel as rus van oorlog, gebaseer op die parallel in Miga 2:8; sien #1 hierbo

My evangeliese hart wil nou hierdie kernbegrippe “gered”, “berou” en “rus” verstaan as NT evangelie, maar hierdie is nie die NT nie! Hier gaan dit oor Juda se uitreik na Egipte om militêre hulp. Die rus is daarmee heen omdat hulle van God weggedraai het en dit nie in Hom soek nie (vgl. 15d).



OAV “in stil-wees en vertrou bestaan julle krag”
NAV, CUM-MVB “Julle krag lê in stil wees en vertrou te hê”
CUM-NLV “Deur stil te raak en te vertrou, sal julle gered word”
NASB “In quietness and rest is your strength”

Hierdie reël is ‘n parallel met dit wat pas voorafgegaan het. Daar is dus vier opdragte wat JHWH aan hulle gee:

¹⁶ CUM-NLV trek die tweede WERKWOORD (sinoniem) saam met die eerste “vertrou” – vert.

1. berou/bekering (sien hierbo)
2. rus (sien hierbo)
3. stil-wees (BDB 1052, KB 1641, *Hifil*-INFINITIVUS ABSOLUTUS, vgl. 7:4; 32:17)
4. vertrou, BDB 105, vgl. 32:17

Let daarop dat hierdie 'n teologiese parallel is van Jesaja se beroep op Agas, vroeër in 7:4: "Bedaar! Bly kalm! Moenie bang wees nie! Moet jou nie ontstel. . .nie!" JHWH kom nou na Hiskia toe met dieselfde boodskap! Vertrou My!

30:16

OAV "daarom sal julle moet vlug. . .daarom sal julle vervolgers laat jaag!"

NAV, CUMS "maar julle agtervolgers sal vinniger wees"

NASB "those who will pursue you will be swift"

Juda het op militêre mag staatgemaak wat Egipte sou voorsien (vgl. 2:6-7; 31:1). In weerwil van hulle hoop op huurtroepe met vinnige perde, deel JHWH hulle mee dat die ruitery van sy aangewese Assiriese magte hulle nog vinniger sal agternajaag.

30:17

OAV "Eenduisend van julle sal vlug vir die oorlogsgeroep van een enkele"

NAV, CUM-MVB "Duisend van julle sal vlug as één julle bedreig"

CUM-NLV "Een van hulle sal duisend van julle jaag"

NASB "One thousand will flee at the threat of one man"

Hierdie is terminologie uit die Heilige Oorlogvoering (vgl. LEV 268; Deut. 32:30; Jos. 23:10). Dis hoe sake verloop het tydens die Eksodus en Inname van Palestina. Maar die bordjies is verhang want God is nou aan die kant van Assirië.

NASB HERSIENE TEKS: 30:18

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

**¹⁸Therefore the LORD longs to be gracious with you,
And therefore He waits on high to have compassion on you.
For the LORD is a God of justice;
How blessed are all those who long for Him.**

30:18

OAV "En daarom sal die HERE met ongeduld daarop wag om julle genadig te wees"

NAV "Tog is die Here gretig om julle genadig te wees"

CUM-MVB "Tog verlang die Here daarna om julle genadig te wees"

CUM-NLV "Tog wag die HERE gretig dat julle terugkom. Hy wil genade aan julle bewys"

NASB "the LORD longs to be gracious to you"

'n Wonderlik bemoedigende vers, die absoluut omgekeerde van oordeel, wat 'n openbaring is van die wesenlike aard, die karakter, van JHWH!

1. gretig om genade te betoon
 - a. verlang, (letterlik: wag; BDB 314, KB 313, *Pi'el*- (= intensiewe vorm= gretig) IMPERFEKTUM
 - b. genadig, BDB 335, KB 334, *Qal*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS
2. wag om Hom te ontferm
 - a. wag (letterlik: in die hoogte); verhef Hom om te ontferm (OAV); BDB 926, KB 1202, *Qal*-IMPERFEKTUM.¹⁷
 - b. ontferming (OAV, NAV); BDB 933, KB 1216, *Pi'el*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS

Die mens is daarop aangewese om nie op homself te vertrou nie, maar op die geopenbaarde karakter/wesenseienskappe van God. Hy wil almal seën (BDB 80) wat na Hom "verlang" (letterlik: "wag," dieselfde WERKWOORD as #1 hierbo, *hier net nie in die Pi'el = intensiewe-vorm nie*, maar in die *Qal*-vorm en AKTIEF DEELWOORD. Hierdie "wag" op Hom gee uitdrukking aan 'n vertrou op grond van 'n lewensuitkyk wat JHWH se teenwoordigheid, beloftes en doelstellinge verreken (vgl. 48:9-11; Hos. 11:8-11), selfs in tye van krisis en onsekerheid.

NASB HERSIENE TEKS: 30:19-22

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹⁹O people of Zion, inhabitant in Jerusalem, you will weep no longer. He will surely be gracious to you at the sound of your cry; when He hears it, He will answer you. ²⁰Although the LORD has given you bread of privation and water of oppression, He, your Teacher will no longer hide Himself, but your eyes will behold your Teacher. ²¹Your ears will hear a word behind you, "This is the way, walk in it," whenever you turn to the right or to the left. ²²And you will defile your graven images overlaid with silver, and your molten images plated with gold. You will scatter them as an impure thing, and say to them, "Be gone!"

¹⁷ Onvoltooide tyd – vert.

30:19-22 Gee ag op wat JHWH bereid is om vir 'n toekomstige bekeerling, 'n getroue Juda te doen.

1. hulle sal nie meer huil nie – dit word met klem gesê. Die INFINITIVUS ABSOLUTUS saam met die *Qal*-IMPERFEKTUM WERKWOORD van dieselfde woordstam (BDB 113, KB 129)! Na hierdie dag word ook in 25:8; 60:20; 61:1-3 verwys.
2. Hy sal verseker genadig wees – die klem hier word gelê met die *Qal*-INFINITIEF van dieselfde woordstam (BDB 335, KB 334; sien die aantekening by vers 18).
3. verseker. . .op jou hulpgeroep (OAV) – BDB 1033, KB 1570, *Qal*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS.
4. antwoord Hy (OAV) – BDB 772, KB 851, *Qal*-PERFEKTUM; vgl. 58:9; 65:24 (dit beteken dat die verbond in plek is en nagekom word)
5. Hy sal Hom nou nie meer afsydig hou nie (NAV) – BDB 489, KB 486, *Nifal*-IMPERFEKTUM. Dit is 'n seldsame term wat net hier voorkom. Letterlik beteken dit “om in 'n hoek gedruk te word” (NKJV). Die NASB se “hide”/“verberg”(OAV) kom van 'n Arabiese woordstam “om in te kamp” of “om te bewaar.”
6. jou oë sal jou leraars sien (OAV); jy sal self sien dat Hy die Een is wat jou leer (NAV); “Teacher”(NASB) – BDB 906, KB 1570, *Qal*-AKTIEF DEELWOORD.
7. sal jy agter jou 'n stem hoor sê (NAV)/jou ore sal 'n woord agter jou hoor (OAV) – BDB 1033, KB 1570, *Qal*-IMPERFEKTUM. Dit is die teenoorgestelde van 6:9-10 en 'n bekragtiging van Deut. 29:4. Die “woord” waaroor die res van die vers handel (BDB 182) is metafories beskrywend van 'n leefstyl van geloof:
 - a. die weg, BDB 202 (lewe in die verbond, vgl. 35:8-9; 42:16; Ps. 25: 8-9)
 - b. wandel daarop (OAV), BDB 229, KB 246, *Qal*-IMPERATIEF (vgl. Lev. 26:3; Deut. 8:6; 10:12; 11:22; 28:9; 1 Kon. 6:12; 8:36,61; 2 Kron. 6:16,27; Neh. 10:29; Jes. 2:3; Jer. 6:16; 44:10,23; Eseg. 5:6-7; 11:20; 18:17; 20:13,16,19,21; 33:15; 37:24; Dan. 9:10; Miga 4:2).
 - c. wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan (nog 'n idioom gebruiklik met die doel om aan te moedig wat betref die “regte pad”)
8. julle sal wegdraai van julle afgode
 - a. hulle verontreinig, (OAV); BDB 379, KB 375, *Pi'el*-PERFEKTUM
 - b. hulle verstrooi, weggooi (OAV); BDB 279, KB 280, *Qal*-IMPERFEKTUM
 - c. vir hulle sê: Weg daarmee (OAV); BDB 422, KB 425, *Qal*-IMPERATIEF

Jesaja het 'n heel uitsonderlike standpunt ingeneem dat Jerusalem nie ingeneem sal word nie. Jeremia was die teenoorgestelde mening toegedaan. Beide het wel herstel van die stad aangekondig indien die inwoners na JHWH sou terugkeer.

30:20 Etlike persone word in hierdie vers genoem.

1. die HERE – Adon
2. jou leraars (OAV)/die Een wat jou leer (CUM-NLV) (Teacher, NASB), [twee keer]
3. julle (die Judeërs, MEERVOUD)

Die Een wat leer/Teacher, kan heenwys op

1. JHWH (MEERVOUD is 'n vorm van verhewe eerbetoon, vgl. #6 hierbo); Sien TEV 45:15, 'n ander WERKWOORD word gebruik vir “U is 'n God wat Usel self verberg.”
2. die Messias (JHWH in gedaante/inkarnasie); sien #6 hierbo
3. profete/priesters (OAV, MEERVOUD, sien #6 hierbo; ware openbaring vind weer plaas)

Menings oor die leermeester/leraar (מוֹרֵיךְ)

1. ENKELVOUD, John J. Owens, *Analytical Key to the Old Testament*, vol. 4, bl. 90; sien NASB [Teacher], JPSOA, NRSV, ASV

2. MEERVOUD, Benjamin Davidson, *Analytical Hebrew and Chaldee Lexicon*, bl. 475; sien NKJV, REB en OAV [leraars].

Die vorm kan albei moontlikhede reflekteer (ENKELVOUD: Godheid; MEERVOUD: meer as een); NIDOTTE, vol. 2 bl. 538.

30:22

OAV	“soos iets wat besoedel is”
NAV, CUM-MVB	“soos. . .'n smerige lap”
CUM-NLV	“soos smerige klere”
NASB	“impure thing”
NKJV	“an unclean thing”
NRSV	“like filthy rags”
NJB	“like the polluted things”
Pesjitta	“like unclean water of a menstrous woman”

Hierdie term (BDB 188) dui op die doeke wat deur 'n vrou ten tye van menstruasie gebruik word. Dit is 'n sterk idioom om die afkeer aan seremonieel-onrein dinge te beskryf. Dinge wat vermy moet word (vgl. 64:6).

Die Septuaginta (LXX) en REB vat die volgende woord: “Weg daarmee”(BDB 422, KB 425) op as sinoniem met “ontlasting,” nog 'n kultuuridioom wat op seremoniële onreinheid dui.

NASB HERSIENE TEKS: 30:23-26

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

²³Then He will give *you* rain for the seed which you will sow in the ground, and bread *from* the yield of the ground, and it will be rich and plenteous; on that day your livestock will graze in a roomy pasture. ²⁴Also the oxen and the donkeys which work the ground will eat salted fodder, which has been winnowed with shovel and fork. ²⁵On every lofty mountain and on every high hill there will be streams running with water on the day of the great slaughter, when the towers fall. ²⁶The light of the moon will be as the light of the sun, and the light of the sun will be seven times *brighter*, like the light of seven days, on the day the LORD binds up the fracture of His people and heals the bruise He has inflicted.

30:23-26 Hier word die beloftes van seën op gebied van landbou en veeteelt (Lev. 26 en Deut. 27-28) bekragtig indien die nakomelinge van Abraham in die verbond met JHWH bly wandel.

- (1) reën op die regte tyd, verse 23,25, sien ook 35:6,7; 41:18; 43:19,20
- (2) goeie oeste, vers 23
 - a. ryk (NAV), smaaklik (OAV), BDB 206
 - b. groot oeste (CUM-NLV), BDB 1032
- (3) uitgestrekte grasveld vir die veediere (NAV), vers 23; 32:20
- (4) kragvoer vir die beeste en donkies (NAV), vers 24 (die term kom net hier voor, BDB 330)
- (5) die volksvyande sneuvel in hul duisende (NAV), vers 25 (“op elke hoë berg,” ‘n idioom wat in Hosea ook gebruik word met betrekking tot Baäl-aanbidding.
- (6) oorvloed lig vir gesondheid en groei, vers 26, vgl. 60: 20-21 (die getal sewe is simbolies van ‘n volmaakte hoeveelheid lig as blyk van God se teenwoordigheid; d.w.s. sy Naam blykens vers 27)

30:26 Hierdie geseënde herstel (vgl. 11:6-9; Rom. 8: 18-22) volg na

1. die dag van groot slagting wanneer torings val (vers 25),
2. die dag waarop die HERE sy volk se wonde verbind (NAV); vers 26,
3. en die seerplekke genees waar Hy hulle geslaan het (NAV); vers 26.



OAV “die wond gesond maak wat aan hulle geslaan is”
NAV, CUMs “en die seerplekke verbind waar Hy hulle geslaan het”
NASB “heals the bruise He has inflicted”

Hierdie vers en andere soortgelyk (d.w.s. Deut. 32:19; 1 Sam. 2:6; 2 Kon. 5:7; Job 5:18; Jes. 45:7; Jer. 1:10; 24:6; 31:28; Hos. 6:1; Amos 3:6), noep die moderne mens om oor die genadekarakter van God te twyfel. Hierdie verse wys egter die westerse denkwys, as sou daar baie oorsake met gevolge in die geskiedenis wees, van die hand omdat God Homself hier aandui as die enige soewereine Bewerker van gevolge op alle lewensterreine. Hy is teenwoordig in die geskiedenis en aktief.

NASB HERSIENE TEKS: 30:27-33

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

²⁷Behold, the name of the LORD comes from a remote place;
Burning is His anger and dense is *His* smoke;
His lips are filled with indignation
And His tongue is like a consuming fire;
²⁸His breath is like an overflowing torrent,
Which reaches to the neck
To shake the nations back and forth in a sieve,
And to put in the jaws of the peoples the bridle which leads to ruin.
²⁹You will have songs as in the night when you keep the festival,
And gladness of heart as when one marches to *the sound of* the flute,
To go to the mountain of the LORD, to the Rock of Israel.
³⁰And the LORD will cause His voice of authority to be heard,
And the descending of His arm to be seen in fierce anger,
And *in* the flame of consuming fire
In cloudburst, downpour and hailstones.
³¹For at the voice of the LORD Assyria will be terrified,
When He strikes with the rod.
³²And every blow of the rod of punishment,
Which the LORD will lay on him,
Will be with *the music of* tambourines and lyres;
And in battles, brandishing weapons, He will fight them.

**³³For Tophet has long been ready,
Indeed, it has been prepared for the king.
He has made it deep and large,
A pyre of fire with plenty of wood;
The breath of the LORD, like a torrent of brimstone, sets it afire**

30:27-33 Hierdie strofe weerspieël die oordeel van God oor Assirië in die verskyning van God in die idioom van ‘n teofanie, ‘n opkomende storm (vgl. Eks. 19:16 e.v.; Rigt. 5:4-5; Ps. 18:7 e.v.; 50:3-5; Hab. 3:3-4).

1. elemente van teofanie – verse 27, 30a-c, 33e
2. elemente van die storm – verse 28, 30d
3. elemente van herstel – vers 29
4. elemente van oordeel – Assirië verse 31-33

30:27

OAV “sy toorn brand, swaar wolke kom op”
NAV “sy toorn breek los, onweer dreig”
CUM-MVB “sy woede breek los, onweer dreig”
CUM-NLV “sy woede. . omring deur donker wolke soos rook”
NASB “dense is *His* smoke”
NKJV “*His* burden is heavy”
NRSV “in thick rising smoke”
NJB “heavy his threat”

Die MT het כבב, BDB 457, KB 451, CONSTRUCTUS BDB 673, “rook wat opstyg.” Die eerste woord kan die volgende beteken:

1. om swaar te wees
2. gewigtig
3. swaarbelaa
4. geëerd

Die tweede term כבב, (ms’h) BDB 673, KB 640, kom net hier in die OT voor. BDB sê dat dit die betekenis het van “dit wat opstyg” (wolk). KB sê dat dit “ophef maak” of “verhewenheid”/“grootheid” beteken. KB voeg by dat in Rigt. 20:38-40, die parallel כבב (ms’t) (vers 38) aanduiding is van stygende rook uit ‘n brandende stad. Die konteks van Jes. 30:27 is ‘n teofanie én oordeel, met die gevolg dat albei (teofanie en oordeel) as die bedoeling beskou moet word.

1. grootheid, ‘n wolk soos verstaan in *Sjekina*¹⁸
2. donker rook

30:28

OAV “soos ‘n oorlopende stroom wat tot by die nek kom”
NAV “‘n siedende stroom wat mense meesleur”
CUM-MVB “‘n siedende stroom wat tot by die nek kom”
CUM-NLV “soos vloedwater. . Hy voer hulle weg”
NASB “Which reaches the neck”

In hoofstuk 8:8 is dieselfde idioom gebruik om die Assiriese inval (en wegvoering) te beskryf. Hier is die lotgevalle omgekeer en is Assirië aan die ontvangkant omdat JHWH strydvoer aan die kant van Juda.

30:29

OAV “op die berg van die HERE, na die Steenrots van Israel”
NAV, CUMs “die berg van die HERE, na die Rots van Israel”
NASB “the mountain of the LORD, to the Rock of Israel”

Hierdie twee idiome is beide parallel vir die tempel in Jerusalem. Dikwels word “die rots” as ‘n aanduiding van JHWH self gebruik (vgl. 17:10; Deut. 32:4,18,30; 1 Sam. 2:2; Ps. 18:2,31,46; 28:1; 31:3; 42:9).

30:30

OAV “sy stem vol majesteit”
NAV, CUMs “magtige stem”
NASB “His voice”

Letterlik: “die majesteit van sy stem”(BDB 217). God se wil kom tot stand deur te spreek (vgl. tydens die skepping, Gen. 1). Sy stem is doelmatig (vgl. Jes. 45:23; 55:11; Mat. 24:35). ‘n Teologiese parallel vind ons in die beeldspraak oor Jesus uit Wie se mond ‘n tweekantige swaard kom (vgl. Openb. 1:16; 2:12,16; 19:15). Parallel is ook Jes. 11:4 se idioom die “die roede van sy mond” (OAV) en die NAV se weergawe, “met sy uitsprake.”

¹⁸ Die stralende heerlikheid van God se teenwoordigheid (*The New Bible Dictionary*, Ed. J. D. Douglas, bl. 1174) – vert.



OAV "haelkorrels"
NAV, CUM-MVB "hael"
CUM-NLV "haelstene"
NASB "hailstones"

God het dit ook, volgens Josua 10:11, gebruik om die Israëliete oor die Kanaäniete te laat seëvier (Jos. 10:14,42; 23:3,10).

30:31

OAV "verskrik wees"
NAV "begin slaan"
CUMs "sal platslaan"
NASB, TEV, NJB "will be terrified"
NKJV "will be beaten down"
NRSV "will be terror-stricken"
JB "will be battered"
LXX, Pessjitta "will be defeated"

Die WERKWOORD (BDB 369, KB 365, *Qal*-IMPERFEKTUM) beteken letterlik "om verbrysel te wees," wat daarop dui dat in oorlog 'n algehele onderspit gedelf is, wat boonop voorafgegaan was deur beklemmende en verlamme vrees vir die gewisse, aanstaande nederlaag (vgl. 7:8; 8:9 [drie keer]; 9:4; 20:5; 30:31; 31:4,9; 37:27; 51:6,7). JHWH voer stryd teen Assirië aan die kant van sy volk. Die vrees en paniek, die verliese wat Israel en Juda gely het, moet Assirië nou aan eie lyf voel, die roede van die toorn van JHWH (vgl. 10:5).



OAV "met die stok sal hy slaan"
NAV "wanneer Hy begin slaan"
CUMs "Met sy septer sal Hy hulle platslaan"
NASB "He strikes with a rod"

In Jesaja 10:5 word Assirië "die stok. . .die werktuig van my toorn" genoem, maar hier is die rolle omgeruil en God is terug aan die kant van sy volk. Die "werktuig" van vroeër moet nou self die "stokhoue" voel!

30:32 Die oordeel van die Here word met 'n idioom van lyfstraf met 'n slaanding (stok) beskryf. Dit is moontlik dat die volgende twee reëls (vers 32c,d) die houe aftel

1. met musikale begeleiding, 'n slagmaat van vreugde
2. en dat Juda se vreugde volg uit die neerlaag wat JHWH Assirië toegedien het (vgl. vers 32)

30:33

OAV "Tofet"
NAV, CUM-NLV "brandoond"
NASB "Tophet"

Dit is die Hebreuse woord vir 'n "vuurmaakplek" (BDB 1075). Die diens van die afgod *Moleg* word dikwels daarmee geassosieer. Die konteks hier dui moontlik op

1. 'n offerplek aan JHWH voorberei deur die *koning* van sy herstelde volk (Israel)
2. 'n lykverbranding op 'n brandstapel vir Assirië se *koning* deur JHWH self voorberei
3. "die *koning*" mag die Fenisiese "vuurgod" self wees (vgl. Lev. 18:21)

Opsie #2 pas die beste in die konteks.

JESAJA 31

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Help Not in Egypt But in God	The Folly of Not Trusting God	Against Egypt	God Will Protect Jerusalem	Against the Egyptian Alliance	
31:1-3 (1-3)	31:1-3 (1-3)	31:1-3 (1-3)	31:1-3	31:1-3 (1-3)	
	God Will Deliver Jerusalem	Against Sennacherib		Against Assyria	
31:4-5 (4-5)	31:4-5 (4-5)	31:4-9 (4-5)	31:4-5	31:4-9 (4-9)	
31:6-9 (6-9)	31:6-9 (6-9)		31:6-9		

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

TOELIGTING UIT DIE KONTEKS

- A. Hoofstukke 31-32 vorm 'n literêre eenheid wat oor dieselfde historiese gebeurtenis handel wat in 29:15-30:33 aan die orde is. Hiskia gaan uit sy pad uit om met Egipte in bondgenootskap teen Assirië te tree, maar in 701 v.C. val Sanherib Juda binne en verwoes ses-en-veertig ommuurde stede. Jerusalem kom dié keer skotvry daarvan af.
- B. Die *Anchor Bible* het interessante tabelle wat die profetiese ommeswaaie tussen oordeel en hoop aandui (bl. 426).

BEDREIGING
28:14-15
29:1-4
29:15-16
30:1-17
31:1-3

HOOP
28:16-17
29:5-8
29:17-21
30:29-33
31:4-5, 8-9

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 31:1-3

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹Woe to those who go down to Egypt for help

And rely on horses,

And trust in chariots because they are many

And in horsemen because they are very strong,

But they do not look to the Holy One of Israel, nor seek the LORD!

²Yet He also is wise and will bring disaster

And does not retract His words,
 But will arise against the house of evildoers
 And against the help of the workers of iniquity.
³Now the Egyptians are men and not God,
 And their horses are flesh and not spirit;
 So the LORD will stretch out His hand,
 And he who helps will stumble
 And he who is helped will fall,
 And all of them will come to an end together.

31:1

NAV “WEE”
 CUM-MVB “Ellende”
 CUM-NLV “Verwoesting wag”
 NASB “Woe”

Dit is die vyfde in ‘n reeks van weeklagte wat in 28:1; 29:1,15; 30:1; 31:1 en 33:1 voorkom. Die poëtiese metrum van roubeklag (begrafenis) tree in. Sien die aantekening by 5:8.

☐

OAV “wat na Egipte aftrek vir hulp”
 NAV, CUM-MVB “vir die wat by Egipte hulp gaan vra”
 CUM-NLV “enigeeen wat na Egipte kyk vir hulp”
 NASB “who go down to Egypt for help”

Die volk van God was besig om hulle vertroue in politieke bondgenootskappe te stel in plaas van om op die almag, die teenwoordigheid en beloftes van JHWH staat te maak (sien hoofstukke 28-34).

☐

OAV, NAV, CUM-MVB “perde. . .strydwaens. . .ruiters”
 CUM-NLV “baie perde. . .sterk ruiters”
 NASB “horses. . .chariots. . .horsemen”

Die Assiriërs was vir hulle uitgebreide ruitery bekend. Egipte was bekend daarvoor dat hulle oor ‘n menigte strydwaens beskik het. Juda was vir die Assiriërs bang en het op Egipte staatgemaak en God buite rekening gelaat. Die mens moet in elke eeu daarteen waak om nie soveel op die beskikbare vlak van tegnologie, en oorwig van getalle, staat te maak dat hy meen hy die barmhartigheid van God, die Skepper, nie in oorweging hoef te neem nie.

☐

OAV, NAV, CUM-MVB “strydwaens”
 NASB “chariots”

Egipte het strydwaens na alle omliggende lande uitgevoer (vgl. 1 Kon. 10:29), maar effektiewe gebruik daarvan kon net op gelykgrond geskied en nie in die heuwellandskap van Juda nie.

☐

OAV “die Heilige van Israel. . .die HERE”
 NAV, CUM-MVB “die Heilige van Israel. . .die Here”
 CUM-NLV “die Heilige van Israel”
 NASB “the Holy One of Israel. . .the LORD”

Hierdie twee benaminge dui op die God van die Verbond (vgl. 1:4). Al is dit so dat die eerste naam dui op die geregtigheid van sy aard en wese, is hy nogtans die Here wat sondige mense roep om sy kinders te wees.

Die tweede term is die Verbondsnaam vir God, naamlik JHWH; (vgl. Eks. 3:14). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:1.

☐

OAV “sien. . .soek”
 NAV, CUM-NLV “vertrou. . .vra”
 CUM-MVB “soek. . .vra”
 NASB “look. . .seek”

Albei die WERKWOORDE is ONTKENNEND gestel en is *Qal*-PERFEKTUMS, wat dus dui op ‘n gevestigde NEGATIEWE situasie.

1. sien (letterlik: “om goed te bekyk”). BDB 1043, KB 1609, vgl. 17:7,8
2. soek, BDB 205, KB 233, vgl. 9:13; 55:6; 58:2; 65:10

Dit is twee WERKWOORDE wat iets sê oor die intensiteit van ‘n persoon se belangstelling (wat volgens die bedoeling van die vers by Israel ontbreek). Sien ook Dan. 9:13.

31:2 OAV “Nogtans is Hy ook wys en Hy laat die onheil kom”

NAV, CUM-MVB	“Hy is die Een wat wysheid het; daarom het Hy ‘n ramp laat losbreek”
CUM-NLV	“In sy groot wysheid stuur Hy rampe”
NASB	“He also is wise and will bring disaster”

Die *NET Bible* sien hierdie opmerking as sarkasme omdat Juda se raadgevers gedink het dit is wys om by Egipte hulp te soek. Die hele vers spreek juis dan oor JHWH en nie net die laaste twee reëls nie.



OAV	“en trek sy woorde nie terug nie”
NAV, CUM-MVB	“en het hy nie afgesien van wat Hy gesê het nie”
CUM-NLV	“Hy verander nie van gedagte nie”
NASB	“And does not retract His words”

Wanneer God praat, kan op sy woorde pyl getrek word (vgl. Jes. 45:23; 55:11; Jer. 44:29).



OAV	“sal opstaan”
NAV, CUM-NLV	“tree op”
CUM-MVB	“staan op”
NASB	“will arise”

Hierdie WERKWOORD (BDB 877, KB 1086, *Qal*-PERFEKTUM) is ‘n antropomorfisme wat beskryf hoe JHWH van sy troon opstaan vir die stryd in belang van sy volk (vgl. 14:22); of ook teen sy mense (Amos 7:9). Sien *Vir Spesiale Aandag: Antropomorfiëse Taalgebruik oor God* by 6:1.



OAV	“die huis van die kwaaddoeners. . .die wat ongeregtheid werk”
NAV	“die volk wat altyd verkeerd doen. . .die wat onreg doen”
CUM-MVB	“die huis van die goddelose. . .wat hulp verleen aan kwaaddoeners”
CUM-NLV	“die volk wat bose dinge doen. . .hul bondgenote”
NASB	“the house of evil-doers. . .the workers of iniquity”

Hierdie twee frases verwys enersyds na Juda (d.w.s. die volk “wat gehelp word” vers 3e) en Juda se politieke bondgenootskappe (d.w.s. Egipte as die volk “wat hulp verleen,” vers 3d)

31:3 Dit is ‘n vergelyking tussen die kortstondigheid, die verganklikheid van mensesteun en die ewigdurendheid van God (*El*). Hier is dit miskien spesifiek ‘n verwysing na Eks. 14: 26-31a.

In dié vers word God (*El*) duidelik met vlees gekontrasteer. God is “gees” (vgl. Joh. 4:24). Hy kan menslike liggaamlikheid aanneem (teofanie), maar as gees is Hy in sy skepping alomteenwoordig (vgl. 1 Kon. 8:27; Jer. 23:24). Hy verkies om in ‘n vertrouensvriendskap met nederige en berouvolle gelowiges te verkeer (vgl. Jes. 66:1-2).



OAV	“As die HERE sy hand uitstrek”
NAV, CUMs	“As die HERE sy hand uitsteek”
NASB	“the LORD will stretch out His hand”

Dit is ‘n antropomorfiëse idioom om God se aktiwiteit te beskryf. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 6:1



OAV	“en saam gaan hulle almal te gronde”
NAV, CUM-MVB	“en gaan hulle saam onder”
CUM-NLV	“Saam sal hulle sterf”
NASB	“all of them will come to an end together”

Hierdie WERKWOORD (BDB 477, KB 476, *Qal*-IMPERFEKTUM) dui op ‘n algehele vernietiging en einde (vgl. 1:28; 16:4; 29:20). Wat na groot mag en ‘n lang rakkewe lyk, is dit baie keer nie! Dit is in ooreenstemming met alombekende spreukwoord dat mense soos gras verganklik is (vgl. Jes. 40:6-8; Ps. 90:5-6; 103:15; 104:14; Jak. 1:10-11; 1 Pet. 1:24).

NASB HERSIENE TEKS: 31:4-5

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

**⁴For thus says the LORD to me,
 “As the lion or young lion grows over its prey,
 Against which a band of shepherds is called out,
 And he will not be terrified at their voice nor disturbed at their noise,
 So will the LORD of hosts come down to wage war on Mount Zion and on its hill.”
⁵Like flying birds so the LORD of hosts will protect Jerusalem.**

**He will protect and deliver it;
He will pass over and rescue it.**

31:4

OAV,NAV, CUMs “’n leeu”

NASB “the lion”

Die metafoor teken God as groot van krag en hardnekkig toegewy aan sy besondere plek, die tempel. Dit staan in skrilte kontras met die eerste strofe (31:1-3).

■

OAV “So sal die HERE van die leërskare neerdaal”

NAV “So sal die Here, die Almagtige. . .neerdaal”

CUM-MVB “So sal die Here, Magtige van die hemelse leërskare. . .neerdaal”

CUM-NLV “netso sal die HERE, die Almagtige kom ”

NASB “the LORD of hosts come down”

Hierdie WERKWOORD (BDB 432, KB 434, *Qal*-IMPERFEKTUM) beteken “om af te kom”, “af te gaan,” “neer te daal.” Melding word dikwels daarvan gemaak dat JHWH sy woning in die hemele verlaat om

1. te sien hoe Hy op mense se optrede moet reageer (Gen. 11:5,7; 18:21)
2. Homself aan mense te openbaar (Eks. 3:8; 19:11,18,20; Num. 11:17,25; 12:5 (twee besondere plekke waar sy eienskappe vermeld word, is Eks. 34:5,6-7; Neh. 9:13,17)
3. in teofanie besondere karaktereenskappe te laat blyk, in verskeie Psalms, 2 Sam. 22:10, Ps. 18:9e.v.; 144:5
4. te oordeel, Miga 1:3 (bv. # 1)

Die WERKWOORD sinspeel op ruimte (na benede), maar moet metafories opgevat word wanneer met die verhouding hemel-aarde gewerk word (vgl. Han. 1:2,9).

Juda het afgegaan na Egipte (vers 1, dieselfde WERKWOORD), JHWH kom af om Jerusalem te verdedig, ondanks hulle ongelooft. Jesaja is enig (onder die profete) daarin dat hy meen Jerusalem is oninneembaar! Die latere profete het nie in sy optimisme gedeel dat Juda tot inkeer sou kom en hulle vertrou in JHWH sou stel nie (vgl. Jer. 26:18; Miga 3:11-12; 5:5b-6,7-8).

31:5

OAV “Soos voëls wat fladder”

NAV, CUMs “Soos voëls beskermend oor hul neste sweef”

NASB “Like flying birds”

Dit is ‘n aanduiding hoe God sorgsaam en lojaal soos ‘n hen/moeder-voël beskermend sal optree (“sal beskerm,” BDB 170, KB 199, die *Hifil*-IMPERFEKTUM en die *INFINITIVUS ABSOLUTUS* van dieselfde woordstam beskryf die intensiteit van hierdie “beskerming”). Dikwels word in die Bybel vroulike metafore gebruik om God se handeling te beskryf (vgl. Gen. 1:2; Deut. 32:11; Jes. 40:31; Hos. 11:4; Mat. 23:37; Luk. 13:24).

Let op na wat God volgens vers 5 beoog om vir sy volk te doen

1. sal beskerm, BDB 170, KB 199; *Hifil*-IMPERFEKTUM
2. sal beskerm, BDB 170, KB 199, *Qal*-*INFINITIVUS ABSOLUTUS*
3. sal uitred, BDB 644, KB 717, *Hifil*-PERFEKTUM
4. sweef oor/fladder (NAV/OAV), BDB 820, KB 947, *Qal*-*INFINITIVUS ABSOLUTUS*

■

OAV “verskoon en bevry”

NAV, CUM-MVB “Hy sal beskermend verbykom”

CUM-NLV “Hy sal daaroor gaan”

NASB “He will pas over”

“Hierdie WERKWOORD (BDB 820, KB 947, *Qal*-*INFINITIVUS ABSOLUTUS*, vgl. Eks. 12:11-27) dui op beskerming teen menslike bedreiging. Moontlik is hierin ‘n gedagte van aansluiting by die Paasfeesgebeure soos in Eksodus meegedeel, toe God teen alle verwagtinge in sy volk beskerm het en uitgered het.

NASB HERSIENE TEKS: 31:6-9

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

⁶Return to Him from whom you have deeply defected, O sons of Israel. ⁷For in that day every man will cast away his silver and his gold idols, which your sinful hands have made for you as a sin.

⁸And the Assyrian will fall by a sword not of man,

And a sword not of man will devour him.

So he will not escape the sword

And his young men will become forced laborers.

⁹His rock will pass away because of panic,

And his princes will be terrified at the standard”

31:6

OAV, NAV, CUM-MVB “bekeer julle tot Hom”

CUM-NLV “kom terug na Hom toe”

NASB “Return to Him”

Die WERKWOORD is *sjub*, BDB 996, KB 1427, *Qal*-IMPERATIEF, wat basies beteken “draai om” of “keer terug.” Dit kan gebruik word vir

1. wegdraai van God, soos in Num. 14:43; Jos. 22:16,18,29; Rigt. 2:19; 8:33; 1 Sam. 15:11; 1 Kon. 9:6; Jer. 3:19;
2. terugkeer na God, soos in 1 Kon. 8:33,48; 2 Kron. 15:4; 30:9; Ps. 51:13; 116:7; Jes. 6:10; Jer. 3:7, 12,14,22; 4:1; 5:3; Hos. 3:5; 5:4; 6:1; 7:10, 16; 11:5; 14:1,2; Amos 4:6,8,9,10, 11 (Let veral op Jeremia 7 en Amos 4)
3. aanvanklik het JHWH aan Jesaja meegedeel dat Juda nie sal tot inkeer kom nie, eintlik nie kán nie (vgl. 6:10), maar hierdie vers is nie die eerste keer wat Hy hulle roep om na Hom terug te keer nie.

Berou is eerder ‘n gesindheidsverandering teenoor God, meer so as ‘n emosie. Dit is ‘n ommekeer weg van die eiewillige self tot Hom. Dit verg ‘n gewilligheid om verander te word en dit te láát gebeur. Daarmee is alle sonde nie uitgewerp nie, maar dit is ‘n daaglikse einde maak aan die versetpleging van die ou natuur. Dit is die ommekeer van die selfsug wat gevolg het op die Sondeval (Genesis 3). Dit kom daarop neer dat die beeld en gelykenis van God (Gen. 1:26-27), geskend deur die sonde, herstel is! Vertrouensvriendskap met God (fellowship) word vir sondegevalle mense weer moontlik.

Bekering in die OT beteken basies “verandering van optrede,” terwyl dit in die NT neerkom op die “verandering van lewensuitkyk/gedagtes.” Albei die veranderinge is, volgens Bybelse standaarde, in ware bekering, nodig. Dit is ook nodig om in gedagte te hou dat bekering nie maar net ‘n aanvang het nie, maar ook ‘n volgehoue proses moet wees. In Mark. 1:15; Han. 3:16 en 19; 20:21 is die aanvanklike handeling opmerklik en in die voortgaande proses in 1 Joh. 1:9; Openbaring 2 en 3. Bekering is nie maar net ‘n opsie nie (vgl. Luk. 13:3)! Sien *Vir Speciale Aandag: Bekering in die OT* by 6:10.

▣

OAV “diep afgeval het”

NAV “van wie julle so ver verwyder geraak het”

CUM-MVB “teen wie julle so in opstand gekom het”

CUM-NLV “al het julle Hom verraaï”

NASB “deeply defected”

Dit laat sien die omvang van Juda se rebellie teen JHWH.

1. verwyder geraak/afgeval/deeply (NAV/OAV/NASB); BDB 770, KB, *Hifil*-PERFEKTUM, die woord wat in 30:3 gebruik word om die brandstapel-begraving van die koning van Assirië te beskryf. Dit kan ook sonde beskryf soos die geval hier, maar ook in Hosea 5:2 en 9:9. Die nader besonderhede daarvan is dat Juda se “geheime” plan om by Egipte om hulp aan te klop (blyke van afvalligheid; 29:15) dus sonde tot die dood toe is (brandstapel-begraving).
2. afgeval/verraai/defected (OAV/CUM-NLV/NASB) dui hier op dwaling, vgl. Deut. 13:5; Jes. 1:5; 31:6; Jer. 28:16; 29:32.

▣

OAV “kinders van Israel”

NAV, CUM-MVB “Israeliete”

CUM-NLV “Daarom, Israeliete”

NASB “O sons of Israel”

In die Bybel kan die term “Israel” na verskeie aspekte verwys: (1) die Aartsvader Jakob en sy seuns, (2) die Noordelike Tien Stamme, ook genoem Samaria en Efraim, of (3) na Juda. In hierdie konteks is dit dan #3.

31:7 Israel het absorberend omgegaan met die Kanaänitiese vrugbaarheidskultusse (sien *Vir Speciale Aandag* by 17:8) en JHWH-aanbidding daarmee saam bedryf. Dit lei tot rampspoed altyd. JHWH is God alleen of Hy onttrek Hom totaal!

31:8

OAV “En Assur sal val”

NAV, CUM-MVB “sal Assiriërs. . .afgemaai word ”

CUM-NLV “Die Assiriërs sal vernietig word”

NASB “the Assyrian will fall”

Assirië was die stuk gereedskap wat deur God gebruik was om die Noordelike Tien Stamme te straf (vgl. Jes. 10:5), maar God sou ook regverdig optree teenoor hierdie afvallige nasie (vgl. 10:12; 14:15; 30:31-33; 37:7). Nineveh, die hoofstad van Assirië, het voor die Neo-Babiloniese aanslag in 612 v.C. geval.

▣

OAV “nie van ‘n man nie, en nie die swaard van ‘n mens, nie sal hom verteer”

NAV, CUM-MVB “afgemaai. . .maar nie die swaard van ‘n mens nie”

CUM-NLV “maar nie deur die swaard van mense nie. . .sal hulle tref”

NASB “a sword not of man will devour them”

Lees nou hoofstukke 36 en 37 van Jesaja, waarin die aanval op, en beleg van, Jerusalem onder Sanherib beskryf word. Let op hoe God wonderbaarlik (sonder die swaard) tot redding van die stad gekom het (37:36).



OAV “sal dienspligtig word”

NAV, CUM-MVB “sal dwangarbeiders word”

CUM-NLV “slawe gemaak word”

NASB “forced laborers”

Oorlewendes in ‘n verslaande weermag kon

1. as huursoldate dienspligtig word in die mag wat oorwin het
2. as slawe verkoop word
3. as verpligte arbeid in diens van militêre personeel opgeneem word

Alle ander inwoners is as slawe in diens geneem (vgl. Klaagl. 1:1). Slawerny was in die antieke wêreld baie algemeen, veral aan wie geld verskuldig was of in oorlog verslaan is.

31:9

OAV “sy rots. . .sy vorste”

NAV, CUM-MVB “Die koning vir wie hulle as rots beskou”

CUM-NLV “selfs hulle bevelvoerders”

NASB “his rock. . .his princes”



OAV “wat ‘n vuur het. . .’n oond”

NAV, CUM-MVB “van wie die vuur. . .die altaar”

CUM-NLV “wie se vlam. . .op die altaar”

NASB “whose fire. . .furnace”

Hiermee word nie die vuur van oordeel bedoel nie (alhoewel ‘n verband met 30:33 moontlik is), ook nie die vuur van opheldering nie, maar ‘n aanduiding van die vuurherd wat God se inwoning in Jerusalem aandui; sy huis en haard!

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Wat sê hoofstuk 31 omtrent die wapenwedloop van ons moderne tyd?
2. Kan die onoortreflike tegnologie van ‘n supermoondheid ware beveiliging bied?
3. Wat is die boodskap daarin as JHWH se optrede in vroulike terme beskryf word?
4. Beskryf bekering. Is dit ‘n eenmalige handeling of praat ons van ‘n voortgaande ondervinding? Is dit bloot ‘n verandering van gesindheid of het dit ook met aktiwiteite te doen?
5. Verduidelik hoe Assirië met nie-menslike middele verslaan is?

JESAJA 32

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Glorious Future	A Reign of Righteousness	The Coming Age of Justice	A King With Integrity	A Good King	Daar sal 'n koning kom
32:1-8 (1-8)	32:1-8 (1-4) (5-8)	32:1-8 (1-8)	32:1-8	32:1-5 (1-5)	32:1-8 (1-8)
	Consequences of Complacency	Against the Complacency of Judah's Women	Judgment and Restoration	Niggard and Noble	Wie reg doen, sal vrede hê
				32:6-8 (6-8)	
32:9-20 (9-20)	32:9-15 (9-11) (12-15)	32:9-14 (9-14)	32:9-14		32:9-20 (9-14)
	The Peace of God's Reign	The Age of the Spirit Will See the Transformation of All Creation		Against the Women of Jerusalem	
				32:9-14 (9) (10) (11) (12-13) (14)	
				Outpouring of the Spirit	
	32:16-20 (16-19) (20)	32:15-20 (15-20)	32:15-20	32:15-20 (15-17) (18-20)	(15-20)

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

TOELIGTING UIT DIE KONTEKS

- A. Hoofstukke 31 en 32 bevat die vyfde van die ses “Ellende-waarskuwings” in verband met Hiskia se poging om 'n politiek-militêre alliansie met die Nubiese Faraο van die 25ste Dinastie van Egipte te sluit (28:1; 29:1;30:1;33:1).
- B. Juda het op Egipte staatgemaak vir beskerming en op JHWH nie vertrou nie! Jesaja beskou dit as gebrek aan vertroue op God se Verbondsbeloftes en sy aanwesigheid.

- C. Hierdie hoofstuk lê klem op die regering van ‘n toekomstige, Regverdige Koning in Jerusalem (vgl. vers 1; 9:6-7; Miga 5:2-5a). Dit was die verwagting omtrent Hiskia gewees. Hy het naby daaraan gekom in uitlewing van sy geloof, soos wat blyk uit 37:14-20,30.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 32:1-8

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹Behold, a king will reign righteously
 And princes will rule justly.
²Each will be like a refuge from the wind
 And a shelter from the storm
 Like streams of water in a dry country,
 Like the shade of a huge rock in a parched land.
³Then the eyes of those who see will not be blinded,
 And the ears of those who hear will listen
⁴The mind of the hasty will discern the truth,
 And the tongue of the stammerers will hasten to speak clearly.
⁵No longer will the fool be called noble,
 Or the rogue be spoken of as generous
⁶For a fool speaks nonsense,
 And his heart inclines toward wickedness:
 To practice ungodliness and to speak error against the LORD,
 To keep the hungry person unsatisfied
 And to withhold drink from the thirsty.
⁷As for a rogue, his weapons are evil;
 He devises wicked schemes
 To destroy the afflicted with slander,
 Even though the needy one speaks what is right.
⁸But the noble man devises noble plans;
 And by noble plans he stands.

32:1

OAV “koning. . .vorste”
 NAV, CUM-MVB “koning. . .amptenare”
 CUM-NLV “koning. . .volk”
 NASB “a king. . .princes”

Verse 1-8 weerspieël die regering van ‘n toegewyde koning en amptenary (vgl. 9:6-7; 11:1-5; 16:5; Miga 5:2-5a). Blykbaar is hier doelbewuste dubbelsinnigheid (meervoudige betekenis) aan die orde. Hiskia (die nabye vervulling van 7:14-15) en die komende Messias (die uiteindelijke vervulling, vgl. 7:14 en Mat. 1:23) is beide aanwesig in hierdie vers.

32:2 Hierdie vers beskryf met woestynmetafore die regering van die toegewyde leier en sy span.

Hoe die regering van hierdie toegewyde leier daaraan sal uitsien, word in woestynmetafore beskryf.

1. ‘n toevlug (BDB 285, letterlik: “skuiling,” [teen wind]; ‘n vorm wat net hier gevind word
2. ‘n skuilplek (BDB 712) teen storms (parallel met #1)
3. watervloede in ‘n droë landskap
4. die skadu van ‘n reuse rots (BDB 853) in ‘n verdroogde land

Soortgelyke metafore word ten opsigte van JHWH in 25:4 gebruik. Al God se toewydes, of ten minste die leierskap onder hulle word so voorgestel (“regeerders sal regeer,” WERKWOORD, BDB, 079, KB 1362, *Qal*-IMPERFEKTUM)

32:3-4 Hiermee word ‘n vernude geestelikheid van God se verbondsvolk beskryf.

32:5-8

OAV “‘n dwaas. . .die skelm”
 NAV, CUM-MVB “‘n dwaas. . .’n skurk”
 CUM-NLV “dwase. . .skurke”
 NASB “fool. . .rogue”

Hierdie twee tipes sal nog in die gemeenskap aanwesig wees, maar hulle sal as sulks geïdentifiseer wees (verse 6-7). Twee bese persoonlikhede word in verse 6 en 7 beskryf, terwyl vers 8 die “ware” edel persoon beskryf.

1. die dwaas (BDB 614) van vers 6
 - a. praat onsinnig
 - b. se hart neig tot die kwaad

- (1) doen verkeerde dinge
- (2) maak verkeerde opmerkings omtrent die HERE
- c. het vir hongerlydendes geen gevoel nie
- d. en bied niks te drinke vir dorstiges nie
2. die skurk (BDB 647, kom net hier twee keer voor) word in vers 7 beskryf;
 - a. maak gebruik van bose wapentuig
 - b. beplan bose skemas
 - c. vernietig onderdrukte met sy laster
 - d. verwerp die ware getuienis van armes
3. die edel persoon (BDB 622), vers 8
 - a. maak edel planne van vriendelik-hulpvaardige aard in teëstelling met dit wat in verse 6,7 gesmee word;
 - b. planne wat van vasstaande en blywende aard is

NASB HERSIENE TEKS: 32:9-20

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

**⁹Rise up, you women who are at ease,
And hear my voice
Give your ear to my word,
You complacent daughters.
¹⁰Within a year and a few days
You will be troubled, O complacent daughters;
For the vintage is ended,
And the fruit gathering will not come.
¹¹tremble, you women who are at ease;
Be troubled, you complacent daughters
Strip, undress and put sackcloth on your waste,
¹²Beat your breasts for the pleasant fields, for the fruitful vine,
¹³For the land of my people in which thorns and briars shall come up;
Yea, for all the joyful houses and for the jubilant city.
¹⁴Because the palace has been abandoned, the populated city forsaken.
Hill and watch-tower have become caves forever,
A delight for wild donkeys, a pasture for flocks;
¹⁵Until the Spirit is poured out upon us from on high,
And the wilderness become a fertile field,
And the fertile field is considered a forest.
¹⁶Then justice will dwell in the wilderness
And righteousness will abide in the fertile field.
¹⁷And the work of righteousness will be peace,
And the service of righteousness, quietness and confidence forever.
¹⁸Then my people will live in a peaceful habitation,
And in secure dwellings and in undisturbed resting places;
¹⁹And it will hail when the forest comes down,
And the city will be utterly laid low.
²⁰How blessed will you be, you who sow beside all waters,
Who let out freely the ox and the donkey.**

32:9-12 Hierdie maak melding van die welaf vrouens van die hoëlui in Jerusalem. Let daarop hoe hulle aangespreek word.

1. Staan op, geruste vroue (OAV); vers 9, BDB 877, KB 1086, *Qal*-IMPERATIEF. Dit is dieselfde WERKWOORD wat in die vorige vers met standvastig/hou stand (OAV) vertaal is. Hier beteken dit dat die aangesprokene moet opstaan om die woord van die Here (of sy profeet) aan te hoor.
2. hoor my stem (OAV); vers 9, BDB 1033, KB 1570, *Qal*-IMPERATIEF
3. luister na my woord (OAV); BDB 24, KB 27, *Hifil*-IMPERATIEF (sien ook 28:23). Let op hoe beskrywend die tweede en derde WERKWOORD is as parallel met die gemaksug van geruste vroue (sien vers 11) en sorgelose dogters (OAV); verse 10,11.
4. julle sal sidder (OAV); vers 10, BDB 919, KB 1182, *Qal*-IMPERFEKTUM. Hierdie term het iets in van bewende angs, verontrusting en onrus. Let ook op die tydfaktor in vers 10
 - a. 'n jaar en paar dae (OAV)
 - b. gedaan met die druiwe-oes (OAV)
 - c. geen insameling van vrugte sal kom nie (OAV)
5. bewe (CUM-MVB)/staan maar nou-al verskrik (NAV), vers 11, *Qal*-IMPERATIEF, vgl. 10:29; 19:16; 41:5. Dit is 'n parallel met die "sidder" van vers 10, maar met die (grammatikale) eienaardigheid dat al die IMPERATIEWE/BEVELE van vers 11 MANLIK is, hoewel gerig aan die adres van vroue!

6. sidder/be troubled (OAV/NASB); vers 11, BDB 919, KB 1182, *Qal*-IMPERATIEF, dieselfde WERKWOORD as in vers 10
7. trek julle uit/strip (OAV/NASB); vers 11, BDB 832, KB (980), *Qal*-IMPERATIEF. Dit kan gesien word as (1) ‘n teken van roubedryf (Eseg. 26:16) of (2) vernedering (Hos. 2:5).
8. ontbloom julle/undress (OAV/NASB); BDB 792, KB 889, *Qal*-IMPERATIEF
9. gord rougewade om julle lendene/klere van sak (OAV/CUM-NLV); vers 11, BDB 291, KB 291, *Qal*-IMPERATIEF, ‘n gebaar van roubedryf! Sien *Vir Speciale Aandag* by 15:2-3.
10. slaan op julle borste (CUM-NLV); vers 12, BDB 704, KB 763, *Qal*-AKTIEF DEELWOORD, ook ‘n teken van roubedryf! (vgl. Luk. 18:13; 23:48).

Alles hier genoem, sinspeel op die tyd toe Sanherib in 701 v.C. Jerusalem ingeneem het. Beleërings was ervaring van skrikwekkende ontbering en siekte-epidemies.

32:9,10,11

OAV	“sorgelose dogters”
NAV, CUM-MVB	“selfversekerdes”
CUM-NLV	“onbesorgde vroue”
NASB, NKJV, NRSV	“complacent daughters”
NJB	“over-confident daughters”
REB	“daughters without a care”
LXX (Grieks)	“dogters vol hoop”
JPSOA	“confident ladies”

Die Hebreuse term (BDB 105, KB 120) beteken normaalweg om “sekerheid” te hê of ook “selfvertroue” (vgl. NASB kantaantekening); ander geleerdes bemark ‘n ander WOORDSTAM (BDB 105 II en KB 121), wat “neerslaan op die grond” beteken (NIDOTTE, vol. 1, bl. 649).

Hierdie term kom ook in 32:17 voor waar dit ook die betekenis van selfversekerdheid of sekuriteit het (NJB).

32:10

OAV	“‘n Jaar en ‘n paar dae”
NAV, CUM-MVB	“oor iets meer as ‘n jaar”
CUM-NLV	“Binnekort, oor bietjie meer as ‘n jaar”
NASB	“Within a year and a few days”

Dit is ‘n besonder spesifieke tydsaanduiding (waarskynlik inaggenome die aanstaande oestyd) wat saamval met die inval van Sanherib in 701 v.C.

32:12

OAV	“Hulle slaan op die bors”
NAV, CUM-MVB	“slaan julle borste”
CUM-NLV	“Slaan op julle borste”
NASB	“Beat your breasts”

Hierdie frase kan van twee kante af beskou word.

1. sien dit in verband met die naak-bors vroue van vers 11
2. verander die uiters skaars digterlike term בָּרֶסֶת (šd), “bors,” na “velde” (BDB 961), בָּרֶשֶׁת (šd’), vgl. 56:9, soos wat JPSOA in ‘n voetnoot voorstel. As hierdie opsie #2 gevolg word, kom dit daarop neer dat “velde” (“mooi velde” en die “vrugbare wingerdstok”) tekenend word van die verliese aan boerdery-opbrengste.
3. sien dit as ‘n idioom vir die geweeklaag van manne en vroue (Pesjitta).

32:13

OAV	“die huise van vreugde”
NAV, CUM-MVB	“huise waarin daar soveel vrolikheid was”
CUM-NLV	“julle vrolike huise”
NASB	“the joyful houses”

Hierdie selfde term “vrolik” (BDB 965) kom in vers 14 voor as “‘n plesier vir wilde donkies.” Jesaja gebruik graag

1. toutologie (herhaling)
2. woordspel
3. herhaling van metafore

om sy boodskappe oor te dra. Sy Hebreuse teks is by verre meer dinamies en kunstig as wat in vertaling deurgegee kan word. Dit laat die vraag ontstaan of JHWH in poësie gekommunikeer het of Jesaja daarvan die skepper is? Aangesien nie alle openbaringe van JHWH in poëtiese vorm oorgedra is nie, wil dit voorkom of Jesaja die gawe gehad het! Talle woordkeuses van Jesaja het veel meer met klankspel te doen as om noukeurige, betekenisvolle leestof te wees. Hy gebruik graag seldsame woorde en koppel uitsonderlike betekenis aan oorbekende woorde. Sy dubbelsinnigheid vang dikwels hedendaagse skrifuitleggers op verkeerde voet!



OAV	“van die uitgelate stad”
NAV, CUM-MVB	“die stad wat altyd so uitgelate feesgevier het”
CUM-NLV	“en gelukkige stede”
NASB	“the jubilant city”

Sien die aantekening by 24:10 en die tabel by die inleiding tot hoofstuk 26 (26 D). God sou op ‘n besondere wyse die verbondsvolk wou seën, maar Israel en Juda se rebellerende gedrag het dorings en doringstruik tot gevolg gehad en nie vrede nie (vgl. 5:6; 7:23-25; 9:18; 10:17; 27:4; Gen. 3:18).

32:14 Hier word die verwoesting van Jerusalem beskryf (vgl. 6:11; 64:10), nogal ongewoon vir Jesaja, wat gewoonlik Jerusalem se redding in vooruitsig gestel het (vgl. 1:8-9; 8:8; 29:1-8; 37:36-37). Vir Jesaja is Jerusalem ‘n heiligdom omrede JHWH se aanwesigheid daar (d.w.s. die tempel), maar later het Jeremia baie duidelik uitgebrei op hierdie teologiese kwessie deur op die verbondvoorwaardes te wys. JHWH se beloftes aan die bondsvolk (d.w.s. Deut. 27-28) waarop Jesaja se vertrouwe berus het, moet met toepaslike geloof en gehoorsaamheid gepaard gaan. Die verbond is immers twee-ryting verkeer!

Let op hoe die vernietiging gekarakteriseer word.

1. die paleis is verlate (die nageslag van Dawid is verwerp)
2. die eens digbewoonde stad is verlate (die nageslag van Abrahams is verwerp)
3. NASB “hills” (CUM-NLV), “die heuwels” (NAV), “Ofel” (CUM-MVB), “die Ofelheuvel” (OAV), “die Heuvel” (NJB), “Ophel” (BDB 779), ‘n gedeelte van die suidoostelike hang van antieke Jerusalem. Dit kan ook metafories op heel Jerusalem dui soos die geval met “Sion.”
4. Paralleel met #3 is die verwysing na “uitkyktoring” (CUM-NLV), “die wagtoring” (NAV), “die Wagtoring” (OAV). Beide (#3 en #4) wat vir verdediging van Jerusalem goed geleë was, was verdoem tot ondergang.
5. wilde donkies wei daar lustig (plesierig)
6. ‘n weiveld vir veetroppe, want beide #5 en #6 impliseer ‘n vernietigde stad, van mense verlate, ‘n plek waar net diere woon (vgl. 13:21; 34:13).

Twee WERKWOORDE vorm ook ‘n parallel:

1. “is verlate”, BDB 643, KB 695, *Pu‘al*-PERFEKTUM, hierdie vorm verskyn net hier
2. “verlaat”, BDB 736, KB 806, *Qal*-PASSIEF (of *Pu‘al*-) PERFEKTUM, vgl. Jer. 49:25



OAV	“spelonke”
NAV, CUM-MVB	“net veld”
CUM-NLV	“(dit sal so bly)”
NASB	“caves”
NKJV	“lairs”
NRSV	“dens”
NJB	“the Keep”

Die term (BDB 792) beteken “grot/spelonk,” maar in die konteks ‘n houplek vir diere. Miskien het Jesaja die woord gekies ter wille van klankrym (in Hebreeus) met

1. ‘n Arabiese woordstam עָרַר (‘rr) “graf,” (in hierdie konteks van dood en verwoesting)
2. of “trek julle uit” (vers 11, OAV); ook עָרַר (#1), ‘n seldsame WERKWOORD in Hebreeus
3. of “‘n kaal stuk veld,” מְעָרָה (m‘rh), ‘n Arabiese woordstam (vgl. NIDOTTE, vol. 2, bl. 1034)



OAV	“vir ewig”
NAV, CUM-MVB	“vir altyd”
CUM-NLV	“Dit sal so bly”
NASB	“forever”

Hierdie term met sy wye betekenis moet altyd in konteks geïnterpreteer word.

VIR SPESIALE AANDAG: VIR EWIG (‘OLAM)

Die etimologie van die Hebreeuse woord ‘olam , עולם (BDB 761) is onseker (NIDOTTE, vol. 3, bl. 345). Dit word op verskeie wyses aangewend soos bepaal deur die konteks. Wat hier volg is slegs ‘n greep uit die talle voorbeelde.

1. antieke dinge
 - a. mense, Gen. 6:4; 1 Sam. 27:8; Jer. 5:15;28:8

- b. plekke, Jes. 58:12; 61:4
 - c. God, Ps. 93:2; Spr. 8:23; Jes. 63:16
 - d. dinge, Gen. 49:26; Job 22:5; Ps. 24:7,9; Jes. 46:9
 - e. tyd, Deut. 32:7; Jes. 51:9; 63:9,11
2. toekomstige tyd
- a. 'n menselewe, Eks. 21:6; Deut. 15:17; 1 Sam. 1:22; 27:12
 - b. koning in oordrywende trap toegewens, 1 Kom. 1:31; Ps. 61:7; Neh. 2:3
 - c. oneindige bestaan,
 - (i) die aarde, Ps. 78: 69; 104:5; Pred. 1:4
 - (ii) die hemele, Ps. 148:6
 - d. die bestaan van God
 - (i) Gen. 21:23
 - (ii) Eks. 15:18
 - (iii) Deut. 32:40
 - (iv) Ps. 93:2
 - (v) Jes. 40:28
 - (vi) Jer. 10:10
 - (vii) Dan. 12:7
 - e. die verbond
 - (i) Gen. 9:12,16; 17:7,13,19
 - (ii) Eks. 31:16
 - (iii) Lev. 24:8
 - (iv) Num. 18:19
 - (v) 2 Sam. 23:5
 - (vi) Ps. 105:10
 - (vii) Jes. 24:5; 55:3vi;61:8
 - (viii) Jer. 32:40; 50:5
 - f. 'n besondere verbond met Dawid
 - (i) 2 Sam. 7:13,16,25,29; 22:51; 23:5

- (ii) 1 Kon. 2:33, 45; 9:5
 - (iii) 2 Kron. 13:5
 - (iv) Ps. 18:50; 89:4,28,36,37
 - (v) Jes. 9:7; 16:5; 37:35; 55:3
- g. die Messias/Gesalfde van God
- (i) Ps. 45:2; 72:17; 89:35-36; 110:4
 - (ii) Jes. 9:6
- h. die wette van God
- (i) Eks. 29:28; 30:21
 - (ii) Lev. 16:8,22; 7:34; 10:15
 - (iii) Num. 18:8,11,19
 - (iv) Ps. 119:89,160
 - (v) Jes. 59:21
- i. die beloftes van God
- (i) 2 Sam. 7:13,16,25,:22:51
 - (ii) 1 Kon. 9:5
 - (iv) Ps. 18:50
 - (v) Jes. 40:8
- j. aan Abraham se nageslag die Beloofde Land
- (i) Gen. 13:15; 17:19; 48:4
 - (ii) Eks. 32:13
 - (iii) 1 Kron. 16:17
- k. verbondsfeeste
- (i) Eks. 12:14,17:24
 - (ii) Lev. 23:14,21,41
 - (iii) Num. 10:8
- l. ewigheid sonder einde
- (i) 1 Kon. 8:13
 - (ii) Ps. 61:7-8; 77:8; 90:2; 103:17; 145:13

(iii) Jes. 26:4; 45:17

(iv) Dan. 9:24

m. wat, volgens die Psalms, gelowiges ewig sal doen

(i) dank betuig, Ps. 30:12; 79:13

(ii) leef in God se teenwoordigheid, Ps. 41:12; 61:4,7

(iii) verlaat op sy barmhartigheid

(iv) die HERE loof, Ps. 52:9

(v) sy lof besing, Ps. 61:7; 89:1

(vi) sy geregtigheid roem, Ps. 75:9

(vii) sy Naam verheerlik, Ps. 86:12; 145:2

(viii) sy naam seën, Ps. 145:1

3. soos dit van altyd af was en vir altyd sal wees (van ewigheid tot ewigheid)

(i) Ps. 41:13, lof aan God

(ii) Ps. 90:2, om ewig God te wees

(iii) Ps. 103:17, onverganklike liefde en trou

Hou in gedagte dat konteks die duur van die term bepaal. Die ewige verbode en beloftes is aan voorwaardes gekoppel (vgl. Jeremia 7). Wees daarop bedag om nie jou moderne begrip van tyd, en jou NT sistematiese teologie, in die OT gebruik van die woord in te lees nie. Dit is 'n woord met wye betekenisvelde (vloeibaar) wat insigself verstaan moet word sonder die universele NT inkleding van OT beloftes.

32:15-20 Hierdie strofe beskryf 'n nuwe dag, 'n tyd van geregtigheid vir Jerusalem.

Die Gees van God word uitgestort. Om die presiese verhouding tussen JHWH en die Gees in die OT te bepaal, is in die lig van die NT se openbaring van sy Persoon moeilik om te verduidelik. Die Gees word dikwels met die Skepping in verband gebring (vgl. Gen. 1:2; Job 26:13; Ps. 104:29-30; 147:17-18). Maar 'n nuwe skepping is op pad, daarom het ek hierby 'n rubriek, "Die Persoonheid van die Gees" in die NT, Vir Spesiale Aandag ingesluit.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE HEILIGE GEES AS PERSOON

In die OT was die "Gees van God" (Ruach) 'n krag ter uitvoering van JHWH se doelstellings, maar daar was geen aanduiding van persoonlikheid nie (vgl. monoteïsme). Die NT skryf egter 'n volledige persoonlikheid (of persoonlikheid) aan hom toe.

1. Daar kan teenoor Hom gelaster word (Mat. 12:31; Mark. 3:29)

2. Hy onderrig (Luk. 12:12; Joh. 14:26)

3. Hy lewer getuienis (Joh. 15:26)
4. Hy veroordeel en gee leiding (Joh. 16:7-15)
5. Die VOORNAAMWOORD “wie” word gebruik om Hom aan te dui (bv. hos – Ef. 1:14)
6. Hy kan bedroef word (vgl. Ef. 4:30)
7. Hy kan “geblus” word (1 Tes. 5:19)

Trinitariese tekste spreek van drie persone. Sien Vir Spesiale Aandag: die Drie-eenheid by 2:32-33.

1. Mat. 28:19;
2. 2 Kor. 13:14;
3. 1 Pet. 1:2

Die Gees word ook geassosieer met menslike aktiwiteit

1. Han. 15:28
2. Rom. 8:26
3. 1 Kor. 12:11
4. Ef. 4:30

Heel aan die begin van Handeling word die aktiwiteit van die Gees beklemtoon. Pinkster was nie die begin van die werk van die Gees nie, maar 'n nuwe hoofstuk. Jesus het altyd die Gees gehad. Jesus se doop was nie die begin van die Gees se werk nie, eerder 'n nuwe hoofstuk. Lukas berei die kerk voor op 'n nuwe hoofstuk van effektiewe bediening. Jesus is steeds die fokus. Die Gees is steeds die effektiewe agent. Die Vader se liefde, vergifnis en herstel van alle mense om sy beeld te vertoon, is steeds die doel!

1. Die woestyn word 'n vrugbare landskap. . 'n woud (vrugteboord, NAV), vers 15. Dit is presies die omgekeerde van verse 12-13. Sien dieselfde metafoor vir vrugbaarheid in 29:17.

2. Reg en geregtigheid sal heers (reg geskied en gedoen word, NAV); vers 16

3. Vrede, stilwees en vertrouwe vir ewig (vir altyd rus en sekerheid, NAV); vers 17. Dus geen vyandelike invalle nie.

4. Vers 19 is moontlik 'n aanduiding van Assirië se ondergang.

5. Vers 20 moet ook as 'n seën beskou word al is dit moontlik dubbelsinnig (veediere loop vry, NAV).

32:15

OAV

“totdat oor ons uitgiet word die Gees uit die hoogte”

NAV, CUM-MVB

“totdat die Gees van Bo oor ons uitgestort word”

CUM-NLV

“totdat die Gees uit die hemel oor ons uitgestort word”

NASB, NKJV, NIV

“Until the Spirit is poured out on us from on high”

NRSV, JPSOA

“until a Spirit from on high is poured out upon us”

TEV

“God will send his Spirit”

NJB

“until the spirit is poured out on us from above”

REB

“until a spirit from on high is lavished upon us”

In die Hebreeuse teks ontbreek by die NAAMWOORD “gees” (BDB 924) 'n LIDWOORD, of 'n VOORNAAMWOORD, of enige beskrywende frase (bv. “van die HERE” soos in 11:2 of “My”, 'n PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD, soos in 44:3; 59:21; Joël 2:28). Dit laat ontstaan die vraag na watter “gees” hier verwys word:

1. die gees eie aan 'n nuwe era
2. die Heilige Gees
3. 'n gees van berou en vertrouwe op God

Grammatika, soos aangedui, suggereer #1 of #3, maar konteks suggereer #2.

Indien #2 dan is dit 'n radikale breuk in die konteks. Soortgelyke gedeeltes, wat oor die Gees van God spreek, is Jes. 44:3; Eseg. 39:29; Joël 2:28-29; Sag. 12:10; Han. 2:1-21. Dieselfde WERKWOORD (uitstort) word met verwysing na die Messias in 'n kultiese offerbetekenis gebruik (Jes. 53:12). 'n Sewetal seëninge vloei voort uit die aanwesigheid van die Gees: (1) vrugbaarheid, (2) reg, (3) geregtigheid, (4) vrede, (5) rustigheid, (6) vertrouwe, (7) en veilige inwoning.

■

OAV

“uit die hoogte”

NAV, CUM-MVB

“van Bo”

CUM-NLV

“uit die hemel”

NASB

“from on high”

Dit is 'n idioom vir “hemel,” die plek waar JHWH woon (vgl. Job 16:19; 31:2; Jes. 33:5).

32:16

OAV

“reg. . geregtigheid”

NAV, CUM-MVB “reg geskied. . .reg gedoen”
CUM-NLV “regverdigheid. . .geregtigheid”
NASB “justice. . .righteousness”

As paar kom die twee begrippe dikwels voor in die OT (vgl. 2 Sam. 8:15; 1 Kon. 10:9; 1 Kron. 18:14; 2 Kron. 9:8; Ps. 99:4; Jes. 9:7; 32:16; 33:5; 59:14; Jer. 4:2; 9:24; 22:3,15; 23:5; 33:15; Eseg. 18:5,19,21,27; 33:14,16,19; 45:9; Amos 5:7,24). Die begrippe dui op die soort samelewing (vgl. verse 17-18) waar alle mense eerbiedig word en as verbondsgenote regverdig behandel word. Daarmee gee hulle te kenne dat God op ‘n unieke wyse onder hulle woon.

32:17 “Vrede/peace,” Sien die *Vir Speciale Aandag* wat hier volg.

VIR SPECIALE AANDAG: VREDE (SJALOM)

Die Hebreeuse term kom voor in die hele Semitiese taalfamilie (BDB 1022, KB 1532).

- A. Akkadies
 - 1. om ongeskonde te wees
 - 2. bly lekker
 - 3. om in ‘n goeie toestand te wees
- B. Ugarities
 - 1. om ongeskonde te wees
 - 2. gesond
- C. Arabies
 - 1. om gesond te wees
 - 2. om in aangename omstandighede te verkeer
- D. Aramees
 - 1. om afgerond te voel/vervuld
 - 2. om ‘n punt van vervulling te bereik
 - 3. om vrede te bewerkstellig
 - 4. om nie beseer/benadeel nie te wees
- E. Hebreeuse betekenis
 - 1. vervuldheid
 - 2. vry van gebreke
 - 3. welvaart
 - 4. vrede

Ook vandag nog is *sjalom* ‘n Hebreeuse groet en ‘n vaarwel uitspraak/wens. Ook nog vandag is dit ‘n wens dat slegte ervaring sal uitbly en die goeie sal gebeur. *Sjalom* wil ‘n bewustelike gevoel van veiligheid en tevredenheid oordra.

☐
OAV “veilige wonings. . .ongestoorde rus”
NAV, CUM-MVB “rus en sekerheid”
CUM-NLV “rustig. . .vrede”
NASB “quietness and confidence”

Hierdie tweetal uitdrukkings (BDB 1052 en BDB 105) kom ook in 30:15 voor, waardeur die reg, geregtigheid en vrede van die nuwe era beklemtoon word.

32:19 Dit lyk of hierdie moeilik verklaarbare uitdrukking boonop uit plek is. Dit kan op Assirië sinspeel. In 10:18-19,33,34 is die “woud”-beeldspraak op Assirië gerig. Die frase “die stad” is in 24:10; 25:2,3; 26:5 ook uitbeelding van Assirië.

☐
OAV “Maar dit sal hael as. . .inmekaar stort”
NAV, CUM-MVB “al slaan hael. . .weg”
CUM-NLV “ook al vernietig hael”
NASB “it will hail”
NKJV “though hail”
NRSV “will disappear completely”
TEV “(but hail will fall...)”
NJB “be totally destroyed”
LXX(Grieks) “wanneer dit hael”
REB “it will be cool on the slopes”
JPSOA “shall sink and vanish”

Die ou vertalings verstaan die onbekende vorm, וברד (wbrd) as ברד (brd), vgl. BDB 135, wat “hael” beteken. Let ook op die NAAMWOORD in 28:2,17.

Die REB herlei die stamwoord uit Arabies wat “afkoel” beteken (BDB 135).

Die NJB en JPSOA is van mening dat die eerste twee woorde van die Masoretiese Teks uit dieselfde WERKWOORDSTAM, **𐤒𐤓** (jrd) geneem is,

1. *Qal*-PERFEKTUM
2. *Qal*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS
synde totale en algehele vernietiging (afkom soos hael).

32:20 Ook ‘n moeilike vers wat inpas in die konteks betref, maar die konsensus van menings kom daarop neer dat in die toekomstige seën van God die oeste so oorvloedig sal wees dat veediere vryelik daarin kan wei sonder dat die opbrengs van die oes daaronder sal ly.

JESAJA 33

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Judgment of God	A Prayer of Deep Distress	A Prophetic Liturgy	A Prayer for Help	The Expected Deliverance	Hy sal sorg dat daar in Sion reg geskied
33:1-12 (1-12)	33:1-4 (1) (2-4) 33:5-9 (5-6)	33:1-24 (1) (2-6)	33:1 33:2-4 33:5-6	33:1-16 (1-5) (6)	33:1-2 (1-2) 33:2-6 (2-3) (4-6) Die land treur 33:7-9 (7-9)
	(7-9) Impending Judgment on Zion	(7-12)	33:7-9	(7-16)	33:7-9 (7-9)
	33:10-13 (10-13)		The LORD Warns His Enemies 33:10-13	The Return to Jerusalem	Ek gaan nou ingryp, sê die Here 33:10-16
33:13-16 (13-16)		(13-16)			
	33:14-16 (14-16) The Land of the Majestic King		33:14-16 The Glorious Future		
33:17-24 (17-24)	33:17-24 (17-19) (20-23a) (23b-24)	(17-22) (23a) (23b-24)	33:17-24	33:17-24 (17-20) (21-24)	33:17-23a (23b) 33:24

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

TOELIGTING UIT DIE KONTEKS

- A. Om paragrawe te identifiseer, is moeilik omrede die wyse waarop die gedigte in hierdie hoofstuk ingesluit is. Etlke, verskillende groepe word aangespreek
 1. Assirië, vers 1
 2. die verbondsvolk, vers 2
 3. dapper manne wat in die strate roep, vers 7 (NAV)
 4. die boodskappers/ambassadeurs wat vrede verkondig, huil onbedaarlik (NAV)
 5. die reisiger, vers 8
 6. die mense (volk), vers 12

7. julle daar ver, vers 13
8. julle hier naby, vers 13
9. sondaars in Sion, vers 14
10. die mens wat reg bly doen, vers 15 (NAV)
11. so 'n mens/hy/sy..., vers 16
12. jy/jou/ons in Jerusalem, vers 18-20
13. die vyand se skeepstoue, vers 23
14. niemand van inwoners in Jerusalem, vers 24

Dit is moeilik om veel van groepsverband onder soveel aangesprokenes vas te stel.

B. Let op hoe by wyse van name/titels en karakterisering die Godheid in dié hoofstuk uitgebeeld word.

1. JHWH, vers 2
2. JHWH/die Here is hoog verhewe, verse 5,10
3. Hy is die Een op wie jy jou lewe lank kan vertrou, vers 6
4. daarom, die beste besitting is wysheid en kennis, vers 6
5. die vrees van die Here, vers 6
6. 'n Koning in al sy prag, vers 17
7. die Here. . .die magtige God, vers 21
8. die Here. . .Regter, Leidsman, Koning, vers 22

C. Dit is moontlik dat die oorspronklike Jesaja na hierdie hoofstuk geëindig het, omrede daar 'n dubbele spasie na hierdie hoofstuk in die (oudste) Jesajaboek van die Dooie See Rolle voorkom, maar nie na hoofstuk 39 nie!

D. 'n Moontlike indeling van die digwerk kan die volgende wees

1. God oordeel Assirië in plaas van Juda soos vroeër, vers 1
2. Juda bid om uitkoms, vers 2
3. God gee antwoord, verse 3-6,10-12
4. Juda se toestand, verse 7-9
5. die vromes was gespaar, verse 13-16
6. 'n kort opsomming van die Assiriese era, verse 17-20
7. die regering van die regverdige koning, verse 21-24

WOORD- EN FRASETUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 33:1-12

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹Woe to you, O destroyer,

While you were not destroyed;

And he who is treacherous, while *others* did not deal treacherously with him.

As soon as you finish destroying, you will be destroyed;

As soon as you cease to deal treacherously, others will deal treacherously with you.

²O LORD, be gracious to us; we have waited for You.

Be their strength every morning,

Our salvation also in the time of distress.

³At the sound of the tumult peoples flee;

At the lifting up of Yourself nations disperse.

⁴Your spoil is gathered as the caterpillar gathers;

As locusts rushing about men rush about on it.

⁵The LORD is exalted, for he dwells on high;

He has filled Zion with justice and righteousness.

⁶And He will be the stability of your times,

A wealth of salvation, wisdom and knowledge;

The fear of the LORD is his treasure.

⁷Behold, their brave men cry in the streets,

The ambassadors of peace weep bitterly.

⁸The highways are desolate, the traveller has ceased,

He has broken the covenant, he has despised the cities,

He has no regard for man.

⁹The land mourns and pines away,

Lebanon is shamed and withers;

Sharon is like a desert plain,

¹⁰“Now I will rise,” says the LORD,

Now I will be exalted, now I will be lifted up.

¹¹You have conceived chaff, you will give birth to stubble;

My breath will consume you like a fire.

¹²The peoples will be burned to lime,

Like cut thorns which are burned in the fire.”

33:1

OAV “WEE”

NAV, CUM-MVB “Ellende”

CUM-NLV “Verwoesting”

NASB “Woe”

Hoofstukke 28-33 is ‘n eenheid wat dikwels die “Doemgedeelte” (Unit of Doom) genoem word, vanwee die herhalende voorkoms van “wee”/“ellende” (vgl. 28:1; 29:1; 30:1; 31:1). Sien die aantekening oor “wee” by 5:8.



OAV, CUM-NLV “verwoester”

NAV, CUM-MVB “jy wat verwoes het”

NASB “O destroyer”

Verse 1,3,4,7-9,11-12,17-19,23 verwys deurlopend na Assirië. Selfs vers 21 verwys moontlik na stede langs die Tigris en die Eufraat. Hierdie hoofstuk verloop volgens die patroon van Jesaja in geheel.

1. die volgehoute staat van afwyking van God se volk
2. God bring oordeel deur vreemde oorheersing
3. God oordeel ook oor die vreemde magte, in dié geval Assirië
4. toestand van heerlike toekoms vir God se volk onder leiding van die regverdige koning (vgl. 32:1)

Albei uitdrukkings,

- a. “verwoes” (BDB 994, KB 1418 [twee keer]; *Qal*-AKTIEF DEELWOORD met NEGASIE en
- b. “verraderlik”/“troubreuk” (OAV); BDB 93, KB 108 [twee keer], *Qal*-AKTIEF DEELWOORD met *Qal*-PERFEKTUM en NEGASIE,

kom ook in 21:2 voor wat oor die val van Babilon handel.

In ’n teologiese sin dien die dubbelsinnigheid (Assirië of Babilon?) van Jesaja ’n doel. Hy verdof die identiteite van Israel/Juda se aanvallers met sy afwisselende verwysings. Dit onderstreep die veelvoudige betekenis van sy profesieë. Israel/Juda se vyande kom en gaan, maar JHWH sit sy doel en plan met die nageslag van Abraham onveranderlik voort. Assirië sowel as Babilonië het gekom en gegaan, maar JHWH se verlossingsplan, in en deur die nageslag van Abraham, bly onveranderlik voortbestaan!

33:2 Die inhoud van Juda se gebed is aangeteken.

1. wees ons genadig (CUM-NLV), BDB 335, KB 334, *Qal*-IMPERATIEF, vgl. 30:18,19
2. ons wag op U (CUM-NLV), BDB 875 I, KB 1082, *Pi’el*-PERFEKTUM, vgl. 8:17; 25:9; 26:8; 40:31; 49:23; 51:5; 60:9
3. Wees elke dag ons krag (CUM-NLV), letterlik: “arm,” BDB 224, KB 243, *Qal*-IMPERATIEF
4. ons redding in nood (CUM-NLV), in Hebreeus ontbreek die WERKWOORD “wees” (vgl. #3 in Afr.)

Immers, JHWH is Juda se enigste hoop (vgl. 59:16; 63:1,5), nie Assirië (bondgenootskap, Agas) of Egipte nie (bondgenootskap, Hiskia).

Mense is tot paniekerigheid geneig in krisistyd en verval in onsekerheid. Dan ontstaan die selfredpogings met beroep eie bronne of hulpsoek by ander mense wat gewoonlik niks van kom nie!



OAV “arm”

NAV, CUMs “krag”

NASB “strength”

In Hebreeus staan daar letterlik “arm” (BDB 283). Dit is ’n Bybelse, mensvormige metafoer (beeldspraak) om God se daaglikse teenwoordigheid en sterkte te ervaar.



OAV “verlossing”

NAV, CUMs “redding”

NASB “salvation”

Hierdie uitdrukking (BDB 447) dui op fisiese uitredding in die OT (vgl. 12:2 [twee keer], 3; 25:9; 26:1,18; 33:6).

VIR SPESIALE AANDAG: VERLOSSING (יְשׁוּעָה) – jšw‘h)

Hierdie term (BDB 447) het verskeie betekenisse.

1. uitkoms (NAV), voorspoed, Job 30:15 Gen. 49:18
2. goddelike uitkoms wat ‘n geestelike en ‘n fisiese aspek insluit
3.
 - a. Deut. 32:15
 - b. Ps. 3:2,8; 22:1; 35:3; 62:2; 69:29; 70:5; 78:22; 80:3; 89:26; 91:16; 106:4; 140:7
 - c. Jes. 12:2; 33:2; 51:6,8; 52:7,10; 56:1; 59:11; 60:18; 62:1
4. die idee van ‘n fisiese en geestelike redding is volkome duidelik in Jona 2:9-10
5. dikwels staan “jubel” (NAV) in noue verband met JHWH se verlossingswerk, 1 Sam. 2:1; Jes. 25:9; 26:1; Ps. 9:14; 13:5; 35:9

Verlossing is gerig op die herstel en tot standkoming van JHWH se oorspronklike vertrouensvriendskap en verkeer met sy skepsels. Dit verg heling van die individu en die gemeenskapslewe.

33:4 Die woord “buit” in hierdie vers (BDB 1021) is ‘n metafoor wat op die vernietiging van JHWH se vyande dui. Die WERKWOORD “wegskraap” (OAV), ”wegraap” (NAV), BDB 62, KB 74, *Pu‘al*-PERFEKTUM kom in 32:10 voor as beskrywing van oordeel oor Jerusalem.

In 24:22 word dieselfde woordstam gebruik in verband met die wêreldwye eskatologiese oordeel. Mense vergader gierig vir hulleself besittings en mag, maar God vergader vir die oordeel. Die NT beskryf hoe aan die einde van tyd die

1. verlostes vergader sal word, Mat. 13:48; 24:31 en
2. die goddeloses, Mat. 13:40-41.



OAV, NAV, CUMs “sprinkane”

NASB “locusts”

In die Ou Nabye Ooste was die inval van sprinkaanswerms ‘n algemene verskynsel. Soms is hulle aankoms met die inval van ‘n militêre vergelyk (vgl. Deut. 28:38,42; Joël 1:4; 2:25; Amos 7:1-2). Soos wat Hy alle dinge bestuur, stuur God strydmagte! Die sprinkaanswerms sal die geroofde buit van die Assiriërs wegvat.

Verskeie Semitiese woorde vir hierdie insek beteken blykbaar dat daar (1) verskillende soorte is of (2) hulle in verskillende stadiums van ontwikkeling verkeer.

33:5

OAV, NAV, CUM-MVB “Hy woon in die hoogte”

CUM-NLV “Hy woon in die hemel”

NASB “He dwells on high”

Hierdie frase is ‘n metafoor vir die hemel (vgl. 32:15; Job 16:19; 31:2). Die Ou Nabye Ooste se opvatting was dat die hemel “bo” is. Die rook van Israel se offers aan God het opwaarts beweeg, daarom moet aan Hom as daarbo gedink word. Teologies was daar dan ‘n kontras van “onder” wat as metafoor vir die dood gedien het. *Sjeol* was onder en hemel was bo. In ons moderne era is hierdie ruimtelike opvattinge uitgedien, maar laat ons onthou dat sulke antieke metafore ook nie bedoel was om letterlik opgeneem te word nie. Taalgebruik in die OT is fenomenologies van aard, wat daarop neerkom dat die mens se vyf sinne vir alle beskrywing ingespan word. Die Bybel is nie onwetenskaplik nie, dit is voor-wetenskaplik! Om antieke metafore letterlik op te neem, moenie as Bybelse konserwatisme beskou word nie. Daarmee gaan die bedoeling van die skrywer, as geïnspireerde, in daardie aanvanklik-historiese tydgewrig, verlore.



OAV, CUMs “reg en geregtigheid”

NAV “dat reg geskied en reg gedoen word”

NASB “justice and righteousness”

Sien die aantekening by 32:16

33:6

OAV “daar sal bestendigheid van jou tye wees”

NAV “die Een op wie jy jou lewe lank kan vertrou”

CUMs “lewenslank is Hy jou/die vaste fondament”

NASB, NKJV, NRSV “He shall be the stability of your times”

NJB “You can count on this all your days”

Pesjitta “Faith shall be the stability of your times”

REB “her strength will be in your unchanging stability”

JHWH bring bestendigheid/vertroue (OAV/NAV) in die lewe tot stand (letterlik: “faithful,” BDB 53, vgl. 25:1). Juda se hoop bou op die getroue karakter van haar God (vgl. Deut. 32:4; Ps. 36:5; 89:1-2,5,24,33,49; 88:11; 92:2; 143:1). Dit is die antwoord op die gebed van vers 2. Omdat Hy getrou van aard is gee JHWH aan sy afvallige volk

1. rykdom (BDB 340) van
 - a. uitredding (BDB 447)

- b. wysheid (BDB 315, wel met die verandering van ‘n laaste letter van ת (t) na ה (h), vgl. 11:2)
 - c. kennis (BDB 395, vgl. 11:2)
2. vrees (BDB 432, d.w.s. vererende liefde, vgl. 11:2; Spr. 1:7,29; 2:5) is ‘n skat (in ‘n sekere sin ‘n propvol stoorplek, BDB 69) vgl. 1 Kron. 27:27-28; 2 Kron. 11:11)

33:7-9 Dit is die treurige toedrag van sake op die vooraand van die beleëring van die stad omdat onderhandelinge misluk het (2 Kon. 18:13-16).

33:7 Hierdie twee digterlike reëls is nie sinoniem nie. Bybelgeleerdes was sterk onder invloed van Robert Lowth wat hard probeer het om Hebreeuse parallelisme in drie of vier kategorieë in te forseer. Vandag egter begryp geleerdes maar alte goed die veelheid van parallelismes in Hebreeuse digkuns. Vir die huidige volstaan ons met die opmerking dat reël twee iets byvoeg tot reël een of dat dit die punt verder uitwerk as reël een (Adele Berlin, *The Dynamics of Biblical Parallelism: Revised and Expanded*, bl. 64).

Twee verskillende groepe word aangespreek

1. reël een – soldate van Jerusalem
2. reël twee – die afvaardiging van Hiskia se vredesending na Egipte (vgl. vers 8)

Hulle betreur dieselfde dinge op dieselfde manier

- skreeu (BDB 858), OAV
- ween (BDB 113), OAV

Parallelisme is van die belangrikste verskynsels om Hebreeuse poësie te verstaan, maar ons moet in gedagte hou dat dit op ‘n veelheid van maniere geskied en op talle vlakke van die letterkunde.

33:7

OAV “die helde”

NAV “die inwoners”

CUMs “Dapper manne”

NASB “brave men”

Dit hang moontlik saam met die woordstam Ariël (NJB, vgl. 29:1,2,7, 31:9)

33:8

OAV “die verbond”

NAV, CUM-MVB “die verdrag”

CUM-NLV “die ooreenkoms”

NASB, NKJV, Pesjitta “cities”

NRSV, DSS “Eedverklarings”

NJB, RSV “witnesses”

REB “treaties”

TEV “agreements”

Die Masorete Teks het “stede” (עָרִים); rjm; BDB 746), maar onder dwang van die parallelisme pas “witnesses”/“ooreenkoms” (NASB/CUM-NLV) beter. Moontlik het in die Hebreeus ‘n omruiling van “r” en “d”/ר en ד plaasgevind, (vgl. עָרִים). Die *UBS Hebrew Text Project* gradeer “getuie”/“ooreenkoms” met ‘n “C,” d.w.s. taamlik onwaarskynlik.

33:9 Hierdie vers gebruik boerdery/landelike metafore om aan probleme, wat met die beleëring van Jerusalem (701 v.C.) gepaard gegaan het, uitdrukking te gee. Hierdie soort beeldspraak is eie aan Jesaja (vgl. 16:8; 24:4,7). JHWH bestuur die weersomstandighede vir sy doel (vgl. Deut. 27-28). In die Ou Nabye Ooste, en daarom in die Bybel, is daar geen onderskeiding tussen die “natuurlike” en die “bonatuurlike” nie. Die Godheid is daadwerklik betrokke in sy skepping en die natuurgebeure. Wees versigtig om nie ‘n teologie, op moderne wetenskapgebaseer, op die Skrif af te forseer nie!

33:10-12 Dit moet moontlik in verband met Assirië gesien word (vers 1)

33:11-12 Beeldspraak van “kaf” en “vuur” is eie aan Jesaja (1:7; 5:24; 9:18-19; 10:16-19; 26:11; 29:6; 30:27-28; 33:11-14; 47:14; sien ook Joël 2:3). Sien *Vir Spesiale Aandag: Vuur* by 1:31.

Jesaja gebruik beeldspraak uit menslike voortplanting.

1. bevrugting in hierdie vers, BDB 247 I, KB 255, *Qal-IMPERFEKTUM*, ook in 8:3; 26:18; 59:4,13
2. geboorte skenk, 9:6, 13:8; 21:3; 23:4; 26:17,18; 39:7; 51:18; 54:1; 59:4; 66:7,9

■

OAV “julle geblaas”

NAV, CUMs “Julle asem”

NASB “My breath”

Dit is die term *ruah* (BDB 924) wat metafoeries gebruik word vir die wind van oordeel uit JHWH se neus (sien *Vir Speciale Aandag* by 6;1). Die metafoer beklemtoon God se persoonlike optrede (vgl. Eks. 15:18; 2 Sam. 22:16; Ps. 18:15) in oordeel (vgl. 11:4; 30:28; 40:7)

NASB HERSIENE TEKS: 33:13-16

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

13”You who are far away, hear what I have done;
And you, who are near, acknowledge My might.”
14Sinners in Zion are terrified;
Trembling has ceased the godless.
Who among us can live with a consuming fire?
Who among us can live with continual burning?”
5He who walks righteously and speaks with sincerity,
He who rejects unjust gain
And shakes his hands so that they hold no bribe;
He who stops his ears from hearing about bloodshed
And shuts his eyes from looking upon evil;
16He will dwell on the heights,
His refuge will be impregnable rock;
His bread will be given to *him*,
His water will be sure.

33:13

OAV “julle wat ver is. . .en julle wat naby is”
NAV, CUM-MVB “julle daar ver. . .julle hier naby”
CUM-NLV “julle nasies wat ver is. En julle hier naby”
NASB “you who are far. . .you who are near”

In konteks dui dit op die volk van God in ballingskap en die agtergeblewenes in Juda (vgl. Dan. 9:7). In die wyer konteks van die nuwe era kan dit in verband met heidenbekeerlinge en die Joodse volk gesien word. (vgl. 49:1; dit is ‘n idioom wat almal insluit; ook Jer. 25:26).

33:14

OAV, CUM-NLV “Die sondaars in Sion bewe/van vrees”
NAV, CUM-MVB “Die sondaars staan verskrik in Sion”
NASB “Sinners in Zion are terrified”

In die volk van God is daar saambestaan van gelowiges en ongelowiges, dit is die realiteit. Sondaars

1. bewe van vrees, BDB 808, KB 922, *Qal*-PERFEKTUM, vgl. die NAAMWOORD – 2:10,19,21; 24:17,18; die WERKWOORD – 12:2; 19;16,17; 44:8,11; 51:13
2. bewing/staan verskrik (NAV) tref die goddelose, BDB 28, KB 31, *Qal*-PERFEKTUM, vgl. 13:8; 21:3. In BDB 338 oor 32:6 is daar ‘n beskrywing van hoe die praktyke van goddeloosheid daar uitsien; van hoe verkeerde uitsprake oor God gemaak word (vgl. 9;17; 10;6).



OAV “Wie van ons kan woon by ‘n verterende vuur, wie van ons kan woon by ‘n ewige gloed? ”
NAV, CUMs “Wie van ons kan dit uithou in ‘n verterende vuur?
Wie van ons kan uithou by ‘n vuur wat brand sonder ophou/aanhou brand?”
NASB “Who among us can live with the consuming fire?”
“Who among us can live with the continual burning”

Hiermee word God se heiligheid deur ‘n metafoer van vuur aangedui. Dit hou verband met sy geregtigheid en met sy oordeel (vgl. Deut. 4:24; 5:24; Jes. 30:27,30. Vir “aanhou”/“sonder ophou” (letterlik: ewig), sien *Vir Speciale Aandag* by 32:14.

33:15 So moet die karakter van JHWH in sy volk weerspieël word.

1. wat reg bly doen
2. opreg is in wat hy sê
3. wat weier om wins te maak deur mense uit te buit
4. wat omkoopgeld weier
5. wat nie na moordplanne luister nie/evil plans, bloodshed
6. en nie geleentheid soek om misdade te pleeg nie

33:16 Die mens wat na die voorskrifte van vers 15 leef

1. sal sy woonplek in die hoë berge hê (NAV)
 2. hulle is veilig in die rotsvesting (CUM-NLV)
 3. kos sal hy kry/sy brood word hom gegee (NAV/OAV)
 4. en sy drinkwater sal nie opraak nie/sy water is gewis (NAV/OAV)
- Dit beskryf die mens van die nuwe era, 'n ideaal wat Deuteronomium ook beklemtoon het!

NASB HERSIENE TEKS: 33:17-24

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

**¹⁷Your eyes will see the King in His beauty;
They will behold a far-distant land.**
**¹⁸Your heart will meditate on terror:
“Where is he who counts?
Where is he who weighs?
Where is he who counts the towers?”**
**¹⁹You will no longer see a fierce people,
A people of unintelligible speech which no one comprehends,
Of a stammering tongue which no one understands.**
**²⁰Look upon Zion, the city of our appointed feasts;
Your eyes will see Jerusalem, an undisturbed habitation,
A tent which will not be folded;
Its stakes will never be pulled up,
Nor any of its cords be torn apart.**
**²¹But there the majestic *One*, the LORD, will be for us
A place of rivers and wide canals
On which no boat with oars will go,
And on which no mighty ship will pass--**
**²²For the LORD is our Judge,
The LORD is our lawgiver,
He will save us--**
**²³Your tackle hangs slack;
It cannot hold the base of its mast firmly,
Nor spread out the sail.
Then the prey of an abundant spoil will be divided;
The lame will take the plunder.**
**²⁴and no resident will say, “I am sick”;
The people who dwell there will be forgiven their iniquity.**

33:17

OAV “Jou oë sal. . .aanskou”
NAV “Jou eie oë. . .sal sien
CUM-MVB “daar kom ‘n tyd dat jou eie oë. . .sal sien”
CUM-NLV “dat jy. . .self sal sien”
NASB “Your eyes will see”

Hierdie WERKWOORD (BDB 302, KB 301) word dikwels aan geestelike insig verbind (vgl. 26:11; 33:17,20; 48:6; Job 23:8-9; Ps. 46:8; 63:2). Maar mense is geskape om in twee werklikhede te funksioneer.

1. die fisiese lewe op hierdie planeet (d.w.s *nefesš*)
 2. die geestelike, vertrouensvriendskap met God; (d.w.s die *ruah*)
- Die sondeval soos in Genesis 3 verwoord, het beide vlakke versteur.



OAV “die Koning. . .in sy skoonheid”
NAV, CUM-MVB “‘n koning. . .in al sy prag”
CUM-NLV “die koning. . .in al sy glorie”
NASB “the King and his beauty”

Hierdie is doelbewus dubbelsinnig gestel (baie soos 32:1) sodat die konteks beide Hiskia se dag en die toekomstige Messias kan impliseer (vgl. 7:14).

33:18

OAV “Waar is hy wat getel het”
NAV, CUM-MVB “Waar is die een wat ons goed moes opskryf”
CUM-NLV “Waar is die een wat opgeskryf het”
NASB “Where is he who counts”

Dit sinspeel op die Assiriese spioene wat verkenningwerk kom doen het met die oog op die aanstaande beleëring van die stad.

33:19

OAV “duister, onverstaanbare spraak. . . onbegryplike hakkeltong”
NAV, CUM-MVB “sy onverstaanbare, moeilike taal”
CUM-NLV “’n vreemde onverstaanbare taal”
NASB “unintelligible speech”

So het die Assiriërs se taal geklink.

33:20 Volgens Jesaja se teologie sou Jerusalem nooit val nie (vgl. 36-37). Vir ‘n volledige bespreking van “stad” raadpleeg die aantekening by 24:10 en die tabel van die Inleiding by hoofstuk 26, D. Hierdie profesie moet in konteks verstaan word, want by monde van Jeremia het God presies die teenoorgestelde laat profeteer.

Die beeldspraak van “’n tent” is ‘n anachronisme wat teruggaan op die Uittog. Dit kan ook as die tabernakel verstaan word, wat immers ‘n draagbare tent was. Dieselfde verwysing na “tent” kom in 54:2 voor, waar dit ‘n aanduiding van wêreldwye uitbreiding impliseer.

33:21 Dit wil voorkom of die metafore van riviere en seilskepe op die gepoogde bondgenootskappe met Egipte sinspeel (vgl. vers 23). Maar in teenstelling met Egipte sal JHWH (ons Koning) as Voorsiener en Bewaarder na vore tree (vgl. vers 22).

33:22 Jerusalem (vgl. vers 20) sal weer die stad van die Groot Koning (JHWH Self) wees, hoewel tans verteenwoordig in persoon van ‘n regverdige plaasvervanger uit die geslag van Dawid.

33:23 Poësie is gewoonlik vir meer as een betekenis vatbaar. Hierdie vers kan

1. op die vernietiging van Assirië dui
2. op die bemagtiging van Jerusalem
3. of op albei, d.w.s. #1 en #2

Na vers 17 se “jou oë” en “hulle sal aanskou,” volg stellings van ‘n onseker aard. Vers 18 verwys blykbaar na die Assiriërs se spioenasie met die oog op die inval en beleëring. Vers 19 verwys na die vreemde taalklanke van die Assiriese invallers. Alhoewel vers 20 dan omswaai om ‘n ongestoorde Jerusalem te laat sien. Daarom kan ons aanvaar dat verse 21 en 22 na Jerusalem verwys, wat beslis die geval ook is met vers 24.

Sommige is van mening dat die “roofbuit”/“buit” van vers 23 die artikels moet wees wat die Assiriërs dus buite die mure van Jerusalem agtergelaat het in 701 v.C. en dat dit nie te make het met die val van Nineve, wat eers in 612 v.C. plaasgevind het nie.

33:24 JHWH word voorgestel as die geneesheer. In hoofstuk 1 word God se volk immers as “siek” voorgestel (vgl. 1:5-6). Siekte dien as ‘n metafoor vir “sonde” en “rebellie” (vgl. Ps. 41:4; 103:3; Jes. 53:5). Die NT sit dié Joodse konsep voort (vgl. Joh. 15:4; Jak. 5:14-15). Die term “verlossing” in die OT dui op fisiese uitkoms (sien *Vir Spesiale Aandag* by 33:2)

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Hoe staan hoofstukke 32 en 33 in verband met hoofstukke 28-31?
2. Is hierdie twee hoofstukke Messiaans of histories?
3. Maak ‘n opsomming van die seëninge van die Gees soos blyk uit 32:15-18.
4. Verskaf die historiese konteks van 33:7-9.

JESAJA 34

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
God's Wrath Against Nations	Judgment on the Nations	The Terrible End of God's Enemies	God Will Punish His Enemies	The Sentence on Edom	Die toorn van die Here is teen al die nasies gerig
34:1-15 (1-15)	34:1-4 (1-4)	34:1-17 (1-4)	34:1-4	34:1-7 (1-4)	34:1-4
	34:5-7 (5-7)	(5-7)	34:5-8	(5-8) (9-11)	Die straf op Edom 34:5-17 (5-15)
	34:8-15 (8-12) (13-15)		34:9-15	(12-17)	
34:16-17 (16a-17)	34:16-17 (16-17)	(8-17)	34:16-17		(16-17)

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waarvoor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

TOELIGTING UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Jesaja 34 en 35 stem baie ooreen met hoofstukke 24-27. As die afsluitings van 'n heelwat groter literêre eenheid kom beide oordeel en seëninge voor in 34 en 35.
 1. Jesaja 34 meld van universele oordeel op 'n lewendiger wyse beskryf.
 2. Jesaja 35 meld van universele herstel op 'n pragtig-idealistiese manier.
- B. Met inagneming van die dubbele spasie tussen hoofstuk 33 en 34 in die Jesaja-boek van die Dooie See Rolle, is dit moontlik dat hierdie literêre eenheid (34 en 35 saam met 38 en 39) by 40-66 as groter literêre eenheid gereken moet word). Hoofstuk 35 is 'n bespreking van die nuwe era, wanneer alle dinge herstel sal word. Dit bied 'n beskrywing van hoe JHWH bedoel het die mensdom voor die Val van Gen. 3 (gevolg deur die afvalligheid van Abraham se nakomelinge), daar moes uitsien.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 34:1-15

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹Draw near, O nations, to hear; and listen, O peoples!

Let the earth and all it contains hear, and the world and all that springs from it.

²For the LORD'S indignation is against all the nations,
And His wrath against all their armies;

**He has utterly destroyed them,
 He has given them over to slaughter.
³So their slain will be thrown out,
 And their corpses will give off their stench,
 And the mountains will be drenched with their blood.
⁴And all the host of heaven will wear away,
 And the sky will be rolled up like a scroll;
 All their hosts will also wither away
 As a leaf withers from the vine
 Or as *one* withers from the fig tree.
⁵For My sword is satiated in heaven,
 Behold it shall descend for judgement upon Edom
 And upon the people whom I have devoted to destruction.
⁶The sword of the LORD is filled with blood,
 It is sated with fat, with the blood of lambs and goats,
 With the fat of the kidneys of rams.
 For the LORD has a sacrifice in Bosrah
 And a great slaughter in the land of Edom.
⁷Wild oxen will also fall with them
 And young bulls with strong ones;
 Thus their land will be soaked with blood,
 And their dust becomes greasy with fat.
⁸For the LORD has a day of vengeance,
 A year of recompense for the cause of Zion.
⁹Its streams will be turned into pitch,
 And its loose earth into brimstone,
 And its land will become burning pitch.
¹⁰It will not be quenched night or day;
 Its smoke will go up forever.
 From generation to generation it will be desolate;
 None will pass through it forever and ever.
¹¹But pelican and hedgehog will possess it,
 And owl and raven will dwell in it;
 And He will stretch over it the line of desolation
 And the plumb line of emptiness.
¹²Its nobles—there is no one there
 Whom they may proclaim king—
 And all its princess will be nothing.
¹³Thorns will come up in its fortified towers,
 Nettles and thistles in its fortified cities;
 It also will be a haunt of jackals
 And an abode of ostriches.
¹⁴The desert creatures will meet with the wolves,
 The hairy goat also will cry to its kind;
 Yes, the night monster will settle there
 And will find herself a resting place.
¹⁵The tree snake will make its nest and lay *eggs* there,
 And it will hatch and gather *them* under its protection.
 Yes, the hawks will be gathered there,
 Everyone with its kind.**

34:1 Daar is 'n hele aantal opdragte in hierdie vers.

1. Kom nader/draw near; BDB 897 I, 1132, *Qal*-IMPERATIEF
2. luister/listen; BDB 904, KB 1151, *Hif'il*-IMPERATIEF
3. hoor/hear; BDB 1033, KB 1570, *Qal*-JUSSIEF

Die Soewerein (Heerser) van die heelal rig Hom tot sy skepping en kondig oordeel daaroor aan.

1. O volke/O nations; BDB 156, vgl. vers 2; 43:9
 2. nasies/O peoples; BDB 522, vgl. 17:12; 43:9
 3. die aarde/the earth; BDB 75, vgl. 37:16,20; Gen. 18:18; 22:18; Miga 1:2
 4. en die volheid daarvan/all it contains; BDB 571, vgl. 6:3
 5. die wêreld/the world; BDB 385, vgl. 13:11; 24:4
 6. alles wat daaruit voortkom/all that springs from it; BDB 481 CONSTRUCTUS BDB 425
- Klaarblyklik verwyys dit na die wêreld soos in sy dag bekend, maar die taalgebruik is universeel.

34:2

OAV “Want die toorn van die HERE is oor al die nasies. . .met banvloek getref, oorgegee om geslag te word”

NAV “Die toorn van die Here is teen al die nasies gerig. . .hulle prysgee om doodgemaak te word”

CUM-MVB “Die woede van die Here is teen al die nasies gerig. . .hulle prysgee om uitgeroei te word”

CUM-NLV “Want die HERE is kwaad vir die nasies. . .Hy sal hulle heeltemal vernietig”

NASB “For the LORD’S indignation is against all the nations. . .He has utterly destroyed them”

Die gedagte van “heeltemal vernietig” (BDB 355 I, KB 353, *Hif’il*-PERFEKTUM) staan in verband met ’n “heilige oorlog.” In Josia 6:17,18 word ten opsigte van Jerigo vertaal met “onder ban” (d.w.s. aan JHWH gewy met die oog op vernietiging, vgl. Jos. 6:17,18 [drie keer]; 7:1 [twee keer]; vers 12 [twee keer], 13 [twee keer] en 15).

34:3 Hierdie vers vat die gedagte van vers 2 verder met erg beskrywende metafore van oorlogvoering.

1. hulle verslaandes uitgewerp, BDB 1020, KB 1527, *Hof’al*-IMPERFEKTUM

2. hulle lyke gee stank af (letterlik: opgaan), BDB 748, KB 828, *Qal*-IMPERFEKTUM; vgl. Amos 4:10

3. die berge deurdrenk van hulle bloed (letterlik: oplos in) BDB 587, IKB 606, *Nif’al*-PERFEKTUM

Dit weerspieël ’n toneel waar dooie liggame vir ’n geruime tyd na die veldslag bly lê het. In die Ou Nabye Ooste was ’n onbehoorlike begrafnis erg onbetaamlik en ’n skande wat selfs op die hiernamaals kon reflekteer. Dit dui op ’n grondige ondergang op fisiese sowel as geestelike gebied.

34:4 Hierdie taalgebruik in oordrywende trant (hiperbolies) in verband met die son- en maansiklusse kom meermale in die Bybel voor.

1. Jes. 13:13; 34:4;51:6

2. Eseg. 32:7,8

3. Joël 2:31

4. Mat. 24:29

5. 2 Pet. 3:10

6. Openb. 6:12-14;20:11

Die frase “hemelse leërskaar” kan dui op

1. “godendom” van die hemelruim (son, maan, sterre, planete, komete, ens.)

2. engelestrydmagte (vgl. 24:21-22; Jos. 5:14-15, gebaseer op Deut. 32:8 van die LXX en Dan. 10 as voorbeeld)

In hierdie konteks, egter, dui dit op ligwerpemde voorwerpe in die hemelruim. Hierdie voorwerpe verval in wanordelikheid wanneer die Skepper naderkom! Al hierdie fisiese voorwerpe, wat soms selfs as gode beskou word, is aan die handeling van JHWH onderworpe.

☐

OAV “inmekaar gerol soos ‘n boek”

NAV, CUMs “soos ‘n boekrol toegerol word”

NASB “rolled up like a scroll”

In Openb. 6:14 gebruik Johannes dieselfde beeldspraak. In die Ou Nabye Ooste is aan die lugruim gedink as (1) ’n styfgespanne koepel van vlies bokant die aarde (vgl. Jes. 40:22) of ’n opgeslaande tent (vgl. Ps. 104:2). Maar die ou bedeling sal deur die nuwe vervang word (vgl. Openb. 21:1).

☐

OAV “val”

NAV, CUM-MVB “verdroog”

CUM-NLV “verlep(te blare)”

NASB, NRSV “wither”

NKJV, TEV “fall”

Hierdie WERKWOORD kom drie keer voor in die vers.

1. *Qal*-IMPERFEKTUM

2. *Qal*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS

3. *Qal*-DEELWOORD AKTIEF

Die gebeure is ook in die parallelle literêre eenheid van 24-27 opgeteken. Ook landbou ontkom nie aan die aardskuddende koms van die Skepper nie. Die stelling kan gemaak word dat beide hemel en aarde ineens stort wanneer die Skepper kom om te oordeel oor ’n sondegevalle mensdom (vgl. Gen. 3:17-19; Rom. 8:19-22).

34:5

OAV “dit kom af op Edom. . .banvloek”

NAV, CUMs “dit afkom op Edom. . .straf”

NASB “for judgement upon Edom”

In hierdie literêre eenheid word Edom vir oordeel uitgesonder net soos dit die geval met Moab was in Jes. 25:10-12. Hier word Edom simbolies (soos Moab tevore) beskou as voorbeeld van al die nasies se opstand teen God.

34:6-7 Hierdie verse werk met die metafoer van offerande (vgl. BDB 830, Jer. 50:27; 51:40; Eseg. 39:17-20) om JHWH se oordeel te beskryf

1. die bloed van lammers en bokke, vers 6
2. die niervet van ramme, vers 6
3. jong bulle, vers 7

Nie alleen word mak veediere geoffer nie, maar ook buffels en bulkalwers saam met die bulle (NAV). Die beeldspraak van JHWH se swaard kom ook voor in Deut. 32:41-42 en Eseg. 21:28-32



OAV	“versadig van vet”
NAV, CUM-MVB	“deurweek van die vet”
CUM-NLV	“deurtrek van vet”
NASB	“is sated with fat”
NKJV	“made overflowing with fatness”
NRSV, REB, LXX	“is gorged with fat”
NJB	“Is greasy with fat”

Hierdie WERKWOORD (BDB 206, KB 234, *Hotpa ‘ēl*-PERFEKTUM) van ‘n seldsame woordstam kom net hier voor. Die vorm (*Hotpa ‘ēl*) impliseer ‘n wederkerige konsep wat daarop neerkom dat die swaard homself vet gevoer het. Die *Pu‘al*-PERFEKTUM van dieselfde WERKWOORD in vers 7, beteken “om deurweek van vet te wees.” Die metafoor, wat oor die menigte gesneuweldes van die vyandsmagte spreek, sinspeel op ‘n groot offergeleentheid! Die vet uit die laer organe van offerdiere was gewoonlik vir die altaar bestem.

34:8 Ons hedendaagse skrifuitleggers moet onthou dat Hebreeuse poësie in

1. bondig/afgekorte stelwyse
2. klankspel
3. en parallellisme aangebied word

Westerlinge is geneig om die Griekse denkpatroon te volg: logies in hulle literatuurskeppinge! Dit, hier voor ons, is oosters-digterlike literatuur. Sien G. B. Caird, *The Language and Imagery of the Bible*, hoofstuk 5: “Hebrew Idiom and Hebrew Thought,” bl. 107-117. Dit geld ook vir Genesis 1-2. Sien John L. Walton, *The Lost World of Genesis 1*.

Hierdie vers is daarvan ‘n goeie voorbeeld. “Dag” in reël een is parallel met “jaar” in reël twee. Dit is nie as ‘n tydbepaalde opmerking bedoel nie, maar die waarneming dat oordeel en rekenskap voor God aanstaande is! Hoe lank dit sal duur is nie ter sprake nie.

34:9

OAV	“pik. .swawel. .brandende pik”
NAV, CUM-MVB	“teer. .swael. .stuk brandende teer”
CUM-NLV	“teer. .swael. .met pik oordek”
NASB	“pitch. .brimstone. .burning pitch”

Hierdie is sinspelings op die vernietiging van Sodom en Gomorra (BDB 278, 172, 278/128) in Gen. 19:24. Gaan kyk ook die opvallende parallel in Jer. 49:17-18. Sodom en Gomorra was geleë in die noorde van Edom, hoewel aan die suidpunt van die Dooie See.

34:10 Hierdie oordrywende taalgebruik (hiperbolies) dui op ‘n volledige vernietiging wat tot in ‘n onbepaalde toekoms sal strek (vgl. 1:31; 13:20; 66:24).

Twee terme wat “vir altyd” beteken, word gebruik.

1. reël 2, עוֹלָם; (BDB 761, sien *Vir Spesiale Aandag* by 32:14)
2. reël 4, נֶצַח; (BDB 664, vgl. 2 Sam. 2:26; Jes. 13:20; 25:8; 28:28; 33:20; 57:16)

Die frase “vir ewig gaan sy rook op” (OAV) kom ook voor in Openb. 14:11 en 19:3. Dit is waarskynlik die geval dat (1) Moab in 25:10-12; (2) Edom in hierdie konteks; en (3) “Babilon” in Openbaring geteken word as gemeenskappe wat georganiseer is om verwyderd van God, selfs in opstand teen God, te funksioneer.

Vir ‘n deeglike bespreking van van die Bybel se gebruik van “vir altyd” sien D. Brent Sandy se *Plowshares and Pruning Hooks*, bl. 98-101.

34:11-15 Baie diere, maar hoofsaaklik voëls, word in hierdie gedeelte genoem. Al die genoemdes word in Levitikus 11 as onrein getipeer. Hierdie onrein diere word in die ruïnes van die stad Babilon opgemerk (vgl. 13:19-22). Daar is hiervoor twee moontlike verklarings: (1) die ruïnes is simbool van ‘n gevalle mensdom se strewes, wat ge-oordeel en vernietig is, sodat niks anders as diere daar leef nie en (2) dat hierdie stede gevolglik aan demone leefplek voorsien (vgl. Mat. 12:43). Die jongste argeologiese bevindinge toon duidelik ‘n veronderstelde verband tussen hierdie diere en demone (vgl. veral vers 14).

1. NASB – hairy goat
NKJV – wild goat
NRSV – goat-demons
TEV – demons/veldgode (NAV)
NJB – satyr
REB – he-goats

Hierdie term (BDB 972 III) verwys na

- a. afgode (2 Kron. 11:15)/veldduiwels (OAV)
 - b. demone (Lev. 17:7)
 - c. wilde diere (Jes. 13:21)/wildehonde (CUM-NLV)
2. NASB, TEV “night monster”/naggees (NAV, CUM-NLV)
NKJV “night creature”
NRSV, NJB “Lilith”/Lilliet (CUM-MVB)
REB “nightjar”

Hierdie term (BDB 535) het in latere Judaïsme die naam geword vir ‘n vroulike verleidster. Moontlik is die drie nagdemone van Akkadiese mitologie die oorsprong van die term en die konsep (KB 528). Die Pesjitta bring dit in verband met ‘n “roep-uil.” Naggeluide van die natuur was angswekkend vir die mense van antieke tye.

VIR SPESIALE AANDAG: DEMONE (ONREIN GEES)

- A. Die mense van die antieke wêreld was animiste; hulle het persoonlikheid of persoonlikheidstrekke aan natuurkragte en fisiese voorwerpe toegeskryf. Die lewensloop is verklaar op grond van interaksie tussen hierdie geestelike bonatuurlikheid (entiteit) en die mensdom.
- B. Hierdie personifikasies het tot die ontstaan van politeïsme (veelgodendom) aanleiding gegee. Gewoonlik was die demoniese (*genii*) as gode van laer rang beskou, wat met goed of sleg individuele, menslike lewe beïnvloed het.
1. Mesopotamië, chaos en stryd
 2. Egipte, orde en funksionaliteit
 3. Kanaän, sien W. F. Albright se *Archaeology and the Religion of Israel*, 5de uitgawe, bl. 67-92
- C. Moontlik omrede sy sterk monoteïstiese inslag het die OT aan “laer godendom” of engele, of die demoniese, weinig aandag gegee of die gedagte nie wou ontwikkel nie (vgl. Eks. 8:10; 9:14; 15:11; Deut. 4:35,39; 6:4; 33:26; Ps. 35:10; 71:19; 86:6; 46:9; Jer. 10:6-7; Mig. 7:18). Die vals gode (*shedim* – Deut. 32:17; Ps. 106:37) van die heidennasies word in sommige gevalle wel genoem (BDB 993).
1. *Se'im* – god van wellus of harige demone; Lev. 17:7; 2 Kron. 11:15
 2. *Lilliet* – vroulik, verleidster demoon; Jes. 34:14
 3. *Mavet* – Hebreeus vir dood, Kanaänitiese god van die onderwêreld; Jes. 28:15,18; Jer. 9:21, en moontlik Deut. 28:22
 4. *Resjef* – vuur en hael (BDB 968; Deut. 32:24; Ps. 78:48; Hab. 3:5
 5. *Dever* – pessiekte Ps. 91:5-6; Hab. 3:5
 6. *Az'azel* – naam is onseker, maar moontlik ‘n woestyngod of pleknaam (BDB 736); Lev. 16:8,10,26
- (Hierdie voorbeelde is uit die *Encyclopaedia Judaica* geneem, vol. 5, bl. 1523).
- Nietemin, wat die OT betref, is daar geen dualisme, of bestaansreg vir ‘n engele/geestelike wêreld, onafhanklik van JHWH nie. Satan is ‘n dienaar van JHWH (vgl. Job 1-3; Sag. 3), nie ‘n vyand nie (vgl. A. B. Davidson, *A Theology of the Old Testament*, bl. 300-306).
- D. Judaïsme het gedurende die Babiloniese Ballingskap ontwikkel (586-538 v.C.). Dit is teologies deur die dualisme en personifikasies van Zoroastrianisme (uit Persië), beïnvloed; ‘n goeie, verhewe god met die naam van *Mazda* of *Ormazd* en sy bose opponent by name *Ahriman*. So ontstaan in die na-ballingskapse Judaïsme die gepersonifieerde dualisme tussen JHWH en sy engele versus Satan met sy demoon-engele.
- Die teologie van Judaïsme oor gepersonifieerde boosheid is goed gedokumenteer en verduidelik in Alfred Edersheim se *The Life and Times of Jesus the Messiah*, vol. 2, bylaag XIII, bl. 748-763, en XVI, bl. 770-776. Judaïsme het die bose op drie maniere gepersonifieer:
1. Satan of Sammael
 2. bose bedoelinge in die mensdom self (*yetzer hara*)
 3. die Engel van die Dood
- Edersheim karakteriseer personifikasies as (1) aanklaer, (2) die Versoeker, (3) die Straftoediener (vol. 2, bl. 756). Daar is teologies opmerkbare verskille tussen die na-ballingskapse Judaïsme en die Nuwe Testamentiese aanbidding en verduideliking van boosheid.
- E. Die NT, in besonder die Evangelies, bevestig die bestaan en teenkanting van die kant van bese geestelike wesens gerig op die mensdom en teenoor JHWH. In die Judaïsme is Satan ‘n vyand van die mensdom, maar hy bekleed nie so ‘n status teenoor God nie. Die bese geeste opponeer God se wil, sy heerskappy en koninkryk. Jesus het hierdie demoniese wesens (ook onrein geeste genoem in Luk. 4:36; 6:18; of bese geeste in Luk. 7:21; 8:2) gekonfronteer en uit menslike wesens uitgedryf.
- Jesus het demoniese wesens gekonfronteer, ook genoem onrein geeste (vgl. Luk. 4:36; 6:18) of bese geeste (vgl. Luk. 7:21; 8:2) en hulle uit mense uitgedryf. Hy het ‘n duidelike onderskeid getref tussen siekte, hetsy fisiek of breindisfunksie, en demoniese inwoning. Hy het sy mag en geestelike insig aangewend om sulke bese geeste te onderskei en uit te dryf. Hulle het Hom dikwels herken en probeer om met Hom en oor Hom te praat, maar Hy het

hulle getuienis verwerp, hulle tot swye gemaan en hulle uitgewerp. Uitwerping is 'n teken van onderwerping van die sataniese ryk.

Daar is verrassend min informasie oor dié onderwerp in die NT se Apostelbriewe. Duiweluitdrywing het nie die lys van gawes van die Gees gehaal nie en geen metodiek of prosedure word vir toekomstige geslagte, vir leraars en gelowiges aanbeveel nie.

- F. Die Bose is 'n realiteit; boosheid het 'n persoonskarakter; dit is oral teenwoordig. Die oorsprong daarvan is nie bekend nie en die doel daarvan is nie ten volle geopenbaar nie. Die Bybel erken die werklikheid daarvan, maar staan die invloed daarvan aggressief teen. Dit is egter in werklikheid nie 'n absolute dualime nie; God is absoluut en algeheel in beheer. Boosheid is verslaan en veroordeel (die eerste koms van Jesus) en dit sal uit die skepping verwyder word met sy Tweede Koms.
- G. God se volk moet die Bose teenstaan (vgl. Jak. 4:7). Dit kan God se kinders nie oorheers en beheer nie (vgl. 1 Joh. 5:18), maar hulle kan aan versoeking toegee met skade wat betref hulle getuienis en invloed (vgl. Ef. 6:10-18). Dit is geopenbaar dat boosheid 'n werklikheid is en daarmee moet rekening gehou word. Moderne Christene het nie die reg om hierdie openbaringskennis oor die Bose te herdefinieer nie (die demitologisering van Rudolf Bultmann); ook nie om die Bose tot onpersoonlike entiteit te verklaar nie (die sosiale strukture van Paul Tillich); of om dit bloot in sielkundige terme uit te lê nie (Sigmund Freud). Die invloed daarvan dring immers oral in en word oral gevoel, maar is verslaan. Gelowiges moet wandel as in behaalde oorwinning van Christus.

34:11 Die terme vertaal met “onbewoonbaar” (NAV), BDB 1062, vgl. 24:10 en “leeg” (NAV), BDB 96, word in Genesis 1:2 gebruik om die aanvanklike chaos van die planeet te beskryf. Edom, en daarmee alle wederstrewige nasies, sal tot die oorspronklike leegheid en chaos verval (vgl. 13:9-11; Jer. 4:23-26).

NASB HERSIENE TEKS: 34:16-17

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹⁶Seek from the book of the LORD and read:

Not one of these will be missing;

None will lack its mate.

For His mouth has commanded,

And His Spirit has gathered them.

¹⁷He has cast the lot for them,

And His hand has divided it to them by line.

They shall possess it forever;

From generation to generation they will dwell in it.

34:16

OAV “Soek in die boek van die HERE en lees”

NAV, CUM-MVB “Kyk gerus in die boek van die Here en lees”

CUM-NLV “Kyk gerus in die boek van die HERE en lees wat Hy gaan doen”

NASB “Seek from the book of the LORD, and read”

Behalwe vers 1, is daar voor hierdie vers geen IMPERATIEWE (opdragte) in hierdie hoofstuk nie. JHWH roep hulle om nader te kom en te luister in vers 1 (twee IMPERATIEWE), wat nou aan die einde van die hoofstuk met twee IMPERATIEWE opgevolg word. Dit is 'n tipies Semitiese literêre tegniek.

1. soek, BDB 205, KB 233, *Qal*-IMPERATIEF

2. lees, BDB 894, KB 1128, *Qal*-IMPERATIEF

Die nasies het die heerskappy wat hulle oor die diere ontvang het, soos aangedui in Gen. 2, laat verval. Daarom bied God hulle die land aan!

Daar was vele menings oor hierdie boek (BDB 706). Sommige sien dit as 'n oordeelsboek (bv. 29:11,12; 30:8). Ander sien dit as die twee boeke genoem in Dan. 7:10; 12:1 en Openb. 20:4-15, metafories bedoel as die geheue van God.

1. “die boek van die lewe”

a. Eks. 32:32

b. Ps. 69:28

c. Jes. 4:3

d. Dan. 7:10; 12:1

e. Luk. 10:20

f. Fil. 4:3

g. Heb. 12:23

h. Openb. 3:5; 13:8; 17:8; 20:12,15; 21:27

2. Die boek van dade/herinneringe

a. Ps. 56:8; 139:16

- b. Jes. 65:6
- c. Dan. 7:10
- d. Mal. 3:16
- e. Openb. 20:12-13

<ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB 	<p>“Nie een van hierdie wesens ontbreek nie, die een mis die ander nie, want my mond — dié het dit beveel”</p> <p>“Nie een van dié diere sal daar ontbreek nie, Nie een sal sonder ‘n wyfie wees nie. Die Here het die bevel gegee”</p> <p>“Nie een van die voëls of diere sal ontbreek nie. En nie een sal wees sonder ‘n maat nie. Want die HERE het dit belowe”</p> <p>“Not one of these will be missing” None will lack its mate For His mouth has commanded”</p>
--	---

Ons het hier twee metafore wat op die krag van God se woord sinspeel. Die eerste is ‘n militêre metafoor en die tweede uit sy voorsienigheid in die natuur. Op die Godswoord kan gereken word om tot stand te bring wat Hy wil (vgl. 24:3; 25:8; 55:10-11).

<ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB 	<p>“en sy Gees — dié het hulle bymekaar gebring”</p> <p>“sy Gees laat hulle daar bymekaar kom”</p> <p>“Sy Gees het dit alles waar laat word”</p> <p>“His Spirit has gathered them”</p>
---	--

Sien die aantekeninge en die *Vir Speciale Aandag* by 11:2; 32:15-20.

34:17 Dit is ‘n sinspeling op die verdeling van die (beloofde) land met behulp van die Urim en Tummim in Josua 12-19. Dit was ‘n uiters antieke manier om met vernuwing van die verbond te werk te gaan, maar die boodskap was dat dit permanent sou wees. (Sien nou Jes. 35!)

JESAJA 35

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Zion's Happy Future	The Future Glory of Zion	Zion Restored	The Road to Holiness	The Triumph of Jerusalem	God kom julle red
35:1-10 (1-10)	35:1-7 (1-2)	35:1-10 (1-2)	35:1-10 (1-2)	35:1-10 (1-7)	35:1-2 (1-2) 35:3-10 (3-8)
	(3-4) (5-7) 35:8-10 (8-10)	(3-4) (5-7) (8-10)	(3-4) (5-7) (8-10)	(8-10)	(8-10)

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

9. Eerste paragraaf
10. Tweede paragraaf
1. Derde paragraaf
2. Ens.

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Hierdie Hoofstuk staan in totale kontras met hoofstuk 34.
- B. Die vraag is tot wie dit gerig was en op watter stadium (die wanneer-vraag)?
 1. Verwys dit na die oorvloedige landbouewe van die Beloofde Land in die eindtyd (eschaton) vir gelowige Jode en bekeerde heidene?
 2. Verwys dit na terugkeer van Jode na Palestina (d.w.s. Israel) uit Assiriese ballingskap?
 3. Verwys dit na terugkeer van ballinge onder die dekreet van Kores (d.w.s. Judeërs)?
 4. Verwys dit na 'n hoofroete deur 'n lushofgeworde woestyn tussen Mesopotamië en Palestina waarlangs die die volk van God na Palestina sal terugkeer?

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 35:1-10

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

- ¹The wilderness and the desert will be glad,
And the Arabah will rejoice and blossom;
Like the crocus
²It will blossom profusely
And rejoice with rejoicing and shout of joy.
The glory of Lebanon will be given to it,
The majesty of Carmel and Sharon.
They will see the glory of the LORD,
The majesty of our God.
³Encourage the exhausted, and strengthen the feeble.

⁴Say to those with anxious heart,
 “Take courage, fear not.
 Behold, your God will come with vengeance;
 The recompense of God will come,
 But He will save you.”
⁵Then the eyes of the blind will be opened
 And the ears of the deaf will be unstopped.
⁶Then the lame will leap like a deer,
 And the tongue of the mute will shout for joy.
 For waters will break forth in the wilderness
 And streams in the Arabah.
⁷The scorched land will become a pool
 And the thirsty ground springs of water;
 In the haunt of jackals, its resting place,
 Grass *becomes* reeds and rushes.
⁸A highway will be there, a roadway,
 And it will be called the Highway of Holiness.
 The unclean will not travel on it,
 But it *will* be for him, who walks *that* way,
 And fools will not wander *on it*;
⁹No lion will be there,
 Nor will any vicious beast go up on it;
 These will not be found there.
 But the redeemed will walk *there*,
¹⁰And the ransomed of the LORD will return
 And come with joyful shouting to Zion,
 With everlasting joy upon their heads.
 They will find gladness and joy,
 And sorrow and sighing flee away.

35:1

OAV, NAV, CUM-MVB “woestyn”
 CUM-NLV “wildernis”
 NASB “wilderness”

Hierdie woord sinspeel op onbewoonde weiveld (BDB 184, vgl. Joël 1:19-20).

☐

OAV, NAV, CUM-MVB “die dor land”
 CUM-NLV “dor plekke”
 NASB “the desert”

Hierdie woord dui op ‘n dor, onvrugbare landskap (vgl. 41:18; 53:2; Joël 2:20). Let op die gesamentlike gebruik van “wildernis” en “woestyn” as parallel met “Arabah.”

☐

OAV “die wildernis”
 NAV, CUM-MVB “die droë wêreld”
 CUM-NLV “die woestyn”
 NASB “Arabah”

Hierdie woord (BDB 787) verwys na die Skeurvallei (benede Jordaan) suid van die Dooie See (vgl. 33:9).

☐

OAV “sal juig en bloei soos ‘n narsing”
 NAV, CUM-MVB “sal juig. . .oortrek met affodille”
 CUM-NLV “sal bly wees. . .sal vol blomme wees”
 NASB “will rejoice and blossom”

In die eerste twee WERKWOORDE word plante gepersonifiseer en is tegelyk ‘n parallel

1. sal bly wees, BDB 965, KB 1314, *Qal*-IMPERFEKTUM (moontlik as JUSSIEF aangewend); hierdie WERKWOORD kom agt keer in Jes. 61-66 voor.
2. sal juig, BDB 162, KB 189, *Qal*-JUSSIEF, vgl. vers 2 en 25:9; die WERKWOORD kom vier keer voor in hoofstukke 61-66; vgl. Joël 2:21,23

Die derde WERKWOORD “bloei” (BDB 897, KB 965, *Qal*-IMPERFEKTUM toon aan hoe die plantegroei “juig” = personifikasie). Jesaja personifiseer graag natuurverskynsels (vgl. 33:9; 44:23; 55:12). Sien ook die *NASB Study Bible* bl. 1004. Die toestand wat in die Tuin van Eden geheers het, word weer opgewek. Die Nuwe Era het aangebreek!

Vers 10 word in 51:11 herhaal. Dit dien as teken dat die nuwe era van herstel aangebreek het (vgl. 7:21-25; 27:6; 32:15; 41:8-19; 55:12-13).



OAV	“n narsing”
NAV, CUM-MVB	“affodille”
CUM-NLV	“blomme”
NASB, NRSV, Pesjitta	“crocus”
NKJV, JPSOA	“rose”
NJB,REB	“ashodel”
JB	“jonquil”
LXX (Grieks)	“lelie”

Dit is feitlik onmoontlik om die fauna en flora van die Bybel korrek te identifiseer (TEV en CUM-NLV verwys net na “flowers”/“blomme”). Die rabbyne (BDB 287) is van mening dat die roos bedoel word. Luther en Calvyn dink weer die lelie word bedoel. Enigeen se raaiskoot is ewe goed. ‘n Goeie bron om te raadpleeg in verband met hierdie tipe vrae is die “Helps for translators” reeks, *Fauna and Flora of the Bible*, UBS.

35:2

OAV	“die heerlijkheid van die Libanon. . .die sieraad van Karmel en Saron”
NAV,CUM-MVB	“die prag van Libanon. . .die skoonheid van Karmel en Saron”
CUM-NLV	“Libanonberge. . .Karmelberg en die Saronvlaktes”
NASB	“Lebanon. . .Carmel and Sharon”

Hierdie drie gebiede was vir hulle welige plantegroei bekend. Die frase “n oorvloed wees van blomme” is die *Qal-INTENTIVUS ABSOLUTUS* en *Qal-IMPERFEKTUM WERKWOORD* van dieselfde woordstam (BDB 827, KB 965) wat ‘n aanduiding is (grammatikaal) van intensiteit, hier bedoel as weligheid van groei.



OAV	“hulle dáár sal sien”
NAV, CUM-MVB	“Israel sal. . .sien”
CUM-NLV	“die HERE. . .ten toon stel”
NASB	“They will see”

Dit wil voorkom of dit verdere personifikasie van die plante kan wees (NASB, OAV).

35:3-6 Hierdie verse noem ‘n hele verskeidenheid van mense.

1. die met moeë hande (CUM-NLV, taamlik letterlik); exhausted (NASB)
2. wie se knieë swak geword (CUM-NLV, taamlik letterlik)/feeble (NASB)
3. dié wat bang is (CUM-NLV)/those with palpating hearts (NASB, letterlik: aangejaagdes)
4. blindes wie se oë Hy open (CUM-NLV); the blind (BDB 734)
5. dowes se ore Hy oopmaak (CUM-NLV); the deaf (BDB 361)
6. lam mense wat sal rondspring (CUM-NLV); the lame (BDB 820)
7. mense wat nie kon praat nie, sal roep en sing (CUM-NLV); the dumb (BDB 48)

Hier word ook aangedui wat God vir hulle sal doen op sy dag van nuutskepping!

1. vir #1 “moeë. . .bemoediging”, (BDB 304, KB 302, *Pi’el-IMPERATIEF*)
2. vir #2 “swakkes. . .versterking”, (BDB 54, KB 65, *Pi’el-IMPERATIEF*)
3. vir #3 “banges. . .”
“skep moed”, BDB 304, KB 302, *Qal-IMPERATIEF*
“moenie vrees nie”, BDB 431, KB 432, *Qal-IMPERFEKTUM* met JUSSIEF betekenis
4. vir #4 “blindes. . .oë oop maak”, BDB 824, KB 959, *Nif’al-IMPERFEKTUM*
5. vir #5 “dowes. . .ore oopmaak”, BDB dieselfde WERKWOORD as #4
6. vir #6 “lammes. . .rondspring soos bokke” (CUM-NLV), BDB 194, KB 222, *Pi’el-IMPERFEKTUM*
7. vir #7 “stommes. . .uitroep van vreugde” (NASB), BDB 943, KB 1247, *Qal-IMPERFEKTUM*

Dit is die boodskap wat Jesus aan Johannes die Doper gestuur het terwyl hy in die gevangenis was (vgl. Mat. 11:4-5; Luk. 7:20-22). Die Nuwe Era het werklikheid geword in die bediening van Jesus!

35:4 Let op wat JHWH aan sy verbondsvolk beloof.

1. Hy kom met vergelding; BDB 668, vgl. 34:8; 59:17; 61:2; 63:4; Deut. 32:25; Jer. 50:28
2. Sy beloning kom ook; BDB 168, vgl. 59:18 [twee keer]; 66:6, sien ook 65:6
3. Hy sal hulle red; BDB 446, KB 448, *Hif’il-JUSSIEF*, vgl. 25:9; 33:22; 38:20; 45:17; 49:25; 59:1; 63:1,5,9; 64:5

35:6

OAV	“want in die woestyn breek strome uit en strome in die wildernis”
NAV, CUM-MVB	“Strome water sal uit die woestyn uit bars”
CUM-NLV	“Fonteine sal in die wildernis ontspring”
NASB	“For waters will break forth in the wilderness”

Welige natuurrykdom brei uit op verse 1,2. Dit is sigbaarwording van die geestelike teenwoordigheid van God, wat in die natuur met ‘n wonderlike uitstalling van skoonheid en groei vorendag kom (vgl. vers 7).

35:7

OAV	“in die plek van jakkalse waar hulle gelê en rus het”
NAV, CUM-MVB	“net vir jakkalse lêplek”
CUM-NLV	“blyplek. . .vir woestynjakkalse”
NASB	“In the haunt of jackals”

Die Pesjitta en die KJV vertaal hierdie woord met “drake/dragons” (BDB 1072). Uit die Dooie See Rolle weet ons dat diere in die OT dikwels ge-opper word om die afgode van omringende nasies aan te dui. Gevolglik kan hierdie verwysing (jakkals) (1) op ‘n afgeleë en verlate plek dui of (2) die verblyfplek van demone (vgl. 34:11-15).

Hierdie digterlike reëltye se doel is egter om die heerlikheid van water en vleigrasse in die plek van jakkalsgate se droë holtes te beskryf (vgl. OAV).



OAV	“in die plek van”
NAV, CUM-MVB	“lêplekke”
CUM-NLV	“blyplek”
NASB	“its resting place”
NKJV	“where each lay”
NRSV	“a swamp”
REB	“their lairs”

Die MT het רַבְצִי (rbšh), BDB 918, “sy rusplek.” Die NRSV verander dit na רַבְצִיָּה (lbšh), sien NIDOTTE, vol. 1, bl. 692-693). Die Dooie See Rol van Jesaja het “hy gaan lê.”



OAV	“is gras met riete en biesies”
NAV, CUM-MVB	“sal gras en riet en biesies groei”
CUM-NLV	“sal daar nou gras, riet en bossies groei”
NASB	“Grass becomes reeds and rushes”

Om die weelderigheid van God se seën met behulp van die natuur te illustreer, sal die grasse so hoog soos riete en palmiet opskiet.

35:8

OAV	“die heilige weg”
NAV, CUM-MVB	“die gewyde pad”
CUM-NLV	“die Hoofpad van Heiligheid”
NASB	“the Highway of Holiness”

Dit is ‘n bekende tema in die boek van Jesaja (vgl. 26:7; 40:3-4; 42:13). Dit is ‘n metafoor wat koninklike besoek veronderstel en word gebruik om die koms van die Messias te beskryf. Johannes die Doper het daarop aanspraak gemaak dat hy die profesie van Mal. 4:5 vervul deur die weg van die Here voor te berei. ‘n Fisiese voorbereiding van die pad word hiermee te kenne gegee, maar met geestelike implikasies wat betref berou en bekering.

35:9

OAV	“Dáár sal geen leeu wees. . .en verskeurende dier”
NAV, CUM-MVB	“Daar sal nie leeus op die pad wees nie”
CUM-NLV	“Langs die pad sal leeus nie skuil nie”
NASB	“No lion will be there”

Die feit dat verskeurende diere daar nie sal wees nie (of verander word in mak metgeselle vir die mens), is ‘n teken van die seën van God (vgl. Jes. 11:6-9). Dit dien dan ook die omgekeerde van Lev. 26:22 te wees.



OAV	“maar die verlostes”
NAV, CUM-MVB	“net die mense vir wie God gered het”
CUM-NLV	“mense vir wie God gered het”
NASB	“the ransomed”

Die vroegste wat hierdie woord voorkom, staan in verband met die wyding van die eersgeborene aan God (vgl. Eks. 13:13,15). Die primêre betekenis hier is die vrymaking inaggenome ‘n *voorafbepaalde prys*. Daar is ‘n onderskeid tussen “gered het”/“verlostes” (CUM-NLV/OAV – BDB 145 I, KB 169, *Qal*-PASSIEF DEELWOORD) in vers 9 en die “bevry het”/“losgekooptes” (CUM-NLV/OAV) van vers 10 (BDB 804, KB 911, *Qal*-PASSIEF DEELWOORD), wat in hoofstuk 40:1-3 ook voorkom. Sien *Vir Speciale Aandag* by 29:22.

35:10

OAV	“sal teruggaan”
NAV, CUMs	“sal terugkeer”
NASB	“will return”

Hierdie WERKWOORD (BDB 996, KB 1427, *Qal*-IMPERFEKTUM) beteken om “terug te keer/draai” wat berou en verandering van rigting impliseer. Baie skrifuitleggers beskou dit (ook vers 8) as ‘n verwysing na die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap en dus as oorgang na Jes. 40-66. Aangesien Jesaja se gedigte nie altyd in kronologiese volgorde gerangskik is nie, is so ‘n moontlikheid nie uitgesluit nie. Die Hoofpad van Heiligheid dui dan daarop dat berou en belydenis ‘n leefstyl geword het.

☐
OAV, NAV, CUMs “Sion”
NASB “Zion”
In later tye het die benaming aanduiding geword van die hele stad (op sewe heuwels), maar in besonder die tempel, wat geografies op Berg Moria gestaan het en nie op Berg Sion nie.

- ☐ Die terugkerendes word geskets as
1. vrygekooptes van die Here (CUM-NLV)
 2. wat juigend in sion aankom
 3. wat altyd straal van blydskap (NAV)/met ewigdurende vreugde
 4. vol van (NAV)
 - a. vreugde
 - b. blydskap
 5. sonder smart (NAV)
 6. of gesug/ellende (NAV)

☐
OAV ”ewige vreugde sal op hulle hoof wees”
NAV, CUM-MVB “hulle sal altyd straal van blydskap”
CUM-NLV “hulle sal sing van blydskap”
NASB “With everlasting joy on their heads”
Die term vir “ewige”/“altyd”/“everlasting”, is ‘*olam* (BDB 761). Sien *Vir Speciale Aandag* by 32:14.

☐
OAV “maar kommer en gesug vlug weg”
NAV, CUMs “ellende en smart sal verdwyn”
NASB “And sorrow and sighing will flee away”
Sien Jesaja 25:8 en Openbaring 21:4

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Waarna verwys hierdie hoofstuk as die fisiese seën en vreugde nooit met die terugkeer van die ballinge aanwesig was nie?
2. Verduidelik die verskil in betekenis tussen “verlos” en “losgekoop”
3. Waarom word die natuur gebruik om God se teenwoordigheid en seën te vergestalt?

JESAJA 36

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Sennacherib Invades Judah	Sennacherib Boasts Against the LORD	The Attack of Sennacherib	The Assyrians Threaten Jerusalem	Sennacherib's Invasion	Die bedreiging van Jerusalem deur Sanherib
36:1-3	36:1-3	36:1-3	36:1-6	36:1-10	36:1-22
36:4-10	36:4-10	36:4-10	36:7-10		
36:11-12	36:11-12	36:11-12	36:11 36:12	36:11-12	
36:13-20	36:13-20	36:13-20	36:13-20	36:13-20	
36:21-22	36:21-22	36:21-22	36:21-22	36:21-22	

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGRONDSTUDIE OOR (36-39)

- A. Hierdie hoofstukke is 'n histories-literêre oorgang (of slotstuk, *Jewish Study Bible*, bl. 853) tussen die lewe van Jesaja as profeet en 'n gedeelte wat oor die toekoms handel (hoofstukke 40-66 wat oor die Babiloniese periode en die eschaton [eindtyd] handel).
In Jeremia 52 word ook historiese stof behandel, wat 'n herhaling is van 2 Kon. 24:18-25:30.
- B. Hierdie gedeelte van Jesaja is 'n parallel van 2 Kon. 18:13-20:19 (hoewel 38:9-20 addisioneel in die 36-39 dokument is). Lees ook die inhoud van 2 Kronieke 32.
- C. Hierdie gedeelte dien as 'n noodsaaklike en samebindende oorgang tussen 36 en 37 (Assirië) en 38-39 (Babilonië).
- D. Vrae het ontstaan oor hoe Hiskia se weiering om voor Sanherib se eise en dreigemente te swig, in die lig van sy belastingpligtigheid volgens 2 Konings 18:14-16, verstaan moet word. Die waarskynlikste verklaring is daarin te vind dat hy aanvanklik skatpligtig was, maar later geweier het om voort te gaan. Wat presies die verband tussen die twee weersprekende gedeeltes is, is 'n kwessie van gissing.
- E. Die hele kwessie van “vertroue” kom in hierdie hoofstuk en sy parallele, sterk na vore (BDB 105, KB 120), meer as in enige ander gedeelte van die OT.
 1. Jesaja 36:4,5,6 [tee keer], 7,9,15
 2. 2 Konings 18:19,20;21 [twee keer], 22,24,30; 19:10
 3. 2 Kronieke 32:10“Vertroue” (בטח) en “geloof”(אמן) het meer om die lyf as “gehoorsaamheid” wanneer dit aankom op die regte verstaan van hoe die verbondsverhouding beleef moet word! Sien *Vir Spesiale Aandag* by 22:23.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 36:1-3

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹Now in the fourteenth year of King Hezekiah, Sennacherib king of Assyria came up against all the fortified cities of Judah and seized them. ²And the king of Assyria sent Rabshakeh from Lachish to Jerusalem to King Hezekiah with a large army. And he stood by the conduit of the upper pool on the highway of the fuller's field. ³Then Eliakim the son of Hilkiah, who was over the household, and Shebna the scribe, and Joah the son of Asaph, the recorder, came out to him.

36:1

OAV "In die veertiende jaar van koning Hiskia"
NAV, CUMs "In die veertiende regeringsjaar van koning Hiskia"
NASB "in the fourteenth year of King Hezekia"

In die "veertien" het blykbaar 'n oorskryffout ingeglip wat datering betref, aangesien die datering van die Judese konings nie strook met die gegewens van sekulêre geskiedenis nie. Want 2 Kon. 18:1 laat blyk dat Hiskia mede-regeerder met sy vader tussen 729 en 715 v.C. was en dat hy eers vanaf 715 tot 686 v.C. alleen regeer het. Dit is moontlik dat hierdie syfer in die "vierentwintigste" jaar van koning Hiskia moet lees (sien Gleason L. Archer, *Encyclopedia of Bible Difficulties*, bl. 207, 211; E. J. Young, *Book of Isaiah*, bl. 540-542; *The Expositor's Bible Commentary*, vol. 6, bl. 234; J. A. Motyer, *Tyndale OT Commentaries*, vol. 18, bl. 222).

In die tabel van Bylaag Vier van hierdie kommentaar is daar 'n lys van drie verskillende sienings wat betref die datering van Hiskia se regeering.

1. John Bright – 715-687 v.C.
2. E. J. Young – 727-699 v.C.
3. R. K. Harrison
 - a. mede-regering – 729-716/15
 - b. alleen op troon – 716/15-687/86

Ondanks hierdie hooggeagte geleerdes bly staan die verskil in opvatting. Versigtigheid moet aan die dag gelê word om te streng op regerings en mederegering te besluit. Op hierdie stadium bestaan daar geen ooreenstemming van siening onder die geleerdes nie. Hopelik sal nuwe inligting van die kant van argeologie kan help met die dateringsprobleem.



OAV "het Sanherib, die koning van Assirië, opgetrek teen al die versterkte stede van Juda en dit verower"
NAV, MVB "het koning Sanherib van Assirië al die vestingstede in Juda aangeval en verower"
CUM-NLV "het koning Sanherib van Assirië al die versterkte stede van Juda aangeval en dit verower"
NASB "Sennacherib king of Assyria came up against all the fortified cities of Judah and seized them"

Uit Assiriese dokumente lei ons af dat Sanherib van 705-681 v.C. regeer het en daarop aanspraak maak dat hy 46 ommuurde stede oorwin het. Die inval in Juda in 701 v.C. strook met hierdie Assiriese bronne.

36:2

OAV "Toe stuur die koning van Assirië die rábsake"
NAV "Daarna het die koning van Assirië sy hoofadjutant. . . gestuur"
CUM-MVB "Daarna het die koning van Assirië sy generaal. . . gestuur"
CUM-NLV "Toe het die koning van Assirië sy persoonlike verteenwoordiger. . . gestuur"
NASB "And the king of Assyria sent Rabshakeh"

Hierdie woord kan op 'n verskeidenheid van maniere verstaan word (BDB 913)

1. As eienaam (NASB, NKJV)
2. rentmeester
3. veldmaarskalk/hoofbevelvoerder/generaal (Pesjitta, NIV, CUM-MVB)
4. goewerneur/hoofamptenaar (NKJV in voetnoot)
5. persoonlike verteenwoordiger (NJB, CUM-NLV)

Watter ook hiervan van toepassing, feit is dat hy in die Assiriese geleedere (JPSOA voetnoot) hoog aangeskrewe was (vgl. 2 Kon. 18:17).

Die NIDOTTE, vol. 3, bl. 1029 bied 'n lys van Assiriese titels.

1. Tartan – hoofbevelvoerder; 2 Kon. 18:17
2. Rab saris – hoofoffisier; 2 Kon. 18:17
3. Rab sāqēh – veldheer/belvoerder; 2 Kon. 18:17
4. Rab Kisri – leëaanvoerder
5. Rab hanse – aanvoerder oor vyftig
6. Rab saqu – persoonlike verteenwoordiger van die koning
7. Akkadies
 - a. tartan – vgl. #1

- b. rabu sa rēsi – hoof-eunug of militêre bevelvoerder
 - c. rab sāqēh – vgl. #3
 - d. rab saqu – #6
8. Aramees – rb swq – Marsbevelvoerder

▣ **“Lachish/Lagis/Lakis”** Dit was een van die ommuurde stede op die kusvlakte wat deur die Assiriërs ingeneem was. In die Sjefelah geleë nagenoeg 50 kilometer van Jerusalem af.

- ▣ **OAV** “hy het gaan staan by die watervoor van die Boonste Dam, by die grootpad van die Bleikveld”
- NAV, CUM-MVB** “Hulle het posisie ingeneem langs die kanaal van die boonste dam, langs die pad na die Bleikveld toe”
- CUM-NLV** “Die Assiriërs was langs die kanaal wat water na die boonste dam lei, naby die pad waar klere gebleik is”
- NASB** “And he stood by the conduit of the upper pool on the highway of the fuller’s field”

Dit is dieselfde plek waar Jesaja koning Agas gekonfronteer het en ‘n beroep op hom gedoen het om op Assirië nie staat te maak nie (7:3). Die geografiese plek van die ontmoetings kan bedoelde beskikking wees om die gevolge van verskillende reaksies uit te lig: die geloof van Hiskia (37:14-20,30) en die ongeloof van Agas!

36:3

- OAV** “Éljakim. . .Sebna. . .Joa”
- NAV, CUMs** “Eljakim. . .Sebna. . .Joag”
- NASB** “Eliakim. . .Shebna. . .Joah”

1. Eljakim
 - a. NASB, NKJV, “over the household”/“paleisbestuurder” (NAV)/“adminstrateur van die paleis” (CUMs)
 - b. NRSV, TEV, JPSOA “in charge of the palace”/“wat oor die paleis was” (OAV)
 - c. REB “the controller of the household”/#a.
 - d. NJB “master of the palace”/#b.
2. Sebna
 - a. NASB, NJB, JPSOA “the scribe”/“die skrywer” (OAV)
 - b. NRSV, NJB “the secretary”/“staatssekretaris” (NAV, CUM-MVB)
 - c. REB “the adjutant-general”/“adjutant-generaal”
 - d. TEV “court secretary”/“sekretaris van die hof” (CUM-NLV)
3. Joa, (Joag)
 - a. NASB, NKJV, NRSV, TEV, JPSOA “The recorder”/“die kanselier” (OAV)
 - b. REB “the secretary of state”/#2b
 - c. NJB “the herald”/“aankondiger”/“hoof uitvoerende beampte” (NAV, CUM-MVB)

NASB HERSIENE TEKS: 36:4-10

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

4Then Rabshakeh said to them, “Say now to Hezekiah, ‘Thus says the great king, the king of Assyria, “What is this confidence that you have? ⁵”I say, ‘Your counsel and strength for the war are only empty words.’ Now on whom do you rely, that you have rebelled against me? ⁶Behold, you rely on the staff of this crushed reed, *even* on Egypt, on which if a man leans, it will go into his hand and pierce it. So is Pharaoh king of Egypt to all who rely on him. ⁷But if you say to me ‘We trust in the LORD our God,’ is it not He whose high places and whose altars Hezekiah has taken away and has said to Judah and Jerusalem, ‘You shall worship before this altar’? ⁸Now therefore, come make a bargain with my master the king of Assyria, and I will give you two thousand horses, if you are able on your part to set riders on them. ⁹How then can you repulse one official of the least of my master’s servants and rely on Egypt for chariots and horsemen? ¹⁰Have I now come up without the LORD’S approval against this land to destroy it? The LORD said to me, ‘Go up against the land and destroy it.’””

36:4 Sanherib se boodskap is ten aanhoor van alle omstanders luid voor die muur van Jerusalem voorgelees, sodat elkeen wat hoor met vrees vervul sou word (vgl. verse 11-12)!

Hierdie vers het drie gebruike van die WERKWOORD “sê” (BDB 55, KB 65)

1. *Qal*-IMPERFKTUM
2. *Qal*-IMPERATIEF
3. *Qal*-PERFEKTUM

- ▣ **OAV** “Wat is dit vir ‘n vertroue wat jy koester?”
- NAV, CUM-MVB** “Waarop berus hierdie vertroue van jou?”

CUM-NLV “Waarop vertrou julle wat nou so vol selfvertroue is?”**NASB** “What is this confidence that you have”

Hierdie is ‘n besonder belangrike stelling om die res van hoofstukke 36 en 37 reg te verstaan, want ‘n woordspel op die Hebreeuse woord “vertrou” vind hier plaas (BDB 105, KB 120, *Qal*-PERFEKTUM, vgl. 12:2; 26:3,4; 31:1; 32:9-11; 36:4,5,6 [twee keer], 7,9,15; 37:10) of ‘n vraag “Waarop maak jy staat?” Let daarop dat die Assiriese logika gebaseer is op militêre triomf oor ‘n menigte ander nasionale gode. Die sielkundige aanslag trek Hiskia se optrede ten behoeve van JHWH in twyfel. Hy moet aan JHWH se mag twyfel. Ook die bevolking moet aan sy mag begin twyfel (vgl. 36:4,5,7,10,15,18; 37:4,6,10,17,20, veral verse 23,29). Soos in Dan. 3 is die toneel voorberei vir ‘n konfrontasie met die Assiriese godendom waardeur die wêreld te wete sal kom dat net JHWH God is (vgl. 37:20; 45:6; 2 Kron. 32:7-8).

Hierdie aangeleentheid is die teologiese doelwit van die betrokke literêre eenheid!

36:5**OAV** “‘n woord van die lippe is genoeg...”**NAV** “woorde alleen”**CUM-MVB** “leë woorde”**CUM-NLV** “blote woorde”**NASB, NJB** “empty words”**NKJV** “vain words”**NRSV** “mere words”**LXX (Grieks)** “lippetaal”

Die LXX is ‘n letterlike vertaling van die Masoretiese Tekst (BDB 182, STATUS CONSTRUCTUS, BDB 973), ‘n segswyse om aan te dui dat iemand praat sonder om te dink (vgl. Spr. 14:23).

**OAV** “dat jy teen my in opstand kom”**NAV, CUM-MVB** “dat jy in opstand is teen my”**CUM-NLV** “wat jou teen Assirië kan help”**NASB** “rebelled against me”

Dit sinspeel op die feit dat Hiskia sy oplegde belasting aan Assirië gestaak het (vgl. 2 Kon. 18:7), maar blykbaar weer daarmee begin het tydens die inval van Sanherib (vgl. 2 Kon. 18:14-16) en toe betaling vir ‘n tweede keer geweier het (vgl. 2 Kon. 18:14-16).

36:6**OAV,** “kyk, jy vertrou op Egipte, ‘n geknakte riet”**NAV, CUM-MVB** “Jy vertrou op Egipte, ‘n versplinterde riet”**CUM-NLV** “As jy op Egipte leun, vind jy uit dis soos om op ‘n stok te leun wat onder gewig breek”**NASB** “Behold, you rely on the staff of this crushed reed, even on Egypt”

Blykbaar het Assirië oor binne-informasie beskik in verband met Hiskia se onbekookte plan van alliansie met Egipte. Jesaja het tevore al hierdie bondgenootskap afgekeur (vgl. 30:1-5; 31:1-3).

36:7**OAV** “is dit nie Hy wie se hoogtes en altar Hiskia verwyder het nie”**NAV, CUM-MVB** “dit is mos Hy wie se hoogtes en altare Hiskia laat verwoes het”**CUM-NLV** “Het Hiskia dan nie sy heiligdomme en altare omgegooi. . .nie”**NASB** “whose high places and altars Hezekiah has taken away”

Dit is ‘n poging om Hiskia se verhouding met JHWH as twyfelagtig voor te stel. Die doel van die stelling is dat JHWH waarskynlik vir Hiskia boos sou wees omrede die sluiting van plaaslike aanbiddingsplekke (vgl. 2 Kon. 18:7). Hier verkeer die Assiriërs onder groot misverstand, want Hiskia het dit wat in Deuteronomium beveel word (vgl. 12:2-5) met groot presiesheid uitgevoer, naamlik sentralisasie van die erediens op ‘n plek wat JHWH sou aanwys. Die hoogtes het ontaard in plekke waar *Baäl* en *Asjera* vereer is (vgl. 2 Kon. 18:4).

36:8**OAV** “Nou dan, wed tog met my heer, die koning van Assirië”**NAV** “Wil jy ‘n ooreenkoms aangaan met. . .Assirië”**CUM-MVB** “Kom nou, gaan ‘n ooreenkoms aan met. . .die koning van Assirië”**CUM-NLV** “Ek sê jou wat: die koning van Assirië gaan met jou ‘n weddenskap aan”**NASB** “come make a bargain with my master”

Die WERKWOORD (BDB 786, KB 876) is ‘n *Hitpa* ‘*el*-IMPERATIEF, wat neerkom op die aanbied van ‘n politieke verdrag (vgl. 2 Kon. 18:23; Job 17:3; Ps. 119:122). Die veronderstelling is dan om “jou verbondenheid aan JHWH te laat vaar en jou vertrou in Assirië te plaas” (met die implikasie van vertrou op Assiriese godendom). Dit klink uiters voorbarig, maar het Juda dan nie met Egipte (en dié se gode by implikasie) alliansie probeer sluit nie (vgl. verse 6,9)? Hiermee word Juda se geloof in monoteïsme terdeë op die proef gestel!

■ Hierdie is spottery met die swakheid van die Judese leërmag.

OAV, NAV, CUM-MVB “Ek gee jou tweeduisend perde”
CUM-NLV “gee ek jou 2000 perde om op te ry”
NASB “I will give you two thousand horses”

In historiese kringe heers daar onsekerheid of ruitery op hierdie vroeë stadium in Juda en Assirië in gebruik was. Heelwat skrifuitleggers dink hier aan strydwaens alhoewel die woordgebruik heeltemal duidelik ruitery impliseer.

36:9

OAV “enkele goewerneur”
NAV, CUM-MVB “één goewerneur”
CUM-NLV “swakste afdeling”
NASB, TEV “official”
NKJV, NRSV “captain”
NJB “soldiers”
REB, Pesjitta “servants”
LXX (Grieks) “goewerneur”

Dié term (BDB 808, vgl. 2 Kon. 18:24; sien NIDOTTE, vol. 3 bl. 603) kan dui op ‘n pas aangestelde goewerneur in ‘n verslaande Judese vesting (ommuurde stad). Elk so aangestelde goewerneur beskik oor ‘n klein militêre afdeling. Waarskynlik was Lagis nou die hoofkwartier van so ‘n Assiriese administrateur.

Die sarkastiese opmerking van die generaal (CUM-MVB, vers 1) was dat Jerusalem haar nie eers teen ‘n militêre streekmag sou kon verdedig nie, wat nog te sê teen ‘n Assiriese aanvalsmag!

36:10

OAV “Het ek dan nou sonder die HERE teen hierdie land opgetrek”
NAV, CUM-MVB “Buitendien, ek het nie sonder die Here opgetrek teen hierdie land. . .nie”
CUM-NLV “dink jy ek het die land binnegeval. . .sonder die HERE se opdrag”
NASB “Have I now come up without the LORD’S approval?”

Hierdie stelling beteken dat (1) hulle nie Juda se God geraadpleeg het nie en (2) nogtans was Hy aan hulle kant! Hoe hulle kon weet van profesieë wat Assirië aanstel om Israel te oordeel, is onseker (vgl. 10:5-7). Sommige beskou dit as ‘n halwe waarheid wat met 37:26 in verband gesien moet word.

Dit wil voorkom of daar weerspreking in die vers ingebou is.

1. die letterlik van “nie geraadpleeg nie” is “in weerwil van”
2. (en die teenstrydigheid), “die HERE het vir my gesê” (OAV)

Dit is grootpraterij van Assirië (Sanherib) teen die wil van JHWH en aanstellerigheid teenoor sy volk!

NASB HERSIENE TEKS: 36:11-12

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹¹Then Eliakim and Shebna and Joah said to Rabshakeh, “Speak now to your servants in Aramaic, for we understand it; and do not speak with us in Judean in the hearing of the people who are on the wall.” ¹²But Rabshakeh said, “Has my master sent me only to your master and to you to speak these words, and not to the men who sit on the wall, *doomed* to eat their own dung and drink their own urine with you?”

36:11

OAV “Aramees. . .Joods”
NAV “Aramees. . .Judees”
CUMs “Aramees. . .Hebreeus”
NASB “Aramaic. . .Judean”

36:11 Aramees was die diplomatieke taal van die Ou Nabye Ooste en “Joods/Judees” moet met “Hebreeus” vertaal word (BDB 397, vgl. 2 Kon. 18:26,28; 2 Kron. 32:18). Die implikasie van hierdie versoek is dat die diplomatieke taal gebruik moet word sodat die mense van die stad die aard van die dreigement nie sal verstaan nie.

36:12 Die dreigement wys op die ontberinge wat met ‘n beleg gepaard gaan (skaarsheid van voedsel en water, vgl. Kon. 18:27). In Jerusalem moes dit vrees en paniek aanjaag. Immers, al vertrou Hiskia op JHWH is dit onwaarskynlik dat die bevolking ook sou vertrou.

NASB HERSIENE TEKS: 36:13-20

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

13Then Rabshakeh stood and cried with a loud voice in Judean and said, “Hear the words of the great king, the king of Assyria. **14**Thus says the king, ‘Do not let Hezekiah deceive you, for he will not be able to deliver you; **15**nor let Hezekiah make you trust in the LORD, saying, “The LORD will surely deliver us, this city will not be given into the hand of the king of Assyria.” **16**Do not listen to Hezekiah,’ for thus says the king of Assyria, ‘Make your peace with me and come out to me, and eat each of his vine and each of his fig tree and drink each of the waters of his own cistern, **17**until I come and take you away to a land like your own land, a land of grain and new wine, a land of bread and vineyards. **18**Beware that Hezekiah does not mislead you, saying, “The LORD will deliver us.” Has any of the gods of the nations delivered his land from the king of Assyria? **19**Where are the gods of Hamath and Arpad? Where are the gods of Sepharvaim? And when have they delivered Samaria from my hand? **20**Who among all the gods of these lands have delivered their land from my hand, that the LORD would deliver Jerusalem from my hand?’”

36:13-16 Daar is heelwat IMPERATIEWE en JUSSIEWE gebruik in die boodskap van Sanherib deur die rabsake/generaal (OAV/CUM-NLV); d.w.s. dreigemente en beloftes.

1. hoor, vers 13; BDB 1033, KB 1570, *Qal*-IMPERATIEF
2. Moenie dat Hiskia julle mislei nie (NAV, vers 14); BDB 674, KB 120, *Hif'il*-AFWYSEND en in ‘n JUSSIEF sin gebruik; vgl. 37:10; dieselfde WERKWOORD word in Gen. 3:31 gebruik
3. en moenie dat Hiskia julle op die Here laat vertrou nie (NAV, vers 15); BDB 105, KB 120, *Hif'il*-IMPERFEKTUM in JUSSIEF aangwend
4. Moenie na Hiskia luister nie (NAV, vers 16); BDB 1033, KB 1570, *Qal*-IMPERFEKTUM, in JUSSIEF aangwend
5. Maak vrede met my (NAV, vers 16); BDB 973, KB 889, *Qal*-IMPERATIEF
6. en kom uit na my toe (NAV, vers 16); BDB 422, KB 425, *Qal*-IMPERATIEF
7. eet (NAV, vers 16); BDB 37, KB 46, *Qal*-IMPERATIEF
8. drink (NAV, vers 16); BDB 1059, KB 1667, *Qal*-IMPERATIEF

36:17 Let daarop dat die twee beloftes van Sanherib op die landelike bevolking gerig is wat in die ommuurde stad kom skuiling soek het. Hulle sal op hulle eie grond mag bly, maar net vir ‘n rukkie, soos wat in vers 17 aangekondig word. Hy sou hulle lewe spaar, maar ballingskap is hulle voorland. Selfs as hulle op daardie tydstip oorgegee het, word hulle steeds uit die landgebied Juda weggeneem. Oumense en jeugdige is op die plek om die lewe gebring!

36:18

OAV “Het die gode van die nasies elkeen sy land gered uit die hand van die koning van Assirië”

NAV “kon die gode van die ander nasies hulle lande red uit die mag van die koning van Assirië”

CUM-MVB “Kon die gode van die ander nasies hulle lande ooit red uit die mag van die koning van Assirië”

CUM-NLV “Het die gode van enige ander nasie al ooit hulle mense kon red van die koning van Assirië ”

NASB “Has anyone of the gods of the nations delivered his land from the hand of the king of Assyria”

‘n Teologiese uitdaging was gerig, maar JHWH was strydgered.

Die WERKWOORD “red” (BDB 664, KB 717) kom vyf keer voor in die gedeelte verse 18-20. Die eerste en die laaste is *Hif'il*-IMPERFEKTUMS en die ander drie (middelstes) is *Hif'il*-PERFEKTUMS.

36:19

OAV, NAV, CUMs “die gode van Hamat en Arpad”

NASB “the gods of Hamath en Arpad”

1. Hamat was ‘n stad in sentrale Sirië waarvan die koning in die opstand teen Assirië deelgeneem het. Sargon II het die opstand in 720 v.C. onderdruk en die bevolking na Samaria weggevoer (vgl. 2 Kon. 17:24).
2. Arpad was ‘n stad in die noorde van Sirië waarvan die koning aan ‘n opstand teen Assirië deelgeneem het, maar Tiglat-Pileser III het dit in 720 v.C. onderdruk.

Die name van hul gode is onseker.



OAV “die gode van Sefarvaim”

NAV, CUMs “wat van die gode van Sefarwajim”

NASB “the gods of Serpharvaim”

Dit kon ‘n stad in noordelike Babilon gewees het. Hiervandaan het Sargon II (722-705 v.C. bannelinge in Samaria gevestig (vgl. 2 Kon. 17:24). Sommige geleerdes is van mening dat dit na Samaria hoofstad van Israel verwys wat in 722 v.C. verower is.

Uit 2 Kon. 17:31 weet ons dat hulle twee gode gehad het waaraan kinderooffers gebring is, naamlik “Adrammeleg” en “Anammeleg”. Die eerste naam was ook dié van een van Sanherib se seuns, wat hulle pa vermoor het (vgl. 37:38), maar die verband is nie duidelik nie.



OAV “het hulle miskien Samaria gered uit my hand”

NAV, CUM-MVB “Kon hulle Samaria bevry uit my mag”

CUM-NLV “Het hulle Samaria bevry uit my hand”

NASB “have they delivered Samaria from my hand”

Dit is uiters interessant dat die gode van Samaria apart van Juda geopper word. Beide gebiede het mos JHWH aanbid. Hoewel, afgodery in die noorde kon hulle so ‘n stadium bereik het dat die Assiriërs om dié rede sleg ingelig was. So swak was Assirië ingelig dat hulle nie geweet het dat beide gebiede JHWH-aanbidders was nie (vgl. 2 Kon. 17:5,6,24)!

NASB HERSIENE TEKS: 36:21-22

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

²¹But they were silent and answered him not a word; for the king’s command was, “Do not answer him.” ²²Then Eliakim the son of Hilkiyah, who was over the household, and Shebna the scribe and Joah the son of Asaph, the recorder, came to Hezekiah with their clothes torn and told him the words of Rabshakeh.

36:22

OAV, NAV, CUM-MVB “met geskeurde klere”

CUM-NLV “uit wanhoop hulle klere geskeur”

NASB “with their clothes torn”

Sien Vir Spesiale Aandag: Rou-gebruike by 15:1.

JESAJA 37

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Hezekia Seeks Isaiah's Help	Isaiah Assures Deliverance	Hezekia Consults Isaiah	The King Asks Isaiah's Advice	The Prophet Isaiah is Consulted	(Die bedreiging van Jerusalem deur Sanherib) (36-37)
37:1-4	37:1-7	37:1-4	37:1-4	37:1-4	37:1-14 (1-14)
37:5-7	Sennacheribs Threat and Hezekiah's Prayer	37:5-7	37:5-7 The Assyrians Send Another Threat	37:5-7 The Cupbearer Returns to His Master	
37:8-13 Hezekiah's Prayer in the Temple	37:8-13	37:8-13	37:8-13	37:8-9a Second Account of Sennacherib's Activities 37:9b-13	
37:14-20	37:14-20	37:14-20	37:14-20	37:14-20	37:15-29 (15-17a) (17b-21)
God Answers Through Isaiah	The Word of the LORD Concerning Sennacherib		Isaiah's Message to the King	Isaiah Intervenes	
37:21-29 (22b-29)	37:21-29 (22b) (23-25) (26-27) (28-29)	37:21-29 (22b) (23-25) (26-27) (28-29)	37:21-25 37:26-27 37:28-29	37:21-29 (22b-25) (26-29)	(22-29)
37:30-32	37:30-32 (30b-32)	37:30-32	37:30-32	A Sign for Hezekia 37:30-32	37:30-38
37:33-35 Assyrians Destroyed	37:33-35 Sennacherib's Defeat and Death	37:33-35	37:33-35	A Prophecy on Assyria 37:33-35 Sennacherib is Punished	
37:36-38	37:36-38	37:36-38	37:36-38	37:36 37:37-38	(37-38)

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf

4. Ens.

INSIG UIT DIE KONTEKS

A. Verse 1-7 is reaksie van Hiskia op die Assiriese boodskap van hoofstuk 36.

B. Of die reaksies van 1-7 en 14-20 oor dieselfde geleentheid handel, is onseker. Kragtens konteks wil dit na verse 8-9 voorkom of Sanherib 'n tweede boodskap na Jerusalem gestuur het. Verse 14-20 is Hiskia se reaksie op hierdie tweede boodskap (wat baie dieselfde was as die eerste een).

Moontlik het Hiskia in 1-7 op beide JHWH en Egipte staatgemaak, maar na vers 9 was sy hoop slegs op JHWH gevestig (vgl. verse 14-20,30).

WOORD- EN FRASETUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 37:1-4

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹And when King Hezekiah heard it, he tore his clothes, covered himself with sackcloth and entered the house of the LORD. ²Then he sent Eliakim who was over the household with Shebna the scribe and the elders of the priests, covered with sackcloth, to Isaiah the prophet, the son of Amoz. ³They said to him, "Thus says Hezekiah, this day is a day of distress, rebuke and rejection; for children have come to birth, and there is no strength to deliver. ⁴Perhaps the LORD your God will hear the words of Rabshakeh, whom his master the king of Assyria has sent to reproach the living God, and rebuke the words which the LORD your God has heard. Therefore, offer a prayer for the remnant that is left."

37:1

OAV "het hy sy klere geskeur en hom met 'n roukleed bedek"
NAV, CUM-MVB "het hy ook sy klere geskeur. Hy het rouklere aangetrek"
CUM-NLV "het hy sy klere geskeur en rouklere aangetrek"
NASB "he tore his clothes, covered himself with sackcloth"

Met hierdie tekens word 'n routoestand te kenne gegee. Sien *Vir Spesiale Aandag by 15:2-3*.

■

OAV "die huis van die HERE"
NAV, CUM-MVB "die huis van die Here"
CUM-NLV "die tempel van die HERE"
NASB "The house of the LORD"

Hiermee word die tempel in Jerusalem bedoel. Watter deel van die tempel hy betree het, is nie duidelik nie. In die gewyde gedeeltes het net priesters en Leviëte toegang gehad. Nietemin, kan aangeneem word dat daar 'n spesiale gedeelte vir die monarg voorsien was sodat hy die verrigtinge by feesgeleenthede van nabye kon beskou.

37:2

OAV, CUM-NLV "Eljakim administrateur van die paleis. . . Sebna, hof se sekretaris"
NAV, CUM-MVB "paleisbestuurder, Eljakim. . . staatsekretaris Sebna"
NASB "Eliakim. . . Shebna"

Sien die aantekening by 36:3,22.

37:3 Hiskia beskryf die situasie baie duidelik (vgl. 2 Kon. 19:3).

1. OAV, CUM-NLV, "Dit is 'n dag waarop ons in die moeilikheid is"
NAV, "Dit is 'n dag van rou. Ons is in die moeilikheid"
CUM-MVB, "Dit is 'n dag van rou"
NASB, NRSV, "a day of distress" (BDB 865 I)
NKJV, "a day of trouble"
NJB, "a day of suffering"
LXX, "a day of affliction"
2. OAV, "'n dag van benoudheid en straf"
CUM-MVB, "en benoudheid"
NASB, NKJV, NRSV, "a day of rebuke" (BDB 407)
NJB, "a day of punishment"
LXX, "a day of reproach"
3. OAV, "en lastering"
NAV, "en ons is verneder"
CUM-MVB, "en vernedering"

CUM-NLV, “ons is beledig”
 NASB, “a day of rejection” (BDB 611)
 NKJV, “a day of blasphemy”
 NRSV, NJB, “a day of disgrace”
 LXX, “a day of rebuke”

4. LXX, Pesjitta, “a day of anger”
5. “Want die kinders het tot by geboorte gekom, maar daar is geen krag om te baar nie”/“Ons is soos wanneer ‘n kind gebore moet word, maar die ma het nie die krag daarvoor nie” (OAV/CUM-NLV).

Al hierdie frases moet in die lig van JHWH se handeling gesien word, want die probleem van Israel was verbondsverbreking en ongehoorsaamheid. Hiskia het besef dat Assirië nie die primêre probleem was nie, maar slegs ‘n instrument van oordeel oor ‘n afvallige verbondsvolk.

37:4 Hiskia het sy hoop daarop gebou dat JHWH die lastertaal (“reproach,” BDB 357, KB 355, *Pi‘el*-INFINITIUS CONSTRUCTUS, vgl. verse 17,23,24) van Assirië se aanstellerige spoggerij sou afkeur en dat JHWH vir die beskerming van sy naam sou optree (vgl. 36:15,18,20).

☐
OAV “die oorblyfsel wat nog aanwesig is”
NAV, CUM-MVB “vir die klompie van ons wat nog oor is”
CUM-NLV “klein groepie wat nog oor is”
NASB “the remnant”

Hierdie uitdrukking kan op ‘n verskeidenheid maniere verstaan en gebruik word afhangende van die konteks. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:9.

NASB HERSIENE TEKS: 37:5-7

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

⁵So the servants of King Hezekiah came to Isaiah. ⁶Isaiah said to them, “Thus you shall say to your master, ‘Thus says the LORD, “Do not be afraid because of the words that you have heard, with which the servants of the king of Assyria blasphemed Me. ⁷Behold, I will put a spirit in him so that he will hear a rumor and return to his land. And I will make him fall by the sword in his own land”””

37:6 Let daarop hoe Jesaja teenoor die boodskappers van Hiskia met die presiese woorde reageer soos deur JHWH uitgespreek (vgl. vers 21).

☐
OAV “Vrees nie”
NAV, CUM-MVB “Moenie bang wees. . .nie”
CUM-NL V “Moenie jou ontstel. . .nie”
NASB “Do not be afraid”

Hierdie opmerking (BDB 431, KB 432, *Qal*-IMPERFEKTUM in die JUSSIEF) is ‘n wederkerende boodskap van God aan sy leiers (vgl. 7:4; 8:12; 10:24; 35:4; 40:9; 41:10,13,14; 43:1,5; 44:2; 51:7; 54:4; Gen. 15:1; 21:17; 26:24; 46:3; Eks. 20:20; Num. 14:9; Deut. 1:21,29; 3:2,22; 7:18; 20:1,3; 31:6,8; Jos. 8:1; 10:8,25; 11:6; Rigt. 6:23, ens.)

37:7
OAV “Ek sal ‘n gees in hom gee, dat hy ‘n gerug hoor”
NAV “Ek gaan hom onrustig maak”
CUM-MVB “Ek gaan ‘n gees van onrus in hom wakker maak”
CUM-NLV “Ek gaan seker maak dat die koning verslag kry uit Assirië”
NASB, NJB, LXX “I will put a spirit in him”
NKJV ”I will send a spirit upon him”
NRSV “I myself will put a spirit in him”
TEV “The LORD will cause the emperor to hear”
REB “I shall sap his morale”
Pesjitta “I will send a blast against him”

Die Masorete-Teks (MT) het *ruah*, wat in hierdie verband dui op ‘n innerlike gewaarwording/gevoel of ‘n aanvoeling/voorbode van onheil. Die “groot koning” van Assirië word beheer deur (staan onder die bestuur van) die God van Israel.

☐
OAV “en na sy land terugtrek”
NAV, CUM-MVB “sodat hy na sy land toe terug sal gaan wanneer hy daarvandaan ‘n berig kry”
CUM-NLV “dat hy huis toe moet gaan. En Ek sal maak dat hy huis toe wil gaan”

NASB “hear a rumor and return to his own land”

Dit is die reaksie van JHWH nadat Hiskia tot Hom om hulp toevlug geneem het (so anders as Agas vroeër!). JHWH sal die leërafdeling verwar en hulle huis toe stuur (vgl. vers 37). Daar is ‘n mening onder sommige dat sy toetrede tot ‘n stryd met Egipte as die vervulling van hierdie “gerug” beskou moet word, maar uit die konteks is dit duidelik dat die “gerug” hom sou verplig om na Assirië terug te keer.

-
- OAV, CUM-MVB** “Ek sal hom in sy eie land deur die swaard laat val.”
NAV “Ek sal hom in sy eie land laat doodmaak”
CUM-NLV “Daar sal Ek hom met ‘n swaard laat doodmaak”
NASB “I will make him fall by the sword in his own land”
Sien vers 38 om te sien hoe hierdie profesie histories tot vervulling gekom het.

NASB HERSIENE TEKS: 37:8-13

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

⁸Then Rabshakeh returned and found the king of Assyria fighting against Libnah, for he had heard that the king had left Lachish. ⁹When he heard *them* say concerning Tirhakah king of Cush, “He has come out to fight against you,” and when he heard *it* he sent messengers to Hezekiah, saying ¹⁰“Thus you shall say to Hezekiah king of Judah, ‘Do not let your God in whom you trust deceive you, saying, “Jerusalem will not be given into the hand of the king of Assyria.” ¹¹Behold, you have heard what the kings of Assyria have done to all the lands, destroying them completely. So will you be spared? ¹²Did the gods of those nations which my fathers have destroyed deliver them, even Gozan and Haran and Rezeph and the sons of Eden who were in Telassar? ¹³Where is the king of Hamath, the king of Arpad, the king of the city of Serpharvaim, *and* of Hena and Ivvah?”

37:9-11 Hierdie is ‘n herhaling van 36:13-20.

37:9

- OAV, NAV, CUM-MVB** “koning Tirhaka van Kus”
CUM-NLV “koning Tirhaka van Etiopië”
NASB “Tirhaka king of Cush”

Dié vers lewer historiese probleme op. Hierdie man was ‘n jonger broer van die farao van Egipte in daardie tyd (die Vyf-en-twintigste Nubiese Dinastie, toe Sjebitkoe, die neef van Sjabaka van 407/6-690 v.C.) regeer het. Tirhaka het ‘n farao geword, maar was eers van 690-644 v.C. op die troon. Hy was ook as die “Koning van Etiopië” bekend. Moontlik was sy naam ‘n militêre titel of ‘n anachronisme (wat beteken dat ‘n later gebeurtenis of persoon in ‘n vroeër dokument opgeteken is). Moontlik dan, in hierdie teks, was hy slegs ‘n verteenwoordiger van die farao onderweg saam met die leër.

37:12-13 Die oorwinnings van Assirië tevore sluit ‘n hele aantal plekname in.

1. Gosan – In 2 Kon. 17:6; 18:11; 1 Kron. 5:26 is ‘n riviergebied van Mesopotamië waar Tiglat-pileser III uit die stamgebiede Reuben, Gad en Manasse mense weggevoer het en later nog meer van die noordelikste stamme deur Sargon II.
2. Haran – dit was ‘n stad in Assirië (sien Gen. 12:4 en 24:4), wat gerebelleer het en toe deur Assjur-dan III in 763 v.C. verwoes is.
3. Resef – nog ‘n belangrike stad in Assirië, wat deur Salmaneser III (858-824 v.C.) ingeneem is. Dit mag verskeie kere ingeneem gewees het, maar informasie is skaars.
4. Telassar – was ‘n stad of koninkryk van Eden, naby die grens met Elam, deur Tiglat-pileser III onderwerp.
5. Hamat – is ‘n stad in Sirië wat aan Israel grens. Sommige van die inwoners is as bannelinge in Israel gevestig.
6. Arpad – ‘n stad in die noorde van Sirië, die hoofstad van ‘n klein koninkryk met die naam van Bit-Agusi. Dit is deur Tiglat-pileser in 740 v.C. onderwerp.
7. Lair – ‘n stad in die noorde van Babilon met ‘n spelling (byna soos “stad” in Hebreeus, לַיִר, BDB 746, NJB en *NET Bible*.)
8. Sefarwajim – sien die aantekening by 36:19.
9. Hena – moontlik ‘n stad in bo-Mesopotamië (sien ABD, vol. 3, bl. 137).
10. Awwa – Hierdie plek se ligging is onbekend. Sommige geleerdes is van mening dat #8 en #9 name van plaaslike gode kan wees.

Die doel van die naamlys was om Hiskia onder die besef te bring van Assiriese verowerings deur Sanherib reeds behaal op sy pad na Palestina toe; dat hy ook moet besef dat niemand die militêre slaankrag van Assirië kan weerstaan nie.

NASB HERSIENE TEKS: 37:14-20

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹⁴Then Hezekiah took the letter from the hand of the messengers and read it, and he went up to the house of the LORD and spread it out before the LORD. ¹⁵Hezekiah prayed to the LORD saying, ¹⁶“O LORD of hosts, the God

of Israel, who is enthroned *above* the cherubim, You are the God, You alone, of all the kingdoms of the earth. You have made heaven and earth. ¹⁷Incline Your ear, O LORD, and see; and listen to all the words of Sennacherib, who sent them to reproach the living God. ¹⁸Truly, O LORD, the kings of Assyria have devastated all the countries and their lands. ¹⁹and have cast their gods into the fire, for they were not gods but the work of men's hands, wood and stone. So they have destroyed them. ²⁰Now, O LORD our God, deliver us from his hand that all the kingdoms of the earth may know that You alone, LORD, are God.”

37:14 Hierdie is ongetwyfeld eerstehandse inligting omtrent 'n historiese gebeurtenis.

Dit is heel beskrywend en op die punt af. Lesers kan vir hulle 'n voorstelling maak hoedat Hiskia tot JHWH daar êrens in die tempelkompleks nader (vgl. 1 Kon. 8:33), hoe hy die Assiriese boodskappe voor Hom oopvou of ooprol sodat Hy dit ook kan lees. In vers 4 meld hy dat JHWH moes gehoor het toe die Rabsake die koning van Assirië se briewe voorgelees het! Daarmee wil hy JHWH net weer wys op die godslasterlike aard daarvan!

37:16 Let op die aanspreekvorme en hoe Hiskia die persoon van JHWH verstaan.

1. Here, Magtige van die hemelse leër (CUM-MVB)
2. die God (Elohim) van Israel; vgl. Jos. 7:13,19,20
3. wat oor die engelagtige figure troon; vgl. Eks. 25:22; 1 Sam. 4:4; 2 Sam. 6:2; 2 Kon. 19:15; 1 Kron. 13:6; Ps. 80:1; 99:1 (CUM-MVB)
4. U alleen is God (Elohim); vgl. Deut. 10:17 (NAV)
5. alleen (BDB 94) dui op monoteïsme en JHWH se verkiesing van Israel as sy werktuig vir verlossing van die hele wêreld
6. U het die hemel en die aarde gemaak; vgl. 42:5; 45:18; Gen. 1:1 (NAV)

Sien *Vir Speciale Aandag: Name van die Godheid* by 1:1.

37:17 Daar is 'n aantal IMPERATIEWE in Hiskia se gebed wat as eerbiedige versoeke beskou moet word.

1. hoor tog (OAV), BDB 639, KB 692; *Hif'il*-IMPERATIEF, vgl. Dan. 9:18
2. luister (OAV), BDB 1033, KB 1570; *Qal*-IMPERATIEF
3. kyk tog, Here, (NAV), *Qal*-IMPERATIEF, vgl. Dan. 9:18
4. let tog op, (NAV); BDB 906, KB 1137, *Qal*-IMPERATIEF, vgl. Dan. 9:18
5. luister; dieselfde as #2

Hiskia versoek God in mensvormige taal om te hoor en te sien en te reageer op die lasterlike uittarting (CUM-MVB) in Sanherib se boodskap.

Salomo het dieselfde WERKWOORDE tydens sy inwyding van die tempels gebruik (sien 1 Kon. 8:29,52; 2 Kron. 6:39-40; 7:15).



OAV, NAV, CUMs “die lewende God”

NASB “the living God”

Die antropomorfistiese (mensvormige) spreekwyse van hierdie vers oor God is opvallend, want aan JHWH word menslike liggaamsdele toegeskryf asof Hy 'n mens is, hoewel die OT Hom andersins as ewige, alomteenwoordige Gees voorstel. Die uitdrukking “lewende God” is 'n woordspeling op, en met, sy Naam JHWH in Eksodus 3:14, wat “Ek is wat Ek is” beteken.

37:18 Sanherib se aansprake was nie van alle waarheid ontbloot nie.

37:19 Maar die “waarheid” van vers 18 was erg skeefgetrek omdat die gode, waarteenoor hy roem, afgode was en geensins vergelykbaar (die werk van mensehande) met die ware en enigste God nie! Hulle kon nie sien en hoor en antwoord nie (vgl. vers 17), soos wat JHWH gedoen het en immers gewillig was om verder te doen nie!

37:20 Hierdie verse het twee WERKWOODE.

1. verlos/red (OAV/NAV); BDB 446, KB 448, *Hif'il*-IMPERATIEF, ook 25:9; 33:22; 35:4. Word in hoofstukke 40-66 veertien keer gebruik.
2. weet/kan weet/besef (OAV/CUM-NLV/NAV); BDB 393, KB 390, *Qal*-IMPERFEKTUM in JUSSIEF gebruik.
Sien *Vir Speciale Aandag: Ken* by 19:22

Hierdie vers is daarin belangrik dat die einddoel van God se handeling met Israel geopenbaar word. Israel was bestem om 'n koninklike priesterdom te wees (vgl. Eks. 19:5-6). Vanaf die roeping van Abraham, het God die heil van die hele wêreld in gedagte gehad (vgl. Gen. 12:3; 45:8,22). Sien *Vir Speciale Aandag* by 1:3.

NASB HERSIENE TEKS: 37: 21-29

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

²¹ Then Isaiah the son of Amoz sent word to Hezekiah, saying “Thus says the LORD, the God of Israel, because you have prayed to Me about Sennacherib king of Assyria,

²²this is the word that the LORD has spoken against him:

“She has despised you and mocked you,
The virgin daughter of Zion;
She has shaken *her* head behind you,
The daughter of Jerusalem!

²³Whom have you reproached and blasphemed?
And against whom have you raised *your* voice
And haughtily lifted up your eyes?
Against the Holy One of Israel!

²⁴Through your servants you have reproached the Lord,
And you have said, ‘With my chariots I came up to the heights of the mountains,
To the remote parts of the Lebanon;
And I cut down its tall cedars *and* its choice cypresses.
And I will go to the highest peak, its thickest forest.

²⁵I dug *wells* and drank waters,
And with the sole of my feet I dried up
All the rivers of Egypt.’

²⁶Have you not heard?
Long ago I did it,
From ancient times I planned it.
Now I have brought it to pass
That you should turn fortified cities into ruinous heaps.

²⁷Therefore their inhabitants were short of strength,
They were dismayed and put to shame;
They were *as* the vegetation of the field and as the green herb,
As grass on the housetops is scorched before it is grown up.

²⁸But I know your sitting down
And your going out and your coming in
And your raging against Me.

²⁹Because of your raging against Me
And because your arrogance has come up to My ears,
Therefore I put My hook in your nose
And My bridle in your lips,
And I will turn you back by the way which you came.

37:21-24 Assirië het JHWH se doel van strafinstrument deur sy smaad en laster te ver gevoer en nou reageer JHWH op Hiskia se gebed met ‘n boodskap vir Assirië (vgl. 10:5).

1. Vers 22 Assirië het Juda verag (BDB 100, KB 114, *Qal*-PERFEKTUM), bespot (BDB 541, KB 532, *Qal*-PERFEKTUM) en kop geskud oor haar (BDB 631, KB 681, *Hif'il*-PERFEKTUM). Juda staan hier bekend as

- a. die jongdogter van Sion
- b. die “dogter van Jerusalem”

Die Pesjitta, die TEV, en die REB, asook die vier Afrikaanse vertalings hier in gebruik, beskou hierdie vers as ‘n reaksie op die mislukte aanval van Sanherib, maar ek is van mening dat hier steeds na Assirië se hoon en vermakerigheid teen Juda verwys word waarop JHWH besig is om te reageer. Die vraag is wie met die (vroulik) sy/haar hier bedoel word. Sanherib is die “hom” van vers 22a, maar die vroulik kan dui op

- a. Assirië
- b. Juda

2. Daarom vers 23

“Sy” het teen Juda se God (die Heilige van Israel) ernstig oortree

- a. neerhalend verwys (CUM-NLV); BDB 357, KB 355, *Pi'el*-PERFEKTUM
- b. gelaster (OAV); BDB 154, KB 180, *Pi'el*-PERFEKTUM
- c. haar stem verhef (CUM-MVB)
- d. uitgedaag/oë hoogmoedig opgehef (NAV/OAV); BDB 669, KB 724, *Qal*-IMPERFEKTUM, sien 10:12

3. Met ophemeling van haar (Assirië) optrede, vers 24

- a. “met my baie strydwaens het ek die hoogste berge oorwin”/die uithoeke van die Libanon” (CUM-NLV/OAV)
- b. “ek het sy hoogste seders afgekap, sy mooiste sipresse (NAV); (Jesaja het graag met verwysing na geboomtes gedig)
- c. “Ek het binnegedring. . . sy digste bosse” (NAV)

Vers 24 kom ooreen met die hoogmoed waarmee die koning van Babilon (Merodak-baladan; vgl. verse 39:1 en 14:3-4) hom by geleentheid verwerdig het. Indien so, dan is dié uitspraak ‘n mitologiese verwysing na die “godeberg” van Kanaänitiese godsdienste.

37:21
OAV

“Wat jy tot My gebid het. . . *Het Ek gehoor*”

NAV	“Ek het jou gebed. . .verhoor”
CUM-MVB	“Omdat jy tot My. . .gebid het”
CUM-NLV	“Dis My antwoord op jou gebed”
NASB	“Because you have prayed to Me”

Hiskia se gelowige optrede en vertroue op JHWH is so anders as sy vader, Agas. Dit toon teologies die groot belang van intree in gebed. Ek glo dat God Homself weerhou en ingrype laat wag in afwagting van gebede van sy kinders. Daarom is dit so dat ons nie het nie omdat ons nie vra nie!

VIR SPESIALE AANDAG: VOORBIDDING

I. Inleidend

- A. In ooreenstemming met Jesus se voorbeeld, is gebed belangrik:
 1. persoonlike gebed (Mark. 1:35; Luk. 3:21; 6:12; 9:29; 22:29-46)
 2. tempelreiniging (Mat. 21:13; Mark. 11:17; Luk. 19:46)
 3. Modelgebed (Mat. 6:5-13; Luk. 11:2-4)
- B. Deur gebed word ons geloof in ‘n persoonlike, teenwoordige God wat gewillig en in staat is om in ons belang (én die belang van ander) op te tree, omgesit in tasbare aksie.
- C. God beperk Homself ten opsigte van beantwoording van gebede in menigte areas van sy kinders se bestaan (Jak. 4:2).
- D. Die hoofdoel van gebed is vriendskapsvertroue en tyd deurgebring saam met die Drie-Enige God.
- E. Die omvang wat betref gebedsake sluit enigiets of enigiemand in wat van belang is vir gelowiges. In geloof kan mens eenmaal vir ‘n saak bid, of dieselfde saak dikwels aanroer in gebed soos die gedagte of behoefte terugkeer.
- F. Gebed sluit verskeie aspekte in:
 1. lof en aanbidding van die Drie-Enige God;
 2. dank aan God vir sy teenwoordigheid, vriendskap en voorsienigheid;
 3. belydenis van ons sondes uit die hede en verlede;
 4. versoek om ons bewustelike behoeftes en begeertes; en
 5. intrede voor die Vader ten behoeve van die nood van ander (voorbidding).
- G. Voorbidding is ‘n misterie. God het diegene vir wie ons bid veel groter liefde as waartoe ons in staat is, alhoewel ons voorbidding dikwels tot ‘n verandering, ‘n reaksie of ontbloting van ‘n behoefte in onself sowel as hulle lei.

II. Bybelse Materiaal

A. Ou Testament

1. ‘n Paar voorbeelde van voorbidding:
 - a. Abraham pleit vir Sodom (Gen. 18:22 e.v.)
 - b. Moses se gebede vir Israel
 - (1) Eks. 5:22-23;
 - (2) Eks. 32:31 e.v.;
 - (3) Deut. 5:5;
 - (4) Deut. 9:18, 25 e.v.)
 - c. Samuel bid vir Israel
 - (1) 1 Sam. 7:5-6, 8-9;
 - (2) 1 Sam. 12:16-23;
 - (3) 1 Sam. 15:11
 - d. Dawid bid vir sy kind (2 Sam. 12:16-18)
2. God is op die uitkyk na voorbidders (Jes. 59:16)
3. Bewustelike, onbelyde sonde en ‘n onbekeerlike gesindheid affekteer ons gebede
 - a. Ps. 66:18;
 - b. Spr. 28:9;
 - c. Jes. 59:1-2; 64:7)

B. Nuwe Testament

1. Die Seun en die Gees se intree-bediening
 - a. Jesus
 - (1) Rom. 8:34
 - (2) Heb. 7:25
 - (3) 1 Joh. 2:1
 - b. Die Heilige Gees (Rom. 8:26-27)
2. Paulus se voorbidding
 - a. vir die Jode
 - (1) Rom. 9:1 e.v.;
 - (2) Rom. 10:1
 - b. vir die gemeentes
 - (1) Rom. 1:9
 - (2) Ef. 1:16
 - (3) Fil. 1:3-4, 9

- (4) Kol. 1:3, 9
- (5) 1 Tess. 1:2-3
- (6) 2 Tess. 1:11
- (7) 2 Tim. 1:3
- (8) Fil. vers 4
- c. hy vra ook die gemeentes om vir hom te bid
 - (1) Rom. 15:30;
 - (2) 2 Kor. 1:11;
 - (3) Ef. 6:19;
 - (4) Kol. 4:3;
 - (5) 1 Tess. 5:25;
 - (6) 2 Tess. 3:1
- 3. Die kerk se voorbedding
 - a. Gebede vir mekaar
 - (1) Ef. 6:18;
 - (2) 1 Tim. 2:1;
 - (3) Jak. 5:16
 - b. Gebedsversoeke vir besondere groepe:
 - (1) ons vyande (Mat. 5:44)
 - (2) bedienaars van die evangelie (Heb. 13:18)
 - (3) regeerders (1 Tim. 2:2)
 - (4) siekes (Jak. 5:13-16)
 - (5) teruggevallenes (1 Joh. 5:16)
 - c. Gebed vir alle mense (1 Tim. 2:1)

III. Voorwaardes vir gebedsverhoring

- A. Ons verhouding met Christus en die Gees
 - 1. Bly in Hom (Joh. 15:7)
 - 2. In sy Naam (Joh. 14:13, 14; 15:16; 16:23-24)
 - 3. In die Gees (Ef. 6:18; Jud. vers 20)
 - 4. Volgens God se wil (Mat. 6:10; 1 Joh. 3:22; 5:14-15)
- B. Motiewe
 - 1. Nie twyfel nie (Mat. 21:22; Jak. 1:6-7)
 - 2. Nederig en belydend (Luk. 18:9-14)
 - 3. Verkeerd bid (Jak. 4:3)
 - 4. Selfsug (Jak. 4:2-3)
- C. Ander oorwegings
 - 1. Volharding
 - a. Luk. 18:1-8
 - b. Kol. 4:2
 - c. Jak. 5:16
 - 2. Hou aan vra
 - a. Mat. 7:7-8;
 - b. Luk. 11:5-13
 - c. Jak. 1:5
 - 3. Onenigheid tuis (1 Pet. 1:5)
 - 4. Bevry van bewustelike sonde
 - a. Ps. 66:18;
 - b. Spr. 28:9;
 - c. Jes. 59:1-2;
 - d. Jes. 64:7

IV. Teologiese Gevolgtrekking

- A. Wat 'n voorreg! Wat 'n geleentheid! Wat 'n plig en verantwoordelikheid!
- B. Jesus is ons voorbeeld. Die Gees is ons gids. Die Vader staan in opgewonde afwagting.
- C. Dit kan jou verander, jou familie jou vriende en die wêreld

37:22

OAV "agter jou skud die dogter van Jerusalem die hoof"

NAV, CUM-MVB "Jerusalem kyk jou met minagting agterna"

CUM-NLV "sy skud haar kop as jy weghardloop"

NASB "She has shaken her head behind you"

Hierdie WERKWOORD (BDB 631, KB 681, *Hif 'il*-PERFEKTUM) kom daarop neer dat die hoof uit minagting geskud word (vgl. 2 Kon. 19:21; Job 16:4; Ps. 22:7; 109:25; Klaagl. 2:15; Mat. 27:29; Mark. 15:29).

37:25-29 Met hierdie gedeelte verskuif die aandag na wat JHWH vermag het (hoewel vers 25 ook deel van Assirië en Sanherib se aansprake mag wees, maar vers 26 definitief nie!), want

1. vers 25 dui op JHWH se beheer oor water (dus “lewe,” vgl. 11:15; 44:27)
2. verse 26-27, JHWH se voorneme van oudsher om sy volk te straf (vgl. 10:5). Vers 27 meld dat Israel en Juda vernedering in die gesig staar.
3. vers 28, die voorkennis van JHWH wat met Ps. 139 ooreentem
4. vers 29, die gevolge van hoogmoedige optrede teenoor JHWH
 - a. Ek sit ‘n haak deur jou neus
 - b. ‘n stang tussen jou tande
 - c. en lei jou terug op die pad waarmee jy gekom het; sien 37:37 (NAV)

37:26 OAV “het jy dan nie gehoor nie? Van lankal af het Ek dit berei, van die dae van die voortyd af dit beskik.”

NAV, CUM-MVB “Het jy dan nie gehoor nie:
Ék het dit bewerk, lank gelede al,
Van die vroegste tye af”

CUM-NLV “het jy dan nie geluister nie?
Dit was Ék, die HERE, wat so besluit het
lank gelede al,
lank terug het Ek beplan”

NASB “Have you not heard
Long ago I did it
From ancient times I planned it”

Hiermee word aangedui dat God die hele tyd ‘n plan gehad het om nie net met Assirië te handel nie (vgl. 10:5; Jer. 18:11), maar met die wêreld as geheel (vgl. 14:24,26; 22:11; 25:1; 46:10-11). Die geskiedenis het nie maar ‘n vrye loop nie, maar verloop volgens ‘n doelmatige proses (teleologiese) na ‘n geleentheid van teregwysing en herstel aan die einde van de tyd.

Die woord wat met “lank gelede al” vertaal is, kan op beide tyd of ruimte sinspeel (BDB 935). Of dit dui, soos hier,

- (1) op ‘n lang tyd gelede
- (2) en toekomstige tyd (vgl. 2 Sam. 7:19; 1 Kron. 17:17)

38:28

OAV “en hoe jy teen My raas”

NAV, CUMs “teen My tekere gegaan het”

NASB “your raging against Me”

Hierdie WERKWOORD (BDB 919, KB 1182. *Hitpa’el*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS) word in vers 29 herhaal. Let op die persoonlike aspek! Hierdie woord in die *Hif’il*-vorm word dikwels gebruik vir vrees en bewing (vgl. 14:16; 23:11) of eindtyd/eskatologiese gebeure (vgl. 13:13). In Eseg. 16:43 word dit in verband met JHWH self gebruik.

37:29

OAV “Ek maak my haak in jou neus sit”

NAV, CUMs “sit Ek ‘n haak/hak deur jou neus”

NASB “I will put my hook in your nose”

Dit is presies hoe Assirië ander volke behandel het. Sy wou met grootpraterij immer vrees inboesem by ander volkere deur haar handelswyse. Met hake in hulle neuse (of lippe en tonge) het sy die ballinge aanmekaar geboei en afgemarsjeer in ballingskap (vgl. 2 Kon. 19:28). So sou God dan ook met hulle doen.

NASB HERSIENE TEKS: 37:30-32

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

³⁰Then this shall be the sign for you: you will eat this year what grows of itself, in the second year that what springs from the same, and in the third year sow, reap, plant vineyards and eat their fruit. ³¹The surviving remnant of the house of Judah will again take root downward and bear fruit upward. ³²For out of Jerusalem will go forth a remnant and out of Mount Zion survivors. The zeal of the LORD of hosts will perform this.”

37:30

OAV, NAV, CUMs “vir jou gee Ek die volgende teken”

NASB “this shall be the sign for you”

Dit is daarom belangrik omdat Hiskia as Messiaanse tipe gedien het (vgl. 7:14-16), soos ook Agas (vgl. 8:8c, 10c). God sou aan hom ‘n teken gee (BDB 16), hierdie vers én in 38:7, net soos aan Agas in 7:14. Hierdie teken spreek van ‘n belofte om die Judese landboulandskap gedurende drie jaar volkome te herstel. Ek is van mening dat 37:30-32 as ‘n afsonderlike paragraaf opgevat moet word en daarmee ook 37:33-35 en 37:36-38.

Daar is ‘n reeks IMPERATIEWE in JHWH se beloftes van die driejaarherstelplan (op grond van Deut. 27-28).

1. eet – BDB 37, KB 46, *Qal*-INFINITIVUS ABSOLUTUS . Hierdie vorm word in die vers herhaal (*ketib*/hoe dit geskryf staan), maar die voorstel van die MT geleerdes is *Qerê* (hoe dit geles moet word), d.w.s as ‘n *Qal*-IMPERATIEF wat dan ooreenstem met die ander IMPERATIEWE in die vers. Die verskil is baie gering.

וְאָכַל (w’kwl), MT / וְאָכְלוּ (w’klw) — die voorgestelde lesing.

2. saai — BDB 281, KB 282, *Qal*-IMPERATIEF
3. oes — BDB 894, KB 1126, *Qal*-IMPERATIEF
4. plant — BDB 642, KB 694, *Qal*-IMPERATIEF
5. eet — soos in #1

Net nog ‘n gedagte. Dit is moontlik dat hierdie belofte van herstel met die gebruikelike “Jubeljaar” in verband gebring kan word; Lev. 25:10, sien James M. Freeman, *Manners and Customs of the Bible*, bl. 96.

37:31

OAV “vrygeraaktes wat oorgebly het”

NAV, CUM-MVB “oorleef het en oorgebly het”

CUM-NLV “’n oorblyfsel”

NASB “the surviving remnant

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 1:9.

- Die metafore uit ‘n landboubestaan beskryf Juda as
 1. diep gewortel
 2. en gevolglik vrugbaar

37:32 Dié wat vrygeraak het van die Assiriese aanval sal vrugte dra, nie danksy hulle eie planne en voorsiening nie, maar deur die ywer van die HERE van die leërskaare (vgl. 9:7; 59:17)! Agas het beplan, maar Hiskia het vertrou!

■

OAV “die ywer van die HERE van die leërskaare”

NAV, CUM-MVB “die onverdeelde trou van die Here”

CUM-NLV “die ywer van die HERE”

NASB “The zeal of the LORD”

Hiermee betuig JHWH sy besondere liefde en sorg (BDB 888) vir sy verbondsvolk; dink maar aan die ontroue vrou van Hosea (1-3)! JHWH is geesdriftig omtrent sy doel om die kinders van Abraham tot redding te kom (vgl. 63:15-19; Gen. 12:1-3). Hierdie frase het Messiaanse implikasies in 9:7 en 59:17. Die konteks bepaal of (1) “ywer” of (2) “jaloers” die beter vertaling sal wees. Die term kan beide ‘n positiewe of negatiewe konnotasie hê afhangende van die konteks. Verseker gaan dit hier oor verlossing en moet dit positief verstaan word.

NASB HERSIENE TEKS: 37:33-35

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

³³Therefore, thus says the LORD concerning the king of Assyria, ‘He will not come to this city or shoot an arrow there; and he will not come before it with a shield, or throw up a siege ramp against it. ³⁴By the way that he came, by the same he will return, and he will not come to this city,’ declares the LORD. ³⁵For I will defend this city to save it for My own sake and for My servant David’s sake.’”

37:33-34 Hierdie is ‘n belofte dat geen beleëring van Jerusalem sal plaasvind nie. Op hierdie stadium was die Assiriese magte nog nie voor die poorte van Jerusalem nie, maar taamlik ver weg betrokke teen die mure van Lagis in die Sjefela.

Daar is verskeie dinge wat JHWH sou toelaat, of nie toelaat nie, in verband met Assirië se voorgename aanslag op Jerusalem.

1. die Assiriese magte sal nie teen Jerusalem optrek nie
2. geen pyl sal daarin geskiet word nie
3. nie ‘n skild sal teen die stad opgetel word nie (NAV)
4. nie ‘n beleëringswal daarteen opgooi nie (NAV)
5. met die pad wat hy gekom het, sal hy teruggaan (NAV)

37:35 Daar is redes wat Assirië terughou en laat terugval

1. JHWH sal self die stad verdedig (BDB 170, KB 199, *Qal*-PERFEKTUM (Dit is Heilige Oorlog-spreekwyse)
2. JHWH sal die stad uitred en bewaar (BDB 446, KB 199, *Hif* ‘*il*-INFINITIVUS CONSTRUCTUS
3. JHWH doen dit
 - a. vir Homself, sy ewige verlossingsplan en die eer van sy naam (vgl. Eseg. 36:22-38)
 - b. vir sy kneg Dawid (vgl. 9:7; 11:1; 16:5; 22:9,22; 29:1; 38:5; 55:3; 2 Sam. 7).

NASB HERSIENE TEKS: 37:36-38

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

³⁶Then the angel of the LORD went out and struck 185 000 in the camp of the Assyrians; and when men arose early in the morning, behold, all of these were dead. ³⁷So Sennacherib king of Assyria departed and returned home and lived at Nineveh. ³⁸It came about as he was worshiping in the house of Nisroch his god that Adrammelech and Sharezer killed him with the sword; and they escaped into the land of Ararat. And Esarhaddon his son became king in his place.

37:36

OAV "het die engel van die HERE uitgetrek"
NAV, CUMs "die engel van die Here het gegaan"
CUM-NLV "het die Engel van die HERE. . .gegaan"
NASB "the angel of the LORD went out"

Dit is dieselfde voorstelling as dié van die engel van die dood wat JHWH se handeling met die laaste plaag van Egipte verpersoonlik het (vgl. Eks. 11 en 12:23,29); vgl. ook 2 Sam. 24:16.

Dood is nie maar net 'n onverbidelike noodwendigheid nie. JHWH is in beheer van lewe en dood. Dit, tog ook, is nie hoe God bedoel het dat die wêreld daar moet uitsien nie. Dood is, immers, die gevolg van die mensdom se rebellie. Dit is moeilik om die soewereiniteit van God te rym met toestande in 'n sondegevalle wêreld. God weet wat Hy wil en hy handel daarvolgens en laat toe dat sy wil geskied. Die rol van tweede of sekondêre oorsake (vir ons so belangrik!), het in die verklarings van die Ou Wêreld nie opgeduik nie (vgl. Mat. 6:25-27; 10:28-31). In die wêreldbeskouing van daardie tyd is daar nie onderskeid getref tussen natuurlike of bonatuurlike oorsake nie.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE ENGEL VAN DIE HERE

Dit is duidelik dat die Godheid in die OT Homself manifesteer in menslike gedaante. Vir Trinitariërs ontstaan die vraag watter persoon van die Drieëenheid die rol vervul? Aangesien God die Vader (JHWH) en die Gees ononderbroke nie-liggaamlik is, blyk dit moontlik te wees dat die menslike manifestasies die Messias in vooraf-inkarnasie mag wees.

In 'n poging om teofanie van 'n ontmoeting met 'n engel te onderskei, kom die ondersoeker voor probleme te staan, maar die volgende illustreer die punt:

1. Die engel van die Here as 'n engel
 - a. Gen. 24:7,40
 - b. Eks. 23:20-23
 - c. Num. 22:22
 - d. Rigt. 5:23
 - e. 2 Sam. 24:16
 - f. 1 Kron. 21: 15-30
 - g. Sag. 1:12-13
2. Die engel van die Here as teofanie
 - a. Gen. 16:7-13; 18:1-19:1; 22:11-15; 31:11,13; 48:15-16
 - b. Eks. 3:2,4; 14:19; (13:21)
 - c. Rigt. 2:15; 6:22-24; 13:3-23
 - d. Hosea. 12:3-4
 - e. Sag. 3:1-5



OAV "in die laer van Assirië honderd-vyf-en-tagtig duisend verslaan"
NAV, CUM-MVB "honderd vyf en tagtig duisend man in die Assiriese kamp doodgemaak"
CUM-NLV "na die kamp toe gegaan. . .Hy het 185 000 Assiriese soldate doodgemaak"
NASB "struck 185,000 in the camp of the Assyrians"

Dit was nie teenaan die mure van Jerusalem nie, maar blykbaar 'n ent weg in die Assiriese kamp (vgl. 2 Kon. 19:35). Herodotus, 'n ou-wêreldse historikus, maak melding van hierdie plaag en is van mening dat knaagdiere builepes veroorsaak het, 'n oordeel wat nie die hele leëmag uitgewis het nie. Hierdie spesifieke gebeurtenis is in 31:8 voorspel. Daar is aangedui dat die dood sou toegedien word met die swaard van die HERE. Dit geskied by wyse van 'n plaag. Hou in gedagte dat hierdie hiperboliese (oordrywende) poësie is en nie presiese, historiese feitlikheid nie. Hedendaagse westerlinge, wat erg deur hulle wêreldbeskouing beïnvloed word, en die Bybel lees (wat 'n antiek-oosterse boek is), raak verward en verkeer dikwels onder misverstand omrede hulle manier van omgaan met geskiedenis en literatuur.

37:37

OAV, NAV, CUMs "Nineve"
NASB "Nineveh"

Dit was die hoofstad van Assirië en geleë alkant die Tigrisrivier.

37:38

OAV, NAV, CUMs “sy god Nisrog/Nisrok”

NASB “Nisroch his god”

Hierdie naam is onbekend.

1. Die LXX vertaling spel naam op ‘n taamlik eenderse wyse met die naam van die god van die stad Assur wat beskou was as die hoofgod van die Assiriese veelgodendom.
2. Dit is ook moontlik dat hiermee ‘n spelfout begaan is vir “Nusku” (BDB 652), wat die Babilonies-Assiriese god van lig en vuur was. Dit was in Haran aanbid en is met die maangod geassosieer wat as Nusku se seun beskou is.
3. E. J. Young is van mening dat dit doelbewuste verwringing/korrupsie van die god Marduk se naam was. Sien ook James M. Freeman, *Manners and Customs of the Bible*, bl. 182.

Ons weet uit historiese dokumentasie dat daar ‘n tydverloop van twintig jaar tussen verse 37 en 38 was. Hierdie profesie is letterlik vervul in 681 v.C. toe Sanherib se twee seuns hom vermoor het en die derde seun sy troon oorgevat het.



OAV, NAV, CUMs “Esar-Haddon”

NASB “Esarhaddon”

Hy was een van die koning se seuns wat regeer het van 681-669 v.C.

JESAJA 38

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Hezekiah Healed	Hezekiah's Life Extended	Hezekiah's Illness and Recovery	The Illness and Cure of Hezekiah	The Illness and Cure of Hezekiah	Die siekte en herstel van Hiskia
38:1-3	38:1-3	38:1-3	38:1 38:2-3	38:1-3	38:1-8
38:4-6	38:4-8	38:4-6	38:4-6 [38:21-22]	38:4-6 [38:21-22,7-8]	
38:7-8		38:7-8	38:7-8	The Canticle of Hezekiah	Hiskia se lied
38:9-14 (10-14)	38:9-14 (10-14)	39:9-20 (10-15)	39:9-20 (10-15)	39:9-20 (10-15)	38:9-22 (9-15)
38:15-20 (15-20)	38:15-20 (15-19) (20)	38:16-20	(16-20)	(16-20)	(15-16) (17-20)
38:21-22	38:21-22	38:21-22			(21-22)

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegids kommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Soos wat hoofstukke 36-37 die aandag op die Assiriese periode vestig, verwys hoofstukke 38-39 na die invloed van die Babiloniese periode op die volk van God.
- B. Hou in gedagte dat daar duidelik twee “Babilons” ter sprake is.
 1. Merodag-baladan II (721-710, 703-702 v.C., vgl. 2 Kon. 20:12; Jes. 39:11), wat in Jesaja se tyd geleef het en, wat ek meen, na wie in Jes. 13-14 verwys word.
 2. Dan is daar Neo-Babilon onder Nabopolassar (626-605 v.C.) en sy seun Nebukadneser II (605-562 v.C.), wat vir die vernietiging van die tempel in 586 v.C. verantwoordelik was. Hy het talle wegvoerings van Judeërs beveel (605, 597, 586, 582 v.C.)
- C. Die *Jewish Study Bible* (bl. 858) meld dat die gebeure wat in 38-39 beskryf word minstens 10 jaar voorafgegaan het aan wat in 36-37 beskryf word. Dit word verklaar uit die neerlaag wat Assirië Merodag-baladan II toegedien het.
- D. Hiskia se siekte en genesing word in 2 Kon. 20:1-11 ook meegedeel. Sy psalm is dieselfde as Pss. 6 en 118 of selfs Jona 2. Hiskia se psalm is nie in 2 Kon. 20 opgeneem nie.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 38:1-3

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹In those days Hezekiah became mortally ill. And Isaiah the prophet the son of Amoz came to him and said to him, “Thus says the LORD, ‘Set your house in order, for you shall die and not live.’” ²Then Hezekiah turned his face to the wall and prayed to the LORD, ³and said, “Remember now, O LORD, I beseech You, how I have walked before You and with a whole heart, and have done what is good in Your sight.” And Hezekiah wept bitterly.

38:1-8 Hier het ons dan ‘n goeie voorbeeld daarvan dat God in beheer is van die geskiedenis, maar ook dat ons gebede op die gang van geskiedenis invloed het (vgl. 37:21). Maar dit moet ook onthou word dat in hierdie verlengde leeftyd die afvallige seun en opvolger van Hiskia, Manasse, gebore is.

God se antwoord op Hiskia se gebed het ook oordeel oor Juda geimpliseer. Wanneer ons bid moet ons binne die wil van God bly, want die groter prentjie sien ons nooit.

38:3

OAV “dink tog daaraan”

NAV “neem tog in ag”

CUM-MVB “onthou tog”

CUM-NLV “onthou”

NASB “Remember”

Die WERKWOORD (BDB 269, KB 269, *Qal*-IMPERATIEF) is die IMPERATIEF van ‘n uitgesproke wens. Hiskia, soos ook Nehemia (vgl. Neh. 13:14,22), versoek God om te let op sy gelowige leefstyl. Opvallend is dit dat Bybelfigure bid dat God hulle sondes mag *vergeet*, terwyl God van hulle vra om sy woord te *onthou*.

God mag daaraan herrinner word dat Hy beloop om getrou te wees aan sy beloftes wanneer ‘n individu daarvolgens leef.

Let op hoe Hiskia hom daarop beroep dat

1. hy in trou (OAV); letterlik: “opregtheid/getrouheid”; BDB 54
2. en met ‘n volkome hart gewandel het (OAV); BDB 229, KB 246, *Hitpael*-PERFEKTUM); “wandel” is ‘n Bybelse metafoor vir ‘n leefstyl van geloof en “volkome hart” is metafories vir algehele toewyding.
3. en gedoen het wat goed is in U oë (OAV)



OAV “‘n volkome hart”

NAV “met volle oorgawe”

CUM-MVB “van harte”

CUM-NLV “probeer het. . .om getrou te bly

NASB “with a whole heart”

Met hierdie stelling word gewoonlik die lewe en regeringswyse van Dawid in herinnering geroep (vgl. 1 Kon. 3:6; 9:4; 11:4; 1 Kron. 28:9); die volk (vgl. 1 Kron. 29:9) of Asa (vgl. 1 Kon. 15:14). Aan Hiskia word gedink as een van die toegewyde konings van Juda (vgl. 2 Kon. 18:5-6).



OAV “het bitterlik geween”

NAV, CUMS “het hy bitterlik gehuil”

NASB “wept bitterly”

Daar bestaan vrae oor die rede vir Hiskia se hartseer by die gedagte aan sy dood: (1) sy vrees vir die dood, toe nog maar in sy middeljare, in die lig van vers 10, of (2) omdat hy nog geen erfgenaam gehad het nie (vgl. vers 19, 39:7; 2 Kon. 21:1). Dit is onseker of beide hierdie moontlikhede nie maar reg is nie, want daar bestaan geen manier om opmerkings van historiese figure sielkundig te ontleed nie. Die tragedie is dat gedurende die vyftien jaar aan sy lewe toegevoeg, Manasse gebore is, die mees afvallige koning in die geskiedenis van Juda en vir die Babiloniese ballingskap, wat gevolg het, grootliks verantwoordelik.

NASB HERSIENE TEKS: 38:4-6

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

⁴Then the word of the LORD came to Isaiah, saying:⁵ “Go and say to Hezekiah, ‘Thus says the LORD, the God of your father David, “I have heard your prayer, I have seen your tears; behold, I will add fifteen years to your life.” ⁶I will deliver you and this city from the hand of the king of Assyria; and I will defend this city.’”

38:4-6 Om te verduidelik wat inspirasie is, is nie maklik nie. As leerstelling is dit vir ons geloof van kardinale belang. Hoe dit gebeur, worde nie beskryf nie.

1. visioene
2. drome

3. simboliese handelinge
4. woordelike stellings
5. die werk van samestellers (geskrifte)
6. selfs vertaling; die Septuaginta (LXX) was in die vroeë kerk in gebruik; vgl. Jes. 7:14

Ek glo in die uniekheid van die Bybel. Dit is 'n boek van goddelike openbaring. Soos dikwels in die profetiese geskrifte voorkom, word 'n boodskap soos dié woordeliks oorgedra deur JHWH self. Die ewige God het Homself aan die hoogste van sy skepping, die mens, geopenbaar.

38:5

OAV "die God van jou vader Dawid"
NAV, CUM-MVB "die God van jou voorvader Dawid"
CUM-NLV "die God van jou voorouer Dawid"
NASB "the God of your father David"

Hierdie stelling reik terug na 37:35 en ook vooruit na 55:3. Dawid was 'n toonbeeld van 'n ideale koning en JHWH het besondere beloftes aan hom en sy familie gemaak (vgl. 2 Sam. 7; 1 Kon. 8:24,26. 'n Toekomstige Dawidiese Ideaalkoning word in 9:7; 16:5; 55:3 voorsien.

38:6 God spaar nie net Hiskia se lewe nie, maar ook Jerusalem wil Hy bewaar! Die frase "en Ek sal hierdie stad beskut" (OAV) is Heilige Oorlog-terminologie. Die God van die verbond tree in belang van sy verbondsvolk op.

NASB HERSIENE TEKS: 38:7-8

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

⁷"This shall be the sign to you from the LORD, that the LORD will do this thing that He has spoken: ⁸Behold, I will cause the shadow on the stairway, which has gone down with the sun on the stairway of Ahaz, to go back ten steps." So the sun's shadow went back ten steps on the stairway on which it had gone down.

38:7-8

OAV "dit sal vir jou die teken wees. . .dat die HERE. . .sal volbring"
NAV "Ek die Here, gee vir jou die volgende teken"
CUM-MVB "Dit is die Here se teken dat Hy sal doen wat Hy belowe het"
CUM-NLV "dit sal die teken wees wat die HERE vir jou gee"
NASB "be a sign to you from the LORD"

Hiermee 'n fisiese teken om Hiskia te bemoedig, dat God sy lewe sou spaar (vgl. 2 Kon. 20:9 is 'n vollediger weergawe). Dit blyk te wees

1. 'n sonnewyser langs die trap na die koning se slaapkamer
2. die term "trappe" beteken eintlik "grade" op 'n sonskyf, (vgl. 2 Kon. 20:9-11, JPSOA-vertaling), sien James Freeman, *Manners and Customs of the Bible*, bl. 183)
3. een of ander soort van kosmies-astronomiese verskynsel.

Laat ons daarteen waak om met presiesheid te wil aflei hoe God dit gedoen het. 'n Almagtige God kan enigiets na sy wens in die natuur se wetmatigheid verander. Maar so-iets kan netsowel op 'n natuurlik verklaarbare wyse gebeur soos wanneer hoë humiditeit in 'n wolkstapel teenwoordig is. Dit is duidelik dat die ander son-wonder in Josua 10:12-13 meer digterlik as fisies verstaan kan word. Ons wat in wonderwerke glo, moet daarteen waak dat ons nie alles wat onverklaarbaar voorkom as wonders bestempel nie. Menigmaal maak God van natuurgebeure gebruik om buitengewone dinge te vermag (bv. die plaë van Egipte). Die Antieke wêreld het nie 'n onderskeid tussen natuurlik en bonatuurlik geken nie (sien John L. Walton, *The Lost World of Genesis*).

NASB HERSIENE TEKS: 38:9-14

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

⁹A writing of Hezekiah king of Judah after his illness and recovery:
¹⁰I said, "In the middle of my life
I am to enter the gates of Sheol;
I am to be deprived of the rest of my years."
¹¹I said, I will not see the LORD,
The LORD in the land of the living;
I will look on man no more among the inhabitants of the world.
¹²Like a shepherd's tent my dwelling is pulled up and removed from me;
As a weaver I rolled up my life.
He cuts me off from the loom;
From day unto night You make an end of me.
¹³I composed my soul until morning.
Like a lion—so He breaks all my bones,

From day until night You make an end of me.

¹⁴**Like a swallow, like a crane, so I twitter;**

I moan like a dove;

My eyes look wistfully to the heights;

O LORD, I am oppressed, be my security.

38:10-20 Hierdie psalm is deur Hiskia geskryf. Hy was goed vertrouwd met die wysheidsliteratuur en het die gebruik van die Psalms aangemoedig (vgl. 2 Kron. 29:25-30), hoewel dit nie in die parallelle gedeelte van 2 Kon. 20:1-11 gemeld word nie.

38:10

OAV “in die bloei van my dae”

NAV, CUMs “in die fleur van my lewe”

NASB “In the middle of my life”

NKJV, TEV, REB “in the prime of my life”

NRSV “in the noontide of my days”

LXX “in the height of my days”

Pesjitta “in the midst of my days”

Die MT het *dmj*, מַדְּמַי (BDB 198, KB 226 II), wat “beëindiging/vertoef/rus/stilte” kan beteken. Sommige geleerdes verbind dit met die middaguur se rus. KB 226 teken aan dat ‘n ander vorm van dieselfde woordstam “half” beteken (NIDOTTE, vol. 1, bl. 972). Die LXX vertaal dit met “in die hoogbloei van my dae” wat ‘n soortgelyke lesing veronderstel.

☐

OAV, CUM-MVB “die poorte van die doderyk”

NAV “aan die doderyk oorgegee”

CUM-NLV “Moet ek doodgaan”

NASB “the gates of Sheol”

Sien *Vir Spesiale Aandag: Waar is die Gestorwenes* by 5:14. Die “poorte van die dood” kom voor in Job 38:17; Ps. 9:13; 107:18; Mat. 16:18, (waar Sheol “Hades” genoem word). Metafories gesproke is die dood ‘n gevangenis.

☐

OAV “ek word beroof van my orige jare”

NAV “op vroeë leeftyd. . .aan die doderyk oorgegee”

CUM-MVB “ek word beroof van my orige jare”

CUM-NLV “moet my beste jare gesteel word”

NASB “deprived of the rest of my years”

Die hoë ouderdom was as ‘n merktteken van God se goedkeuring beskou (Moses, Deut. 34:7; Josua, Jos. 24:29). Wanneer iemand kinderloos sterf, was dit as oordeel van God beskou (vgl. Ps. 55:23; 89:45,46-48; Spr. 10:27).

38:11 Die vroegste Hebreërs het die dood nie as ‘n hereniging met en terugkeer tot verkeer met God gesien nie. Die OT laat weinig lig skyn op wat ons die hiernamaals noem. Selfs die NT lewer bedekte kommentaar op die gebied, maar laat meer inligting deurskemer.

☐

OAV “die HERE. . .die HERE”

NAV, CUM-MVB “die Here. . .die Here”

CUM-NLV “die HERE. . .God”

NASB “LORD. . .LORD”

Die Masoretiese Teks het *Jah* (יָהּ), vgl. 12:2; 26:4, twee keer, wat waarskynlik een woord, יהוה moes gewees het, JHWH). Die Jesaja-rol van die Dooie See vonds (DSS) het net een “*Jah*”.

☐

OAV “mense nie meer aanskou. . .die inwoners van die wêreld nie”

NAV, CUM-MVB “by dié wat op die aarde woon nie meer wees nie”

CUM-NLV “saam met hulle wat in hierdie wêreld leef nie”

NASB “among the inhabitants of the world”

Die NASB weergawe kom in die meeste Engelse vertalings voor. Die MT het die woord “staking/einde” (“die land van die dodes,” BDB 293 I, (לְאֵלֵי)). Die verandering na “wêreld” (BDB 317), אֶרֶץ , is oorgedra uit sommige Hebreëuse MSS en die Aramese Targoems). Die *UBS se Hebrew Text Project* meen dit is doelbewuste woordspel (bl. 93) en nie deurmekaargeraakte teksoorskrywery nie. Die frase “inwoners van die wêreld” kom ook in Ps. 49:1 voor.

38:12 Hiskia gebruik twee metafore om sy lewenseinde op aarde te beskryf.

1. die afslaan van 'n tent/die wegblaas van 'n tent in 'n windstorm (CUM-NLV); (vgl. 2 Kor. 5:1; 2 Pet. 1:13,14);
2. kortgeknip soos wanneer 'n wewer 'n stuk materiaal afsny (CUM-NLV);

Dit is 'n moeilike saak om die eerste woord in die MT, **וָרַר**, te vertaal (BDB 189, KB 217).

1. woning/herder se tent (CUM-NLV); in dié vorm kom dit net hier voor; BDB 190, #4, KB 217 I); NASB, NRSV, NJB, JPSOA, REB
2. afstamming/generasie/lewensverwachting is basiese, betekenis van die woordstam (BDB 189, KB 217 II); vgl. LXX, Pesjitta, NKJV, TEV

Ook die WERKWOORD, **וָרַר**, wek vrae (BDB 162, KB 191). Dit kan beteken

1. “opgerol” van **וָרַר** (BDB 164 II, *Nifal*-PERFEKTUM, vgl. 34:4 (maar in dié betekenis net hier gebruik)
2. “verwyder het” va **וָרַר** *Nifal*-PERFEKTUM, 'n unieke betekenis dus, want gewoonlik beteken
 - a. oopmaak, openbaar
 - b. om weg te gaan, om weg te stuur

Die meeste Engelse vertalings gebruik opsie #2 in navolging van die Masoretiese Teks (MT), maar #1 pas net so goed in die konteks (sien NAV en OAV).



OAV	“van dag tot nag gee U my prys”
NAV	“U het aangehou om my te straf”
CUM-MVB	“dag en nag het U 'n einde aan my gemaak”
CUM-NLV	“heelnag lank het ek geduldig op U gewag”
NASB	“From day until night You make an end of me”

Hierdie is 'n idiomatiese uitdrukking wat ononderbroke handeling van 'n onverbiddele aard beskryf (vgl. Job 4:20; Ps. 73:14).

38:13

OAV	“Bring ek myself tot bedaring tot die môre”
NAV, CUM-MVB	“die hele nag stilgebly”
CUM-NLV	“het ek geduldig op U gewag”
NASB	“I composed my soul”
NKJV	“I considered”
NRSV, NJB	“I cry for help”
TEV	“I cried out with pain”
REB	“I am racked with pain”

Die MT het “ek het my gees bedaar/my siel stilgemaak”, **וָשַׁח** / šwh; BDB 1000, KB 1436, *Pi'el*-PERFEKTUM, maar baie vertalers beskou 'n verandering na **וָשַׁח** /šw', BDB 1002, KB 1443 I, wat beteken “uitroep om hulp” (vgl. 58:9), omdat dit in die konteks moontlik beter pas.



OAV	“soos 'n leeu, so verbreek Hy al my beendere”
NAV, CUM-MVB	“maar soos 'n leeu het U my bene gebreek”
CUM-NLV	“ek is uitmekaar geskeur, soos deur leeus”
NASB	“Like a lion—so He breaks all my bones”

Hiskia se heengaan is as 'n handeling van die soewereine (almagtige) HERE. Monoteïsme het die oorsaak van alle gebeure aan die handeling van die enigware God toegeskryf. Vir die antieke mens het daar nie so-iets as sekondêre oorsake bestaan nie.

Hebreeus gebruik kragtige metafore om God se handeling te beskryf, in dié geval 'n leeu!

38:14 Terwyl vers 13 die mag van God beskryf, bring vers 14 Hiskia se broosheid aan die lig.

1. NASB, NJB, REB – twitter/getjilp/getjirp
NKJV – chatter/kekkel/snater
NRSV – clamor/roep/skreeu
TEV – “my voice was thin and weak”
CUM-NLV – “Ek was deurmekaar en het soos 'n voël geklink”
NAV, CUM-MVB – “het gekerm soos 'n voël wat kerm, het gekla soos 'n duif”
OAV – “soos 'n swaeltjie of kraanvoël gepiep. . . gekir soos 'n duif”

Hierdie WERKWOORD (BDB 861, KB 1050, *Pilpēl*-IMPERFEKTUM) beteken “om te tjirp/om te piep,” Dit word hier (en in 10:14) in verband met voëls aangewend, maar op ander plekke is dit die klanke wat mediums (kulties) maak (vgl. 8:19; 29:4).

2. “Kla/moan” – BDB 211, KB 237, *Qal*-IMPERFEKTUM, vgl. 16:7; 59:11; Eseg. 7:16; Nah. 2:7. Dit is hoe slegte omstandighede betreur word.
3. Oë kyk dof na die hoogtes

- (a) “my oë het dof gekyk/look wistfully,” OAV/NASB – BDB 195, KB 223, *Qal*-PERFEKTUM; in Pss. 79:8; 116:6; 142:6 dien dit as bede tot God, (sien NIDOTTE, vol. 1, bl. 951)
- (b) “na bo/heights,” – BDB 928, dit moet bas metafoor bvir die hemel beskou word (vgl. 32:15; 57:15; 58:4)
4. “benoud/in moeilikheid/oppresed” (OAV/CUM-MVB/NASB) – BDB 799, die enigste bewysplaas waar hierdie vorm voorkom. Die WERKWOORD in *Pu’al*-vorm in 23:12 beteken om “verpletter” te wees. Moontlik was Hiskia se gedagtes by Ps. 103:6 of 146:7.



OAV “HERE”
 NAV, CUMs “Here”
 NASB “O LORD”

Die Masoretiese Tekst (MT) het “*adon*” (BDB 10), soos in vers 16, nie *JHWH*, “Jahweh” soos in verse 3,4,5,7,11,20 (twee keer) en 22 nie.



OAV “wees U my Borg”
 NAV “red my”
 CUM-MVB “kom my tog tot hulp”
 CUM-NLV “Help my”
 NASB “be my security”

In sy swaakheid rig Hiskia ‘n versoek (BDB 786, KB 876, *Qal*-IMPERATIEF; “om jou te verbind tot”). Met hierdie WERKWOORD verlaat Hiskia hom algeheel op *JHWH* as sy hoop en borg (OAV).

NASB HERSIENE TEKS: 38:1-20

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹⁵“What shall I say?

For He has spoken to me, and He Himself Has done it;
 I will wander about all my years because of the bitterness of my soul.

¹⁶O LORD, by *these things men* live,

O restore me to health and let me live!

¹⁷Lo, for *my own* welfare I had great bitterness;
 It is You who has kept my soul from the pit of nothingness,
 For You have cast all my sins behind Your back.

¹⁸For Sheol cannot thank You,

Death cannot praise You;

Those who go down to the pit cannot hope for Your faithfulness.

¹⁹It is the living who give thanks to You, as I do today;

A father tells his sons about Your faithfulness.

²⁰The LORD will surely save me;

So we will play my songs on stringed instruments

All *the* days of our life at the house of the LORD.”

38:15-20 Hierdie strofe gee insig in die OT-teologie in verband met Sjeol. Niemand het uitgesien na die hiernamaals nie.

38:15

OAV “aangesien Hy my dit belof het en Hy self dit gedoen het”
 NAV, CUM-MVB “Die Here het met my gepraat. Hy het alles gedoen wat Hy gesê het”
 CUM-NLV “Die Here het met my gepraat. Hy het dit alles gedoen”
 NASB “He has spoken. . .He Himself has done it”

Dit wys op die soewereiniteit (oppermag) van die monoteïstiese God van Israel. Wat Hy sê, gebeur (vgl. 55:11)!

38:16 In die MT is lyntjie twee moeilik verstaanbaar. Die LXX vertaal dit “en u het my asem teruggegee”; JPSOA vertaal met “my lewensasem is vernuwe.”

38:17

OAV “en getrek uit die kuil van vernietiging”
 NAV “U het my uit die dood gered”
 CUM-MVB “U het my uit die kuil/put van vernietiging gered”
 CUM-NLV “want U het my gered”
 NASB “You who has kept my soul”
 NKJV “You have lovingly *delivered* my soul”
 NRSV “You have held back my life”

NJB “you have preserved my life”

REB, Pesjitta “you have saved me”

Die MT het die WERKWOORD “liefgehad, קָשַׁק (hšk) BDB 365, KB 362, *Qal*-PERFEKTUM), maar dit wil voorkom of dit nie so goed pas in hierdie poëtiese reëltjie as קָשַׁק (hšk), BDB 362 nie (“om terug te hou”). Sien ook 14:6; 54:2; 58:1.

■

OAV “U het al my sondes agter u rug gewerp”

NAV, CUMs “U het al my sondes vergewe”

NASB “For You have cast all my sins behind Your back”

Hierdie psalm gaan daaroor dat Hiskia uitermate verlig was om van Sjeol verlos te wees. In die Joodse gemoed word rampspoed altyd aan sonde gekoppel. In die geval van Hiskia is dit nie heeltemal duidelik watter van sy handeling in die oë van JHWH ‘n vroeë dood verdien het nie. Tog bly dit ‘n wonderlike gedagte dat God vergewe en vergeet. Lees en vergelyk nou ook Ps. 103: 11-14; Jes. 1:18; 43:2-5; 44:22; Jer. 31:34 en Miga 7:19.

Dit is ‘n belangrike waarheid: wanneer God vergewe, dan vergeet Hy ook! Soveel gelowiges maak op die Bybel se beloftes staat vir vergifnis, maar bly dalk in gebreke om die vreugde daarvan te ervaar dat God ook vergeet het!

VIR SPESIALE AANDAG: WOORDE VAN VERGIFNIS

Hier volg die meeste Hebreeuse woorde of idiome wat aan goddelike vergifnis van die mens se sonde uitdrukking gee:

1. “vergeef”, “verskoon”, סָלַח (*slh*); BDB 699, KB 757, vgl. Eks. 34:9; Lev. 4:20,26,31,35; 5:10,13,16,18; 6:7; 19:22; Num. 14:20; 15:25-28; 30:5,8,12; 1 Kon. 8:30,34,36,39,50; Ps. 25:11; 103:3; Jes. 55:7; Dan. 9:19; Amos 7:2 (hierdie term is altyd God se vergifnis en word nie in menslike verhoudings gebruik nie).
2. “wegveeg”, “uitwis”, נָשָׂא (*ns*); kom algemeen voor met vele betekenisse; BDB 671, KB 724, kyk Eks. 23:21; 32:32; 34:7; Num. 14:18; Jos 24:19; Ps. 25:18; 32:1,5; 85:2; 99:8; Miga 7:18.
3. “bedek”, “versoen”, כָּפַר (*kpr*); BDB 497, KB 493, baie algemeen in Levitikus; kyk Ps. 65:3; 78:38; 79:9; Jes. 6:7; 22:14; Jer. 18:23; Eseg. 16:63; Dan. 9:24
4. “uitwis”, “wegveeg”, מָחָה (*mhh*); BDB 562, KB 567; kyk Neh. 4:5; Ps. 51:1,9; Jes. 43:25; 44:22; Jer. 18:23
5. “genees”, רָפָא (*rp*); BDB 950, KB 1272, kyk 2 Kron. 7:14; Ps. 41:4; 103:3; Jes. 6:10; 57:18; Jer. 3:22; 17:14; 30:17; Hosea 5:13; 14:4
6. “oorsien”, עָבַר (*’br*); BDB 716, KB 778, kyk Spr. 19:11; Amos 7:8; 8:2; Miga 7:18
7. “was”, כָּבַשׁ (*kbs*), BDB 460, KB 459, kyk Ps. 51:2,7; Jer. 2:22; 4:14
8. “reinig”, טָהַר (*thr*), BDB 372, KB 369; kyk Lev. 16:30; Ps. 51:7; Spr. 20:9; Eseg. 24:13; 36:25
9. “agter die rug gooi”, שָׁלַךְ (*šlk*); BDB 1020, KB 1527, kyk Jes. 38:17; Miga 7:19
10. “reinig”, הָטָא (*ht*); BDB 306, KB 305; kyk Ps. 51:7 (al is hierdie ‘n algemeen gebruikte woord, kom dit in die konnotasie van goddelike reiniging net hier voor)
11. “verberg u aangesig van”, סָתַר (*str*); BDB 711, KB 771, kyk Ps. 51:9
12. “onthou”, (negatief = “moenie onthou”; זָכַר (*zkr*); BDB 269, KB 269, kyk Jes. 43:25
13. “ten onder bring,” כָּבַשׁ (*kbs*); BDB 461, KB 460, kyk Miga 7:19

38:20

OAV “Die HERE staan gereed om my te verlos”

NAV, CUM-MVB “Here, U het my gered”

CUM-NLV “Die Here is my redder”

NASB “The LORD will surely save me”

Sien *Vir Spesiale Aandag: Verlossing* by 33:2.

Let ook daarop dat die verlossing hier met fisiese uitkoms te make het, die uitredding uit ‘n terminale toestand en dood sodat hy weer die tempel in aanbidding sou kon besoek (vgl. vers 22; 2 Kon. 20:5, in ‘n sin soos opgeteken in vers 6 van Ps. 23).

NASB HERSIENE TEKS: 38:21-22

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

²¹Now Isaiah had said, “Let them take a cake of figs and apply it to the boil, that he may recover.” ²²Then Hezekiah had said, “What is the sign that I shall go up to the house of the LORD?”

38:21-22 Hierdie verse kom in die Dooie See Rol van Jesaja nie voor nie, maar wel in die LXX. In die vroeër weergawe van 2 Kon. 20:7 is wel iets van 'n parallel te vinde.

- 38:21** **OAV** **“Laat hulle ‘n vyekoek neem en dit op die sweer sit, dat hy gesond kan word”**
 NAV **“Jesaja. . .opdrag gegee dat hulle ‘n vyekoek moet bring en dit op die sweer moet sit, en die koning het beter geword”**
 CUMs **“Bring ‘n vyekoek, sit dit op die sweer, en hy sal gesond word”**
 NASB **“Let them take a cake of figs, and apply it to the boil, that he may recover”**

Ons weet uit ander plekke van die Bybel dat vye as medikasie aangewend is (so ook in Ugarit). Hier verneem ons wat die siekte van Hiskia eintlik was ('n sweer). Of dit 'n kankeragtigheid of bloot 'n sweer van ernstige aard op 'n delikate liggaamsdeel was, weet ons nie.

Let daarop dat JHWH genees, maar dat hofdienaars medikasie toedien. Die mens van antieke tye het nie onderskeid gemaak tussen natuurlike of bonatuurlike oorsake nie. Vir hulle was God die beskikker van alles wat die mens tref. Wat die Bybel betref is Hy intens betrokke by alles wat in die wêreld of met die verbondsvolk of met die individu gebeur!

In hierdie vers kom die JUSSIEF drie keer voor; d.w.s. “Laat hulle...”

1. Laat hulle. . .neem/bring (OAV/NAV); BDB 669, KB 724, *Qal*-IMPERFEKTUM in JUSSIEF sin bedoel
2. Laat hulle opsit (letterlik: aanvryf); BDB 598, KB 634, *Qal*-IMPERFEKTUM in JUSSIEF sin bedoel.
3. Laat hom leef; BDB 310, KB 309, *Qal*-JUSSIEF

JESAJA 39

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

NASB	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Hezekiah Shows His Treasures	The Babylonian Envoys	Merodachbaladan's Embassy	Messengers from Babylonia	The Babylonian Embassy	Die gesante uit Babel
39:1-4	39:1-2 39:3-8	39:1-4	39:1-3a 39:3b 39:4	39:1-2 39:3-4	39:1-8
39:5-8		39:5-8	39:5-7 39:8	39:5-8	

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

TOELIGTING UIT DIE KONTEKS

Vir 'n insiggewende bespreking van die moontlike datums waarop hierdie afgevaardigdes opgedaag het, sien Gleason Archer se *Encyclopedia of Bible Difficulties*, bl. 212-213.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB HERSIENE TEKS: 39:1-4

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

¹At that time Merodach-baladan son of Baladan, king of Babylon, sent letters and a present to Hezekiah for he heard that he had been sick and had recovered. ²Hezekiah was pleased and showed them all his treasure house, the silver and the gold and the spices and the precious oil and his whole armory and all that was found in his treasuries. There was nothing in his house nor in all his dominion that Hezekiah did not show them. ³Then Isaiah the prophet came to King Hezekiah and said to him, "What did these men say, and from where have they come to you?" And Hezekiah said, "They have come to me from a far country, from Babylon." ⁴He said, "What have they seen in your house?" So Hezekiah answered, "They have seen all that is in my house; there is nothing among my treasuries that I have not shown them."

39:1 "Merodak-baladan" Dit was die prins van Bit-Yakin wat die suide van Babilon beheer het (721-710, 703-702 v.C.) en wat twee keer teen Assirië in opstand gekom het. Sien *Insig uit die Konteks* van hoofstuk 38.



OAV "die koning van Babel, 'n brief"

NAV "koning. . . van Babel. . . briewe. . . gestuur"

NASB "king of Babylon, sent letters"

Klaarblyklik was hierdie Babiloniese koning besig om vir alliansies te soek teen Assirië en, ongelukkig, het Hiskia se trots hom genoop om 'n dom ding te doen (vgl. vers 2) deur sy welstand en hulpbronne bloot te lê aan hierdie Babiloniese afgevaardigdes. Hy het moontlik self vir 'n nuwe politieke alliansie gesoek.

39:2

OAV, NAV “was bly”
NASB, NKJV “was pleased”
NRSV, TEV, REB “welcomed”
NJB “was delighted”
LXX “rejoiced”

Die MT het “gejubel” (BDB 970, KB 1333, *Qal*-IMPERFEKTUM), was dikwels gebruik word in ’n arrogante sin (vgl. Job 31:29; Ps. 35:15,19,24; 38:16; Spr. 24:17; Eseg. 25:6; Miga 7:8).

☐
OAV “Daar was niks in sy huis of in sy hele ryk wat Hiskia hulle nie laat sien het nie”
NAV “Daar was niks in sy paleis en in sy koninkryk wat Hiskia die gesante nie laat sien het nie”
NASB “There was nothing in his house, nor in all his dominion, that Hezekiah did not show them”
Die WERKWOORD “laat sien” (BDB 906, KB 1157) is ’n *Hifil*-PERFEKTUM. Die koning het regtig probeer afwys. Hy moes hulle persoonlik vergesel het na al die siviele en heilige plekke toe (vgl. vers 4).

39:3-4 Wou Jesaja inligting bekom? Ek dink dit was ’n retoriese vraag om die koning te skok!

NASB HERSIENE TEKS: 39:5-8

Verwys vir die Afrikaans hiervan na die OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV.

⁵Then Isaiah said to Hezekiah, “Hear the word of the LORD of hosts, ⁶Behold, the days are coming when all that is in your house and all that your fathers have laid up in store to this day will be carried to Babylon; nothing will be left,” says the LORD. ⁷“And some of your sons who will issue from you, whom you will beget, will be taken away, and they will become officials in the palace of the king of Babylon.” ⁸Then Hezekiah said to Isaiah, “The word of the LORD which you have spoken is good.” For he thought, “For there will be peace and truth in my days.”

39:5 Hiermee word ’n literêre eenheid aangedui (“Luister,” BDB 1033, KB 1570, *Qal*-IMPERATIEF), die aanvang van ’n goddelike boodskap, wat klaarblyklik met Hiskia se onbesonne optrede in verband staan.

39:6 Hierdie vers toon profeties aan dat ’n komende Babiloniese ballingskap onder Nebukaneser II (d.w.s. 605, 597, 586, 582 v.C.) sou plaasvind. Dit wil voorkom of die bybelse bedoeling nie net (1) met Hiskia se vertonerigheid te make het nie, maar (2) ook die afgodery van sy seun, Manasse (vgl. 2 Kon. 21:1-18) en (3) die bevolking se voortdurende ongeloof en afgodery. ’n Werklike probleem was dat Hiskia reeds weer onder versoeking was om op alliansies staat te maak (soos met Egipte vroeër). ’n Mens sou verwag dat die antwoord op gebed (hoofstuk 38) hom sou weerhou van hierdie soort aktiwiteit.

39:7 Hierdie vers verras, nie net omdat dit ’n waargeworde profesie is nie, maar omdat Jesaja deurentyd aan die oninneembaarheid van Jerusalem geglo het. Let ook daarop dat die besoekers nie dieselfde mense was wat vir die vier wegvoerings in ballingskap verantwoordelik was nie. Hoewel veel van Jesaja se profesieë van so ’n meerduidige aard was dat (1) Assirië, (2) Babilon, (3) Neo-Babilon en (4) eindtyd-gebeure geïmpliseer kon word.

☐
OAV “sal hulle neem”
NAV, CUM-MVB “sal gevat word”
CUM-NLV “sal weggeneem word”
NASB “shall be taken away”
Dit het met koning Jojagin gebeur (vgl. 2 Kon. 24:15).

☐
OAV “hulle hofdienaars word”
NAV, CUM-MVB “hulle sal diens doen”
CUM-NLV “Hulle sal ontman word. . . sodat hulle kan dien”
NASB “officials”
Die term (BDB 710) beteken letterlik “eunugs” (ontmandes), maar mettertyd het dit op hooggeplaaste hofdienaars gedui (immers Potifar was getroud, Gen. 39:1). In hierdie konteks dan dui dit op
(1) simboliek van Babiloniese heerskappy
(2) ’n amptenaar van die staat (hofdienaar – OAV)

39:8

OAV “Die woord van die HERE wat u gespreek het, is goed”
NAV, CUM-MVB “Die woord van die Here wat jy aan my oorgedra het, is goed”

CUM-NLV

“Hierdie boodskap wat jy vir my van die HERE af gebring het, is goed”

NASB

“The word of the LORD which you have spoken is good”

Dit is ‘n merkwaardige stelling. Enersyds kan dit beteken dat Hiskia onder die besef gekom het dat sy hoogmoed aanleiding was tot die oordeel van God en dus geregverdig is. Andersyds, mag dit sy vreugde weerspieël dat die oordeel nie in sy tyd voltrek sal word nie (vgl. 8b). Sommige geleerdes het tot die gevolgtrekking gekom dat hy verheug was oor die mededeling dat hy dus definitief ‘n seun sal hê.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids kommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Hoe moes ‘n mens wat vertrou op die vreesaanjaende boodskap van die Assiriese amptenaar in Jesaja 36 en 37 reageer het?
2. Het Hiskia aan Assirië belasting betaal en was daar toe ‘n militêre bondgenootskap met Egipte?
3. Waarom is Jesaja 37:20 so belangrik?
4. Waarom het God twee tekens aan Hiskia gegee?
5. Waarom is Hiskia so erg veroordeel omdat hy sy skathuis aan die Babiloniese amptenary gewys het?

BYLAAG EEN

INLEIDING TOT HEBREEUSE DIGKUNS

I. INLEIDING

- A. Hierdie tipe literatuur verteenwoordig 1/3 van die Ou Testament. Dit is veral eie aan die profete, minder so in Haggai en Maleagi, maar ook goed verteenwoordig in die “Geskrifte” van die kanon.
- B. Dit verskil baie van Engelse digkuns wat uit Griekse en Latynse poësie ontwikkel het en primêr klankgebaseer is. Hebreeuse poësie het heelwat in gemeen met Kanaänitiese poësie. In Naby-Oosterse literatuur is daar nie klemtoon in versreëls of rym nie, hoewel daar wel ‘n ritme is.
- C. Die argeologiese vondste noord van Israel by Ugarit (Ras Shamra) het veel tot die verstaan van OT poësie bygedra. Daardie digkuns van die 15de eeu v.C. toon ongetwyfeld ‘n literêre verwantskap met Bybelse digwerk.

II. ALGEMENE KENMERKE VAN POËSIE

- A. dit is uiters bondig en saamgedronge
- B. dit probeer waarheid, emosie of ervaring uitdruk deur beeldspraak
- C. dit is hoofsaaklik in geskrewe vorm en nie mondelings nie; sterk gestruktureer in
 - 1. parallelle versreëls.
 - 2. met woordspel
 - 3. klankspel

III. DIE STRUKTUUR (R. K. Harrison, *Introduction to The Old Testament*, bl. 965-975)

- A. Bishop Robert Lowth in sy boek, *Lectures on the Sacred Poetry of the Hebrews* (1753) was die eerste om te onderskei dat Bybelse digwerk gedagtes in gebalanseerde versreëls is. Die meeste hedendaagse vertalings in Engels (ook Afrikaans – vert.) is uitgelê in druk wat die versreëls aandui.
 - 1. sinonieme – die versreëls dra dieselfde gedagte in verskillende woorde oor
 - a. Ps. 3:1; 49:1; 83:14; 103:13
 - b. Spr. 19:5; 20:1
 - c. Jes. 1:3,10
 - d. Amos 5:24; 8:10
 - 2. antitiesies – die versreëls gee aan teenoorgestelde gedagtes uitdrukking deur kontras of by wyse van positiewe gevolg deur die negatiewe:
 - a. Ps. 1:6; 90:6
 - b. Spr. 1:29; 10:1,12; 15:1; 19:4
 - 3. sinteties – die opvolgende twee of drie versreëls brei uit op die gedagte – Ps. 1:1-2; 19:7-9; 29:1-2
 - 4. chiasme – ‘n patroon van gedig maak wat die boodskap in ‘n dalende en stygende lyn vaslê sodat die hoofgedagte in die middel van die patroon gevind moet word.
- B. A. Briggs in sy boek, *General Introduction to the Study of Holy Scripture* (1899), het ‘n volgende stadium van ontleding van Hebreeuse digkuns aangetoon:
 - 1. emblematis-sinnebeeldig – een versreël letterlik en ‘n volgende metafores, Ps. 42:1; 103:3
 - 2. klimakties- trapsgewyse – waarheid word stap vir stap opgebou, Ps. 19:7-14; 29:1-2; 103: 20-22
 - 3. introvert – na binne gekeer – gewoonlik word ‘n viertal versreëls in ‘n struktuur van 1 en 4 buite met 2 en 3 binne gestruktureer, Ps. 30:8-10a
- C. G. B. Gray in sy boek, *The Forms of Hebrew Poetry* (1915) het die konsep van gebalanseerde versreëls verder ontwikkel deur aan te toon
 - 1. volkome balans – elke woord in versreël een word herhaal of gebalanseer met ‘n ooreenstemmende woord in reël twee; bv. Ps. 83:14 en Jes. 1:3
 - 2. onvolkome balans waar die reëls nie van dieselfde lengte is nie; bv. Ps. 59:16; 75:6
- D. Deesdae is daar groeiende konsensus oor ‘n literêre struktuur in Hebreeus wat “chiasme” genoem word. Dit bestaan uit ‘n ongelyke aantal parallelle reëls met ‘n uurglasvoorkoms, wat die doel het om die sentrale reël te beklemtoon.

- E. Klankpatrone, wat in poësie oor die algemeen voorkom, is dikwels nie in oosterse digwerk te vinde nie:
1. alfabetiese patroon (akrostiek, vgl. Pss. 9, 34, 37, 119; Spr. 31:10 e.v., Klaagl. 1-4)
 2. woordspel met konsonante (alliterasie, Ps. 6:8; 27:7; 122:6; Jes. 1:18-26)
 3. woordspel met medeklinkers (assonansie, Gen. 49:17; Eks. 14:14; Eseg. 27:27)
 4. woordspel met enersklinkende woorde, maar met verskil van betekenis (paronomasie)
 5. woordspel wat met die uitspraak, klink soos die ding wat genoem word (onomatopoeia)
 6. besondere opening en sluiting (inklusief)
- F. Daar is verskeie soorte digwerk in die OT. Sommige hanteer 'n onderwerp en ander volg 'n bepaalde vorm.
1. wydingsliedere – Num. 21:17-18
 2. arbeidsange – (word na verwys, maar is nie opgeteken nie) Rig. 9:27; Jes. 16:10; Jer. 25:30; 48:33
 3. ballades – Num. 21:27-30; Jes. 23:16
 4. drinkliedere – (in negatiewe sin) Jes. 5:11-13; Amos 6:4-7; (positief) Jes. 22:13
 5. liefdesliedere – Hooglied, huweliksraaisel – Rig. 14:10-18, huwelikslid – Ps. 45
 6. klaagliedere/begrafnissange – (verwys: 2 Sam. 1:17 en 2 Kron. 35:25, maar nie opgeneem nie); 2 Sam. 3:33; Ps. 27,28; Jer. 9:17-22; Klaagliedere; Eseg. 19:1-14; 26:17-18; Nah. 3:15,19
 7. Krygsliedere – Gen. 4:23-24; Eks. 15:1-18, 20; Num. 10: 35-36; 21:14-15; Jos. 10:13; Rig. 5:1-31; 11:34; 1 Sam. 18:6; 2 Sam. 1:18; Jes. 47:1-15; 37:21
 8. spesiale seënwense aan 'n leierskap – Gen. 49; Num. 6:24-26; Deut. 32; 2 Sam. 23:7
 9. magiese tekste – Bileam, Num. 24:3-9
 10. gewyde gedigte – Psalms
 11. akrostiese gedigte – Pss. 9,34,37,119; Spr. 31:10 en Klaagliedere 1-4
 12. vervloekinge – Num. 21:22-30
 13. smaadgedigte – Jes. 14:1-22; 47:1-15; Eseg. 28:1-23
 14. die boek van oorloë (gedigte, Jasjar)

IV. 'N RIGLYN VIR DIE VERSTAAN VAN HEBREEUSE GEDIGTE

- A. Soek na die sentrale waarheid of stansa of strofe (nes jy soek na 'n paragraaf-tema in prosa). Die RSV was die eerste moderne vertaling wat poësie geïdentifiseer en in stansas verdeel het. Vergelyk moderne vertalings vir behulpsume voorbeelde.
- B. Bepaal die figuurlike/oordragtlike taalgebruik en skryf neer in prosa. Neem in ag dat hierdie soort literatuur kompak is (veelseggend in min woorde), sodat heelwat deur die leser veronderstel moet word.
- C. Maak seker dat die langer gedigte wat oor kwessies handel in die lig van hulle literêre konteks beoordeel word (soms selfs die hele boek) en met inagneming van die historiese tydgewrig.
- D. Rigters 4 en 5 is baie nuttig om insig te verkry oor die manier waarop digkuns aan geskiedenis uitdrukking gee. Rigters 4 is prosa en Rigters 5 is poësie wat oor dieselfde gebeure handel. Vergelyk ook Eksodus 14 en 15.
- E. Probeer om die tipe parallisme vas te stel, of dit sinoniem is, antitiesies of sinteties. Dit is van kernbelang.

BYLAAG TWEE

INLEIDING TOT OU TESTAMENTIESE PROFESIE

I. INLEIDING

A. Aanvangsopmerkings

1. Die geloofsgemeenskap is nie eenstemmig oor hoe profesie geïnterpreteer moet word nie. Sekere sienswyses van ortodokse aard is deur die eeue gevestig, maar nie hierdie een nie.
2. Daar is 'n aantal goed-gedefinieerde stadiums van OT profesie
 - a. Voor die Koningstyd (voor koning Saul)
 - 1) individue word profeet genoem
 - (a) Abraham, Gen. 20:7
 - (b) Moses, Num. 12: 6-8; Deut. 18:15; 34:10
 - (c) Aäron voorvoerder namens Moses, Eks. 7:1
 - (d) Miriam, Eks. 15:20
 - (e) Medad en Eldad, Num. 11:24-30
 - (f) Debora, Rigt. 4:4
 - (g) Anoniem, Rigt. 6:7-10
 - (h) Samuel, 1 Sam. 3:20
 - 2) Verwysing na profete as groep – Deut. 13:1-5; 18:20-21
 - 3) profetegroep as 'n gilde, 1 Sam. 10:5-13; 19:20; 1 Kon. 20:35,41; 22:6,10-13; 2 Kon. 2:3,7; 6:1 ens.
 - 4) die Messias word profeet genoem, Deut. 18:15-18
 - b. profete wat nie geskryf het nie, maar voor konings opgetree het
 - 1) Gad, 1 Sam. 7:2; 12:25; 1 Kon. 1:22
 - 2) Natan, 2 Sam. 24:11; 1 Kron. 29:29
 - 3) Agija, 1 Kon. 11:29
 - 4) Jehu, 1 Kon. 16:1,7,12
 - 5) Anoniem, 1 Kon. 18:4,13; 20:13,22
 - 6) Elia, 1 Kon. 18; 2 Kon. 2
 - 7) Kenaäna, 1 Kon. 22:24
 - 8) Elisa, 2 Kon. 2:8,13
 - c. klassieke skrifprofete (wat koning en nasie aanspreek): Jesaja tot Maleagi (uitgesluit Daniël)

B. Bybelse Terme

1. *ro'eh* = siener, 1 Sam. 9:9. Hierdie benaming toon reeds die oorgang na die term *Nabi*, wat profeet beteken en kom van die woordstam “om te roep.” *Ro'eh* kom van die gewone Hebreeuse woord “om te sien.” Hierdie persoon het God se werkwyse en planne verstaan en was genader om God se wil in enige aangeleentheid mee te deel.
2. *Hozeh* = siener, 2 Sam. 24:11. Dit is basies sinoniem met *ro'eh*. Dit kom van 'n skaars woord in Hebreeus, “om 'n visioen te ontvang.” Die DEELWOORD-vorm word dikwels gebruik om 'n profeet aan te dui.
3. *Nabi* = profeet, verwant aan die Aramese *nabu* = “om te roep” en die Arabiese *naba'a* “om aan te kondig”. Dit is die mees algemene OT term om 'n profeet mee aan te dui. Dit kom meer as 300 keer voor. Die etimologie is onseker, maar “om te roep” is vir die huidige die waarskynlikste opsie. Die heel beste verduideliking kom van JHWH self wanneer Hy die verhouding tussen Moses en Aäron beskryf (vgl. Eks. 4:10-16; 7:1; Deut. 5:5). 'n Profeet is iemand wat namens God met sy volk spreek (vgl. Amos 3:8; Jer. 1:7,17; Eseg. 3:4).
4. Al hierdie terme kom in 1 Kron. 29:29 voor – Samuel = *ro'eh*; Natan = *nabi* en Gad = *hozeh*.
5. Die frase '*isja ha- 'elohim*, is 'n wyer aan duiding van hoe iemand is wat namens God praat. Dit word 76 keer in die OT as aanduiding van 'n profeet gebruik,
6. Die woord “profeet” is van Griekse oorsprong. Dit kom van (1) *pro* = vooraf of vir; (2) *femi* = om te praat

II. 'N DEFINISIE VAN PROFESIE

- A. Die term “profesie” het in Hebreeus 'n wyer semantiese veld as in Engels. Die Jode het na al die historiese boeke van Josua tot en met Konings (uitgesonder Rut) as die “vroeë profete” verwys. Abraham (Gen. 20:7; Ps. 105:5) en Moses (Deut. 18:18) was as profete beskou, selfs ook Miriam (Eks. 15:20). Daarom moet 'n mens vir die eng Engelse definisie versigtig wees!
- B. 'n Aanhaling uit die *Interpreter's Dictionary of the Bible*, vol. 3, bl. 897: “Profetisme, na sy ware aard, kan as 'n opvatting van die geskiedenis beskou word wat die gebeure daarvan verstaan as deur God bepaal, vir sy doel daarmee en betrokkenheid daarin.”

- C. Uit *Encyclopedia Judaica (Prophets and Prophecy)*, vol.13, bl. 1152: “Die profeet is nie ‘n filosoof of sistematiese teoloog nie, eerder is hy ‘n tussenganger in die verbondsituasie wat die woord van God aan sy volk bemiddel om hulle hede so te reformeer (verander) dat hulle in die toekoms daarby kan baat.”

III. DIE DOEL VAN PROFESIE

- A. Profetisme is die wyse waarin God sy volk aanspreek en in hulle betrokke situasie leiding gee sodat hulle hul hoop sal bou op sy beheer oor hulle lewens en oor wêreldgebeure. Hulle boodskap was merendeels korporeel van aard (op die geheel gerig). Die doel was om te vermaan, te bemoedig en om geloof en sondebelydenis op te wek en om hulle ingelig te hou aangaande God en sy doelstellinge. Hulle was vermaan om aan God se verbonde getrou te bly. Dikwels het God duidelik aanduiding gegee wie namens Hom moet optree (Deut. 13:1-3; 18:20-22), wat uiteindelik ook die Messias impliseer het.
- B. Dikwels het die profeet ‘n historiese, of teologiese krisis uit sy eie tyd, geneem en dit in ‘n toekomstige of eindtyd (eskatologiese) situasie geprojekteer. Hierdie eindtyd-opvatting (teleologiese) beskouing van geskiedenis is uniek aan Israel en daarmee haar aanname van haar uitverkore rol soos in die verbondsbeloftes uitgestippel.
- C. Die amp van profeet het met die amp van hoëpriester op gelyke vlak gekom ten einde die wil van God te verneem en dit selfs vervang (Jer. 18:18). Die Urim en die Tummim (loting) het in ‘n verbale vorm oorgegaan by monde van ‘n gesant van God. Maar die amp van profeet het skynbaar ook verval gedurende die 400 jaar na Maleagi (of met die tot standkoming van Kronieke). Dit herleef weer met die verskyning van Johannes die Doper. Die mate van ooreenstemming tussen die NT “gawe” van profesie en OT profetisme is in onsekerheid gehul. NT “profete” is nie openbaarmakers van nuwe openbaring nie, maar voorspellers en aankondigers van God se wil in herhaaldelik voorkomende situasies (Han. 11:27-28; 13:1; 14:29,32,37; 15:32; 1 Kor. 12:10, 28-29; Efes. 4:11).
- D. Profesie is nie noodwendig voorspellend van aard nie. Dit is wel een manier waarop sy amp en boodskap erkenning kan ontvang, maar dit is belangrik om daarop te let dat “minder as 2% van OT profesie Messiaans is. Minder as 5% beskryf spesifiek die Nuwe Verbond Era. Minder as 1% het betrekking op gebeure wat nog moet plaasvind,” (Fee & Stuart, *How to Read the Bible For all Its Worth*, bl. 166).
- E. Profete stel God onder mense aan die woord terwyl ‘n priester mense aan God opdra. Dit is oor die algemeen gesproke, maar daar is uitsonderings, soos byvoorbeeld Habakuk wat sy vrae tot God rig.
- F. ‘n Rede waarom ons dit moeilik vind om die profete te verstaan, is omdat ons nie weet hoe hulle werke gestruktureer is nie. Hulle is byvoorbeeld nie chronologies nie. Hulle benader hulle hul saak tematies, maar die uitsonderings is gewoonlik nie soos ‘n mens dit sou verwag nie. Dikwels is daar geen historiese duidelikheid nie weens die ontbreking van tydraamwerke. Tussen uitsprake is daar nie duidelike verdelings nie. Dit is moeilik (1) om die boek in een sitting deur te lees, (2) om hulle uitsprake saakgewyse te onderverdeel, (3) en die sentrale waarheid of die outeur se bedoeling met sy uitspraak te bepaal.

IV. TIPEREND VAN PROFESIE

- A. Daar is aanduidinge in die OT dat die konsep van “profeet” en “profesie” ’n ontwikkeling deurloop het. In vroegste Israel is profeetgeselskappe gevorm onder leiding van kragtige, charismatiese leiers soos Elia en Elisa. Die frase “seuns van die profete” het gewoonlik so ‘n groepering aangedui (2 Kon. 2). Soms het hulle optrede met ekstase gepaard gegaan (1 Sam. 10:10-13; 19:18-24).
- B. Nietemin, hierdie periode het vinnig in ‘n stadium van individuele profete oorgegaan. Hulle was profete wat met die konings geïdentifiseer het en paleisinwoning geniet het (ware sowel as vals, bv. Gad en Natan). Hulle was beide manlik en vroulik (2 Kon. 22:14).
- C. Die profeet was ‘n toekomsvoorspeller met aandrag daarop dat ‘n persoon of die bevolking onmiddellik reageer. Dikwels was dit sy taak om God se universele plan met sy skepping aan te dui sonder dat menslike aktiwiteit daaraan enige verskil sou kon maak. Onder die volke van die Ou Nabye Ooste was hierdie universele perspektief van Israel se profetisme volkome uniek. Toekomsaankondiging en die Verbondstrou (van God) was onlosmaaklik verbonde in die fokus van die profetisme. Dit omrede die profete primêr ‘n korporele (groep) gerigtheid gehad het. Hoewel nie uitsluitlik nie, was hulle uitsprake gewoonlik op die volk Israel gerig.
- D. Mondelinge uitsprake was aan die orde. Later is dit tematies of histories gerangskik, of in Nabye Oosterse literêre patroon gegiet, wat aan ons nie meer bekend is nie. Omrede die mondelinge aard daarvan is dit nie as prosa opgeteken nie. Dit bemoeilik die leesproses in een sessie en die verstaan daarvan as ‘n historiese tydgewrig nie aangedui word nie.

- E. Die profete gebruik 'n verskeidenheid van aanbiedingswyses vir hulle boodskap.
 1. Hoftoneel – God vat sy volk hof toe; dikwels as 'n skeisaak waarin JHWH sy “vrou,” Israel, verwerp omrede haar ontrou (Hosea 4; Miga 6).
 2. Roubeklag/klaagsang – die besondere metrum van hierdie tipe boodskap met die tipiese “wee” (“ellende wag”) laat dit duidelik as 'n spesiale vorm van aanbieding uitstaan (Jes. 5; Hab. 2).
 3. Aankondiging van Verbondseëninge – die aard van die Verbond is voorwaardes wat nagekom moet word, met goeie of slegte gevolge vir die toekoms (Deut. 27-29)

V. DIE BYBEL SE VEREISTES VIR 'N WARE PROFEET

- A. Deuteronomium, 13:1-5; voorspellings en tekens in nouste verband met monoteïsme
- B. Deut. 18:19-22; oor valse en ware profete
- C. As profete (of profetesse) geroep en betitel
 1. Miriam; Eks. 15.
 2. Debora; Rigt. 4:4-6
 3. Hulda; 2 Kon. 22:14-22; 2 Kron. 34:22-28
- D. Profete in die omringende kulture is deur die vermoë tot ontdekking van verborgenhede gekenmerk (divinasie) en as sodanig erken. In Israel het erkenning gevolg op
 1. 'n teologiese toets – uitsprake in die naam van JHWH
 2. 'n historiese toets – die akkurate uitkoms van voorspellings

VI. HULPMIDDELE EN RIGLYNE VIR UITLEG VAN PROFESIE

- A. Onderskei die bedoeling van die profeet (of later redaksie) deur die historiese tydgewrig te bepaal en die literêre konteks van elke uitspraak. Gewoonlik het dit te make met verbreking van die Mosaïese Verbond op die een of ander wyse.
- B. Lees en interpreteer die hele uitspraak, nie net 'n gedeelte daarvan nie; teken die inhoud daarvan aan. Kyk na die verhouding met omringende uitsprake. Probeer om die strekking van die hele boek in ag te neem (inaggenome literêre eenhede en breek op tot in paragraafvlak).
- C. Veronderstel 'n letterlike bedoeling (interpretasie) van die gedeelte totdat iets in die teks self aandui dat figuurlike taalgebruik aan die orde is; probeer dan die figuurlike oorsit in prosa.
- D. Simboliese handeling moet in die lig van die historiese opset en parallelle gedeeltes beoordeel word. Hou in gedagte dat hierdie Oud-Oosterse literatuur is en nie modern-westers nie.
- E. Hanteer voorspellings omsigtig
 1. of hulle uitsluitlik vir die dag en tyd van die skrywer bedoel is,
 2. of hulle later in Israel se geskiedenis vervul is,
 3. of moet dit nog in die toekoms gebeur,
 4. dui dit op 'n eietydse vervulling, maar ook op 'n toekomstige?
 5. Laat die Bybelskrywers jou na antwoorde toe lei eerder as moderne skrywers!
- F. Gee besonderlik aandag aan of
 1. 'n bepaalde voorwaarde aan die voorspelling verbonde is,
 2. die profesie tot iemand gerig is en hoekom,
 3. daar 'n moontlikheid bestaan dat uit Bybelse gesigspunt, en histories, meervoudige vervullings van toepassing is,
 4. die geïnspireerde NT skrywers in staat was om die Messias in talle OT gedeeltes, wat vir ons nie duidelik is nie, waar te neem. Dit wil voorkom of hulle tipologie sowel as woordspel gebruik het. Aangesien ons nie geïnspireerd is nie, laat ons so 'n beradering lief aan hulle oor.

VII. NUTTIGE BOEKE

- A. *A Guide to Biblical Prophecy*, Carl E. Armerding en W. Ward Gasque
- B. *How to Read the Bible for All its Worth*, Gordon Fee en Douglas Stuart
- C. *My Servants the Prophets*, Edward J. Young
- D. *Plowshares and Pruning Hooks: Rethinking the Language of Biblical Prophecy and Apocalyptic*, D. Brent Sandy
- E. *Cracking the Old Testament Code*, D. Brent Sandy en Ronald L. Giese, Jr.

BYLAAG DRIE

’N KORT HISTORIESE OORSIG

’n Kort historiese oorsig van die Magte wat Mesopotamië oorheers het (datums soos in John Bright se *A History of Israel*, bl. 462 e.v.):

A. Die Assiriese Ryk (Gen. 10:11)

1. godsdien en kultuur Is in ’n groot mate deur die Sumeries/Babiloniese Ryk beïnvloed.
2. ’n lys by benadering van regeerders en moontlike datums:
 - a. 1354-1318 Assur-Uballit
 - (1) verower die Hetite stad Karkemis
 - (2) verdring Hetitiese invloed wat tot ontwikkeling van Assirië aanleiding gee
 - b. 1297-1266 Adad Nirari I, ’n magtige monarg
 - c. 1265-1235 Salmaneser I, ’n magtige monarg
 - d. 1234-1197 Tukulti-Ninurta I
 - eerste verowerings suidwaarts deur Babilonië
 - e. 1118-1078 Tiglat-Pileser I
 - Assiriese oorheersing vat pos in Mesopotamië
 - f. 1012-972 Assur-Rabi II
 - g. 972-976 Assur-Res-Isui II
 - h. 966-934 Tiglat-Pileser II
 - i. 934-912 Assur-Dan II
 - j. 912-890 Adad-Nirari II
 - k. 890-884 Tukulti-Ninurta II
 - l. 890-859 Assur-Nasir-Apal II
 - m. 859-824 Salmaneser III
 - die Slag van Karkar in 853
 - n. 824-811 Sjamsasi-Adad V
 - o. 811-783 Adad-Nirari III
 - p. 781-772 Salmaneser IV
 - q. 772-754 Assur-Dan III
 - r. 754-745 Assur-Nirari V
 - s. 745-727 Tiglat-Pileser III
 - (1) met troonsbestygingsnaam Pul in 2 Kon 15:19
 - (2) ’n kragtige monarg
 - (3) begin met ’n beleid van wegvoering van oorwonne bevolkings
 - (4) in 735 vC. kom die die “Siro-Efraimitiese Alliansie” tot stand met die doel om alle beskikbare militêre slaankrag, van die hoofstroom van die Eufraat tot Egipte, as ’n teëvoeter vir die opkomende mag van Assirië te monster. Koning Agas van Juda weier om saam te werk en word deur Israel en Sirië binnegeval. Teen die advies in van Jesaja rig hy ’n brief aan Tiglat-Pileser III om hulp (vgl Jes 7-12)
 - (5) en in 732 val Tiglat-Pileser III Sirië en Israel binne en plaas ’n vassal-koning, Hosea (732-722vC.) op die troon van Israel. Duisende Jode is in ballingskap na Medië weggevoer (2 Kon 15-16).
 - t. 727-722 Salmaneser V
 - Hosea sluit ’n verdrag met Egipte en word deur Assirië binnegeval (2 Kon 17).
 - u. 722-705 Sargon II:
 - (1) na ’n beleg van drie jaar, begin deur Salmaneser V, verower sy generaal en opvolger, Sargon II, die hoofstad van Israel, Samaria, Meer as 27 000 ballinge word na Medië weggevoer.
 - (2) die Hetitiese Ryk word ook oorweldig
 - (3) in 714-711 vorm die Transjordaniëse volke saam met Egipte ’n koalisie om teen Assirië te rebelleer. Dit staan as die “Asdod - rebellie” bekend. Selfs Hiskia van Juda was aanvanklik daarby betrokke. Assirië het ingegryp en verskeie Filistynse stede verwoes.
 - v. 705-681 Sanherib
 - (1) in 705 rebelleer ’n trans-Jordaniëse koalisie saam met Egipte na die dood van Sargon II, sy vader. Hiskia het sy gewig agter hierdie opstand ingegooi. Sanherib slaan toe in 701. Die rebellie is onderdruk, maar Jerusalem kom vry deur ’n handeling van God (sien Jes 36-39 en 2 Kon 18-19.)
 - (2) opstande in Elam en Babilon word ook onderdruk
 - w. 681-669 Essarhaddon:
 - (1) word die eerste Assiriese regeerder wat Egipte aanval en onderwerp.

- (2) danksy 'n groot simpatie met Babilon herbou hy dié land se hoofstad
- x. 669-663 Assurbannipal:
- (1) word ook Osnappar genoem in Esra 4:10
 - (2) sy broer, Sjamaj-sjum-ukin word as koning in babilon aangestel. Dit dien tot langdurige vrede tussen Assirië en Babilon, maar 'n onderstroming en onafhanklikheidsdrang onder leiding van sy broer wat in 652 uitbreek.
 - (3) Tebes val in 633
 - (4) Elam word in 653 en 645 verslaan
- y. 633-629 Assur-Etil-Ilani.
- z. 629-612 Sin-Sjar-Iskun
- aa. 612-609 Assur-Uballit II
- word as koning onttroon en na Haran in ballingskap na die val van Assur in 614 en Nineve in 612.

B. die Neo-Babiloniese Ryk

1. 703 - ? Merodag-Baladan
– het verskeie kere teen Assiriese oorheering in opstand gekom
2. 652 Sjamaj-Sjum-Ukin:
 - a. Esarhaddon se seun en broer van Assurbanipal,
 - b. hy kom teen Assirië in opstand, maar word verslaan
3. 626-605 Nabopolassar
 - a. die eerste monarg van die Neo-Babiloniese Ryk
 - b. hy val Assirië uit die suide aan en Cyaxares van Medië uit die noord-ooste
 - c. die antieke hoofstad van Assirië val in 614 en die magtige stad, die nuwe Nineve in 612
 - d. die deel van die Assiriese leer wat oorleef het, het na Haran teruggeval. Hulle het selfs 'n koning aangewys.
 - e. in 608 marsjeer die magte van Faraó Nego II noordwaarts om die oorblyfsel van die Assiriese magte by te staan. Die doel was om 'n nuwe buffer teen die opkoms van die Babiloniese Ryk te skep. Josia, die vroom koning van Juda (2 Kon 23), wou die opmars van Egipte deur Palestina teenstaan. In 'n veldslag van geringe omvang by Megiddo doen Josia 'n wond op as gevolg waarvan hy sterf (2 Kon 23:29-30). Sy seun, Joahas, word koning gemaak. Faraó Nego se magte daag te laat op om die verwoestingswerk van die Assiriërs by Haran te stuit. Hy raak met die Babiloniese magte van kroonprins Nebukadnesar by Karkemis slaags maar word 'n volslae nederlaag toegedien.
Op pad terug na Egipte doen hy Jerusalem aan en plunder die stad. Hy vervang en verban koning Joahas na drie maande op die troon. Hy sit 'n ander seun van Josia, Jehojakim, op die troon (2 Kon 23:31-35).
 - f. Nebukadnesar II, wat die Egiptiese leer terugverdryf deur palestina, verneem van sy vader se dood en keer terug na Babilon.
Dieselfde jaar, egter, keer hy na Palestina terug. Hy behou Jehojakim op die troon van juda, maar voer etlike duisende van leidinggewende burgers en lede van die koninklike familie weg na Babilon. Onder hierdie ballinge was Daniël en sy vriende.
4. 605-562 Nebukadnesar II
 - a. vanaf 597-538 is Babilon in algehele beheer van Palestina
 - b. in 597 volg 'n verdere wegvoering van Jerusalem se bevolking omrede Jehojakim se verbond met Egipte (2 Kon 24). Jehojakim sterf voor die aankoms van Nebukadnesar II. Sy seun, Jehojagin, regeer vir drie maande tot sy ballingskap na Babilon. Tien duisend bewoners, wat Esegël ingesluit het, word langs die Kebarkanaal, naby die stad Babilon, hervestig.
 - c. in 586, na ononderbroke steunsoekery by Egipte, word Jerusalem totaal vernietig en nog 'n massawegvoering vind plaas. Sedekia, wat Jojagin vervang het, word in ballingskap weggevoer en Gedalja, word as goewerneur aangestel.
Gedalja word deur militere oorlopers om die lewe gebring. Hierdie opstandeling vlug na Egipte en dwing Jeremia om met hulle saam te gaan. 'n Vierde keer val Nebukadnesar (605,596,586, 582) die land binne met wegvoering van alle oorblywende Jode, wat hy in 582 kon vind.
5. 562-560 Evil-Merodag
– ook bekend as Amel-Marduk, bevry Jehojagin uit gevangenskap, maar laat hom in Babilonie aanbly (2 Kon 25:27-30; Jer 52:31).
6. 560-556 Neriglissar
– hy was die general van Nebukadnesar verantwoordelik vir die verwoesting van Jerusalem
7. 556- ? Labaski-Marduk
– die seun van Neriglissar, maar na net nege maande om die lewe gebring
8. 556-539 Nabonidus
 - (a) het nie 'n familieverband met koninklikes gehad nie en trou daarom met 'n dogter van Nebukadnesar II
 - (b) Hy het sy tyd deurgebring met bouwerk aan 'n tempel vir die maangod Sin in tema. Hy was 'n seun van 'n priesteres van hierdie godin. Hiermee haal hy die vyandskap van die Marduk-priesters oor hom, wat die hoofgod van babilon was.

- (c) bestee die meeste van sy tyd aan onderdrukking van opstande in ‘n poging om die koninkryk te stabiliseer
- (d) hy trek weg na Tema en laat regeringsaangeleenthede in Babilon oor aan sy seun, Belsassar (vgl dan 5).
- 9. ? – 539 Belsassar (mede-regeerder)
 - die stad Babilon is uiters maklik deur die Medo-Persiese leer betree; Gobryas van Gutium het die waters van die Eufraat afgekeer en het sonder teenstand die stad ingeneem. Die priesters en die bevolking het die Perse as bevryders gesien wat Marduk in eer sou herstel. Gobryas is deur Kores (Cyrus II) as goewerneur van Babilon aangestel. Een van die twee, Kores (Cyrus) of Gobryas, was die “Darius die Meder” van Daniël 5;31 en 6:1. Darius beteken die “Die Koninklike Een”

C. Die Ryk van Mede en Perse; ‘n Oorsig oor die Opkoms van Cyrus II (Kores, Jes 44:28;45:7 –NAV)

1. 625-585 Cyaxares was die koning van Medië wat Babilon gehelp het om Assirië te verslaan.
2. 585-550 Astyages was koning van Medië. Kores was sy kleinkind wie se moeder Mandane was.
3. 550-530 Kores II was vassalkoning van Ansham wat ‘n opstand gelei het.
 - a. Nabonidus, die koning van Babilon het Kores ondersteun
 - b. Kores het Astyages onttroon.
 - c. Nabonidus, wat die magsbalans wou herstel, het alliansies gesluit met
 - (1) Egipte
 - (2) Croesus, die koning van Lydia (in Klein Asië)
4. 547 – Kores trek op teen Sardis (hoofstad van Lydia)
5. op 2 November, 539, neem Gobryas van Gutium, met behulp van Kores se magte, Babilon in sonder slag of stoot. Gobryas goewerneur van Babilon.
6. 539 – in Oktober, daag “Kores die Grote” in eie persoon op as bevryder. Sy beleid van genaakbaarheid teenoor ander nasionaliteite bring ‘n ommekeer in die wegvoerbeleid tot stand en as nasionale beleid laat hy die Jode en ander toe om terug te keer en hulle volksheiligdomme te herbou.
7. 538 Jode en ander groepe keer huiswaarts om hulle heiligdomme te herbou
8. 530 Kores se seun, Kambuses II, het hom opgevolg.
9. 530-522 die regeringstyd van Kambuses II
 - in 525 voeg hy die Egiptiese Ryk by tot die Ryk van Mede en Perse
 - dit is waarskynlik so dat hy selfmoord gepleeg het
10. 522-486 Darius I vat die beheer oor
 - a. hy was nie van koninklike afkoms nie, maar ‘n militaris (generaal)
 - b. hy organiseer die Persiese Ryk ooreenkomstig Kores se beginsels met Satrappe (Esra 1-6; Haggai, Sagaria)
 - c. hy voer na die voorbeeld van Lidia ‘n muntstelsel in
11. 486-465 Xerxes I se regering
 - a. hy onderdruk ‘n Egiptiese opstand
 - b. hy beplan om Griekeland in te val, wat ‘n Persiese droom was, maar hy word met die Slag van Termopolie (480) en deur Salamis (479) verslaan.
 - c. Ester se eggenoot, Ahasveros, soos hy in die Bybel genoem word, word vermoor in 465
12. 465-424 Artaxerxes I se regeringstyd (Esra 7-10; Nehemia; Maleagi):
 - a. die Grieke was voortdurend in opmars totdat hulle deur die eie Peloponisiëse Burgeroorloë ingetrek word
 - b. Griekeland val uiteen (Ateens en Peloponisië)
 - c. die Griekse burgeroorloë duur sowat 20 jaar
 - d. dis ‘n periode waartydens die Joodse gemeenskapslewe in sterkte ervaar
13. 423-404 Darius in regering
14. 404- 358 Artaxerxes II se regeringstyd
15. 358-338 Artaxerxes III in regering
16. 338-336 Arses regeer
17. 336- 331 Darius III regeer

D. ‘n Oorsig oor Egipte

1. Hiksos (Veeherder Konings – Semiete) – 1720/10 -1550 vC.
2. 18de Dinastie (1570-1546)
 - a. 1570-1546 Amosis
 - b. 1546-1525 Amenofis I (Amenhotep I)
 - c. 1525- 1494 Toetmosis I
 - d. ? Toetmosis II
 - e. ? Hatsjepsut
 - f. 1490-1435 Toetmosis III
 - g. 1435-1414 Amenofis II
 - h. 1414-1406 Toetmosis IV
 - i. 1406-1370 Amenofis III
 - j. 1370-1353 Amenofis IV (Ikhenaton)

- k. ? Smenkhare
- l. ? Toetankamen
- m. ? Ay
- n. 1340-1310 Haremhab
- 3. Die 19de Dinastie
 - a. ? Ramesis I
 - b. 1309-1290 Seti I
 - c. 1209-1224 Ramesses (Rameses II)
 - d. 1224-1216 Marnipta (Merenpta)
 - e. ? Amenmesses
 - f. ? Seti II
 - g. ? Sipta
 - h. ? Tewosret
- 4. die 20 ste Dinastie(1180-1144)
 - a. 1175-1144 Rameses III
 - b. 1144-1065 Ramesis IV-XI
- 5. die 21ste Dinastie
 - a. ? Smendes
 - b. ? Herihor
- 6. die 22ste Dinastie(935-725 vC)- die Libiese
 - a. 935-914 Sjisak (Sjosenk I of Sjesjong I)
 - b. 914-874 Osorkon I
 - c. ? Osorkon II
 - d. ? Sjosnek II
- 7. die 23ste Dinastie (759-715) Libies
- 8. die 24ste Dinastie (725-709)
- 9. die 25ste Dinastie (716/15-663) Etiopies/Nubies
 - a. 710/9-696/95 Sjabako (Sjabaku)
 - b. 696/5-685/4 Sjebitku/o
 - c. 690/89-685/4 Sjebteko (Sjebitku)
 - 664 Tirhaka (Taharqa)
 - d. ? Tantamun
- 10. die 26ste Dinastie(663-525) Saïties
 - a. 663-609 Psammetikus (Psamtik)
 - b. 609-593 Neko II (Necho)
 - c. 593-588 Psammetikus II (Psamtik)
 - d. 588-669 Apries (Hofra)
 - e. 569-525 Amasis
 - f. ? Psammatikus III (Psamtik)
- 11. die 27ste Dinastie (525-401) Persies
 - a. 530-522 Cambuses II (seun van Kores II)
 - b. 522-486 Darius I
 - c. 486-465 Xerxes I
 - d. 465-424 Artaxerxes I
 - e. 423-404 Darius II

* Vir 'n kronologie wat verskil, sien *Zondervan's Pictorial Bible Encyclopedia*, vol. 2, bl. 231

E. 'n Oorsig van Griekeland

1. 359-336 Philippus II van Masedonië:
 - a. het Griekeland opgebou
 - b. dood weens sluipmoord in 336.
2. 336-323 Alexander II, "die Grote" (seun van Filippus)
 - a. vermorsel Darius II, die Persiese koning by die Slag van Isus
 - b. sterf in 323 op 33/32 jarige ouderdom aan koors in Babilon
 - c. Alexander se generaals verdeel sy ryk onder mekaar
 - (1) Cassender – Macedonie en Griekeland
 - (2) Lysimikus – Trace
 - (3) Seleucus I – Sirië en Babilon
 - (4) Ptolemie - Egipte en Palestina
 - (5) Antigonus – Klein Asië (hy kon dit nie lank behou nie)
3. die Seleusiede en Ptolemies in stryd om beheer van Palestina
 - a. Sirië (Seleusiede regeer)
 - (1) 312-280 Seleukus I

- (2) 280- 261 Antiochus Soster
 - (3) 261- 246 Antiochus II Theus
 - (4) 246-226 Seleukus II Callicinus
 - (5) 226-223 Seleukus III Ceraunus
 - (6) 223-187 Antiochus III, die Grote
 - (7) 187-175 Seleukus IV Filopator
 - (8) 175-163 Antiochus IV Epifanus
 - (9) 163-162 Antiochus V
 - (10) 162-150 Demetrius I
- b. Egiptiese Ptolemitiese regeerders
- (1) 327-285 Ptolemie I Soter
 - (2) 285-246 Ptolemie II Filadelfus
 - (3) 246-221 Ptolemie III Euegetes
 - (4) 221-203 Ptolemie IV Filopator
 - (5) 203-181 Ptolemie V Epifanes
 - (6) 181-146 Ptolemie VI Filometor
- c. 'n kort oorsig
- (1) 301 – Palestina onder Ptolemiese regering vir lank
 - (2) 175-163 Antiochus IV Epifanes, Seleusidiese regeerder nr 8, wou die Jode met dwang Heleniseer (vergrieks), indien nodig.
 - a. hy rig gimnasiums op
 - b. bou heidense altaar vir Zeus Olimpius in die tempel

BYLAAG VIER

TABELLE OU TESTAMENTIESE TYDLYN

Ons verskaf 'n sleutel in Afrikaans met die oog op gebruik van die tabel

OLD TESTAMENT TIMELINE

(Raadpleeg, Dr Bob Utley, *Bible Lessons '96*)

- #1. GEN. 1-11 Skepping (1) Sondeval (2) Noag en die Sonvloed(3) Toring van Babel (4)
GEN. 12-50 Job
- #2. Egipte – EKS./LEV. (Uittog)
– NUM./DEUT. (Intog)
- #3. Kanaän – JOS.
- #4. Filistea – RIGT./RUT
– I SAM.(Saul (S), Dawid (D), Salomo (S)–koninkrykonverdeeld)
- # 5. Sirië – II SAM, I en II KON./I KRON. (– verdeeldeRyk; **Juda**, Rehabeam;**Israel**: Jerobeam en Agab, profete:
Elia en Elisa)
- #6. Assirië – I en II KON; II KRON.; Tiglat-Pileser III, Salmaneser V, Sargon II/Sanherib, Essarhaddon, Assurbanipal
Israel: (konings) Jerobeam I, Agab,Jerobeam II;Profete (klein): *Jona, Amos,Hosea, Miga*; (groot), *Jesaja*
WEGVOERING IN BALLINGSKAP
- #7. Babilon – (Konings) Nabopolassar, Nebukadneser, Nabonidus, Belsassar
Juda: (koningsin volgorde/opvolging) Ussia, Hiskia, Manasse, Josia, Joahas, Jojakim, Jojagin, Sedekia
(Profete) *Jeremia, Esegïel, Daniël* (groot)
Nahum, Habakkuk, Sefanja (klein)
- # 8. Persië – Kores (Cyrus II), Kambees II, Darius I
Profete (klein): *Obadja, Joël, Haggai, Sagaria*
ESRA 1-6 – EERSTE TERUGKEER UIT BALLINGSKAP, o.l.v. Sesbassar
–TWEEDE TERUGKEER o.l.v. Serubbabel
- #9. ESRA 7-10 – Xerxus I, Ahasveros, Artaxerxus I
ESTER

NEH. – DIE DERDE TERUGKEER UIT BALLINGSKAP
Nehemia herbou mure van Jerusalem
- #10 MAL. (laaste profeet– *Maleagi*)

KONINGS EN GEBEURE VAN DIE BABILONIESE, PERSIESE EN GRIEKSE DINASTIEË

- 612 v.C. Nineve val voor die neo-Babiloniese krygsmag (Nebukadneser)
- 608 Die opmars van farao Neko II na Karkemis om die uitbreiding van neo-Babiloniese mag te stuit
Josia, koning van Juda, probeer sy aantog afsny
Josia sneuwel en sy seun Joahas volg hom op
Jojakim, 'n ander seun van Josia, word deur farao Neko II op die troon geplaas slegs drie maande later
Palestina en Sirië onder Egiptiese oorheersing
Josia se hervormings raak afgewater en verval
- 605 Nabopolassar stuur troepe om die oorblywende Assiriese magte en die Egiptenare by Karkemis te onderwerp
Nebukadneser agtervolg en verjaag hulle tot in die Palestynse vlaktes
Daar verneem hy van die dood van sy vader (Nabopolassar) en hy keer terug na Babilon om die kroon te ontvang
Op hierdie terugtog vat hy Daniël en ander uit die koninklike familie in ballingskap saam
- 605-538 Babilon is nou in beheer van Palestina, 597; 10 000 Jode weggevoer in ballingskap
- 586 Jerusalem en die tempel word verwoes en nog groot wegvoerings
- 582 Omdat Joodse guerrilla vegters Gedalja vermoor, vind nog 'n laaste groot wegvoering plaas

DIE OPVOLGERS VAN NEBUKADNESER

- 562-560 Evil-Merodag ontslaan Jojakim (die Messiaanse linie) uit aanhouding
- 560-556 Neriglissar
- 556 Labaski-Marduk regeer
- 556-539 Nabonidus
Bring sy tyd deur met tempelbou vir die maangod, *Sin*
Poog deurentyd om opstande te beheer en die koninkryk te stabiliseer
Hy vestig hom in Tema en laat die aangeleentehede van staatsbestuur in die hande van sy seun, Belsassar
Belsassar probeer die meeste van tyd om orde te herstel
Die grootste bedreiging vir Babilonië was Medië
- Die opkoms van Kores (Cyrus)**
- 585-550 Astayages was koning in Medië en Kores was sy kleinseun (by Mandane)
- 550 Kores (Cyrus II), 'n vassalkoning, kom in opstand

Om die magsbalans te herstel, sluit Nabonidus ooreenkomste met

1. Egipte
2. Krekus, koning van Lydia

- 547 Kores trek op teen Sardis, hoofstad van Lydia en onderwerp die hele Klein Asië
- 539 Gobiyas ondervind geen weerstand van Babilon nie (Dan. 5; Belsassar is mede-regeerder met Nabonidus); waarskynlik was Gobiyas “Darius die Meder” – Dan. 5:31)
- 11 Okt. 539 Kores kom bevry die Babiloniërs van Nabonidus se maangodin (Zin)
- Kores se opvolgers**
- 530 Kores se seun, Kambuses, volg hom op
- 530-522 Die duur van Kambuses se regering (Elephantine papirusse)
- Hy voeg in 525 Egipte by tot sy Medo-Persiese Ryk
- 522-486 Darius I kom op die troon
- Hy organiseer die Persiese Ryk volgens die Kores-plan van satrappe
- Hy stel ‘n muntstelsel in na voorbeeld van Lydia
- 486-465 Xerxes I (Ester)
- Hy onderdruk ‘n Egiptiese opstand
- Beplan om Griekeland binne te val, maar word in die Slag van Termopolie verslaan (480)
- Word vermoor in 465
- 480 Die Slag van Termopolie
- 465-424 Artaxerxes I Longimanus (Esra 7-10, Nehemia en Maleagi)
- Die Grieke in opmars, maar val vas in die Peloponisesiese Oorloë
- Oorloë wat omtrent 20 jaar aangehou het
- Hierdie tydperk dien as herstelperiode vir Joodse gemeenskapslewe
- 423-404 Darius II
- Hy magtig die fees van Ongesuurde Brode in die Elephantine-tempel (Egipte)
- 404-358 Artaxerxes II
- 358-338 Artaxerxes III
- 338-336 Arses
- 336-331 Darius III

GRIEKELAND

- 359-336 Filippus II van Masedonië bou die land op
Word vermoor in 336
- 336-323 Filippus se seun, Alexander “die Grote”
Verpletter Darius II in die Slag van Isus
Hy sterf in 323 in Babilon aan ‘n koorssiekte nadat hy ooskant van die Mediterense See en die Nabye Ooste onderwerp het
Na sy dood het die generaals die Ryk onder hulle verdeel:
1. Cassander – Masedonie en Griekeland
 2. Licimicus – Trace
 3. Seleucus I – Sirië en Babilon
 4. Ptolemie – Egipte en Palestina
 5. Antigonus – ‘n klein deel van Klein Asië
- Die Seleusiede versus die Ptolemies**
- 301 Palestina was 100 jaar lank onder Ptolemie-beheer
- 175-163 Antiochus Epifanus
Wil die Jode Helleniseer (vergrieks), bou ‘n gimnasium
Rig heidenaltare op: priesters word sleg behandel
- Des. 13,168 Antiochus Epifanus laat slag ‘n vark op die altaar; sommige beskou die daad as “die gruwelike aanstootlikheid”
- 167 Mattatias en sy seuns rebelleer. Mattatias word gedood en Judas neem beheer
Judas Makkabeus voer ‘n suksesvolle gorilla-stryd
- 165,Des.25 Herinwyding van die tempel.

REGEERDERS

	BABILON	MEDIË
626-605		Nabopolassar sterf ("Nabu, beskerm die son") 625-585 Kirzares
605-562		Nebukadneser II ("Nebu, beskerm die grens") 585-550 Astyages
562-560		Evil Merodak 550 Cyrus II (Kores)
556		Labaski Marduk
556-539		Nabonidus Belsassar
539-		Gobiyas

MEDO-PERSIES

550-530	Cyrus II (Kores); 538 Mede en Perse oorheers, die Achaemeniese Ryk genoem
530-522	Kambuses II (Voeg Egipte en Cyprus by die Ryk)
522	Gaumata of Pseudo, Smerdis (regeer 6 maande)
522-486	Darius I (Histaspes)
486-465	Xerxes I (Ester se eggenoot/Ahasveros)
465-424	Artaxexes I (Esra en Nehemia in Palestina)
423-	Xerxes II
424-404	Darius II Notus
404-359	Artaxerxes II Mnemon
359-338	Artaxexes III Ochus
338-336	Arses
338-331	Darius III Codomannus

GRIEKS

- 359-336 Filippus van Masedonië
- 336-323 Alexander die Grote
- 323- Die generaals verdeel die Ryk

1. Kassander – Masedonië
2. Lisimikus- Sirië
3. Seleucus I – Sirië en Babilonië
4. Ptolemie – Egipte
5. Antigonus – Klein Asië

Palestina was onder Ptolemie-beheer, maar die Seleusiede het oorgeneem gedurende 175-163

175-163 Antiochus Epifanus was die agste Seleusied-leier

.

* Datums en name is hoofsaaklik geneem uit *A History of Israel* deur John Bright, bl. 461-471.

KONINGS VAN DIE VERDEELDE RYK

JUDA SE KONINGS (1 KRON. 3:1-16; MAT. 1:6-11)					ISRAEL SE KONINGS				
NAME & DATUMS	BRIGHT	YOUNG	HARRISON	BYBELTEKSTE	NAME & DATUMS	BRIGHT	YOUNG	HARRISON	BYBEL-TEKSTE
Rehabeam	922-915	933-917	931/30-913	1 Kon. 11:43-12:27; 14:21-31 2 Kron. 9:31-12:16	Jerobeam I	922-901	933-912	931/30-910/9	1 Kon. 11:26-40
Abija (Abijam)	915-914	916-914	913-911/10	1 Kon. 14:31-15:8 11 Kron. 11:20,22					
Asa	913-873	913-873	911/10- 870/69	1 Kon. 15:8-30; 16:8,10,23,29; 22:41,43,46 Jer. 41:9	Nadab	901-900	912-911	910/09-909/08	1 Kon. 14:20; 15:25
					Baesa	900-877	911-888	909/08-886/85	1 Kon. 15:16-16:7; 2 Kon. 9:9 2 Kron. 16:1-6 Jer. 41:9
Josafat	873-849	873-849	870/69-848	1 Kon. 15:24; 22:1-51 2 Kon. 3:1-12; 8:16-19 1 Kron. 3:10 2 Kron. 17:1-21:1	Ela	877-876	888-887	886/85-885/84	1 Kon. 16:8-14
(Joram mede- regeerder)	----- -	-----	853-848	1 Kon. 22:50 2 Kon. 1:17; 8:16; 12:18	Simri (generaal) Omri (generaal)	876 876-869	887 887-877	885/84 885/84-874/73	1 Kon. 16:9-20 2 Kon. 9:31 1 Kon. 16:15-28 2 Kon. 8:26 Miga 6:16
Joram	849-842	849-842	848-841	1 Kron. 21:1-20 Matteus 1:8					
Ahasia	842	842	-----	2 Kon. 8:24-9:29 2 Kron. 22:1-9	Agab	869-850	876-854	874/73-853	1 Kon. 16:29-22:40
					Ahasia	850-849	854-853	853-852	1 Kon. 22:40,41,49,51-53 2 Kron. 18:1-3,19
Atalia (Koningin)	842-837	842-836	841-835	2 Kon. 8:26; 11:1-20 2 Kron. 22:2-23:21	Jehoram (Joram)	849-842	853-842	852-841	2 Kon. 1:17; 3:1-27; 8:16- 9:29
Joas	837-800	836-797	835-796	2 Kon. 11:2-3; 12:1-21 2 Kron. 22:11-12; 24:1-27	Jehu (Generaal)	842-815	842-815	841-814/13	1 Kon. 19:16-17 2 Kon. 9:1-10:36; 15:12 2 Kron. 22:7-9 Hosea 1:4

JUDA SE KONINGS (1 KRON. 3:1-16; MAT. 1:6-11) (VERVOLG)					ISRAEL SE KONINGS (VERVOLG)				
NAME & DATUMS	BRIGHT	YOUNG	HARRISON	BYBELTEKSTE	NAME & DATUMS	BRIGHT	YOUNG	HARRISON	BYBEL-TEKSTE
Amasia	800-783	797-779	796-767	2 Kon. 12:21; 14:1-22 2 Kron. 25:1-28					
(Ussia Mede-regeerder)	-----	-----	791/90-767	2 Kon. 14:21; 15:17	Joahas	815-801	814-798	814/13-798	2 Kon. 10:35; 13:1-9
Ussia (Asarja)	783-742	779-740	767-740/39	2 KRON. 26:1-23 Hosea 1:1; Amos 1:1 Sagaria 14:5	Joahas	801-786	798-783	798-782/81	2 Kon. 13:9-13,25 2 Kron. 25:17-25 Hosea 1:1; Amos 1:1
(Jotam Mede-regeerder)	750-742	-----	750-740/39	2 Kon. 15:7,32-38	(Jerobeam II Mede-regeerder)	-----	-----	793/92-782/81	2 Kon. 13:13; 14:16,23-29 Hosea 1:1
Jotam	742-735	740-736	740/39-732/31	1 Kron. 5:17 2 Kron. 26:23-27:9 Jes. 1:1; 7:1 Hosea 1:1; Miga 1:1	Jeroboam II	786-746	783-743	782/81-753	Amos 1:1; 7:9-11 2 Kon. 15:8-12
(Agas Mede-regeerder)	-----	-----	744/43-732/31	2 Kon. 15:30-16:20 2 Kron. 27:9-28:27	Sagaria	746-745	743	753-752	
Agas	735-715	736-728	732/31-716/15	Jes. 1:1; 7:1 e.v.; 14:28; 38:8 Hosea 1:1; Miga 1:1	Sallum	745	743	752	2 Kon. 15:10, 13-15
(Hiskia Mede-regeerder)	-----	-----	729-716/15	2 Kon. 16:20; 18:1-20,21 2 Kron. 28:27-32:33 Spr. 25:1	Menahem	745-738	743-737	752-742/41	2 Kon. 15:14, 16-22
Hiskia	715-687	727-699	716/15-687/86	Jes. 1:1; 36:1-39:8 Hosea 1:1; Miga 1:1 Mat. 1:9-10	Pekahia	738-737	737-736	742/41-740/39	2 Kon. 15:23-26
(Manasse Mede-regeerder)	-----	-----	696/95-687/86	2 Kon. 20:21-21:18; 23:12,26; 24:2	Peka	737-732	736-730	740/39-732/31	2 Kon. 15:27-31; 16:5 2 Kron. 28:6; Jes. 7:1
Manasse	687/86-642	698-643	687/86-642/41	2 Kron. 32:33-33:20 Jer. 15:4 e.v.; 2 Kon. 21:18-26	Hosea	732-724	730-722	732/31-723/22	2 Kon. 17:1-18
Amon	642-640	643-641	642/41-640/39	2 Kron. 33:20-25 Jer. 1:2; Sef. 1:1 1 Kon. 13:2-3	Val van Samaria voor Assirië	724 v.C.	722 v.C.	722 v.C.	

JUDA SE KONINGS (VERVOLG)					ISRAEL SE KONINGS (VERVOLG)				
NAME & DATUMS	BRIGHT	YOUNG	HARRISON	BYBELTEKSTE	NAME & DATUMS	BRIGHT	YOUNG	HARRISON	BYBEL-TEKSTE
Josia	610-609	640-609	640/39-609	2 Kon. 21:24; 22:1-23:30 2 Kron. 33:25-35:27 Jer. 1:2; Sef. 1:1 Mat. 1:10-11					
Joahas	609 (3 maande)	609	609	2 Kon. 23:30-34 2 Kron. 36:1-4					
Jojakim	609-598	609-598	609-597	2 Kon. 23:34-24:6,19 2 Kron. 36:4-8 Jer. 1:3; 22:18-23; 25:1 e.v.; 26:1 e.v.; 27:1 e.v.; 35:1 e.v.; 36:1 e.v. Dan. 1:1-2					
Jojagin	598/97 (3 maande)	598	597	2 Kon. 24:6,8-17; 25:27-30 2 Kron. 36:8-9 Jer. 52:31; Eseg. 1:2					
Sedekia	597-586	598-587	597-587	2 Kon. 24:17-25:7 2 Kron. 36:10-11 Jer. 1:3; 21:1-7; 24:8-10 27:1 e.v.; 32:4-5; 34:1-22; 37:1-39:7; 52:1-11					
Val van Jerusalem voor Babilon	586 v.C.	587 v.C.	587 v.C.	Klaagliedere					

Vir 'n goeie bespreking oor die dateringsprobleme, sien E. R. Thiele, *The Mysterious Numbers of the Hebrew Kings*.

BYLAAG VYF

LEERSTELLIGE UITSPRAAK

Ek hou nie juis van stellings oor geloof of oortuiging nie. Ek verkies om die Bybel self te laat spreek. Maar ek besef dat 'n leerstellige uitspraak diegene wat my nie ken nie sal help om my perspektief in sake van geloof te evalueer. In ons tyd van soveel teologiese mistasting en misleiding, is die volgende, kort opsomming van my teologiese standpunt moontlik gepas.

1. Die Bybel, Ou en Nuwe Testament ingesluit, is die geïnspireerde, onfeilbare, gesaghebbende en ewige Woord van God. Dit is die self-openbaring van God, opgeteken deur manne onder bonatuurlike leiding. Dit is ons enigste bron van helder waarheid oor God en sy doelstellings. Dit is ook die enigste bron van geloof en praktyk vir sy kerk.

2. Daar is slegs een ewige, skeppende, verlossende God. Hy is die skepper van alle dinge – sigbaar én onsigbaar. Hy het Homself aan ons openbaar as liefdevol en sorgsaam, hoewel hy ook regverdig en op geregtigheid ingestel is. Hy het Homself openbaar in drie onderskeie persone: Vader, Seun en Gees; waarlik apart en tog dieselfde in wese.

3. God is aktief in beheer van sy wêreld. Daar is 'n ewige, onveranderlike plan vir sy skepping, sowel as 'n individueel-gefokusde plan wat die mens vrye wil toelaat. Niks gebeur sonder God se wete en toelating nie, en tog laat Hy beide engele en mense toe om hulle eie keuses te maak. Jesus is die Vader se Uitverkore Man, en almal is potensieel in Hom uitverkies. God se voorkennis van gebeure bind nie die mens se lewe aan voorafbepaalde draaiboek nie. Ons bly almal verantwoordelik vir ons eie denke en dade.

4. Die mens, hoewel na die beeld van God geskape en vry van sonde, het nogtans besluit om teen God te rebelleer. Ten spyte van die feit dat hulle deur 'n eksterne agent verlei is, was Adam en Eva steeds verantwoordelik vir hulle selfsug en eiewilligheid. Hulle rebellie het die mens en die skepping geaffekteer sodat ons almal 'n behoefte het aan God se genade – vir ons gedeelde verantwoordelikheid met Adam, sowel as ons individuele wederstrewigheid.

5. God het vir die gevalle mensheid 'n manier gegee om vergifnis en herstel te bekom. Jesus Christus, God se unieke seun, het mens geword, 'n sondelose lewe gelei, en het deur middel van sy plaasvervangende dood die skuld van die mens se sondes afgehandel. Hy is die enigste weg tot herstel van ons vertrouensverhouding met God. Daar is geen ander manier om verlossing te bekom anders as deur geloof in sy verdienste nie.

6. Elkeen van ons moet God se aanbod van vergifnis en herstel in Jesus persoonlik aanvaar. Dit word bewerkstellig deur 'n wilsbesluit om God se beloftes in en deur Jesus te vertrou en deur gewilliglik van gekende sonde weg te draai.

7. Ons almal is ten volle vergewe en herstel deur ons vertrou in Christus en inkeer van sonde. Maar bevestiging van hierdie nuwe verhouding moet egter in 'n veranderde en veranderende lewe merkbaar word. Die doel van God vir die mens is nie bloot om eendag in die hemel te kom nie, maar om daaglik Christus-gelykvormig te lewe. Diegene wat werklik gered is, selfs al sondig hulle steeds nou en dan, sal voortgaan in geloof en inkering vir die res van hulle lewens.

8. Die Heilige Gees is “die ander Jesus”. Hy is in die wêreld aanwesig om verlorene na Christus te lei, en om 'n Christus-gesindheid in dié wat gered is, te ontwikkel. Die gawes van die Gees word gegee by verlossing. Die gawes is die lewe en bediening van Jesus wat tussen die lede van sy liggaam – die kerk – verdeel word. Die gawes, wat basies die gesindheid en motiewe van Jesus is, kom tot uiting in die vrug van die Gees. Die Gees is so aktief vandag soos Hy was in Bybelse tye.

9. Die Vader het die opgestane Jesus Christus die regter van alle dinge gemaak. Hy sal terugkeer aarde toe om oordeel uit te spreek oor die mensdom. Dié wat Jesus vertrou het en wie se name in die Lam se boek van die lewe geskryf staan, sal hulle ewige, verheerlikte liggame ontvang met sy wederkoms. Hulle sal vir ewig saam met Hom wees. Maar diegene wat Hom verwerp het en weier om te reageer op God se waarheid, sal vir ewig afgesny wees van die geluk en vertrouensverhouding met die Drie-Enige God. Hulle sal verdoem wees saam met die duiwel en sy engele.

Hierdie is sekerlik nie volledig of omvattend nie, maar ek hoop dat dit jou die teologiese kleur van my hart wys. Ek hou van die volgende stelling:

“In noodsaaklikhede – eenheid; in dinge rondom – vryheid; in alle dinge – liefde.”

(“In essentials – unity, In peripherals – freedom, In all things – love.”)